

# **PREDIKING EN DIE MENS GEAFFEKTEER DEUR KANKER**

---

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES  
VIR DIE GRAAD D.DIV (PRAKTIESE TEOLOGIE)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
FAKULTEIT TEOLOGIE

DANIËL SAREL BOTHA

STUDIELEIERS : PROF. CAS WEPENER & PROF.  
CAS VOS

2015

## Verklaring

Ek, Daniël Sarel Botha verklaar hiermee dat die tesis, '*Prediking en die mens geaffekteer deur kanker*', wat ek inhandig by die Universiteit van Pretoria, nie voorheen ingehandig is vir die verkryging van die DDiv (Praktiese Teologie) graad by hierdie of enige ander tersiêre instelling nie. Ek verklaar ook dat die ontwerp en die uitvoering van die studie my eie werk is, en dat al die inligting hierin vervat deeglik erken is.

Volle naam en van: Daniël Sarel Botha

Datum: 30 September 2015

Handtekening:

## **BEDANKINGS**

Allereers, my verootmoedigende, opregte dank aan die Almagtige Vader wat in Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees my en my gesin deur die jare met trou en liefde bejeën het.

Ek bedank graag my professore, Cas Wepener en Cas Vos, vir die professionaliteit en bekwaamheid waarmee hulle leiding en ondersteuning gebied het tydens my studie-tydperk. Ek is veral dankbaar vir hul ongelooflike empatie by tye van my kankerdiagnose in 2014 en daarna, sowel as vir hul tegemoetkomendheid en volgehoue vertroue in my as student.

Aansluitend hierby, my dank aan die Universiteit van Pretoria vir die wyse van hantering van my as student oor baie jare. Ek is veral dankbaar vir die verlengings-toegif ten opsigte van die studietydperk na my kanker-diagnose.

Ek bring hulde aan my navorsingsrespondente wat vrywillig hul kankerstories met my gedeel het. Ek eer ook die nagedagtenis van drie van hulle wat ons reeds vooruitgegaan het, te wete Sarie, Philip en Henriëtte.

Ek het groot waardering vir my eggenote, Karin, se besondere en begripvolle bystand, geduld en aansporing gedurende my navorsings- en studiejare.

Opregte dank aan my mede-kankerbroers en -susters wat my maar al te getrou bemoedig en in moeilike tye die hand gereik het.

Ek salueer geloofsgemeenskappe wat dit hul roeping ag om mense met kanker, nie net te akkommodeer nie, maar werklik deernisvol uitreik na diesulkes om 'n glimlag op te tower of 'n huppel in hul stap terug te sit.

Ek betoon ook hulde aan ons twee kinders, Tobie en Carine, wat as gevolg van kanker gesterf het. In beide van hul lewens, was blymoedigheid en veggees die wagwoord.

Ek bedank graag my vriende, Johan en Wima Botha wat vir die taalversorging verantwoordelik was.

Ek dra met erkentlikheid hierdie tesis op aan my vrou, Karin en kinders. Die dapperheid en ongelooflike liefde waarmee sy die pad saam met haar kanker-

gekweste familie gestap het, en die wyse waarop sy steeds volgehoue onder-  
skraging bied, is 'n voorreg-ervaring.

## INHOUDSOPGAWE

Verklaring	1
Bedankings	2
Opsomming	25
Summary	27

## HOOFSTUK 1

### Inleiding: Agtergrond van studie

1.1	Inleiding	29
1.2	Agtergrond	31
1.3	Reis in die praktyk	32
1.4	Probleemstelling	35
1.5	Navorsingsleemte	38
1.6	Navorsingsvraag	40
1.7	Navorsingsdoelwitte	40
1.8	Metodologie	41
1.8.1	Basis-teoretiese perspektiewe	41
1.8.2	Meta-teoretiese perspektiewe	43
1.8.3	Praktyk-teoretiese perspektiewe	44
1.9	Zerfass se model	44
1.9.1	Inleiding	44
1.9.2	Beskrywing van model	45
1.9.3	Skematiese voorstelling	47
1.9.4	Zerfass se model toegepas op hierdie studie	47
1.10	Hoofstuk-indeling	50
1.10.1	Hoofstuk 1 Inleiding	50
1.10.2	Hoofstuk 2 Oriëntering van die studie	51
1.10.3	Hoofstuk 3	
	Basisteoretiese perspektiewe word geïdentifiseer vir die prediking uit die afskeidsgesprekke van Jesus in die Johannes-evangelie.	51
1.10.4	Hoofstuk 4	

Basis-teoretiese perspektiewe word geïdentifiseer vir die prediking uit die homiletiese landskap	51
1.10.5 Hoofstuk 5	
Meta-teoretiese perspektiewe word geïdentifiseer vir die mens geaffekteer deur kanker uit die hulpwetenskappe	51
1.10.6 Hoofstuk 6	
Empiriese kwalitatiewe navorsing ten opsigte van die mense geaffekteer deur kanker	51
1.10.7 Hoofstuk 7	
Prakties-teoretiese perspektiewe word geïdentifiseer vir die prediking met die oog op die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker tot lewensin en lewensvreugde.	51
1.10.8 Hoofstuk 8 Samevatting	51
1.10.9 Bibliografie	51

## HOOFSTUK 2

### Oriëntasie van die studie

2.1 Inleiding	52
2.2 Reis 'n unieke ervaring	53
2.3 Reis as metafoer	53
2.4 Die ryke betekenis van die metafoer	56
2.5 Soorte metafore	59
2.6 'n Voorbeeld van 'n metafoer	61
2.7 Die reis-landskap	63
2.7.1 Die praktiese teologie	63
2.7.2 Die homiletiek	65
2.7.3 Verskillende dissiplines	69
2.7.4 Vreemde reisgeselskap	73

2.7.4.1	Die mens wat met kanker saamleef	73
2.7.4.2	God	75
2.7.4.3	Prediking	76
2.7.4.4	Kanker	76
2.8	Die reis as ruimte van ontmoeting	79
2.9	Die taal van die reis	81
2.10	Samevatting	82

### **Basisteoretiese perspektiewe**

## **HOOFSTUK 3**

**Die afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels in die Johannes-evangelie word gebruik as die vertrekpunt vir die identifisering van basisteoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking as begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.**

3.1	Inleiding	84
3.2	Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels in die Johannes-evangelie	85
3.2.1	Inleiding	85
3.2.2.1	Die literêre kritiek	86
3.2.2.2	Die historiese kritiek	86
3.2.2.3	Die teologiese kritiek	86
3.2.2	Die narratiewe kritiek	87
3.2.2.1	Wuellner	88
3.2.2.2	Culpepper	88
3.2.2.3	Staley	88

3.2.2.4	Du Rand	89
3.2.2.5	Van Tilborg	89
3.2.2.6	Samevatting	89
3.2.3	Die oorsprong van die narratologiese model	90
3.2.3.1	Implied Author	91
3.2.3.2	Implied Reader	93
3.2.4	Model van Rimmon-Kenan	95
3.2.4.1	Storie	95
3.2.4.2	Teks	96
3.2.4.3	Vertelling	96
3.2.5	Die verteller en die geadresseerde	97
3.2.5.1	Die verteller	97
3.2.5.2	Die geadresseerde/aangesprokene (“narratee”)	99
3.2.5.3	Gevolgtrekking	101
3.3	Afskeidsgesprekke in die algemeen	102
3.3.1	Inleiding	102
3.3.2	Die struktuur van die afskeidsgesprek	104
3.3.3	Voorbeelde van afskeidsgesprekke in die Bybel	105
3.3.3.1	Jakob	106
3.3.3.2	Dawid	106
3.3.3.3	Josua	107
3.3.4	Gevolgtrekking	108
3.4	Jesus se afskeidsgesprek met sy dissipels	109



3.4.1	Inleiding	109
3.4.2	Johannes-evangelie een van vier evangelies	110
3.4.3	Jesus se afskeidsgesprek in die Johannes-evangelie	114
3.4.4	Die genre van die afskeidsgesprek van Jesus	115
3.4.5	Die struktuur en vorm van Jesus se afskeidsgesprek	117
3.4.5.1	Afskeidsgesprek	117
3.4.5.2	Verheerliking	120
3.4.5.3	Tematies	121
3.4.5.4	Chiastiese	121
3.4.5.5	Narratiewe	124
3.5	Eksegetiese opmerkinge aangaande die afskeidsgesprek van Jesus	125
3.5.1	Hermeneutiek	126
3.5.2	Histories krities	127
3.5.3	Literêre benaderings	130
3.5.4	Sosiologiese eksegese	131
3.5.5	Diakroniese opmerkinge	135
3.5.6	Sinchroniese opmerkinge	137
3.6	Die eksegese van die verkose gedeeltes van die afskeidsgesprek van Jesus	138
3.6.1	Inleiding	138
3.6.2	Die doel van eksegese van die afskeidsgesprek van Jesus	140
3.6.2.1	Die vrae	140

3.6.2.2	Bespreking van die vrae	141
3.6.2.3	Samevatting	148
3.7	Eksegese van die verkose gedeeltes van die afskeidsgesprek van Jesus	151
3.7.1	Inleiding	151
3.7.2	Interaksie tussen die Implied Author en Implied Reader	152
3.7.2.1	Inleiding	152
3.7.2.2	Interaksie	152
3.7.2.3	Eksegetiese opmerkinge oor die gedeeltes	153
3.7.2.3.1	Joh. 13:1-30: Afskeidsgesprekke: voetewassing; aanwys van verraaiers maaltyd;	153
3.7.2.3.2	Joh. 13:31-14:31: Afskeidsgesprekke: (Fase 1) verheerliking; Parakleet;	156
3.7.2.3.3	Joh. 15:1-16:33: Afskeidsgesprekke: (Fase 2) dra vrug en leef in liefde; trotseer ‘n vyandige wêreld; Jesus se weggaan en terugkeer	159
3.7.2.3.4	Joh. 17:1-26: Afskeidsgesprekke: gebed	161
3.7.2.4	Gedeeltes volgens die struktuur van die afskeidsgesprek	162
3.7.2.4.1	Setting	162
3.7.2.4.2	Memory	163
3.7.2.4.3	Exhortation	163

3.7.2.4.4	Admonition	164
3.7.2.4.5	Transfer	164
3.7.2.4.6	Expectations	164
3.7.2.5	Momente tydens die afskeidsgesprek	165
3.7.2.5.1	Tyd loop uit	171
3.7.2.5.2	Laaste geleentheid	172
3.7.2.5.3	Op-die-man-af-gesprek	173
3.7.2.5.4	Onseker tye lê voor	174
3.7.2.5.5	Die boodskap	177
3.8	Die afskeidsgesprek as oorgangstyd	180
3.8.1	Inleiding	180
3.8.2	Afskeid as oorgangstyd	180
3.8.3	Die opbou na die afskeidsgesprek	183
3.9	Gevolgtrekking	187
3.9.1	Inleiding	187
3.9.2	Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus	188
3.10	Basis-teoretiese perspektiewe vir die prediking na aanleiding van die afskeidsgesprekke van Jesus	191

## HOOFSTUK 4

**‘n Prakties-teologiese reis deur die landskap van die homiletiek vir die identifisering van basis-teoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking in begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.**

4.1	Inleiding	192
-----	-----------	-----

4.2	Prediking as reis	193
4.2.1	Begripsomskrywing	193
4.2.2	Reis met prediking	194
4.2.3	Prediking is pastoraal	196
4.3	Prediking bly belangrik	196
4.3.1	Inleiding	196
4.3.2	Aktualiteit	198
4.3.3	Fronte van kritiek op die reis	200
4.3.4	Wat gebeur in die prediking?	201
4.3.4.1	Inleiding	201
4.3.4.2	Die 'wie' in die prediking	202
4.3.4.3	Die 'wat' in die prediking	202
4.3.4.4	Die 'aan wie' in die prediking	203
4.3.5	Prediking as hoop	203
4.4	Roetes van die homiletiek	203
4.4.1	Internasionale homiletiese verenigings	203
4.5	Homiletiese gidse vir die reis met die prediking	205
4.5.1	Bohren	205
4.5.2	Zerfass	205
4.5.3	Lange	207
4.5.4	Otto	208
4.5.5	Grözinger	209
4.5.6	Craddock	210

4.5.7	Troeger	211
4.5.8	Wilson	212
4.5.9	Suid-Afrika	213
4.5.9.1	Pieterse	213
4.5.9.2	Cilliers	213
4.5.9.3	Vos	214
4.6	Inleiding oor reise met die prediking	215
4.6.1	Middeleeue	216
4.6.2	Reformasie	216
4.6.3	Opgedateerde inligting oor reise met die prediking	216
4.6.3.1	Subjektivisties – antroposentriese prediking	217
4.6.3.2	Horisontaal – moralistiese prediking	217
4.6.3.3	Massaal – “Mighty Men” gerigte prediking	218
4.6.3.4	Die eksistensiële horisontalisme	218
4.7	Die ‘kyk weer’ na die reis met die prediking	218
4.7.1	Inleiding	218
4.7.2	Interaksie-proses in die prediking	219
4.7.2.1	Inleiding	219
4.7.2.2	’n Kort benoeming en bespreking van die interaksie-proses	220
4.7.3	Die konteks	221
4.7.3.1	Inleiding	221
4.7.3.2	Inkulturasie	222
4.7.3.3	Homiletiese situasie	222

4.7.3.4	Kontekstualisering	223
4.7.3.5	Metafore vir kerk in konteks	223
4.7.3.6	Teks en konteks	225
4.7.3.7	Kommunikasie met die hoorders	226
4.8	Opbou tot die preek	227
4.8.1	Inleiding	227
4.8.2	Preekvorme	227
4.8.2.1	Die leraar	228
4.8.2.2	Die boodskapper	228
4.8.2.3	Die pastor/herder	229
4.8.2.4	Die storieverteller	229
4.8.2.5	Die getuie	230
4.8.3	Roetebeskrivings van die preekvorme	230
4.8.3.1	Tradisioneel: Punt prediking	231
4.8.3.2	Analogies: Woord en antwoord	231
4.8.3.3	Dialogies: Nood – Belofte – Appel	232
4.8.3.4	Narratief: Wederkerige verstaan	232
4.8.3.5	Voorstelling: Eis – implikasie	232
4.9	Prediking binne die praktiese-teologie	233
4.9.1	Inleiding	233
4.9.2	Prediking as kommunikatiewe handeling	234
4.9.3	Prediking as gebeure	234
4.9.4	Prediking binne die werklikheidsbeskouing	237

4.9.4.1	Inleiding	237
4.9.4.2	Werklikheidsbeskouing	238
4.9.4.3	Hermeneutiese	238
4.10	Gevolgtrekking	240
4.10.1	Inleiding	240
4.10.2	Insigte bekom deur die prakties-teologiese reis deur die homiletiek	240
4.11	Basisteoretiese perspektiewe vir die prediking na aanleiding van die homiletiese reis.	242

### **Meta-teoretiese perspektiewe**

## **HOOFSUK 5**

### **Die verwante- en hulpwetenskappe sal nagevors word vir die identifisering van meta-teoretiese perspektiewe, rakende die mens geaffekteer deur kanker met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging.**

5.1	Belangrike pastoraal-teologiese vertrekpunt van die mens geaffekteer deur kanker.	244
5.1.1	Inleiding	244
5.2	Die omgewing waarin kanker gebeur	246
5.2.1	Inleiding	246
5.2.2	Kanker 'n realiteit van die dag	248
5.2.3	Die mens wat met kanker saamleef	249
5.2.3.1	Inleidende opmerkinge	249
5.2.3.2	Heyns se mensbeskouing	250
5.2.3.3	Dingemans se teologiese antropologie	251

5.2.3.4	Heitink se basale antropologie	254
5.3	Die Bybel en siekte	256
5.3.1	Terme vir siekte in die Bybel	256
5.3.1.1	Inleiding	256
5.3.1.2	Siekte in die Bybel	258
5.3.1.3	Gevolgtrekking	261
5.3.2	Die reaksies teenoor siekte in die Bybel	261
5.3.2.1	Inleiding	261
5.3.2.2	Reaksies in die Bybel	261
5.3.2.3	Gevolgtrekkings	263
5.4	Die konseptualisering van siekte	263
5.4.1	Inleiding	263
5.4.2	Siekte en gesondheid binne die spiraal-model	264
5.4.3	Siekte binne tyd en ruimte	265
5.4.3.1	Oordrewe klem op gesondheid	265
5.4.3.2	Siekte as krisis	267
5.4.3.3	Siekte as groei-geleentheid	270
5.4.3.4	Siekte as probleem vir die mens	271
5.4.3.5	Siekte as konflik	271
5.4.3.6	Siekte as eksistensiële krisis	272
5.4.3.7	Die dilemma van siekte	373
5.5	Die fenomeen kanker	275
5.5.1	Inleiding	275



5.5.2	Omvang van kanker	277
5.5.3	Ontwikkelde en ontwikkelende lande	278
5.6	Begripsoms krywing van kanker	279
5.6.1	Grammatikaal	279
5.6.2	Medies	279
5.6.3	Indeling van kanker	281
5.6.3.1	Soliede gewasse	281
5.6.3.2	Hematologiese maligne teite	282
5.6.4	Die bepaling van die plek en die geaardheid van kanker	283
5.6.4.1	Inleiding	283
5.6.4.2	Gradering van die struktuur en groeipatrone van kanker-gewasse	284
5.6.4.3	Patrone van kanker	285
5.6.5	Vooruitbeskouing van die mens wat met kanker saamleef	286
5.7	Kanker in Suid-Afrika	288
5.7.1	Inleiding	288
5.7.2	Statistiek	289
5.7.3	Bespreking van kanker in Suid-Afrika	290
5.7.3.1	Tipe kanker volgens voorkoms	291
5.7.3.2	Soorte kanker	291
5.7.3.2.1	Borskanker	291
5.7.3.2.2	Longkanker	293
5.7.3.2.3	Maagkanker	294

5.7.3.2.4	Prostaatkanker	295
5.7.3.2.5	Beenkanker	296
5.7.3.2.6	Esofaguskanker	297
5.7.3.2.7	Leukemie	298
5.7.3.2.8	Kinderkanker	300
5.7.3.2.9	Melanoom	303
5.7.3.3	Gevolgtrekking	304
5.8	Verskillende maniere van 'kyk' na 'Kanker'	305
5.8.1	Fawzy en Fawzy se kyk	305
5.8.1.1	Inleiding	305
5.8.1.2	Notas by die model	307
5.8.2	Kübler-Ross se kyk	307
5.8.2.1	Inleiding	307
5.8.2.2	Fases van Kübler-Ross	307
5.8.2.3	Notas by Kübler-Ross	309
5.8.2.4	Redes waarom fase-model kan faal	310
5.8.2.5	Winste van die fase-model	310
5.8.3	Berustingsbenadering	310
5.8.4	Corry se taakgebaseerde benadering	311
5.8.4.1	Inleiding	311
5.8.4.2	Vertrekpunt	311
5.8.4.3	Taakgebaseerde benadering raak die volgende sake	312
5.8.4.4	Die nut van die taakgebaseerde benadering	313

5.8.5	Die versigtigheids-model van Zurheide	315
5.8.5.1	Inleiding	315
5.8.5.2	Die vrae by Zurheide	316
5.8.5.3	Antwoorde by Zurheide	317
5.8.6	Die 'Presentie'-benadering	317
5.8.6.1	Inleiding	317
5.8.6.2	Opmerkinge by die 'Presentie'-benadering	319
5.8.7	Skematiese voorstelling	321
5.9	Kanker die rismier	324
5.9.1	Inleiding	324
5.9.2	Denk-wêreld	325
5.9.3	Leef-wêreld	327
5.9.3.1	Inleiding	327
5.9.3.2	Verhoudings waarbinne die mens staan	327
5.9.3.3	Slotsom	329
5.9.4	Die emosionele-wêreld	330
5.10	Gevolgtrekking	331
5.10.1	Inleiding	331
5.10.2	Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van kanker.	332
5.11	Meta-teoretiese perspektiewe bekom uit die prediking se prakties-homiletiese reis saam met kanker	334

## EMPIRIESE NAVORSING

### Hoofstuk 6

**Deur middel van kwalitatiewe navorsing is daar gesprekke gevoer met lidmate geaffekteer deur kanker ten einde sekere perspektiewe te identifiseer met die oog op die prediking as begeleiding en versorging.**

6.1	Inleiding	335
6.2	Literatuuroorsig van kwalitatiewe navorsing	339
6.3	Empiriese ondersoek	340
6.3.1	Inleiding	340
6.3.2	Die navorsingsonderhoud	340
6.3.3	Die soorte onderhoude	342
6.3.4	Die ongestruktureerde onderhoud as keuse vir die data-insameling	343
6.3.5	Agtergrondbeskrywing van die respondente	343
6.4	Die organisering van die data-analise proses	344
6.5	Verwerking van die data	344
6.5.1	Kategorieë en temas	345
6.5.1.1	Kanker-diagnose: belewenis	345
6.5.1.1.1	Altyd ontydig	346
6.5.1.1.2	Oorbluf	347
6.5.1.1.3	Twyfel	347
6.5.1.1.4	Die doodskoot	347
6.5.1.1.5	Tussen-in-belewenis	348
6.5.1.2	Kanker-diagnose: behandeling	349

6.5.1.2.1	Hink op twee gedagtes	349
6.5.1.2.2	Indirek betrokke	350
6.5.1.2.3	Druk	351
6.5.1.2.4	Hoop en verwagting	351
6.5.1.2.5	Geen waarborg	352
6.5.1.3	Kanker-diagnose: praktyk en teorie	353
6.5.1.3.1	Literatuur oor die werklike	353
6.5.1.3.2	Hoop teenoor sien	354
6.5.1.3.3	Geloof teenoor ervaar	354
6.5.1.3.4	Behandeling: die reg of die opsie	355
6.5.1.3.5	Die terugkeer van die kanker	356
6.5.1.4	Kanker-diagnose: verhoudings	356
6.5.1.4.1	Houdings van groepe	357
6.5.1.4.2	Emosies by mense gediagnoseer met kanker	357
6.5.1.4.3	Etikettering	362
6.5.1.4.4	Kommunikasie	362
6.6	Bespreking van elke respondent individueel	364
6.6.1	Inleiding	364
6.6.2	Oorgangstye by respondente	364
6.6.2.1	Sarie	364
6.6.2.2	Nora	368
6.6.2.3	Henriëtte	372
6.6.2.4	Phillip	375

6.6.2.5	Gert	378
6.6.2.6	Erica	382
6.7	Gevolgtrekking	386
6.7.1	Inleiding	386
6.7.2	Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van die mense wat geaffekteer is met kanker.	386
6.8	Meta-teoretiese perspektiewe ten opsigte van die mens wat deur kanker geaffekteer word	387

## **PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING**

### **Hoofstuk 7**

#### **Die formulering van 'n model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.**

7.1	Inleiding	389
7.2	Doelstelling	389
7.3	Die doelwitte van die studie is as volg geformuleer (sien punt 1.7)	390
7.4	Perspektiewe vanuit die onderskeie hoofstukke	391
7.4.1	Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (Joh. 13:1-17:26)	391
7.4.2	Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van die homiletiek	392
7.4.3	Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van kanker	392
7.4.4	Perspektiewe vanuit die empiriese reis saam met die mens geaffekteer deur kanker	393
7.5	Belangrike begrippe vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens met kanker.	393
7.5.1	Belangrike roete-merkers	394

7.5.1.1	Inleiding	394
7.5.1.2	Die afskeidsgesprekke van Jesus	395
7.5.1.3	Die homiletiek	396
7.5.1.4	Die kanker-wêreld	398
7.5.1.5	Die mens met kanker	399
7.6	Praktykgerigte model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde in die lig van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels.	400
7.6.1	Inleiding	400
7.6.2	Die belangrikheid van begeleiding/versorging	400
7.6.3	Tans lyk die situasie soos volg, naamlik: (Zerfass (1974) se model gekombineer met Osmer (2008) se model)	401
7.6.4	Die 'reis' deur die verskillende benaderings in die hantering van mense geaffekteer deur kanker en die moontlike winste geïdentifiseer:	404
7.6.4.1	Fawzy en Fawzy	404
7.6.4.2	Kübler-Ross	404
7.6.4.3	Hecter, Poggenpoel en Myburgh	404
7.6.4.4	Corr	405
7.6.4.5	Zurheide	405
7.6.4.6.	Baart	405
7.6.4.7	Gevolgtrekking	406
7.6.5	Vervolgens sal daar gelet word op die potensiële winste van die preekbeeld en preekvorme by die begeleiding/hantering van die mens wat met kanker saamleef. Die fokus is hier weg van die homiliete, omrede elke homiliete iets unieks, iets gewoon en iets gemeenskapliks met ander homiliete deel.	406

7.6.5.1	Die leraar	406
7.6.5.2	Die boodskapper	407
7.6.5.3	Die pastor/herder	407
7.6.5.4	Die storieverteller	408
7.6.5.5	Die getuie	408
7.6.5.6	Gevolgtrekking	409
7.6.6	Vervolgings sal daar kennis geneem word van die moontlik potensiële winste uit die landskap van kanker en die mens met kanker. Die fokus is om die raakpunte te identifiseer waarop die prediking kan bou in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.	410
7.6.7	Saamgetelde model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.	411
7.6.7.1	Reik die hand	414
7.6.7.2	Vat die hand	415
7.6.7.3	Lei die hand	415
7.6.7.4	Los die hand	417
7.6.8	Die beeld van die prediker	417
7.7	Kontekstualisering	418
7.7.1	Inleiding	418
7.7.2	Binne die kerkjaar	418
7.7.3	Konkretisering	419
7.7.3.1	Inleiding	419
7.7.3.2	Toepassing	419



7.7.3.3	Voorbeeld (Afskeidsgesprekke van Jesus Joh. 15:1-16:33)	421
---------	---	-----

## **SAMEVATTING**

### **Hoofstuk 8**

#### **Samevatting en gevolgtrekking**

8.1	Inleiding	427
8.2	Samevatting van die navorsing	428
8.2.1	Basis-teoretiese perspektiewe	428
8.2.2	Basis-teoretiese gevolgtrekkings vanuit die eksegesi	429
8.2.3	Basis-teoretiese gevolgtrekkings vanuit die homiletiek	431
8.3	Meta-teoretiese gevolgtrekkings	432
8.3.1	Meta-teoretiese gevolgtrekkings uit die empiriese navorsing	432
8.4	Praktyk-teoretiese gevolgtrekkings	433
8.5	Finale samevatting	435
8.6	Terreine vir verdere ondersoek	436
9	<b>BIBLIOGRAFIE EN AANHANGSELS</b>	437

## OPSOMMING

Die keuse vir die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels in Joh.13:1-17:26 is gemaak, omdat die navorser daarvan oortuig is dat dit belangrike raakpunte het vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens met kanker aan die een kant, maar ook raakpunte vir die mens met kanker wat begelei en versorg moet word deur die prediking, aan die ander kant.

In hoofstuk 1 word daar 'n bondige agtergrond geskets vir die aanloop van hierdie studie en in hoofstuk 2 word die metafoor vir “reis” ontgin en ontwikkel met die oog op hierdie navorsing.

In die basis-teoretiese afdeling word die afskeidsgesprekke van Jesus met die dissipels nagevors met die oog op die daarstelling van perspektiewe vir die prediking in die begeleiding en versorging van mense geaffekteer deur kanker (hoofstuk 3). Die homiletiek word ook in hierdie afdeling nagevors met die oog op die daarstelling van perspektiewe vir die prediking om die mens met kanker te begelei en te versorg (hoofstuk 4).

In die meta-teoretiese afdeling (hoofstuk 5) is daar kers opgesteek by die aanverwante wetenskappe met die oog daarop om belangrike perspektiewe te bepaal ten opsigte van die mens wat met kanker saamleef se begeleiding en versorging deur die prediking.

In die empiriese afdeling (hoofstuk 6) is daar data versamel deur die ongestruktureerde onderhoudvoering met mense wat met kanker saamleef. Hierdie data is gebruik om lig te werp op die mens wat met kanker saamleef se begeleiding en versorging deur die prediking.

In die praktyk-teoretiese afdeling (hoofstuk 7) is die basis-teoretiese en die meta-teoretiese perspektiewe met mekaar geïntegreer met die daarstelling van 'n praktyk-teoretiese model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

In die laaste afdeling (hoofstuk 8) is daar 'n samevatting van die resultate en suggestie vir toekomstige navorsing.

### **Sleutel terme:**

Bladsy 25 van 480

Reis; Metafoor; Afskeidsgesprek; Homiletiek; Begeleiding; Versorging; Kanker;  
Mens; Oorgangsfase; Societas; Communitas; Prediking; Praktiese-teologie.

## SUMMARY

The choice for the farewell discourse of Jesus with his disciples in Joh.13:1-17:26 is been made, because the researcher is been convinced that there are an important resemblance for the preaching in the guiding and caring of the person with cancer on the one hand, but also an important resemblance to the person with cancer, which will be guide and care for through the preaching.

In chapter 1 there is a short description of the background for initiating this study and in chapter 2 the metaphor for journey has been developed and generated for the course of this research.

In the basis theoretical section (respectively chapters 3 and 4) the farewell discourse of Jesus to his disciples is been studied with the eye on the identification of perspectives for the preaching in the guidance and care for the person with cancer. Also in this division the homiletics been researched for the identification of perspectives for the person with cancer in the guiding and caring through the preaching.

In the meta-theoretical section (chapter 5) there was a move to the close resources for the constituting of important perspectives for the person with cancer in providing guidance and care through the preaching.

In the empirical section (chapter 6) the data was collected through the method of non-constructual interviews with the persons that are living with cancer. This data is been used to shine light on the guiding and caring through the preaching to the person with cancer.

In the practical theoretical section (chapter 7) the basis theoretical perspectives and the meta-theoretical perspectives were integrated with the goal of the formulation of a practical theory for the preaching in the guiding and caring for the person living with cancer.

In the last section (chapter 8) there is a short summary about the results and a suggestion for future research.

## **Key terms**

Journey; Metaphor; Farewell discourse; Homiletics; Guidance; Caring; Cancer; Human; Transition phase; Societas; Communitas; Preaching; Practical theology

## Inleiding

### Hoofstuk 1

#### Agtergrond vir die studie

#### 1.1 Inleiding

Die metafoor waarvoor gekies word in hierdie studie, is die woord 'reis'. Reis word in die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) soos volg beskryf: as 'n selfstandige naamwoord, " 'n tog van een plek na 'n ander", in figuurlike betekenis dui reis op "iets wat aan 'n reis laat dink of aan oorgaan van een plek na 'n ander", soos byvoorbeeld "ons reis deur die lewe". As werkwoord word 'reis' soos volg omskryf: "'n reis onderneem", "van plek tot plek gaan" (Odendal, 2013:924).

Die woord 'reis' dien as grondslag vir die vorming van unieke en eie woorde met betrekking tot hierdie studie. Vervolgens word die volgende woorde wat betrekking mag hê net kortliks genoem met 'n bondige beskrywing, naamlik:

- reisgeleentheid, wat beteken "kans om te gaan reis";
- reisgids, wat beteken "iemand wat dien as gids vir die reisigers";
- reisiger, wat beteken "iemand wat reis";
- reisplan, wat beteken "'n plan, en voorneme om te gaan reis";
- reisvaardig, wat kan beteken "gereed om op reis te gaan, reisgereed" en
- reisverhaal, wat beteken "beskrywing van 'n mens se wedervaringe tydens 'n reis" (Odendal, 2013:924-925).

Samevattend word die volgende werksomskrywing van reis gegee, en gelyklopend die reis vir die mens geaffekteer deur kanker in hierdie lewe:

'Die gebruikelike reis soos bekend, is vol van bogenoemde woorde, wat beteken dit is 'n geleentheid om te reis en die gids sal al die nodige inligting verskaf tydens die reis, daar sal nie sommer van die reisplan afgewyk word nie en daarom word geen krisis voorsien tydens die reis nie. Die mens wat met kanker gediagnoseer word, bevind hom- of haarself op 'n buitengewone reis in hierdie lewe. Hierdie reis is gelaai met simboliek en dinamiek, dit verander voortdurend en vra aanpassing vir elke onverwagte en ontnugterende oomblik tydens hierdie reis. Dit is 'n reis anders as die konvensionele, hier gebeur niks soos voorgeskryf en wat 'n mens te wagte kan wees nie. Al feit waarvan daar sekerheid kan wees tydens hierdie reis, is dat dit 'n geleentheid is om te reis, die mooi en geordende reisgidse, reisplanne en reisvaardigheid skiet te kort. Die konvensionele reis is in 'n oogwink verander in 'n dinamiese reis'.

Kanker het vandag 'n gebruiklike- en omgangswoord geword. Oral word die groot “K” in gesprekke en forums indringend bespreek. Die gedrukte media soos tydskrifte en koerante wemel van stories van mense wat met kanker saamleef. Hierdie stories getuig van die manier waarop mense vandag met kanker saamleef. Duidelik word die verskillende impakte van kanker beskryf, die invloed van die skok, die hartseer, die onsekerheid op mense aan die een kant, maar ook die hantering daarvan wat uitloop op groei, troos, sin en vreugde deur mense aan die ander kant. Kanker is so deel van die mens se daaglikse lewe, dat daar voortdurend goed-gebalanseerde en goed-nagevorsde berigte verskyn oor die huidige stand, tendense en suksesse van kanker. Dit word bevestig deur die volgende uitspraak, naamlik: dat kanker op 'n gegewe tydstip een uit elke drie mense geaffekteer.<sup>1</sup> Volgens beskikbare statistieke sal die voorkoms van kanker in die toekoms nog verder styg. In 'n verslag van die Wêreld Gesondheidsorganisasie word aangedui dat daar jaarliks tien miljoen nuwe gevalle van kanker wêreldwyd aangemeld word.<sup>2</sup>

Dr. Christina Stefan het by 'n Halfdagseminaar in Stellenbosch aangedui dat teen die jaar 2020 kanker onder kinders met sewentig (70) persent sal toeneem.<sup>3</sup> Alice Victor skryf reeds op die webtuiste<sup>4</sup> van Kansa in 2009 die volgende, dat: “Cancer kills more people every year than AIDS, tuberculosis and malaria combined”. Peter Boyle, die IARC Direkteur skryf in hierdie verband: “that the continued growth and ageing of the world’s population would greatly affect the cancer burden. By 2030, it could be expected that there would be 27 million cases of cancer, 17 million cancer deaths annually and 75 million persons living with cancer within five years of diagnosis”.<sup>5</sup>

Daarom die uitsprake in die literatuur wat aandui dat kanker vandag 'n integrale deel vorm van die mens se bestaan en lewe. ‘Kanker is nes 'n bok – waar dit vreet, groei niks’ – so lui die gesegde. Kanker aan die negatiewe kant ontwig en vernietig die lewe van mense, gesinne, families en vriende

---

<sup>1</sup> (<http://www.mieliestronk.com/kanker.html>) – besoek op 12 Junie 2014.

<sup>2</sup> (<http://www.republikein.com/na/kollig/kanker-syfers-skok.25204.php>) - besoek op 12 Junie 2014.

<sup>3</sup> (<http://afrikaans.news24.com/Sci-tech/Nuus/Kanker-by-kindere-styg-gou-met-70-20110808>) – besoek op 12 Junie 2014.

<sup>4</sup> (<http://www.cansa.org.za>) – besoek op 16 Junie 2014

<sup>5</sup> (<http://www.cansa.org.za>) – besoek op 16 Junie 2014

(Odendal, 2013:522), maar aan die positiewe kant kan daar ook geredeneer word dat kanker waarde toevoeg tot die lewe van mense wat met kanker saamleef, asook aan hul gesinne, families en vriende. Die doel van hierdie navorsing is om op reis te gaan saam met die mens wat met kanker saamleef en na te vors hoe die prediking as 'n prakties-homiletiese reis, die begeleiding en versorging van hierdie mens so kan hanteer dat dit meewerk tot lewensin en lewensvreugde tydens sy/haar reis met kanker.

## 1.2 Agtergrond

Die agtergrond waarteen die reis van hierdie studie onderneem word, kom oor 'n aantal jare van meelewing met kinders wat met kanker moes saamleef, asook die ervaring van die hartseer en die ontwrigting wat deur kanker aangerig is in die harte en lewens van mense. Die waarneming alleen van die impak van kanker op die lewens van mense, was verbysterend en ontstellend. Die navorser self staan nie eenkant en bekyk hierdie reis van 'n afstand af nie, maar is deel van die reis en is betrokke by die reis, as gevolg van die dubbele slag, toe kanker by twee van die vier kinders asook onlangs by homself gediagnoseer is.

Carine is op 'n baie jong stadium in haar lewe met 'n breingewas gediagnoseer, en haar tweeling-broer Tobie is agt jaar later met 'n beengewas gediagnoseer. Die reis was in beide gevalle dieselfde ten opsigte van die volgende elemente, naamlik:

- Niksvermoedend word die huisdokter besoek,
- Die huisdokter doen navraag tydens die ondersoek, oor 'n suggestiewe verskynsel by Carine, en 'n prominente been-uitgroeisel by Tobie.
- Die uiteinde is dat daar X-strale geneem is, met opvolg-biopsies vir deeglike ontleding van die suggestiewe verskynsel en uitgroeisel.



- Toe die resultate van die X-strale en biopsies beskikbaar word, bars die bom, want in beide gevalle is 'dit kanker' ... en aggressief daarby.

Die rimpel-effek van die skok, die verskriklike diagnose, die oorbluftheid en die gepaardgaande emosies was nog rou en warm in die geheue, toe tref die na-skok alreeds van die onmiddellike beplanning, die geforseerde keuse van die behandeling en die reis op hierdie onbekende roete. Die realiteit van die behandeling, die opflikkerende hoop wat dit kan bied vir die pad vorentoe, die moontlike genesing asook moontlike terugslae en dalk die uiteindelijke finaliteit van die dood, was nog maar net vergesigte in die toekoms.

In Carine se geval was die proses ses maande van behandeling, hoop, geloof, bid en toe die terugslag en haar uiteindelijke dood. By Tobie was die proses vier en vyftig maande van behandeling, hoop, geloof, bid en toe die terugslag en sy uiteindelijke dood. Die ondertoon van hierdie reis is opvallend en in baie opsigte dieselfde as in die ander gevalle waarby die navorser betrokke was en is. Oral was daar die begin, dan die behandeling, gevolg deur hoop, geloof en gebed asook trotsering van 'n terugslag, wat in die meeste gevalle uiteindelik uitloop het op die dood.

### 1.3 Reis in die praktyk

In die praktyk veronderstel reis, soos omskryf in die HAT (Odendal, 2013:924) die volgende, naamlik: dat dit "n tog van een plek na 'n ander plek" is. Vir die reis om sin en betekenis te hê is daar langs die roete verskeie padtekens; die doel van hierdie padtekens is om te voorsien dat die reis vir die reisiger voorspoedig is. Sonder hierdie padtekens kan 'n reis totaal ontaard, wat impliseer dat die gehalte en sin van die betrokke reis besig is om te kwyn. Die padtekens word verdeel in die volgende vyf kategorieë, naamlik:

- 'n Reëlingstekens

Dit is waar die tekens dit ten doel het om die vloei van die verkeer te reël. Hierdie tekens se funksies kan soos volg opgesom word, naamlik dat dit die reisiger se reis beheer, dit wil sê daar word aangetoon waar daar gery en gestop mag word. Soms is dit nodig om die reisiger attent

te maak ten opsigte van die spoed asook die aanwesigheid van voetgangers. Hierdie tekens dui ook plekke op die roete aan en help die reisiger om kennis te neem van wat verbied word aan die een kant en wat toelaatbaar is aan die ander kant.

- 'n Waarskuwingsteken

Die naam van hierdie tekens spel duidelik uit waarvoor hierdie tekens staan, naamlik om die reisiger te waarsku teen moontlike gevare soos byvoorbeeld die kruisings van treine, voetgangers, wilde- en mak diere, winde en rots-stortings. Die mens geaffekteer deur kanker let gedurig op; vir tekens wat onraad aandui.

- 'n Inligtingteken

Hierdie tekens verskaf detail-inligting ten opsigte van die bepaalde roete soos wanneer die roete kronkel, opdraandes en steil afdraandes en wanneer die pad doodloop. Inligting is vir die mens wat met kanker saamleef onontbeerlik.

- 'n Gidsteken

Hierdie tekens is belangrik en help die reisiger om by die regte bestemming uit te kom; dit dui ondermeer die ligging van sekere dorpe aan, dit help met die aanwys van sekere plekke van openbare belang soos hospitale, maar ook toeriste-aantreklikhede en dan dalk die heel belangrikste: die aanwys van bepaalde roetes. Die kankermens het behoefte aan leiding en ondersteuning, sodat die reis met kanker voortgaan tot die einde.

- 'n Tydelike teken

Die tydelike padtekens kom slegs voor waar die pad onder konstruksie is en waar sekere roetes as gevolg hiervan aangepas is.<sup>6</sup>

In die konteks van hierdie navorsing kan dit wat hierbo bespreek is ten opsigte van die padtekens, soos volg toegepas word op die 'reis' van die

---

<sup>6</sup> <http://www.mieliestronk.com/padtekens.html> - besoek op 13/08/2015

mens wat met kanker saamleef. Die reis met kanker is geen plesier-rit nie, maar is 'n uiters vermoeiende en uitmergelende reis en daarom is alle beskikbare inligting wat verskaf word rakende hierdie reis belangrik en uiters noodsaaklik. In sy geestesoog sien die navorser hoe hierdie padtekens hulle rol en funksie vervul om die reis van die mens wat met kanker saamleef te reël en te beheer met die uitsluitlike doel van lewensin en lewensvreugde. Die reëlingstekens help om te verseker dat die reis met kanker so glad as moontlik kan verloop. Die waarskuwingstekens help om toe te sien dat daar nie afgedwaal word van die oorspronklike en voorgeskrewe roete nie en kan ook geld as waarskuwing teen ompaaie, wat kan meebring dat die eindpunt wel bereik sal word, maar op 'n alternatiewe wyse. Die inligtingstekens is net so belangrik, want dit help die mens wat met kanker reis, om bewus te wees van die soort gevare, oponthoude en landskapsverandering wat teengekom mag word op sekere bepaalde roetes. Die gidstekens daarteenoor help weer die mens wat met kanker reis in die opsig, dat die reis doeltreffend en met hoop aangepak kan word om by die bestemde plek uit te kom. Die reis saam met die persoon wat met kanker saamleef, lei onbewustelik tot talle vrae oor potensiële afdraai-paaie. Daarom wil hierdie studie poog om vas te stel op watter wyse kan die prediking saam met die mens wat deur kanker geaffekteer word reis, om uiteindelik die mens met kanker deur begeleiding en versorging die nodige rigting en ondersteuning te bied, ten einde lewensin en lewensvreugde te ervaar?

Frieda Bernard (2009:9) verwoord iets van die moontlike potensiaal wat ontgin kan word om die mens wat met kanker saamleef te ondersteun, as sy in haar boek *Die engele rondom my* skryf:

*'Kanker is baie sterk, baie magtig en baie onvoorspelbaar ...*

*Dit kan lewens verwoes en dit kan lewens begin,*

*Kanker bring 'n intensiteit na die lewe:*

*Lewe nou! Lewe reg! Lewe goed!*

*Gryp elke dag aan en leef!*

*Carpe Diem!*

*Neem die goeie, gooi weg die slegte en gee liefde!*

*Kanker raak almal wat daarmee in aanraking kom,*

*Kanker bring sy eie wysheid ....'*

#### 1.4 Probleemstelling

Die navorser se betrokkenheid as predikant, as lidmaat en as ouer in die gemeentelike opset, het hom opnuut weer bewus gemaak daarvan dat 'kanker' nie net 'n gevreesde siekte is nie, maar ook mense se lewens erg kan ontwig. Dit het daartoe gelei dat die navorser op 'n informele wyse met lidmate, families en vriende begin gesprek voer het oor hulle beleving en ervaring van 'kanker' as die gevreesde siekte. Dit is met ontnugtering dat die navorser kennis geneem het dat 'kanker' by die kerk eintlik net bekend is as 'n taboe-woord, 'n gebedsversoek-woord en meeste van die tyd 'n sterfgeval-woord. Daarteenoor is organisasies soos Hospice, Cansa, Compassionate Friends en vele ander besig om te sorg dat 'kanker' 'n aksie-woord geword het, waar mense met kanker met deernis en liefde hanteer, begelei en versorg word tot lewensin en lewensvreugde.

In die HAT (Odendal, 2005:1159) word taboe verklaar as iets (i) 'waaraan nie geraak of geroer mag word nie', en (ii) 'wat op grond van godsdienstige oortuigings, moraliteit of smaak vermy word'. Dit het by die navorser twee vrae laat ontstaan, naamlik: 'Waarom is die bespreking van kanker by kerkmense 'n taboe?', dit enersyds, maar andersyds: 'Wat kan die kerk doen om die situasie te verander'? Osmer (2008:4) in sy bespreking van die kerntake van die prakties-teologiese interpretasie kan hiermee rigting gee en help in die soeke na 'n oplossing, as hy die volgende vrae stel, naamlik: "What is going on?", "Why is this going on?", "What ought to be going on?" en "How might we respond?". Die "track record" van die kerk se bediening in hierdie opsig getuig teen haar. Die rede is omdat die enigste geleentheid wanneer kanker wel ter sprake kom, dit op die begrafnisbriewe van betrokke lidmate en/of ook tydens lidmate se begrafnis- of verassingsdienste is.

Die kennis-ontploffing rakende kanker in soveel boeke, artikels, joernale en navorsings-verslae, onderstreep opnuut weer dat kanker beslis 'n invloed en 'n

impak het op die lewens van mense. Kanker is nie 'n taboe nie, maar is aktueel en lewend teenwoordig in die lewe van mense vandag. Die doel wat hierdie literatuur is tweeledig: eerstens verskaf dit relevante inligting oor die uitwerking van kanker op die lewens van mense en tweedens poog dit om leiding te gee en hulp te verleen aan mense ten opsigte van die verwerking van kanker.

Die meeste prakties-teologiese navorsing wat tans gedoen word en wat in die verlede gedoen is oor kanker, lê by vakgebiede soos die pastoraat, die psigoterapie asook die pastorale terapie. Die fokuspunt van die meeste van hierdie navorsing is gerig op die pastorale bystand en die versorging van mense wat met kanker saamleef, hulle gesinne, families en vriende. Voorbeelde hiervan is Crafford (2005) en Brunsdon (2006). Die statistiek soos reeds aangedui, wil dit hê dat een uit elke drie mense vandag direk of indirek by kanker betrek word. Dit versterk die moontlikheid dat daar iewers op 'n Sondagmôre, in die erediens van 'n betrokke geloofsgemeenskap iewers in Suid Afrika, 'n persoon kan sit wat met kanker skouer skuur. Dit implikasie hiervan is die volgende: dat die Woord van God elke Sondag op 'n gegewe tyd en plek, deur prediking verkondig en bedien word aan 'n persoon wat met kanker in aanraking is. Die afleiding wat op grond van bogenoemde gemaak word, is dat kanker en die prediking wel met mekaar op 'n direkte of 'n indirekte manier te doene kry.

Teoloë is dit eens met mekaar dat die prediking vandag onder geweldige kritiek deurloop. Hierdie kritiek wissel van algemene klagtes soos die preek was maar 'n saai affêre tot ernstige klagtes soos die prediking maak van God die grootste kulkunstenaar in ons dag. Die mense leef vandag asof God nie meer teenwoordig en betrokke is in hierdie wêreld nie. Daarom die aggressiewe beskrywings van teoloë soos Dingemans (1990) wat praat van die 'verborgte' God en Bohren (1986:33) wat op sy beurt praat van die 'swygende' God. As dit die ervaring en beleving is van die deursnee lidmaat, wat nie noodwendige deur enige krisisse of ellende bedreig word nie, hoeveel te meer sal dit die ervaring en belewenis wees van lidmate wat wel deur krisisse en ellende soos siekte, en by name kanker, bedreig word?

Hierdie besondere reis deur die afskeidsgesprekke van Jesus in Joh.13:1-17:26, die homiletiek, die aanverwante wetenskappe en die mens geaffekteer deur kanker is 'n poging om tydens hierdie navorsing 'n moontlike antwoord te bied op die vraag: 'Hoe kan die prediking daartoe bydra dat die mens geaffekteer deur kanker hier en nou lewensin en lewensvreugde kan ervaar?' Die werklikheid waarbinne mense vandag leef is 'n gebroke werklikheid en hierdie stukkende werklikheid het niks ontsien nie; dit het alles besmet, so is ook die kerk en die teologie besmet. Die wêreld is vol gewonde en seerkry-mense (Matt.9:36), wat saam met die bedorwe skepping smag na die ingryping van God om finaal 'n einde te kom maak in hierdie voortdurende en aanhoudende kwaadwillige vernietiging (Rom.8:22).

lewers moet daar hoop vandaan kom, en hierdie hoop is gesetel in God se betrokkenheid en voorsieningheid vir hierdie lewe in die lewe en sterwe van Sy seun Jesus Christus. Dit is die boodskap wat gehoor moet word in hierdie stukkende wêreld, sodat hierdie wêreld weer God se wêreld kan word, waarin Sy wil kan geskied en Sy koninkryk kan kom (Matt.6:9-13). Daarom skryf Lischer (1981:13) die volgende:

“Today, most assessments of modern theology have found a common point of departure: the brokenness of theology. Everyone decries the fragmentation of theology – its paralyzing over-specialization, its Babel of terminology, its alienation from the life of the church – but until the pain is great enough, no one does anything about it. Nowhere does this fragmentation impact with greater force and nowhere is the pain felt more deeply than in the church’s preaching”.

Dit is in die visier van hierdie studie om aan te toon dat deur die prediking se prakties-homiletiese reis die moontlikheid bestaan om die gewonde en seerkry-mense, in besonder die mens met kanker te begelei en te versorg tot lewensin en lewensvreugde. Dit is juis in hierdie verband dat daar aangesluit word by wat Watermulder al vroeër geskryf het “... that Christian preaching can be prepared and delivered in such a way that the personal needs of the hearers are met through the sermon” (1982:1).

Daar is nog nie in Suid-Afrika volledig en volhoubare navorsing gedoen oor die onderwerp, 'Hoe kan die mens geaffekteer deur kanker deur die prediking as 'n prakties-homiletiese reis, begelei en versorg word tot lewensin en lewensvreugde?' nie. Hierdie studie wil juis hierdie onderwerp verder navors

en sodoende probeer, om in hierdie verband 'n sinvolle bydrae te lewer tot die uitbou van die homiletiek as vakgebied. In harmonie hiermee haal Capps vir Fosdick aan wat sê: “We need more sermons that try to face people’s real problems with them, meet their difficulties, answer their questions, confirm their noblest faiths and interpret their experiences in sympathetic, wise and understanding cooperation” (Capps, 1980:14).

Hierdie navorsing val binne die vakgebied van die homiletiek. Die fokus is op die prediking waar dit as 'n prakties-homiletiese reis saam met die mens met kanker onderneem word, om te verseker dat deur die begeleiding en versorging daar tog lewensin en lewensvreugde kan wees. Hodges en Hulme skryf in die *The Reader’s Forum of Pastoral Psychology* (1952:49):

“Every Sunday we (as ministers) have our chance to help, Without turning the sanctuary into an aspirin tablet dispensary the Protestant clergyman has a whole hour every week when he deals with his parishoners' souls and soul problems. If he doesn't so deal he has not only failed to counsel--but failed to preach, also. For preaching, like effective counseling, is talking with people about our common sins and about the deepest issues of life - heart to heart, face to face”.

## 1.5 Navorsingsleemte

Die mees resente navorsing oor die ‘prediking’ sluit nou aan by temas soos byvoorbeeld, die relevansie van die prediking (Barnard, 2010), die homiletiese perspektiewe vir die postmoderne mens (Botha, 2008), die beeld en kommunikasie in die prediking (Breytenbach, 1988), die kerklike jaar in die prediking (Bothma, 2004), die prediking as hermeneuties-kommunikatiewe handelingsteorie (Vos, 1996), die effektiwiteit van hedendaagse prediking (Swift 2005), die kreatiwiteit in prediking (Botha, 2011), die pastorale betekenis van die prediking (Reinecke, 2010), die nuutheid van prediking in veranderde tye (Van Tonder, 2010) en die prediking binne die erediens (Small 2005). In Joernale en Vaktydskrifte word die ‘prediking’ binne verskeie velde van trauma soos byvoorbeeld verkragting, HIV, gewapende roof en die afsterf van 'n geliefde bespreek en nagevors. Die krisis van kanker word hier en daar binne die vakliteratuur van die pastoraat, verpleging, sielkunde en palliatiewe versorging hanteer, maar nêrens word die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef pertinent hanteer nie.

Teenstrydig hiermee word 'kanker' in die hedendaagse literatuur hanteer as die siekte wat mense se lewens intens bedreig en verwoes. Dit word bevestig deur die opmerking van Johnstone (1981:169-176), dat onafhanklik van die plek en die grootte van die gewas, die mens geaffekteer deur kanker word onvermydelik gekonfronteer met: "His or her own vulnerability, mortality and wonderment about the meaning of life and the 'Why' question".

Die 'hoekom'-vraag open 'n see van emosies by die mens wat met kanker gediagnoseer word. Hierdie emosies kry betekenis as dit verwoord word in uitroepe soos ....

- 'I immediately thought I was going to die' sê Lynn Lilley.<sup>7</sup>
- Rossman (1985) skryf van die twee uiterstes waartussen die mens met kanker moet saamleef: dis òf ... 'being on a pedestal' as gevolg van bewondering òf daarteenoor ... 'being a leper' omdat mense vir my bang is vanweë my kanker.
- Maxwell and Aldredge-Clanton (1994) het weer gevind dat mense wat met kanker saamleef net soos ander, "who survive life-threatening events, often struggle with the question, 'Why do I live'?, when others died".
- In haar boek *Illness as Metaphor* skryf Susan Sontag van die "almost superstitious, reaction to cancer as a sinister reality – akin to associations to leprosy".
- Jensen (1984) skryf die volgende "The spiritual and existential struggles of cancer patients are felt and expressed with particular intensity in some measure because of what cancer has come to symbolize in our culture. Cancer has come to symbolize death, suffering and unexplainable evil". Kanker word die meeste gevrees van enige ernstige siektes, soos byvoorbeeld 'n hart-aanval of beroerte.
- Humpfrey (1995) toon aan hand van 'n vraelys aan dat, as gevolg van die verskillende reaksies van die pasiënt, sowel as die van sy/haar

---

<sup>7</sup> Marlise le Roux in gesprek met Cancer Survivors, *Get it Lowveld*. 26 September 2010.



gesin ten opsigte van kanker, emosies soos “fear”, “anxiety” en “sadness” aangewakker en versterk word.

Die fokus van hierdie studie bly steeds om ’n praktyk-teorie vir die prediking te ontwikkel wat bruikbaar kan wees in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef. Sodoende wil hierdie navorsing poog om die leemte wat bestaan aan te spreek en te vul met ’n praktiese praktyk-teorie ten opsigte van die prediking, wat mede-predikers aanmoedig om deur die verkondiging van die Woord van God, die mense wat met kanker saamleef, te begelei en versorg op hulle reis na lewensin en lewensvreugde.

#### 1.6 Navorsingsvraag

Kan die praktiese-homiletiese reis van die prediking saam met die mens, geaffekteer deur kanker, lei tot ’n praktiese praktykteorie vir die prediking waarlangs die mens geaffekteer deur kanker begelei en versorg kan word tot ’n lewe met sin en vreugde?

#### 1.7 Navorsingsdoelwitte

Die prediking wil deur hierdie prakties-homiletiese reis binne die teologie en aanverwante wetenskappe haarself opnuut weer oriënteer in die lewe van mense geaffekteer deur kanker vandag. In hierdie heroriëntasie moet die prediking haarself herontdek, herontgin, herontwikkel en herontplooï in die diens van God in hierdie wêreld. Dit is hierdie herontplooïing van die prediking wat predikers vandag moet bemagtig om in die verkondiging van die Woord van God, die mens geaffekteer deur kanker te begelei en te versorg op hulle lewensreis na sin en vreugde. Dit is aan die hand van die ‘reis’-metafoor, dat die bakens vir die prediking langs die prakties-homiletiese roete in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker geïdentifiseer en uitgestippel word.

Dit beteken die volgende:

- Dat vanuit die afskeidsgesprekke van Jesus in die Johannes-evangelie (hoofstuk 3) en vanuit die homiletiese landskap (hoofstuk 4), die basis-teoretiese perspektiewe geïdentifiseer en

bepaal word met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.

- Dat vanuit die verwante- en hulpwetenskappe (hoofstuk 5) en die empiriese navorsing (hoofstuk 6) die meta-teoretiese perspektiewe geïdentifiseer en bepaal word ten opsigte van die mens geaffekteer deur kanker met die oog op die begeleiding en versorging deur die prediking.
- Dat vanuit hierdie wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe (hoofstukke 3 en 4) en die meta-teoretiese perspektiewe (hoofstukke 5 en 6), perspektiewe geïdentifiseer en bepaal word, met die oog op 'n bruikbare praktykteorie vir die prediking (hoofstuk 7) in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.

## 1.8 Metodologie

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by die handelings-wetenskaplike model wat Zerfass (1974:164-177) ontwerp het in kombinasie met Osmer (2008:4) se prakties-teologiese interpretasie-model, asook Heitink (1993:159) se metodologie van die praktiese teologie as handelingwetenskap van begryp, verklaar en verandering. Prakties toegepas sien dit soos volg daar uit:

### 1.8.1 Basis-teoretiese perspektiewe

Volgens Heyns en Pieterse (1990:53) is die basisteorie 'n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak. Dit gee die prakties-teologiese vertrekpunte aan ten opsigte van die hele vak of spesifieke areas van die vak. So sal daar 'n basisteorie oor die gemeente bestaan, dit wil sê hoe word die gemeente teologies gesien? Dit het 'n bepalende invloed op die praktykteorieë oor die handeling in die gemeente soos prediking, erediens ensovoorts. Basisteorieë in die vak word gevoed deur interdisiplinêre diskussies met ander teologiese dissiplines en met insigte uit die sosiale wetenskappe, asook insigte wat deur empiriese ondersoek in die praktiese teologie gedoen is (vgl. Burger, 1991:32-33). Die eksegeese is gedoen volgens die grammaties-historiese metode met as

vertrekpunt die Gereformeerde tradisie (Coetzee, 1990:17). Die identifisering en bepaling van basis-teoretiese perspektiewe geskied deur die eksegetiese verkenning soos bespreek in die boek, *Preekgeboorte* van De Klerk & Van Rensburg (2005).

Die Bybelgedeeltes in die Johannes-evangelie ten opsigte waarvan daar 'n eksegetiese studie gedoen sal word, sluit aan by die indeling van Tolmie (1995:182-186) naamlik:

- Joh.13:1-30

Hier word die fisiese en verbale aksies geaksentueer, want die "implied author" wil die "implied reader" konfronteer met verrassende en onverwagte gebeurtenisse wat kan opduik tydens 'n afskeidsgesprek. Die kern-momente in die gedeelte is: (i) die klemverskuiwing van "scenic" aanbieding na die vertelling van aantal "events" wat gaan gebeur as gevolg van Jesus se oomblik wat aangebreek het; (ii) die voetewassing en betekenis daarvan; en (iii) die bekendmaking van die verraaier.

- Joh.13:31-14:31

Hierdie gedeelte vorm die eerste fase van Jesus se afskeidsgesprek met sy dissipels en beklemtoon twee belangrike funksies vir die welwese van die dissipels: eerstens dra die gesprek by tot die bemoediging vir hulle en tweedens wys die gesprek hulle op die nodigheid om Jesus se opdragte uit te voer. Die kern-momente in die gedeelte is: (i) die aankondiging van die verheerliking van Jesus en daarmee saam die nuwe gebod wat nou geld; (ii) die opdrag om te glo, ten spyte van onsekerheid soos verwoord deur Tomas en Fillipus en die motivering hiervoor is dat Jesus terugkom; (iii) die koms van die Parakleet in die plek van Jesus wat die dissipels moet verseker van Jesus se liefde; die aanvaarding hiervan word gedemonstreer deur gehoorsaam te wees aan Jesus se opdragte en dat dit 'n teken is dat die Vader en Jesus in die dissipels teenwoordig is.

- Joh.15:1-16:33

Hierdie gedeelte vorm die tweede fase van Jesus se afskeidsgesprek met sy dissipels en die belangrike klemverskuiwing in die gesprek van

’n baie streng voorskriftelike trant na ’n meer besadigde trant. Die kern-momente in die gedeelte is: (i) die oorsprong van die dissipels se roeping as dissipels, wat gegrond is in hulle verhouding met Jesus en die uitvloeisel daarvan in hulle vrugdra; (ii) die belofte wat hulle dissipelskap inhou; (iii) dat die wêreld hulle gaan haat as gevolg van hulle dissipelskap; en (iv) die Parakleet as Jesus se verteenwoordiger, hou nog meer belofte vir die dissipels in hierdie wêreld in.

- Joh.17:1-26

Hierdie gedeelte vorm die afsluiting van die afskeidsgesprek van Jesus met sy dissipels. Hier maak gesprek plek vir gebed. Die kern-momente in die gedeelte is: (i) die beklemtoning van Jesus se identiteit; (ii) die verheerliking as die seun van God en (iii) die seën wat dissipelskap inhou vir hulle wat agterbly in hierdie wêreld.

Die basis-teoretiese perspektiewe help om die volgende vraag, naamlik: “Op watter manier kan die afskeidsgesprekke van Jesus die prediking stu in die begeleiding en versorging van die mens met kanker tot lewensin en lewensvreugde”?

### 1.8.2 Meta-teoretiese perspektiewe

Volgens Heyns en Pieterse (1990:53) is die meta-teorie ’n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat die teologie met ander vakke as’t ware universeel deel. Daar sal met behulp van ’n literatuurstudie bepaal word in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulp-wetenskappe soos die pastoraat, sielkunde, mediese wetenskap en verpleging, terapie, antropologie en sielkundige opvoedkunde ’n bydrae kan lewer in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef. Daar sal verder deur ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek gepoog word om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema na vore kom. Volgens Pieterse (1990:53) word die begrip metateorie gebruik vir ’n teorie waarin die wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat die praktiese teologie met ander vakke universeel deel. Die metateorie gee rigting aan die manier waarop na die werklikheid gekyk word, en dus ook op die perspektief waarmee na die werklikheid van die studieveld gekyk word.

### 1.8.3 Praktijk-teoretiese perspektiewe

Deur middel van hermeneutiese wisselwerking tussen basis-teoretiese riglyne en meta-teoretiese perspektiewe sal gepoog word om 'n verstelde en bruikbare praktykteorie te formuleer met betrekking tot die prediking as begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker tot lewensin en lewensvreugde, uit die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13:1-17:26).

## 1.9 Zerfass se model

### 1.9.1 Inleiding

In die metodologie van hierdie navorsing sal aangesluit word by die beproefde model van Zerfass (1974:167), in wisselwerking met Osmer (2008:4) se vier take van prakties-teologiese interpretasie, naamlik: (i) die beskrywende-empiriese taak met die vraag “What is going on?”; (ii) die interpretatiewe taak met die vraag, “Why is this going on?”; (iii) die normatiewe taak met die vraag, “What ought to be going on?” en (iv) die pragmatiese taak met die vraag, “How might we respond?” Daar sal ook aansluiting wees by Heitink (1993:160-161) se drie perspektiewe, naamlik: (i) die verstaan perspektief (hermeneutiese), wat impliseer dat tekste binne die mens-wetenskappe toegepas kan word om sekere handeling binne die praktyk te verstaan; (ii) die verklarende perspektief (empiriese), wat impliseer dat daar toetsing moet plaasvind met die oog op werkbare en regverdig interpretasies; en (iii) die verandering perspektief, wat impliseer dat die vorige handeling opgehef word en vervang word met ander handeling. Van Strien (1986:18) praat van die eie opset van praktykdenke wat uitmond in wetenskaplike gestuurde handeling in plaas van wetenskaplike uitsprake.

Daar is 'n voortdurende spanning tussen die teorie en die praxis; hierdie spanning is dinamies, want enige verandering aan die een kant het tot gevolg dat die ander kant dienooreenkomstig sal verander om aktueel te bly (vgl. ook Greinacher, 1974:103). 'n Model is die samestelling van kenmerke, tendense en verbindende reëls, waarbinne 'n aantal relevante teoretiese karaktertrekke moet ooreenstem met die daadwerklike karaktertrekke in die praktyk. Zerfass se model wat volg, beeld juis uit hoe die verandering binne die teoretiese raamwerk lei tot die korrigerende verandering binne die praxis.

### 1.9.2 Beskrywing van die model

Zerfass (1974) beskryf die Praktiese Teologie as 'n handelingswetenskap, wat impliseer dat die praktiese teologie volgens definisie neerkom op konkrete Christelike- en kerklike handeling. Dus kan die model (p.47) vir die doeleindes van hierdie navorsing soos volg omskryf word, naamlik:

**Praxis 1 (1)** is die aanduiding van hoe die prediking tans funksioneer binne die gemeentelike opset soos bepaal deur die teologiese oorleweringe **(4)**. Pyl **(2)** verskaf die redes hoekom die prediking vandag so funksioneer asook die beïnvloeding van die kerklike tradisies, kerklike gebruike en kerkgeskiedenis. Pyl **(3)** is 'n aanduiding van hoe mense die prediking vandag beleef en ervaar en bied ook die redes aan waarom dit so is. Hierdie pyle **(5)** dui op die bipolariteit, dit wil sê die voortdurende spanning wat heers tussen die teologiese oorlewering **(4)** aan die een kant en die situasie analise **(6)** aan die ander kant. Hierdie spanning beteken dat daar voortdurend 'n dinamiese proses aan die gang is met wedersydse beïnvloeding, wat beteken dat as die situasie **(6)** verander, dan sal die teologiese oorlewering **(4)** hierby aanpas. 'n Voorbeeld hiervan is: omrede kanker vandag baie meer mense en families raak as in die verlede, kan dit aanleiding daartoe gee dat daar 'n behoefte by die geloofsgemeenskap ontstaan ten opsigte van die prediking in die begeleiding/versorging van die geloofsgemeenskap tot lewensin en lewensvreugde. Dus dui die situasie analise **(6)**, aan dat die teologiese oorleweringe **(4)** moet toesien dat die prediking hierby aanpas. Die preek-beplanning moet ook hiermee rekening hou, om sodoende 'n konfrontasie af te weer. Die gevaar van oorbeklemtoning van die situasie of van die teologiese oorlewering kan hierdeur besweer word. Die pyle **(7 en 8)** is juis 'n aanduiding van die bipolariteit tussen **(4)** en **(6)** wat aanleiding gee tot die vorming van 'n nuwe praktiese teologiese teorie **(9)**. Hierdie teologiese praktykteorie **(9)** moet in die praktyk **(pyle 10)** uitloop op 'n nuwe **praxis 2 (11)**. Die proses is egter nie afgehandel nie, want dit moet voortdurend aan die situasie **(pyl 12)** en aan die teologiese oorlewering **(pyl 13)** getoets word. Die bipolariteit tussen die


situasie **(6)** en die teologiese oorlewing **(4)** moet voortdurend sorg dat die korrektheid, die werkbaarheid en die volhoubaarheid van die nuwe praxis **(11)** slaag. Die uiteinde is dat praxis 2 **(11)** opnuut weer die plek van praxis 1 **(1)** inneem en die proses homself weer sodoende herhaal.

Pieterse (2001:14-15) skryf in lyn hiermee dat die empiriese metodes van die praktiese teologie binne 'n hermeneutiese raamwerk aangewend word. Dit is Van der Ven (1998:50-52) wat praat van 'n hermeneutiese-empiriese benadering in die metodologie. Hy noem vyf hermeneutiese beginsels wat belangrik is vir empiriese ondersoek in die praktiese teologie, naamlik:

- dat die empiriese navorser die tema of onderwerp vanuit sy of haar eie vooroordele benader;
- dat die navorser 'n deelnemer is aan die leefwêreld van sy of haar medemens wat se praxis bestudeer word;
- dat die geskiedenis van die tekste, of persone, of die praxis wat ondersoek word, deeglik in ag geneem moet word;
- dat die konteks waarin die mense wat ondersoek word, leef, deeglik in ag geneem moet word; en
- dat die gedagtes, gevoelens en praxis van die mense wat ondersoek word, ondersoek en geanaliseer moet word vanuit 'n ideologies-kritiese standpunt.

Dit is belangrik om te begryp dat die begrip 'empiries' in die praktiese teologie ruim verstaan moet word, want in die praktiese teologie teologiseer ons digby die reële praktyk en nie abstrak in 'n lugleegte nie.

### 1.9.3 Skematiese voorstelling van Zerfass se model



### 1.9.4 Zerfass se model toegepas op hierdie studie

Beskrywing Nommer (Pyle)	Kommentaar
<b>Praxis 1</b>	
Die prediking is belangrik en word beskou as 'n besonderse manier waardeur God mense kan begelei, versorg, die weg wys, bemoedig en bemagtig.	
<b>Praxis 1</b>	Die prediking is God se manier om met die mens te kommunikeer, en die mens te begelei/versorg tot lewensin en lewensvreugde. Die teologiese oorlewering wil dit hê dat die Woord van God die mens aanspreek in sy sonde, sodat die mens hom of haar kan bekeer en godvrugtig kan lewe. <b>Daar</b>



	<p><b>ontstaan 'n krisis, naamlik dat die mens nie werklik deur die prediking aangespreek word nie, die redes is legio.</b> Die beskrywende-empiriese vraag van Osmer (2008:4), naamlik, “What is going on?” moet beantwoord word. Die antwoord wat gegee word, is dat God in die prediking aan die Woord moet kom om die heil aan die mens te bemiddel. Die prediking het ten doel om die hoorder te verander en te lei op die pad van sin en vreugde.</p>
<p><b>Pyle 2 + 3</b></p>	<p>Die eerste reaksie is om die oorsprong van die krisis te bepaal, en in die woorde van Osmer (2008:4) se interpreterende vraag te vra, “Why is it going on?” <b>Pyl (2)</b> neem ons die verlede in en laat ons kyk waar kom die prediking vandaan, die sogenaamde teologiese oorlewering <b>(4)</b>. Die teologiese oorlewering (4) se wortels lê in die geïnternaliseerde gedragspatrone, denkmodelle, norme en waardes wat volgens die dogma en die kerkreg daargestel is. Die normale reaksie is om met tye van krisis terug te val op die bekende, die aanvaarde en die gebruiklike. Dit is 'n terugbeweeg na die Woord, baie reformasies, maar dalk nie altyd prakties nie. Die status quo word gehandhaaf.</p> <p>Die verskoning wat aangebied word vir die omstandighede in <b>praxis 1 (1)</b> is die volgende: in die prediking gaan dit uitsluitlik oor die heil en die redding van verlore mense. Die gevolg hiervan is dat die heil en die redding oorbeklemtoon word ten koste van die hoorder se behoefte. Omdat die hoorder se behoefte op die agtergrond geskuif word en hy/sy by implikasie uitgesluit voel, hoeveel te meer word hierdie gevoel versterk in die mens wat met kanker saamleef? Regstelling en begrip gebeur egter nie outomaties nie, want die data van die situasie-analise <b>(6)</b> gee geen rigting sonder meer nie; dit moet eers met die teologiese oorlewering <b>(4)</b> gekonfronteer <b>(die pyle 5)</b> word. Die bipolêre spanning tussen die situasie <b>(6)</b> en die teologiese oorlewering <b>(4)</b> moet op mekaar inspeel, sodat wederkerige</p>

	<p>bewuswording van mekaar kan plaasvind en lei na 'n uitweg. Osmer (2008:4) se normatiewe vraag, "What ought to be going on?" kan leiding gee in die verband. Daar is geen sin in die prediking as daar nie met die hoorder se spesifieke omstandighede tred gehou word nie.</p>
<p><b>Teologiese oorlewering (4)</b></p> <p>Die teologiese oorlewering dui daarop dat die prediking die eintlike kanaal is waardeur God se Woord tot mense kom. Daarom word die verkondiging die fokuspunt van die Christelike tradisie, die hart van die kerk en die middelpunt van die prakiese teologie (Dingemans, 1991:34). Barth soos aangehaal deur Dingemans (1991:34), beskryf die prediking as die derde gestalte van die Woord van God, wat volg op die eerste gestalte waar Christus die vleesgeworde Woord is en op die tweede gestalte waar die Bybel die skrifgeworde Woord is.</p>	
<p><b>Pyle 5</b></p>	<p>Die prediking gebeur nie in 'n lugleegte nie, dit geskied as 'n spesifieke aksie, vir 'n spesifieke tyd, op 'n spesifieke plek met die oog op 'n spesifieke samekoms van mense deur God bepaal. Die pyle <b>(5)</b> dui op die bipolarêre spanning tussen die teologiese oorlewering <b>(4)</b> en die situasie van die hoorder <b>(6)</b>. Die sinvolle wisselwerking tussen die twee pole dra daartoe by dat die prediking kan slaag in die begeleiding/versorging van die mens in sy/haar omstandighede tot sin en betekenis.</p>
<p><b>Situasie-analise (6)</b></p> <p>Die hoorder se situasie is belangrik en bepalend vir die koms van God se Woord in die prediking. Van der Geest (1981:27-29) se opmerkings het ook betrekking as hy praat van die drie dimensies wat hoorders ervaar tydens die prediking, naamlik: (i) dit moet persoonlik wees, die prediking moet die hoorder beweeg tot vertrou en sekuriteit; (ii) dit moet verlos (hoorders beleef die prediking as verlossend as hulle daaglikse realiteit ter sprake kom); en (iii) dit moet verstaanbaar wees, prediking wat nie verstaanbaar is nie, sal geen hoorder bind of intrek in die prediking-gebeure nie.</p>	
<p><b>Pyle 7 + 8</b></p>	<p>Die wedersydse beïnvloeding tussen die teologiese oorlewering <b>(4)</b> en die situasie-analise <b>(6)</b> lei <b>(pyle 7 en 8)</b> na 'n aantal gemeenskaplikhede binne die basis-teoretiese</p>

	perspektiewe en die meta-teoretiese perspektiewe, waaruit die praktiese praktykteorie <b>(9)</b> ontwikkel en tot stand kom.
<b>Prakties-teologiese teorie (9)</b>	
Die teologiese praktykteorie ontwikkel en neem vorm aan uit die wisselwerking <b>(pyle 7 + 8)</b> tussen die teologiese oorlewering <b>(4)</b> en die situasie-analise <b>(6)</b>	
<b>Pyle 10</b>	Die nuwe insigte wat bekom is in die teologiese praktykteorie, moet deurvloei na die <b>nuwe praxis 2 (11)</b>
<b>Praxis 2 (11)</b>	
Die nuwe verstelde praktykteorie vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde.	
<b>Pyle 12 + 13</b>	Die teoretiese handelings-impulse <b>(10)</b> van die teologiese praktykteorie <b>(9)</b> kan nie net so klinkklaar op die huidige situasie <b>(6)</b> toegepas word nie, maar kan deur middel van nuwe oplossings <b>(12)</b> bydra tot 'n meer noukeurige teorievorming aan die een kant en aan die ander kant sal 'n nuwe praktyk ook verdieping bring vir die oorlewering <b>(13)</b> wat lei tot 'n beter bruikbare <b>praxis 2 (11)</b> .
<b>Opsomming</b>	
Die waarde van 'n model berus juis daarop dat dit 'n vereenvoudiging is van hoe belangrike elemente en struktuurverbindings vertoon word. Die bedoeling van hierdie modelkonstruksie is juis om die konstruktiewe elemente daar te stel wat in die proses van die verbetering van die kerklike praktyk 'n rol speel. Die hart van hierdie model is juis die binne-driehoek van (4) die teologiese oorlewering, (6) die situasie-analise en (10) die nuwe handelingsimpulse. Hierdie driehoek word rondom die praktiese teologiese teorie (9) uitgebrei, sodat die Christelike- en kerklike praktyk effektief meewerk aan die relevante handeling in die praktyk. Die praktiese teologie het dus voortdurend 'n heuristiese funksie, altyd op soek na nuwe waarhede in die praktyk.	

## 1.10 Hoofstuk-uitleg

### 1.10.1 Hoofstuk 1

### Inleiding

## 1.10.2 Hoofstuk 2 **Oriëntering**

Reis as metafoor vir hierdie studie

## 1.10.3 Hoofstuk 3 **Basis-teoretiese perspektiewe**

Die afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels in die Johannes-evangelie word gebruik as die vertrekpunt vir die identifisering van basis-teoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking as begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

## 1.10.4 Hoofstuk 4 **Basis-teoretiese perspektiewe**

'n Prakties-teologiese reis deur die landskap van die homiletieke vir die identifisering van basis-teoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking in begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

## 1.10.5 Hoofstuk 5 **Meta-teoretiese perspektiewe**

Die verwante- en hulpwetenskappe sal nagevors word vir die identifisering van meta-teoretiese perspektiewe, rakende die mens wat met kanker saamleef met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging.

## 1.10.6 Hoofstuk 6 **Empiriese navorsing**

Deur middel van kwalitatiewe navorsing is daar gesprekke gevoer met lidmate wat met kanker saamleef met die oog daarop om sekere perspektiewe te identifiseer met die oog op die prediking as begeleiding en versorging.

## 1.10.7 Hoofstuk 7 **Praktyk-teoretiese perspektiewe**

Die formulering van 'n model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef

## 1.10.8 Hoofstuk 8 **Samevatting**

Samevatting en gevolgtrekking

## 1.10.9 Hoofstuk 9 **Bibliografie**

## Oriëntering

### Hoofstuk 2

Reis as metafoor vir die studie
---------------------------------

#### 2.1 Inleiding

Müller (2000:8) beskryf die lewe van die mens as 'n reis. Die reis van die mens begin by sy of haar geboorte. Die oomblik wanneer die mens die wêreld binnekom deur die skoot van sy of haar moeder, begin die reis van die lewe. Hierdie reis is nie toevallig nie (Gen.1:26-28), dit het 'n Goddelike begin, 'n Goddelike verloop en 'n Goddelike einde. Die Goddelike betrokkenheid van die reis waarborg nie noodwendig 'n lewe waarin gemak en gerief die toon aangee nie. Die Prediker waarsku alreeds hierteen as hy skryf van die volgende gebeurlikhede in die lewe van mense, naamlik:

“'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, ... 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou .... 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag, ... 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels en 'n tyd om ver te wees van omhelsing .... 'n tyd om te soek en 'n tyd om verlore te laat gaan, 'n tyd om te bewaar en 'n tyd om weg te gooi .... 'n tyd om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk, 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek ... 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede” (Prediker 3:2-8).

Die lewe as reis is geen geringe saak nie. Die reis van die mens wat met kanker saamleef, vergestalt dit waarvan die Prediker skryf en is 'n reis met erge angels wat gif dra. Die analogie van die reis en die reis met kanker is maar net 'n manier om te sê daar is 'n begin (die diagnose van kanker), gevolg deur die verloop (die behandeling van die kanker) met 'n einde (as die uitkoms van die behandeling goed is word die kanker oorleef, maar as die uitkoms van die behandeling sleg is, is die einde die einde). Die reis-metafoor onderstreep dat enige reis nie noodwendig net slegte ervarings bied nie, maar beslis ook ervarings wat gevul is met lewensin en lewensvreugde.

Alhoewel hierdie reis met kanker oor die potensiaal beskik om te verwoes en te ontwrig, lê die troos daarin, dat hierdie reis met kanker geskied binne die wil en die weë van God. Dus geskied hierdie reis nie ongesiens en iewers in 'n lugleegte nie; dit gebeur hier en nou in die teenswoordige wêreld waarin God

teenwoordig is en toelaat dat die mens Hom mag leer ken in die Woord van God (Bybel).

## 2.2 Reis 'n unieke ervaring

Die lewe as 'n reis is iets unieks, dit is eenmalig en dit kan nie herhaal word nie. Die roete van 'n reis loop deur 'n kaleidoskoop van landskappe: daar is die vaal en algemene, daar is die kleurryke en buitengewone, daar is die rustige en kalmte en dan is daar die avontuurlike en hartstogtelike. Die kort en die lank is: 'n reis is gevul met dinamika. Die reis met kanker is ook 'n reis gevul met dinamika en dit word ook deur die kaleidoskoop van lewens-landskappe gevul. Hierdie lewens-landskappe dra 'n tweërlei funksie: eerstens oefen dit 'n invloed uit op die ingesteldheid van die mens wat met kanker saamleef en tweedens open dit moontlikhede wat kan help om die reis op hierdie roete te vul met lewensin en lewensvreugde.

Die roete en die reisiger word van mekaar onderskei in die opsig dat die roete in die meeste gevalle 'n gegewe is; ten opsigte van die reisiger is die roete waarop gereis word nie 'n gegewe en voor die hand liggend nie. Dit beteken dat wanneer die reisiger die reis aanpak, is daar 'n bepaalde roete beskikbaar vir die reis, maar dit impliseer nie noodwendig dat die roete vir die reisiger so eenvoudig gaan verloop nie. Konvensioneel moet 'n reis volgens 'n bepaalde en voorskriftelike roete plaasvind (die idealistiese prentjie), maar as dit kom by die reis van die lewe, is dit totaal 'n ander prentjie, want skielik is dit wat bepaal en voorskryf irrelevant (die realistiese prentjie). Dis die ervaring en beleving van die reis van die lewe vir die mens wat met kanker saamleef. Die konvensionele werk nie meer nie, en 'n ander en alternatiewe roete is dringend nodig. Die enigste sekerheid wat die reisiger met kanker dan kan het, is dat niks dieselfde gaan wees nie en dat aanpassings ten opsigte van hierdie reis voortdurend verander.

## 2.3 Reis as metafoor

'n Reis is die toets vir die mens om die baie idilliese prentjies wat die gedagtes elke dag vul, te gaan toets en te kyk of die glansfeite tot beskikking, werklik is. 'n Reis vind plaas om tweërlei redes: (i) die mens kry 'n idee

(voorneme), daar word gedink, daar word inligting ingewin en daar word beplan. Na die opstelling en evaluering van beraamde kostes, word 'n besluit geneem en daar word oorgegaan tot aksie; (ii) die mens kan as gevolg van lewensomstandighede en lewensgebeurtenisse direk betrek word by 'n reis, nie noodwendig 'n voornemende, of onbeplande reis nie, maar 'n geforseerde en uiters manipulerende reis, soos byvoorbeeld die reis met kanker. Die reis as metafoor bied 'n rykdom van betekenis hoe die reis met kanker kan verloop. Dit is asof reis die status quo wat daar rondom kanker bestaan of mag bestaan, wil skud en vernuwe. Hierdie skud en vernuwe kan baie positiewe ervarings na vore bring tydens die reis met kanker, 'n reis wat meestal negatief beskryf en gesien word as 'n doodloopstraat van die lewe.

Dit wat mense skryf oor reis, verwoord iets van reis as metafoor. Daar is die begin met die verwagtings en voornemens, dan die verloop met die uiterstes wat wissel tussen die pole van voorspoed en teenspoed en dan die uiteindelijke voltooiing gevul met sin en vreugde. Reis, en by name die reis met kanker, as dit ter sprake kom by mense, dan is die inhoud daarvan baie in ooreenstemming met dit wat hierbo genoem is. Neem as voorbeeld die volgende wat oor reis geskryf word:

- Herman de Coninck stel dit baie effektief, dat “reizen is een manier om vragen te stellen die je thuis niet stelt. Niet per se over het land in kwestie zelf maar over jezelf”.<sup>8</sup>
- Dit wat James Clifford skryf in sy aantekeninge *Notes on travel and theory* (1989:177-188) het betrekking, naamlik dat die term reis 'n beeld is vir die verskillende maniere van verblyf én verplasing, vir trajekte en identiteite, vir verhale wat vertel word en vir teoretisering in 'n postkoloniale wêreld met globale kontakte. Reis is voorts ook 'n reeks praktyke om die self voortdurend te verplaas in 'n ruimte of ruimtes wat te groot geword het – 'n vorm van sowel erkenning, ontdekking as dissipline.

---

<sup>8</sup> <http://www.arendlandman.nl/> - besoek op 8/03/2013.

- Said (1983:226-227) lê in sy essay *Travelling theory*, 'n verband tussen reis en die sirkulasie van idees en kennis. Hy onderskei dus in die verband vier stadia van reis, naamlik:
  - die oorsprong;
  - die afstand wat afgelê word;
  - die stel voorwaardes vir aanvaarding of verwerping; en
  - ten slotte die getransformeerde (geïnkorporeerde) idee wat 'n nuwe posisie binne 'n nuwe tyd en ruimte okkupeer.

Kanker konfronteer die mens met sy of haar lewensreis. Die mens wat so onafhanklik en outonoom geraak het in hierdie wêreld, word skielik tot stilstand gebring, en vir die eerste maal word vrae buite die status quo gevra. Die mens wat so maklik en oortuigend die antwoorde verskaf het ten opsigte van God se bestuur, Sy wil en Sy voorsienigheid in die lewe vandag, besef skielik die grond waarop beweeg word, is heilige grond en daar moet versigtig te werk gegaan word om dit wat God geheilig het, nie te vertrap en te vernietig nie. Kanker laat toe dat die mens vrae kan vra buite die konvensionele en die gekondisioneerde geloofsoortuigings waarmee die mens gemanipuleer en afgerig is van kindsbeen af. Tydens die reis met kanker word God op 'n nuwe en kreatiewe manier erken, ontdek en beleef. Burger (1995:23) wys daarop dat die mens “.. altyd die tye en die omstandighede waarin hy of sy, hom- of haarself bevind, probeer verstaan en bly dink oor wat hy of sy doen en veral oor wat hy of sy in die naam van Christus vir mense probeer doen”. Kanker vervul die funksie van die sogenaamde ‘vermiste skakel’ waarna die mens op soek is om te probeer sin maak uit die doolhof van die lewe. Verder is dit ook so dat tye van krisis ook die tye is met die moontlikhede vir vernuwing, groei en lewensverdieping (vgl. Turner, 1969:106 en Burger, 1995:26). Reis en die reis met kanker het beslis raakpunte, wat daartoe bydra dat die mens op 'n baie eenvoudige, dog praktiese manier iets te wete kom, oor die lewe, oor God en oor die self.

Ten opsigte van die reis is daar twee aspekte wat beklemtoon moet word, naamlik: Daar is die roete wat loop deur verskeie landskappe en terreine, elkeen met 'n eie karakter en uitdaging; en daar is die reisiger, die mens wat



met kanker saamleef, se belewenis en ervaring van hierdie reis. Die reis as metafoor word nog verder beklemtoon deurdat navorsing sêlf metafories as 'n reis aangepak word. Die metaforiese gebruik van reis skep die beeld van “oorgang en die beweeg van een plek na 'n ander” (Odendal, 2005:924).

#### 2.4 Die ryke betekenis van 'n metafoor

Die betekenis van die metafoor vir reis en by name die reis van die mens wat met kanker saamleef, is ryk en veelseggend. Reis as sodanig is nie staties nie, dit is 'n aktiwiteit van 'n ryke en betekenisvolle beweging tussen die begin en die einde daarvan. Vos (2007:22) skryf dat, “Metaphors are explosive and their force hurls people towards new insights and blasts open new worlds. Metaphors that enlighten the faithful, also enable them to experience surprises and moments of awe in their everyday life”.

Die wins van die gebruik van metafore word deur verskeie navorsers ondersteun en aanbeveel.

- Van Huyssteen (1987:159; 1997:188) beskryf die metafoor as 'n woord of uitdrukking “wat binne 'n ongewone konteks gebruik word om ons daardeur tot nuwe insig te lei”. Metafore help dus om die onbekende te verstaan in terme van die bekende. Metafore is veel meer as net die benoeming van dinge; dit verskaf ook toegang tot hierdie dinge waarna verwys word.
- Carson (2000:30) wys in die verband daarop dat Aristoteles drie soorte woorde onderskei, naamlik vreemd, gewoon en metafories – en waar vreemde woorde ons hoofbrekens en ongemak besorg; waar gewone woorde iets aan ons oordra wat ons reeds weet en waar die metafoor aan ons iets nuuts en vars bied. Van Huyssteen (1987:159) ondersteun bogenoemde as hy skryf dat “ 'n goeie metafoor as beeld help om die onbekende in terme van die bekende te begin verstaan en beweeg ons uiteindelik om ons gewone alledaagse wêreld plotseling op 'n nuwe en buitengewone manier te sien”.

- Fourie (2010:11) is van mening dat die betekenis wat aan 'n metafoor geheg word baie populêr is, en stem met Knowles & Moon (2006:3) saam dat die metafoor juis taal is, wat “refer to something other than what it was originally applied to, or what it ‘literally’ means, in order to suggest some resemblance or make a connection between the two things”.
- Vos (2002:160) wys daarop dat “ten einde die trefkrag, die nuutheid en die varsheid daarvan te peil” die volgende funksies onderskei kan word:
  - 'n Metafoor help om die onbekende in terme van die bekende te verstaan. Dit skep spanning wat kan beteken “ metafore dien nie net om iets te “benoem” nie, maar dit verleen ook toegang na dit waarna verwys word” (Van Huyssteen, 1997:188; Hirsch, 1999:289). Die spanning tussen die saak en die beeld word oorbrug.
  - Metafore verbind verbandhoudende werklikhede wat volgens Vos (2002:161) beteken “die proses van metaforiese plaasvervanging vestig die aandag op twee realiteite wat op een of ander manier met mekaar verband hou”.
  - Metafore moet alledaags wees, dit wil sê “konvensionele metafore word verstaan as dit gegrond is in die alledaagse ervaringe wat gevolglik die wyse is waarop mense dink en met die wêreld kommunikeer” en dat dit “ook op denk- en handelingsvlak nuwe moontlikhede en uitsigte skep” (Vos, 2002:161).
  - Metafore is konteksgebonde wat in lyn is met dit wat Ricoeur (1977:44) skryf naamlik dat “die primêre eenheid van betekenis in die sin en nie in die woord is nie” en Vos (2002:162) sluit hierby aan as hy sê dat “as daar na metaforiese taal verwys word, gaan dit nie slegs om 'n funksie van woorde nie, maar ook

om die totale ko(n)teks waarbinne woorde (frases) gebruik word”.

- Die metafoor beskik oor towerkrag. Dit kan aan ’n nuwe werklikheid vorm gee. Met behulp van die metafoor kan die liturg ’n towenaar word en in die erediens God se nuwe wêreld ontsluit. So kan mense geïnspireer word om die lig van God se nuwe wêreld hier en nou te laat deurbreek (Vos, 2013:8). Ricoeur (1975:142-161) skryf ook in die verband dat, “Metaphors create ‘unfettered language’, that release people from the usual meanings of words, and move them towards hitherto undiscovered shades of meaning”. Morgenthaler (2002:130) ondersteun die opvatting as hy skryf dat, “The living metaphor brings renewal to language”.
- Fainsilber en Ortony (1987:240-241) is van mening dat ’n metafoor ten minste drie potensiële kommunikatiewe funksies dien: eerstens, verwoord die metafoor dit wat moeilik of onmoontlik verwoordbaar is; tweedens vergestalt ’n metafoor kompakte betekenis, en derdens beskik metafore oor die vermoë om eietydse ervaring en betekenis te ondervang.
- Louw (1999:60) lê klem op die metafoor se verwysende karakter in die betekenis van ’n saak. Die metafoor het ook ’n transenderende funksie, wat beteken dat dit die situasie in die lig van die reeds bestaande betekenisveld wil oorskry en verder neem as bloot die rasonale beperkinge van die begrip self. Laastens besit metafore ook ’n transformerende funksie, waar die metafoor die werklikheid wil ontsluit met die oog op ’n beter begrip van dit wat nou ter sprake is (Louw, 1999:60).

Volgens Louw (1999:60) is ’n metafoor ’n konsep of taalkonstruksie wat met behulp van woorde ’n verband lê tussen ’n spesifieke saak en ’n konkrete situasie of werklikheidsveld. Vos (2013:2) sluit hierby aan as hy praat van die

metafoor as vonkpos, wat beteken dat die vonk (metafoor) nie neutraal bly nie, maar 'n ontsteking veroorsaak na twee kante toe. Dus by die diagnose van kanker staan die mens nie neutraal nie. Die mens geaffekteer deur kanker het twee keuses, aan die een kant die keuse van selfbejammering en onttrekking, en aan die anderkant die keuse van “carpe diem”, gryp en gebruik die geleentheid ten goede. Die vonk veskaf dit wat nodig is om op daardie tydstop die regte keuse te maak ten opsigte van die reis met kanker. Die mens wat met kanker saamleef word indirek beweeg om vrae te vra wat nie voorheen gevra is nie. Die diagnose met kanker is die vonk wat mense opnuut weer laat besef die lewe is 'n gawe en nie 'n reg nie; die lewe is daar om geleef te word en nie net daar om van kennis geneem te word nie. Die lewe is nie vir gister met die oog op die nou nie, ook nie op die toekoms met die oog op die nou nie, maar vir die hede met die oog op die nou. Langenhoven se gesegde het betrekking, naamlik: “Om dood te gaan is geen kuns nie: die slegste kry dit reg. Om te lewe is 'n kuns: die beste kry dit nie goed reg nie”.<sup>9</sup> Metafore is “pervasive in language” en is om twee redes belangrik (Knowles & Moon, 2006:4) want: (i) metafore is vir die verhouding tot individuele woorde van belang, want dit gaan oor die basiese prosesse betreffende woorde en woordbetekenisse, waar konsepte en betekenis deur metafore in woorde uitgedruk word; en (ii) metafore is vir die verhouding van die diskoers belangrik.

Die belangrikheid van 'n metafoor word onderstreep vanweë die funksies wat dit vervul, naamlik: verduideliking, verheldering, beskrywing, uitdrukking, evaluering en vermaak aldus Fourie (2010:2). Die volgende opmerking van Vos (2013:2) stel dit treffend, dat “die uitstaande kenmerk van bestaande teorieë en besinnings oor metafore is die feit dat dit geen opsionele versiering is nie”.

## 2.5 Soorte metafore

Volgens Lakoff en Johnson (Kindle Locations, 2008:380-420) kan daar drie soorte metafore onderskei word, naamlik:

---

<sup>9</sup> C.J Langenhoven, *Ons weg deur die wêreld* (1914).

- Die oriënterings-metafore waar dit gaan oor, “the spatial orientation: up-down, in-out, front-back, on-off, deep-shallow and central-peripheral”. Hieruit word die volgende gevolgtrekkings oor metafore gemaak, naamlik:
  - “Most of our fundamental concepts are organized in terms of one or more spatialization metaphors.
  - There is an internal systematicity to each spatialization metaphor.
  - There is an overall external systematicity among the various spatialization metaphors, which defines coherence among them.
  - Spatialization metaphors are rooted in physical and cultural experience; they are not randomly assigned.
  - There are many possible physical and social bases for metaphor.
  - Our physical and cultural experience provides many possible bases for spatialization metaphors.
  - It is hard to distinguish the physical from the cultural basis of a metaphor”.

“In actuality we feel that no metaphor can ever be comprehended or even adequately represented independently of its experiential basis” volgens Lakoff & Johnson (Kindle Locations, 2008:414).

- Die ontologiese metafore gaan bietjie verder as die ruimtelike oriëntasie metafore, dit wil sê “experiences with physical objects (especially our own bodies) provide the basis for an extraordinarily wide variety of ontological metaphors, that is, ways of viewing events, activities, emotions, ideas, etc., as entities and substances” (Lakoff & Johnson, Kindle Locations, 2008:516). Hierdie metafore help met die

begrip en verstaan van objekte, aktiwiteite, stowwe en gemoeds-toestande.

- Die strukturele metafore bied baie meer beweegruimte as oriëntasie en ontologiese metafore. Lakoff en Johnson bevestig dit as hulle skryf:

“Structural metaphors allow us to do much more than just orient concepts, refer to them, quantify them, etc., as we do with simple orientational and ontological metaphors; they allow us, in addition, to use one highly structured and clearly delineated concept to structure another” (Kindle Locations, 2008:1257).

## 2.6 'n Voorbeeld van reis as metafoor - die nou pad

In hierdie deel word die teologiese grondslag vir die lewe as reis en in die geval van die studie, die lewe van die persoon wat met kanker saamleef, gelê. Dit word op die voetspoor van Vos<sup>10</sup> gedoen. Aangesien metaforiek nie net in taal uitmond nie, skep dit ook op denk- en handelingsvlak nuwe moontlikhede en uitsigte (Vos, 2002:87).

Hierdie siening van die metafoor kan aan die hand van 'n voorbeeld uit die Nuwe Testament toegelig word. In Matteus 7:13 en 14 staan daar: “Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en diegene wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en diegene wat dit kry, is min.” Hoewel dit onwaarskynlik is dat die skrywer van die evangelie volgens Matteus die lewe as 'n reis sien, is sy denke tog in 'n groot mate deur die metafoor bepaal (Vos, 2002:88). Die metafoorkonsep kom neer op 'n verbinding waarin 'n konsep (die lewe) verstaan word deur middel van 'n ander konsep ('n reis) (Liebenberg, 2001:98). 'n Metafoor kry geldigheid deur die gebruik daarvan in alledaagse taal en denke. Om die funksie daarvan te verstaan, moet 'n mens op hoogte wees van die wyse waarop die metafoor gebruik word en vasgelê is (Vos, 2002:88).

Die metaforiese skakeling of koppeling van twee konsepte word moontlik gemaak deur die generiese struktuurvlak wat dit gemeen het (Vos, 2002:88). Hierdie teoretiese uitleg kan deur twee voorbeelde toegelig word. In Matteus

---

<sup>10</sup> Cas Vos, *Homo viator, Verbum et Ecclesia*; Vol 35, No 2 (2014), 7 pages. doi: 10.4102/ve.v35i2.860 – besoek op 16 Januarie 2015.

7:13 en 14 is die reisiger nie identies aan die pad waarop hy of sy reis nie. Net so is die lewe van die persoon nie identies aan sy of haar doel, naamlik toegang tot die koninkryk nie. In Johannes 14:1–6 word die weg en die reisiger en voorloper egter in die figuur van Jesus met mekaar verenig. Hy is die een wat weggaan om die voorbereiding te tref. Sy weg is aan die dissipels bekend en verder is Hy self ook die weg (Liebenberg, 2001:144v.). Die begrensing van metaforiese koppeling hang saam met ons ervaringe en die manier waarop dit ons denke oor konsepte vorm (Liebenberg, 2001:115). Met behulp van beeldskemas verstaan ons nie slegs metafore nie, maar ook dit wat ons gewoonlik in die wêreld aantref (Johnson, 1987:xiv). Beeldskemas is naas denk-‘beelde’ ook enige konsep waaroor ons beskik om ons byvoorbeeld ’n weg of ’n reis voor te stel. Ons beskik slegs oor die konseptuele begrip van ’n reis as metaforiese uitdrukking van ’n lewe en ons kan die begrip op die taalgebruik toepas en herskik (Vos, 2002:88).

Die uitdrukking ‘die lewe is ’n reis’ bied ’n voorbeeld van ’n konvensionele metafoor. In die Palestina van die eerste eeue lei ’n breë pad en ’n groot hek na ’n positiewe bestemming, miskien selfs na ’n groot stad (Vos, 2002:88). Die metaforiese koppeling van die konvensionele metafoor ‘die lewe is ’n reis’ roep na verwagting ’n positiewe kant van die breë pad en die hek op. Die beeldskema van die assosiasie met pad en hek sluit waarskynlik ’n gunstige bestemming in. In Matteus 7:13 en 14 kom ’n herinterpretasie voor van die konsep ‘lewe’ wat gewoonlik as ’n reis gesien word. Die verwagting is dat die reisiger die breedste en maklikste pad sal kies. Maar die lewe as ’n reis is in hierdie teks allesbehalwe normaal. Die reisiger op pad na die koninkryk kies die moeilikste pad, die smal pad. Die konsep ‘lewe’ word hier gestruktureer op grond van die beeldskema van ’n reis waar keuses wat hier en nou gemaak word, konsekwensies vir die uiteindelige bestemming het (Liebenberg, 2001:122).

Konvensionele metafore verbind spesifieke skemavlakke soos lewe en reis aan mekaar. Daar bestaan egter ook ’n ander kategorie van konseptuele metafore, beter bekend as die generiese metafoorvlak (Liebenberg, 2001:122). Elke beeldskema waarvan ons ’n konsep het, besit nie alleen ’n

spesifieke struktuurvlak nie, maar ook 'n meer generiese struktuurvlak. Lakoff en Johnson (Kindle Location,1999:4760) beskryf dit nader aan die hand van die verskil tussen 'n genus en 'n soort in die biologie. 'n Genus is die kleinste groep diere of plante met gemeenskaplike eienskappe. 'n Soort daarenteen deel alle eienskappe van 'n genus, maar besit ook unieke bykomende eienskappe wat hom van ander soorte onderskei. Op soortgelyke wyse deel 'n spesifieke struktuurvlak-metafoor soos 'die lewe is 'n reis' bepaalde eienskappe met ander spesifieke struktuurvlakmetafore, byvoorbeeld 'die lewe is 'n dag lank'. Dan is daar weer sprake van eienskappe op generiese metafoorvlak. In dié verband kan gedink word aan progressie, 'n temporele begin en einde, verganklikheid, en so meer (Vos, 2002:89). Met behulp van beeldskemas verstaan ons nie slegs metafore nie, maar ook dit wat ons meestal in die werklikheid aantref. Beeldskemas is nie net denk-'beelde' nie, maar enige konsep waaroor ons beskik om die reis voor te stel.

## 2.7 Die reis-landskap

### 2.7.1 Die praktiese teologie

Die raakpunte van die prediking en die pastoraat lê opgesluit in die drie wesenlike komponente van die praktiese teologie, wat soos volg deur Louw (1993:vii) onderskei word, te wete (i) dat die kommunikasie en verstaan van die praktiese teologie uit die dialoog tussen God en die mens as die heil vertolk en verstaan moet word in terme van die menslike konteks, asook omgekeerd waar die menslike konteks weer verstaan en vertolk moet word in terme van God se Woord; (ii) dat die konkretisering en handeling van die praktiese teologie daartoe moet lei dat die konkrete effek van die heil op die geloofsgedrag van die mens sigbaar sal word en dat dit daartoe sal lei dat die sin van menswees gegeneer word en (iii) dat die bevryding en sin van die praktiese teologie daarop sal dui dat die spanning wat daar tussen die sin-neming (die alreeds van die heil) en die singewing (die nog nie van die heil nie) bestaan, versoen kan word.

Jan Muis maak die volgende belangrike opmerking: “. . . omdat de kerk er is om het bijbelse verhaal van God en de mensen te beluisteren en verder te vertellen, hoort spreken over God tot de kernactiviteiten van de kerk” in sy

Bladsy 63 van 480



artikel *Kerkelijk spreken over God en hedendaagse godsdienstigheid*, (Immink, 2009:326).

Die prediker en die geloofsgemeenskap is willens en wetens by hierdie aktiwiteit betrek, want “kerklik spreken over God vindt immers plaats in een bepaalde context en wil gehoord worden door concrete mensen” (Immink, 2009:326). Die Heilige Gees moet leiding gee tydens hierdie reis hoe ’n sensitiewe aangeleentheid soos kanker sinvol en betekenisvol hanteer kan word. Hoe word daar gepraat oor ’n saak wat soms nie in woorde uitgedruk kan word nie. Louw se mening is dat kanker die ergste en slegste belewenis is wat ’n mens kan ervaar; daarom skryf hy in *Cura Vitae* (2008:340), “for many patients cancer is a final death penalty”. Kanker was altyd ’n verbode term in die ou dae, dit is nie hardop rondom siek beddens genoem nie en Louw (2008:341) skryf hieroor dat: “Around a case of cancer everyone always whisper; they all suspect, but do not openly discuss it. Coping with cancer therefor means coming tog rips, not only with possible death, but also with a severe communication crisis”. Nancy van Dyke Platt (1980:3) skryf ook in dieselfde verband kanker, “creates a crisis of major proportions that wrecks financial, emotional, physical and spiritual resources ...” in die lewe van ’n mens.

Praktiese teologie kan miskien beskryf word as die potpourri van die teologiese wetenskap as dit wat Swinton and Mowat (2006:58-60) skryf in ag geneem word, naamlik:

“Practical Theology is an intricate and complex enterprise. Contemporary developments within the field have shown it to be a rigorous theological discipline which, while retaining a unique approach to theology and theological development, continues to offer a significant contribution to the wider field of theology and the practices of the Church and the world”.

Die landskap van die praktiese teologie kan verras en is altyd vars en dus in lyn met die stelling: “. . .with the literature produced by the other theological disciplines there is no single, standardized way of doing practical theology and that it is not owned by any particular wing of theology” (Swinton and Mowat, 2006:62-63).

Praktiese teologie gee betekenis aan die praktyk omdat dit:

“Locates itself within the diversity of human experience, making its home in the complex web of relationships and experiences that form the fabric of all that we know. The wide range of approaches and methodological positions apparent within the discipline reflects a variety of attempts to capture this diversity and complexity. While it may not be possible to capture all of the complex dynamics of Practical Theology within a single definition, for current purposes it is necessary to tie it in to some kind of conceptual framework which will enable us to understand and work within the discipline” (Swinton and Mowat, 2006:165-169).

Die mens wat met kanker saamleef word gekonfronteer met ’n verskeidenheid van belewenisse en ervarings, wat op hulle beurt weer bepaalde eise stel aan die praktiese teologie.

Gedurende hierdie studie wat binne die veld van die praktiese teologie lê, word daar onder andere met die vier kerntake van die prakties-teologiese interpretasie van Osmer (2008:4) gewerk. Die vier take is die volgende:

- Die beskrywende-empiriese taak: Hier word die vraag gevra: ‘Wat is aan die gebeur?’
- Die interpretatiewe taak: Hier word die vraag gevra: ‘Hoekom gebeur dit?’
- Die normatiewe taak: Hier word die vraag gevra: ‘Wat behoort te gebeur?’
- Die strategiese taak: Hier word die vraag gevra: ‘Hoe moet daar gereageer word?’

## 2.7.2 Die homiletiek

Hier word spesifiek verwys na die prediking en dan die prediking as ’n prakties-homiletiese reis in die begeleiding/versorging van mense wat met kanker saamleef. Die toenemende klem wat daar geplaas word op die spesialisasie, die holistiese siening asook die buitensporige eise wat daar vandag aan die homiletiek gestel word, roep na die toenadering, integrasie en die samewerking van al die relevante hulpwetenskappe. Vos (2007:18) in sy artikel *Preaching as a Language of Hope*, maak die volgende relevante homiletiese opmerkings as hy die ‘preek as voertuig van hoop’ beskou, want (i) die mense kom met hulle “despair, anxiety, fear, doubt, sadness, and uncertainties” na die openbare erediens; (ii) die grootste foltering vir enige

mens is “loneliness and God’s absence”; (iii) die homiletiek bly altyd besig met die vraag na God; (iv) die homiletiek moet die mens lei na “a landscape of the New Testament, where the question ‘where is your God?’ echoes on a cross. The Christological depth of the sermon states: ‘Your God is on the cross! But as your Helper, your Saviour’; (v) die pneumatologie van die homiletiese perspektief herinner ons dat “God is our Paraclete, who is our deliverer of hope”. Die belangrikste is om te weet die homiletiese Christologie skep die perspektief dat daar hoop is in Christus en die homiletiese Pneumatologie open die geleentheid waar die Heilige Gees die mens en die skepping kan beïnvloed.

Dit bring die volgende uitdagings na vore:

- Die eerste uitdaging is om vas te stel hoe effektief die prediking kan wees in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.
- Die tweede uitdaging is om vas te stel hoe die mens geaffekteer deur kanker die prediking kan verryk en vorm gee as begeleiding en versorging.
- Die derde uitdaging is om ondersoek in te stel of die mens geaffekteer deur kanker wel lewensin en lewensvreugde beleef tydens die reis met kanker.
- Die vierde uitdaging is om na aanleiding van bogenoemde ’n bruikbare en praktiese praktykteorie vir die prediking te ontwerp in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.

Onderliggend hieraan moet die invloed van die nuwe ontdekkings wat gemaak word tydens die reis verdiskonteer word met die oog op die reis van die prediking as prakties-homiletiese reis in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker, die aandag sal gefokus wees op die relevante aksente en nuanses wat tydens hierdie reis ’n invloed of ’n rol mag hê. Hierdie “veranderde landskap” (Fourie, 2010:4) ten opsigte van die prediking en die mens wat met kanker saamleef, is ’n uitvloeisel van ’n

konstante en voortdurende kritiese ingesteldheid van die tydsgees waarbinne die mens daaglik leef (Cilliers, 2004:3-21; Dingemans, 1991:21; Stiller, 2005:1-8; Vos, 1996:1-5).

Hierdie veranderings bring op hulle beurt weer nuwe vrae en uitdagings ten opsigte van die prediking as begeleiding en versorging aan die een kant, maar ook ten opsigte van die mens geaffekteer deur kanker se behoeftes aan die ander kant, naamlik:

- Wat is die implikasies van hierdie konstante en aanhoudende veranderinge op die prakties-homiletiese reis van die prediking?
- Dring hierdie nie die praktiese-teologie om weer te besin en na te dink oor konsepte soos die antropologie, die pneumatologie, die homiletiek, die liturgiek asook die ekklesiologie nie?

Die neiging deesdae in die wetenskap is om baie meer interafhanklik te werk ten opsigte van die verskillende en aangrensende wetenskappe; dit is asof daar 'n groter soeke is na die grootste gemene deler vir waarde-toevoeging tot die verskillende wetenskappe soos byvoorbeeld die antropologie, die pneumatologie, die homiletiek, die liturgiek, die ekklesiologie en die praktiese teologie. Hierdie soeke is belangrik, want dit kan 'n besliste bydrae maak tot hierdie studie en dit kan ook die weg aandui vir 'n verstelde praktykteorie. Die wedersydse beïnvloeding en interafhanklikheid van die verskillende wetenskappe het deur hulle interaksie daarin geslaag om te help met die vorming van 'n bruikbare en praktiese praktykteorie vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mense wat met kanker saamleef. Osmer (2008:3) bevestig dit as hy skryf, 'n "good ministry is never merely a matter of solving problems; it is a mystery to be ventured and explored. But we can journey into this mystery with knowledge and skill that help us find our way as we move along".

Daar is 'n reuse-verskil tussen dit wat in die praktyk gebeur teenoor dit wat volgens 'n goeie teorie eintlik moet gebeur. Hierdie prakties-homiletiese reis van die prediking in die begeleiding en versorging van die mense wat met

kanker saamleef, word teologies en prakties hanteer. Die eggo van Osmer se woorde is duidelik hoorbaar:

“I wish that at least one class of my theological education had given me the knowledge and skills to make sense of what I was experiencing. I realize, in ministry, experience is one of our most important teachers. But experiences like this one in which lives and years of work are at stake can leave us bewildered. Ministry, like life, can be stranger than fiction” (2008:3),

word duidelik gehoor. Die krisis is dat die teorie en die praktyk in die bediening van die teologie soms hemelsbreed van mekaar kan verskil.

’n Toeskouer-ingesteldheid bo die reisiger-ingesteldheid is beslis ’n risiko en uiters gevaarlik, want dit kan veroorsaak dat daar bloot gelet word op ’n aantal algemene verskynsels wat op die oppervlak te voorskyn kom, sonder enige diepgaande kennis oor wat werklik aan die gang is. Hierdie navorsing wil eerder fokus op die reisiger-ingesteldheid, wat die volgende impliseer: eerstens, word daar saam met die mens wat met kanker leef gereis omrede dit “’n sleutel tot die verstaan van menswees en menslike ervarings” (Müller, 2000:8) bied; tweedens sal die verhale van die mense wat met kanker saamleef beluister word, omdat die mens “die ervarings van die verlede neem, dit organiseer in ’n storie, en hierdie storie word die kaart vir die onbekende reis wat voorlê” (Müller, 2000:10); derdens moet geluister word na die taal van die mens wat met kanker saamleef, want dit is belangrik omrede die “ervarings rou en betekenisloos is, totdat hierdie woorde en begrippe gebruik word om daaraan betekenis te gee” (Müller, 2000:13). Dit vra dat in die navorsingsproses deeglik rekening gehou moet word van die verskillende faktore wat ’n rol mag speel in die reisiger se reis saam met die mens geaffekteer deur kanker. Die deeglike dokumentasie, uiteensetting en bespreking van hierdie faktore is belangrik. Hierdie faktore kan tydens die reis saam met die mens met kanker, soos roete-inligtingsborde langs paaie verskyn en vrae ontlok soos die volgende:

- Hoe lyk die konteks waarbinne die mens geaffekteer deur kanker reis?
- Hoe kry God op ’n praktiese en deelnemende manier beslag in die lewe van die mens geaffekteer deur kanker?

- Hoe kan die prediking se prakties-homiletiese reis die begeleiding en versorging gebruik om die mens geaffekteer deur kanker te bemagtig tot lewensin en lewensvreugde?
- Binne watter ruimte kan hierdie ontmoeting van God deur Sy Woord met die mens geaffekteer deur kanker plaasvind, sodat dit uitloop op sin en vreugde?
- Hoe lyk die bakens waarlangs die bruikbare en praktiese praktykteorie van die prediking-reis in die begeleiding en versorging van die mens met kanker?

Elkeen van bogenoemde faktore se rol, bydrae en invloed tydens die reis is uniek; hierdie uniekheid word openbaar op drie vlakke, naamlik: (i) die eie karakter, funksie en doel van die betrokke faktor; (ii) die unieke manier waarop die interaksie tussen die faktore en die reisiger onderling plaasvind; asook (iii) die besondere en sinvolle bydraes van faktore wat buite die konteks van hierdie reis mag ontstaan. Hierdie reis is werklik iets besonders en dit is die wens van die navorser dat die reisiger die volle potensiaal en bydrae van hierdie reis sal ontgin en dit sal benut.

### 2.7.3 Verskillende dissiplines

Die reisiger is aktief betrokke by die reis, dit wil sê daar is interaksie met dit wat op die roete teëgekóm en ervaar word aan die een kant, aan die ander kant is die reisiger deel van die proses, dit wil sê op 'n indirekte manier betrokke by die ervaring en beleving van ander reisigers. Dus is elke potensiële reisiger se rol en funksie in die konteks van hierdie navorsing belangrik met die oog op die eindbestemming van die reis met kanker. Reisigers is indirek betrokke by mekaar; hulle beïnvloed mekaar se persepsies en idees ten opsigte van die doel van die reis. Giri (2002:104) verwoord iets hiervan as hy onder meer skryf dat “modern modes of inquiry into the human condition have been characterized by a disciplinary mode – we make sense of the world through particular, specialized and bounded disciplines.”

Dit is juis hierdie verbale- en nie-verbale interaksie tussen die reisigers, wat help dat die rigiditeit van elke individuele reisiger opgehef word en daar voortbeweeg word na 'n nuwe verstaan, wat uitloop op “new and exciting discoveries” (Van Huyssteen, 2006:9). Die interaksie tussen die betrokke reisigers tydens hierdie reis is belangrik, want dit dui daarop dat elke reisiger wel 'n bydrae lewer tot die sinvolheid van die reis vir die mens wat met kanker saamleef. Hierdie interaksie is broodnodig vir elke reisiger wat die reis wil voltooi met hoop, sin en oorwinning.

Fourie (2010:7) stel dit dat, “die vervaging van grenslyne tussen dissiplines vra vir 'n interdissiplinêre benadering” en dit word ondersteun deur Van Huyssteen (2006:9) wat benadruk dat in elke interdissiplinêre gesprek verskillende diskoerse teenwoordig is, gekenmerk deur radikale diverse perspektiewe, asook onderskeibare metodes van ondersoek, met die bekentenis dat, “they cannot be reduced to each other or derived from each other.” Die besef van bogenoemde interaksie is vir die proses baie belangrik. Die reis van die mens wat met kanker saamleef; sluit nou aan by dit wat Van der Ven (1993:89-112) skryf oor die vier metodes waarop die teologie met ander reisigers in verband gebring kan word. Die vier metodes word kortliks genoem en verduidelik:

- Die eerste metode is monodissiplinariteit wat gaan om 'n enkele dissiplinêre gesprek met 'n deduktiewe werkswyse, waar die betrokkeheid van ander dissiplines nie noodwendig geakkommodeer word nie. Van Wyk (1997:77) maak in sy opsomming van die vier metodes die volgende opmerking: “The other sciences... assist mostly in establishing this unilateral relationship more adequately.”
- Multidissiplinariteit is die tweede benadering wat daarna strewende om 'n onderwerp uit verskeie verwysingsraamwerke te bestudeer, alhoewel geen interaksie tussen die verskillende dissiplines geskied nie. Verskeie dissiplines werk onafhanklik van mekaar om 'n probleem vanuit eie wetenskaplike en metodologiese vooronderstellings te bestudeer, deur gebruik te maak van teorieë en konsepte, metodes en tegnieke eie aan elke dissipline. 'n Twee-fase benadering is die resultaat van die gebruik

van multidissiplinariteit. In die eerste fase sal 'n fenomeen vanuit 'n spesifieke dissipline se eie verwysingsraamwerk bestudeer word. In die tweede fase sal hierdie betrokke dissipline in gesprek tree en besin oor die bevindinge van ander dissiplines ten einde hierdie bevindinge tot 'n eie liggaam van kennis toe te voeg.

- Intradissiplinariteit is die derde benadering en verwys na “the borrowing of concepts, methods and techniques of one science by another and the integration of these elements into the other science” (Van der Ven, 1993:101). Intradissiplinêre prosesse word in alle wetenskaplike velde aangetref en moedig innovasie in die betrokke velde aan, byvoorbeeld die verhouding tussen biologie en chemie verenig in biochemie, of geskiedenis en psigologie versmelt tot psigogeskiedenis, om slegs enkele dissiplines te noem.
- Die vierde en laaste benadering verteenwoordig interdissiplinariteit. Die diskoers van 'n interdissiplinêre gesprek impliseer dat twee of méér dissiplines volwaardig met mekaar in gesprek tree. Fourie (2010:9) wys daarop dat Van der Ven (1993:98) die siening handhaaf dat twee vorme van interdissiplinariteit onderskei kan word, naamlik “dialogue intérieur” en interpersoonlike interdissiplinariteit.

Die eersgenoemde, “dialogue intérieur” behels 'n interdissiplinêre gesprek tussen teologie en die sosiale wetenskap “in one and the same person” (Van der Ven, 1993:98). Die tweede, interpersoonlike interdissiplinariteit, gaan om 'n interdissiplinêre gesprek tussen verskeie mense: tussen meer as een teoloog en ook tussen meer as een sosiale wetenskaplike. Fourie (2010:9) stel dit soos volg dat, “dié interpersoonlike dissiplinêre gesprek het nie 'n konflikvrye, harmonieuse samewerking ten doel nie, maar eerder sistematiese ondersoek, analisering en kritiese evaluering, ten einde samewerking te regverdig”.

Osmer (2008:163-164) brei uit op hierdie terrein en definieer die dialoog tussen die teologie en die ander dissiplines as “a special form of rational communication in which the perspectives of two or more fields are brought



into conversation”. Hy wys daarop dat binne hierdie dialoog die volgende vier aksente beklemtoon kan word, naamlik:

- Die aksent van die intra-dissiplinêre dialoog is waar die bespreking gefokus is op verskillende perspektiewe binne 'n enkele dissipline, byvoorbeeld die prediking binne die praktiese teologie. Daar is vandag byna in al die dissiplines verskeie werkbare teoretiese benaderings teenwoordig, byvoorbeeld in die prediking word daar onderskeid gemaak tussen die narratiewe-, pastorale- en “expository” prediking.
- “In interdisciplinary dialogue, interpretive guides enter into the debate and discussion of a single field and form judgments about the perspective they find most persuasive on grounds internal to that field” (2008:163). Die aksent van die interdissiplinêre dialoog is waar die bespreking gefokus is op die perspektiewe van twee verskillende dissiplines; hier is die gesprek tussen die prediking binne die praktiese teologie en 'n ander dissipline. Die prediking en die mens wat met kanker saamleef kan 'n gesprek insluit waar die prediking met teologiese perspektiewe aan die een kant en die antropologiese perspektiewe van die mens wat met kanker saamleef aan die ander kant stelling inneem.
- Die aksent van die multidissiplinêre dialoog is waar die bespreking gefokus is op die perspektiewe van 'n aantal dissiplines gelyktydig.
- Die aksent van die meta-dissiplinêre dialoog is waar die bespreking gefokus is op die aard van die betrokke dissipline, dit wil sê “What constitutes a discipline epistemologically, sociologically, and rhetorically?” (2008:164).

Volgens Osmer kan hierdie kruis-dissiplinêre dialoog verskeie vorme aanneem. Hy fokus dan op die modelle wat hierdie dialoog tussen die teologie en ander dissiplines tydens die interdissiplinêre en multidissiplinêre diskussies kan stuur. Modelle is volgens hom die “root metaphor, we can recall, draws on a familiar area of life to understand an unfamiliar area, noting similarities and differences” (Osmer, 2008:164-167). Hy onderskei die volgende drie modelle

wat hierdie dialoog tussen die praktiese teologie en die ander dissiplines kan fasiliteer. Die drie modelle word kortliks genoem met 'n kort verduideliking: (i) die korrelasie-model fokus op die dialoog se “mutual influence” tussen teologie en ander dissiplines; (ii) die transformasie-model fokus op die dialoog as “a conversation between people who speak different languages” tussen die teologie en die ander dissiplines en (iii) die transversale-model fokus op die dialoog as interaksie tussen 'n netwerk van gelyktydige aantal dissiplines binne die teologie en ander dissiplines. Schrag soos aangehaal deur Osmer (2008:170) wys daarop dat, “In these disciplines and others, transversality means “lying across, extending over, intersecting, meeting and converging without achieving coincidence”.

#### 2.7.4 Vreemde reisgeselskap

Die spreekwoord lui, “Onbekend maak onbeminde” wat impliseer dat 'n onbekende persoon summier wantrou word (Prinsloo, 2005:248). Daarom is dit belangrik om aan die begin van die reis kennis te neem van die moontlike mede-reisigers wat indirek 'n beduidende rol kan speel in die unieke reis van die prediking saam met die mens wat met kanker leef. Die uniekheid van elke reisiger moet begryp en verstaan word, anders kan so 'n saam reis in 'n nagmerrie ontaard. Elke reisiger word hier kortliks en bondig beskryf, omdat hulle in die ter saaklike hoofstukke breedvoerig bespreek word.

##### 2.7.4.1 Die mens wat met kanker saamleef

Die diagnose van kanker is vir die mens geen plesier nie, dit lei tot 'n rits emosies wat kan wipplank ry tussen ongeloof en oorbluf wees, tussen totale verslaentheid en aanvaarding en tussen 'n erge gevoel van neerslagtigheid en wanhoop. Daar is reeds verwys na die boodskap van Frieda Bernard (2009) in haar boek *Die engele om my*. Dit is asof die skok, die slegte nuus, die hoop, die groei en die aanvaarding, die stemme is wat voortdurend en aanhoudend buiksprek in die reis met kanker. Voorbeelde hiervan is legio, hoor net wat mense sê:

- “I’ll be back” (’n skuilnaam) skryf in die briewekolom van die Volksblad dat ‘Kankerbehandeling van welke aard ook al is ’n mediese dobbelspel’.<sup>11</sup>
- Kristy Watts vertel in ’n onderhoud wat met haar gevoer is in die publikasie, “*The waiting room*” die volgende, ‘.... as I walk out of the X-ray room, I could feel the nurses treating me differently. I just knew that something wasn’t right’.<sup>12</sup>
- In die Kontrei (bylaag tot die Volksblad) skryf juffrou Adrina Smith die volgende, “Kanker het my hele lewe in duie laat stort en my en my gesin tot stilstand geruk. Ek was onkundig en vreesbevange”.<sup>13</sup>
- Elise Bosch skryf in die Kerkbode dat “Meteens is ek met my eie kanker gekonfronteer en ek kon dit nie net gelate aanvaar nie. Ek was soos ’n dikbek kind wat met God baklei het”.<sup>14</sup> Kanker beskik oor ’n uniekheid wat dit anders maak as enige ander siekte van ons tyd. Kanker versteur die harmonie in die mens, tussen mense en rondom mense.
- Lynn Eib skryf soos volg in haar boek *When God & Cancer Meet* oor haar diagnose met ’n kankergewas die volgende, “With that, my world turned upside down” (Kindle Locations, 2002:88).

Dit bring vrae oor die sin en betekenis van die lewe na die oppervlak. Vrae soos byvoorbeeld: (i) Waarop kan die mens wat met kanker saamleef sy of haar hoop vestig? (ii) Wat bring rustigheid en kalmte tydens die reis met kanker? (iii) Hoe kan die mens wat met kanker saamleef begelei en versorg word tot lewensin en lewensvreugde?

---

<sup>11</sup> Volksblad, 28 Desember 2011, bladsy 6.

<sup>12</sup> *The Waiting Room*, Spring 2011, page 7.

<sup>13</sup> Kontrei (Bylae tot Volksblad), Woensdag 7 Desember 2011, bladsy 5.

<sup>14</sup> Kerkbode, 7 Oktober 2011, bladsye 16-17.

#### 2.7.4.2 God

Heyns en Pieterse (1990:4) stel dit treffend dat “in alle wetenskappe word ’n bepaalde onderwerp of saak op ’n voorgeskrewe manier bestudeer”. In die teologie gaan dit om God. Die term teologie sê dit self. Die woord teologie is ’n samevoeging van twee Griekse woorde naamlik “theos” wat God beteken en “logos” wat woord beteken. Teologie is daarom ’n woord oor God. Die praktiese van die praktiese teologie impliseer juis God se betrokkenheid by die mens en vir die doeleindes van hierdie studie die mens wat met kanker saamleef.

Firet (1975:379-380) wys daarop dat die teologie dink nie haar vrae self uit nie, maar die vrae kom juis uit die geloofsbesinning van gelowiges. Die teologie moet help dat die openbaring van God in Jesus Christus, deur die werk van die Heilige Gees en soos dit opgeteken is in die Heilige Skrif en deur die verkondiging as die Woord van God wat met mense in hierdie lewe kommunikeer, verstaan kan word en betekenis kan kry (Jonker, 1981:41). In die teologie gaan dit oor hoe die Woord van God in diens van die evangelie by die mense wat met kanker saamleef kan uitkom, om hom of haar te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde. Volgens Heyns en Pieterse (1990:4) is teologie ’n woord oor God, en omdat die prediking en die pastoraat deel is van die teologie, is dit ’n woord oor God aan die mens (Louw, 1993:vii).

Capps (1980:9) vra twee vrae naamlik (i) “Does one’s counselling influence one’s preaching?” of (ii) “Does one’s preaching influence one’s counselling”? Hierdie vrae bly relevant, want dit vra om nuut te dink oor wat die primêre taak van die predikant is. Kom die pastoraat eerste en dan die prediking of vice versa? Die antwoord hierop is nie so eenvoudig en voor die handliggend nie, alhoewel daar tussen die prediking en die pastoraat onderskei kan word, kan dit nie geskei word as gevolg van hulle wedersydse beïnvloeding en raakpunte nie. Hierdie is ’n prakties-homiletiese studie, dus sal die prediking voorrang geniet.

### 2.7.4.3 Prediking

Die prediking is God se manier om met die mens in gesprek te tree. Hierdie gesprek moet help dat die mens God kan hoor, die God wat soms beleef en ervaar word as die 'verborge' God (Dingemans, 1990) of as die 'swygende' God (Bohren, 1986:33). Die uitkoms waarop hierdie studie hoop is om die potensiaal wat daar verskuil lê in die prediking vir die begeleiding en versorging van mense geaffekteer deur kanker te ontdek, te ontgin en te gebruik. Capps beklemtoon dit as hy Fosdick aanhaal wat skryf dat ons "need more sermons that try to face people's real problems with them, meet their difficulties, answer their questions, confirm their noblest faiths and interpret their experiences in sympathetic, wise and understanding cooperation" (1980:14).

Die doel van die prediking binne die Protestantse tradisie is om God aan die woord te stel op so 'n wyse dat die mens vandag steeds ervaar dat God handelend en sprekend betrokke is by hulle lewe. Dit is God wat na die mens kom en self met hom of haar praat, maar hierdie spreke van God met die mens word bevraagteken as gevolg van 'n drieërlei redes: eerstens die ingrypende veranderinge in Suid-Afrika op politieke- en maatskaplike- en samelewingsterrein; tweedens die invloed van die postmoderne gees onder die mense en derdens die bevraagtekening van al die voorheen vasstaande sekerhede. Die krisis is dat bogenoemde redes ook oorspoel na die geloofslawe van mense, en dit laat die vraag ontstaan: 'Kan God vandag nog deur die preek aan die woord kom en die mens geaffekteer deur kanker aanspreek?' of 'Kan die mens geaffekteer deur kanker die teenwoordigheid van God op so 'n manier beleef dat dit hom/haar begelei en versorg met hoop, sin en oorwinning?'

### 2.7.4.4 Kanker

In die omgangstaal word die volgende beskrywings gevind as dit kom by die mens en kanker: (i) die mens geaffekteer deur kanker, (ii) die mens met kanker, (iii) die mens wat met kanker saamleef en (iv) die mens as slagoffer van kanker. Die vraag bly wel watter een van hierdie

vier beskrywings pas die beste wanneer daar oor kanker by die mens gepraat of geskryf word? Die onvermoë om 'n eenvormige keuse daar te stel dui daarop dat dit nie so maklik is om oor mense met kanker te praat nie. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan: “Is dit moontlik om oor iets te praat wat mense verswyg?”. Fred Hutchinson maak die volgende opmerking op die webblad van “Cancer Research Centre” wat iets hiervan reflekteer, naamlik dat “living with cancer is an experience that can affect every aspect of your life. Not only is your body affected, but also your mind and your spirit. You may experience many emotional reactions to all of these changes”.<sup>15</sup>

Lynn Eib verwoord iets van hierdie ongemaklikheid as sy skryf:

“I hate the term cancer victim. It somehow implies cancer is the victor. It wins, we lose. That has not been my experience with cancer patients. While we can do little to choose whether we get cancer, we can do a lot to choose whether we are its victims. I don't just mean whether we live or die. I mean how cancer affects us in the deepest parts of who we are. I believe cancer cannot conquer our spirit unless we choose to become victims” (Kindle Locations 2002:69-72).

Kanker is volgens Louw (1994) en Dawson (1978) die mees gevreesde siekte by mense. Die redes daarvoor is legio, die manier waarop daar in die media met die siekte kanker omgegaan word speel 'n kenmerkende en besliste rol in hierdie persepsie. Daaglik moet ons in die gedrukte media lees van mense wat hulle stryd teen kanker verloor het. Die nie-verbale boodskap is: dat die mens wat met kanker paaie kruis gaan die stryd verloor.

Albert Alberts (2012:VI) skryf in die voorwoord van sy boek *Kennis klop kanker* die volgende: “Jy kan 'n keuse uitoefen hoe jy die kanker gaan hanteer. Die mag bly van die begin af in jou hande. Jy kan dus nie die ‘stryd teen kanker verloor nie”. Lynn Eib (Kindle Locations, 2002:41-42) vat raak as sy die kompleksiteit van kanker soos volg verwoord:

“Suddenly I was thrown into another world, a world I scarcely knew existed, the world of cancer, and I desperately needed some hope and encouragement. Don't get me wrong; many people tried to give me hope and encouragement. They said things like, ‘You'll get through this,’ or ‘It'll be

---

<sup>15</sup> <http://www.fhccr.org/> - besoek op 18/11/2012.

okay'. But I wanted to scream back at them, 'How do you know? You've never been through this'".

Die keuse vir hierdie studie is om te praat van die mens wat met kanker saamleef, die rede omdat kanker nie die laaste sê in die lewe van die mens het nie, maar dat dit wel 'n invloed uitoefen op die wyse waarop die mens met sy of haar lewe omgaan. In die verlede was daar geweldig klem gelê op die siekte en die behandeling daarvan, die pasiënt was bysaak. Die curriculum vir die opleiding van professionele- en gespesialiseerde gesondheidsorg het in die verlede meer gefokus op die diagnosering, voorkoming en behandeling van siektes. Dit is slegs onlangs dat daar in die curriculum vir die opleiding van professionele- en gespesialiseerde gesondheidsorg voorsiening gemaak is om die mens wat siek is beter te verstaan, hier het die bywerk van insigte uit "... the social, human and behavioural sciences" (Ross & Deverell, 2010:4) 'n betekenisvolle rol gespeel.

Hierdie klemverskuiwing van 'n siekte-georiënteerde fokus na 'n meer mens-georiënteerde fokus is 'n wins en moes gebeur het, want "the factors that have created the need for this changed perspective have been certain major shifts that have occurred in society in relation to health and disease" (Gilbert, Selikow, & Walker, 2002:3). In hierdie studie is die fokus op die mens geaffekteer deur kanker asook die gesin, die familie en die vriende van die betrokke persoon. Die mens mag nooit ten koste van 'n bepaalde siektetoestand geoffer word nie. Die mens leef in 'n wêreld waar daar wrede en onmenslike dinge oor hom of haar kan kom met verwoestende gevolge, soos onder andere kanker. Dit is juis die betoog van hierdie studie dat deur die prediking as 'n prakties-homiletiese strategie die mens geaffekteer deur kanker begelei en versorg kan word, om die druk wat kanker - as die gevreesde siekte - veroorsaak te kan hanteer met hoop, sin en oorwinning.

Louw (1994:115) wys op hierdie leemte en behoefte as hy dit krities saamvat met die volgende woorde:

"Fear of talking about cancer causes a strain on frankness in relations with such a patient. Our society fears cancer, which bears the stigma of being a

Bladsy 78 van 480

final death penalty. Therefore outsiders are hesitant to contact such a patient; they are inept with the cancer patient and avoid discussing the true state of affairs”.

Die positiewe vandag is juis die gemaklike en deursigtige manier waarop kanker hanteer word. Dit het daartoe gelei dat die vrees en die angs om oor kanker te praat, verdwyn het. Daarom dat Driekie Jankowitz (2008) haar boek na aanleiding van haar reis met kanker, die titel kon gee *Kanker – die Genadesiekte*. Die goeie nuus vandag is dat meer mense kanker oorleef, meer mense hulle lewens met vreugde en kwaliteit deurbring en dit ten spyte daarvan dat kanker nog steeds bo aan die lys is as die siekte wat verantwoordelik is vir die meeste sterftes onder mense. Dit is juis die opmerkings van Alberts wat hoop bring, naamlik dat alhoewel, “een uit elke drie mense kanker in een of ander stadium van hulle lewe sal kry”, navorsing aantoon dat tans , “twee uit elke drie pasiënte wat kanker kry, steeds sal leef na vyf jaar” (2012:V).

## 2.8 Die reis as ruimte van ontmoeting

Die HAT (Odendal, 2013:956) verklaar die woord ‘ruimte’ soos volg: “leë plek tussenin”, “plek deur grense bepaal”, en “die onbegerensde waarin alle dinge hulle plek het”. Met ander woorde hierdie verklaring skep die ruimte waarbinne die reisiger kan uitsien na die reis met ‘n verwagting, hierdie verwagting hou in dat daar dinge kan gebeur buite die normale, maar binne perke, omdat dit die ruimte skep vir elke betrokke by die reis om sy of haar plek op te neem en optimaal te funksioneer. Prakties impliseer dit dat die mens geaffekteer deur kanker hom- of haarself binne hierdie reis van die begeleiding en versorging deur die prediking kan vind, wat uiteindelik kan lei na sin en vreugde. Die ruimte waarbinne die reis plaasvind is vol dinamika, daar is voortdurend ‘n wisselwerking tussen die oriëntasie, disoriëntasie en reoriëntasie. Die mens kom die lewe binne met die oriëntasie dat ek is gebore uit die liefdesband tussen my ouers en ek leef uit die genadeverbond wat God tot stand gebring het (Clasen, Bartlett, Carstens & Schoeman, 2007:127).

Brueggemann (Kindle Location, 2002:142) som dit goed op as hy skryf, “Human life consists in satisfied seasons of wellbeing that evoke gratitude for



the constancy of blessing”. Dit is wanneer hierdie lewensbeskouing deur die wreedheid van die werklikhede van hierdie lewe geskud word, dat daar ’n disoriëntasie plaasvind. In die woorde van Brueggemann (Kindle Locations, 2002:139-140) weerklink dit dat, “Human life consists in anguished seasons of hurt, alienation, suffering, and death. These evoke rage, resentment, self-pity, and hatred”. Die teorie en die praktyk klop nie. Aden and Hughes (2002:12) stel dit soos volg dat, “after all, suffering and its concomitant emotions evoke intellectual distress in believers and cause a state of disequilibrium”. Hierdie disoriëntasie moet herstel word, daar moet ’n reoriëntasie plaasvind om die mens wat met kanker reis te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde. Hieroor skryf Brueggemann (Kindle Location, 2002:145-146) die volgende, naamlik, “Human life consists in turns of surprise when we are overwhelmed with the new gifts of God, when joy breaks through the despair. Where there has been only darkness, there is light”.

Die erediens is een van die ruimtes waarbinne hierdie reoriëntasie gefasiliteer kan word, Vos (1997:1) skryf dat “die erediensgebeure wil die erediensganger se innige verlanse na die ontmoeting met die lewende Here wek”. Dit is binne die geloofsgemeenskap waar die mens wat met kanker saamleef versorg en gekoester word. Cilliers (2004:136) beklemtoon die belangrikheid van die geloofsgemeenskap as hy wys op die skerpsinnige formulering van Luther wat lui, “Die Woord van God kan nooit losgemaak word van die volk van God nie”. Die geloofsgemeenskap moet as “’n pilaar en grondslag van die waarheid’ (1 Tim.3:15) sorg neem vir mens wat met kanker saamleef in so ’n mate dat “die oogklappe vir die ruimer, mooier visie op God” (Cilliers, 2004:142) kan wegval. Dus moet die geloofsgemeenskap toesien dat die geleentheid aangegryp word waarvan Hodges en Hulme skryf in die *Readers’ Forum of the Pastoral Psychology*, naamlik:

“Every Sunday we have our chance to help. Without turning the sanctua~y into an aspirin tablet dispensary the Protestant clergyman has a whole hour every week when he deals with his parishoners’ souls and soul problems. If he doesn’t so deal he has not only failed to counsel--but failed to preach, also. For preaching, like effective counseling, is talking with people about our common sins and about the deepest issues of life--heart to heart, face to face” (1952:49).

## 2.9 Die taal van die reis

Taal manifesteer op twee vlakke tydens die prediking, naamlik die skryftaal wat die teks insluit en die spreektaal van die prediker. Volgens Vos (2007:19) “When reading and translating a text from antiquity, the homiletician must consider the strangeness and uniqueness of the alien language landscape and the rules, especially in terms of religious texts and language as mythological language”. Irsigler (2004:13-14) bied ‘n uitgebreide teorie van ‘n ‘mite’ en beklemtoon die karaktertrekke daarvan in sewe punte, naamlik:

- “A myth can be fundamentally described as a narrative mode of expression, which was orally transmitted”.
- “Numinous beings, that is to say a deity or a number of deities, participate in the narrated event”.
- “The event, which is narrated, namely in the form of the myth, normally takes place in circumstances, open to change – that is to say, there is a movement from a position of instability towards a (negative or positive) position of stability”.
- “These events are being told as non-recurring incidents, even when they refer to repetitive events occurring either in nature or in the human world”.
- “The time of the event, as being told in the myth, has an extra-temporal character”.
- “The sphere of the event is in principle not restricted to one single space. It on the other hand, has numinous qualities”.
- “In a functional sense, the myth proclaims basic human experiences against the background of a secret and threatening world”.

Die taal is die medium waardeur die prediking vir die mens geaffekteer deur kanker ‘n wêreld moet skep met hoop op lewensin en lewensvreugde binne ‘n wêreld waar lewensin en lewensvreugde voortdurend geterroriseer word.

## 2.10 Samevatting

Die werklikheid waarbinne ons vandag leef is 'n gebroke werklikheid en hierdie gebrokenheid het die kerk sowel as die teologie aangetas. Die wêreld is vol gewonde en seerkry-mense (Matt.9:36) wat saam met die skepping smag na uitkoms (Rom.8:22). Daarom dat Lischer (1981:13) kan skryf dat:

“Today, most assessments of modern theology have found a common point of departure: the brokenness of theology. Everyone decries the fragmentation of theology – its paralyzing over-specialization, its Babel of terminology, its alienation from the life of the church – but until the pain is great enough, no one does anything about it. Nowhere does this fragmentation impact with greater force and nowhere is the pain felt more deeply than in the church’s preaching”.

Hierdie studie ondersoek juis hoe die potensiaal van die prediking benut kan word om die gewonde en seerkry-mense (die mense wat met kanker saamleef) te begelei na hoop, sin en vreugde. Dit is juis in hierdie verband dat Watermulder skryf (1982:1) “... that Christian preaching can be prepared and delivered in such a way that the personal needs of the hearers are met through the sermon”. Soos reeds genoem is die doelstelling van hierdie studie om 'n bruikbare praktiese preekteorie te ontwikkel wat die prediker in staat sal stel om met die mens wat met kanker saamleef te kommunikeer en te begelei op 'n weg van hoop, sin en oorwinning. Pieterse (2001:27) stel dit duidelik dat:

‘Die reikwydte van die preek strek in gevalle waar daar nooit oor die boodskap nagepraat word nie, haas nie verder as die eie persoonlike lewe nie. Waar daar wel gesprekke is oor die boodskap van die preek nadat dit gelewer is, strek die invloed daarvan op die persoonlike lewe, ook die interpersoonlike vlak en die arbeidsvlak tot by die uitleef van waardes en politieke keuses op samelewingsvlak”.

Hierdie is effe van 'n braak veld as gevolg van die min navorsing wat op hierdie gebied gedoen is. Die prediking as 'n prakties-homiletiese strategie in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef geniet lukraak aandag in die Suid Afrikaanse opset. Die uiteindelijke oogmerk van hierdie studie is om aan te toon dat die prediking as 'n prakties-homiletiese strategie van begeleiding/ versorging onder die leiding van die Heilige Gees, binne die atmosfeer van die erediens en in die teenwoordigheid en samesyn van die geloofsgemeenskap, vir mense wat met kanker saamleef 'n ruimte bied, waar hulle met hoop, sin en oorwinning hulle reis kan voltooi. Vos (2007:21) se verwysing na die homileet (die digter) se taak is aangrypend, hoor: “In the words of the poet, the homiletician is ... the candle maker, the

challenger of darkness, who creates a song from a flame. This is exactly what the homiletician must do – he or she must create a song in darkness”.

## Basisteoretiese perspektiewe

### Hoofstuk 3

Die afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels in die Johannes-evangelie word gebruik as die vertrekpunt vir die identifisering van basisteoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking as begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.

#### 3.1 Inleiding

Venter (1993:247) definieer 'n basisteorie as die ontginning en daarstelling van teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif. Heyns en Pieterse (1990:53) voeg hieraan toe dat die basisteorie is 'n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van daardie vak. Dus die basisteorie vir die prediking as 'n prakties-homiletiese reis vir die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef, behels die interpretasie en vasstelling van die Bybelse norme, waardes en kriteria vir die prediker. Dit sal die prediker instaat stel om deur die prediking die mens geaffekteer deur kanker te begelei en versorg binne die raamwerk van die homiletiek. Die model vir hierdie soort prediking vereis dat vanuit die Skrif navorsing gedoen sal word met die doel om sekere basisteoretiese perspektiewe te identifiseer. Die praktiese teologie handel oor God se handeling en werkswyses deur die bediening van mense aan mense in hierdie wêreld. Dit gee aanleiding tot die vorming van prakties-teologiese vertrekpunte ten opsigte van die praktiese teologie as vak, maar ook vir spesifieke areas van die vak. So kry verskeie basisteoretiese perspektiewe gestalte vir die verskeidenheid van terreine in die praktiese teologie, soos byvoorbeeld vir die prediking in die gemeente. Dit beteken dat daar gewerk, gedink en geworstel word met vrae oor die prediking, soos byvoorbeeld 'Hoe word daar teologies gedink en besin oor die prediking'?

Die basisteorie het 'n bepalende invloed op die ontwikkeling en totstandkoming van die praktykteorie oor hoe die prakties-teologiese handeling binne die praktyk van die gemeente effektief kan funksioneer. Hierdie handeling

sluit dinge in soos die prediking, die pastoraat, die diakonaat, die kategetiek en die liturgiek ensovoorts. Die basisteorie binne 'n bepaalde vakgebied word gevoed deur die interdisiplinêre diskussies met ander teologiese- en nie-teologiese dissiplines, wat lei tot nuwe insigte en bydraes op verskeie terreine, wat ook insluit die sosiale wetenskappe asook empiriese navorsing (vgl. Burger, 1991:32-33). Die doel en funksie van die basisteorie is om die kommunikatiewe prosesse van die praxis in die betrokke studieveld te verstaan, wat die volgende beteken, naamlik: (i) om dit as 'n kritiese teorie te toets, (ii) en te evalueer met (iii) die doel om sekere peilings te maak vir die perspektiewe- en normatiewe komponente van die praktyk-teorie. Dit is ook 'n rigtingwyser vir die kommunikatiewe handeling wat in diens van die evangelie funksioneer. Die praktiese teoloog ontwikkel sy of haar basisteorie vanuit sy of haar teologiese vertrekpunte asook vanuit die meta-teoretiese perspektiewe op die werklikheid wat ondersoek word.

### 3.2 Afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels (Joh.13:1-17:26)

#### 3.2.1 Inleiding

In sy artikel *Die Woord het mens geword: 'n Strukturele uiteensetting van die teologie van die Johannesevangelie* vra Van der Watt die volgende vrae: "Waarom het Johannes sy evangelie geskryf soos hy dit geskryf het?" en "Aan watter dryfkragte is sy unieke en kenmerkende styl en teologiese besinning te danke?" (Van der Watt, 1991:93). Die antwoorde op hierdie vrae sou kon help tot die rekonstruksie van die Johannes-evangelie, asook vir die beter verstaan van die betrokke gemeenskap waarin die evangelie tot stand gekom het. Daar het 'n lang tyd verloop voordat die evangelie werklik tot stand gekom het. Die beskikbaarheid en gebruikmaking van inligting asook die spekulatiewe aard van die rekonstruksies bewys dat die omvang van hierdie problematiek groter is as wat daar gedink word (vgl. Bogart, 1978:81-82; Hengel, 1989:95 en Kysar, 1977:356).

Voordat die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (Joh.13:1-17:26) bespreek word, is dit belangrik om net eers kennis te neem van die huidige navorsing aangaande die Johannes-evangelie. Die Johannese probleem is lank reeds op die agendas van verskeie navorsers (vgl. Ashton, 1986:1-2;

Schnackenburg, 1977:66-67). 'n Oorsig (voëlvlug) oor die nimmereindigende navorsing wat daar reeds gedoen is en steeds gedoen word oor die Johannes-evangelie toon aktiwiteite op drie areas, te wete:

- 3.2.1.1 Die literêre kritiek - hier is twee denkrigtings verteenwoordig: eerstens die navorsers wat van mening is dat die Johannes-evangelie nie verstaan kan word sonder 'n deeglike studie van die historiese samestelling van die evangelie nie, en tweedens dat daar wel navorsers is wat die mening huldig dat die Johannes-evangelie sin maak as 'n literêre eenheid.
- 3.2.1.2 Die historiese kritiek - die aspekte wat hier onder die loep geneem word is aspekte soos die historiese- of godsdienstige benadering van die Johannes-evangelie, die doel van die evangelie, studies wat van redaksioneel-kritiese aard is en navorsing ten opsigte van die geskiedenis van die Johannese gemeenskap.
- 3.2.1.3 Die teologiese kritiek - die teologiese kritiek sny ook na twee kante: aan die een kant is daar die navorsing via teologiese temas soos dit ontwikkel het deur die geskiedenis van die gemeenskap, en aan die ander kant is daar die navorsing wat teologiese temas analiseer, maar sonder enige oorweging van die manier hoe die evangelie tot stand gekom het (Tolmie, 1995:1-4).

Tolmie (1995:3) wys op die redelike konsensus wat daar onder die navorsers heers, ten opsigte van die volgende sake:

- Dat die intellektuele klimaat van die evangelie van Johannes was “located in syncretistic first-century Judaism”.
- Dat die evangelie van Johannes saamgestel is uit die dialoog tussen die Johannese gemeenskape en Judaïsme.
- Dat die geskiedenis van die gemeenskap reflekteer 'n heroriëntasie ten opsigte van denkrigting as gevolg van die verbanning uit die Sinagoge.

- Dat die evangelie van Johannes voltooi is tussen 70-90 AD deur 'n anonieme outeur(s) wat gebruik gemaak het van die bewaarde tradisies van 'n anonieme figuur, “described in the Fourth Gospel as the Beloved Disciple”.

### 3.2.2 Narratiewe kritiek

Die oogmerk van hierdie studie is om aan te toon dat die prediking as 'n prakties-homiletiese reis deur die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13:1-17:26) en saam met die mens wat met kanker leef, 'n bruikbare en praktiese preekteorie daar kan stel om die mens met kanker te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde. In hierdie proses word die 'narratiewe kritiek' nader getrek ten einde die Johannes-evangelie en by name die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels beter te verstaan.

Die eerste keer wat die veld van die narratiewe kritiek betree is, was in die 1970's maar toe was dit uitsluitlik beperk tot die evangelie van Markus. Die term, 'narratiewe kritiek' het al hoe meer begin voorkom as 'n nuwe benadering tot die evangelie van Markus. Die narratiewe kritiek se uitgangspunt is geskoei op die volgende twee veronderstellings: eerstens word die fragmentariese samestelling vervang met die eenheids-beskouing van die evangelie, en tweedens word die klem meer gelê op die narratiewe karakter van die evangelie (Tolmie, 1995:7-8). Die eerste studies wat in hierdie verband gepubliseer was, is die studies van Petersen (1978), waar hy die aspekte van die “story-time and plotted time” in Markus geanaliseer het, en Rhoads en Michie<sup>16</sup> wat op hulle beurt weer 'n detail analise van aspekte soos “the function of the narrator, settings, plot and characters” gedoen het. Dit was eers in die 1980's dat die metode van die narratiewe kritiek op die evangelies van Matteus, Lukas en Johannes toegepas is (Tolmie, 1995:8). Die volgende studies rakende die narratiewe kritiek soos deur Tolmie (1995:9-13) aangehaal, word hier kortliks genoem en bespreek vir die doeleindes van hierdie studie.

---

<sup>16</sup> D. Rhoads & D. Michie, *Mark as Story, An Introduction to the Narrative of a Gospel* (Philadelphia:Fortess) 1982.



Die studies ter sprake is die studies van:

### 3.2.2.1 Wuellner

Wuellner (1981) het die “narratiewe kritiek” toegepas op Joh.11 en hy het grootliks gebruik gemaak van Chatman en Genette se sisteme van rangskikking op ‘n deduktiewe manier om die geldigheid van die “narratiewe kritiek” as benadering tot die Johannes-evangelie te onderstreep. Hy het Joh.11 geanaliseer ten opsigte van die volgende narratiewe aspekte, naamlik “existents, events, macro-structure and plot-typology, the context of the narrative world statements, the process of narration, the narration sequence and the context of narration”. Tolmie (1995:9) stel dit treffend dat Wuellner juis retoriese kritiek gebruik het as ‘n interpretatiewe meganisme om aan te toon dat die Lazarus-narratief geskryf is met die doel om die leser se perspektief te bevestig dat Jesus die Christus is, die Seun van God, asook dat hy of sy deel sal hê aan die ewige lewe op grond van Jesus se naam.

### 3.2.2.2 Culpepper

Culpepper (1987) het die mees “comprehensive narrative analysis of the Fourth Gospel” gepubliseer te wete die *Anatomy of the Fourth Gospel. A study in Literary Design*. Sy analise is gebaseer op die teoretiese raamwerk wat deur Chatman ontwikkel is vir die analisering van die narratiewe struktuur vir fiksie en films. Hierdie model is deur Culpepper aangepas, sodat die inhoud van die narratiewe kommunikasie ten opsigte van die terme soos “events, settings and characters” geplaas is tussen die verteller en die leser.

### 3.2.2.3 Staley

By Staley (1988) het die fokus geval op die retoriese wisselwerking tussen die “implied author and the implied reader”, soveel so dat die leser se respons as kritiek gebruik is vir die teoretiese konteks as ‘n verfyning van die teoretiese verstellings.

#### 3.2.2.4 Du Rand

In sy opstel getiteld *Narratological Perspectives on John 13:1-38*, hanteer hy Joh.13 as 'n literêre fenomeen, waar die klem val op die verhouding tussen die teken en die ontvanger. Hy beklemtoon verskeie aspekte van die teks en lees dit dan op verskillende maniere en dit lei hom na die siening dat Joh.13 'n gestruktureerde narratiewe storie is, dit wil sê Joh.13 word aangebied vanuit 'n ideologiese beskouing, binne 'n sosio-historiese konteks en moet dus gelees word met die gebruikmaking van die retoriese kritiek. Dit wil dan hê dat die “voetewassing” nie net 'n voorbeeld van nederigheid is nie, maar ook 'n visuele, simboliese profetiese daad van openbaring, waar Jesus se liefde vir sy dissipels sigbaar gedemonstreer word.

#### 3.2.2.5 Van Tilborg

Van Tilborg (1993) gebruik weer die “narratiewe” benadering as die antwoord op die vraag: “Op watter wyse kan aan die liefde vorm gegee word in 'n narratiewe konteks in die Johannes-evangelie?”. Die keuse val dan op die biografiese gegewens onder andere:

“the family constellation of Jesus’ family, John the Baptists’ relation with his disciples, Jesus, the relationship of Jesus with his beloved disciple and with his other disciples, the relationships of the disciples with one another, as well as Jesus’ relationships with a number of other men and women”.

#### 3.2.2.6 Samevatting

Uit die bespreking van 'n aantal studies deur verskeie outeurs oor die Johannes-evangelie kan die afleiding gemaak word dat daar 'n lewendige belangstelling in die narratiewe kritiek is. Tolmie (1995:12-13) se verwoording sluit aan by die doel van hierdie navorsing as hy die volgende skryf:

“In this study, I shall attempt to continue and intensify the quest for uncovering the full potential of narrative criticism of the Fourth Gospel. As has been indicated, this analysis will differ from most of the studies on John 13:1-17:26, in that it will be based on the assumption that John 13:1-17:26 makes sense as a literary whole. Although the traditional perspective on John 13:1-17:26 is not disputed, this study will attempt to prove that there is an important perspective on John 13:13-17:26 that is often neglected as a result of the preoccupation with the history of, or certain themes in the text”.

Dit lei tot die volgende afleidings wat ten opsigte van die “narratiewe kritiek” in verband met Joh.13:1-17:26 gemaak kan word:

- die gebeure in hierdie gedeelte, vorm ‘n duidelike verhalende narratief in die Johannes-evangelie,
- dat die gebeure volgens die “implied author” die aand voor die kruisiging van Jesus plaasgevind het en
- dat hierdie ‘n integrale deel vorm van die afskeidsgesprekke van Jesus met die dissipels.

Dus in die woorde van Tolmie (1995:13) het die narratiewe analise van hierdie hoofstukke ten doel “to indicate the way in which the implied author moves the implied reader to accept a particular perspective on discipleship”. Die afskeidsgesprekke van Jesus dien beslis as vertrekpunt in die bepaling van basisteoretiese perspektiewe met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker. Die afskeidsgesprekke het nie in ‘n lugleegte plaasgevind nie, maar:

“was represented to someone, somewhere, at some time, not only as a unified and coherent literary whole but also as a proper and meaningful form of communication with an audience – as an artistic and strategic whole. This is a fundamental aspect of the farewell that the reductional resolution has largely disregarded” (Segovia 1991:48).

Ook Van Tilborg (1993:240) skryf in die verband:

“This implies, to say the least, that there is a difference between the beginning and the end of the narrative; that there are narrative connections between the various episodes; that the place of a particular episode within the story as it is told contributes to the meaning of that episode; that the various and at times extensive speeches of Jesus should not be considered as independent doctrinary tracts from the Johannine school, but as interventions of the narrative’s main character within the setting in which he is situated at that moment”.

### 3.2.3 Die oorsprong van die narratologiese model

Daar is tans ‘n ontploffing in die ontwikkeling van teorieë in die literatuurwêreld. Hierdie ontploffing het ook die veld van die narratiewe teorieë oorspoel en die temas wat ter sprake gekom het, is temas soos die volgende:

- Die anatomie van die teks
- Die onderskeid tussen die storie en die plot
- Die onderskeid tussen verskillende tipes van verhalende stof
- Die belangrikheid van die persepsie in die analisering van tekste.

Die resultaat en wyse waarop outeurs die narratiewe stof verskillend hanteer, het daartoe gelei dat daar heelwat narratologiese modelle ontstaan en ontwikkel het, wat indirek die keuse vir 'n spesifieke model bemoeilik. Die keuse vir hierdie studie is die narratologiese analise waar die “implied author” die “implied reader” begelei om 'n bepaalde perspektief te aanvaar. Daarom is dit belangrik om te verduidelik wat met die “implied author” en die “implied reader” bedoel word.

### 3.2.3.1 Die “implied author”

Die konsep van “Implied reader,” coined by Booth ([1961] 1983) as a counterpart of the implied author (Schmid: → Implied Author), designates the image of the recipient that the author had while writing or, more accurately, the author’s image of the recipient that is fixed and objectified in the text by specific indexical signs. Alternative terms are Prince’s (1973:180) “lecteur virtuel” and Schmid’s ([1973] 1986:23–25) “abstrakter Leser”<sup>17</sup>

Booth (Kindle Locations, 2010:1371-1374) skryf:

“The ‘implied author’ chooses, consciously or unconsciously, what we read; we infer him as an ideal, literary, created version of the real man; he is the sum of his own choices. It is only by distinguishing between the author and his implied image that we can avoid pointless and unverifiable talk about such qualities as ‘sincerity’ or ‘seriousness’ in the author”.

Booth beklemtoon hierdeur dat daar 'n verhouding tussen die “implied author” en die “real author” is, asook die feit dat die “implied author” die normatiewe waardes van die teks beliggaam. Afgesien van die

---

<sup>17</sup> [http://wikis.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php/Implied\\_Author](http://wikis.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php/Implied_Author) - gelees 11/6/2015

aanvaarding van Booth se beskrywing van die “implied author” deur vele outeurs, laat baie van hulle die klem ook op ander aspekte val, soos byvoorbeeld:

- Van Coller (1989) wys dat die verskil tussen die teoretici lê in die resultaat van die leesproses aan die een kant en as die verteenwoordiger van die “real author” in die teks aan die ander kant;
- Chatman (1978) weer in ooreenstemming met teoretici soos Vorster en Staley depersonifiseer die “implied author” en verbind dit met die oorhoofse tekstuele organisasie van die teks (Tolmie, 1995:16). Chatman<sup>18</sup> definieer dan die “implied author” as die organiseringsbeginsel in die teks, wat verantwoordelik is vir die totale organisering van die teks, maar impliseer geensins daarmee wat die doel van die kommunikasie is nie, om die leser ten opsigte van die ontwerp van teks instruksies te gee nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die oogmerke van die “implied author” belangrik, naamlik:

- “To reveal new information to the implied reader, especially with regard to later stages in the unfolding of the story. Most of the information conveyed to the implied reader concerns aspects such as Jesus’ departure and return, the situation after Jesus’ departure and the way in which the situation during Jesus’ absence should be handled.
- To reiterate an ideological perspective on Jesus that has already been presented in John 1:1-12:50. The ideological perspective centres around the notion of the uniqueness of Jesus, the Son of God who was sent to the world and who returns to the Father, and is conveyed

---

<sup>18</sup> Story and Discourse, p. 148. See also the definition in Chatman, *Term*, p. 75: ‘The source of a narrative text’s whole structure of meaning – not only its assertion and denotation but also of its implication, connotation, and ideological nexus – is the implied author’.

forcefully to the implied reader in John 13:1-17:26 by means of a continuous emphasis on Jesus' complete knowledge, love, authority, his provision of salvation and his relationship to the Father.

- To provide the implied reader with a comprehensive ideological perspective on discipleship" (Tolmie, 1995:189).

Tolmie (1995:17) definieer die "implied author as an interpretative construct that is constructed by the reader from the text during the reading process. The implied author is inscribed in the text in various ways, for example by means of linguistic, literary, narrative, rhetorical and other signs" (sien ook Vorster, 1989:21-39).

### 3.2.3.2 Die "implied reader"

Hier is daar velerlei beskrywings van die sogenaamde 'leser' betrokke, soos byvoorbeeld: "the ideal reader, the hypocritical reader, the informed reader, the authorial reader, the intended reader, the super reader, the average reader, the encoded reader and the actual reader" (vgl. Fowler, 1983). Booth (2010) noem die volgende drie eienskappe van die "implied reader", te wete (i) dat die "implied reader" veronderstel dat die outeur die storie opgemaak het, (ii) dat die "implied reader" te kenne gee dat die storie letterlik nie waar is nie en (iii) dat die "implied reader" soos die "implied author" voorgee dat alles waar is en sodoende die goedgeelowige leser skep.

Iser (1974) definieer die "implied reader" in terme van die fenomenologiese perspektief van die leesproses en onderskei drie interafhanklike aspekte van die leesproses, by name (i) die teks "which has layers of determinations and places of indeterminacy (Leerstellen), thus constituting a potential for the production of meaning"; (ii) die leesproses "whereby the reader concretises a cohesive aesthetic object, based on the text"; en (iii) die omstandighede wat "... this process of reader-text interaction" begelei.

Hieruit definieer Isner die “implied reader” soos volg:

“He embodies all those predispositions necessary for a literary work to exercise its effect – predispositions laid down, not by an empirical outside reality, but by the text self. Consequently, the implied reader as a concept has its roots firmly planted in the structure of the text; he is a construct and in no way to be identified with any real reader ... Thus the concept of the implied reader designates a network of response-inviting structures, which impel the reader to grasp the text”.

Eco in sy boek *The Role of the Reader*, verskaf ‘n omvattende benadering ten opsigte van die leser se rol in die teks; volgens hom antisipeer elke teks ‘n moontlike leser aan die een kant, maar aan die ander kant skep elke teks die vaardigheid van die “model reader”. Dit beteken dat die “model reader” is “a textually established set of felicity conditions to be met in order to have a macro speech act fully actualized”. Die teksvlakke is belangrik tydens die analise van die “model reader”, voorbeelde hiervan is “codes en subcodes, discursive structures, narrative structures, actantial structures, ideological structures and world structures” (1979:11).

Volgens Tolmie (1995:21) moet by die oorweging van die keuse van die narratologiese model die volgende aspekte in berekening gebring word:

- dat beide terme (“implied author and implied reader”) gedepersonifiseer en primêr gesien word as inter-tekstuele konsepte en nie as skadubeelde daarvan nie;
- dat beide terme (“implied author and implied reader”) gebruik word in ‘n omvattende sin en dat alle tekstuele aspekte in ag geneem moet word om die twee terme van “implied author and implied reader” in die teks te verstaan;
- dat die narratologiese model maklik hanteer kan word deur ‘n leek wat nie vertrou is met die model nie.

Die drie aspekte sif reeds tussen die bestaande narratiewe modelle om ‘n gepaste keuse vir ‘n spesifieke model moontlik te kan maak. So byvoorbeeld word modelle soos “story grammars” op grond van die derde aspek gediskwalifiseer, en dat die modelle wat uitsluitlik net fokus op sommige

aspekte van die teks soos by Uspensky en Genette op grond van die tweede aspek gediskwalifiseer word. Die keuse vir 'n narratologiese model berus dus uitsluitlik op twee modelle, die model van Chatman aan die een kant en die modelle wat geskoei is op die onderskeidings van die model van Genette soos byvoorbeeld Bal (1981), Rimmon-Kenan (1983) en Brink (1987) aan die ander kant. Genette se drievoudige onderskeiding van “histoire”, “récit” and “narration”<sup>19</sup> staan teenoor Chatman se tweevoudige onderskeiding van “story” en “discourse”. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar aangesluit by die onderskeidings wat deur Genette’s gemaak is (Genette, 1972:71–76), en aangepas is deur Rimmon-Kenan tot die volgende drie aspekte: ‘story’, ‘text’ and ‘narration’ respektiwelik.<sup>20</sup>

### 3.2.4 Model van Rimmon-Kenan

Die keuse val dus op Rimmon-Kenan se narratologiese model as gepaste model vir hierdie studie. Hier volg 'n kort uiteensetting en bespreking van Rimmon-Kenan se narratologiese model. Die indeling van Rimmon-Kenan se model word toegelig onder die volgende opskrifte naamlik: storie, teks en vertelling.

#### 3.2.4.1 Storie

“‘Story’ designates the narrated events, abstracted from their disposition in the text and reconstructed in their chronological order, together with the participants in these events” volgens Rimmon-Kenan (Kindle Location, 2005:115-117). Om die storie van 'n narratiewe teks te volg, is daar twee aspekte wat vorendag kom naamlik die gebeure en die karakters. By die die gebeure word daar onderskeid getref tussen die diep narratiewe struktuur en die oppervlakkige narratiewe struktuur; by eersgenoemde val die klem op die paradigmatische

---

<sup>19</sup> Rimmon-Kenan, Shlomith (2003-12-16). *Narrative Fiction: Contemporary Poetics (New Accents)* (Kindle Locations 113-115). Taylor and Francis. Kindle Edition.

<sup>20</sup> This distinction recalls cognate mappings of the field, like the Formalists’ ‘fabula’ v. ‘sjuzet’ (e.g. Tomashevsky 1965, p. 66), Todorov’s ‘histoire’ v. ‘discours’ (1966, p. 126), Chatman’s ‘story’ v. ‘discourse’ (1978, p. 19), Barthes’s ‘fonctions’, ‘actions’, ‘narration’ (1966, p. 6), and Bal’s ‘histoire’, ‘récit’, ‘texte narratif’ (1977, pp. 4–8). Unfortunately, since many readers of this book may not be familiar with the other classifications, I refrain from comparing them with mine. Rimmon-Kenan, Shlomith (2003-12-16). *Narrative Fiction: Contemporary Poetics (New Accents)* (Kindle Locations 2386-2391). Taylor and Francis. Kindle Edition.



verhouding tussen gebeure en by laasgenoemde val die klem op die sintaksmatige verhoudings tussen gebeure. By die die analisering van karakters is daar twee belangrike kwessies naamlik (i) die manier waarop die karakter gerekonstrueer word vanuit die teks en (ii) die karakter klassifikasie ten opsigte van kompleksiwiteit, ontwikkeling en deurdringingsvermoë.

#### 3.2.4.2 Teks

“Whereas ‘story’ is a succession of events, ‘text’ is a spoken or written discourse which undertakes their telling. Put more simply, the text is what we read” skryf Rimmon-Kenan (Kindle Location, 2005:117-118). Daar is drie tekstuele faktore volgens Rimmon-Kenan wat ‘n rol speel in die analisering van tekste, te wete (i) tyd, (ii) karakterisering en (iii) fokalisering. Die eerste twee word ontleed in verhouding met die storie, waar die laaste geanaliseer word in verhouding tot die vertelling (“narration”). Die volgende aspekte by die analisering van die tyd is belangrik, naamlik orde, tydsduur en frekwensie van die gebeure. By die karakterisering gaan dit oor die vasstelling van deugde en dit geskied op twee wyses naamlik (i) die direkte definiëring deur die teks self en (ii) die indirekte definiëring deur optrede en beskrywing deur die teks.

Die fokalisering gaan daaroor “who sees?” en “who narrates?”, tog is die visuele betekenis van fokalisering te eng en geld Uspensky (1973) se drie fasette van fokalisering by name (i) die perseptuele, (ii) die psigologiese en (iii) ideologiese faset.

#### 3.2.4.3 Vertelling

“Narration can be considered as both real and fictional. In the empirical world, the author is the agent responsible for the production of the narrative and for its communication” verduidelik Rimmon-Kenan (Kindle Location, 2005:121-122). Hier bespreek sy twee aspekte wat van belang is, te wete (i) die vlakke en stemme in die teks aan die een kant en (ii) die manier waarop die “speech” (vertelling) gestalte kry in die

teks aan die ander kant. Dus ten opsigte van (i) sluit Rimmon-Kenan aan by Chatman se diagram wat soos volg vertoon:

**“Real author > Implied author > Narrator > Narratee > Implied reader > Real Reader”.**

### 3.2.5 Verteller en leser (Geadresseerde)

Volgens Rimmon-Kenan is “The narrative level to which the narrator belongs, the extent of his participation in the story, the degree of perceptibility of his role, and finally his reliability are crucial factors in the reader’s understanding of and attitude to the story” (Kindle Location, 2005:1514-1516). Sy verkies om slegs te fokus op die “Narrator and Narratee”. Sy bied ook ‘n tipologie aan tussen die vertellers (“narrators”) en die lesers (“narratees”) gebaseer op die sekere kriteria.

#### 3.2.5.1 Die verteller

- Narratiewe vlak

“A narrator who is, as it were, ‘above’ or superior to the story he narrates is ‘extradiegetic’, like the level of which he is a part”, on the other hand, if the narrator is also a diegetic character in the first narrative told by the extradiegetic narrator, then he is a second-degree, or intradiegetic narrator (Genette, 1972:255–256).

- Mate van deelname in die storie

“Both extradiegetic and intradiegetic narrators can be either absent from or present in the story they narrate. The narrator who does not participate in the story is called ‘heterodiegetic’, whereas the one who takes part in it, at least in some manifestation of his ‘self’, is ‘homodiegetic’” (Genette, 1972:255–256).

- Graad van waarneembaarheid

Chatman (1978:220–252) gebruik hier die volgende terme, naamlik: “This ranges from the maximum of covertness (often mistaken for a

complete absence of a narrator) to the maximum of overtness”.<sup>21</sup> In less pure cases, there are many signs of overtness which Chatman (1978:220–252) lists in mounting order of perceptibility:

- Description of setting:

This relatively minimal sign of a narrator’s presence occurs even in Hemingway.

- Identification of characters:

Statements like ‘Emma Woodhouse, handsome, clever, and rich, with a comfortable home and happy disposition...’

- Temporal summary:

‘Summary presupposes a desire to account for time-passage, to satisfy questions in a narratee’s mind about what has happened in the interval.

- Definition of character:

Whereas an identification of a character implies only the narrator’s prior knowledge about or acquaintance with him, definition also suggests an abstraction, generalization or summing up on the part of the narrator as well as a desire to present such labelling as authoritative characterization.

- Commentary:

Commentary can be either on the story or on the narration. One form of commentary on the story is interpretation, or perhaps judgements and a third type of commentary is generalization.

---

<sup>21</sup> Rimmon-Kenan, however, I include his ‘non-narrated stories’ under the category of covert narration. Booth describes the same phenomena as ‘dramatized’ v. ‘undramatized’ narrators (1961, pp. 151– 3).

- Betroubaarheid

Die vertrekpunt is dat

“A reliable narrator is one whose rendering of the story and commentary on it the reader is supposed to take as an authoritative account of the fictional truth. An unreliable narrator, on the other hand, is one whose rendering of the story and/or commentary on it the reader has reasons to suspect” (Rimmon-Kenan, Kindle Location, 2005:1616-1618).

Samevattend stel Tolmie (1995:57) dit dat volgens Rimmon-Kenan die verteller van die Johannes-evangelie op grond van die volgende kriteria soos volg beskryf kan word, naamlik:

- Ten opsigte van die tydelike verhouding tussen die vertelling en die storie, die handeling van die vertelling in die Johannes-evangelie is dit duidelik dat dit “ulterior narration” is, dit wil sê dat die dokumentering plaasgevind het na die gebeure.
- Ten opsigte van die narratiewe vlak en die mate van deelname in die verhaal is die verteller geklassifiseer as “extradiegetic heterodiegetic” verteller, dit wil sê die verteller is buite die verhaal en was nooit regtig deel van die betrokke narratief nie.
- Ten opsigte van die graad van toeganklikheid in die verhaal, kan die verteller geklassifiseer word as hoogs toeganklik (vgl. ook Culpepper, 1983:47).

### 3.2.5.2 Die geadresseerde/aangesprokene (“narratee”)

Die “narratee” word volgens Rimmon-Kenan (Kindle Location, 2005: 1677-1692) gedefinieer as “the agent addressed by the narrator”; sy behou dieselfde kriteria as by die verteller, naamlik:

- Narratiewe vlak

“Using narrative level as a criterion, we can distinguish between a narratee who is ‘above’ the first narrative, i.e. extradiegetic, and one who is also a character within the first narrative, i.e. intradiegetic”.

- Mate van deelname in die storie

“Taking the second criterion, i.e. participation in the story, we can distinguish between those narratees who play a part in the events narrated to them (e.g. Mme de Merteuil, Valmont, or Cécile in *Les liaisons dangereuses*) and those who do not (e.g. the psychiatrist in *Portnoy’s Complaint*)”.

- Die graad van waarneembaarheid

“Like narrators, narratees can be either covert or overt. A covert narratee is no more than the silent addressee of the narrator, whereas an overt one can be made perceptible through the narrator’s inferences of his possible answers (Camus, *La Chute*, 1956), the narratee’s actual answers or comments (the pilgrims in *The Canterbury Tales*), or his actions (*Les liaisons dangereuses*)”.

- Betroubaarheid

“As Chatman has shown not only the narrator but the narratee as well can be either reliable or unreliable. The extra-diegetic narratee (parallel to or identical with the implied reader) is granted reliability, without which his status as distinct from the real reader would be meaningless. Intradiegetic narratees, on the other hand, can be unreliable, and hence the butt of the irony shared by the implied author and reader. This happens ‘when the values of the implied reader evoked by the implied author are at odds with those of the narratee evoked by the narrator’ (1978:260–261)”.

Die geadresseerde word soos volg binne die Johannes-evangelie geklassifiseer: (i) op die narratiewe vlak en die mate van deelname word

die geadresseerde geklassifiseer as “extradiegetic, heterodiegetic narratee”; (ii) en ten opsigte van die graad van waarneembaarheid word die geadresseerde slegs twee keer direk aangespreek in die evangelie te wete in Joh.19:35 en Joh.20:31. In beide gevalle is dit duidelik dat die geadresseerde gereken word as “a pluralised entity, forming a social group” (Culpepper, 1983:212).

### 3.2.5.3 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde bespreking rakende die vertelling (“narration”) van Joh.13:1-17:26 is die volgende opmerkings belangrik:

- Dat die identiteit van die skrywer van die Johannes-evangelie nie met absolute sekerheid bepaal kan word nie. Die dissipel vir wie Jesus lief was, word beskou as die waarborg en die beskermer van die tradisie van die Johannese gemeenskap waaruit die Johannes-evangelie tot stand gekom het.
- Die leesproses wat in hierdie studie gevolg word, oorheers word deur die sinkroniese benadering wat getipeer word as ‘n narratologiese lees.
- Dat die Johannese gemeenskap die eerste “real readers” van die Johannes-evangelie was. Die evangelie het binne hierdie sosio-historiese gemeenskap ontwikkel en funksioneer.
- Die “implied author” word gedefinieer as die oorhoofse organisasie van die teks in die Johannes-evangelie.
- Die “implied reader” is van belang vir sy of haar tydelike kwaliteit. Die verhouding tussen die “implied author” en die “implied reader” kan beskryf word as ‘n proses waar die “implied author” die “implied reader” begelei in ‘n diepere geloof in Jesus Christus, die seun van God.
- Die verteller van die Johannes-evangelie staan buite die teks en maak gebruik van “ulterior” vertelling, dit wil sê ‘n vertelling van gebeure nadat dit gebeur het.

- Die geadresseerde in die Johannes-evangelie se teenwoordigheid word egter eers teen die einde van die evangelie sigbaar en word gereken as meervoudige entiteit en bestaan as 'n sosiale groep.

### 3.3 Afskeidsgesprekke in die algemeen

#### 3.3.1 Inleiding

Hier volg 'n aantal opmerkings oor die teks, Vos (1996:4) skryf dat, "n teks meer is as die som van sy woorde of sinne. 'n Teks is 'n betekenisvolle geheel". Geskrewe tekste bestaan uit 'n aantal sinne wat 'n samehang het, hierdie samehang is op drie vlakke georganiseer, naamlik:

- dat tekste deur 'n tematiese gekenmerk word, wat beteken dat die teks een tema of 'n aantal verwante temas bevat,
- dat 'n teks 'n tematiese eenheid is wat deur grammatikale konstruksies uitgedruk word en
- dat tekste herkenbaar is omdat tekste iewers ophou, want 'n brief of 'n boek het 'n laaste bladsy.

'n Sin in die teks funksioneer binne die kommunikatiewe struktuur van 'n teks, terwyl die verwysing van die hele teks gerig is op een of ander werklikheid buite die teks in die leefwêreld van die leser. Hierdie verwysing van die teks na ten minste een aspek van die leser se wêreld staan bekend as die 'betekenis' van die teks. Die navorser vestig sy hoop daarop om die betekenis van die afskeidsgesprekke van Jesus in die lees en uitlegproses te ontsluit (vgl. Jeanrond, 1991:85). Dit wil sê ten diepste gaan dit daarom dat die teks die leser moet uitlê, wat beteken dat die leser moet deur die teks gegryp word. Dit is die doel van eksegeese om die oerchristelike tekste soos dit ontvang is te verstaan (vgl. Breytenbach, 1995:8-9).

Die afskeidsgesprek per se is 'n belangrike deel van die mens se daaglikse lewe en omgang met mense. Die mens word elke dag met 'afskied' gekonfronteer; dit word dalk nie altyd so beleef nie, maar die realiteit is dat wanneer jy iemand groet na 'n ontmoeting, of vertrek om te gaan werk, of

vertrek om op reis te gaan, word daar afskeid geneem. In die HAT (Odendal, 2013:27) word afskeid as selfstandige naamwoord verklaar as die handeling van vertrek of as 'n funksie wanneer iemand weggaan. Afskeid kan in Engels vertaal word met "goodbye" (Pharos, 2011:19), maar as dit terug vertaal word in Afrikaans verander dit na 'gaan jou goed' (Pharos, 2011:669); hierin lê 'n besondere betekenis vir die woord afskeid. Dit is asof daar iets van 'n reis in die woorde 'gaan jou goed' veronderstel word. Die afskeidsgesprek van Jesus met sy dissipels as reis wil iets meer sê oor Sy weggaan, asook iets wat wyer strek as slegs die term afskeid (vgl. Baldich, 1990:218-219).

Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels weerspieël iets besonders en is gelaai met al die elemente wat nodig is vir 'n betekenisvolle reis saam met die een wat afskeid neem. Afskeid is die selfstandige naamwoord wat afgelei word van die werkwoord 'afskei', wat die volgende kan beteken, naamlik (i) laat vrykom en (ii) losmaak (Odendal, 2005:27). In hierdie woorde is dit wat in die betekenis opval, dat dit handelingswoorde is, dit wil sê hier is aksie. Dit is nie 'n statiese oomblik nie, maar daar is beweging en dit dui op interaksie tussen die betrokkenes. Du Rand (1979:11) maak 'n aantal tersaaklike opmerkings oor hoe die uitleg van die afskeidsgesprekke (Joh.13:1 – 17:6) aangepak kan word, naamlik:

- Dat die nuwere taalkunde en veral die semantiek of betekenisleer het op metodologiese terrein nuwe wêreld vir die skrifuitlegger geopen. Daarom is gepoog om erns te maak met die bevindinge van die semantiek van die Nuwe-Testamentiese Grieks.
- Om die Nuwe-Testamentiese Grieks te verstaan is 'n oorbrugging nodig, dit wil sê dit wat in eietydse taal, begrippe en wêreldbeeld ongeveer tweeduisend jaar gelede gegiet is, moet vertaal, verduidelik en verstaanbaar uitgelê word vir vandag binne die sfeer van ons eie taal, begrippe en wêreldbeeld.
- Die skrifuitlegger moet daarom gebruik maak van die effektiwste metodes waarvoor hy of sy beskik om die doel te bereik.



- Die nuwere taalkunde het 'n arsenaal metodologiese perspektiewe in die hand van die eksegeet gelê, en een daarvan is om die teks binne sy breër verband te lees, te ontleed en te verstaan. Ook die verband dra by tot die betekenis van elke afsonderlike vers.

Om dit te motiveer, moet gevra word na die bedoeling wat in die skrywer se gedagtes geleef het toe hy sy sin neergeskryf het. Wat wou hy tuisbring by sy lesers? En al wat ons vandag besit, is die oppervlaktestruktuur wat die skrywer nagelaat het en daarom moet hierdie oppervlaktestruktuur so ontleed word om ook die diepere bedoeling van die skrywer te probeer peil.

### 3.3.2 Struktuur van afskeidsgesprekke

Die struktuele elemente van die afskeidsgesprek soos gedefinieer deur Zorrilla (1995:74-84), kom binne die afskeidsgesprek van Jesus (Joh.13:1-17:26) voor en dit lyk soos volg, naamlik:

- “Setting—He who is leaving or will die calls his own so that they are together before the separation (Joh.13:4, 5; 17:9).
- Memory—Experiences lived with the children or the disciples are remembered (Joh.13:33; 14:9, 25, 26; 15:14, 15).
- Exhortation—The departing one calls for love and loyalty (Joh.13:14, 34, 35; 15:4, 5).
- Admonition—Before the danger, now that they are alone an admonition is given (Joh.16:1-4).
- Transfer—Powers for the entrusted task are given (Joh.14:16-20; 16:7; 17:18). {78}
- Expectations—Expressions of hope in the promises of God are made (Joh.14:3; 15; 17:24)”.<sup>22</sup>

---

<sup>22</sup> Lees ook Segovia, *Farewell 5-20*, reviews the various analyses of the genre of ‘Farewell Type-Scenes and their Motifs’. As a genre or type, farewell discourses are structured to convey: (1) an announcement of

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die afskeidsgesprek 'n dinamiese geleentheid is, waartydens die betrokkenes hulle kele kan skoonmaak ten opsigte van onafgehandelde take met die oogmerk om waarde toe te voeg aan die lewe van elkeen wat betrokke is.

### 3.3.3 Voorbeelde van afskeidsgesprekke in die Bybel

Die hou van afskeidsgesprekke kom 'n redelike lang pad saam met die mens en sy bestaan. Dit het dikwels voorgekom waar die leier of die hoof van 'n spesifieke stam, volk of familie die einde van sy lewe genader het. In so geval is die volgelinge of die familie van die betrokke persoon nader geroep en is die geleentheid gebruik om hulle in te lig oor hoe dinge verder gaan verloop en hoe die belange van die betrokke persoon hanteer moet word. Hierdie afskeidsgesprek kan vergelyk word met 'n testament. Die meeste literatuur wys ook daarop dat afskeidsgesprekke deel was van die menslike bestaan en dat dit in die Bybelse- sowel as buite-Bybelse literatuur voorgekom het. Tydens hierdie afskeidsgesprek is die nodige handeling, wense, en opdragte uitgestippel vir hulle wat agterbly. Voorbeelde van afskeidsgesprekke in die Bybel is die van Isak (Gen.27), Jakob (Gen.47:29--49:33), Moses (Deut.31-33), Joshua (Jos.23--24), Samuel (1 Sam 12) en David (1 Kron.28--29). In die buite-Bybelse literatuur is daar die voorbeelde van "Tobit (Tobit 14:3-11), Noah (Jubilees 10), Abraham (Jubilees 20--22), Rebecca (Jubilees 35), Isaac (Jubilees 36), Enoch (1 Enoch 91), Ezra (2 Esdras 14:28-36), Baruch (2 Apocalypse of Baruch 77) and the twelve sons of Jacob (Testament of the Twelve Patriarchs)".

Die manier waarop die afskeidsgesprekke hanteer en gestruktureer was, is geskoei op die materiaal en tradisie wat in die Ou Testament van die Bybel ontstaan het. Vervolgens word daar gekyk na die afskeidsgesprekke van onder andere drie Ou Testamentiese figure, naamlik:

---

imminent departure, (2) comfort for those being left behind, (3) recounting blessings, (4) exhortation to keep commandments, (5) a look to the future, (6) a possible choice of a successor.

### 3.3.3.1 Jakob (Gen.49)

Oproep tot 'n samekoms met die oog daarop om iets bekend te maak (Gen.49:1), die Hebreeuse woord “qârâ” (אָרָא) word gebruik met die grondbetekenis van “enunciation of specific vocable or message. In the case of the latter usage it is customarily addressed to a specific recipient and is intended to elicit a specific response” (Harris, Archer, & Waltke, 1980:810).

Toe Jakob besef het sy einde is naby het hy sy seuns laat kom en met hulle gepraat oor wat aan die gebeur is. Jakob het met elke seun persoonlik gepraat oor sy opdragte aan hulle asook sy seënwense vir hulle. In hierdie gesprek was Jakob eerlik en opreg en hy het geen doekies met sy seuns omgedraai nie, dit wil sê hy was reguit en op die man af. Van Selms (1973:273) skryf hieroor die volgende, “Aan laaste woorde werd en word dikwyls bijzonder belang gehecht” (vergelyk Deut.33; II Sam.23:1), die rede is nie soseer omdat daar in daardie tyd profetiese magte aan die persoon toegeken is nie, maar eerder omdat die dood wat sou volg onvermydelik is (Van Selms, 1973:273). Dan volg daar instruksies (Gen.49:29), die Hebreeuse woord “šâwâ” (צוה) met die betekenis van “a command used for instruction of a father to a son, a king to his servants” (Harris, Archer, & Waltke, 1980:757). Hierna het Jakob gesterf (Gen.49:33).

### 3.3.3.2 Dawid (1 Kron. 28-29)

Oproep tot 'n samekoms met die oog daarop dat Dawid al die owerstes van Israel, die stamowerstes en die owerstes van die afdelings wat in die koning se diens was, en die owerstes oor duisend en die owerstes oor honderd en die owerstes oor al die besittings en vee van die koning en sy seuns, saam met die hofdienaars en die helde en elke dapper man in Jerusalem sou inlig oor hoe dinge rakende die tempelbou en koningskap gaan verloop (1 Kron.28:1). Die instruksies van God word bekend gemaak. In hierdie geval is die gesprek nie so maklik nie, want Dawid moet (i) bekend maak dat God hom nie gaan toelaat om die tempel te bou nie, maar sy seun Salomo (1 Kron.28:2) en (ii) dat

Salomo ook sy plek inneem as die nuwe koning van Israel (1 Kron.28:5). Dan volg daar 'n stuk dapperheid en waardering van Dawid wat hom uniek en geliefd maak in die oë van die Here. Dawid is nie verbitterd nie, hy bly hom verheug in die Here en roep die res van die volk sowel as Salomo op om op God te vertrou. En hierna het Dawid op 'n goeie ouderdom gesterf.

### 3.3.3.3 Josua (Jos.23-24)

Ook 'n oproep tot 'n samekoms aangesien Josua alreeds oud was (Jos.23:2); in die woorde van Soggin (1972:219) "he addresses all Israel who have gathered together to hear his last words, his spiritual testament". Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir roep is dieselfde woord as by Jakob, naamlik "qârâ" (קרא) en word gebruik met die grondbetekenis van "enunciation of specific vocable or message" (Harris, Archer, & Waltke, 1980:810). Hierna volg die instruksies, die eie karakter en woordgebruik is uniek en dit onderskei die verskillende outeurs van mekaar. Die opvallende by Josua is die gebruik van die woord "râ'âh" (ראה) (Jos.23:3), omdat die woord se metaforiese betekenis verrykend is, word dit kortliks hier genoem, naamlik (i) "designates the saving, understanding and believing of the Word of God", (ii) "the sense of the act of acceptance, especially on the part of God", (iii) "another sense is to provide, usually of God's provision", (iv) "to have respect to especially of God in acting with mercy" and (v) special importance is that the word is employed far more than any other word for the act of an authentic prophet" (Harris, Archer, & Waltke, 1980:823). Dan volg daar 'n gesprek oor die pad waarlangs die Here met Israel besig was en waarmee Josua die Israeliete wil bemoedig dat God na hulle omsien. Hierna het Josua gesterf.

### 3.3.4 Gevolgtrekking

Afskeidsgesprekke vertoon die volgende kenmerke, naamlik:

- Daar word 'n geleentheid (“a setting”) geskep waar die persoon, wat in die proses is van die naderende dood, saam met sy mense kan verkeer om dit wat die toekoms inhou volledig met die belanghebbendes deur te praat om sodoende rustigheid te bewerkstellig..
- Tydens hierdie geleentheid gebruik die persoon wat in die proses is om te sterf sy herinneringsvermoë (“the memory”), om die belanghebbendes se gedagtes lewend te hou vir die pad wat voorlê. Daar word teruggekyk en beklemtoon dat in dit wat agter lê is daar sin en betekenis, en op grond hiervan word die hoop gebou vir dit wat voorlê in die toekoms. Hierdie herinnering uit die verlede help om koers te hou en by te bly met die veranderinge van die hede.
- Tydens hierdie byeenkoms word daar ernstig in 'n positiewe trant met die belanghebbendes gepraat (“the exhortation”). Die gesprek is intiem en het net betrekking op hulle wat teenwoordig is. Die beklemtoning van die moeilike tye wat kan volg, hierdie tye wat hulle uitmekaar kan laat spat, is die rede vir die oproep om na mekaar om te sien en mekaar te versorg. Dit sal die bevestiging wees van hulle lojaliteit en liefde teenoor mekaar.
- Maar om ernstig met die belanghebbendes te praat hou ook in dat die negatiewe aangespreek moet word (“an admonition”). Die wat agterbly gaan beslis moeilike tye beleef, en daarvoor moet hulle bemagtig word. Dit gebeur deurdat die persoon wat in die proses van die naderende dood leef, die belanghebbendes oproep om opmerkzaam te wees vir dit wat negatief en verwoestend kan inwerk op hulle verhoudings onderling.
- Hierdie geleentheid is ook daar vir die oordrag (“the transfer”), want as gevolg van dit wat aan die gebeur is kom daar verandering in die funksies en pligte van die belanghebbendes. Die persoon wat in die proses van die naderende dood lewe moet losmaak en oorgee, sodat

hulle wat agterbly, kan oorneem en voortgaan. Hierdie oordrag kan insluit die oordra van roerende- en nie-roerende goedere, wense en laaste versoeke deur die persoon wat in die proses is om te sterf, met die oog op troos, duidelikheid en verantwoordelikhede op hand.

- Tydens hierdie laaste oomblik, vervul die verwagting (“the expectations”) ‘n tweeledige funksie: aan die een kant dat die persoon wat oppad is om te sterf ervaar dat daar aan die verwagtings voldoen is, en aan die ander kant dat die belanghebbendes wat agterbly ernstig sal wees om die verwagtings wat in die vooruitsig gestel is deur te voer. Hierdie samevatting van die geleentheid is om die ‘heilige grond’ te betree, daar waar God aan die werk is en dat die persoon in vrede kan sterf en die wat agterbly in vrede kan gaan (vgl. Brown, 1970:598-601; Talbert, 1992:200-202).

### 3.4 Jesus se afskeidsgesprekke met sy dissipels

#### 3.4.1 Inleiding

Die evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes se hoofdoel was om die geskiedenis van Jesus se bediening aan die mense en sy menswees in hierdie wêreld op te teken. Die eerste drie evangelies te wete Matteus, Markus en Lukas se inhoud vertoon opvallende ooreenkomste ten opsigte van taalgebruik, skryfstyl en die soort en volgorde van die insidente wat opgeteken is. Die evangelie van Johannes vertoon op sy beurt ‘n unieke en eie karakter ten opsigte van die taalgebruik, skryfstyl en die soort en volgorde van insidente wat opgeteken is (Verklarende Bybel 1983:110). Stevic (Kindle Locations, 2011:122-123) wys daarop dat die afskeidsgesprekke van Jesus ‘n strategiese plek inneem in die ontwerp van die Johannes-evangelie. Die Johannes-evangelie bestaan uit twee groot dele, die eerste staan bekend as die “Book of Signs” (Joh.1-12) en die tweede staan bekend as die “Book of Glory” (Joh.13-17)<sup>23</sup>. Die benaming van die twee gedeeltes is as gevolg van

---

<sup>23</sup> Dodd called the second large portion of this Gospel "The Book of the Passion." Yet of its nine chapters, five (13-17) are the "Farewell" events, discourses and prayer; and two (20-21) tell of the resurrection. Only two (18-r9) are devoted specifically to the Passion. Moreover, the term "passion" (or "suffering") seems more appropriate to the story of Jesus' trial and crucifixion as it is told in the Synoptic Gospels. Raymond Brown, in

die unieke soort woordeskat wat in die Johannes-evangelie gebruik word, lees ook Stevic se opmerking hieroor (Kindle Locations, 2011:5443-5445).

Die volgende onderskeiding verduidelik dit goed:

“When the Synoptic Gospels speak of Jesus' miracles, they use the term *dynamis*, acts of power. Jesus' "mighty works" - principally of healing - were demonstrations of the inbreaking reign of God. In the Fourth Gospel, however, Jesus' miracles are referred to as "signs;" *semeia* - a term that identifies their revelatory significance” (Stevic, Kindle Locations, 2011:124-126).

Die wyse waarop Jesus die dissipels gebruik verskil ook; in die Sinoptiese evangelies word hulle uitgestuur en gebruik om die koninkryk van God op te bou; in die Johannes-evangelie is die dissipels niks meer as net "extras" op die toneel, want “throughout the Book of Signs, the disciples do little, and nothing is spoken to them privately” (Stevic, Kindle Locations, 2011:128-129). In die tweede deel van die Johannes-evangelie, die sogenaamde “Book of Glory” verduidelik Stevic (Kindle Locations, 2011:139-144) sy opmerking dat:

“this title may seem a poor choice for the portion of the story of Jesus that centers on his crucifixion, but it derives from the vocabulary of the Fourth Gospel itself. The writer does not see Jesus' trial and death in terms of suffering and loss; rather, Jesus meets cruelty as a commanding figure; his dying is the climactic act of his mission; it is his passage to the Father, his "glorification." In the johannine view, Jesus' glory does not follow after his crucifixion and, in effect, overturn it; rather, paradoxically, his glory is exhibited in his death. ‘The Book of Glory’ as a title for the second half of the Fourth Gospel is in keeping with the author's understanding of Jesus and his cross”.

Die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13:1–17:26) kan kortliks soos volg saamgevat word:

“Jesus' meal with his disciples is marked by two incidents: Jesus washes his disciples' feet (13:1-20), and he dismisses Judas (13:21-30). Then, as though the departure of Judas released a flow of speech, Jesus speaks virtually continuously from 13:31 through chapter 16. The disciples ask questions at the opening and they comment again toward the close, but Jesus is in command of the flow of ideas throughout. His speech concludes with his extended prayer in chapter 17” (Stevic, Kindle Locations 2011:147-149) .

### 3.4.2 Johannes-evangelie een van vier evangelies

In hierdie inleidende opmerkings sal gepoog word om aan te toon dat die evangelie van Johannes, alhoewel dit saam met die ander evangelies Matteus, Markus en Lukas bekend staan as ‘Sinoptiese Evangelies’

---

his influential Anchor Bible commentary (New York: Doubleday, 1970), has called chapters 13-21 "The Book of Glory." The designation is widely followed.

(Groenewald, 1980:1), verskil dit inderdaad heelwat van die ander evangelies. Waetjen (2005:xiii) bevestig dit as hy skryf dat, “The Gospel according to John is a narrative world artistically constructed by an immensely creative and powerful storyteller”. Die term ‘evangelie’ word in die HAT soos volg gedefinieer: (i) die blye boodskap, (ii) die geskrewe verhaal omtrent Christus opgeteken in die eerste vier boeke van die Nuwe Testament en (iii) die figuurlike gebruik van ontwyfelbare waarheid (Odendal, 2005:226). Volgens Gaum (2008:328) kan evangelie ook beteken ‘goeie nuus en verwys na die goeie nuus van God se verlossing in Jesus Christus’.

Köstenberger (Kindle Locations, 2002:546-548) verduidelik dit so dat “the Greek word for gospel is ‘euangelion’, which means “good news.” Hy verwys ook na die “Hebrew basar, “bear (good) tidings,” wat dikwels in die Ou Testament gevind word soos byvoorbeeld in Ps.95:1; 40:9 en 52:7. Die manier waarop daar verwys word na die evangelie is interessant, want Jesus verwys daarna as die evangelie van die koninkryk van God; gelowiges gebruik die term die goeie nuus van verlossing in Jesus Christus en Markus begin sy boek met ‘die begin van die evangelie van Jesus Christus as die Seun van God’. Van Zyl (2008:328-329) stel dit so in die *Christelike Kern-Ensiklopedie* dat met ‘alles in ag genome is die evangelies verkondigende geskiedvertellings”, dit wil sê ‘hulle verkondig, dat Jesus Christus die Seun van God is’, asook dat ‘die verkondiging verweef met die historiese kernmomente van Jees se lewe’ is. Die belangrike is dat die evangelies verskillende perspektiewe ten opsigte van verhale is, en met al die elemente daarvan, naamlik:

- ‘n Hoofkarakter
- ‘n Bepaalde milieu en
- ‘n Verhaal-plot.

Dus vertoon elkeen van die vier evangelies afsonderlik ‘n eie karakter wat eie is aan daardie betrokke evangelis. Matteus, Markus en Lukas vertoon egter soveel opvallende ooreenkomste ten opsigte van hulle taalgebruik, die inhoud wat opgeteken is asook die keuses rondom insidente, dat hulle saam-



gegroepeer word en bekend staan as die Sinoptiese Evangelies (Groenewald, 1980). Hierteenoor staan die evangelie van Johannes met 'n kenmerkende eie karakter en styl ten opsigte van die taal en inhoud. Die andersheid van die taalgebruik en die skryfstyl van Johannes is onmiddellik sigbaar. Dit wat Groenewald (1980:1-2) uitlig is die volgende:

- In Johannes is daar minder beweging van Jesus as in die ander evangelies;
- Die teenstellings soos lig en donker, lewe en dood, lyding en heerlikheid, sterwe en opstanding en tyd en ewigheid, wat Johannes gebruik, is opvallend;
- Die uitsprake oor die Heilige Gees wat sal kom en die werk van Jesus sal voortsit word net in Johannes hanteer.

Ook Waetjen (2005:xii) maak soortgelyke opmerkings oor die andersheid van die Johannes-evangelie, naamlik:

“Its narrative structure does not necessarily correspond to the historical progression of events in the public career of Jesus of Nazareth, if in fact, such a construction were possible. It is not a documentary record of the past, and therefore its orientation is neither historical nor mimetic. Accordingly, its truth cannot be validated by historical inquiry or literary criticism; its truth validates itself in the process of reading and its attendant production or meaning”.

Culpepper (1987:4) soos aangehaal deur Waetjen (2005:xiv) stel dit ook so:

“As one reads the gospel, the voice of the narrator introduces the narrative world of the text, its characters, values, norms, conflicts, and the events which constitute the plot of the story. The narrator conveys the author's perspective to the reader and sends signals which establish expectations, distance and intimacy, and powerfully affect the reader's sense of identification and involvement. The narrator's claims and the norms of the story woo, beckon, and challenge the reader to believe that the story, its narrative world, and its central character reveal something profoundly true about the 'real' world in which the reader lives”.

Burden en Deist (1986:226) wys daarop dat alhoewel die vier evangelies die historiese verhaal van Jesus se lewe en sy werk vertel, verskil die evangelie van Johannes van die ander drie in die volgende opsigte:

- Johannes vertel nie die geboorte verhaal van Jesus nie;
- Jerusalem staan vir Johannes sentraal, daar word vertel dat Jesus driemaal Jerusalem besoek het;

- Daar is ook verhale soos byvoorbeeld die gesprekke met Nikodemus (Joh.3:1-21), wat nie in die ander evangelies opgeteken is nie;
- Daar is geen gelykenisse van Jesus in Johannes nie, maar wel van sy vergelykings, soos “Ek is die wynstok” (Joh.15:1).

Die evangelie van Johannes staan so bietjie apart van die ander drie evangelies as gevolg van sy benadering, maar tog is daar ook ooreenkomste soos die optrede van Johannes die Doper (Joh.1:19-28); die spysiging van die 5000 (Joh.6:1-15). Die woordeskat is beperk, die segging is direk en eenvoudig en daar is heelwat herhaling. Die eenvoud dien om die diep-sinnigheid van gedagtes tot uitdrukking te bring anders as by die ander drie evangelies. Die andersheid van die evangelie van Johannes is dat die gebeurtenisse ondergeskik is aan die gesprekke van Jesus. Die betekenis van die gebeurtenisse is belangrik en hierdie betekenis word telkens deur Jesus in lang gesprekke verklaar en uitgelê. Die verduideliking van die verhouding tussen die Vader en Jesus is nog 'n kenmerk wat die Johannes-evangelie onderskei van die ander evangelies.

Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels is vol simboliek, ryk aan betekenis vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef. In hierdie gesprek is daar 'n dinamika teenwoordig wat met goeie gevolg kan lei tot 'n verandering van denke in die uitkyk van die mens wat met kanker saamleef, sodat die oorgang van 'n somber en negatiewe lewensingesteldheid as gevolg van die kanker, verander kan word na 'n nuwe manier van lewe wat sin maak en betekenis het. Ridderbos (Kindle Locations, 1997:444-446) maak 'n belangrike opmerking oor die skrywers van die evangelies te wete Matteus, Markus, Lukas en Johannes, naamlik:

“It is true of all the Evangelists that they are not merely tradents but "Evangelists" in the full sense of the word — concerned not just to transmit historical information about Jesus but above all to initiate and strengthen "faith in his name" and each in his own way to shape the redaction of their materials with this in mind”.

### 3.4.3 Jesus se afskeidsgesprek in die Johannes-evangelie

Stevick (Kindle Locations, 2011:33-37) se opmerking het betrekking, naamlik:

“a number of book-length works on Jesus' Farewell were published in the late nineteenth and early twentieth centuries. The passage attracted interpreters, and they wrote on it, often eloquently. But these older works (as far as I am aware of them) were innocent of biblical criticism. Chapters 13-17 of the Fourth Gospel were taken to be as spoken by Jesus and were especially valued because they gave the reader the Christology of Christ himself. When one looks at these books today, it is difficult to sort out their often valuable literary and theological insights from their critical naivete”.

Binne die afskeidsgesprekke van Jesus maak Stevick (Kindle Locations, 2011:39-44) die opmerking dat in hierdie Bybelse literatuur wat wissel tussen eenvoudigheid en kompleksiteit daar drie vlakke is wat onderskei kan word binne die leesproses, naamlik:

- eerstens is daar 'n basiese vlak waar, “the acts and words of the Jesus of the Gospel narrative, how he interacts with others, what he says about himself, his followers and his mission, about the past and the future”, duidelik is;
- tweedens is daar 'n tweede vlak waar die “story of Jesus everywhere overlies the subtext of the history and the faith of the first-century church” en
- derdens is daar 'n derde vlak in die teks waar “the engagement between the Gospel and its present-day readers” plaasvind.

Die opmerking van David Holwerda (Kindle Location, 2008:4127-4130) in *The New Interpreters Handbook of Preaching*, dat:

“The Gospel of John confronts the preacher with a fascinating combination of simplicity and mystery. The mystery lies in the depth created by the Word become flesh. The preacher must recognize that the descent into its depth is a call to faith in the astonishing richness of Jesus' identity and mission”

het beslis waarde vir hierdie studie.

Dit is hierdie kombinasie van eenvoud en misterie wat Morris (Kindle Location, 1995:398) ook die opmerking laat maak dat die Johannes-evangelie is soos, “a pool in which a child may wade and an elephant can swim. It is both simple and profound. It is for the veriest beginner in the faith and for the mature Christian. Its appeal is immediate and never failing”.

#### 3.4.4 Die genre van die afskeidsgesprekke van Jesus

Volgens De Klerk (2005:19) onderskei die literatuurkunde verskillende genres en dit word algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het. Die meeste van hierdie genres kom in die Bybel voor en in sekere gevalle kan sommige boeke as 'n spesifieke genre getipeer word. Vos (2005:51) maak ook die opmerking in sy boek *Theopoetry in the Psalms* dat “The literary genre refers to the type of text a writer/psalmist has used and contains inherent clues on how the content should be interpreted. Every genre uses particular textual strategies for communication with the reader or listener”. Du Toit (1980:1) is van mening dat daar op die gebied van die verskillende literatuursoorte in die Bybel heelwat saaklike en terminologiese verwarring bestaan. Hy wys daarop dat daar nie algemeen-aanvaarde benamings vir die onderskeiding van die meer uitgebreide van die kleineres bestaan nie. Die Duitse benaming “Gattung” word wel soms as aanduiding van die meer uitgebreide literatuursoorte en die woord “Form” vir die kleinere literatuursoorte gebruik. Die onderskeiding het egter nie algemene inslag gevind nie. In navolging van Du Toit (1980:1) kan die term ‘makrogenres’ vir die selfstandige uitgebreide literatuurtypes gebruik word, terwyl die kleiner literatuurtypes mikrogenres genoem kan word.

Dus volgens Vos (1996:70) kan die volgende indeling van die makrogenres wat in die Nuwe Testament voorkom, gemaak word:

- Evangelies soos Matteus, Markus, Lukas en Johannes.
- 'n Historiese monografie soos Handeling.
- Briewe soos die 21 briewe van die Nuwe Testament.
- Apokalips soos die Openbaring van Johannes.

Voster (1977:21) maak 'n verdere indeling van die literatuursoorte en by name, (i) die vertelmateriaal, dit wil sê die evangelies, Handeling en Openbaring en (ii) saaktekste, te wete die briewe. Volgens De Klerk (2005:19) onderskei die literatuurkunde verskillende genres, en dit word algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het. Die meeste van hierdie

genres kom in die Bybel voor en in sekere gevalle kan sommige boeke as 'n spesifieke genre getipeer word.

In die Bybel word die volgende genres onderskei:

- In die Ou Testament word genres soos, vertelling, geskiedskrywing, wysheids-literatuur, poësie, profetiese literatuur, wet-tiese literatuur en kultiese literatuur gevind.
- In die Nuwe Testament word genres soos die vier evangelies, die Handeling van die apostels, die briewe byvoorbeeld soos Johannes en Petrus ensovoorts, en die Openbaring van Johannes gevind (De Klerk, 2005:19).

Daar word kennis geneem van bogenoemde en dit is belangrik, want die soort literatuur bepaal die wyse en manier hoe die materiaal gehanteer en geïnterpreteer word. Volgens De Klerk en Van Rensburg (2005:20-21) sorteer die evangelies, die Handeling van die apostels, die briewe en die Openbaring onder tipes prosa-genres. Hier word daar drie tiperings onderskei, naamlik:

- Geskiedsvertelling met 'n boodskap

Hierdie is tipies van die evangelies en Handeling, dit is nie maar net 'n blote geskiedsvertelling nie, maar daar is 'n spesifieke oogmerk. Die skrywers wil primêr die boodskap van God se verlossing verkondig. Dit is nie net 'n neutrale vertelling nie, hulle wil hulle lesers oortuig om die boodskap te aanvaar.

- Brief

Hier onderskei ons twee soorte briewe: eerstens die literêre brief waar die uiterlike vorm van 'n brief gebruik word om literêre materiaal soos 'n toespraak of 'n preek in te plaas en tweedens die egte brief; hierdie is gewone briewe wat geskryf word aan bepaalde persone of gemeentes om die een of ander krisis te hanteer.

- Apokalips (Openbaring)

’n Apokalips is ’n literêre vorm wat eie-tyd se gebeure in simboliese taal voorstel en dit interpreteer as die tekens van die aarde se laaste dae soos deur die vroeëre profete aangekondig.

Die genre van die afskeidsgesprekke van Jesus is ’n “geskiedsvertelling met ’n boodskap” en daarom moet die hermeneutiese reëls vir die interpretasie van die geskiedsvertelling met ’n boodskap en afskeidsgesprekke hier verreken word. Belangrik om te weet dat die genre van die briefvorm baie bekend was in die Grieks-Romeinse wêreld enersyds, maar dat die geskiedenis-vertelling met ’n boodskap, die Handeling van die apostels en die Apokalips weer meer bekend was onder die Christendom en Jodedom. Daniel Patte (1990:17) praat van die Johannesevangelie as “a text with a mixture of narrative and argumentive features”, wat daarop dui dat die Johannesevangelie nie net ’n verhaal is nie (Vos, 1996:73). Daar was ook mikro-genres soos in die geval van hierdie ondersoek te wete die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13:1-17:26). In lyn hiermee kan ons afleidings maak dat die afskeidsgesprekke van Jesus die volgende beklemtoon, naamlik:

- Dat daar ’n spesifieke oogmerk is,
- Dat dit God se verlossingswerk in Jesus Christus onderstreep,
- En dat dit nie ’n neutrale vertelling is nie, maar ’n vertelling wat die dissipels wil lei om die boodskap te verwerk en te aanvaar en dit te integreer met hulle daaglikse lewe.

### 3.4.5 Die struktuur en vorm van die afskeidsgesprekke van Jesus

#### 3.4.5.1 Afskeidsgesprek

Brant (Kindle Locations, 2011: 5230-5231) wys daarop dat studies deur George A. Kennedy (1984) & George Parsenios (2005), “demonstrate that the form and content of the speech bears all the hallmarks of classical, as well as modern, farewell addresses. It assures the following:

- The parting is necessary and for the best (14:1– 4; 15:13),
- It takes place only after careful consideration and at the appropriate time (16:6–7),
- Those who are present have been one community (15:1– 8),
- The relationship that has been forged will be sustained (14:15-21, 23– 26; 15:15; 16:15),
- The purpose or work of the community has been noble (15:8, 10),
- Its purpose or work will be an enduring venture (14:11–14)".

Alhoewel daar argumentasie in die afskeidsgesprekke verskuil lê, gaan dit nie daaroor om 'n standpunt te stel nie, maar poog dit eerder “to bolster the beliefs and values of the audience by circling around, elaborating on, and interlacing four assertions about Jesus’s death”, om in lyn met die retoriek te wees; naamlik:

- “While his death is a departure from the disciples, it is also a return to the Father.
- His death is an act of love that exemplifies his parting command to love one another.
- He lives on within the community if they honour his death by fulfilling the love commandment through the agency of the Paraclete.
- His death is a revelation of God’s glory” (Brandt, *Kindle Locations*, 2011:5259-5265).

Brandt verduidelik dat soos Jesus met sy gesprek voortgaan gebeur daar iets belangriks: hy deel deur sy woorde van troos, “a series of repeated exhortations and pieces of advice. Exhortations are frequently accompanied by a promise that provides comfort and motivation to act on Jesus’s advice” (*Kindle Locations*, 2011:5265-5266). Die evangelie

van Johannes asook die afskeidsgesprekke beklemtoon die volgende relevante sake rakende die prediking:

- Daar is 'n woordeskat aanpassing tussen die twee dele van die evangelie van Johannes. Stevick (Kindle Locations, 2010:1047-1048) skryf “In passing from chapters 1-12 to the Farewell chapters, a reader of the Fourth Gospel encounters several changes in vocabulary. Some words that had previously been important are reduced, while other terms move to the fore - indicating a shift in the writer's emphasis and purpose”. Die woorde “believe”, “hear”, “voice”, “life”, “light”, “witness” het 'n prominente rol gespeel in die eerste gedeelte van Johannes, maar in die tweede gedeelte het dit bietjie vervaag. Die interessante is dat daar nuwe woorde na vore tree in die tweede gedeelte soos “love”, “in phrases”, “know”, “peace”, “asking”.
- Die taal verander ook, want waar die simboliese- en die beeldende taal prominent was in die eerste deel, verflou dit nou in die tweede deel van die evangelie van Johannes. Die skerpheid en die konkrete van die taal word nou verruil vir die tipiese Johannese eenvoud.
- Die aard van Jesus se gesprekke verander ook soos Stevick (Kindle Locations, 2010:1142-1143) skryf dat “Jesus is not now accusing or arguing with anyone. The intent of the departing Jesus is to support or to encourage listeners who are united with him, as he is with them”.
- Die verwysings na Israel is ook minder.
- Die Christologiese skuif tussen die twee gedeeltes is ook opvallend:

“The two Christological movements - to humanity from God and from humanity to God - are interdependent. The one who ascends is the one who has descended. The one who comes from God and whose mission is given him by God at the end returns to God. A reader often feels that when either movement is mentioned the other is at least suggested. In chapters 1-12, Jesus refers approximately 30



times to himself as sent by the Father, or he refers to the Father as the one who has sent him. By contrast, in the Book of Glory - or more specifically in the Farewell chapters - Jesus says repeatedly that he is going to God. The motif of Jesus' ascent is the principal Christological emphasis of his Farewell. Speaking in private he tells his followers of a destiny that is first his, and then is theirs in him" (Stevick, *Kindle Locations*, 2010:1182-1200).

#### 3.4.5.2 Verheerliking

Köstenberger (*Kindle Location*, 2002:66-78) maak die indeling in sy boek *Encountering John*, dat die afskeidsgesprekke van Jesus aan sy dissipels inpas onder die verheerliking van Jesus asook sy sending ten opsigte van die wêreld. Kategorie is sy indeling drieledig: die eerste deel (Joh.13:1-38) is waar die klem val op die voetwassing, die verraad van Judas Iskariot, die nuwe gebod en Petrus se verloëning; in die tweede deel (Joh.14:1-16:33) word die voordeel van Jesus se weggaan, die metafoor van die wingerdstok, die haat van die wêreld en die groter blydschap wat sal volg beskryf en in die derde deel (Joh.17:1-26) word gefokus op die gebed waarmee Jesus afsluit.

Stevic (*Kindle Location*, 2010:1292-3856) se indeling in sy boek *Jesus and His Own* lyk ietwat anders as die indeling van Köstenberger. Sy indeling bestaan uit (i) 'n inleiding (Joh.13:1-30) wat die voetwassing en die uitstuur van Judas Iskariot beskryf, (ii) deel 1 van die afskeidsgesprek (Joh.13:31-14:31) waar die klem val op Jesus se afwesigheid en tog teenwoordig; die verheerliking van Jesus, die voorspelling van Petrus se verloëning, Jesus se teruggaan na die Vader en die ondelinge verhoudings; (iii) deel 2 van die afskeidsgesprek (Joh.15:1-16:4a) waar die klem lê op die innige verhouding tussen Jesus en sy mense ten opsigte van die lewe en die vyandige wêreld; (iv) deel 3 van die afskeidsgesprek (Joh.16:4b-16:33) waar die blydschap uit ellende geopenbaar word in die gawe van die Parakleet wat Jesus se teenwoordigheid hier en nou bevestig en (v) die afsluiting (Joh.17:1-26) waar Jesus vir sy dissipels 'n gebed doen.

### 3.4.5.3 Tematiese

Brown (1978:545-547) se indeling en aksente in sy kommentaar, *The Gospel according to John*, sien anders daaruit en hy gee ook 'n deeglike en bruikbare uiteensetting van die afskeidsgesprekke. Die temas wat hy hanteer is die voetwassing en die interpretasie daarvan (Joh.13:1-31), die afskeidsgesprek (Joh.13:31-17:26) wat verdeel is in drie dele: eerstens (Joh.13:31-14:31) waar die weggaan van Jesus en die dissipels se toekoms, Jesus as weg na die Vader, die Parakleet wat van die Vader en Jesus uitgaan na hulle wat Jesus lief het en Jesus se finale gedagtes beskryf word; tweedens (Joh.15:1-16:33) waar die beskrywing raak aan die dissipels se konfrontasie met die wêreld na Jesus se weggaan na die Vader, die metafoor van die wingerdstok, die haat teenoor Jesus en sy dissipels en duplisering van deel 1 Jesus se weggaan en die koms van die Parakleet en derdens (Joh.17:1-26) Jesus se gebed.

### 3.4.5.4 Chiastiese

Wayne Brouwer met sy doktorsale studie, *The literary development of John 13-17: A chiasmic reading*, lewer beslis 'n bydra tot die beter verstaan en vertolking van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels. Daar word kortliks die wins-punte van sy navorsing uitgelig en dit wat 'n bydrae tot hierdie studie kan maak. By die lees van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels kom 'n mens agter dat die verstaan daarvan nie so eenvoudig en voor die hand liggend is nie. Ten spyte van die gekompliseerdheid van die afskeidsgesprekke, wys Brouwer (1999:11) daarop dat:

- dit tog lyk of daar 'n balans is tussen die baie en herhalende woorde en temas wat deur Jesus gebesig word,
- daar 'n bedekte seën verskuil lê in die voete was en die gebed deur Jesus

- en dat daar 'n progressiewe beweging tydens die gesprek plaasvind; hierdie beweging begin by die donkerte en verraad, wat voortgaan na die beloftes van die Here se bemoediging en versekering, wat dan uitloop op 'n besondere intimiteit voordat dit weer dieselfde paadjie afwaarts neem tot by die uitmekaar spat van die dissipels.

'n Chiasme word op die oog af gedefinieer as die balans tussen woorde, frases of temas wat sentreer rondom 'n sentrale idee. 'n Chiasme word verduidelik op grond van die twee-en-twintigste letter van die Griekse alfabet, die letter "chi", wat ooreenstem met die vorm van 'n kruisie (X) waar die rotering plaasvind om die middelas. Neem as voorbeeld die volgende gesegde in die sportwêreld: "When the going gets tough, the tough gets going".

Uitgebeeld lyk dit soos volg:

"When the going gets

Tough".

X

"The tough

gets going".

'n Chiasme vorm dus 'n uitdrukking van idees wat in balans verkeer en is baie populêr by gesegdes en kinderrympies. Brouwer (1999:13) stel dit soos volg: "In each couplet the last half mirrors the first half with a reverse ordering of the linguistic elements. It is because of this movement of the text that the key words in defining chiasm are parallelism, symmetry and invention" Brouwer (1999:13-14) verwys na twee persone se definisies van 'n chiasme, by name Norrman en Thompson. Norrman (1986) definieer 'n chiasme as, "the use of bilateral symmetry about a central axis", dit wil sê dat dit 'n enkele term is wat 'n balans vorm tussen woorde, frases of temas rondom die vaste middelpunt van die literêre perikoop. Alhoewel Norrman se fokus gerig

is op ander tekste buite die Hebreeuse wêreld, kan dit met vrug toegepas en gebruik word op die Bybelse tekste.

Thompson op sy beurt gebruik juis Norman se terminologie as hy soek waar chiasmes in die Bybel voorkom. Hy is van mening dat daar op die definisie van Norman ten opsigte van die karakter van 'n chiasme, dit wil sê die sentrale 'as', waarom die chiasme moet skarnier, vaag is. Hy wys juis daarop dat Norman se definisie dit nie duidelik maak of die sentrale punt (as) 'n unieke kerngedagte binne die teks is nie, of net 'n oorgangsbreuk is tussen twee parallelle elemente. Volgens Thompson (1995:25) is beide 'n opsie, omrede:

“chiasmus may be said to be present in a passage if the text exhibits bilateral symmetry of four or more elements about a central axis, which may itself lie between two elements, or be a unique central element, the symmetry consisting of any combination of verbal, grammatical or syntactical elements, or indeed, of ideas and concepts in a given pattern”.

Brouwer (1999:213) se voorstelling van die afskeidsgesprekke binne 'n chiasiese verbinding lyk soos volg:

- A Openings-toneel – eenheid met Christus deur wedersydse liefde Joh. 13:1-35
- B Voorspelling van die dissipels se verloëning Joh. 13:36-38
  - C Jesus se vertrek na die Vader Joh. 14:1-14
    - D Die belofte van die Heilige Gees Joh. 14:15-26
      - E Moeilikheid met die wêreld Joh. 14:27-31
        - F Die wynstok en die lote – Bly in my – gemeenskap van liefde Joh. 15:1-17
          - E Moeilikheid met die wêreld Joh. 15:18-16:4a
            - D Die belofte van die Heilige Gees Joh. 16:4b-15
              - C Jesus se vertrek na die Vader Joh.16:16-28
- B Voorspelling van die dissipels se verloëning Joh. 16:29-33
- A Die seënbede – fokus op die eenheid uitgedruk in wedersydse liefde Joh. 17:1-26

Daar is meriete in Brouwer (1999:16-17) se opmerking, dat:

“although this reading of John 13-17 is similar in various elements to other chiasmic proposals, several of which will be explored more fully, it is rooted in the dual assumption that both the historical development of the text and its current form are of significance for interpretation. As a result it serve to provide a cohesive understanding of the text in its received shape (which is the goal of synchronical interpreters) while at the same time encouraging the

investigations of historical criticism to provide insight into the reductional development of the literary panels of the discourse (the emphasis of diachronical interpreters). In this manner, reading the farewell discourse chiasmatically brings resolution to many of the issues of interpretation that have stood between the diachronic and synchronic approaches”.

#### 3.4.5.5 Narratiewe

Tolmie (1995) het 'n volledige studie gedoen oor die narratologie, dit wil sê 'n studie van die struktuur en die funksie van die afskeids-gesprekke van Jesus (Joh.13:1-17:26) in die Johannes-evangelie, ten opsigte van die drie relevante aspekte in die analisering van narratiewe tekste, soos die “enonciation” (“narration”), die “histoire” (“story”) en die “recit” (“narrative text”). Die resultate het daarop gedui dat die “implied author” ten doel het om die “implied reader” te begelei op die weg waar hy of sy (die leser) die keuse het om sekere aspekte van dissipelskap te aanvaar of te verwerp. Culpepper (1983) se boek *Anatomy of the Fourth Gospel* is die mees omvattende narratologiese analise van die Vierde evangelie. Hy het onder andere sy analise gebou op die teoretiese raamwerk van Chatman (1978), met as oogmerk die proses van narratiewe kommunikasie. Culpepper bespreek dan al die narratiewe aspekte binne die model, naamlik die, “narrator”, “point of view”, “narrative time” “plot”, “character”, “implicit commentary” en “the implied reader” (Tolmie, 1995:10). Staley, (1988) in *The Print's First Kiss* fokus op die retoriese interverhouding tussen die “implied author” en “implied reader”, waar die geimpliseerde outeur oorhoofs aandui hoe die geimpliseerde leser van die Johannes-evangelie gevorm word.

Seymour Chatman (1978:150) beskryf dit soos volg:

"When I enter the fictional contract I add another self: I become an implied reader". Does the record of Jesus Christ which we receive from the past in the narrative of the Fourth Gospel have anything to say to the exhilarating and sometimes frightening experience of our own time? Do we "enter the fictional contract" of this particular story of Jesus? How close is our journey and our faith experience to the journey and faith experience of the implied reader in the narrative of the Fourth Gospel? These are the questions which will determine the ongoing relevance of the story told in this Gospel. They can only be answered by a reading of the text during which a relationship between the implied reader, and the experience of intended readers and the real reader is established.<sup>24</sup> The reader of the Fourth Gospel cannot be

---

<sup>24</sup> See G. Steiner, *Real Presences*, 210.

limited to the implied reader, the Johannine community as the original intended readers of the text, or to the real reader with the text in hand today”.

As R. M. Fowler (1983:21) has summarised: "The reader has an individual persona (mine), a communal persona (the abstracted total experience of my critical community), and a textual persona (the reader implied in the text)". Moloney (1992:30-31) stel dit weer soos volg: "All must play their part in an ongoing reading of the Fourth Gospel within the Christian community”.

### 3.5 Eksegetiese opmerkings aangaande die afskeidsgesprekke van Jesus

Dit is nie deel van hierdie navorsing om vas te stel hoe die afskeidsgesprekke uiteindelik saamgestel is nie, maar tog sal daar kortliks net weergegee word wat eksegetiese benaderings vermag het. In hierdie verstaan van die teks is daar volgens Vos (1995:224-225) verskillende grade van die voor-verstaan, dit wil sê die leser moet bekend wees met die taal en die wêreld van die teks en dan moet die leser toelaat dat hierdie taal en wêreld bekend kan raak met sy/haar taal en wêreld met die oog op verstaan en betekenis.

Smit (1987:36) bevestig dit as hy skryf dat om 'n voor-verstaan te hê nie verkeerd is nie, dit is onvermydelik. Niemand kan daarsonder nie en niemand kan iets verstaan daarsonder nie. Die mens is jou eie-voorverstaan, want jy, as konkrete en gesitueerde mens hoor taal, lees tekste en probeer verstaan. Eers na hierdie proses kan die hoop bestaan dat die teks 'n billike kans het om reg verstaan te word (McKnight, 1988; Jeanrond, 1991:6; Thiselton, 1992:221-222, 237-247).

Volschenk (2001:50) skryf dat by die interpretasie van die Nuwe Testamentiese teks daar rekening gehou moet word met twee belangrike faktore, naamlik:

- dat die dinamiese aard van die Nuwe Testamentiese teks stimuleer voortgaande interpretasie en
- dat die teks van die Nuwe Testament op verskillende vlakke funksioneer, wat kan beteken dat die teks vanuit verskillende perspektiewe benader kan word.

Die uiteinde is dat die skrywer van die teks (evangelie / brief) in gesprek gaan met die leser deur middel van die teks. 'n Teks is meer as die som van sy woorde of sinne, dit wil sê dat 'n teks 'n betekenisvolle geheel is (Jeanrond, 1991:84). Tekste is volgens Vos (1996:4) op drie vlakke georganiseer, naamlik (i) tekste word gekenmerk deur 'n tema, (ii) tekste word uitgedruk in grammatikale konstruksies en (iii) tekste word herken as geskrewe tekste omrede dit iewers ophou. Die Bybelse teks en by name die Nuwe Testamentiese teks kommunikeer op meer as een vlak. Eksegese is die proses wat antieke oerchristelike tekste soos ons dit ontvang het, beskryf en interpreteer (Vos, 1996:5 en vgl. Breytenbach, 1995:5, 8-9). Daar is drie aspekte waarvan kennis geneem moet word in die soeke na die verstaan van die Bybelteks vir die konteks van die mens se lewe, te wete die historiese-, strukturele- en teologiese aspekte. Daar sal kortliks verwys word na die invloed en die rol wat die kultuurhistoriese strominge gespeel het in die totstandkoming van die verskillende eksegetiese benaderings.

### 3.5.1 Hermeneutiek

Volgens Vos (1996:2) het die begrip “hermeneutiek” in die teologie 'n lang tradisie en is daaronder die tegniese reëls vir die teksverklaring se verstaan (vgl. Breytenbach, 1995:3). Die woord “hermeneutiek” bevat 'n verwysing na Hermes, die boodskapper van die gode in die Griekse mitologie; dit was sy taak om aan die mense die besluite en die planne van die gode te verduidelik (Vos, 1996:3). Jeanrond (1991:1) beskryf hermeneutiek as die manier om die afstand tussen die goddelike ryk en die menslike ryk te oorbrug. Dit kan slegs gebeur as die verhouding tussen hierdie ryke nagevors word, dit wil sê die ryk van die teks aan die een kant en die mense wat dit wil verstaan aan die ander kant. Hierdie proses moet egter met die hermeneutiese sirkel rekening hou, waar dit in die eerste dimensie gaan oor die antwoorde op die vrae wat gevra word aan die teks en in die tweede dimensie waar die teks as onderdeel binne die geheelbeeld moet funksioneer (Jeanrond, 1991:5-6).

Die hermeneutiese op weg wees met die teks is die poging om die werking van die teks binne 'n bepaalde konteks te verstaan. In hierdie hermeneutiese proses speel die eksegese 'n belangrike rol, want volgens Vos (1996:1) werk

die eksegetiese metodes soos sleutels wat die deure van die tekste probeer oopsluit, want tekste het verskillende deure en gevolglik kan een sleutel nie al die teksdeure oopsluit nie. Dus sal die verskillende eksegetiese sleutels kortliks bekyk en bespreek word met die oog op die toepassing daarvan in hierdie studie.

### 3.5.2 Histories-krities

Lategan (1982:50) is van mening dat die teks van die Nuwe Testament in 'n sekere sin dubbel histories is, dit wil sê eerstens veronderstel oorgelewerde teks om historiese te wees en tweedens veronderstel die inhoud van hierdie oorgelewerde teks om verbind te wees aan die historiese lewe van Jesus Christus. Vos (1996:5) beskryf dit so dat die kombinasie van die histories-kritiese metode dui daarop dat die uitlegmetode die teks wil verklaar vanuit 'n historiese hoek. Die vraag na die oorsprong van die evangelie is primêr 'n historiese vraag, vandaar die prominensie van die histories-kritiese benadering (Van der Watt, 1991:94). Vanuit die vorm- en redaksie-kritiese hoek word daar gefokus op belangrike dele wat inhoudelik saamgegroepeer kan word; so is daar die “signs gospel” van Fortna (1988), of 'n “semeia-bron” van Nicol (1972), of “openbaringsredes” en 'n “passie en opstandingsbron” van Bultmann (1986). Die rekonstruksie van die evangelie is dan langs hierdie weg van redaksionele groei gerekonstrueer (Van der Watt, 1991:95), asook die invloed van die “Johannese gemeente teorie” (vgl. Martyn, 1968; Culpepper, 1975; Brown, 1979). In die ontwikkelingsperiode sou sekere invloede en kragte op die “Johannese gemeente” ingewerk het, wat veroorsaak het dat hulle denke verander het (Roberts, 1991:95).

Die belangrike word goed saamgevat met die opmerking van Van der Watt dat die Johannese groep nie 'n randverskynsel was nie, maar 'n sentrale posisie binne die “oer-Christendom” ingeneem het, aangesien die sentrale teologiese strome van die “oer-Christendom” daarin saamgevloeit het (Roberts, 1991:95). Lategan (1982:50) is van mening dat die teks van die Nuwe Testament in 'n sekere sin dubbel histories van aard is, eerstens omdat dit oorgelewerde teks is veronderstel dit om historiese te wees en tweedens omdat hierdie oorgelewerde teks se inhoud verbind is aan die historiese lewe



van Jesus Christus. Die godsdienst-historiese neem sekere teologiese idees, byvoorbeeld die dualisme of die sendingmotief en vergelyk dit met ooreenstemmende idees uit ander religieë. Indien dit dan ooreenkom met die ander religieë, al is dit net op die vlak van die woordeskat, word die gevolgtrekking gemaak dat Christelike idees deur ander religieë beïnvloed word. Die gevolg is dat die Johannes-evangelie dan inhoudelik vanuit en met behulp van hierdie “ander godsdienst” geïnterpreteer word (Roberts, 1991:96). Hier moet Meeks (1986:143) se kritiese opmerking in ag geneem word as hy skryf dat “the history has been treated too one-sidedly as a problem in the history of ideas. Mythical language tends to reduce to theological categories, and historical judgements are then made on the basis of the presumed logical priority of the one or other of these categories”.

Becker (1981:172) se kritiek sluit hierby aan dat hierdie werkswyse uiteindelik kan lei tot ’n ontworteling van die evangelie uit die gemeente-geskiedenis en Van der Watt sluit ook hierby aan om te wys op die totale strukturele verband waarin die teologiese gedagtes van die skrywer geminag word (Van der Watt, 1991:97). Die normale neiging om die evangelies histories te hanteer is om ’n direkte verband tussen die teks en die werklike gebeure te trek. So sou die polemiese houding in die evangelie teenoor die Jode histories op spanning tussen die Johannese gemeente en die Jode mag dui. Dit is vanuit hierdie siening dat Du Rand (1990:44) eerder praat van die doel van evangelie, dit wil sê dit wat histories aanleiding gegee het tot die skryf van die evangelie. Al word hierdie pogings bloot beskou as ’n skynbare historiese rekonstruksie van die situasie is dit tog belangrik as daar gelet word op De Villiers (1984:73) se opmerking, “It is clear that all texts must in some way refer to the general situation in which they originated, even if it is only in so far as they employ, for example, certain generic conventions of that era”. Die belangrike van hierdie siening is dat die verband tussen die teks en die eerste lesers nie misgekyk mag word nie (Van der Watt, 1991:99).

Vos (1996:5) beskryf dit so dat die kombinasie van die histories-kritiese metode dui daarop dat die uitlegmetode die teks wil verklaar vanuit ’n historiese hoek. Die samehang van hierdie tekste word op drie vlakke

georganiseer: (i) tematies wat beteken dat die teks 'n tema bevat; (ii) grammatikaal wat beteken dat die teks sintakties gekonstrueer is en (iii) geskrewe teks wat beteken dat hierdie teks iewers ophou en eindig. Daar is drie vlakke van die teks wat belangrik is vir die betekenis: die semantiek wat die betekenis van woorde en sinne bestudeer, die sintaksis wat die verband tussen woorde en sinne navors en die pragmatiek waar dit gaan oor die eksterne voorwaardes van die linguistiese kommunikasie aldus Jeanrond (1991:84). Volgens Vos (1996:6-8) kan daar binne hierdie metode die volgende fasette onderskei word:

- Literêre kritiek – die klem val hier op die wordingsgeskiedenis van tekste, wat kriteria insluit soos spanninge, oneffenhede, steurende herhalings en teenstrydighede asook verskille in taalgebruik en teologie.
- Bronne kritiek - hier word die evangelie in lae opgedeel met die bedoeling om so nougeset moontlik 'n oorspronklike bron te rekonstrueer.
- Gattung of vormkritiek – daar is talle onafhanklike tekste in die Ou Testament wat vorm-ooreenkomste vertoon, sulke strukture word “Gattungen” genoem; elke gattung het sy oorsprong binne 'n bepaalde situasie in die volkslewe, wat bekend staan as die “Sitz im Leben”. Hierdie benadering vra na 'n tweërlei aksie: erstens na die genre van die teks en tweedens na die “Sitz im Leben” waar daardie genre sy oorsprong het (Barton, 1984:30-40).
- Redaksiekritiek – hier word gevra na die wyse waarop boeke saamgevoeg word om hulle teksvorm aan te neem.
- Tradisiekritiek – hier gaan dit oor die geïkete voorstellings in die Ou Testament wat keer op keer in verskillende kontekste gebruik word.

### 3.5.3 Literêre benaderings

Die term “literêre benadering” word oorkoepelend gebruik as aanduiding van alle metodes wat op die teks as literêre verskynsel fokus. Hy wys juis daarop dat hierdie immanente eksegetiese metode ontstaan het as reaksie op die fragmentasie van die teks deur die histories-kritiese metode (Vos, 1996:9-14). Die volgende immanente metodes word onderskei en hier kortliks bespreek:

- Kanoniese metode – Childs (1985) oordeel dat die klem anders as by die histories-kritiese metode nie moet val op wat die teks beteken nie, maar eerder moet val op wat die teks tans beteken. Die wins is dat sy benadering die belangrikheid van die konteks, ook die kanoniese konteks van die tekste, uitlig. Die leemte van hierdie benadering is dat dit ten prooi val van die allegoriese of apologiese teksuitleg en dat dit by monde van Loader (1986) ’n “a-historiese” benadering word.
- Diskoersanalise - die logiese argumentasie van die teks is vir hierdie benadering belangrik. Die diskoersanalise laat die klem val op die argumenteringsgang en die tekstekoheisie, dit wil sê die tekssamehang en teksbinding van ’n gegewe teks of tekseenheid word vasgestel en beskryf met behulp van formele kategorieë (Botha, 1990:170). Die gevaar van hierdie metode is dat dit in ’n eensydigheid kan verval, wat beteken dat die betekenis van die teks vasgelê is as die struktuur vasgestel is. Deist (1978:263) wys juis daarop dat die struktuuranalise bloot die dieptestruktuur van sinseenhede blootlê.
- Literêre teksanalise – onder hierdie benadering word daar onderskei tussen ’n meer narratiewe benadering en ’n meer tekstuele benadering. Die narratiewe bestudeer nie die reële wêreld agter die teks nie, maar die wêreld in die teks as ’n verhaal opsigself. Die meer tekstuele benadering fokus op die teks as literêre verskynsel, dit wil sê die teks het sekere genrekenmerke soos byvoorbeeld regstekste, didaktiese tekste en briefliteratuur.

- Resepsiekritiek – in hierdie metode is die finale fase van die kommunikasie-proses die fokuspunt. Breytenbach (1995:9) sien in hierdie benadering die teks as 'n gebeure in die leesproses waar die leser die teks verwerk, beskryf en ontvou.
- Semiotiek – hier word die teks beskou as 'n betekenisdraer in die kommunikasieproses. Die rol van die leser is belangrik en volgens Smit (1987:55) word daar onderskei tussen “werklike lesers” en “veronderstelde of geïmpliseerde lesers”.
- Pragmatiek – hierdie benadering wil rekening hou daarmee dat Bybelse tekste vir spesifieke gemeenskappe geskryf is.

#### 3.5.4 Sosiologiese eksegesi

Hier word twee benaderings onderskei: die sosiologies-historiese benadering waar dit gaan om sekere historiese gebeurtenisse aan die hand van sosiologiese insigte te verklaar sonder enige spesifieke gekonstrueerde sosiologiese model en die sosiologies-wetenskaplike benadering waar die wetenskaplike daarop dui dat hulle vrylik van hulpwetenskappe gebruik maak in die soeke na bruikbare modelle. Tuckett (1987:136-150) praat van “social descriptions” en “social explanations”. Meeks (1986:141-173) is 'n voorbeeld van sosiologiese interpretasie as hy in sy artikel verwys na die verband tussen “ascent-descent-skema” en sosiologiese dinamiek daarvan. Sy vertrekpunt is die sosiologiese-gedetermineerde gemeenskap waar sekere historiese gebeure aanleiding daartoe gee dat 'n “simboliese universum” aan hulle gekommunikeer word, sodat hulle sin uit hulle historiese situasie kan maak. Meeks beklemtoon veral die dialektiese aard van hierdie sosiologiese proses en dit maak sin as hy skryf, “More precisely, there must have been a continuing dialectic between the group’s historical experience and the symbolic world which served both to explain that experience and to motivate and form the reaction of group members to the experience” (Meeks, 1986:145). Die voorveronderstelling is dus dat die teks “direct allusions” gee ten opsigte van die historiese gebeure, omdat hierdie historiese gebeure juis binne 'n dialektiese proses aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die teks.

Sosiologies-wetenskaplike interpretasie steun sterk op die werk van Mary Douglas se “group-grid” verhoudings ten einde die sosiologiese apparatuur te kry om die teks mee te interpreteer. Neyrey (1988:4) is uit hierdie kring van navorsers en as voorbeeld gebruik ons sy sosiologiese apparatuur wat die Christologie is; sy rede is dat:

“Christology becomes the place where ideological positions are compared and contrasted ... For the Johannine Christians, the heavenly Jesus was an alien who was out of place here below in a hostile, evil world. The view of Jesus replicates the experience of the Johannine group, who were excommunicated from the synagogue and found themselves in conflict with their neighbours”.

Van der Watt (1991:100) wys juis daarop dat hierdie konflik verloop het aan die hand van Douglas se “group-grid-model”, dus is die veronderstelling dat die sosiologiese dinamiek van die gemeente in die teks neerslag gevind het. Hieruit word dan direkte afleidings gemaak oor die Johannese groep se selfbeeld, hul siening van die wêreld en so meer en verklarings daarvoor word tegelyk aangebied. Van der Watt (1991:100) stel dit treffend dat die historiese gebeure as sodanig het nie in die eerste plek tot die “simboliese universum” aanleiding gegee nie, nee, dit was juis die verkondiging van Jesus wat aanleiding gegee het tot die historiese situasie van die gemeente. In hulle besondere situasie moes hulle weer uit die Christologiese verkondiging antwoorde vir hulle bestaan put. Die verband tussen die teks en die sosiologiese dimensies van die gemeenskap waarbinne die teks tot stand kom, moet dus erken word en gerespekteer word (vgl. Collins, 1979).

Die uitgangspunt is dat die Johannes-evangelie die behoeftes van die Christene op universele vlak aanspreek, wat beteken dat die universele aard van die Johannes-evangelie bo die historiese bestaansituasie uitgelig word (Roberts, 1991:101). Die rede hiervoor gee Ashton (1986:5-6) as “because he was convinced that the Gospel was designed to give a Christian answer to the timeless questions of the purpose and nature of human existence; for him the situation of those to whom the message was first proclaimed was of no particular significance”. Op die vraag hoekom? Hengel (1989:105-106) neig in dieselfde rigting as hy skryf “the aim of the Gospel is faith in Jesus Christ the Son of God, sent by the Father to save humankind, and nothing else: the faith which is expected from every true Christian”. Tekste is per definisie vreemde

entiteite wat ontsyfer moet word (Gous, 1993:70). Die buite-kontekstuele konteks van geskryfte geniet baie aandag in die eksegetiese-proses van teoloë en navorsers vandag.

Daarom dat Vos (1996:14) skryf die verstaan van tekste stel hoë eise aan die leser. Om 'n vaardige leser te wees, moet 'n mens die taal magtig wees, literêre strategieë kan eien en literatuursoorte kan onderskei. Hierby kom dan ook nog die feit dat die leser ingelig moet wees oor die sosiale en kulturele konteks waarbinne die teks ontstaan het: wat was die rede agter die skryf van die teks, wie was die lesers en watter boodskap wou die skrywer aan die lesers oordra. Verder moet 'n mens in staat wees om sy eie lewens-tekste te kan lees dit wil sê wie hy/sy is, wat sy/haar godsdienstige, sosiokulturele, politieke en ekonomiese konteks is plus met watter oogmerk hy tekste lees (vgl. ook Gous, 1993).

Dvorak (2007:251-278) wys daarop dat volgens Elliott kan sosiaal-wetenskaplike kritiek soos volg gedefinieer word:

“Social scientific criticism of the Bible is that phase of the exegetical task which analyses the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models, and research of the social science. As a component of the historical criticism method of exegesis social scientific criticism investigates biblical texts as meaningful configurations of language intended to communicate between composers and audiences. In this process it studies (1) not only the social aspects of the form and content of texts but also the conditioning factors and intended consequences of the communication process, (2) the correlation of the texts linguistic, literary, theological and social dimensions and (3) the manner in which this textual communication was both a reflection of and a response to a specific social and cultural context – that is how it was designed to serve as an effective vehicle of social interaction and an instrument of social as well as literary and theological consequences”.

Daar is die afgelope tyd heelwat aandag gegee aan die buite-kontekstuele konteks van geskryfte en dit het meegebring dat daar by die Ou en Nuwe Testament 'n besondere konsentrasie op die sosiologiese aspekte van tekste gelê is (Vos, 1996:14). Die belangrikheid van die sosiale aard van tekste word tans al hoe meer erken en beklemtoon. Dit behels onder andere dat tekste as produkte aan hulle sosiale omgewing gesien word en dat die noue band tussen die teks en die konteks daarin erken word (Gous, 1993:70). Hierdie benadering maak gebruik van sosiologiese modelle om 'n teks as produk van 'n spesifieke sosiale werklikheid te verstaan (De Villiers, 1982:22). Elliott

(1981:2) wys daarop dat die klem op die sosiale konteks, die sosiale omstandighede en die sosiale “Sitz im Leben” van Bybelse dokumente ’n kenmerk van moderne Bybel-interpretasie is. Vormkritici soos Gunkel, Dibelius en Bultman het aandag gegee aan die vraag van die situasiekonteks van Bybelse dokumente en tradisies, waar eksplisiete bewyse ten opsigte van tekste bestaan, is die data versamel om vas te stel waar en wanneer dit gebeur het.

Die implisiete bewyse van tekste het berus op verbeelding en konseptualisering van om tussen die lyne te lees (Vos, 1996:17). Die addisionele eksegetiese wat gerig is op die didaktiese, missionêre, kultiese en apologetiese, het nie hierby gebaat nie. Die sosiologiese eksegetiese het wel hierby gebaat, omdat dit ook aandag gegee het aan die hoe en waarom, wat aanleiding gegee het tot hierdie teks. Elliott (1981:9-12) noem dit dat vir die sosiologiese benadering om te slaag moet ’n mens bewus wees van die volgende voorveronderstellings waarop hierdie benadering berus:

- Die sosiologiese georiënteerde eksegetiese veronderstel dat Bybelse dokumente en tradisies die produkte asook die kanale van sosiale interaksie is.
- ’n Sosiologiese eksegetiese van ’n Bybelse teks beoog om die interpersoonlike of sosiale transaksies en verhoudings waarna ’n teks eksplisiet of implisiet verwys te ontdek en te verklaar.
- ’n Verdere aanname wat uit die kennissosiologie kom, is dat Bybelse tekste en hulle perspektiewe sowel sosiaal as histories en religieus bepaald is.
- Die sosiale faktore wat ’n Bybelse teks bepaal, is dikwels meer implisiet as eksplisiet, of dit word selektief vermeld.
- Die sosiologiese eksegetiese werk minder met die konvensionele korrelasie van vorm en “Sitz im Leben” en meer met die korrelasie van situasie en strategie.

- Die fokus op strategie vestig die aandag op die selfbelange wat die komposisie en oordrag van die teks motiveer.
- 'n Sosiologiese eksegeese openbaar 'n sensitiwiteit vir die wyse waarop groepsbelange gereflekteer word en vir die dokumente wat sodanige belange weerspieël of gelei het tot die formulering van 'n kollektiewe vroeë Christelike ideologie of miskien selfs kontrasterende ideologieë.
- Dit moet in ag geneem word dat die eksegeet, nie minder as die Bybelse skrywers nie, deur sy eie sosiale en psigologiese ervarings gevorm word.

Vos (1996:21) is reg as hy skryf dat soos met enige werkswyse is daar waardevolle momente in die sosiologiese benadering, want dit help om ons oë vir die sosiale, historiese en godsdienstige aard van die Bybelteks te open.

### 3.5.5 Diakroniese opmerkings

Die benadering wat hom op die wording van die teks toespits word diachronie genoem. Dit fokus op daardie prosesse wat "agter die skerms" aan die werk was en meegehelp het om die teks in sy huidige vorm te "produseer".<sup>25</sup> Die diakroniese benadering is "A study or analysis concerns itself with the evolution and change over time of that which is studied; it is roughly equivalent to historical. Thus diachronic linguistics is also known as historical linguistics". Rolspelers by hierdie benadering is Bernard en Bultmann wat daarop wys dat die afskeidsgesprekke hulle oorspronklike bladsy-nommering verloor het en dat 'n herorganiserings nodig is van die inhoud om sin te maak. Die historiese wording van die teks is belangrik en word diachronies nagespeur waar die teksverloop en teks-ontwikkeling voorop staan (Vos, 1996:9). Daar is ook 'n tweede mening dat die materiaal van die afskeidsgesprekke 'n rekord is van veranderde historiese omstandighede betreffende die Johannese gemeenskap. Die rou-vorm van die afskeidsgesprekke is as gevolg van akkreditasies van veelvoudige redaksionele

---

<sup>25</sup> H.C. van Zyl, Artikel in SKRIF EN KERK Jrg 9(1) 1988, MATTEUS 18:15-20: 'n Diachroniese en sinchroniese ondersoek met besondere verwysing na kerklike dissipline.



evaluering. Hierdie redaksionele evaluering kon insluit die versameling van data vir die kerk of nuwe geskrewe dokumente as gevolg van die veranderde bedreigde omstandighede van die gelowiges deur die ontwikkelings-fases.

Painter (1978) is ook van mening dat die skrywer van die afskeidsgesprekke dieselfde persoon is, maar dat hy dit gedoen het in kleiner eenhede. Hy glo ook dat die samestelling van die afskeidsgesprekke oor 'n tydperk geskied het volgens die ontwikkeling van die Johannese samelewing. Die eerste periode was tekenend daarvan dat daar 'n begeerte was vir 'n intieme verhouding met Jesus Christus, daarom Joh.13-14 gevolg deur Joh.18-20; die doel van die gesprek was om die klem te laat val op die Parakletos in Joh.14 wat die geloofsgemeenskap moes bemoedig om die vertraging van Jesus se terugkoms positief te verwerk deur te luister na die begeleiding van die Heilige Gees; Joh.15-17 het dalk bestaan maar was nog nie deel van die afskeidsgesprekke nie. Alhoewel Painter se hipoteses aanloklik lyk ten opsigte van die siklusse van die Johannese gemeenskap in haar historiese behoefte het hierdie hipotese sekere beperkings, naamlik:

- dit verduidelik nie genoegsaam hoe die afskeidsgesprekke as enkele gebeurtenis deur dieselfde outeur verskillend weergegee word nie;
- dit bevestig ook nie hoekom sy reëling beter is as enige ander voorstelling vir die afskeidsgesprekke nie;
- tog help sy siening om begrip te hê vir die literêre verdeling asook 'n realistiese interpretasie vir die vloei van die afskeidsgesprekke soos dit is.

Pryor (1992:103) sluit hierby aan en deel die afskeidsgesprekke soos volg:

- Voorspel Joh.13:1-20;
- Verdere dialoog en verraai en weggaan Joh.13:21-38;
- Gesprek Joh.1:14:1-31;
- Gesprek Joh.2:15:1-17; 15:18-16:4a;

- Gesprek Joh.3:16:4b-33 en
- Gebed Joh.17:1-26.

Die afskeidsgesprekke is volgens hom 'n saamgestelde geheel, maar verwerp enige hersamestelling van die gesprekke. Hy maak die gevolgtrekking dat:

“in chapters 13-17 we are presented with a self-consciously integrated whole discourse, which, like Deuteronomy, is the farewell word of the mediator of the covenant to the people of God. It gives teaching, instruction and encouragement for the covenant people in their life after the departure of Jesus. But the whole is actually a bringing together of units and discourses, from the same author, which were originally separate. Modification has taken place for the purpose of integration into the gospel”.

### 3.5.6 Sinchroniese opmerkings

Sinchronie daarenteen konsentreer op die teks in sy huidige vorm. Alles wat op 'n spesifieke kommunikasiemoment van die teks meewerk om die kommunikasie te konstitueer, kan onder sinchronie tuisgebring word. So gesien is daar drie kringe van ondersoek wat ter sprake kom: die literêre, historiese en teologiese situering van die teks. Dit hou 'n tweeledige benadering tot die teks in: 'n enger een wat suiwer na die literêre prosesse binne die teks vra en 'n wyer een wat relevante buitetekstuele gegewens in berekening bring.<sup>26</sup> Die sinkroniese benadering is, “a study or analysis, in contrast, limits its concern to a particular moment of time. Thus synchronic linguistics takes a language as a working system at a particular point in time without concern for how it has developed to its present state”.

Die sinkroniese staan teenoor diakroniese in die sin dat dit die teks soos dit tans is, volkome aanvaar. Uit bogenoemde volg 'n aantal sieninge ten opsigte van Jesus se afskeidsgesprekke:

- Ashton praat van die “narrative criticism” as interpretasie.
- Geen probleem met die teks soos dit is nie, want Jesus sou homself herhaal het in die gesprek ten opsigte van woorde sowel as temas.
- Die oproep om te vertrek in Joh.14:31 beteken dat Joh. 15 en 16 bespreek is as voorbereiding vir die tog wat op hulle wag.

---

<sup>26</sup> H.C. van Zyl, Artikel in SKRIF EN KERK Jrg 9(1) 1988, MATTEUS 18:15-20: 'n Diachroniese en sinchroniese ondersoek met besondere verwysing na kerklike dissipline.

- Dit gaan meer om die “intellectual” en “spiritual” – vordering in die gesprek – Brodie (1993:437-440) se verduideliking maak sin, naamlik:

“although the command to rise and leave at the end of John 14:31 could be viewed merely as the abrupt conclusion of an earlier textual source, no editor who takes the time to put together such a focused collection of teachings would permit it to stay at that point in the finished product. It would be far easier, says Brodie, to move that phrase to either the end of chapter 16 or the end of chapter 17, as long as pieces were being stitched together anyway”.

### 3.6 Die eksegesi van verkose gedeeltes in die afskeidsgesprekke van Jesus

#### 3.6.1 Inleiding

Omdat hierdie studie hom besig hou met, ‘Die prediking as ’n prakties-homiletiese strategie in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker tot lewensin en lewensvreugde’, is dit belangrik om kennis te neem van Smit (1987:11) se opmerking dat, die meeste predikers van die Christelike evangelie daarmee saamstem, dat daar basies twee aspekte verbonde is aan die verkondiging, te wete (i) die evangelie en (ii) dat dit lewend verkondig moet word. Dus gaan dit om die dubbele aspek, naamlik die teks uit die verlede aan die een kant en die konteks van die hede aan die ander kant. Hy stel dit so goed as hy skryf dat die verkondiging moet saaklik wees, dit wil sê getrou aan die teks en verstaanbaar en betekenisvol vir die huidige konteks. Die Nuwe Testament het ontstaan in, en dra die tekens van ander kulturele en sosiale omstandighede as in die byna een-en-twintigste eeuse Suid-Afrika (Van Rensburg, 2000:564).

Die krag van die Nuwe-Testamentiese word eers besef wanneer die woorde en begrippe verstaan word en daar vasgestel word wat die dokument waarskynlik in die tyd van sy ontstaan beteken (Van Unnik, 1980:203). 'n Geldige konstruksie van die waarskynlike sosio-historiese konteks moet dus gemaak word. Hierdie op reis gaan met die teks behels volgens Smit (1997:19-47) die volgende fases:

- Om die teks te verstaan vra die leser historiese vrae, dit wil sê vrae na die oorspronklike en korrekte teks; grammatiese vrae, dit wil sê wat beteken die woorde en uitdrukkings in die sinne en

literêre vrae, dit wil sê wat is die genre, konteks en struktuur en benaderings ten opsigte van die teks?

- Om die teks te verstaan word daar nou vrae gevra om in die verstaans-wêreld van die teks te kom; hoe het die sosiale en kulturele praktyke van daardie tyd gelyk en hoe het sosiaal-historiese prosesse van daardie tyd verloop en watter sosio-logiese teorieë was aan die orde van die dag?
- Om die teks beter te verstaan moet die wêreld wat voor die teks lê begryp word en dit mag beteken dat daar met die teks se betekenisvolheid vir hier en nou deeglik rekening gehou moet word.
- Om die teks beter te verstaan moet die leser 'n agterdochtige houding openbaar en vasstel of die manier waarop die teks hanteer is, goed toegepas is op die relevante skrifgedeelte.
- Om die teks beter te verstaan gaan daarvoor of hierdie teks iets verklaar of iets verstaan het; dit wil sê om die verskil tussen verklaar en verstaan te begryp, verklaar is die objektiewe beskryf van die ervaring om met die teks om te gaan, verstaan aan die ander kant gaan daarvoor om lief te kry, dit is om gegryp te word in plaas van begryp te word.
- Om die teks beter te verstaan gaan daarvoor of dit die mens binne sy of haar lewensituasie raak en aanspreek. Die konteks waarbinne die mens geraak word speel 'n belangrike rol, maar daar moet gewaak word teen die twee uiterstes: (i) dat die hoorders-en leserskonteks nie gladweg onder een noemer gebring kan word nie en (ii) dat die konteks van die hoorder nie die skopus van die teks mag oorheers nie.

Die hantering van die sosio-historiese konteks in die interpretasieproses kan volgens Van Rensburg (2000:564-565) etlike teoretiese en praktiese probleme oplewer, naamlik:

- Enersyds was daar vir byna 'n eeu die neiging om hierdie data te sien as bloot die "kultuur-historiese agtergrond" van die Nuwe

Testament, wat niks meer is as die (dooie) "dekor" van die dinamiese gebeure wat in die Nuwe Testament beskryf is nie.

- Andersyds is daar weer dikwels die neiging om tot 'n ander uiterste oor te gaan. Elliott (1981:21) stel byvoorbeeld dat elke Nuwe-Testamentiese boek "like all documents of the early Christian movement, is a product of and a contribution toward a social world in the making".
- 'n Derde probleem: die wyse waarop in die interpretasieproses met die sosio-historiese gegewens van die eerste eeu omgegaan word, het beslissende implikasies vir die wyse waarop die sosiale en politieke gegewens van die huidige tyd in die toepassing van die boodskap vir vandag verreken word.

### 3.6.2 Doel met die eksegeese van die afskeidsgesprekke van Jesus

#### 3.6.2.1 Vrae

Die doel met die eksegeese is om te kyk hoe sosio-historiese gegewens van die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13-17) in die interpretasieproses deur die prediker binne die gereformeerde tradisie verreken kan word. Om hierdie doel te bereik, moet die eksegeese help om die volgende teoretiese vrae aangaande die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13-17) te beantwoord:

1. Wat is die verskil tussen 'n "agtergrond"- en 'n "konteks" benadering, en die gronde vir voorkeur van die konteksbenadering?
2. Wat is die verskil tussen die sosio-historiese en die sosio-wetenskaplike benadering, en die gronde vir voorkeur van die sosio-historiese benadering?
3. Wat is die verskil tussen 'n "emic" en 'n "etic" benadering en die gronde vir voorkeur van 'n emiese benadering?

4. Wat is die aard van die bronne vir die bepaling van die buite-tekstuele konteks van 'n Nuwe-Testamentiese boek en waarom is daar voorkeur vir die literêre bronne?
5. Vanuit watter teologiese perspektief word die hantering van die sosio-historiese gedoen? En spesifiek: wat is die verhouding tussen die Bybelteks en ander bronne?
6. Vir watter teksbeskouing is daar voorkeur en waarom?
7. Vir watter samelewingsbeskouing is daar voorkeur en waarom?
8. Wat is die beginsels vir die interpretasie van 'n Bybelboek vir die sosiale en politieke konteks van vandag?

#### 3.6.2.2 Bespreking

Vervolgens word bogenoemde vrae (1-8) aan die orde gestel met 'n kort verduideliking vir die voorkeure ten opsigte van hierdie studie.

1. Die agtergrondbenadering en konteksbenadering werk met dieselfde buite-tekstuele gegewens, naamlik: die sosiale en politieke omstandighede van die tydvak waarin die betrokke boek ontstaan het. Dit verskil egter in die wyse waarop daardie gegewens by die verstaan van die betrokke boek hanteer word. Wanneer iemand egter na die sosiale en politieke gegewens met betrekking tot die Nuwe Testament verwys as die "kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament", is dit gewoonlik tekenend daarvan dat sodanige persoon hierdie gegewens (ten minste in die praktyk van interpretasie) as dooie agtergrond hanteer, soos die dekor in 'n teater. Volgens hierdie benadering gee 'n Nuwe-Testamentiese boek die aksie op die verhoog weer, en die sosiale en politieke gegewens is die dooie dekor. Daar is geen werklike interaksie tussen die gebeure op die verhoog en die dekor nie. Die dekor gee 'n bietjie reliëf, maar die enigste dinamika is onder die karakters in die opvoering. Hierdie karakters verwys wel na die agtergrond, na dinge in die dekor, maar daardie dekor bly dood. Die

sosio-historiese gegewens word nie regtig in die interpretasie-proses hanteer nie, maar word bloot as agtergrond gebruik.

Hierteenoor is die konteksbenadering meer soos 'n film oor dieselfde gebeure. Die sosiale en politieke omstandighede is nou nie meer dooie "props" op die "verhoog" nie, maar deel van die dinamiese gebeure op die "verhoog". Dit impliseer die volgende, naamlik:

- Waar die agtergrond van 'n Bybelboek die "backdrop" van die boek aandui, dui die konteks van die boek presies aan wat die woord konteks beteken: die gebeure in die boek word beskou as verweef met die sosiale en politieke werklikhede van daardie era. Die dissipels word gesien as deel van 'n dinamiese samelewing; ook as groep is die dissipels met hierdie samelewing in interaksie.
- Waar by die agtergrondbenadering die boek geïnterpreteer word teen die agtergrond van die sosiale en politieke gegewens, interpreteer die konteks-benadering die boek binne die konteks van die hierdie gegewens, of nog duideliker gesê: in terme van hierdie gegewens.
- Waar daar by die agtergrondbenadering in die interpretasie-praktyk 'n isolasie is van die gebeure in die boek, beskou die konteksbenadering die gebeure in die boek as geïntegreerd deel van die volledige buite-tekstuele konteks van die boek.

Toegepas op die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13-17) beteken dit dat Jesus se aardse optrede nader sy einde en in hierdie gedeelte is Jesus besig om afskeid te neem van sy dissipels. Hierdie gedeelte Joh.13-17 staan bekend as die afskeidsgesprekke van Jesus. Afskeidsgesprekke was nie 'n onbekende gebruik by mense in die antieke tyd nie, en daarom kom die literêre vorm van Jesus se afskeidsgesprekke (Joh.13:31--17:26) ooreen met die van die antieke tyd (Brown, 1970:598; Talbert, 1992:200).

2. Die sosio-wetenskaplike benadering en die sosio-historiese benadering werk met dieselfde buite-tekstuele gegewens: die sosiale en politieke omstandighede van die tydvak waarin die betrokke boek ontstaan het. Die verskil lê egter in die metodes wat gebruik word om daardie gegewens by die konstruksie van die buite-tekstuele konteks van die betrokke Bybelboek te verreken. Vanuit 'n sekere hoek bekyk vorm die suiwer sosio-wetenskaplike benadering en die suiwer sosio-historiese benadering die twee uiterste pole van 'n kontinuum. Elke persoon wat navorsing doen oor die sosio-historiese konteks van 'n Bybelboek, bevind hom of haar êrens op hierdie kontinuum: dit neig nader na die suiwer sosio-wetenskaplike, of nader aan die suiwer sosio-historiese. Die volgende bied 'n oorsigtelike tipering van hierdie twee pole:

- By die sosiaal-wetenskaplike benadering funksioneer die uitgangspunte van die sosiaal-wetenskaplike dissiplines as vertrekpunte, terwyl die sosio-historiese benadering teologies bly, maar met die gebruikmaking van resultate van die sosiaal-wetenskaplike dissiplines.
- Die sosiaal-wetenskaplike benadering is sosiologies, terwyl die sosio-historiese benadering sosiaal is. Dit hou onder andere in dat, in die konstruksie van die sosio-historiese konteks van die betrokke Bybelboek, die sosiaal-wetenskaplike benadering op sosiologiese teorieë (daargestel op grond van navorsing van huidige sosiale verskynsels) konsentreer, terwyl die sosio-historiese benadering op die sosiale verskynsels van die eerste eeu konsentreer. Die voorkeur benadering vir hierdie studie is die sosio-historiese benadering. Dit word verryk deur die vrae wat sosiaal-wetenskaplikes vra en die resultate van die modelle wat hulle gebruik.
- Die "suiwer" sosio-historiese metode gaan mank daaraan dat die beoefenaar in teorie-vergetelheid verkeer: daar word op 'n intuïtiewe wyse met die sosiale gegewens



gewerk, asof dit moontlik is om teorie vry te werk. Intussen word nie teorie vry gewerk nie, maar met 'n intuïtiewe en naïewe teorie, nie gedefinieerd en ongetoets.

- Die "suiwer" sosiaal-wetenskaplike metode gaan weer daaraan mank dat die beoefenaar se fokus eensydig ingestel is op temporêre teorieë en modelle, en dat die gegewens uit die tydvak van die betrokke boek sekondêr hanteer word.

Daarom die voorkeur vir 'n sosiaal-wetenskaplik verrykte sosio-historiese benadering.

3. Die onderskeiding emies/eties ("emic/etic") is vanuit die linguistiek ook op die terrein van die sosio-historiese navorsing van toepassing gemaak.

- 'n Emiese benadering laat die klem val op die situasie van destyds. Data en verskynsels word beskryf in terme van die funksies binne die destydse samelewing. Die data en verskynsels dikteer as 't ware die ondersoek.
- 'n Etiese benadering wil ook die situasie van destyds bestudeer, maar dan in terme van teorieë en modelle wat in die huidige tyd ontwikkel is op grond van data en verskynsels in huidige samelewings. Die ondersoek word gedikteer deur die betrokke teorie/ model.

Uit bogenoemde beskrywing is dit duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike benadering wesenlik eties is, en die sosio-historiese wesenlik emies. Die voorkeur keuse vir hierdie studie is vir 'n emiese benadering, 'n poging om deurdrenk te raak met die data en verskynsels uit die era van die betrokke boek, sonder om met 'n vooropgesette teorie of model na die data en die verskynsels te kyk.

4. Die hoofbronne vir die sosiale konstruksie van die vroeë Christendom is literêr (Malherbe, 1983:15). Insigte uit argeologiese data word dus, soos die geval is met moderne sosiologiese teorieë, as sekondêr hanteer. MacMullen (1981:206) beklemtoon tereg dat dit belangrik is om eerstehands met die ander, dit wil se nie-Christelike bronne, te werk. Dit is belangrik om te weet wat nie-Christene geglo en gedink het, want "to ignore the prior views of converts or to depict the mission as operating on a clean slate is bound to strike an historian as very odd indeed." Daar is ongelukkig geen bronne van nie-Christene uit die eerste eeu waarin hulle hulle siening van Christene uiteensit nie (vgl. Malherbe, 1983:21). In die konstruksie van die sosio-historiese konteks moet dus rekening gehou word daarmee dat daar hoofsaaklik vier kategorieë getuïenis is:

- Direkte verwysings in die Nuwe-Testamentiese boeke na die sosiale omstandighede;
- Opmerkings in die Nuwe-Testamentiese boeke waaruit bepaalde afleidings oor die sosiale omstandighede gemaak kan word;
- Direkte verwysings in ander literêre bronne oor die tersaaklike sosiale omstandighede;
- Opmerkings in die ander literêre bronne waaruit afleidings oor die tersaaklike sosiale omstandighede gemaak kan word.

Die werkmethode hou dus in dat inligting uit die betrokke Bybelboek gebruik word en gekorreleer word met historiese en sosiale data en om-gekeerd. Die oogmerk van dit alles is 'n geldige konstruksie van die buite-tekstuele konteks van die betrokke boek, in terme waarvan die interpretasie van die boek of perikoop dan gedoen kan word.

5. Geen interpretasie kan sonder voorveronderstellings gedoen word nie. In plaas daarvan om die bestaan van voorveronderstellings te ontken, of op 'n objektiewe verklaring te roem, moet die eie teologiese tradisie

duidelik vermeld word. Verder moet daar ook 'n teoretiese en praktiese aanduiding wees van die implikasies van hierdie teologiese perspektief. Die veronderstelde teologiese perspektief is dat elke Bybelboek deel uitmaak van die bundel boeke, die Ou en Nuwe Testament, wat kanonies en gesag besit vir die gelowige se verhouding met God en sy naaste (vgl. Heyns, 1988:62-112). Die betrokke Bybelboek is meer as net die produk van 'n bydrae of 'n wordende sosiale wêreld.

'n "Vertikale faktor" 'is by die ontstaan van hierdie boeke betrokke, naamlik God Drie-enig. Hy gebruik onder andere die sosiale omstandighede om nuwe fasette van die openbaring van Sy wil tot uitdrukking te laat kom, om so vir die geslagte daarna - en dus ook vir ons - gedragskodes vir meerdere konkrete situasies daar te stel en te wys hoe geopenbaarde beginsels in verskillende sosiale en politieke situasies toegepas moet word.

6. Dit is belangrik dat die navorser uitspel wat sy/haar teksbeskouing is en ook prakties en teoreties die implikasie van daardie beskouing verreken. Die teks van 'n dokument is nie 'n blote outonome artefak wat self referensieel en dus outosemanties is nie, maar aan die ander kant is die teks ook nie 'n blote teken-sisteem wat deur die leser geaktiveer word nie .

- Indien die artefak-standpunt gehandhaaf sou word, lê daar 'n weerspreking in die oogmerk met die studie. As 'n mens immers net belangstel in die teks en wat die teks sê (en ook glo dat die teks self alles sê, en dat dit bloot op grond van die teks self bepaalbaar is), sou die bestudering van die buite-tekstuele konteks van 'n boek nie ter sake wees nie. Dit sou voldoende wees om bloot net met die teks van die betrokke boek te werk.
- Aan die ander kant, indien die teken-sisteembeskouing gehandhaaf sou word, bots dit weer met die teologiese uitgangspunt dat God met die teks 'n bepaalde boodskap kommunikeer, sowel destyds aan die eerste hoorders en

lesers, as vandag aan die huidige hoorders en lesers. Volgens die tekensisteem-standpunt ken die leser betekenis aan die teks toe, en dra die teks nie self daar-die betekenis nie.

Die uitgangspunt is dat die teks self betekenis het, en dat dit die verantwoordelikheid van die leser is om deur die gebruikmaking van geldige wetenskaplike metodes en met die duidelike uitspel van sy of haar vooronderstellings, daarna streef om die boodskap van die teks te formuleer. Hierdie teksbeskouing het dus komponente van sowel die artefak standpunt as die teken-sisteem standpunt; dit is in 'n sekere sin 'n kombinasie daarvan, daarom dat die teks gesien word as 'n kommunikasiehandeling.

7. Enige konstruksie van die buite-tekstuele konteks van 'n Bybelboek, kan nie net op stelle data gebaseer word nie, maar ook op konsepsies van hoe hierdie data onderling met mekaar verband hou. Daarom is dit noodsaaklik dat die sosiale teorie waarmee die data geïnterpreteer word, uitgespel word, sodat die navorser se interpretasie van die data teen die agtergrond van en met verwysing na sy samelewingsbeskouing geëvalueer kan word. Die model help om die data te organiseer sodat suksesvol veralgemeen kan word. Alhoewel die oogmerk juis is om nie sosiaal-wetenskaplik te werk te gaan nie, en ook nie in die eerste plek om op grond van die data te veralgemeen nie, is dit tog belangrik dat uitgespel word binne watter raamwerk data ontgin en geïnterpreteer word.

Een van die noodsaaklike toetse vir 'n goeie model is dat dit al die tersaaklike data huisves. Verder moet dit nie voorskriftelik wees nie (Balch, 1986:79; Meeks, 1983:5). In navolging van Meeks (1983:6) word die samelewing beskou as 'n proses waar-binne persoonlike identiteit en sosiale vorme wedersyds en voortdurend deur interaksie (wat deur middel van simbole plaasvind) geskep word. Ook godsdiens is 'n integrale deel van die kultuurnetwerk.

8. 'n Verdere uitgangspunt, anders as by Meeks, is dat die Christelike godsdiens nie bloot 'n sosiale verskynsel is nie; daar is 'n vertikale dimensie by, naamlik daarin dat God die inisiatief neem, en dat Hy sy wil deur middel van die geskifte wat die kerke mettertyd as kanoniese geskifte erken het, bekend maak. Die feit dat hierdie vertikale dimensie nie (socio-histories) bestudeer kan word nie, neem nie weg dat die veronderstelling van die bestaan daarvan 'n groot effek het, veral op die wyse waarop data in die teks van die Nuwe-Testamentiese boeke hanteer word, asook data uit ander bronne.

### 3.6.2.3 Samevatting

Die sosio-historiese konteks van 'n Nuwe-Testamentiese boek kan effektief deur die bedienaar van die Woord in die reformatoriese tradisie in die interpretasie proses verreken word, wanneer daar biddend gepoog word om aan die volgende voorwaardes te voldoen:

- Wanneer die konteksbenadering (en nie die agtergrondbenadering) nie, die sosio-historiese benadering (en nie die sosio-wetenskaplike benadering), en 'n emiese benadering (en nie 'n etiese benadering) nie, gevolg word.
- Wanneer sowel die boeke van die Bybel as buite-Bybelse literêre bronne vir die bepaling van die buite-tekstuele konteks van 'n Nuwe-Testamentiese boek gebruik word en inligting uit nie-literêre bronne ook sekondêr verreken word.
- Wanneer die Gereformeerde teologiese perspektief nie net bely word nie, maar bewustelik in die interpretasieproses verreken word.
- Wanneer die teks gesien word as 'n kommunikasie-handeling, dit wil sê tegelyk 'n artefak en 'n teken-sisteem.
- Wanneer die samelewing (van destyds en vandag) gesien word as 'n proses waarbinne persoonlike identiteit en sosiale vorme wedersyds en voortdurend deur interaksie (wat deur middel van

simbole plaasvind) geskep word, met godsdien as 'n integrale deel van die kultuurnetwerk.

- Wanneer die sosiale en politieke omstandighede van die betrokke Bybelboek geldig gekonstrueer is en skerp en akkuraat bepaal is.

Die lees op hierdie manier van die afskeidsgesprekke van Jesus neem 'n ander karakter en betekenis aan as wat die geval sou wees by 'n liniêre lees. Johannes 15:1-17 wat handel oor "Jesus is die ware wynstok" vorm die "apex" van die afskeidsgesprekke (Joh.13-17) en hieruit ontwikkel die res van hierdie gesprek. Die "bly in My" (Joh.15:4) vorm dan die sentrale tema, waar om die ander temas soos onder andere, die uitlewering van Jesus deur Judas, Jesus se weggaan, die belofte van die Heilige Gees en die aard van die dissipels se interaksie met die vyandige wêreld ontwikkel. Elkeen van hierdie temas word 'n verlengstuk van die "abide with me" opdrag, wat die betekenis en implikasies van hierdie "abide with me" op verskillende vlakke in die gesprek uitspeel.

Brouwer (1999:22) maak die volgende gevolgtrekking, "If union with Jesus is the organising theme of the discourse, the disciples enter the discourse through a visible expression of Jesus' desire for the intimacy, and leave with a spiritual expression of that same desire". Jesus se fokus was tot en met hierdie tyd op die skare, nou wend hy hom tot die binnekring van sy volgelinge, naamlik die dissipels; hierop volg Jesus se gevangeneeming, verhoor, kruisiging en opstanding. Hierdie gesprekke met sy dissipels staan ook bekend as 'die boek van die woorde', waar die eerste gedeelte bekend was as 'die boek van die tekens'. Jesus openbaar sy heerlikheid nie in die tekens nie, maar in die intieme gesprek en daarna deur sy oorwinning oor die dood en die graf.

Die ondertoon van die gesprek is die versekering dat Jesus nie die dissipels alleen sal laat nie, al gaan hy weg. Die waarborg hiervan lê in Jesus se verbondenheid met die dissipels, asook sy liefde en eenheid

met hulle en met die Parakleet, hierdie verbondenheid word bevestig met Jesus se gebed aan die einde. Johannes laat sekere dele uit, die rede is om die aandag te laat val op die afskeidsgesprek van Jesus. Heelwat inligting kan verkry word uit hierdie geografiese profiel, naamlik: (i) Net Jesus en Sy dissipels is bymekaar; (ii) Die mense saam met Jesus ken hom en volg hom; (iii) Die situasie is bietjie gespanne – verraaier word aangewys; (iv) Almal kom uit dieselfde agtergrond, maar tog divers soos byvoorbeeld vissers, tollenaars ensovoorts en (v) Die mense saam met Jesus is met die hand uitgesoek.

Dieselfde geld vir die sosiale profiel, naamlik: (i) Die mense wat geroep is deur Jesus – kom uit die mense wat op voetsoolvlak lewe en alles gelos het, om Jesus te volg; (ii) Almal Jode wat gereageer het op Jesus se roepstem – dalk 'n sekte; (iii) Mense wat aangespreek en geraak is en wat verander is deur die optrede van Jesus; (iv) Mense in die proses om gevorm te word en bekwaam gemaak te word as volgelingen van Jesus; (v) Hulle ken Jesus en (vi) Die situasie is ietwat gespanne as gevolg van die kruisiging wat gaan plaasvind en daarom is die klein groepie saam met Jesus skrikkerig. Die teks staan ook nie alleen nie, want daar is ook 'n wêreld wat deur die teks geskets word. Dus is die vasstelling van 'n strategie vanuit die etiese belangrik om 'n gepaste model daar te stel wat werkbaar is binne hierdie strategie. Die strategie word beïnvloed deur: (i) die diversiteit raak te sien, (ii) die groep se kohesie en gees aan te blaas en (iii) te verseker dat alles in plek is deur dit te toets, hoop te bring deur die onderlinge verhoudings en die versekering dat die Heilige Gees teenwoordig is en sodoende die dissipels van Jesus te wees in hierdie wêreld.

### 3.7 Eksegese van verkose gedeeltes van die afskeidsgesprek van Jesus

#### 3.7.1 Inleiding

Daar word geen aanspraak gemaak dat die gedeeltes wat gekies is vir die doel van hierdie studie die alfa en die omega is nie, maar wat dit wel is, is dat daar uit die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels raakpunte is waarmee die mens wat met kanker saamleef, kan identifiseer. Die tyd het vir Jesus aangebreek waar hy dinge vir sy dissipels in perspektief moet plaas en moet sorg dat die goeie wat die Vader in hom begin het, voortgesit moet word asook dat dit volhoubaar moet wees, totdat Jesus weer terugkeer om sy sending volgens die wil van sy Vader finaal af te handel. Hierdie dinge kan nie in die lug hang nie en moet sekerlik iewers op die grond kom en oorgedra word, sodat die wat agterbly en wel bereid is om hiermee voort te gaan, ingelig en gereed kan wees vir dit wat in die toekoms op hulle wag. Niemand los en verlaat sommer eensklaps sy handewerk nie, veral nie dit waaraan soveel tyd en toewyding gegee is nie, behalwe as die mening gehuldig word dat dit wat gebeur het nie belangrik en nie nodig was nie. Daarom verdwyn Jesus nie net sommer eensklaps van die toneel af nie, want dit wat hy kom doen het en bereid was om te doen, was iets besonder, dit was God bedoeld. Die besonderse van hierdie daad van Jesus lê daarin dat dit totaal anders is as die gewone waaraan die wêreld se mense so gewoon geraak het. Daar word deeglik van die afskeidsgesprekke van Jesus verslag gedoen in kommentare, waar dit indringend hanteer en bespreek word, sien die kommentare van Bultmann (1966), Brown (1970), Schnackenburg (1975), Du Rand (1979), Culpepper (1983), Ridderbos (1997), Waetjen (2005), Köstenberger (2006) en Stevic (2011).



### 3.7.2 Die interaksie tussen die “implied author” en die “implied reader”

#### 3.7.2.1 Inleiding

Die bespreking van die interaksie tussen die “implied author” en die “implied reader” is belangrik, omdat dit vir die lesers van vandag baie te sê het. Staley’s se woorde soos aangehaal deur Tolmie (1995:190) bevat iets hiervan, naamlik:

“While the implied author knows the text forward and backward, the implied reader only has knowledge of what has been read up to the given moment. It is thus encoded in the unidirectional, forward movement of the text, and as such, does not know what word comes next in the text, nor does it stop reading until the narrative is ended. Although the implied reader has a perfect knowledge and memory of what has been read, it is nevertheless limited by its temporal status”.

3.7.2.2 Die interaksie tussen die “implied author” en “implied reader” vir die doeleindes van hierdie studie verg nie ‘n woord vir woord bespreking nie, maar eerder ‘n bondige samevatting daarvan. By wyse van die interaksie tussen die “implied author” en “implied reader” is die volgende reeds behaal in die Johannes-evangelie, naamlik:

- Die “implied reader” is reeds ingelei in die intrige van die Johannes-evangelie, waar dit basies draai om die indentiteit van Jesus en die reaksie van die mense teenoor hom;
- Die “implied reader” is ook reeds daarvan bewus dat die verhaal van Jesus besig is om die finale stadium binne te gaan;
- Die eerste twaalf hoofstukke van die Johannes-evangelie het reeds aan die “implied reader” gebeurtenisse openbaar wat in die toekoms gaan gebeur.

Die begeleiding van die “implied reader” is daarop gerig om eerstens te sien dat Jesus die Christus is, die Seun van God en tweedens dat as gevolg daarvan dissipelskap ‘n integrale deel daarvan vorm. Du Rand (1979:17) bevestig bogenoemde met die opmerking, “... dit is belangrik om daarop te let dat die groot gedagtes van hoofstuk 13 afspeel teen die agtergrond van die betekenis van dissipelskap. Die dissipels se sinvolle agterbly nadat Jesus vertrek het, hang ten nouste saam met

die inhoud van hulle dissipelskap en die konkretisering daarvan in hulle optrede. Ware dissipelskap en negatiewe (mislukte) dissipelskap word ritmies met mekaar konstateer”.

Die voorbeeld hiervan is die volgende:

<b>Voorbeeld van ware dissipelskap</b>	<b>Uitbeelding van negatiewe dissipelskap</b>
Voetewassing deur Jesus Die nuwe opdrag om lief te hê	Judas se verrraad Petrus se verloëning

Skemas mag nooit verabsoluteer word nie, maar dit help beslis om die breër verband beter te begryp. Jesus se openbare bediening is met ongeloof en haat begroet deur die Jode. Voordat Jesus sou sterwe, het Hy homself op ‘n besondere wyse vir sy dissipels die gordyn weggetrek en vir hulle iets laat oop gaan rondom sy gestuur wees na hierdie wêreld deur Sy Vader.

### 3.7.2.3 Eksegetiese opmerkings oor die gedeeltes:

#### 3.7.2.3.1 Joh.13:1-30: Afskeidsgesprekke: voetewassing; aanwys van verraaier; maaltyd.

##### (1) Die voetewassing

Die “implied author” se aanslag verander in hierdie gedeelte; die verteller word gebruik om die “implied reader” kernagtig op hoogte te bring oor gebeurtenisse wat in die toekoms gaan gebeur. Hierdie gebeurtenisse sluit die volgende in: die kronologiese verloop van gebeurtenisse, waar Jesus opweg is na die kruis as gevolg van sy identiteit as die Christus, die seun van God. Die uur van Jesus se terugkeer na die Vader het ook aangebreek en weereens word daar gesinspeel op Jesus se identiteit as die Christus, omdat hy wis wat in die toekoms gaan gebeur asook sy liefde vir sy dissipels. Die “implied reader” moet dit wat gebeur na waarde oordeel, maar juis dat Jesus se

terugkeer na die Vader nie 'n katastrofe is nie, maar juis deel van sy verheerliking is en 'n bewys van sy liefde vir sy dissipels.

Die voetwassing is 'n belangrike aktiwiteit en hierdeur word die "implied reader" gewys op 'n aantal belangrike idees, soos byvoorbeeld die aanduiding van die lokale opset dat alles gebeur om 'n maaltyd. Die fokus val op Judas, sy verraad teenoor Jesus en dit terwyl hy saam met Jesus is; die "implied reader" moet dit evalueer. Hierdie ontnugterende informasie moet die "implied reader" help om te sien die verskil tussen ware dissipelskap en valse dissipelskap is 'n haarbreedte. Maar die "implied reader" word weer bewus gemaak dat Jesus weet wat aan die gebeur is en dat hy weet sy Vader het alles in sy mag gegee, Jesus is in beheer. Die intimiteit word beklemtoon en die feit dat net Jesus en sy dissipels teenwoordig is en niemand anders nie.

Deur die voetwassing wil die "implied author" die "implied reader" inlei in drie belangrike konsepte, naamlik om gewas te wees deur Jesus, om deel te hê aan Jesus en 'n toekomstige gebeurtenis. Du Rand (1979:44-45) wys op die verskillende groeperinge se interpretasies van die voetwassing, onder andere (i) sakramentale betekenis wat vrae dat dit daaglikse gedoen moet word met die oog op die afwassing van sondes; (ii) voorbeeld van nederigheid wat eksemplaries gedemonstreer word, nie as nabootsing nie, maar as navolging en (iii) soteriologiese simboliek waar die kruisiging versimboliseer word as die kruis waarom alles draai en of die dissipels hierop gaan inkoop en of hulle bereid sal wees om die kruis te dra, wat Jesus gaan dra, ter wille van sondaarmense.

Die voetwassing verwys na Jesus se weggaan, sy kruisdood en sy opstanding en om hieraan deel te kry moet Jesus jou voete was. Jesus se weggaan beklemtoon dat sy daad 'n daad van liefde is en essensieel om hieraan deel te hê. Die

voetwassing het ook ten doel om die “implied reader” daarop te wys dat dissipelskap is twee kante van dieselfde munt, dit wil sê as dissipel word daar sekere dinge vir jou gedoen en aan die anderkant moet jy as dissipel ook iets doen. Die twee belangrike aspekte hier is die inhoud van en die motivering vir die opdrag; ten opsigte van die eerste gaan dit daarvoor dat dit nie die fisiese was van voete is wat tel nie, maar die leefwyse van om voete te was. By die tweede aspek gaan dit letterlik daarvoor dat die meester moet slaaf word om weer meester te wees; dit impliseer gehoorsaamheid. Hierdie gehoorsaamheid word gestimuleer deur opdrag en voorbeeld.

(2) Aanwys van verraaiers

Die verraad teenoor Jesus deur Judas Iskariot word deur die “implied author” gebruik om die kontras tussen ware dissipelskap en vals dissipelskap te illustreer. Die verraad gebeur te midde van die versekering wat Jesus gee dat hy alles van sy Vader ontvang het, daar waar net hy en die dissipels saam is, waar geen buitestaanders is nie, gebeur die onmoontlike. Jesus identifiseer sy verraaiers op ‘n sigbare wyse en hierdeur bereik hy die volgende: Hy identifiseer die dissipel van wie hy praat, hy wys vir Judas dat hy bewus is van sy voorneme en hy bied Judas ‘n laaste geleentheid om van sy bose plan af te sien. Die reaksie is negatief en Judas word aangespoor om dit wat hy wil doen, te doen. Hierdeur word Jesus verheerlik en slaag die “implied author” om die “implied reader” weereens daarop te wys dat Jesus se dood nie katastrofies is nie, maar juis triomfantlik omdat dit in lyn is met sy Vader se plan.

(3) Maaltyd

Du Rand (1979:27) maak ‘n interessante opmerking ten opsigte van die instelling van die paasmaal, naamlik dat die “disciplina arcani” hier toegepas is, wat kan beteken “dat die heiligste waarhede nie voor buitestaanders ontbloot moet word nie”. Dit

klink goed, maar bevredig nie regtig nie. Die ander klem wat Johannes lê, anders as die Sinoptici dra veel meer gewig, naamlik dat Johannes die betekenis laat val op die dinge (dade) eerder as seremonies. Die “weet” van Jesus onderstreep die feit dat Hy nie dinge intuïtief gedoen het nie, maar omdat Hy bewus was van sy Vader se doel met sy lewe hier op aarde (vergelyk Du Rand 1979:29). In Petrus se optrede word iets beleef van die mens se verontwaardiging as iets buite die mens se begrip gebeur, gevolg deur ‘n natuurlike neiging van selfhandhawing en wanneer die totale prentjie gesnap word, die impulsiwiteit van totale oorgawe.

### Gevolgtrekking

- ‘n Dissipel van Jesus is iemand wat gewas is deur Jesus, iemand wat deel het aan Jesus en besef dat Jesus se uur aangebreek het.
- Dissipelskap beteken nie net om sekere dinge te ontvang nie, maar ook om sekere dinge te doen.
- Dissipelskap kan ook kunsmatig wees, wat beteken die woorde is reg, maar die hart is afwesig.
- Vals dissipelskap kan nie die toets van die tyd weerstaan nie, wanneer die moeilike tyd van kruisdra aanbreek, word die kaf van die koring geskei.
- Dissipelskap beteken om die oomblikke van duisternis te hanteer met die wete dat dit deel is van die lewe, maar beslis nie die lewe self is nie.

3.7.2.3.2 Joh.13:31-14:31: Die afskeidsgesprekke: verheerliking; Parakleet.

Fase 1, Joh.13:31-14:31

#### (1) Verheerliking

Die feit dat Judas Iskariot besluit het om Jesus te verrai, sit ‘n klomp aksies aan die gang wat uiteindelik sal uitloop op sy dood. Die belangrike is dat dit telkens bevestig word dat Jesus

se weggaan na sy Vader die klimaks van sy verheerliking is. Die manier waarop Jesus sy weggaan aankondig, wys op die intieme en noue band wat daar tussen hom en die Vader is. Dit beklemtoon dat ware dissipelskap te doen het met liefde vir mekaar onderling, in die gehoorsaamheid van die oproep, 'om mekaar lief te hê' en te besef dat hierdie liefde kom van Jesus se liefde vir sy eie. Die ironie is hoe die "implied author" juis uitwys dat die dissipels se behoort en die manier waarop hulle dissipels is, geensins rym nie. Die voorbeelde van Petrus se impulsiwiteit, Tomas se onvermoë en Fillipus se nie verstaan nie, bied die "implied author" die geleentheid om te wys hoe 'n dissipel nie moet funksioneer nie aan die een kant, maar aan die ander kant hoe dissipelskap behoort te funksioneer deur te glo in Jesus.

(2) Parakleet

Die Parakleet se koms in die plek van Jesus is die bonus op die dissipelskap. Die Parakleet se koms getuig van 'n drieërlei seën:

- eerstens gaan dit oor hulle wat Jesus liefhet deur te hou by sy opdrag, hierdeur wil die "implied author" beklemtoon dat dissipelskap berus op twee bene, aan die een kant gaan dit oor die eise wat dissipelskap vra soos gehoorsaamheid en liefde en aan die ander kant gaan dit oor die seën wat dissipelskap bring soos dat Jesus in, deur en vir altyd deur sy Gees by hulle teenwoordig sal wees.
- tweedens gaan dit oor hulle wie Jesus se liefde sigbaar maak deur te hou by sy opdragte; die "implied author" bereik hier dieselfde as by die eerste, maar die orde verander; dit wil sê die seën van dissipelskap word benadruk in die feit dat Jesus terugkom. Dit is reeds sigbaar in die Parakleet en hierdie teenwoordigheid van Jesus verseker dat die dissipels 'n geestelike lewe kan

ervaar en versterk ook hulle geloof omdat Jesus in die Vader is en hulle in die dissipels is. Die eise van dissipelskap kom nou tweede aan die orde en dui aan dat Jesus se teenwoordigheid in hierdie wêreld gekenmerk sal word deur hulle liefde en hierdeur word Jesus sigbaar gemaak deur sy dissipels. Dissipelskap impliseer die voordeel om Jesus se openbaring te ontvang; so was dit voor Jesus se weggaan en so sal dit ook wees na sy terugkeer.

- derdens gaan dit oor hulle in wie die Vader en Jesus teenwoordig is deurdat hulle Jesus se liefde uitleef deur gehoorsaam te wees aan sy opdragte. Hierdie word teen die agtergrond van die kontras tussen dissipelskap en die afwys van dissipelskap gestel. Die belangrike hier is dat die dissipels nie uit die wêreld geneem sal word nie, maar hier in die wêreld sal die Vader en Jesus na hulle kom deur die Parakleet.

#### Gevolgtrekking:

- Dissipelskap hou seën in.
- Hierdie seën beteken dat die Parakleet vrede bring in die gemoed van die dissipels.
- Die Parakleet kom begelei die dissipels om sin en vreugde te vind in Jesus se weggaan.
- Die Parakleet verseker die dissipels van die Vader en Jesus se liefde en teenwoordigheid.
- Die Parakleet beklemtoon dat die dissipels moet besef dat hulle nie aan hulle eie lot oorgelaat word nie.
- Die Parakleet is die gawe van die Vader en Jesus, waardeur die dissipels alles geleer word en aan alles herinner word.

3.7.2.3.3 Joh.15:1 – 16:33: Die afskeidsgesprekke: dra vrug en leef in liefde; trotseer 'n vyandige wêreld; Jesus se weggaan en terugkeer.

Fase 2, Joh.15:1-16:4a

(1) Joh.15:1-17: Dra vrug en leef in liefde

Die “implied author” wil beklemtoon dat dissipelskap gekenmerk word deur 'n verhouding met Jesus en hierdie verhouding mond uit in daade (vrugte dra wat by dissipelskap pas). Die ideologiese perspektief word weereens onderstreep, naamlik dat dissipelskap is om in Jesus te wees en dat dit die dissipel se plig is om in Jesus te bly. Hierdeur word verseker dat hulle die mas sal opkom deur te vra wat nodig is. Die bly in Jesus loop uit op, bly in Jesus en julle sal die Vader beleef, bly in Jesus en versterk die intieme verhouding met die Vader en beleef die vreugde. Die gehoorsaamheid van die dissipels aan Jesus is nie bloot uit plig nie, maar omdat hulle sy vriende is en boonop berus dit op hulle verkiesing in Jesus. Hierdie verkiesing deur Jesus is 'n voorreg en hierdie voorreg lei na 'n spesifieke manier van lewe.

(2) Joh.15:18-16:4a: Trotseer 'n vyandige wêreld

In die proses van begeleiding van die “implied reader” deur die “implied author” tree hier 'n nuwe verskynsel na vore as gevolg van dissipelskap, Jesus se identiteit word weer op die voorgrond geplaas. Die volgende aspekte is van belang: die wêreld haat die dissipels; die ideologie agter die wêreld se optrede word weereens beklemtoon dat dit is omdat hulle Jesus haat. In hierdie proses is die rol van die Parakleet belangrik, want Jesus het juis die Parakleet gestuur as die ‘Gees van waarheid’ en hierin is dit van belang dat die dissipels moet besef dat die wêreld se verwerping van Jesus nie noodwendig hulle verantwoordelikheid teenoor die wêreld ophef nie. Die feit bly staan dat die dissipels nooit alleen gelaat sal word in hierdie wêreld nie. Die fisiese verwydering uit die tempel wil dit onderstreep dat



dissipelskap altyd bedreig word met die oog daarop om hulle geloof te skud.

(3) Joh.16:4b-16:33: Jesus se weggaan en terugkeer

Die vertrek van Jesus uit hierdie wêreld terug na die Vader bring die Parakleet se koms en funksie na vore. Die dissipels is so besig met hulle eie dinge dat sy weggaan hulle min skeel en hulle die verheerliking van Jesus miskyk. Die Parakleet se taak-beskrywing behels die wêreld en die dissipels. Die “implied reader” moet beseft dat Jesus se sending uitloop op dat sonde omskryf word as die verwerping van God se openbaring, dat Jesus se terugkeer na die Vader as regverdiging geld en dat die heerser van die wêreld is hierin reeds geoordeel. Die dissipels se verbouereerdheid is ‘n uitvloeisel van Jesus se weggaan na die Vader en daarom moet hulle daarop bedag wees dat hulle baie sal moet verduur vir hulle dissipelskap, maar dit gaan verby en vreugde wag op hulle, omdat Jesus direk met hulle praat en hulle bemoedig dat hy reeds die wêreld oorwin het. Die een ding wat deurentyd aan die “implied reader” gekommunikeer word, is weereens die ideologiese perspektief wat aandui dat Jesus se weggaan ‘n positiewe gevolg het. Dit beteken dat Jesus nie net fisies deur die Parakleet in die dissipels teenwoordig is nie, maar ook dat die Parakleet hulle in die waarheid sal lei.

Gevolgtrekking:

- Dissipelskap is gegrond in die verhouding met Jesus Christus.
- Dissipelskap dui daarop dat die dissipel het die verantwoordelikheid om in Jesus te bly, bedoelende dat die dissipel toelaat dat Jesus hom/haar vashou.
- Die bly in Jesus het tweerlei implikasies vir die dissipel, naamlik: bly in die liefde en gehoorsaam die nuwe gebod.
- Dissipelskap lê in die verkiesing deur Jesus.

- Dissipelskap vind nie plaas in 'n vriendelike en gunstige omgewing nie.
- Dissipelskap dui ook op die gesindheid waarbinne dit moet geskied en plaasvind.
- Dissipelskap is geen waarborg dat wat voorlê maklik is nie, intendeel dissipelskap word vergelyk met 'n vrou wat geboorte skenk, eers 'n pynlike ervaring wat dan oorloop in 'n vreugdevolle gebeurtenis.

#### 3.7.2.3.4 Joh.17:1-26: Afskeidsgesprekke: gebed

##### (1) Gebed

Die gebed impliseer die intieme verhouding tussen Jesus en dissipels en wys op die volgende aspekte: Jesus se identiteit met die Vader is iets unieks, die gehoorsaamheid en die ruimte wat daar is sodat elkeen sy roeping kan uitleef; die ideologiese perspektief van Jesus se sending, sy woorde en sy daede en die uitwys van die voordeel van dissipelskap om werklik die Vader en Jesus te ken.

Jesus doen verslag aan sy Vader om te verduidelik dat hy alles in lyn met die Vader se wil gedoen het; die dissipels wat aan my gegee is het ek bemagtig, hulle reaksie teenoor my was positief.

Die verskil tussen dissipelskap en van die wêreld wees lê daarin dat Jesus bereid is om 'n pad te loop en dat hy daardie pad end-uit loop. Jesus se gebed bevestig dit deurdat hy nie vra dat die dissipels uit hierdie wêreld geneem sal word nie, maar bewaar sal word en dit is van die seëninge van dissipelskap.

##### Gevolgtrekking:

- Daar is 'n radikale verskil tussen dissipelskap en deel wees van die wêreld.
- Die dissipels se verhouding met Jesus is 'n vereiste vir dissipelskap.

- Die vereistes van dissipelskap dra by tot lyding en vervolging deur die wêreld.
- Dissipelskap bring seën in die lewe van die dissipel.

#### 3.7.2.4 Gedeeltes volgens die struktuur van die afskeidsgesprek

Die struktuur van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels weerspieël iets hiervan en dit sluit nou aan by die struktuur van die leefwêreld van die mens wat met kanker saamleef. Zorilla (1995:74-84) onderskei die volgende struktuur-elemente in die verloop van die afskeidsgesprek, naamlik:

##### 3.7.2.4.1 “Setting” (Joh.13:4,5 en 17:9)

He who is leaving or will die calls his own so that they are together before the separation. Daar is heelwat Afrikaanse vertalings vir die woord “setting”; die keuse val op die woord “stolling, of verstywing” (Pharos, 2011:887), dalk ‘n vreemde keuse, maar dit beklemtoon so iets van wat beleef word as “die matte opgerol word” (Prinsloo, 2005:222). Daardie skielike, ‘die oomblik is hier’, die tyd het aangebreek om te gaan, laat menige mense outomaties stol of verstyf, met ‘n sug van: ‘ag nie dit nie, enige iets anders maar nie dit nie’. Dit lyk of ‘daardie oomblik’ altyd ontydig is; soms is dit wel te wagte, maar die feit is dit bly ontydig. Die ervaring van mense wat met kanker saamleef is iets soortgelyks. Die hantering hiervan is uiters belangrik, dus moet dit so hanteer word dat mense nie moet ontspoor nie, maar gehelp word om dit te hanteer op so ‘n wyse dat hulle met hulle lewe kan voortgaan, ongeag van dit wat op hulle wag. Johannes verskil van Matteus, Markus en Lukas, “The most obvious differences are that only John describes Jesus’ washing his disciples’ feet while omitting any account of his instituting the Lord’s Supper” (Moody Smith, Kindle Location, 2011:249). Jesus wil alleen met sy dissipels wees omdat hy vir hulle iets persoonlik wil sê, Moody Smith wys daarop “... for Jesus’ farewell discourses and prayer, it becomes clear that in the Johannine version

Jesus begins and ends with an exposition of his ministry and mission” (Kindle Location, 2011:250).

#### 3.7.2.4.2 “Memory” (Joh.13:33; 14:9, 25-26 en 15:14-15)

“Experiences lived with the children or the disciples are remembered”. Daar is vir die woord “memory” ook heelwat Afrikaanse woorde, die keuse hier het egter op ‘n saamgestelde woord geval, naamlik “herinnerings-vermoë” (Pharos, 2005:751). Die rede vir die keuse van hierdie saamgestelde woord lê daarin dat dit iets impliseer van die vermoë wat tot beskikking is om te herinner. Hierdie vermoë om te herinner kan die ondraaglike, draaglik maak. Dit gebeur ook met daardie “oomblik” van Jesus, hy neem sy dissipels op die reis wat hy saam met hulle moes deurmaak terwyl hy saam met hulle in hierdie wêreld bedien het. Hierdie reis met die verlede gebruik Jesus met ‘n tweërlei doel; eerstens om sy dissipels se gedagtes lewend te hou, te midde van sy terugkeer na die Vader wat hulle sekerlik as die einde van die pad beleef het en tweedens om uit die voorstelling van die verlede sy dissipels op ‘n manier koers te laat hou in die onseker en onstuimigheid wat op hulle wag as hy eers weg is.

#### 3.7.2.4.3 “Exhortation” (Joh.13:14, 34-35 en 15:4-5)

“The departing one calls for love and loyalty”. Die Afrikaans vir “exhortation” word onder andere vertaal met ‘oproep’ of ‘appél’ (Pharos, 2011:632). Die betekenis vir ‘oproep’ as werkwoord is “na ‘n bepaalde plek ontbied” (Odendal, 2013:828). Hierdie spesifieke verwysing na ‘n bepaalde plek impliseer tog dat daar ‘n rede moet wees vir die byeenkoms, dus is die funksie van hierdie element binne die afskeidsgesprek om die betrokkenes bymekaar te bring vir die skeiding wat besig is om plaas te vind. Die byeenkoms is daarop gerig om vir oulaas te kontroleer of al die betrokkenes verstaan wat aan die gebeur is.

#### 3.7.2.4.4 “Admonition” (Joh.16:1-4)

“Before the danger, now that they are alone an admonition is given”. Die Afrikaanse woorde vir “admonition” is “vermaan” of “waarsku” (Pharos, 2005:511). Die betekenis vir “vermaan” of “waarsku” deel die gemeenskaplike betekenis van “ernstig waarsku” en “opmerkzaam maak” (Odendal, 2013:1367). Dit is aksies wat daarop dui dat ‘n suiwering van teenwoordigers gebeur, sodat slegs die betrokkenes en die belanghebbendes by die saak ter sprake teenwoordig is; die nie-verbale kommunikeer dat hier nie plek is vir enige buitestaanders nie. In die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels kon die intieme gesprek eers plaasvind nadat die daad van Judas Iskariot openbaar gemaak is en hy die vertrek verlaat om sy bose plan tot uitvoer te bring.

#### 3.7.2.4.5 “Transfer” (Joh.14:16-20; 16:7 en 17:18)

“Powers for the entrusted task are given”. Die Afrikaanse woorde vir “transfer” is ‘oordrag’ of ‘verskuiwing’ (Pharos, 2005:965). Die betekenis van ‘oordrag’ en ‘verskuiwing’ sluit in “bemaak, oormak” en “verandering” (Odendal, 2013:811,1294). Die keuse ten opsigte van hierdie studie is ‘verandering’, omdat dit kan impliseer dat dinge nie dieselfde kan bly na ‘n betrokke gebeurtenis of oomblik nie. Jesus se oomblik het gekom om sy dissipels mee te deel dat hy oppad terug is na sy Vaderhuis, wat duidelik impliseer dat daar ‘n verandering van omstandighede en werksaamhede sal moet plaasvind. Hierdie verandering mag nie die betrokkenes wat agterbly onverhoeds betrap nie, daarom is die oordrag wat plaasvind tydens so ‘n afskeids-geleentheid noodsaaklik, want dit moet die rimpeling wat veroorsaak is as gevolg van omstandighede op so ‘n wyse hanteer dat dit nie katastrofiese resultate tot gevolg sal hê nie.

#### 3.7.2.4.6 “Expectations” (Joh.14:3, 15; 17:24)

“Expressions of hope in the promises of God are made”. Die Afrikaanse woorde vir “expectations” is ‘verwagting’ of ‘mening’ (Pharos, 2005:632). Die betekenis van ‘verwagting’ en ‘mening’ is baie uiteen-

lopend, dit word beskryf as “’n handeling van te verwag”, “swanger wees” en ook “sienswyse, ernstige bedoeling” (Ondendal, 2013:1306, 709). Omdat ‘n afskeidsgesprek gelaai is met emosie aan die een kant, en nugterheid aan die ander kant is dit eintlik ‘n eenmalige geleentheid waar ruimte geskep word om die intimiteit te benut. Jesus se afskeidsgesprek met die dissipels bevat etlike grepe van hierdie betrokke element.

Volgens Du Rand (1990) is die afskeidsgesprekke van Jesus ‘n literêre verskynsel wat as narratiewe kommunikasie beskou word. Tolmie (1995:190-191) self, en in aansluiting by Staley onderskei tussen die “implied author” en die “implied reader” as die verskil as dit kom by die “linearity” en “temporality” in die teks. Die aanhaling van Staley (1988:33) plaas bogenoemde in perspektief:

“While the implied author knows the text forward and backward, the implied reader only has knowledge of what has been read up to the given moment. It is thus encoded in the unidirectional, forward movement of the text, and as such, does not know what word comes next in the text, nor does it stop reading until the narrative ended. Although the implied reader has a perfect knowledge and memory of what has been read, it is nevertheless limited by its temporal status”.

Met dit alles gesê is die belangrike oomblik van die interaksie tussen die “implied author” en die implied reader” die beklemtoning van die ideologiese perspektief, naamlik dat Jesus beskou word as Christus, die Seun van God. Dus is die funksie van die interaksie nie net om die “implied reader” te oortuig om uit dieselfde hoek as die “implied author” na die ideologiese perspektief te kyk nie, maar ook om die “implied reader” te begelei na die diepere betekenis, om Jesus as die Christus te beleef en dit te glo en juis dit skep die moontlikheid van ‘n geestelik lewe. In Joh.13:-17-26 neem die proses hiermee ‘n betekenisvolle wending na die tweede belangrike ideologiese perspektief, naamlik dat dit dissipelskap wil integreer met die eerste ideologiese perspektief (Tolmie, 1995:191).

### 3.7.2.5 Momente tydens die afskeidsgesprekke van Jesus vir eksegesi

Volgens die HAT hou die term ‘moment’ die betekenis in van ‘n oomblik, ‘n tydstop asook ‘n gewigtige gebeurtenis (Ondendal, 2013:729); dit wil sê iets wat aan die gebeur is vir ‘n kort en spesifieke

tyd. Die afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels val vir die navorser binne hierdie perspektief, aangesien die gesprek van Jesus met Sy dissipels deurspek is met belangrike momente wat gebeur vir 'n kort en spesifieke tyd. Tydens die eksegetiese proses sal elkeen van die genoemde temas ontleed en bespreek word en dit val nie binne die bestek van hierdie navorsing om vas te stel hoe die afskeidsgesprekke uiteindelik saamgestel is nie. Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels beslaan 'n groot gedeelte van die tweede deel van die evangelie van Johannes, naamlik vyf hoofstukke wat strek van Joh.13:1-17:26. Die meerderheid aktiwiteite binne die afskeidsgesprekke behels verbale en stiptelike aktiwiteite. Die klem val tog op die deurlopende aktiwiteit waar die "implied author" die belangrike perspektief tot die "implied reader" kommunikeer; dat Jesus uniek is ten opsigte van "his love for his own and his ability to know things beforehand" (Tolmie, 1995:184).

In die woorde van Tolmie (1995:185) is die "implied author" besig (Joh.13:1-17:26) "to portray the narrated world as dominated by Jesus and the disciples although a number of other characters are also introduced in the discourses (the Father, the Paraclete and the world". As hierdie karakters geanaliseer word vanuit die verhaal-perspektief, is die volgende opvallend:

- Jesus is die karakter met die meeste getal deugde; in die afskeidsgesprekke word daar nie ekstra deugde bygevoeg nie, maar eerder beklemtoon soos onder andere Jesus se kennis, liefde, gesag, die voorsiening van 'n geestelike lewe, asook die verhouding met die Vader.
- Teenoor Jesus staan die dissipels met 'n relatiewe beperkte aantal deugde, omdat slegs hulle onvermoë om te verstaan en hulle onwilligheid om Jesus te volg met hulle as groep assosieer word. Die belangrike is dat daar twee noodsaaklike ontwikkelings by die dissipels bespeur word, naamlik: die deugde wat dissipelskap ondersteun en stimuleer, asook die voordele wat saam met dissipelskap gaan.

- Die karakterisering van die Vader en veral die besondere elemente van die verhouding tussen die Vader en Jesus wat beskryf word, is be-nydenswaardig.
- Die deugde wat met die Gees/Parakleet verband hou, word redelik uitgebrei in Joh.13:1-17:26. Al die deugde wat bykomend is by die Gees, is daarop gerig om die besondere taak wat die Gees het ten opsigte van die leiding van die dissipels na Jesus weg is te beklemtoon.

Culpepper (Kindle Locations, 2011:153-156) vra met reg die volgende retoriese vraag:

“Is John best understood as history, theology, or literature”? John is a narrative that presents Jesus as the Christ, the Son of God who lived at a particular time in history. As a historical narrative it raises problems of the relation of history to faith, God to humanity, and time to the eternal. How could a writer convey the significance of the advent of the eternal Son of God in human history? Neither an unvarnished historical account nor a theological treatise would be adequate”.

Dit is vir die doel van hierdie navorsing belangrik om die momente te identifiseer en uit te lig wat daartoe kan bydra sodat die prediking as prakties-homiletiese strategie in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef, kan slaag. Van der Watt (1991:102) wys daarop dat die teologie van Johannes organies-sistematies opgebou is en dat dit piktoraal beskryf kan word, dit wil sê dat die Johannes-evangelie bestaan uit (i) ’n aantal saamgegroepeerde teologiese gedagtes en (ii) teologiese temas. Hierdie organies-sistematiese aard van die evangelie van Johannes leen hom tot ’n piktorale beskrywing. Meeks (1986:161) som dit so op dat “the reader cannot understand any part of the Fourth Gospel until he understands the whole”.

Die Johannes-evangelie is ’n narratief met ’n kinkel, dit het lang toesprake en gesprekke wat die gang van die narratief in ’n groot mate stol (vgl. Culpepper, 1983; Du Rand, 1990:8-13). Daar is drie sake wat aandag trek by hierdie toesprake en gesprekke, naamlik eerstens die herhaling van temas en gedagtes, tweedens die herhaling van temas regdeur die evangelie asof Johannes sy lesers voortdurend wil herinner en derdens die tematiese ekonomie waarmee Johannes werk. Johannes hanteer enkele temas met wis-



selende woordgebruik soos Hengel (1989:33) daarna verwys “the hieratic monotony of its limited vocabulary”. Die baie herhaling bemoeilik die logies-progressiewe redenasiegang en is in die woorde van Van der Watt eerder ’n deurmekaargekrap deurdat daar ’n maalbeweging van gedagtes plaasvind eerder as ’n logiese lyn van argumentasie; tog is dit nie oral die geval nie, so byvoorbeeld is daar by hoofstuk 15 (Die wingerdstok) en hoofstuk 17 (Jesus se gebed) ’n logiese opbou. Meer konkreet gestel: Johannes het in sy kop die prentjie (piktorale skema) gehad van hoe hy sy teologiese temas in onderlinge verband met mekaar (dus organies-sistemies) raaksien. Hierdie piktorale beskrywing van Johannes dra die volgende organies-sistemiese karakter: kontrasdenke - Johannes se kontrasdenke is opvallend in sy terminologie van die bo en die onder, die hemel en die aarde, die lewe en die dood, die lig en die duisternis en die Gees en die aarde.

Van der Watt (1991:109) stel dit so mooi dat die geïnkarnearde Jesus die bo tot binne die ervaringsveld van die mens gebring het en word dit nou vir die mens moontlik om met die bo in die persoon van Jesus in kontak te kom en uiteindelik met Hom in ’n heilsame verhouding te tree; (iii) Jesus Christus as gestuurde - die doel van Jesus se sending word hoofsaaklik in terme van openbaringsaksies uitgedruk met as spitspunt die redding van hulle wat die Vader aan Hom gee.

Die Christologiese beskrywing van Jesus is soos volg: (a) hoë Christologie soos die intieme verbondenheid met die Vader; net Hy kan die Vader bekendmaak; enigste weg na die Vader; Hy ken die Vader en het Hom gesien – wie Jesus ken en sien – ken en sien die Vader en (b) die lae Christologie kom daarop neer dat die Vader alles aan Jesus gee en wys wat beteken dat Jesus niks sonder die wil van Sy Vader kan en wil doen nie. Jesus as persoon verteenwoordig God in hierdie wêreld en is God se gesant wat twee dinge beteken, naamlik dat Jesus staan tot ’n ongelyke verhouding met Sy Vader en as Hy wil slaag, moet Hy doen en leef soos die een wat Hom gestuur het en Jesus dra die identiteit van die Vader wat Hom gestuur het, wat beteken dat dit wat die mens by Jesus sien, is gelyk daaraan om God te sien.

Jesus se koms na die aarde is soteriologies wat beteken dat sy koms gee aan die mense 'n lewe van ewigheid, reinheid en vrede; (iv) soteriologiese karakter - Die twee werklikhede (die “bo” en die “onder”) wat volgens Johannes bestaan, bring die vraag na vore van hoe kom die mens van die een (“onder”) in die ander (“bo”)? Dit wil sê hoe word die mens deel van God se werklikheid? Die antwoord is deur geboorte! Immers om in die wêreld te kom is dit nodig om gebore te word. Wie gebore word, verkry die moontlikheid om in die wêreld (realiteit) waarin hy gebore is, te leef en te bestaan. Hierdie waarheid dien as analogie vir die Johannese beskrywing van die transformasieproses. Soos in die geval van die gewone aardse werklikheid geskied die ingang in die realiteit (wêreld) van die “bo” ook deur geboorte van “bo”, waardeur die persoon in die vorm van lewe die moontlikheid kry om binne die “bo” te kan bestaan (Van der Watt, 1991:112).

Die interessante is juis dat Johannes gekies het om sy soteriologie hoofsaaklik met behulp van die begrippe “geboorte” en “lewe” te ontwikkel (vgl. Van der Watt, 1986). So gesien bied die geboorte-lewe-analogie die sistemiese opset vir die ontvouing van Johannes se teologiese denke aan die een kant en aan die ander kant die ruimte waarbinne die mens in sy nuwe realiteit kan lewe; (v) Die Heilige Gees as helper - deel van die sendingmotief is dat Jesus weer na Sy Vader gaan om terug te rapporteer soos die gebruik van destyds (vgl. Van der Watt, 1991:114; Borgen, 1986:71 en Meeks, 1986:158-159). Die probleem is dat as die teenwoordigheid van die “bo” aan die persoon van Jesus gekoppel is en Jesus gaan weg, beteken dit dat die teenwoordigheid van “bo” ook weggaan. Dit word beskou dat die dissipels deur geboorte persoonlik aan die karakteristieke van die “bo” deel gekry het. Hulle bly immers in Christus soos 'n loot aan die wynstok Joh.15:1-7), hulle is een (Joh.17:23). Op hierdie wyse bly die karakteristieke van die “bo” dus konkreet sigbaar deur die teenwoordigheid van die dissipels in die “onder” voortbestaan. Daarom is dit vir Jesus belangrik dat die dissipels net soos Hy moet optree (Joh.13:15) aldus Van der Watt (1991:114). Borgen (1986:72) wys ook op die Joodse opvatting dat “an agent can appoint an agent” waarvolgens die nuutaangestelde “agent” presies dit moet doen wat die vorige “agent” gedoen het.

Tog hoef die dissipels hierdie mantel nie alleen te dra nie; hulle word met die Parakleet toegerus, wat beteken dat Hy (die Parakleet) hulle van Jesus sal leer (Joh.14:26) en dat Hy hulle in die waarheid sal lei (Joh.15:26; 16:13). Die strukturele verbondenheid van die Johannese teologiese temas blyk weer eens hier duidelik (Van der Watt, 1991:114); Die toekomstige gebeure - Van der Watt (1991:115) stel dit dat die teologiese struktuur van Johannes laat ruimte vir toekomstige gebeure. Die begrip “ewige lewe” is in hierdie verband belangrik, die ewige lewe is nie ’n stagnante objek of grootheid nie, maar is ’n voortgaande toestand. Die oomblik wat ’n lewe nie ’n toekoms het nie, is dit nie meer lewe nie. Omdat dit ’n voortgaande toestand is, is dit logies dat daar deur die verloop van hierdie toestand konstant dinge met die lewende persoon kan gebeur.

So skets Johannes dit ook, dat die lewende het ’n sending (Joh.17:18), word gehaat (Joh.15:18-27) en sal bewaar word (Joh.17:11). In hierdie sin is en bly daar steeds ’n toekoms vir die lewende gelowige. Van der Watt (1991:116-117) som dit soos volg op: as gevolg van die dualisme is daar (i) ’n sending, (ii) vir ’n sending om te slaag moet die Gestuurde spesiale eienskappe hê (Christologie), (iii) sy openbaring van “bo” lok reaksie in geloof (of ongeloof) uit en (iv) om die gelowiges in die werklikheid van “bo” op te neem is hulle van “bo” gebore, sodat hulle in die “bo” ewig kan lewe (soteriologie). Hierdie verhouding wat as intieme eenheid beskryf word, vereis dat die dissipels in gehoorsaamheid aan die reëls of die wil van God in die “bo” sal leef; soos Jesus leef moet hulle ook leef (etiek). Daar kom ook ’n dag dat die dissipels die heerlijkheid wat Jesus by die Vader het, sal kan aanskou (eskatologie). Die piktorale voorstelling hiervan bied die bedding van waaruit Johannes sy teologiese inligting put wanneer hy die verhaal van Jesus wat mens kom word het, op ’n narratiewe wyse voorstel.

Die navorser ondersteun Van der Watt (1991:117) as hy aandui dat die wins van die piktorale voorstelling daarin geleë is dat dit keer dat die onderskeie Johannese temas in isolasie hanteer word. Die geïsoleerde hantering van Johannese temas lei maklik tot misverstand, omdat die tema dan uit sy eie konteks in ’n nuwe (vreemde) konteks wat deur die ondersoeker geskep word,

gelees word. Na analogie van hierdie beskrywing sou gesê kon word dat Johannes ten opsigte van sy teologiese konsepte en hulle verbande tot mekaar, piktoraal werk aldus Van der Watt (1991:105). Dus het die navorser met die oog op hierdie studie die relevante oomblikke onder die volgende temas verwoord, naamlik:

#### 3.7.2.5.1 Die tyd loop uit

Joh.13:1 maak dit bekend dat Jesus se tyd aangebreek het om terug te keer na sy Vader. Verder skets Johannes 13:1-30 die geleentheid waartydens Jesus se afskeidsgesprek met Sy dissipels geskied. In die afskeidsgesprekke van Jesus word daar iets beleef van dit wat gebeur as iemand afskeid neem; dit is asof daar 'n verandering intree in die gemoedstemming van die betrokkenes. Tolmie (1995:192) beskryf iets hiervan:

“In the last verses of John 12 the implied author made use of scenic representation in which Jesus’ direct words were presented to the implied reader. In John 13:1 this changes. The implied author starts the final development in the plot of the Fourth Gospel as follows: Instead of the scenic representation used in John 12:44-50, he now uses the narrator to give an interpretative summary of all the events which are to follow”.

Die doel hiervan is drieërlei: eerstens om die gebeure kronologies te beskryf, tweedens dat Jesus se uur aangebreek het en derdens om die ideologiese perspektief van Jesus se identiteit aan te bied. Die tyd is besig om uit te loop, Waetjen (2005:327) praat van “in a chain of participial clauses the narrator affirms certain anticipated events and the attendant realities that have begun to unfold”. Dit is binne hierdie konteks van die derde Paasmaal binne die narratiewe wêreld van die Johannes-evangelie dat Jesus weet, “his hour came” (Waetjen, 2005:327). Hierdie uur van Jesus breek aan wanneer Hy die dissipels vertel dat die oomblik van Sy verheerliking aangebreek het en dat Hy oppad terug is na Sy Vader. Hierdie afskeidsete vind plaas sodat Jesus Sy liefde ten opsigte van Sy dissipels (“his own”) kan uittê en hulle opnuut aan Hom kan bind met die oog op volhoubare navolging in hulle dissipelskap. Hierdie moet dien as leiding aan die “implied reader” om Jesus se ideologiese perspektief te aanvaar. Hierdie

ideologiese perspektief sny na twee kante: aan die een kant wys dit daarop dat Jesus vooraf kennis van die gebeure gehad het, wat beklemtoon dat hy die Seun van God is, en aan die ander kant sy liefde vir die dissipels tot op die einde.

### 3.7.2.5.2 Die laaste geleentheid saam

Waetjen (2005:335) wys daarop dat, “Jesus introduces his last will and testament by affirming his declaration of John 12:23 and the confidence that He had derived from the heavenly attestation of John 12:28, ‘Now the Son of the Human Being is glorified and God is glorified in Him’”. Dit is vir die laaste keer dat die uitdrukking “the Son of the Human Being” van toepassing is binne die narratiewe wêreld van die Johannes-evangelie. Hierdie “eschatological-christological-anthropological” perspektief van die ‘Seun van die Mens’ vorm die agtergrond waarteen die “implied reader” hierdie afskeidsgesprekke van Jesus beluister. Jesus se verheerliking as ‘Seun van die Mens’ het begin en hiermee saam die verheerliking van God, die Vader en dit is besig om te lei na die voltooiing van Jesus se opdrag as ‘Redder’ van die wêreld.

“The incident with which the Farewell passage opens - Jesus washing the feet of his disciples - serves as something of a frontispiece, not only to the discourses that follow but to the entire Book of Glory”.<sup>27</sup> “With John 13: 1 the reader learns that Jesus’ hour is the time for his departure from this world and his return to the Father” (Stevic, Kindle Location, 2011:434-435). “Incredibly, Jesus’ followers were not convinced by these words. As the account of the footwashing in John 13 makes clear, they needed more than mere verbal instruction— they needed an object lesson, a visual, practical demonstration of what Jesus’ teaching looked like in action” (Stevic, Kindle Location, 2011:434-435). “It is a significant action, setting the tone for all that follows. It foreshadows the cross itself: the voluntary humility of the

---

<sup>27</sup> Daniel B. Stevick. Jesus and His Own: A Commentary on John 13-17 (Kindle Locations 434-435). Kindle Edition.

Lord cleanses his loved ones and gives to them an example of selfless service which they must follow" (Richardson, 1990).

"All the more is this the case in that it takes place during the meal (v. 2), not on arrival when the feet would normally be washed. This shows that it was an action undertaken deliberately, and not simply the usual act of courtesy. It is a parable in action, setting out that great principle of lowly service which brings cleansing and which finds its supreme embodiment in the cross, setting out also the necessity for the disciple to take the Lord's way, not his own. It is important that we see this" (Morris, Kindle Location, 2011:14241-14242).

### 3.7.2.5.3 Op die man af gesprek

Die afskeidsgesprekke is 'n samevatting van al die aspekte van Jesus se "last will and testament" (Waetjen 2005:336) betreffende Homself en Sy dissipels. Die dissipels sal gou besef dat Jesus se weggaan beteken dat hulle alleen gaan agterbly, sonder Jesus se teenwoordigheid en enige soektog na Hom sal futloos wees (Segovia, 1991:23-54). Dit lui 'n nuwe tydfase in en in hierdie tyd van skeiding is die dissipels aangewese op mekaar. Daarom dat Jesus 'n nuwe gebod aan hulle gee waardeur hulle hul solidariteit met mekaar instand hou.<sup>28</sup> Hierdie liefde word vergelyk met Jesus se liefde vir Lazarus, waar Hy die gevaar trotseer om terug te keer na Judea om Sy vriend Lazarus op te wek (sien Bultman, 1971:524-525). Waetjen (2005:341) stel dit duidelik:

"The major features of the genre of the farewell discourse have been emerging in Jesus' last will and testament. He has announced his imminent departure. He has consoled and encouraged his disciples and promised their participation in the living Temple of God that he embodies. He has exhorted them to observe his commandments of love. Now as he begins to anticipate his return to the Father, beyond his going away into death and resurrection, he promises them a successor to serve in the role of a "παρακλητος", an intercessor, an encourager, an advocate, the role in which he has been serving them".

Hierdie gebeure word deur die "implied author" as interpretatiewe opsomming gebied aan die "implied reader" om iets belangriks te kommunikeer, naamlik:

---

<sup>28</sup> Joh. 13:34, ' 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê'.

- daar was 'n "spacial setting" wat beteken dat die gebeure plaasgevind het tydens 'n maaltyd,
- dit skets die belangrike inligting rondom Judas se komplot en aksie teenoor Jesus om hom te verraaï,
- hierdie ontstellende inligting volg juis op Jesus se liefdesverklaring ten opsigte van sy dissipels en wil daardeur die verskil beklemtoon tussen ware en vals dissipelskap,
- tog word die versekering gegee dat Jesus in beheer is op grond daarvan dat hy vooraf kennis van alles het en ook op grond van sy verhouding met die Vader (Tolmie, 1995:193-194).

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat dit net Jesus en die dissipels teenwoordig was, wat daarop dui dat dit 'n intieme byeenkoms was. Die voetwassing is volgens die "implied author" belangrik in die opsig dat wanneer Jesus die dissipels se voete gewas het, het hulle deel aan hom asook in die toekoms van Jesus. Die voetwassing deel ook iets van Jesus se vertrek terug na die Vader in die opsig dat dit sy koms na die wêreld is "an act of loving kindness" en dat sy daed belangrik is vir "having part with Jesus" dit wil sê dissipelskap.

#### 3.7.2.5.4 Onseker-tye lê voor

Die onsekertye word op 'n manier deur die optrede van die dissipels weerspieël, Waetjen (2005:336) se opmerkings bevestig dit as hy skryf:

"Simon Peter interrupts Jesus' farewell speech, perhaps to serve as the spokesman of the anxiety of separation that Jesus' announcement has evoked, 'Where are you going?' he inquires". Ook die opmerkings rakende Thomas, "But as Thomas response indicates, he and his fellow disciples have not comprehended what Jesus has been telling them and therefor they still have no notion of where he is going. So he asks, "How do we know the way?" (Waetjen, 2005:339).

Ook Fillipus is onseker oor die betekenis van Jesus se woorde, daarom sy versoek, 'Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. (Joh.14:8). Waetjen (2005:340) skryf hieroor soos volg, "Representing

his fellow disciples, Philip, like his fellow Galilean Jews of Joh.4:48, wants empirical evidence to confirm the truth of Jesus' relationship with the Father". Die "implied author" lei die "implied reader" om te begryp dat daar 'n verskil is tussen ware dissipelskap en valse dissipelskap. Na die voetewassing word die "implied reader" gekonfronteer met die wese van dissipelskap. Dissipelskap beteken nie net dat sekere dinge vir jou gedoen word deur Jesus nie, maar ook dat jy sekere dinge self moet doen. Beide aspekte is belangrik ten opsigte van die inhoud van dissipelskap en die motivering daarvan. Dus rakende die inhoud van die opdrag om mekaar se voete te was gaan dit om meer as die fisiese was van mekaar se voete, dit aan oor 'n manier van lewe soos gedemonstreer deur Jesus. Rakende die motivering is dit belangrik om kennis te neem dat voordat Jesus die opdrag gegee het, was hy terug in sy posisie aan tafel. "The slave has once again become the master" (Tolmie, 1995:196).

En die meester Jesus kan die opdrag gee. Dissipelskap impliseer gehoorsaamheid. Dit is belangrik om daarop te let dat die nie net verwag word van die dissipels om ter wille van die Meester gehoorsaam te wees nie, maar ook omrede die Meester die voorbeeld gestel het. Die agtergrond waarteen hierdie dissipels individueel bespreek word, is teen die agtergrond van die beskrywing van hulle hantering van hulle dissipelskap, naamlik "poorly managed", "do not understand", "the negation of .." and "the discription of the disciples' poor performance" (Tolmie, 1995:202, 204, 218).

- Judas

Die verraai van Jesus deur Judas Iskariot is bejammeringswaardig aan die een kant, maar aan die ander kant versterk dit die dissipels se vertroue in Jesus. Die identifisering van die verraaiers sluit die volgende in: die feit dat Jesus hom identifiseer, wys ook vir Judas dat Jesus bewus is van sy planne en hy bied hom 'n laaste kans om af te sien van sy plan. In die gebeure wat hierna volg word Jesus se ideologiese identiteit



opnuut onderstreep dat hy vir sy dissipels lief was (sy optrede) en dat hy bewus was van Judas se plan (vooraf kennis gehad het).

- Petrus

Die ondertoon van die afskeidsgesprekke is die ‘verheerliking’ van Jesus, wat beteken dat die gebeure rondom Jesus sin maak en betekenis het. Die verheerliking van Jesus sluit in die vertrek terug na die Vader wat nie as katastrofe beleef moet word nie, maar eerder as goddelike plan aan die een kant en aan die ander kant dui die manier waarop Jesus dit aan die dissipels bekend maak op die intimiteit van die verhouding tussen die Vader en die Seun. Dus waarop dissipelskap behoort uit te loop, is die liefde vir mekaar as uitvloeisel van die verhouding tussen Jesus en die dissipels, maar ook as gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus. Dit ontwikkel as gevolg van twee kwalifikasies: eerstens soos Jesus liefhet, dit wil sê tot die einde toe en tweedens word dit gemotiveer deur Jesus se liefde vir sy dissipels. Dit is hoekom Petrus se verloëning van Jesus nou in spel kom, want uit bogenoemde behoort die styl van dissipelskap duidelik uitgespel te wees, maar dit moet ook onthou word dat dit nie so eenvoudig is nie. Petrus se prentjie hier is ‘n prentjie van ‘n dissipel wat nie die mas opkom teenoor die standaard wat daar ten opsigte van dissipelskap gestel is nie.

- Tomas

Tomas was in die woorde van Tolmie (1995:204) ‘n pessimistiese en realistiese navolger van Jesus en word hier gebruik as voorbeeld van die onvermoë om te verstaan, ‘n kenmerk wat al vroeër geassosieer is met ander dissipels in die groep. Die ‘Ek is’ uitsprake deur Jesus is hier van belang, want dit dui op die unieke verhouding waarin Jesus tot God (Vader) staan. Wat hier van belang is, is die volgende “that knowledge and sight”

Bladsy 176 van 480

van Jesus “equal” “the knowledge and sight of God” (Tolmie, 1995:204). Die leser word gekonfronteer met die ideologiese perspektief asook die soteriologiese implikasie van Jesus se identiteit en hierdie is belangrik in die konstituering van dissipelskap. Sonder Jesus is dit onmoontlik om ‘n dissipel te word en sonder Jesus is dit ook onmoontlik om die vreugde van dissipelskap te openbaar.

- Filippus

Hier word die kontras gestel tussen hoe ‘n dissipel optree en hoe behoort ‘n dissipel op te tree. Filippus se vraag wys duidelik dat die dissipels nie op hoogte is met wat aan die gebeur is nie.

- Die dissipel vir wie Jesus lief was

Hy was baie naby aan Jesus en selfs Petrus se optrede onderstreep dit

### 3.7.2.5.5 Die boodskap

Die nuwe tyd het aangebreek en die belangrike oproep van Jesus aan sy dissipels is dat hulle tydens hierdie skeiding van Hom, mekaar sal ondersteun. Waetjen (2005:337) stel dit treffend, “Don’t let your heart be agitated! The courage that is vital in this time of crises originates from and is renewed by faith: Keep on believing into God and keep on believing into me”. Die metafoor van die ‘wynstok’ is bekend aan Israel (lees Hos.10:1, Jes.5:1 en Jer. 2:21), en daarom verstaan die dissipels iets van dit wat Jesus vir hulle probeer sê, dat die loot nie kan vrug dra en staande bly as dit nie in die wynstok geanker is nie. Waetjen (2005:349) wys ook daarop dat daar twee lesings is ten opsigte van die “μείνη” (continue to remain) en “μείνη” (begin to remain), naamlik:

“Even as the branch is unable to bear fruit of itself unless it continues remaining in the vine-stock, so also you unless you continue remaining in me”

“Even as the branch is unable to bear fruit of itself unless it begins to remain in the vine-stock, so also you, unless you begin remaining in me”.

Dus belangrik vir die lote om in die wynstok te bly met die oog op vrug dra. Die dissipels sal en kan alleen staande bly as hulle “continue to remain attached to Jesus as the Vine-stock of the new Israel” (Waetjen, 2005:349). Jesus wil dit ook onderstreep dat die dissipels in hierdie tyd erge vyandigheid sal ervaar van die mense jeens hulle verbondenheid met hom en met God die Vader. Die rede volgens Waetjen (2005:356-357) is dat:

“Jesus has been hated fundamentally because his teaching exposed the human condition of “αμαρτια” .... the objectification of αμαρτια that he is referring to must be the paralysis, the blindness, and the living death that he has remedied during his ministry as well as the reactions of hatred and persecution that he has experienced. His exposure of this condition fulfills the purpose of God, yet because of it he has suffered hostility and malice”.

Interessant dat Jesus se weggaan na die Vader by twee geleenthede, naamlik Joh.13:33-36 en Joh. 16:5 aangekondig word; die rede is dat elkeen verwys na die uniekheid van elke aankondiging. Die eerste aankondiging (Joh.13:33-36) impliseer Jesus se weggaan deur die dood en die opstanding om plek voor te berei vir die dissipels in Sy Vader se huis. Die tweede aankondiging (Joh.16:5) impliseer dat Jesus se weggaan verder strek as slegs die dood en die opstanding, in die woorde van Waetjen (2005:359):

“Yet this second departure is as necessary as the first one: ‘But I tell you the truth, it is expedient for you that I am going away, for if I do not go away, the Paraclete would not come towards you, but if I go away, I shall send him towards you’. The first departure into death and resurrection will enlarge the Father’s house by preparing a place for them. This going-away into ascension and returning to the Father will result in their empowerment by being divinely inbreathed by the Spirit that descended and remained on Jesus”.

Die Parakleet (“the Spirit of Truth”) is Jesus se bemagtigingsprojek waardeur hy die dissipels in staat stel:

“.. to continue the work of exposing the diseased condition of the world, ... and through their ministry ... they will also convict the world of injustice ... and through their ministry they will expose the reality of the judgement that has occurred ‘because the ruler of the world has been condemned” (Waetjen, 2005:359-360).

In Joh.13:1-17:26 (die afskeidsgesprekke van Jesus) skets die “implied author” die narratologiese wêreld rondom Jesus, wat gedomineer word deur Jesus self en die dissipels, maar terselfdertyd tree ‘n aantal ander karakters na vore, soos die Vader, die Parakleet en die wêreld.

As hierdie karakters geanaliseer word met die perspektief van elkeen se rol in die bepaalde storielyn, is dit ooglopend dat Jesus die volledigste beskryf word. Hierdie beskrywing van Jesus voeg niks by waarvan daar reeds kennis gedra word nie, soos byvoorbeeld sy totale kennis, sy liefde, sy gesag, sy voorsiening van die geestelike lewe en sy besondere verhouding met sy Vader nie, dit beklemtoon net weer die uniekheid van Jesus (Tolmie, 1995:18). In vergelyking met Jesus is die deugde van dissipels as groep slegs beperk tot hulle onvermoë om te verstaan en hulle gewilligheid om Jesus te volg. Hier is twee belangrike ontwikkelings te bespeur: eerstens die eienskappe wat met dissipelskap gepaard gaan, word ondersteun en uitgebou tot die prentjie van hoe dissipelskap behoort te lyk en tweedens die voordele wat dissipelskap inhou.

Die stuur van die Parakleet is tweeledig, naamlik aan die een kant is dit die voordeel van Jesus se terugkeer na die Vader en aan die ander kant is dit die gawe aan die dissipels om hulle te leer en te lei na vreugde en vrede. Dissipelskap bestaan uit twee essensiële komponente, naamlik: die vereistes vir dissipelskap en daarmee saam die voordele van dissipelskap. Die eerste word bereik deur gehoorsaamheid aan die opdrag wat Jesus gee en die tweede kry gestalte in die belofte van die Parakleet. Die interaksie tussen Jesus en die dissipels is ietwat ingewikkeld hier, maar hierdie tegniek help om die aandag van die dissipels te kry en iets wonderliks aan hulle deur te gee, naamlik dat een van die voordele om aan Jesus se opdragte getrou te bly is om te weet dat hulle nie aan hulle eie lot oorgelaat sal word na die vertrek van Jesus na sy Vader toe nie.

“At the outset, Jesus, knows. In this Gospel, he does not observe events, weigh them and then come to know. He knows (see vv 7, 12, 17, 28), and events are shaped by his informed initiative. The author, again speaking as

"omniscient narrator;" reports that Jesus' washing of his disciples' feet arose from his knowledge that his mission had brought him from God and would carry him to God. The Evangelist gives Jesus' act of humble service a setting of authority. Jesus knows that his mission had been given him by the Father: the Father had given all things into his hands. The redemptive purpose he serves is ultimately the Father's purpose; the Father gives it into Jesus' hands, and Jesus discharges it faithfully" (Stevic, Kindle Location, 2011:454-459).

"The theme of Jesus as the Father's agent enters here; it is an organizing motif in johannine hannine christology; and it will figure several more times in the Farewell chapters. It was a principle of Halakhic Jewish thought that one might act through an agent. In an important review of the subject, Peder Borgen reports that "an agent is like the one who sent him" One who is appointed agent (shaliach) of another carries the rights and property of the other. The sender and the one sent are so identified that "dealing with the agent is the same as dealing with the sender himself" (Stevic, Kindle Location, 2011:460-463).

### 3.8 Die afskeidsgesprekke as 'n oorgangstyd

#### 3.8.1 Inleiding

Die meeste realistiese mense besef dat daar niks en niemand is wat aan hierdie kant van die graf vir ewig en altyd sal bestaan nie. Die een of ander tyd moet daar 'n einde kom. Dit is met hierdie besef dat die navorser glo dat afskeid 'n godgegewe voorreg is, al is dit nie almal beskore nie. Afskeid is 'n oorgangstyd. Burger se boek *Gemeentes in transito* (1995), waar dit gaan oor vernuwingsgeleenthede in oorgangstye is baie aktueel en relevant in hierdie verband. Afskeid beskik oor al die elemente en potensiaal om die betrokkenes tydens so oorgangsfase te lei tot sinvolle integrasie van die afskeid en die weg vorentoe in hierdie lewe.

#### 3.8.2 Afskeid as oorgangstyd

Afskeid is so deel van die mens se lewe soos asemhaal. Die Prediker verwoord iets hiervan as hy skryf oor die geleenthede en tye van mense se lewens in Prediker 3:2-7, naamlik:

"'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is, 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak', 'n tyd om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk, 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek ...'

Afskeid sny na twee kante, aan die een kant die persoon wat oppad is en aan die ander kant die persone wat agterbly en moet voortgaan met die lewe. Die volgende elemente kan onderskei word by afskeid as oorgangstyd:

- 'n Gewigtige gebeurtenis

Die persoon wat in die proses is van oppad wees, skeep die geleentheid om met sy mense te praat oor dit wat aan die gebeur is. Daar is 'n teruggryp na die verlede, so iets van 'n evaluering van dit wat agter is en die hoop word uitgespreek dat dit vir hulle wat agterbly betekenis gehad het en op 'n manier bygedra het tot hulle welwese.

- 'n Ontnugtering

Die persone wat agterbly beleef iets van 'n ontnugtering, so 'n ru teleurstelling (Odendal, 2005:799), as gevolg van die volgende konsekwensies soos die verlies van sekere bevoorregting, die ontwrigting van hulle lewens, negatiwiteit vir dit wat voorlê en die onsekerheid oor die toekoms.

- 'n Moeilike tyd

Die wat agterbly is uitgelewer aan die lot van hierdie wêreld ten opsigte van die vyandigheid, druk op hulle as gevolg van hulle posisies en 'n blatante negatiwiteit.

- 'n Positiewe oomblik

Afskeid het ook 'n positiewe kant. Dit is die geleentheid waar die persoon wat in die proses is om te gaan sy testament (sy wil) aan hulle wat agterbly bekend maak. Die waardering teenoor hulle wat agterbly word uitgespreek, gevolg deur 'n verduideliking, opdragte en bemoedigingswoorde. Daar is 'n oproep om hoopvol te bly en dit uit te leef elke dag.

- 'n Unieke geleentheid

Afskeid bevat iets van dankbaarheid; miskien moet 'afskeid' meer gereeld in die lewens van mense gebeur, want dit stel mense in 'n posisie van waardering. Die persoon wat in die proses is om afskeid te neem, se hartklop word gehoor, daar word gelet op die vertroude wat hy het in hulle wat agterbly asook die wegsending met die seën van die

Here. Die wat egter agterbly beleef iets van 'n mosie van vertroue in hulle gestel, om voort te gaan met dit wat aan hulle toevertrou is en op 'n verantwoordelike manier die regte keuses uit te oefen ten opsigte van die toekoms.

- Hoop geleentheid

Die oorgangstye kan produktief en konstruktief beleef word; alhoewel die Bybel in duidelike taal praat oor tye van ontwrigting en krisis, skets dit ook die positiewe kant van ontwrigting en krisis soos byvoorbeeld die gebeure waar Josua die volk Israel voor 'n keuse stel oor wie hulle wil aanbid en dien (Jos.24). Burger (1995:16-18) kom tot die volgende konklusie dat oorgangstye (i) 'n belangrike deel uitmaak van die lewe, (ii) dat dit leer- en vormingstye is en (iii) dat dit 'n instrument in die hand van die Here is om veranderend en herskeppend met mense besig te wees.

- 'n Refleksietyd

Refleksietyd is waaktyd, daar moet gewaak word dat so 'n oorgangstyd nie te gering geskat word nie, dit wil sê so op die oppervlakte gehanteer word as bloot roetine, dit het gebeur en daaraan kan nou niks verander word nie. Oorgangstye bied aan die betrokkenes die geleentheid om te reflekteer oor hulle lewe en getuienis in die teenwoordigheid van God, na te dink oor hulle doel en funksie in hierdie wêreld en indien nodig sekere aanpassings te maak ten opsigte van die lewe.

- Reaksie-tyd

Dit is hier waar die slag besleg word, want oorgangstye as sodanig verseker nie outomatiese sukses nie; dus moet dit hanteer word deur die betrokkenes en dit lyk of daar drie tipe moontlikhede is, naamlik:

- om bang en negatief die oorgangstyd binne te gaan en in die proses vrees dat dinge nie gaan uitwerk nie;

- om die oorgangstyd wel berekend binne te gaan en sonder veel moeite net probeer om dinge te normaliseer;
- om die oorgangstyd ootmoedig te aanvaar en binne te gaan met die verwagting dat die goeie hieruit sal kom (Rom.8:28).

### 3.8.3 Die opbou na die afskeidsgesprek

- 'n Eie opset

Oorgangstye het raakpunte en dit bring mee dat oorgangstye nie identies kan wees nie. Om tye reg te verstaan is baie belangrik in vandag se veranderde tye, want enige mistasting kan nadelige gevolge inhou. Hierdie raak nie net die politici, ekonome en makelaars nie, maar dit raak ook die godsdienste. So is daar vir baie jare in die kerk gedink dat ons teologiese insigte (soos God) ewig en onveranderlik is. Dus wat reg is vir die een situasie het ons gedink kan net so oorgedra en toegepas word na die volgende situasie. Ontnugter en met skok is daar besef dat God groter is as ons manipulerende aksies en dat verskillende omstandighede skreeu na verskillende toepassings.

- Seisoene deel van die lewe

Dit is nie net groepe en samelewings wat deur fases en seisoene groei nie, maar ook individue gaan deur sekere ontwikkelingsfases. Die gemeenskaplike deler is dat meeste samelewings en individue iewers begin, daar word deur 'n groeifase gaan, 'n hoogbloei fase word beleef en dan ongelukkig dikwels ook die binne gaan van 'n fase van verval of totale herkonstruksie (Burger, 1995:23).

- Die unieke aard van oorgangstye

Die werk en insigte van Turner (1967) lewer in hierdie opsig 'n groot bydra. Sy insigte hou verband met die onderskeid wat hy maak tussen die 'communitas'-situasie en die 'societas'-situasie. Vir die doeleindes van hierdie studie sou die volgende sienings belangrik wees, naamlik dat die 'societas'-situasie dui op 'n voorspoedsfase in die ontwikkeling



van die gemeenskap, waar die ‘communitas’-situasie hierteenoor dui op oorgang en onsekerheid.

Turner (1969:106) wys ook daarop dat wanneer jy die communitas-teenoor die societas- fase stel en vergelyk, verskil dit drasties asook die lewensgevoel in die twee situasie verskil ook hemelsbreed. Hy maak ook die opmerking dat die stormagtige communitas-tye soms meer sin het as die gemaklike en gerieflike societas-tye.

Turner se beskrywing van fases:

<b>Societas-fase:</b>	<b>Communitas- fase:</b>
Voorspoedtyd	Oorgangstyd
Gestruktureerde verbande	Ongestruktureerd
Orde en reëls	Min vaste reëls
Fokus op rolle en funksies	Fokus op mense en verhoudings
’n Hiërargie van status	Groter gelykheid tussen mense
Gevoel van geborgenheid	Gevoel van onsekerheid

- Fases in die oorgangsproses (winste uit kulturele antropologie)

Turner (1974:23-59) het die teorie ontwikkel oor hoe daar oorgegaan word van ‘n societas-situasie na die communitas-situasie, hy noem dit ‘n “social drama”. Dit werk byvoorbeeld soos volg dat wanneer ‘n groep of individu in ‘n krisis beland of ‘n erge verlies ervaar, word die societas-situasie opgehef en begin die sosiale drama – ‘n proses wat gewoonlik deur vier fases ontwikkel. Volgens Turner is die vier fases die volgende:

- die afbreekmoment (“breach”)
- die werklike krisis (“crisis”)
- die lang herrangskikking-fase (“redressive action”)
- die herintegrasië-fase (“reintegration”)

Arbuckle (1991:36; 1993:36) 'n katolieke teoloog wat ook 'n kulturele antropoloog is, het bovermelde model van Turner as volg vir Christelike gemeenskappe aangepas:


- Eerstens is daar 'n skeidingsfase waarin die gemeenskap van die ou situasie losgeskeur word.
- Tweedens vind die werklike *communitas*-fase plaas waarin dinge uit die *societas*-tyd gerelativeer word. Geordende strukture ontbreek, terwyl die gang van dinge redelik ongeorden is. Dit is die tyd van die 'tussen-in' (*limen*), die oorsteek van die drempel na die ander. In hierdie tyd ontwikkel nuwe energie en stimuli.
- Die derde fase is die een van herintegrasie en hersamestelling. Die aanbreek van 'n nuwe *societas*-fase is nou voor die hand liggend.

Dit is belangrik om daarop te let dat in 'n *communitas*-tydperk, waarin 'n klomp negatiewe ervarings en ontwrigting plaasvind, daar ook 'n aantal positiewe dinge gebeur. Die energiepunte is geskakel met die wegval van die vaste hiërargiese orde wat die geïnstusionaliseerde *societas*-tyd gekenmerk het (Burger, 1995:31). Arbuckle noem hierdie *communitas*-fase die limenaliteit-periode, wat gekenmerk word deur die volgende faktore wat energiepunte is (ook grenservarings genoem):

- Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings.
- 'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef.
- Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef.
- Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe (Burger, 1995:31).

In die lig van die eerste punt wat Arbuckle noem, moet daar juis gesoek word bediening struktuurmodelle wat tydens en na die ‘tussen-in’ (limen) as ‘n ondersteunings-meganisme moet dien ten einde die identiteit van gemeentelerskap en gemeentebestuur te reïntegreer. Sodoende kan daar beweeg word in die rigting van die volgende (nuwe) societas-fase. Die navorsing stel die hipotese dat eiesoortige strukture binne die bestuur van die kerk en die definiëring van haar taak tot meer stabiliteit sal lei binne die woelinge van ‘n communitas-fase. Dit sal lei tot die oorsteek van die limen, wat herintegrasie aan die hand werk. Arbuckle (1993:46) meen dat daar drie belangrike fases is wat tydens die communitas onderskei kan word, naamlik: (i) die afskeid- of breukfase (separation), (ii) die werklike oorgangsfase (liminality) en (iii) die herintegrasiefase (reaggregation).

Die veronderstelling is dat oorgangstye positiewe moontlikhede bevat wat raakgesien en reg benut moet word met die oog op die status novo. Arbuckle (1993:46) meen dat daar drie belangrike fases is wat tydens die communitas onderskei kan word (vgl. ook Arbuckle 1991).



- **Energiepunte in die communitas-tyd**

Volgens Burger (1995:31) is die interessante en onverwagte van die communitas-tyd, dat by al die negatiwiteit rondom verlies en ontwrigting is daar ook 'n klomp positiewe dinge verbonde aan so 'n tyd. Hierdie positiewe dinge, die 'energiepunte' hang almal in 'n mindere of meerdere mate saam met die wegval van die vaste en hiërargiese orde wat die geïnstitutionaliseerde societas-situasie kenmerk.

### 3.9 Gevolgtrekking

#### 3.9.1 Inleiding

Die prakties-homiletiese reis deur die landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels in die Johannes-evangelie onderstreep weereens die wonderbaarlike wyse waardeur God met die mens bemoeienis maak. Die skatte wat in die afskeidsgesprekke verskuil lê, vra nie net vir 'n eenmalige reis nie, maar vir 'n voortdurende reis met die oog daarop om nie een van hierdie skatte dalk in die proses verlore te laat gaan nie. Die krisis met reis is dat as gevolg van die opgewondenheid, die sekere doelwitte wat bereik wil word asook die 'carpe diem' ingesteldheid van die reisiger, daartoe kan lei dat

van die skatte misgekyk of eenvoudig net gemis kan word. Die enigste konklusie waartoe die navorser kon kom, is die besef dat die reis deur die afskeidsgesprekke van Jesus telkens ver-ander soos die landskap vanuit verskillende oorde, hoeke en oorgange belig en sigbaar gemaak word (vgl. die opmerkings gemaak in punte 3.2.1 – 3.2.1.3). Reis is 'n dinamiese gebeure, wat beteken en impliseer dat die reisiger iewers op hierdie reis deur die dinamika geprikkel of gestimuleer is, dit wil sê geraak is. Die reisiger kan nooit neutraal staan teenoor sy/haar reis nie, iewers moes daar iets gebeur het ten goede of ten slegte. Dieselfde gebeur as daar gereis word deur die afskeids-gesprekke, dus iewers gebeur daar iets met die een wat daardeur reis.

### 3.9.2 Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus.

- Afskeidsgesprekke vind nie in lugleegtes plaas nie, dit vind plaas daar waar mense daaglik lewe. Daar is 'n bewuste aanloop na die afskeidsgesprek, want sekere dinge het gebeur en daar is sekere dinge wat nog moet gebeur. Jesus weet dat die einde van sy aardse reis op hande is en hieroor moet hy die mense (sy dissipels) wat naby Hom leef inlig. Dus moet daar 'n geleentheid daarvoor geskep word, wat beteken dat daar moet 'n tyd en 'n plek gevind word waar dit kan gebeur. Hierdie is die aanloop na die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (vgl. Waetjen punt 3.7.2.5.2)
- Afskeidsgesprekke is spanningsvolle oomblikke, want die een wat voorgaan, is die een wat hom-/haarself stroop oor die kortstondigheid van die menslike lewe, die einde het aangebreek en hieraan kan niemand toring of verander nie. Die een wat voorgaan probeer sin gee aan hierdie gebeure, terwyl hy/sy ook besef dat sy/haar tyd beslis sal uitloop en dat sy/haar inset op hulle wat agterbly tot 'n einde gekom het (sien ook punt 3.7.2.5.3).
- Afskeidsgesprekke is ook storietyd, want die een wat voorgaan deel sy/haar storie met die sy/haar mense. Die narratiewe speel hier 'n belangrike rol, want in die storie wat gedeel word moet die wat agterbly

gelei word om sin te maak uit dit wat aan die gebeur is. Johannes wil deur die afskeidsgesprekke van Jesus beklemtoon dat Jesus se koms na hierdie wêreld God bestem is. Die storie van Jesus se koms na die wêreld, is die storie wat mense moet begelei om te sien dat Jesus die Seun van God is, die Messias. Hierdie Messias openbaar homself in verskillende gestaltes soos, liefde (Van Tilborg), nederigheid (Du Rand) en dissipelskap (Tolmie).

- Afskeidsgesprekke is ook 'n stukkie 'heilige grond', wat beteken dat dit 'n baie intieme geleentheid is, dit is 'n geleentheid wat weg van die publieke oog gebeur. Tydens hierdie gebeurtenis is buitelanders nie welkom nie; wat met buitelanders bedoel word, is dat dit iemand is wat niks met die betrokke geleentheid te doen het nie. Die inligting wat hier gedeel word sal ook geen betekenis hê vir die buitelanders nie. By Jesus se afskeidsgesprekke word Judas as verraaier uitgewys, eers daarna vind die gesprekke plaas (sien ook punt 3.7.2.5.4).
- Afskeidsgesprekke is ook 'n oorgangsfase, wat beteken dat die een wat voorgaan die onrustigheid wat geskep is deur sy/haar weggaan wil bestuur om hulle wat agterbly met moed en vreugde te laat vir dit wat voorlê. Jesus se weggaan skud die dissipels se gemaksones (societas) en onsekerheid oorval hulle en sodoende bevind hulle hulself in 'n tussen-in fase (communitas), die afskeidsgesprekke is Jesus se manier om die dissipels uit hierdie 'gat' te begelei na die nuwe toekoms (nuwe communitas) wat op hulle wag. Tydens hierdie afskeidsgesprekke vind daar 'n aantal aksies plaas, soos onder andere die voetwassing wat aan die dissipels bevestiging gee dat Jesus met hulle is tot aan die einde toe (vgl. ook Du Rand punt 3.2.2.4).
- Afskeidsgesprekke is ook 'n oomblik van reflekteer, die persoon wat voorgaan neem alles in oënskou, hy/sy reflekteer oor die pad wat hy/sy met die aanwesiges reeds afgehandel het, waar hulle hul tans bevind en dan die verwysing na die toekoms, hoe die aanwesiges hulleself sal moet handhaaf en mekaar sal moet versorg om staande te bly teen die moontlike aanslae van hierdie wêreld (sien ook punt 3.7.2.5.4).

- Afskeidsgesprekke is ook gevul met beloftes; die dissipels is bang en onseker oor dit wat op hulle wag nadat Jesus hulle verlaat het, hierdie word bevestig deur Petrus, Tomas en Fillipus se reaksies op dit wat Jesus besig is om te doen en mee te deel. Jesus se weggaan bring die Parakleet in spel. Die Parakleet is die belofte van Jesus aan die dissipels, dat hulle nooit wees sal wees na sy weggaan na die Vader toe nie. Die Parakleet word aan hulle geskenk, omdat Jesus deur die Parakleet in hulle voortaan teenwoordig sal wees; hierdie teenwoordig wees sal sigbaar wees in hulle liefde en in hulle gehoorsaamheid as Jesus se dissipels.
- Afskeidsgesprekke het ook 'n spesifieke boodskap, so is dit ook met die afskeids-gesprekke van Jesus, want sy dissipels moet weet dat hy hulle tot de einde toe lief het, dat soos Hy en die Vader een is sal hulle en Hy ook een wees en hierdie een wees word sigbaar in hulle liefde en gehoorsaamheid aan Jesus se opdragte (sien 3.7.2.5.5).
- Afskeidsgesprekke wys op die lewe tussen uiterstes, die een wat voorgaan besef dat soos aangedui deur die Prediker (Pred. 3) hy/sy ook daarby ingesluit is en dat die tyd om te sterwe is hier. Die tyd het aangebreek om los te maak en oor te gee aan hulle wat agterbly.
- Afskeidsgesprekke bring ook nuwe energie na hulle wat agterbly; terwyl Jesus saam met die dissipels in die wêreld werksaam was, was hulle blote toeskouers, nou dat Jesus weggaan is hulle vir die eerste keer in die kollig met hulle dissipelskap van liefde en gehoorsaamheid.
- Afskeidsgesprekke se taal kan verskil van dit waaraan ons gewoon geraak het, dit is taal wat troos, bemoedig en aanmoedig.

### 3.10 Basisteoretiese perspektiewe vir die prediking na aanleiding van die afskeidsgesprekke van Jesus

- Die afskeidsgesprekke vind binne 'n bepaalde konteks plaas en daar is ook 'n bepaalde orde. Die bepaalde konteks is dat daar intimiteit is, dat buitestanders nie welkom is nie en dat dit die geleentheid bied vir die aanwesiges om seker te maak dat onafgehandelde sake hanteer kan word.
- Die afskeidsgesprekke bied die geleentheid om die oorgang van die status quo na die status novo te begelei.
- Die afskeidsgesprekke bied ook die geleentheid om te reflekte naamlik daar is (i) 'n terugkyk, dit wil sê na dit wat agter lê; (ii) 'n opkyk, dit wil sê die raaksien van God en dit waarmee Hy besig is en daar is (iii) 'n vorentoe kyk, dit wil sê hoe gaan dit wat voorlê hanteer word.
- Die afskeidsgesprekke vorm die 'nuwe' testament, wat verwys na dit wat so pas ontdek en bruikbaar gemaak word met die oog op die toekoms, die tyd wat wag na die weggaan van die betrokke persoon.
- Die afskeidsgesprekke gebruik 'n ander taal as die taal in die alledaagse om-gang tussen mense.



## HOOFSTUK 4

‘n Prakties-teologiese reis deur die landskap van die homiletieke vir die identifisering van basisteoretiese perspektiewe, ten opsigte van die prediking in begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker.

### 4.1 Inleiding

Dat die prediking vandag nog staanplek het in die lewe van die mens bly ‘n geheim, luister na die opmerkings van Dingemans (1991); Vos (1996); Bijlsma (1977); Farris (1998); Pieterse (1979). Die prediking mag uit verskeie wetenskaplike dissiplines en oorde heftige kritiek ontlok, maar die feite is, jy is vir prediking of jy is teen prediking, maar jy kan nie sonder prediking nie. Romeine 10 vers 14 stel dit duidelik: “Maar hoe kan ‘n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?”.

Immink (2008:9) maak die volgende opmerkings rakende die prediking:

“De preek is nog steeds een veelbesproken onderdeel van de kerkdienst” en later ook “In het kerkelijk leven neemt de preek nog steeds een belangrijke plaats in” en “Het preekproces blijft ondertussen een boeiend fenomeen”. Die prediking bly maar die ‘warm patat’ van ons tyd as gevolg van die hoë verwagtinge wat gekoester word, want die behoefte van die mens is inspirasie en motivering, troos en bemoediging. Die prediking is samespel tussen prediker en hoorder; mense kom met hulle geloofs- en lewenservaringe kerk toe en raak dan so betrokke by die liturgie en die prediking. Die hoorders is “co-performers, zij voltrekken een eigen deelnemersact, niet alleen bij de liturgie, maar ook bij de preek”. Die prediking verskil van die gewone toespraak in die opsig, dat dit gekoppel word aan die Woord en die Gees. Die lees van die Bybel en die gebed om die verligting deur die Gees veronderstel dat daar sprake mag wees van “zekere ontvankelikhed en openheid waarin God zijn werk kan doen”.

Daar het in Suid-Afrika oor die laaste aantal jare ingrypende veranderings plaasgevind op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied. Die kerk het nie die invloed van hierdie veranderings vrygespring nie, sommige positief en ander baie negatief. Die mees ingrypende implikasie van hierdie veranderings, was oor hoe mense die gesagstrukture beleef het (De Wet, 2012:V). Dit het veroorsaak dat daar ‘n wantroue by die mens ontstaan het as gevolg van die misbruik en uitbuiting van gesag. Die prediking is een van die kerk se eerste gebruike wat dit moes ontgeld, omdat die Bybel in die apartheidsjare gebruik was om mense te manupuleer vir ‘n ideologie. Die prediking het die Bybel as die Woord van God gebruik om mense teen hulle sin te betrek by ‘n ideologie wat gerig was op volks- en eie belang. Met hierdie somber

agtergrond, is die navorser steeds positief dat die prediking die plek is; waar God met mense in gesprek tree en saam met hulle reis in hierdie lewe om 'n verskil te maak. Die kritiek teenoor die prediking is nie iets wat maklik deur die predikers verwerk word nie, maar dit is belangrik, omdat die prediking mense wil begelei na lewensin en lewensvreugde. Die prediker en teoloog J.C. Sikkel soos aangehaal deur De Klerk (1977:9) het gesê: “Die bring van die waarheid Gods gaan voorop en is die grondslag vir die besturing en vermaning vir die Christelike lewe, wat daarop volg en moet volg”. Die klem val op die Woord van God. Dit is hierdie Woord; wat steeds as die bron en die rigsnoer vir die lewe van die mens verkondig moet word.

## 4.2 Prediking as reis

### 4.2.1 Begripsoms krywing

Die HAT verklaar die woord prediking as: “die handeling om te preek of as die verkondiging van Gods Woord” (Odendal, 2013:886). Dit is nie ongerymd dat God en siekte soms so aan mekaar gebind kan word dat dit die beeld van 'n Siamese tweeling kan skep nie, want daar kan nie oor siekte gepraat word sonder om oor God te praat nie. Louw (1994:i) beskryf dit soos volg dat, “illness creates a new understanding of one’s calling in life: to represent the loving care of God and become involved in the suffering of others. Thus illness becomes a calling and responsibility within a living relationship with God and a loving relationship with fellow human beings”. Aden en Hughes (2002:2) praat ook in hierdie rigting dat wanneer 'n Christen gekonfronteer word met lyding, dit hanteer word “in terms of God’s relation to us”.

In die Grieks word prediking as term binne die semantiese veld van kommunikasie hanteer, en die volgende terme word gebruik:

- “κηρύσσω”

Betekenis: “to publicly announce religious truths and principles while urging acceptance and compliance, to preach” (Louw & Nida, 1988:417). Louw en Nida (1988:417) maak die volgende opmerking dat, “In a number of languages it is impossible to translate “κηρύσσω”, without indicating the content of what is preach. Accordingly, one may

have such expressions as ‘to preach about the good news’ or ‘to preach about God’”.

- “προκηρύσσω”

Betekenis: “to preach in anticipation or in advance – to preach beforehand” (Louw & Nida, 1988:417).

- “Θεόπνευστος”

Betekenis: “pertaining to a communication which has been inspired by God – ‘inspired by God, divinely inspired’” (Louw & Nida 1988:418).

Louw en Nida (1988:418) maak die volgende opmerking dat:

“In a number of languages it is difficult to find an appropriate term to render ‘inspired’. In some instances ‘Scripture inspired by God’ is rendered as ‘Scripture, the writer of which was influenced by God’ or ‘... guided by God’. It is important, however, to avoid an expression which mean ‘dictated by God’”.

#### 4.2.2 Reis met die prediking

Tydens ‘n reis is daar heelwat inligting wat inspeel op die gedagtegang van die reisiger, hierdie inligting help die reisiger met sy of haar oriëntering ten opsigte van die reis. Die inligting wat deur die landskap van die prediking in die praktiese teologie gebied word help die navorser om sekere peilings te maak, wat vir hierdie studie relevant en bruikbaar is. Die praktiese teologie was tot onlangs toe nog net die versamelnaam vir losstaande vakke, hierdie losstaande vakke het as gemeenskaplike deler die praktyk en funksionering van die kerk in die wêreld.

Die regte ondersteuning en begeleiding van die mens in sy/haar reis met kanker is baie belangrik. Die keuse vir die ondersteuning en begeleiding vir hierdie studie is die prediking. Alhoewel die prediking vandag heelwat kritiek verduur uit verskeie oorde, bly die prediking die taak van die Christelike teologie; om die betrokkenheid van God in die lewe van mense hoorbaar en verstaanbaar te maak (Vos, 1996:9).

Dingemans (1991:23) wys ook op die gesag en krag wat in die prediking vervat is:

“De preek is eigenlijk een wonderlijke communicatievorm: de spreker staat verder van je af dan in een persoonlijk gesprek en tegelijk kan hij of zij je zeer nabij zijn. De predikant staat op een hoge kansel en er straalt iets ‘normatiefs’ vanaf – en tegelijk kunnen predikanten in hun preek heel menselijk en heel begripelijk en daarom heel dichtbij zijn. De hoge kansel scheidt tegelijk afstand en nabijheid; je voelt je bij een goede preek sterk betrokken, zonder dat de boodschap je door de strot wordt geduwd; er worden gevoelens in de hoorder geraakt en er kunnen taboes worden doorbroken, die tegelijk ruimte bieden om daar op een eigen en persoonlijke manier te reageren. Of liever op een preek hoeft je niet direct te reageren – je kunt de dingen mee naar huis nemen en ze tot je laten doordringen en er nog eens rustig over nadenken”.

Die verskillende benamings van die losstaande vakke dui op die verskillende standpunte en betekenis wat daar binne die praktiese teologie bestaan. Die Universiteit beskryf dit as die kerklike vakke, dit wil sê vakke wat te doen het met die praktiese uitvoering van die kerk se roeping in die wêreld. Die Gereformeerdes beskryf dit as die amptelike vakke, wat beteken dat dit die vakke is wat die praktiese uitlewing van die kerklike ampte beskryf, en die Katolieke op hulle beurt beskryf die vakke as die pastorale vakke waar die pastorale amp aan die orde van die is (Heitink, 1993:13).

Sedertdien is verandering deel van die daaglikse roetine, en deesdae is die neiging dat die meeste wetenskappe op 'n unieke en voorgeskrewe manier 'n bepaalde onderwerp of saak bestudeer (Heyns en Pieterse, 1990:4). In die teologie gaan dit om God, die term teologie sê dit self, want teologie is die samevoeging van twee Griekse woorde, naamlik “Θεος” wat God beteken en “λογος” wat woord beteken, dit wil sê dat die teologie is 'n woord oor God (Heyns & Jonker, 1974:127; de Gruchy & Villa-Vicencio, 1994:4). Die die prediking se reis is om 'n woord oor God in die lewe van die mens wat met kanker saamleef te bring, sodat daardie mens ook sy/haar doel in hierdie lewe kan bereik.

#### 4.2.3 Prediking is pastoraal

Die HAT het vele omskrywings vir die woord 'pastoraal', dit blyk dat die woord gekoppel word aan 'n spesifieke woord om dit te omskryf, byvoorbeeld die woord 'pastor' wat impliseer, dat pastoraal te doen het met die pastor, of die woord 'herderlik' wat impliseer dat pastoraal te doen het met sielsorg (Odendal, 2013:853). Die prediking gaan oor die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saameef, met die oog op lewensin en lewensvreugde. Die woord 'begelei' word in die HAT verklaar as "die saamgaam of vergesel van iemand of bypassende musiek speel vir iemand wat sing" (Odendal, 2013:74). Die woord 'versorg' word in die HAT verklaar as "sorg vir, van die nodige voorsien; oppas" (Odendal, 2013:1297). Die prediking moet so saam met die mens met kanker reis, dat hy/sy kan beleef; dit is God wat voorsien en oppas. In die prediking reik God na die mens. Hierdie reik na die mens van God word goed saamgevat in Van Ruler (1971:32-42) se woorde: (i) die prediking se vertrekpunt is die Bybel waar die mens deur God geroep word uit sy/haar sonde-nood tot lewensvernuwing met die hoop tot 'n blye toekoms saam met God; (ii) die prediking is waar God deur die Heilige Gees mense aan die hand vat en hulle uit hulle erge omstandighede lei na kalmer waters; (iii) die prediking lei en roep die mens tot geloof, maar in die sakramente van die doop en die nagmaal word die lei en roep tot geloof sigbare prediking; (iv) deur die prediking raak God intiem betrokke by die mens en sy lewensomstandighede en (v) prediking moet nie net 'n kop-saak wees nie, maar moet oorloop in die doen en die beleving daarvan, dit wil sê dit moet tot uiting in die lewe van die mens.

#### 4.3 Prediking bly belangrik

##### 4.3.1 Inleiding

Prediking is 'n spesifieke aksie uit die protestantse tradisie wat geloots word as die manier om geloof by die hoorder te skep, daarom dat daar maklik 'n is-gelyk-aan-teken geplaas word tussen die geloof in God en die prediking van God. Prediking is die medium waardeur geloof gekommunikeer word. Beutel

(1994:84-102)<sup>29</sup> gee drie redes vir die teologiese belangrikheid van die prediking: (i) As geloof 'n streng persoonlike verhouding met God impliseer, moet hierdie verhouding gestimuleer word deur taal, deur die woord en deur 'n reaksie. Dit is alleenlik deur woorde wat die hart van 'n persoon bereik kan word met die oog op geloof; (ii) as geloof 'n verhouding van vertroue is, moet die linguïstiese medium in die vorm van 'n gesprek wees en (iii) Die wyse van prediking versterk die konfronterende, die polemiese dimensie van geloof. Dit impliseer die totale vertroue in God en 'n totale wantroue in alle gesagdraers, wat meen dat hulle die toekoms kan bepaal (vgl. ook Lange, 1967)<sup>30</sup>.

Geloof is voortdurend in stryd met die gesagdraers en die realiteite van hierdie wêreld, en dit dra daartoe by dat die prediking die voorkeur metode is vir die kommunikasie van geloof. Die prediking beklemtoon noukeurig al die gesagdraers wat oënskynlik die vertroue in God kan rysmier, maar dit het ook die potensiaal om die belofte en die idee van 'n geloofwaardige God daar te stel. Hermelink (2007:31) wys daarop dat die prediking by uitstek die medium is waardeur geloof bewerkstellig word, want:

- die prediking fokus op die skep van persoonlike geloof en daarom is dit persoonlik;
- in die prediking is daar altyd 'n mate van konfrontasie, as gevolg van die verskeie opposisie en valse gode
- die prediking is ook altyd besig met verskillende realiteite, asook verskillende verwaandhede en illusies, so sal daar ook verskeie stemme opklink uit die prediking.
- geloof is betrokke in verskeie oorwegings en argumentasie en daarom fokus die prediking: op vrae, vertwyfeling en argumente. Argumente het te doen met refleksie en daarom sal die prediking altyd iets bied om oor te reflekteer.

---

<sup>29</sup> Helpful: Albrecht Beutel, "Scriptura ita loquitur, cur non nos?" Sprache des Glaubens bei Luther, in *Kerygma und Dogma* 40 (1994), pp. 84-102; Dietrich Korsch, *Evangelisch predigen. Dogmatische Konturen einer praktischen Aufgabe*, in: E. Garhammer / U. Roth u.a. (ed.). *Kontrapunkte. Katholische und evangelische Predigtkultur*, München: Don Bosco 2006, p. 113-125.

<sup>30</sup> Cf. Ernst Lange, *Zur Theorie und Praxis der Predigtarbeit* (1967), in: *Predigen als Beruf. Aufsätze zu Homiletik, Liturgie und Pfarramt*, hg. v. R. Schloz, München: Chr. Kaiser 1982, pp. (9-51) 39f and often.

#### 4.3.2 Aktualiteit

Hermelink (2007:38-40) bespreek die wyse waarop Sölle<sup>31</sup> praat van die taal van hoop, want hoop is slegs moontlik binne 'n taal van hoop en hierdie taal praat deur prente, gedigte en mites. Sy verklaar 'n mite as “a story which interprets the world as in relation to God. It reminds us that our story also can be told in another way, that we also have another relation to the world than the masters of our consciousness believe”. Maar dit is die prediking wat die mite van geloof interpreteer en ontwikkel, wat die goddelike perspektief kommunikeer. Hierby kom nog die betroubare fondament van hoop.

Die bewuswording van die homiletiese proses wat gebeur in die feitelike kommunikasie is belangrik, en veral hoe dit verantwoordelik vereken kan word. Die prediking is die interaksie tussen die prediker en die gemeente binne die netwerk van die liturgie, die gemeentelike kultuur en die sosiaal-kulturele konteks. Volgens Immink (2010:11-12) is die volgende drie aspekte altyd teenwoordig as die prediking ter sprake kom: (i) die geloofskultuur – oortuigings, houdings, handelingstendense; (ii) die funksie van die teks – die geloofsgemeenskap verwag inspirasie/ motivering/ oriëntasie en (iii) die alledaagse werklikhede – lewenservarings, gedagtes en oorkom van struikelings. Die waardering en die persepsie van die prediking verander voortdurend: soos byvoorbeeld dat die demokratiese-golf het die vanselfsprekende gesag van die prediker laat taan (Craddock, 2001); die klem op die wederkerigheid tussen prediker en gemeente het na vore getree soos beskryf deur McClure in sy boek *Round table Pulpit*; die vryheid van die hoorder en die ontvangs (receptie) van die Woord en die hoorder benader vanuit die menslike ervaringe in die kommunikasie proses. Daar is 'n ongelykheid wat beteken dat die prediker is in 'n uitsonderingsposisie (deskundige), wat kan lei na 'n ongelykheid ten opsigte van die retoriese rol van die spreker met die besondere funksie om die teks uit te lê.

Die preek is ook 'n kumulatiewe proses vir die hoorder, want hy/sy moet dit deurtrek na sy/haar daaglikse geloofsuitdrukking en geloofsvorming.

---

<sup>31</sup> Dorothee Sölle, *Gott ist das Allermitteilbarste* (1983), in: *Dies., Und ist noch nicht erschienen, was wier sein werden*. Gesammelte Werke 2, Stuttgart: Kreuz-Verlag 2006, pp. (271-281) 275.

- Prediking staan sentraal

Die prediking is oor die jare 'n belangrike bediening binne die Christelike geloof. Hoe sterk hierdie bediening is word onmiddelik beseef wanneer 'n Gereformeerde kerkgebou binne gestap word, die preekstoel se dominasie is opvallend in die liturgiese ruimte. In die Nederlandse Geloofsbelydenis se artikel 29 (Heyns, 1988:343) staan die volgende, die 'suiwre verkondiging van die Woord' is 'n kenmerk van die ware kerk. Dingemans (1991:25) skryf:

“Kennelijk wordt de preek gezien als een ingrijpende, normatieve en richtingwijzende beïnvloeding van de gemeente. Ook het voorschrift dat de preek wordt gehouden ‘naar aanleiding van een bijbeltekst’ of nog liever: voor een groot deel bestaat uit de ‘uitleg van een bijbelgedeelte’, wijst er op, dat de reformatorische kerken aan de preek een grote normatieve betekenis toekennen.”

- Prediking is anders

Jonker (1976:79) stel dit aangrypend naamlik dat, “Prediking is die bediening van die Woord van God aan 'n spesifieke vergaderde gemeente. Die Woord bediening moet daarby onderstreep word. Wat die Sondag se preek onderskei van ander vorme van omgang met Gods Woord, is dat dit 'n lewende 'bediening' van die Woord is”. Die prediking is nie 'n kommunikasie-model nie, maar eerder 'n kommunikasie-gebeurtenis. Dit beteken dat daar 'n lewende element in die prediking ingebou is, die element van kontak en omgang tussen mense. Daar is drie gestaltes van die Woord: (i) Christus is die eerste gestalte, die vleesgeworde Woord; (ii) die Bybel is die tweede gestalte, waar God se Woord opgeteken is in die mens se woord en (iii) die Prediking is die derde gestalte, waar die Woord van God onder mense aangebied word (vgl. Dingemans, 1991:34).

Die andersheid word in die woorde van Cilliers (2004:4) weerspieël:

“Maar stel jouself voor dat die God wat in die prediking aan die Woord moet kom, Homself giet in 'n mensvorm, dat Hy in die gedaante van 'n Babatjie met skoppende beentjies en kwylyende



mondjie binne die koördinate van tyd en ruimte gebore word. Dat Hy op 'n dag in die geskiedenis volgens wrede, antieke gebruik aan 'n houtpaal met spykers vasgekap word en aan die elemente oorgelaat word om 'n stadige dood te sterf. Dat Hy drie dae daarna uit die dood uit sou opstaan, aan mense verskyn en demonstreer dat Hy leef, dat Hy op 'n wolk wegvaar na die hemel en kort daarna sy Gees na sy volgelinge toe stuur om vir altyd by hulle te wees. Stel jouself voor dat hierdie vreemde versameling van feite en gebeure goeie nuus, oftewel evangelie genoem word, en dat jy in die prediking dit so moet verwoord dat dit op een of ander manier vir mense lig en lewe moet bring”.

- Devaluasie van die prediking

Cilliers (2004:7) skryf dat, “Die prediking is nie meer vanselfsprekend nie. Dit word bevraagteken, gekritiseer, of ten minste geïgnoreer”. Mense skroom nie om hulle misnoeë met die prediking te toon nie. Dingemans (1991:21) wys op onder andere dat die prediking “uit de tijd zijn”, waar die prediking in die verlede 'n bron van inligting was, is dit nie meer die geval vandag nie, want mense word vandag gebombardeer met inligting. Die prediking is ook “eenrigtingverkeer”, terwyl die wêreld funksioneer op dialoog en dan is die “effect” van die prediking weinig sigaar in die woorde en daede van mense. Vos (1996:1-4) noem ook in die verband die volgende: (i) die wyse waarop die prediker met die preek omgaan, getuig soms van 'n gebrek aan struktuur en tekstuur; (ii) die kommunikasieproses van die preek is te ingewikkeld; (iii) die boodskap word ook beleef as lewensvreemd en verwyderd van dit wat mense beleef en ervaar en (iv) dat die hoorder en die konteks van sy/haar wêreld deur die prediking gemis word.

#### 4.3.3 Fronte van kritiek op die reis

- Post-modernisme

Die post-modernisme se tipiese aksente is dat die waarheid is veelvoudig, relasioneel en onseker, en dit maak die lewe te kompleks om dit met 'n preek reg te dokter (sien Cilliers, 2004:7).

- Kommunikasie wetenskappe  
John Bluck (1989:33) 'n kommunikasiewetenskaplike wys daarop dat die prediking op al die wesentlike punte van goeie kommunikasie oortree, naamlik:
  - as openbare gebeure is die prediking besig om haar “public appeal” te verloor;
  - as kunsvorm wat meer as een gestalte vertoon is die prediking met sy eenvormigheid en verveligheid 'n skrilte kontras;
  - as 'n gebeurtenis wat plaasvind ter wille van die gemeente, het die prediking verander in 'n nou ter wille van die predikant;
  - die prediking as 'n daad van geloof waarin die prediker sy/haar roeping nakom en uitvoer, is verhef tot 'n blote funksie.
- Eie geledere (teologie)  
Die Woord-teologie van Barth regeer nog, wat impliseer dat die menslike en kommunikatiewe kant van die prediking geïgnoreer word. Die hoorder word afgeskeep, want “prediking wat die konteks van menswees nie aanspreek nie, is in werklikheid geen prediking nie (Cilliers, 2004:15).
- Uit die kerkbanke  
Hierdie kategorie van kritiek is die moeilikste om te hanteer, want dit het betrekking op vandag se predikers. Hierdie kritiek word sigbaar gemaak deur die voete wat die kerk verlaat, as gevolg van verskeie redes, wat kan wissel van irrelevant tot teleurstellend.

#### 4.3.4 Wat gebeur in die prediking?

##### 4.3.4.1 Inleiding

De preek spreek mense aan in hun concrete leefwêreld, in die preek word die leefwêreld op 'n manier verbeeld – en onder woorde gebring. Niebergall – “een moderne preek antwoord moet vinden op eietydse nood en vrae van mense”. Ernst Lange (1982) wys daarop dat “als we

niet op concrete problemen en vrae gaan, word dit geen "nuwe Godswoord". Die prediking gaan oor die konkrete leefwêreld van die mens, in die prediking word aan mense se leefervaringe aangevat, vorentoe geroep en bekendgestel. Godsdienstige taal is gelaai met affektiwiteit en raak mense aan. Die mens wat voor die prediker sit bly altyd belangrik, want hy/sy sit daar met 'n spesifieke en dringende verwagting. Die prediking moet help dat die mense se vrae beantwoord word, sodat hulle sin en vreugde kan belewe. Die konteks van die gemeente is ook bepalend vir die benadering van Woord van God, want hierdie mense skep 'n bepaalde konteks en sfeer waarbinne die prediking plaasvind. Prediking val binne die veld van die homiletiek, waar die aard, inhoud en lewering daarvan bestudeer word. Die vraag is dus na die subjek, inhoud en objek van die prediking.

#### 4.3.4.2 Die 'wie' van die prediking

In geen onduidelike taal stel Hoekstra (1975:196) dit dat die 'Here Jesus Christus in heel enige sin die Subjek is van die bediening van die Woord':

"Voor zijne vleeschwording heeft Hij door zijn Geest de profeten bekwaamd om van Hem te spreken, tijdens zijn omwandeling op aarde heeft Hij self het Woord Gods verkondigd, en na zijn hemelvaart is Hij de hoogste profee en leraar, die ons onderwijst door zijn Woord en Geest".

Hierdie ampswerk van Christus word vandag deur die kerk voortgesit, wat beteken dat die kerk mense roep en afsonder vir hierdie spesifieke bediening.

#### 4.3.4.3 Die 'wat' van die prediking

Waaroor gaan dit in die prediking? Wat wil God hê moet gebeur deur die prediking? Prediking is nie 'n godsdienstige redevoering of 'n welsprekende kanselredenasie nie, maar eerder die tuiskoms van Gods Woord deur die Heilige Gees in die lewens van mense. Jonker (1973:32) stel dit dat deur die werkinge van die Heilige Gees kom daar oorwinning oor die ongeloof van mense. Hy noem drie dade van Gods lewensvernuwende werk: die gawe van bestaansdeurligting, waar die mens ontmasker word; die betaansverlossing, waarbinne die sekerheid van die lewe wat in Christus te vinde is, geskets word met die oog op

die bestaansontplooiing, wat impliseer dat die mens die geleentheid sal aangryp en met innerlike vreugde gedring sal wees tot lofprysing.

#### 4.3.4.4 Die 'aan wie' van die prediking

Die adres van die prediking is die gemeente van Christus wat as liturgiese gemeenskap in 'n gekonstitueerde vergadering van die erediens saamgekom het. In die erediens staan die volk van die Here in Christus en deur die Heilige Gees op die heilige troonberg om tydens die liturgiese dialoog te luister na die troonrede, wat God self deur die prediking lewer. Die geloofsgemeenskap wat in die erediens saamkom doen die volgende, naamlik: hulle bely hulle betrokkenheid in God se koninkryk, hulle verklaar dat hulle verantwoordelikheid neem vir dit wat die Woord op hulle harte lê en hulle onderneem om diensbaar in hierdie wêreld te wees (vgl. De Klerk, 1977:16-17).

#### 4.3.5 Prediking as hoop

Cilliers (2004:19) se opmerking geld dat die prediking steeds 'n belangrike funksie vervul in die bediening van en deur die gemeente. Nel (2001:5) wys daarop dat navorsing toon dat die prediking basies en sentraal staan in die opbou van die gemeente en dat die opbou nie sonder die prediking kan geskied nie. Dus om te preek is om te hoop, want die prediking is 'n gekonsentreerde vorm van die Christelike hoop (Cilliers, 2004:19). Die verwagting is dus dat die prediking mense se lewens kan verander, dat dit God self werksaam en teenwoordig maak in die lewe van mense en die openbaarmaking van die geheimenis van Christus.

#### 4.4 Roetes van die homiletiek

##### 4.4.1 Internasionale homiletiese verenigings

Vos (2014:21) skryf dat, "Daar is veral twee internasionale homiletiese verenigings wat diep spore in die homiletiese wêreld getrap het. En dit is die *Homiletica Societas* en die *Arbeitsgemeinschaft für Homiletik*. Die verskil tussen die twee organisasies is dat die *Homiletica Societas* homilete oor die ganse wêreld betrek terwyl die *Arbeitsgemeinschaft für Homiletik* hoofsaaklik op die Duits sprekende homilete gerig is en binne die grense van Duitsland plaasvind. Die konferensies van belang vir hierdie studie, was die volgende, naamlik:

- Die vierde internasionale konferensie het in 1999 in Washington plaasgevind. Daar was die tema “Preaching Grace in the Human Condition.” Hierdie konferensie kan as ‘n wending in die *Homiletica Societas* beskou word. Die konteks van die hoorder is in die homiletiese proses betrek. Temas soos “America Today,” “An African perspective,” “An eastern European perspective,” en “A feminist perspective” het aan die bod gekom.
- Die sesde konferensie in 2004 het nog ‘n verdere homiletiese tree gegee. Die tema was “Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict.” Die konteks waarbinne die preek gebeur, is ernstig geneem. Die wêreld van konflik waarbinne die hoorder elke dag leef en werk, kan nie uit die erediens geweer word nie. Hoe aktueel is die tema nie in ons dag nie! Vlamme wingerde, ‘n loon so karig dat dit nie die liggaam kan bedek of die mond kan volhou nie en die lyke van mynwerkers en polisie wat mekaar gebots het.
- In 2006 is die sewende konferensie by die Universiteit van Pretoria in Pretoria gehou. Die boeiende tema was “Preaching as a language of hope.” “Language is transparent indeed but what can be seen through it is invisible” (Vojislav Karanović). Die fokus was hoe om deur die preekgebeure hoop aan die hoorder en die wêreld te gee. Die prediker moet met hoop bemaagtig word om hoop aan die hoorders te kan gee. In ‘n wêreld van hooploosheid - Vigs, armoede, skande en diskriminasie – is hoop die enigste uitkoms. Sonder hoop stort alles in duie. Die preek in die taal van hoop beteken onder andere om verbeeldingryk te preek. Onder die leiding van professor Johan Cilliers, die huidige president van *Homiletica Societas* sal die volgende konferensie met as tema, “Preaching promise within the paradoxes of life”, in 2016 te Stellenbosch plaasvind.

#### 4.5 Homiletiese gidse vir die reis met die prediking

##### 4.5.1 Bohren

‘n Standaardwerk is dié van Rudolf Bohren, *Predigtlehre* (1980). Die oogmerk van die indrukwekkende boek is om te help dat die Bybel vir die wêreld en die wêreld vir die Bybel geopen word. Die preek het drie tydsforme: herinnering, vertelling en sitaat. Die preek word ook gedra deur belofte. Die veelvoudige teenwoordige tyd moet ook in die preek verreken word. Daar is die teenwoordigheid van Christus in die arme, die teenwoordigheid van die gemeente wat Christus beliggaam. By Bohren kry die vorm en die taal van die preek ook aandag; so ook die taal in die moderne samelewing, en verblydend genoeg die poësie. Die preekgebeure vind plaas in die kragveld van die Gees. Die prediker sowel as die hoorder is ook sinvolle temas in Bohren se boek. Jantine Nierop (2007:111-114) maak die volgende opmerkings oor wat haar studente oor Bohren te sê het, na die bestudering van *Predigtlehre*, naamlik:

- Die oorspronklikheid van Bohren met die fokus op sy persoonlike styl;
- Die belangrikheid van taal wat vat aan die denke, siel en gevoel;
- Die vreugde en passie wat uitstraal in die proses van preekmaak;
- Die spiritualiteit waarmee Bohren die koue afstand van die akademie oorbrug en die hoorder ‘n geesgenoot maak en
- Dat God, ‘Iemand’ word na wie toe gedraai kan word met die realiteit van die lewe.

##### 4.5.2 Zerfass

Nog ‘n invloedryke bydrae kom van Rolf Zerfass met sy tweeledige *Spruchpredigt* (1989) en *Textpredigt* (1992). Daar het ‘n aantal inspirerende boeke verskyn soos onder andere, *Die Evangelie is ‘n nuwe lied vir die lewe*, asook *Die prediker is God se musikan* en *Die plek waar die preek gebeur, is die gemeente*. Zerfass gee ook kortliks aandag aan die *retoriese aspek* van die preek. Belangwekkend is dat hy sinvol oor die *invalle* van ‘n preekgedagte skryf. Dit is daardie “blink moment” waarvan Malcolm Gladwell (2005) skryf.

Ein gutter Einfall ist wie ein Hahn am Morgen

Gleich krähen andere Hähne mit – K. Heinrich Waggerl

Skryf elke idee op ‘n stukkie papier voordat dit wegfladder (Vos, 2014:22). *Assosiasies* en wat dit beteken is ook vir die preek belangrik. Soek na krea-

tiewe verbande tussen gedagtes. Assosiasies is die neerslag van ons ervaringe. Vir Zerfass is die *bisosiasie fase* wanneer die prediker hom of haar in die hoorder se skoene verplaas en vra hoe sy of haar woord die hoorder kan bereik. Verplaas jou in die hoorder se situasie en vra hoe hy of sy luister. Wat is vir hom of haar belangrik? Kyk en dink vanuit die hoorder se perspektief. Zerfass gee ook aandag aan die wisselwerking tussen die teks en die konteks. Hy open ons oë vir 'n skema waar die preek vanuit vier invalshoeke kan plaasvind: teks, situasie, die prediker en gemeente. Rolf Zerfass gee ook noulettend aandag aan die preek as vrye gebeure.

Die preekvorm is van belang vir die prediker en veral die hoorder. Daarom is die taal in die preekgebeure 'n sterk fokuspunt. "Es ist unmöglich, klare Gedanken unklar auszudrücken" (Erich Kästner). Die preek is wel afgehandel binne die kragveld van die mens vermoë, sodra die prediker amen sê, maar beslis nog nie in die kragveld van die Heilige Gees, waar God aan die werk is nie. Die krag en uitwerking van die beeld en simbool word ook in die preekgebeure helder bespreek. Ná die preek moet daar iets gebeur. Daarom pleit Zerfass (1992:239-241) vir preekgespreksgroepe, want die ervaringe, die opvattinge en gesindhede van die hoorders dra by dat daar 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk waarbinne sinvolle prediking kan geskied (vgl. Dingemans, 1991:184-185; Pieterse, 1985:135; 1988:120; Vos, 1996:214). Dit is ook die doel van hierdie studie om bewus te raak vir die ervaringe en belewenisse van die mense wat met kanker saamleef. Daar kan nog meer aandag hieraan gegee word, want die openheid, gelykheid en deelname tussen die hoorders en die prediker dra daartoe by dat die prediking tydsgebonde bly. Dit stel ook die prediker in staat om te hoor of die preek mense se harte en lewens geraak het.

Die teologiese tradisie waar binne die navorser staan, is die heil en die viering daarvan ondenkbaar sonder 'n lewende verbinding met die Woord van God. Waar dié verbinding ontbreek, verloor die kerk haar betekenis (Heitink, 2007:241). Ons beleef dikwels dat daar oor die teks gepreek word sonder dat die teks aan die bod kom. Die teks word met allerlei afleidinge, vermaak en persoonlike ervarings omhul. As dit gebeur, sien en ervaar die hoorder niks van die teks nie. Zerfass gee aandag aan die rol van die teks in die preek, die

ontstaan van die teks, die werkwinkel van die teks, die dieptestruktuur van die teks, die ontmoeting met die teks en die preekkern. Die meditasie oor die preekkern is 'n sentrale motief by Zerfass. Hy soek ook antwoorde op die vraag wat die preek van God sê. Zerfass gee ook talle preekvoorbeelde, die preek is 'n gebeure in die godsdienst van die gemeente. Hy dui ook aan hoe die gemeente sinvoller in die preek betrek kan word. Die preek moet by die hoorder tuiskom.

#### 4.5.3 Lange

Ernst Lange het vanaf 1951 op 'n boeiende wyse aandag aan die hoorder gegee. Hy het dit in 1963 soos volg gestel:

“Predigen heist: Ich rede mit dem Hörer über sein Leben. Ich rede mit ihm über seine Erfahrungen und Anschauungen, seine Hoffnungen und Enttäuschungen, seine Erfolge und sein Versagen, seine Aufgaben und Schicksal. Ich rede mit ihm über seine Welt und seine Verantwortung in dieser Welt, über die Bedrohungen und Chancen seines Daseins. Er, der Hörer ist mein Thema, nichts anderes: freilich: er, der Hörer vor Gott. Aber das fügt nichts hinzu zur Wirklichkeit seines Lebens, es deckt vielmehr die eigentliche Wahrheit dieser Wirklichkeit auf.” Lange neem die hoorder as vertrekpunt vir die prediking, dit beteken dat “Am Anfang der Predigt ist nicht der Text. Am Anfang ist ein Hörerkreis mit seinem Widerspruch, mit seinen Problemen, Fragen, Nöten, Hoffnungen, mit seinem Vorherwissen vom Christlichen und seinem Zweifeln, ein Hörerkreis in seiner Anfechtung” (Van der Laan 1989:81).

Sonder die hoorder is geen preek moontlik nie. Die hoorder en sy/haar leefwêreld, sosiaal, ontspanning, kultureel, politiek, ekonomies, is die preek-teiken. Lange neem “de Kasualrede” as model vir die preek. Die “Kasualrede” word gehou by spesiale geleenthede, soos by doop, huwelike en begrafnisse, wat meebring dat die preek “gekleurd” word deur die besondere situasie (Van der Laan, 1989:155). Daar is drie kern elemente vir Lange in die prediking: (i) “Aanvechting” waar die hoorder moet beleef dat God met hom/haar gesprek voer; (ii) “Klärung der Situation”, waar die hoorder tot die punt begelei word om 'n keuse te maak ten opsigte van geloof of die teenpool ongeloof en (iii) “Der Hörer als eigentliche Richter” waar die hoorder begelei moet word om God se woorde hier en nou te ervaar (vergelyk Dingemans, 1992:125; Van der Laan, 1989:134). Lange is van mening dat dit nie die uitsondering is nie, maar die reël rakende die preek. Die hoorder bepaal ook hoe daar gepreek word. Hier moet ook melding gemaak word van die merkwaardige boek van



Henning Luther, *Religion und Alltag* (1992 – Hy sterf op die leeftyd van 43). Die mens se bestaan kan volgens Luther deur “fragment” beskryf word. Sy boek bestryk die drie velde: godsdiens, subjek en alledaagse lewe.

#### 4.5.4 Otto

Gert Otto was die leermeester van Henning Luther en Albrecht Grözinger. Otto (1999) wys op die belangrikheid van ‘n simboliese en poëtiese taal. Hy is die verteenwoordiger van die retoriese homilietiek wat ook in verset is teen die normatief-deduktiewe preekopvatting, die preek is nie net “autoritative Anrede” waarop die hoorder slegs in gehoorsaamheid moet reageer nie. Die preek is ‘n redevoering “waarin gebruik gemaak word van alle middelen die de gesproken taal ter beskikking stelt, om datgene waar het om gaat over te brengen op de hoorders” (Otto, 1976:21-23). Die rede hiervoor is dat die meervlakkigheid van die taal, die hoorder tot ‘n eie interpretasie aanmoedig. Die meerduidigheid van die taal skep ‘n preekstruktuur wat aan die hoorder ‘n vrye ruimte vir ‘n selfstandige interpretasie gee.

‘n Preek is geen wetenskaplike voordrag wat deur die logika van begripsvorming bepaal word nie. Die logika van ‘n preek is anders. Dit is geheel en al aan die hoorder georiënteer. Die geleentheid en vryheid moet aan die hoorder gegee word, om die preek toe te laat om hom/haar in sy/haar lewe te ontmoet. “De hoorder met zijn specifieke ervaringen, verwachtingen en belevenissen moet net zo serieus genomen worden als de inhoud. Sterker nog: “Es gibt den Inhalt nicht ohne den Hörer. De inhoud wordt altijd mede door de hoorder geconstitueerd, anders is het “Nicht-Inhalt” (Otto, 1976:27).

Otto toon in sy retoriese sirkel watter faktore ‘n rol speel by die totstandkoming van ‘n preek, naamlik:

- Waarom preek ik? Wat kan/wil ik bereiken?  
Die waarom vraag word beantwoord vanuit die prediker se redes en die verwagting van die hoorder.
- Moet ik alleen spreken?  
Ja die prediker is die alleen spreker, maar dit maak tog ‘n verskil as daar met die hoorder se verwagtinge rekening gehou word.
- Situasië 1: veronderstellings

Hier is dit belangrik om kennis te neem van die hoorder se omstandighede en waarmee geworstel word.

- Situasië 2: werkinge

Hier is die prediker besig om hom-/haarself in die skoene van die hoorder te plaas en te dink hoe sy/haar keuse die hoorder sal affekteer.

- Inhoud/Materiaal

Die prediker moet oop wees vir die verskeidenheid materiaal wat die wêreld bied ten opsigte van die lewe vandag.

- Vorm/taal

Die prediker moet sensitief wees met die taal wat hy/sy wil gebruik in die tydens die preek, dit wil sê “welke dele beskrywend of informierend zijn en welke dele eerder vertellend of poëtisch” (Otto, 1976:98)

- Opbou

“De opbouw moet bepaald worden door de combinatie van de hoorder enerzijds en de inhoud en doelen van de preek anderzijds” (Otto, 1976:98).

Dus lê die kritiek teen die prediking op twee vlakke: eerstens dat die grootste kritiek is dat die prediking lewensvreemd is en nie tred hou met die lewe van die mense in ‘n rowwe wêreld nie; tweedens dat die prediking verval soms in ‘n dorre uitleg van leer, aanhitsing tot bevryding en tipe van sosiale evangelie. Die prediking moet die hoorders help om die waarheid te leer ken, sodat die hoorder self keuses kan maak. Lange beklemtoon die keuse vir die lewe met die belofte en by Otto val die klem op die keuse vir of teen die aanvaarding van die waarheid (vgl. Brons, 2005:75).

#### 4.5.5 Grözinger

Albrecht Grözinger (2008) se indrukwekkende boek oor die homiletiek bestryk al die velde van die homiletiek. Velde soos die homiletiese waarneming, die homiletiese refleksie en die homiletiese gestalte (wat die opdrag en die intensie van die preek bepaal) in. Sy boek omvat ook die homiletiese situasie en posisie, die homiletiese kommunikasiegebeure, die fokus op die hoorders van die preek, die prediker en die teks van die preek. Onder die gestalte van

die preek verstaan Grözinger (2008:177-242) die retoriek, narratiwiteit en prediking en die poëtiese aard van die preek. Die mens se lewensgeskiedenis word nie in 'n neutrale narratiewe ruimte voltrek nie. Hierdie ruimte is met 'n geskiedenis gevul. Die Bybel en die Christelike oorlewering skep 'n geskiedenis ruimte as 'n fragment binne die spanning van smart en verlange. Ons is tegelykertyd ruïne van ons verlede, fragmente van verbrokkelde hoop, verspilde lewenswense en verspeelde geleenthede. Dit is die fragment van smart, maar daar is ook die fragment van die toekoms. Die wese daarvan is verlange (Sehnsucht) (Luther, 1992:168).

'n Preek kom tuis of misluk deur die taal (Grözinger, 2008:14). Daarom betrek Grözinger (2008:221-242) die letterkunde vindingryk. Hy kies vir die taal van "Anmutung." Die preek moet aan die hoorder ruimte vir teenspraak gee. Die vryheid van die hoorder moet gerespekteer word. Die taal van "Anmutung" ken geen dwang nie. Dit beweeg die hoorder sonder dwang. In hierdie taal word 'n hoë mate van aanskoulikheid vir die hoorder moontlik gemaak wat met die ervaringe verbind kan word. Ons kan byvoorbeeld aan die hinkende loop van Jakob deelneem om op dié manier van ons eie hinkende loop bewus te word. Die taal van "Anmutung" is ook die taal van die metafoor. Die metaforiese krag kom daarin na vore dat dit gewoonlik 'n gewone woord is wat in 'n ongewone konteks gebruik word (Grözinger, 2008: 222-225). Op die voetspoor van Ricoeur wys Grözinger daarop dat die metafoor terselfdertyd taalskeppend en sinskeppend is (2008:223). Prediking beteken om van God te praat. In die woorde van Karl Barth (1929:99-124) "Not und Verheissung." Ars praedicandi is die lewenskuns om dit te waag om van God te praat. Dit alleen skep 'n spanning (Grözinger, 2008:327). Die preek as ars praedicandi is 'n kuns van die lewe en kuns vir die lewe (Grözinger, 2008:328).

#### 4.5.6 Craddock

Fred Craddock se *As One Without Authority* (2001) het hom op die homiletiese kaart geplaas. Sy boek *Preaching* (1985) is vry van voorskriftelikeheid, "The starting point for Craddock is not the gospel preached to the baptized in the worship of the church, but rather the 'present speaker-hearer relationship' in the American culture. This relationship, Craddock notes, is characterized by openness and conversation" (Campbell, 1997:155). Hy nooi

die leser uit om deel te neem aan die hele proses van preekmaak en die oordrag daarvan. Sy preekbenadering kan as induktief geskets word, "Simply stated, deductive movement is from the general truth to the particular application or experience." In dié soort preek luister die prediker na niemand nie en die hoorder maak geen bydrae nie. As die hoorder wel daar is, is hy/sy net 'n spiesgooier.

Craddock pleit vir die induktiewe preekwyse. Dit is 'n preek met 'n oop einde. Hiermee word die metaforiese krag van die preek ontsluit. Dit lei tot verbeeldingryke preke wat die hoorder in die oog het en sy/haar belange op die hart dra. Die erediensgangers moet toegelaat word om dieselfde induktiewe reis te onderneem as die een wat die prediker na die preekstoel gebring het. Die hoorders moet die vryheid gegun word om sy/haar eie slotsom te maak. Die (ver)werking van die preek is die hoorder se verantwoordelikheid. By Craddock val die klem anders as by Barth, hier gaan dit nie net oor wat die Woord sê nie, maar ook oor wat die Woord doen. Daarom is die hoorders in die versier en hulle moet gelei word om self te besluit en op te tree volgens hulle oortuigings. Die induktiewe preekwyse toon respek aan die hoorder deur hom/haar aan die preekbewegings te laat deelneem. Dit is 'n verbeeldingryke kommunikasie.

#### 4.5.7 Troeger

De preek spreek mense aan in hun concrete leefwereld, in die preek word die leefwereld op 'n manier verbeeld – en onder woorde gebring. Niebergall – "een moderne preek antwoord moet vinden op eietydse nood en vrae van mense". Ernst Lange wys daarop dat "als we niet op concrete problemen en vragen ingaan, word het geen nieuw Godswoord". Die prediking gaan oor die konkrete leefwêreld van die mens, in die prediking word aan mense se leefervaringe gevat, dit word vorentoe geroep en bekend gestel. Godsdienstige taal is gelaai met affektiwiteit en raak mense aan. Dit wil sê dit raak die mense wat voor die prediker sit se lewe op sosiale- en maatskaplike gebied. Dit moet help dat die mense se vrae beantwoord word, sodat hulle kan sin en vreugde belewe. Die konteks van die gemeente is ook bepalend vir die benadering van Woord van God, hoe lyk die persoon wat daar verwag kan word. Die omgewing bepaal ook wie die mens is, wat beteken dat daar is 'n bepaalde etos

(kenmerke van die gemeenskap) en 'n bepaalde patos (aanvoeling ten opsigte van ander) teenwoordig onder die hoorders. Die hoorder voor die prediker is dus iemand wat die letsels van sy gemeenskap dra, hierdie moet voortdurend in die geestesoog van prediker reflekteer.

In Tom Troeger se Homiletiek speel die krag van fantasie 'n belangrike rol. In sy boek *Imagining a Sermon* (1990) moedig hy die prediker aan om dit met fantasie te waag (vgl. Troeger se boeke *So that all might know* 2008; *Wonder reborn: Creating sermons on hymns, music and poetry* 2010 en *Sermon sparks* 2011). Kan fantasie geleer word? Hierop is sy antwoord. "Yes." Dit gebeur tydens daardie momente van inspirasie wanneer ons harte en gedagtes soos flikkerende tonge vlam. Dit gebeur as ons met oop oë deur die wêreld gaan en ons vooringenomenheid laat vaar. "Feel the bodily weight of the truth and listen to the music of language." Die klank en die ritme van die woorde moet opgevang word. Troeger maak veel van musiek en poësie om die preek- en liturgiese gebeure te verryk. Troeger vat sy homiletiese opvatting soos volg saam:

"I am trying to map the landscape of the heart that still rejoices in God yet lives in a world that is often oblivious to the spirit. I believe to live gracefully with this tension is the mark of wisdom. Such an understanding may baffle the dogmatic mind, but it does not lie beyond the capacity of the poetic imagination. The imagination often holds together realities that are logically inconsistent yet dynamically coherent."

#### 4.5.8 Wilson

Paul Wilson is 'n belangrike verteenwoordiger van die New Homiletic. Hy begin sy boek *The Practice of Preaching* met 'n hoofstuk getitel *Preaching as God's Event*. Hier skryf hy die volgende:

"When we use the word event in this way, we mean an action, an occurrence, something that happens in a moment of time in the lives of the hearers. When we say that this is a divine event, we acknowledge that through preaching, God chooses to be encountered. Since this encounter effects a new relationship with God of reconciliation and empowerment, we may also acknowledge preaching as a salvation event. All of this is part of the purpose of preaching" (1995:21).

Volgens die Nuwe Homiletiek gee die preek aan die hoorder nie in die eerste plek informasie oor God nie, maar skenk God self. Mense wil nie meer oor God hoor nie, maar hulle wil God eerder ken. Konkrete taal in verhouding tot God en sy Woord maak die ervaring van 'n ontmoeting met God in die preek

moontlik. Eintlike prediking gebeur van binne af, dit wil sê die stem in die Bybelwoord, die stem in die handeling van God, die stem in die verhoudingsgebeure tussen prediker en gemeente en die stem hier en nou. Sulke preke praat nie oor troos nie, maar gee troos.

#### 4.5.9 Suid Afrika

##### 4.5.9.1 Pieterse

Hennie Pieterse is in vele opsigte die pionier van die Praktiese Teologie en veral die homiletiek in Suid-Afrika. Hy het nou met Hans van Ven saamgewerk en betekenisvolle werk gelewer. Hy vind aanklank by Gerhard Ebeling en lê op 'n eie oorspronklike manier klem op die w(W)oord (Pieterse, 1979). Skrifverstaan was volgens hom die eerste taak van die homileet. Met reg. Die preek moet eers deur die prediker gaan, voordat die hoorder dit kan ontvang. Pieterse het die verskillende preekstyle en preekvorme noukeurig beskryf; hy het ook klem geplaas op die kommunikasie van die preek (Pieterse, 1986). Hy het verder die belangrikheid van die hoorder en die konteks benadruk. In sy werk, *Gemeente en prediking* (1991), het hy indringend op die hoor, vertolking en tuiskoms van die preek gefokus. Die gemeente as ruimte waar die preek ontvang word, is van wesenlike belang vir die homiletiek. Pieterse was in navolging van Hans van der Ven die baanbreker op die gebied van empiriese navorsing in Suid-Afrika met sy klem op die hermeneutiese proses.

##### 4.5.9.2 Cilliers

Johan Cilliers (2004) se homiletiese bydrae herinner sterk aan die gedagte van getuie wees en getuig van Long. In essensie gaan dit om te sien en ander te laat sien. Hierdie is 'n sentrale tema wat hy in sy werk ontwikkel in titels uit die jare negentigs soos *Die uitwissing van God op die kansel* (1996) en daarna *Die uitwysing van God op die kansel* (1998). Cilliers neem hierdie tema ook op in sy *Die lewende stem van die Evangelie* (2004) en in heelwat artikels waarin hy Donald Capps (1996) se konsep van “reframing” toepas op die liturgie en homiletiek, soos in sy intreerede in 2012 en ook in werk oor die prediker as nar (2008).

#### 4.5.9.3 Vos

Cas Vos, die sewende President van die Homiletica Societas, het in twee bande die homiletiese proses verken (*Die Volheid Daarvan I en II*, 1996). Naas die vertroude aksente wat reeds gelê is (preekvorme, kommunikasie, die hoorder), is die nuutheid van sy aanslag die homileties-kommunikatiewe benadering. Hy vind vir sy teoretiese denke aansluiting by Jürgen Habermas se kommunikatiewe handelinge. Vos bepleit 'n heersersvrye preekaanbieding. Die Christologiese en Pneumatologiese begroning van die homiletiek is vir hom ononderhandelbaar. Hy maak die “teonome resiprositeit” van Arnold van Ruler diensbaar aan die Homiletiek. Die Gees van God werk en Hy doen alles, maar nie sonder die mens nie. Die mens is in die Gees se hand nie 'n stok en blok nie, maar 'n lewende en ver-antwoorde wese. Die boodskap en die krag van die Evangelie berus op die Christologie (sonder ons) en die Pneumatologie (in en met ons). Vanuit die kommunikatiewe handelinge fokus hy op: 'n hoorders-hermeneutiek, 'n tekshermeneutiek, en taalteoretiese perspektiewe. Die retoriek en die resepsie-estetika is vir hom belangrik in die kommunikasie van die Evangelie. Die ontvangs van die estetiese skema, oratio, meditatio, tentatio, moet in die preek neerslag vind. Preeksoorte en die preek in praktyk vorm deel van die afsluiting van sy boek oor die homiletiek. In sy *Theopoetry of the Psalms* (2005) het hy die metafoer in diens van die preek indringend ontgin. Wat kleur vir die skildery is, is taal vir die homileet.

Die verwagting van die preek volgens Vos (1996:9-13) is om troos te bemiddel asook God se manier om die mens te lei om sy/haar lewe reg te verstaan en te verklaar. Die preek is ook daar om die kloof wat daar tussen die Woord van God en die mens se ervaring ontstaan, te oorbrug. Hierdie spanning tussen die boodskap en die uitwerking daarvan op die denke, lewe en handelinge van die mens moet deur die prediking in balans gebring word. Dit maak die preek onontbeerlik, want in die preek gaan dit om die bring van die goeie nuus, dat God in Jesus Christus die mens vergewe en 'n nuwe lewe, toekoms skenk.

Vos (1996:169) skryf “Preekvorme is soos vlerke. Vlerke stel die preek in staat om vlug te beweeg en sy bestemming te bereik”. Tog is daar homiletici wat preekvorme beklemtoon, soos Long “Like the silently shifting of gears in a car’s automatic transmission, sermon form translates the potential energy of the sermon into productive movement, while remaining itself quietly out of view” (1989:92). Daar is vier eise wat bepalend is vir die preekvorm: (i) teksprediking, wat beteken dat die literatuursoort van die Bybelteks belangrik is; (ii) dit moet vir die hoorder bestem wees; (iii) dit moet erns maak met die situasie van die hoorder en (iv) dit moet kan kommunikeer met die hoorder. Die preek is die beitel waarmee die God die mens in sy/haar situasie skoon maak, sodat die nuwe wêreld waarin sterre blink tot stand kan kom. Die nuwe wêreld wat deur die prediking aanbreek, is die wêreld waarin God heers (Vos, 1996:170-171).

Die speelveld van die homiletiek binne die Suid-Afrikaanse konteks is bevoorreg om oor verskeie praktiese teoloë (jonk en oud) te beskik, wat elkeen met sy eiesoortige en unieke aanpak, groot impak op die prediking gemaak het. Hier word gedink aan die werke van teoloë soos Bethel Muller, Coenie Burger, Ben de Klerk en Fritz de Wet. Daar sou graag op elkeen se bydrae tot die prediking gefokus wou word, maar dit is ontmoontlik binne die afgebakende terrein van hierdie studie.

#### 4.6 Inligting oor reise met die prediking

Jorien Brons (2005:40) maak ‘n onderskeiding tussen die eerste helfte van die twintigste eeu en die tweede helfte van die twintigste eeu. Die eerste helfte van die twintigste eeu word gekenmerk deur die sekularisasie wat plaasgevind het. Die term sekularisasie word in verband gebring met die “kerkverlating” wat plaasgevind het. Dekker (1992:38) en De Lange (1993) gee drie maniere waarop die sekularisasieproses verloop, naamlik: (i) mense is minder godsdienstig; (ii) die invloed van godsdiens is aan die afneem en (iii) dat die godsdiens moet aanpas by die ontwikkeling van die samelewing. Die tweede helfte van die twintigste eeu staan bekend as die nuwere homiletiek met teoloë soos Altena (2003:59); Dingemans (1992:124) en Immink



(2001:372) aan die voorpunt. Waar die klem vroeër geval het op die prediking, “als een manifestatie van het soevereine Woord van God”, is die rigting nou meer empiries van aard met die volgende benaderings, naamlik: (i) ‘n meer narratiewe benadering, (ii) groter klem op die hoorders en (iii) ‘n hernieude aandag vir die retoriese karakter van die preek. Die positiewe hieruit was tweërlei: aan die een kant die aandag aan die hoorder en aan die ander kant die omgaan met die Bybelteks. Die uitvloeisel hiervan is die prediker se dialoog onderskeidelik met die Bybelteks en die hoorder.

#### 4.6.1 Middeleeue

Hier word net kortliks genoem wat die eienskappe van die middeleeuse prediking was, naamlik: (i) die prediking was ondergeskik aan die sakramente, (ii) die prediking was gekenmerk deur formalisme, (iii) die verering van heiliges soos Maria en ander het tot verwringing van die Woord gelei, (iv) die onkunde in die prediking het gelei tot plagiaat, (v) die prediking is oorweldig met die klem op die werke en die genade is verdring en (vi) die prediking is gekenmerk deur ‘n oordrewe klem op aktualiteit en populariteit (De Klerk 1977:33-34).

#### 4.6.2 Reformasie

Die groot grondbeginsels van die Reformasie is die verklaring van ‘die Woord alleen’, ‘die genade alleen’ en ‘die geloof alleen’. Die aksente van die Reformasie kan soos volg benoem word, naamlik: (i) Heilsbemiddeling – deur die prediking skenk God die heil in Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees; (ii) Skrifgebonde – die Woord moes deur uitleg en verklaring die mense en hulle nood ontmoet; (iii) Prediking is weer analities verklaar en toegepas op die lewe van die hoorders en (v) Die eise as gevolg van die geestelike en verstandelike vermoëns ten opsigte van die prediking het gelei tot die wetenskaplike opleiding van die predikers (De Klerk, 1977: 35-37). Die prediking in die na-Reformatoriese tyd het “veel van die frisheid, vitaliteit en krag verloor” (De Klerk, 1977:38).

#### 4.6.3 Opgedateerde inligting oor reis met die prediking

Om ‘n opgawe van die prediking van die laaste aantal dekades te maak is geen maklike taak nie. Die redes is dat daar heelwat navorsing gedoen is en dat die ontwikkeling in die homiletiek voortdurend aan die verander is. Die

prediking wat die mens in die sentrum plaas het groot invloed gehad op die benadering van die prediking deur teoloë. Ons kan dit soos volg indeed, naamlik:

#### 4.6.3.1 Subjektivisties – antroposentriese prediking

Hierdie prediking is gekenmerk deur die mondige mens die norm en die maatstaf te maak. Die sogenaamde ‘verligting’, was die gevolg van die wetenskaplike en tegniese vooruitgang. Die strewe om modern te wees het ingespeel op sekere teoloë en het geweldige skade berokken aan die inhoud van die prediking. Die kritiek op die Ou Testament, die historisiteit van Jesus Christus en trouens die ganse Woord (Skrif) het die prediking van sy gesag en krag beroof. Die menslike rede het nou oor God en die ewigheid besluit en sodoende God uit die wêreld gehaal. Die reaksie hierop was na die subjektivistiese ervaringsprediking, in die woorde van Hoekstra (1975:87) “die swaarte-punt uit die objek (die Heilige Skrif) verlê in die subjek (die gelowige bewussyn) wat vir die homiletiek die gevolg het dat die prediking nie meer bediening van die Woord is nie, maar uiting gee aan die religieuse lewe wat deur die prediker ervaar word” vat dit goed saam.

#### 4.6.3.2 Horisontaal – moralistiese prediking

Hierdie beweging het as gevolg van die filosofie van Kant na vore getree, die sedelike het nou die norm geword van die godsdiens en teologie. Dit skuif Jesus se heilswerk op die agtergrond en maak die menslike deugde die hoofsaak van die prediking. Die mens vorm die sentrum en sodoende maak die vertikale plek vir die horisontale, wat beteken dat die mens se voorbeeldige lewe word die kenmerk van die prediking. Hierdie vorm van verkondiging mond uit in die sogenaamde “social gospel”. Die belangrike aksente hier is die volgende, naamlik: (i) die evangelie het sosiaal-etiese implikasies; (ii) die evangelie is nie ‘n magsvertoon nie, want dit gaan oor genade wat die hart en die gesindheid moet verander; (iii) die evangelie bepaal die politiek nie andersom nie; (iv) die evangelie praat en vat vas; (v) die evangelie respekteer gesag en roep tot gehoorsaamheid wat lei na ‘n gelukkige lewe en (vi) die evangelie bly steeds ‘Jesus is Here’ oor alles.

#### 4.6.3.3 Massaal – “Mighty men” gerigte prediking

Die gerigte prediking val ook binne hierdie tyd en was meestal reaksionêr dit wil sê: teen die rasionalisme, die verval van die kerk en die protes teen die formalisme.

- Negatiewe tendense

Eensydigheid is die groot krisis, want dit toon dat berou, bekering, heiliging verhef word bo die betrokkenheid in die gemeente, en dat heil nie net vertikaal is nie, maar ook horisontaal. Die gevaar is dat die Woord vervang word met 'n skematisme. Dit bring ook 'n onverskillige houding teenoor die liturgiese orde en verhef die ervaring bo die objektiewe heil. Daar is ook 'n oorbeklemtoning van die mens se vermoë ten opsigte van die verlossingsplan van God.

- Positiewe tendense

Die positiewe hieruit was dat daar is erns gemaak met die Woord van God, die evangelie wat as boodskap beleef en aanvaar moet word en die nood van verlore mense.

#### 4.6.3.4 Die eksistensialistiese horisontalisme

Die verkondiging vind plaas wanneer mense in hulle eksistensiële betrokkenheid by die verontregtes hulle medemenslike diens lewer. Cox (1960:144) praat ook van “'n georganiseerde daadkrag’ uitlewing van die boodskap van rewolusie vir die nuwe maatskappy-struktuur.

### 4.7 Die ‘kyk-weer’ na die reis met die prediking

#### 4.7.1 Inleiding

Prediking word hanteer binne die veld van die homiletiek, waar die aard, inhoud en lewering daarvan bestudeer word. Die vraag is dus na die subjek, inhoud en objek van die prediking. Die prediking beskik beslis oor krag as die beskrywing van Dingemans (1991:23) in ag geneem word, naamlik:

“De preek is eigenlijk een wonderlijke communicatievorm: de spreker staat verder van je af dan in een persoonlijk gesprek en tegelijk kan hij of zij je zeer nabij zijn. De predikant staat op een hoge kansel en er straalt iets ‘normatiefs’ vanaf – en tegelijk kunnen predikanten in hun preek heel menselijk en heel begripelijk en daarom heel dichtbij zijn. De hoge kansel scheidt tegelijk afstand en nabijheid; je voelt je bij een goede preek sterk betrokken, zonder dat de boodschap je door de strot wordt geduwd; er worden gevoelens in de hoorder geraakt en er kunnen taboes worden doorbroken, die tegelijk ruimte bieden om daar op een eigen en persoonlijke manier te reageren. Of liever op een preek hoeft je niet direct te reageren – je kunt de dingen

mee naar huis nemen en ze tot je laten doordringen en er nog eens rustig over nadenken”.

Lloyd-Jones (1979:9) verklaar ook dat,

“Preaching is the highest and the greatest and most glorious calling to which anyone can ever be called.... the most urgent need in the Christian Church is true preaching; and as it is the greatest and the most urgent need in the Church, it is obviously the greatest need of the world also”.

#### 4.7.2 Interaksie proses van die preek

##### 4.7.2.1 Inleiding

Volgens Immink (2010:11) in die boek *Als een leerling leren preken*, is die preekproses ‘n interaksieproses waaraan die voorganger en die gemeente gesamentlik deelneem. Daar is in die diskoers van die prediking voortdurend drie aspekte ter sprake, naamlik: (i) die geloofskultuur, wat opgebou is uit geloofs- en lewensooruigings; (ii) die funksie van die Bybelteks, waaruit die geloofsgemeenskap gevoed word tot inspirasie, motivering en oriëntasie en (iii) die alledaagse werklikheid waar die lewenservarings en lewensgedagtes ter sprake kom.

Die waardering en die persepsie van die preek is voortdurend aan die verander as gevolg van die kulturele konteks waarbinne geleef word, byvoorbeeld in die sewentigs was die gesag van die predikant vanselfsprekend en het hy/sy gepreek, *As one Without Authority* (Craddock), hierna was die fokus op die wederkerigheid tussen voorganger en gemeente, die sogenaamde *Round Table Pulpit* (John-S McClure), tans word die hoorder se ervaring in die kommunikasieproses veral uitgelig.

Die preekproses loop deur verskillende fases, naamlik:

- Die lewering van die preek in die kerkdiens is die middelpunt,
- Daar is tog voorbereiding wat vooraf geskied, hierdie is die werk van die voorganger,
- Die lewering van die preek gebeur in die erediens en
- Die kerkgangers maak die kerkdiens ‘n element van hulle geloofsuitdrukking en geloofsvorming (Van der Meulen, 2010:13)

#### 4.7.2.2 'n Kort benoeming en bespreking van die interaksie-proses

- Die konkrete leefwêreld  
Immink (2010:13) stel dit onomwonde dat, “Wie preek, spreek mense aan in hulle konkrete leefwêreld. In die preek word die leefwêreld op die ene of ander manier verbeeld en onder woorde gebring”. Die diskussie binne die homiletiek is tans oor die verhouding tussen die lewenservaring van die mens en die Bybelse boodskap. Hieroor was Niebergall (1971) se reaksie dat die moderne preek antwoorde moet vind vir die eietydse behoeftes en vrae van die mens. Bohren waarsku dat as die evangelie sondermeer op die hoorder en sy/haar omstandighede toegepas word, is die prediker slegs ‘n ‘aanpasser’. Lange (1982) se opmerking is puik, “als ons nie op die konkrete probleme en vrae ingaan, word dit nie ‘n nuwe Godsword’. Daarom het die hoorder en sy situasie ‘n selfstandige plek naas en voor die oordraging”. Daar word op die volgende drie aspekte gelet: die sosiaal-maatskaplike konteks van die gemeente, die kerklike situasie en die beskrywing van die potensiele kerkganger.
- Die omgaan met die Skrif  
Hier word ook drie fases onderskei met die oog op die eiesoortigheid van die situasie, naamlik: (i) die lees van die Bybelgedeelte wat in die kerk hanteer gaan word, met die oog op die assosiasies en reaksies wat dit ontlok; (ii) die literêre en historiese eksegesis, waar gevra word na die genre, die funksie, die outeur, die objek en tyd van die teks en dan (iii) die hermeneutiese en teologiese inslag van die gedeelte, met die oog op die verstaan van die teks vandag hier en nou.
- Die fokus en funksie  
Wat wil die preek oordra of bewerkstellig, dus word daar ‘n fokus-verklaring en ‘n funksie-verklaring gemaak rakende die Bybeltekste.

- Die bepeinsing, meditasie en gebed  
Die hartklop van die prediker, die gemeente en die kerkganger word sensitief benader tot deelname in die aktiwiteite tydens die kerkdiens, wat inhou dat nugtere denke (logos) openbaar word, dat daar meegeleef (pathos) kan word met passie en entoesiasme en die gees waarbinne dit geskied betroubaar (ethos) sal wees.
- Struktuur en ontwerp  
Aan die hand van die fokus- en die funksie verklaring word die struktuur waarin die preek gaan geskied bepaal.
- Vertolking  
Dit gaan daarvoor om 'n wêreld te ontwerp waarin God se spreke en handeling lewe kry in die harte en lewens van mense in hulle leefwêreld vandag.
- Skrywe  
Deur die preek te skryf, kry die preek uiteindelik vorm.
- Die preek: lewering en bespreking  
Hier sluit die drie vername komponente binne die kerkdiens bymekaar aan, naamlik: die kerkgangers, die predikant en die boodskap.

#### 4.7.3 Die konteks

##### 4.7.3.1 Inleiding

Rein Brouwer (2010:21-22) skryf oor 'n ervaring wat hy en 'n kollega gehad tydens die bywoning van 'n erediens:

“De preek was bemoedigend en troostend. ‘Christus staat op in al de moeilijke en pijnlijke situaties waarin wij ons bevinden of terecht kunnen komen’, zo herinner ik me de boodschap van de preek. En toch: tijdloos. Nergens werd concreet gemaakt in welke situaties Christus opstaat in ons leven”. Die woord “tijdloos” geld as ernstige kritiek teen die preek. Dit word veronderstel dat elke preek “gekleurd, gestrempeld, bepaald wordt door het moment en de plaats waarop de preek wordt uitgesproken, en dat juist deze verwevenheid met een specifieke tijd en plaats de preek maakt tot verkondiging van het evangelie”. Voor een deel komt deze vooronderstelling op uit het verlangen om te preek ‘bij de tijd’, om te laten zien dat het evangelie niet stoffig is, maar een boodschap heeft voor mensen in

deze tijd, om te getuigen van Gods grote werken in ons alledaagse leven hier en nu”).

#### 4.7.3.2 Inkulturasie

“De zeggingskracht van een preek wordt bepaald door haar inbedding” so lui die gesegde. Dit kan ook op ‘n ander manier verwoord word in die begrippe wat ontleen is van die Missiologie, naamlik: die kontekstualisasie en die inkulturasie. Hans Hoekendijk (1964:27), die Nederlandse missioloog gebruik die volgende voorbeeld om inkulturasie in perspektief te plaas, naamlik:

“Nadat in Madagaskar een generatie lang Jezus was verkondigd als het lam Gods, dat aan de rechterhand van God op de troon zit en wiens bloed alleen van zonde kan redden, onthulde een oud stamhoofd waarom zijn volk, dat de christelike boodschap niet hadaanvaard, zo onverskillig was. ‘Ons volk leeft van veeteelt, we verafschuw schapen. Daarom vroegen onze clans aan de eerste zendelingen of er op Gods troon ook plaats was voor een koe naast de schapen, en toen zij een ontkenning antwoord kregen, sloten zij hun harten toe voor het Evangelie”.

Daar is altyd ‘n wisselwerking tussen die evangelie en die konteks, dus om betekenis te kry moet die evangelie vertaal word in die kulturele konteks. Die kontekstualisasie in die homiletiek is gedryf deur die homiletiese situasie van “het recht doen aan de werklikheid van de hoorder”.

#### 4.7.3.3 Homiletiese situasie

Lange soos aangehaal deur Brouwer (2010:25) het juis die hoorder as die tema van die preek aangewys, naamlik:

“Predigen heisst: Ich rede mit dem Hörer über sein Lieben. Ich rede mit ihm über seine Erfahrungen und Anschauungen, seine Hoffnungen und Enttäuschungen, seine Erfolge und sein Versagen, seine Aufgaben und sein Schicksal. Ich rede mit ihm über seine Welt und seine Verantwortung in dieser Welt, über die Bedrohungen und die Chancen seines Daseins. Er der Hörer, ist mein Thema, nichts anderes; freilich er, der Hörer vor Gott”. Lange is in verset teenoor die prediking waar “de waarheid werd geabstraheerd van de werklikheid” (vgl. Van der Laan, 1989).

#### 4.7.3.4 Kontekstualisering

Brouwer (2010:26-30) maak gebruik van Nancy Ammerman<sup>32</sup> se manier om geloofsgemeenskappe te ontleed met die oog op sinvolle verstaan en begrip. word: (i) konteks, (ii) identiteit, (iii) bronne en (iv) prosesse wat in geloofsgemeenskap plaasvind. Dit bied 'n goeie beeld van die geloofsgemeenskap en die nodige aanknopingspunte met die oog op “aanpassings, veranderingen en verbeterings”. Hy wys daarop dat die konteks gekenmerk word deur verskillende lae of dimensies, naamlik:

- Demografie, inhou dat die preek nie net moet fokus op die gesin en huwelike nie as daar ook enkel-lopers is nie;
- Kulturele, hier gaan dit oor die leefstyl van mense binne die geloofsgemeenskap, wat beteken dat as die kultuur tradisioneel en burgerlik is, sal die tradisie ten opsigte van sekere gebruike hoogty vier;
- Sosiale-mobiliteit, raak so bietjie die kommunikatiewe ingesteldheid van die geloofsgemeenskap. Heelas en Woodhead (2005:17-23) skryf: (i) van “congregations of difference”, waar die klem val op die outoriteit van die gemeente, en (ii) van “congregations of humanity”, waar die klem val op die diensbaarheid van die gemeente.

#### 4.7.3.5 Metafore vir kerk en konteks

In aansluiting by dit wat die socia-biliteit van die gemeente bepaal gaan dit hier oor of die omgewing gesien word as 'n bedreiging of as 'n geleentheid? Metafore wat lig kan werp op die verhouding tussen kerk en die sosiale omgewing is die volgende verhouding, hervestiging, aanvaarding en vernuwing, wat beteken dat verskillende antwoorde op verskillende kontekste kan lei tot ander aksente in die preek, soos byvoorbeeld:

- preke wat volharding en bemoediging bewerk
- preke wat gerig is op vernuwing en beweging

---

<sup>32</sup> Nancy T. Ammermann e.a., *Studying Congregations. A New Handbook 1998*; R. Brouwer e.a., *Levend Lichaam. Dynamiek van christelike geloofsgemeenskappen in Nederland, Kampen 2007*, pp. 49-62.



- preke mense bewusmaak van hulle beeld ten opsigte van moontlikhede
- preke wat voorwaardes skep om los te laat en nuut te begin

Dudley en Johnson (1993) was opsoek na beelde van kerke wat kan rigting gee en inspireer. In praktyk is verskeie beelde teenwoordig, soos die volgende:

- Pilaar – dit is die geloofsgemeenskappe wat ‘n verskil maak in hulle geografiese omgewing en tot seën is vir die samelewing. Die gonswoord hier is ‘verantwoordelikheid’.
- Pelgrim – die geloofsgemeenskap is uit en uit gerig op die homogeniteit van die betrokke groep, byvoorbeeld immigrante en sub-kulture. Die gonswoord hier is ‘tradisie’.
- Oorlewende – die geloofsgemeenskap is reaktief, wat beteken dat hulle veg om oorlewing. Die gons woord hier is ‘volharding’.
- Profeet – die geloofsgemeenskap gebruik die krisis as geleenthede en tree ook pro-aktief op. Die gonswoord is “energie”.
- Dienskneg – die geloofsgemeenskap reik uit na die nood van individue en is beskeie daaroor. Die gonswoord is ‘omgee’.

Brouwer (2010:32) maak ook melding van Roozen en kollegas wat geloofsgemeenskappe volgens hulle missionêre oriëntasie klassifiseer, wat klem lê op die manier van doen, naamlik: Aktivisties (konfronterend), Burgerlik (kulturele), Toevlugsoord (onttrek) en Evangelistiese (mense bereik met die ewangelie).

Becker<sup>33</sup> identifiseer die volgende diskoerse bunne die plaaslike geloofsgemeenskap en hoe dit funksioneer. Hier onderskei ons die volgende:

- Huis van aanbidding funksioneer en fokus op religieuse dinge en dienste.

---

<sup>33</sup> P.E. Becker, *Congregations in Conflict. Cultural Models of Local Religious Life*, Cambridge 1999.  
Bladsy 224 van 480

- Familie beeld is waar besondere klem gelê word op die onderlinge verhoudings
- Gemeenskapsbeeld is waar die onderlinge waardes gedeel word tussen die kerkgangers.
- Leiers-beeld is waar die geloofsgemeenskap 'n spesifieke beleid handhaaf soos bepaal deur die tradisies van vroeër.

Hierdie kerkbeelde is herkenbaar in die kerklike modelle wat in die ver-skillende geloofsgemeenskappe gebruik word regoor die wêreld van-dag.

#### 4.7.3.6 Teks en konteks

Die prediking en die liturgie komplimenteer mekaar:

“De kern van deze voorstellen komt erop neer dat het Woord de menselijke reactie erop omvat. In de Bijbel zijn lof en klacht, vloeken en zegenen, gebed en dank, zingen en zuchten, mee overgeleerd als Bijbel en dus als Woord van God. Woord is net het ‘naakte Woord’, maar gehoor en beantwoord Woord. Daarom mag de gemeente die het krachtveld van de Geest zoekt, erop vertrouwen dat haar liturgie wordt opgenomen in de dynamiek van het Woord. Het Woord is niet in de liturgie opgesloten, maar de woorden van de liturgie worden mee opgenomen in het geschieden van het Woord” (Van der Meulen 2010:36).

Die liturgie vorm 'n tapesserie van tekste, die verkondigde Woord van God en die mens se antwoord daarop. 'n Tapesserie maak geen sin as dit van agter bekyk word nie, dit is 'n deurmekaar spil van gevlegde kleur-drade, maar as jy dit omdraai begroet daardie mengsel van kleur-drade jou met 'n prentjie wat jou laat snak na asem. Binne hierdie gebeure van die prediking, word daar nog onderskeid gemaak tussen die volgende tipe eredienste: (i) die ekumenies-protestante tipe, waar die liturgie as eenheid funksioneer en die prediking deel daarvan is; (ii) die klassieke-gereformeerde tipe, waar die Bybel gelees word vir die verkondiging gevolg deur gebed en sang as toe-eiening van die gehoorde Woord en (iii) die lofprijsing en aanbiddings tipe, waar die kerk-ganger in kontak met God gebring word deur sang en prediking.

#### 4.7.3.7 Kommunikasie met die hoorders

Vir die prediker om werklik die Woord van God te kommunikeer, moet hy in die woorde van Dingemans (1991), “hoorder onder die hoorders” wees, maar ook “hoorder van die hoorders”. Dus vra die prediking na mee-luister van die teks, na ander en na die self. Hierdie gesindheid stem ooreen met die grondreëls in die pastoraat van ooreenstemming en aanvaarding, waarsonder geen kommunikasie kan geskied nie.

Die hoorders is opsoek na die volgende dinge in die preek, naamlik:

- ‘n ontmoeting met God  
Stark (2005) gee dit as rede waarom mense na die kerkdiens toe kom. Die hoorders beleef die preek as betekenisvol wanneer hulle ‘n ontmoeting met God gehad het (Schaap-Jonker, 2008).
- wil kan identifiseer  
Die hoorder wil kan identifiseer, wat beteken dat die Woord se inhoud verband moet hou met die hoorder se situasie.
- wil dit kan gebruik  
Hoorders wil dit wat hulle hoor in die prediking kan toepas in hulle daaglikse lewe, die preek word aktueel gemaak deur die hoorder se eie konteks.

Daar is empiries bewys dat die lewensvrae en lewensverhale van die hoorders ‘n besliste rol speel in die luister na die preek. Die preek bly die kanaal waardeur die hoorders hulle persoonlike ervarings kan hanteer na aanleiding van dit wat hulle gehoor het in die preek. Preke moet konkreet en verbeeldend wees, want ‘n goeie voorbeeld is meer as ‘n klomp woorde. Die vraag hier is wat is die homiletiese doel van die beeld? Pas dit by die prediking? Is dit herkenbaar in die situasie? Behou die mense en dinge hulle waarde? In die woorde van Rein Brouwer (2010:14) “De preek is contextueel of het is geen preek”.

## 4.8 Die opbou van die preek

### 4.8.1 Inleiding

Die opmerking dat prediking “n kwessie van tydsberekening’ is, dra beslis gewig. As daar ‘n hulpmiddel vir tydsberekening is, is dit die verloop van die preek en die ordening daarvan. Dit lei tot die vraag, ‘Wat wil met die preek bereik word?’. Van der Laan (1989:16-18) stel dit so, dat as die doel van die preek uitgeklaar is, dan kan die predikant ‘n besluit neem oor die bepaalde preekvorm. Die preek is anders as opbrenbare redes, politieke opsweeping en motiveringpraatjies. Dingemans (1991:37-43) onderskei die volgende vorme, van preek: uitleg (didache), verkondiging (kyrugma), gesprek of storie (homilia en narratief) en getuienis (marturia).

### 4.8.2 Preekvorme

Gemeentes mag dalk tevrede wees met preke wat lewendig, entoesiasies en toepaslik is, maar baie predikante besef dat hulle gemeentes se eintlike behoefte is, prediking met substansie en nie godsdienstige vermaak nie. Die prediking veronderstel die volgende, naamlik: daar is die gemeente, die mense wat op God wag in die preek; daar is die prediker, wat dit waag om in mense-woord, Gods-Woord te verkondig; daar is die preek, waarin God en mens by mekaar moet uitkom en dan is daar die teenwoordigheid van Jesus Christus, die hart van alles.

Volgens Dingemans (1996:37) kom die volgende preekvorme voor binne die homiletiese literatuur, naamlik: die preek as verkondiging (kerygma), waar dit daarvoor gaan dat die blye boodskap van die verlede op ‘n verstaanbare wyse oorgedra word aan die hoorder van vandag; die preek as uitleg (didache) gaan daarvoor dat dit wat die Bybel leer toegepas moet word in die daaglikse lewe; die preek as getuienis (marturion) gaan oor beleving van die geloof, die sigbaar wordings van God se betrokkenheid in die lewe van die mens en dan die preek as ontmoeting (homilia), dit wil sê “Een homilie vertel hoe het was, zodat de hoorder kan verstaan hoe het is, naamlik hoe het gesteld is tussen God en mens. Conclusies en toepassings blyven vaak impliciet, het is veeleer aan de hoorder om di al of niet te trekken” (Oskamp en Geel, 1999:54).

Daar word aanvaar dat die meeste predikers:

“.. have in their minds a general understanding of who they are and what they are doing as they go about the work of ministry. In other words, we do not just go out and do ministry. As we go, we carry with us pictures of what we think ministers ought to be and do, pictures of who we believe ourselves to be as ministers. Sometimes the picture we have is vague, and often the minister is not fully conscious of its presence, but it is their nonetheless, exercising a high degree of control over the patterns and practices of ministry” (Long 2005:18).

Long (2005) en De Vries (2010) onderskei die volgende beelde van die prediker:

#### 4.8.2.1 Die leraar

Hierdie is die beeld van die “onderwyzende model”, waar die doel van die preek is, om die hoorder te leer oor die waarheid van die Bybel oor ware geloof. Die taal wat gebruik word is oorwegend in die vorm van ‘beweringe’, en die fokus area is die verstand, die gevoel en die wil met die bedoeling dat die hoorders dit kan intergreer met hulle daaglikse lewe. Die preek se funksie is uitleg.

#### 4.8.2.2 Die boodskapper

Hierdie is die beeld van die “kerugmatiese model”, waar die prediking die verkondiging is van God se heil. Karl Barth<sup>34</sup> se siening is dat die prediking gevul is met die verwagting dat God self Sy Woord verkondig en die mense aanspreek. Die aanhangers van hierdie beeld, was ook die ondersteuners van Barth in sy beskrywing van:

“Preaching is human language in and through which God Himself speaks, like a king through the mouth of his herald, which moreover is meant to be heard and apprehended ... in faith as the divine decision upon life and death, as the divine judgement and the divine acquittal, the eternal gospel both together” (Barth, 1936:57).

Die prediker is die draer van die goeie nuus en die intensie van die preek is om die hoorder in ontmoeting met die heil van God te bring, as die waarheid van die lewe. Die klem word veral gelê op die verbinding van die prediking en die direkte aanspreek deur God, dit wil sê “the preacher is the one who speaks the words of the sermon, but God actually does the proclaiming” Long (2005:19). Die preek se funksie is verkondiging.

---

<sup>34</sup> Karl Barth, *Homiletik. Wesen und Vorbereitung der Predigt*, Zürich 1966.

#### 4.8.2.3 Die pastor/herder

Hierdie is die beeld van die 'gespreksmodel', waar die prediking die hoorders help met hulle vrae. Randall Nichols (1987:16) stel dit duidelik dat die prediking "deliberately sets out to touch and involve people's personal concerns". Die preek is gerig op die ervaring van die hoorder, die vertrekpunt is eintlik daar waar die hoorder hom-/haarself bevind in die lewe. Daar dikwels na hierdie prediking verwys as dialogies, terapeuties of meer omvatted opvoedkundig. Die gemeenskaplike deler in al drie gevalle is "... that the purpose of preaching remains the same: (i) preaching should intentionally seek the beneficial change in the hearers, (ii) should help people make sense of their lifes and (iii) should strive to be a catalyst for more responsible and ethical living on the part of those who hear" (Long, 2005:29). Die versorger prediker is bewus van en reageer op die behoefte van die hoorder. Lange sien die preek as die strewe om die balans te vind tussen die Bybelse boodskap en die hoorder se omstandighede. Die winspunte van die versorger-prediking is dat dit aandag gee aan die "healing power of the gospel and to the inner dynamics of the listener" aan die een kant en aan die ander kant "it makes room for the preacher to think about sermons in very practical terms" (Long, 2005:32). Die negatiewe van die versorger-prediking is dat dit aanleiding kan gee tot "religious consumerism". Die opmerking van Ramsey (2000:16) dui daarop dat "If the sermon does not speak to my needs, what is the use of my listening". Die primêre funksie van die preek is om hulp aan te bied wat die hoorder self moet ontdek.

#### 4.8.2.4 Die storieverteller

Hierdie is die beeld van die 'narratiewe model', waar die preek die hoorder met sy lewensverhaal betrek by die verhaal van die Bybel. Die andersheid van die storie-vertel prediking lê daarin dat die prediker beskryf word ingevolge die literêre en artistiese karakter van sy of haar preek, dit wil sê die storie- en poëtiese uitdrukking van taal. Jana Childers (1998:11) praat daarvan dat:

“preaching had been going through its own changes. The kerygmatic preaching of the sixties gave way in the seventies to an interest in inductive preaching. The eighties brought an emphasis on narrative and imagination. By the nineties few people were shocked when preaching was referred to as an art”.

Die wisselwerking tussen die twee verhale genereer die interpretasieproses; wat die hoorder help om tot ‘n nuwe verstaan van sy/haar omstandighede in die lig van die Bybel te kom. Tisdale (1997) beskryf prediking as “folk art”, bedoelende dat die prediker “searching for the expression of local theology through symbols, forms, and movements that are capable of capturing and transforming the imaginations of particular local community of faith”. Die geheim lê in die interpretasieproses. Kommunikasie is hier die wagwoord. Die preek se funksie is om die hoorder betekenis te gee van sy/haar lewe en te bemoedig.

#### 4.8.2.5 Die getuie

Hierdie is die beeld van die ‘belydende model’, waar die preek dui op eksistensiële betrokkenheid van die predikant. Long (2005:45-51) brei die metafore vir die prediking verder uit deur ‘n vierde metafoor vir die prediking daar te plaas, naamlik die ‘prediker’ as getuie’. Paul Ricoeur (1980:131) lê die klem op die getuienis van die teks:

- “the witness is only the one who is sent to testify”;
- “the testimony is about God’s claim upon life”;
- “the purpose of a testimony is proclamation to all people”;
- “the testimony is total engagement of speech and action”.

Die preek is ‘n getuienis, wat beteken dat die prediker ‘n belydende posisie inneem; om van sy eie ervaringe en belewenisse in die omgaan met die Woord met die hoorders te deel. Die funksie van die preek is die vorming van geloof.

#### 4.8.3 Roetebeskrivings van die preekvorme

Die prediker wat deur die homiletiese landskap reis kom diep onder die besef dat dit nie net ‘n veelkleurige plaat van God se interaksie met die mens is nie, maar dat dit ook ‘n unieke en individuele prentjie van God se interaksie met elke mens reflekteer. Om ‘n opgawe van die prediking binne hierdie homiletiese landskap te maak is geen maklike taak nie, die rede is omdat daar voortdurend navorsing gedoen word en dat die homiletiek voortdurend

verander en aanpas. Brons (2005:6) maak 'n ondersteunende opmerking in die verband:

“Na Barth zijn er nog velen geweest die nieuwe aspecten inbrachten of, vanuit verschillende disciplines, nieuwe invalshoeken kozen. De prediker begeeft zich op vele gebieden: exegese, hermeneutiek, theologie, geloofservaringen, sociale vaardighede, psychologie en communicatie”.

Die roetes het ten doel om die prediking te voorsien met dit wat nodig is om die mens wat met kanker saamleef te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde. Om hierdie proses aan te help word daar aansluiting gevind by die kommunikasie model van H.D. Lasswell<sup>35</sup> wat soos volg lui: “Who”, “Says What”, “In Which Channel”, “To Whom”, “With What Effect”? (vgl. Chartier, 1981:24-25; Thomas, 1978:23; Van Calster, 1977:22-25; Van der Meiden, 1980:109). Die doel hier is om agter die kap van die byl te kom, waarom bepaalde weë tot sekere doelwitte lei. Weereens word gebruik gemaak van De Vries (2010:103-107) se indeling, naamlik:

#### 4.8.3.1 Tradisioneel: Punte preek

Die lerende preek wil die hoorders laat instem met die waarheid van die Bybel en die geloof. Die doel van hierdie vorm van preek is om die hoorder direk betrokke te kry by die evangelie. Daarom is die preek as betoog 'n goeie keuse. In aansluiting by Allen (1998:7-8) bied die retorika die skema vir hierdie preekstyl, naamlik:

- Opening: wat gerig is op die kennis maak met die hoorders
- Preek:
  - Inleiding wat onderwerp aankondig
  - Liggaam waar die onderwerp beredeneer word
  - Slot wat lei tot 'n gevolgtrekking.
- Appèl: oproep om dienooreenkomstig die Woord te gaan leef.

#### 4.8.3.2 Analogies: Woord en antwoord

Die kerugmatiese preek is bruikbaar in die ontmoeting van die hoorders met die heil van God. Die analogiese preekstyl is hier werkbaar, waar analogieë gebruik word om God se handeling in die

---

<sup>35</sup> <http://communicationtheory.org/lasswells-model> - besoek op 7 September 2015.



gemeente raak te sien. Deur die Woord beweeg God tussen die mense met Sy belofte en word die mens uitgenooi om vry van enige verpligting hierop te reageer.

#### 4.8.3.3 Dialogies: Nood – Belofte – Appel

Die pastorale gespreksmodel help die hoorder in die oomblike van nood en ellende. Die preekstyl hier is die gesprek, so bietjie stroom-op as waar aan gewoond is. Die skema kan soos volg verduidelik word, naamlik:

- Verkenning: die situasie van die hoorders word geskets.
- Oplossing: die belofte van Christus word op die nood van die hoorder ingewerk.
- Appel: in Christus word die Bybelse belofte duidelik gemaak en moet lei tot verlossing.

#### 4.8.3.4 Narratief: Wederkerige verstaan

Die narratiewe preekstyl roep na die ervaring en belewenis van sinvolheid. Daarvoor is nodig dat die verhale van die teks en die hoorder heen en weer beweeg tot sinvolheid beleef en ervaar word. Lowry (2001:28-87) het die bewegings binne die narratief uitgewerk tot 'n verhaal met 'n "plot". Die skema lyk soos volg:

- Spanning in bestaan van die hoorder
- Ondersoek na die oorsake daarvan
- Onverwagte wending wat lig werp op die ontknoping
- Uitwerking van die bevrydende ervaring
- Nuwe uitsig op die moontlikhede

#### 4.8.3.5 Voorstelling: Eis – implikasie

Die belydende model se oogmerk is die vorming van geloof en die geloofspraktyk van die geloofsgemeenskap. Die roete wat hier gevolg word is die roete van voorstelling. Hier word geen algemene uitsprake gemaak oor die Bybelteks nie, wat wel gebeur is dat die prediker op 'n belydende manier sy/haar geloofsverhaal gee, en dan die hoorders daarby te betrek deur hulle te wys op die implikasies daarvan vir hulle lewe (vgl. Long, 2005:18-51).

## 4.9 Prediking binne die praktiese teologie

### 4.9.1 Inleiding

Praktiese teologie het 'n kommunikatiewe handelingswetenskaplike karakter, wat beteken dat daar bepaalde handeling, waar die situasie waarin dit voltrek word, die kritiese beoordeling daarvan en die vraag na moontlike wysigings aan die orde gestel word (Heyns en Pieterse, 1990:41). Die praxis van die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie word dus deur die vak bestudeer waar dit ookal geskied, hetsy in die kerk of die samelewing met al sy terreine, hetsy deur individue of instellings waar die evangelie gekommunikeer word (Pieterse, 1993:131). Die kwalifikasie lê daarin dat God in die wêreld van die mens kom en dat hierdie kom in die wêreld deur mense bemiddeld word, want dit is die mens wat:

- preek,
- optree as kategeet,
- 'n pastorale gesprek voer en
- wat saam met iemand bid en
- ook vir iemand bid.

Die praktiese teologie se taak is dus om op 'n krities-sistemiese wyse teorieë vir hierdie kommunikatiewe handeling te ontwikkel en te verfyn. Hierdie is baie belangrik met die oog op hierdie studie, want die insig in die teorie help om die evangelie so effektief moontlik deur die preek in diens van God se koninkryk te laat kommunikeer. Hierdie homiletiek leef in drie vertrekke:

- die hermeneuties-kommunikatiewe, dit wil sê waar die hermeneutiese en die kommunikatiewe aard en betekenis van die homiletiek uitgespel word;
- die teologiese of fundamentele, dit wil sê waar die teologiese basis vir die praktyk neergelê word en
- die praktykteoretiese, hier word kennis geneem van die alledaagse kontekste in aksie en die kommunikasie met die oog op die daarstelling van werkbare preekteorie vir die bediening van die evangelie aan die mens wat met kanker saamleef (Vos, 1996:61-62).

#### 4.9.2 Prediking as kommunikatiewe-handeling

Pieterse (2009:250) stel dit dat: “Ons (predikers) is geroep om in die prediking binne die Protestantse tradisie oor God te praat, om die heil in Christus te verkondig en sodoende God as sprekende en handelende God ter sprake te bring”. So word die mens wat met kanker saamleef bemoedig, begelei en versorg in die gebeure van die prediking. Dit is God wat na die mens toe kom en self met hom of haar praat. God se spreke lê aan die basis van die geloof van die mens en die mens se spreke oor Hom. Immink (2003:209) wys daarop dat as God ter sprake gebring word, is dit naspreke van die geopenbaarde Woord. Die prediking geskied in die geloof dat God deur sy Woord (wat verkondig word) en deur sy Gees die heil self laat gebeur (Pieterse, 2009:250).

Dus het die kommunikasie van die evangelie in 'n spesifieke konteks deur die prediking 'n bemiddelende rol. Die heil word op hierdie wyse bemiddel deur die Woord en die werk van die Gees, asook die gelowige konsentrasie van die mens met sy geestesvermoë op God in sy openbaring (vgl. Immink en Pleizier, 2005:84-86).<sup>36</sup> Die prediker het nie die taak om "etwas zu sagen" nie, maar al wat die prediker te doen staan, is om die teks "nachzusagen"\*. Hierdie eensydige Barthiaanse klem op die "wat" van die preek hou nie voldoende met die "hoe" en die "wie" rekening nie. In die kommunikasie van die evangelie deur die preek is die "wat", die "hoe", en die "wie" onmisbare skakels.<sup>37</sup>

#### 4.9.3 Prediking as gebeure

Om die prediking te definieer is nie so eenvoudige proses nie, want “Indeed the event of preaching is so multifaceted we will never understand it fully, but we need to take a stab at naming what it is (Long, 2005:15). Die blote definisie via 'n woordeboek sal nie noodwendig bydra tot 'n beter verstaan nie, omdat dit die rykdom en misterie van die prediking kan aantast. Daarom dat Jorien Brons (2005:5) die opmerking maak, “Na meer dan een eeu lang moraliserend preken, heeft het woord preken in de volksmond een negatieve klank gekregen: wanneer iemand wat breedvoerig argumenteert of vermaant, dan zeggen we al gauw dat diegene ‘staat en preken’” (vgl. Berkelbach van

---

<sup>36</sup> Immink, F.G. & Pleizier, T., 2005, 'Research in Homiletics', in *Preaching as Shaping Experience in a World of conflict*, Studia Homiletica 5, Grözinger, A. and Kang Ho Soon (eds.), Singapore.

<sup>37</sup> Vos, Cas *Artikel Dansmaats: dogmatiek/etiek en homiletiek*, SKRIF EN KERK Jrg 15( 1) 1994

der Sprenkel, Pop en Roscam Abbing, 1957:9; Dingemans, 1991:24). Die proses op soek na 'n definisie vir die prediking word verder bemoeilik deur die negatiwiteit jeens die prediking. Oral oor is daar negatiewe klanke ten opsigte van die prediking, soos byvoorbeeld:

- "... de preek afgedaan als een verouderde overdrachtsmethode"
- "De preek zou ouderwets zijn: eenrichtingsverkeer in een tijd van dialoog" (Brons, 2005:5).
- "De vorm van de preek als een normatief betoog van een persoon die met gezag vanaf een hoge positie spreekt, is uit de tijd" (Dingemans, 1991:21).
- "Een ander veelgehoord argument is dat het effect van de preek maar gering lijkt te zijn" (Van der Meiden, 1980:66).
- Vos (1996:1-4) praat van die preek in die "spervuur" as gevolg daarvan dat, "Preke vertoon soms 'n gebrek aan struktuur, tekstuur, postuur en kommunikasievaardighede".

Jürgen Moltmann soos aangehaal deur Long (2005:2) skets die prentjie van die aanbiddingsgeleentheid van 'n gemeente soos volg:

"We can take our bearings from a simple, visible procedure: the community gathers to hear the proclamation, or for a baptism, for the common meal, for the feast and to talk together. Then one person or more gets up in front of the congregation in order to preach the Gospel, to baptize, to prepare the meal, to arrange the feast, and to make his contribution to the discussion. The people come from the community but come forward in front of it and act in Christ's name. It is not they as "office bearers" who "confront" the congregation; it is Christ. When they do and say is in the name of the triune God. How then, are we to understand the position of these people with their particular charges or assignments? They come from God's people, stand up in front of God's people and act in God's name".

Die belangrike is dus dat predikers hulleself en hulle rolle moet verstaan teen die agtergrond van hulle verhouding van die gemeente. Long (2005:3) stel dit baie treffend dat predikers "are members of the body of Christ, participants in the worshiping assembly, commissioned to preach by the very people to whom we are about to speak". Die prediker moet besef dat "Public preaching and the preacher should not be isolated from the simple, everyday and

matter-of-course language's faith, the language used by Christians in the world" (Moltmann, 1977:206). Dit beteken:

- as die gemeente standpunt inneem dat menswaardigheid aan alle mense, ongeag status of aansien bewys moet word, verkondig die gemeente die Woord/evangelie;
- as die onderwyser stories van Jesus in die klas vertel, word evangelie verkondig;
- wanneer lidmate in die Naam van Christus mense wat siek is, bemoedig en vir hulle bid, bring hulle die goeie nuus van die evangelie.

Prediking is 'n klein deel van die totale bediening van die kerk/gemeente, Long (2005:4) som dit baie mooi, "God calls the whole church to proclaim the gospel, and every disciple of Jesus Christ is a part of this calling". Die prediker kom uit die geloofsgemeenskap en daarom is hy/sy bewus van die apatie, die onderlinge strominge, mense se broosheid en dowe ore. Die realistiese siening van die kerk begin altyd by 'n erkenning dat:

"A basic reality of congregational life is that we are engaged in socially acceptable (indeed socially celebrated) patterns of mutual self-destruction" en "Furthermore, the mere presence of the story, vision, and language of the faith is no guarantee that these powerfull patterns will be overcome. The patterns easily survive in congregational life, no matter how much that life may be filled with talk about sin, crucifixion, the love of God, or the grace of the Lord Jesus Christ" (Dykstra, 1987:532, 537).

Vir die doel van hierdie studie is dit wat Vos (1996:4-5) skryf aangaande die konteks waarbinne die preek geskied, baie belangrik, want die "hoorder leef in 'n godsdienstige, sosiale en geesteskonteks (vgl. Bunnens 1990:162-163). Die kontekste speel 'n besliste rol in die wyse waarop die hoorder die boodskap van die prediking ontvang en verwerk. Die prediking moet daarmee rekening hou dat die hoorder binne hierdie kontekste smag na 'n woord wat vir hom of haar 'n oase bied om verbeeldingryk oor God te dink, die teenwoordigheid van God te beleef in die daaglikse lewe en hom- of haarself te handhaaf in 'n wêreld wat geteister word deur skeptisime en relativisme (vgl. Vos, 1990:158; Bieritz, 1990:8; Hermelink, 1992:297; Burger, 1994:89; Dingemans, 1991:64). Pieterse, (2005:110) beklemtoon die belang van die teologie van die prediker

om die evangelie oortuigend te preek. Die teoretiese argument waarmee in hierdie navorsingsprojek gewerk word, is juis dat 'n gebrekkige uitspel van en verantwoording ten opsigte van eie metateoretiese onderbou en die veranderinge wat in die hedendaagse konteks in die onderbou kan intree, die persoon wat in God se diens handel, koers kan laat verloor in 'n see van moontlikhede.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n kenmerkende antroposentriese wending in die teologie en die Homiletiek plaasgevind (vgl. Cilliers, 2009; Heitink, 1999:110). Hierdie wending is in wese 'n reaksie teen die soort teologie waarin daar in die verlede te maklik en op 'n oorvereenvoudigde wyse in die naam van God vaste, absolute uitsprake gemaak is (asof dit volgens Sy Woord is), terwyl dit in werklikheid blyk dat daar met menslike, feilbare interpretasies te doen gekry word, interpretasies waarin die kompleksiteit van die konteks waarin die menslike lewe ontplooi, nie verken is nie (De Klerk & De Wet, 2013:136). In die homiletiek het hierdie wending veral tot uitdrukking gekom in 'n drieledige verskuiwing van die teks na die hoorder, van eksegetiese na hermeneutiek en van Christologie na Pneumatologie (Douma, 2000:49). Die eie reformatoriese meta-teoretiese onderbou is belangrik, want die invloed daarvan op die konteks van die denk-klimaat, leefwêreld en kultuur waarin nagevors word, is bepalend.

#### 4.9.4 Prediking gebeur in werklikheid van die wêreld

##### 4.9.4.1 Inleiding

De Klerk en De Wet (2013:137) wys daarop dat die meta-teoretiese perspektief waarmee die homiletiek benader word, drieërlei is, naamlik:

- Die werklikheidsbeskouing waarmee daar op die navorsingsveld van die Homiletiek gefokus word;
- Die onderbou rakende die hermeneutiese beskouing wat nodig is om tot verstaan te kom en tot verantwoordelike inligting te kom van die verhouding tussen die kommunikatiewe elemente in die homiletiese proses
- Die wetenskapsteoretiese benadering waarmee die navorsingsveld van die Homiletiek op 'n wetenskaplike verantwoorde wyse ondersoek word.

#### 4.9.4.2 Werklikheidsbeskouing

Hierdie is belangrik want dit help die prediker om die gebeure van die dag te kan lees ten opsigte van die wyse waarop God daarin werksaam is, met die oog op aktuele en profetiese prediking. Die prakties-teologiese wetenskapsbeoefening het te doen met die beskrywing, verklaring en verandering van die aksie en die handelings-element in die ondersoekveld. Vanuit die homiletiese is die gebeurlikheidsdimensie in die waarneembare werklikheid van die menslike handeling, die bepaaldheid daarvan deur die Goddelike werking in die evangelie, gerig op kommunikatiewe gebeure. Die kommunikatiewe gebeure waarvan daar sprake is in die homiletiese proses, behels die volgende: “Dit vind plaas in ’n bepaalde ruimte, waarin die Bybelse teks, die prediker en die hoorders in verbinding met mekaar gebring word” (De Klerk & De Wet 2013:138).

##### - Ruimte

Dit is ’n openbare ruimte waar God aan die Woord kom tot mense in spesifieke omstandighede, dit is ’n verbondsruimte waarin God hom verbind het tot die mens – d.w.s. ontferm, sodat mense Hom kan dien met hulle totale lewe. Dit is ’n ruimte waarbinne die Woord ’n tweeledige funksie het, (i) reuk van die lewe ontsluit en (ii) waarsku teen die reuk van die dood. Binne hierdie ruimte weet die hoorder dat die begin, voortsetting en voleindiging veranker is in die Vader (skeppend), Seun (verlossend) en Heilige Gees (voortskeppend). Dit is ’n ruimte waarbinne die kontinuïteit tussen die Bybelteks en kontemporêre konteks by mekaar uitkom.

#### 4.9.4.3 Hermeneutiese

Die hermeneutiese is belangrik vir die verstaan van die verantwoordelike inrigting van die kommunikatiewe elemente in die homiletiese proses. Tydens die prediking is die hermeneutiese proses aan die gang, dit wil sê die verstaan en wisselwerking tussen die bedoeling van die teks in die mate hoe God aan die Woord kom en dit korrepondeer met die verstaanshorison van die mens in sy of haar om-

standighede. Elke historiese konteks vorm sy eie verstaanshorison; daar is 'n vreemdheid aan die teks vir die leser van die eie tyd – die betekenis en die begryp van betekenis deur die leser verbind die teks en leser met hulle eie historiese verstaanshorisonne, sodat die horisonne effens oor mekaar skuif en verstaan moontlik maak. Juis in hierdie konfrontasie tussen ons vooroordele (wyse dinge sien en hoek waarmee na wêreld kyk) en die vreemdheid van die teks se sieninge, geskied die ware hermeneutiese verstaan (Johnson, 1990:64; Krabendam, (1984:539); Pieterse, 2002:92).

Dit het verrykende implikasies vir die prediking:

- daar is nie vooraf geformuleerde, tydlose waarhede wat verkondig word nie;
- dat verskillende predikers verskillende aspekte kan beklemtoon;
- die teks deurbreek binne 'n bepaalde konteks;
- dat in die verstaan van die preek, die hoorder meewerk;
- dat die voor-verstaan van die teks 'n beduidende invloed kan uitoefen op die betekenis-inhoud.

Pieterse (2010:2) se pleidooi vir 'n benadering van 'n dialektiek tussen die teks en leser help om die spanning tussen teks en leser 'n vrugbare spanning te maak. Dit wil sê daar moet rekening gehou word met die werkingskrag wat in die teks geleë is, sowel as die konteks van die hoorder en die implikasies daarvan vir die betekenisgewing (De Klerk & De Wet 2013:143).

“Homiletiek is 'n wetenskaplike studie van die kommunikatiewe gebeure tussen die Bybelse teks, die hoorders en die prediker. Vanuit die reformatoriese vertrekpunt word die invalshoek van die navorser daardeur bepaal dat die eie vooroordele onder leiding van die Gees van Christus geplaas word sodat met onderskeidingsvermoë, liefde vir God en sy mense en diensbaarheid ondersoek kan word in hoe mate God aan Woord kom of verhinder word om aan die Woord te kom in die konteksgerigtheid van die Woord” (De Klerk & De Wet 2013:144).

- Die handelende God roep mense deur sy Woord en Gees om in sy diens te handel

Bladsy 239 van 480



- Die pneumatologiese benadering sou bepaaldheid ondersoek met die oog op kommunikatiewe dimensie van die homiletiese proses.
- Die Skrif as die kenbron gebruik hermeneutiese lense
- Onder leiding van Gees van Jesus Christus word die hermeneutiese lens bruikbaar gemaak
- Kommunikatiewe fokus op die prediker en hoorders – die skeppende, met verlossende en voleindigende handeling omraam.

#### 4.10 Gevolgtrekking

##### 4.10.1 Inleiding

Prediking is 'n wonderwerk in aksie; want op 'n Sondagmôre kom 'n gemeente op 'n gegewe tydstip bymekaar, met die verwagting om die Woord van God te hoor deur die bediening van die prediking, in die hoop en die geloof dat God betrokke was, is en wil wees in die lewe van die geloofsgemeenskap hier en nou. Dit is die uitnodiging en uitdaging wat die mens geaffekteer deur kanker aan die prediking stel.

##### 4.10.2 Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van kanker.

- Die prediking is nie 'n een-mans-vertoning nie, dit is 'n samespel tussen die prediker en hoorder wat God gebruik om Sy teenwoordigheid in hierdie wêreld sigbaar en hoorbaar te maak;
- Die prediking se andersheid lê daarin, dat dit God is, wat deur Sy Woord en Gees die wêreld van mense betree.
- Die Griekse woord vir prediking is 'kerusso', en omdat dit moeilik vertaalbaar is in verskillende tale, onderstreep dit dat die prediking 'n eie betekenis moet hê en kry daar waar dit gebeur.
- Die prediking is 'goeie nuus'.
- Die prediking is 'n Woord oor God.

- Die prediking moet lei na lewensvernuwing, uitkoms, geloof, sin en betekenis.
- Die prediking veronderstel dat daar 'n persoonlik verhouding tussen God en die hoorder is, dit is hierdie verhouding wat gestimuleer en aangevuur moet word deur die prediking.
- Die prediking het 'n persoonlike karakter en is persoonsgerig.
- Die prediking hou rekening met die geloofskultuur van die geloofsgemeenskap in die sin dat dit die oortuigings, houdings en optredes gesond en lewenskragtig wil hou.
- Die prediking bring ook die Bybelteks na die hoorders om hulle te inspireer, te motiveer en te oriënteer.
- Die prediking hou haarself besig met die daaglikse werklikhede, byvoorbeeld lewenservarings, kwelgedagtes en teleurstellings van die geloofsgemeenskap.
- Die prediking moet haarself ook kan staal teen die aanslae van die tyd, daarom konfronteer dit soms en bestry dit sekere dwalings.
- Die prediking is wanneer die prediker in gesprek tree met hom-/haarself, die teks en die gemeente (Wybe Zijlstra).<sup>38</sup>
- In die prediking moet die Woord van God die hoorder lei om 'n keuse te maak en dit praktiese te belewe elke dag.
- In die prediking moet die hoorder die evangelie kan beleef as die goeie nuus in hulle daaglikse lewe.
- Die prediking gaan nie net oor wat die Woord van God sê nie, maar ook wat die Woord kan doen.
- Die prediking is tydsgebonde en moet konkreetheid kry in die lewe van die hoorders.

---

<sup>38</sup> Sien 'n gedetailleerde verwerking van die model in H.C.I. Andriessen en Miethner, *Praxisder Supervision*.  
*Beispiel: Pastorale Supervision*, Heidelberg 1993:253.

- Die preekvorme vir die prediking lê elkeen ook 'n eie klem rakende die prediking, naamlik:
  - Die leraar fokus op die uitleg van die Bybel en die toepassing daarvan in die geloof van die hoorder;
  - Die boodskapper laat die klem val op die verkondig van die heil in Christus vir die hoorder;
  - Die pastor/herder wil weer deur gesprek die hoorder lei na die alternatiewe opsie of verligting;
  - Die storieverteller gebruik weer die interaksie tussen die verhale om sin en betekenis by die hoorder te bewerkstellig
  - Die getuie daarteenoor gebruik die getuienis om die hoorder se geloof te vorm en te versterk.

#### 4.11 Basisteoretiese perspektiewe vir die prediking na aanleiding van die homiletiese reis .

Die prediking is gekies as die wyse vir begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef, met die oog op lewens-sin en lewens-vreugde in hierdie lewe. Die prediking as die weg van die teks na die hoorder is iets besonder, maar dit lê besaai met landmyne, wat as daar nie versigtig op hierdie terrein getrap word nie, dit in jou gesig kan ontplof met erge skade.

- Die prediking is die ontmoetingsplek waar God deur Sy Woord in die woord van die prediker kom tot die hoorder om Sy betrokkenheid by die lewe van die mens hoorbaar en sigbaar te maak.
- Die prediking is anders as ander publieke redes en motivering praatjies, omrede die Bybelteks, God en die Gees op 'n wonderbaarlike en misterieuse wyse hierby betrek word.
- Die prediking moet die hoorder so aanspreek dat hy/sy daardeur beweeg word om 'n vrye keuse te maak om dit te aanvaar of te verwerp.

- Die prediking moet die hoorder se omstandighede reg vertolk en verstaan met die oog op die preek.
- Die verskillende preekvorme bied aan die prediking die geleentheid om die verskeidenheid van hoorders sinvol en effektief te begelei en versorg.
- Die Woord is nooit 'tijdloos' nie, maar die prediking is altyd tydsgebonde.
- Die prediking se 'tydsberekening' is belangrik en bepalend vir die omstandighede waarin die hoorder hom-/haarself bevind.

## Meta-teoretiese perspektiewe

### Hoofstuk 5

Die identifisering van meta-teoretiese perspektiewe uit die verwante- en hulpwetenskappe rakende die mens geaffekteer deur kanker vir die begeleiding en versorging deur die prediking

#### 5.1 Belangrike pastoraal teologiese vertrekpunte van die mens wat met kanker saamleef

##### 5.1.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om te fokus op bydraes vanuit die pastorale teologie in die breë, betreffende die moontlike die effek van siekte (kanker) asook die gevolge van siekte (kanker) op die lewe van mense. Die resultaat van hierdie bydraes moet rigting gee aan die moontlike riglyne vir die prediking in die begeleiding van mense wat met kanker saamleef.

Die relevansie van 'n effektiewe pastorale bediening deur die prediking aan mense met kanker is belangrik, want dit het ten doel om die mens geaffekteer deur kanker te begelei tot die optimale benutting van sy/haar lewe as mens gedurende die reis met kanker. Daar is twee moontlike faktore wat hierin 'n rol kan speel, naamlik: aan die een kant wil dit voorkom of die getal mense geaffekteer deur kanker aan die toeneem is, want een uit elke drie mense sal tydens hulle lewe iewers met kanker te doen kry. Prakties impliseer dit die volgende dat binne 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met 'n getal van 350 belydende- en dooplidmate, daar byna 116 lidmate kan wees wat met kanker saamleef. Aan die ander kant blyk dit dat in die lig van die hedendaagse wetenskaplike nadenke oor kanker as 'n fase van die lewe, die pastorale begeleiding en versorging van hierdie mense 'n noodsaaklike deel vorm van die totale gemeentelike bediening.

Louw (1994:iii) skryf in hierdie verband dat "it is often said that coping with illness is an art". Mense wat met kanker saamleef kan maklik verval in 'n lewensgevoel van depressie en futiliteit.

Daarom is dit positief as Louw (1994:iii) skryf "coping with illness becomes an art when patients succeed in viewing their illness as a very special opportunity

for growth". Binne hierdie siening word siekte (kanker) onder meer verstaan as 'n positiewe fase in die lewe waarbinne nuwe lewensmoontlikhede ontgin word, in lyn met die woorde van Louw (1994:iii), "Illness creates a new understanding of one's calling in life: to represent the loving care of God and become involved in the suffering of others". Of mense wat met kanker saamleef binne die Suid-Afrikaanse konteks al die kopskuif gemaak het vanaf die tradisionele siening dat kanker die einde van die lewe beteken (vgl. Brannon & Feist, *Kindle Location*, 2014:4633) na 'n meer aktiewe proses van daar is wel 'n lewe met kanker, is 'n ope vraag. Hierdie navorsing ontgin die moontlikheid om siekte (kanker) as 'n integrasionele taak te benader. Dit word gedoen deur die prediking as 'n prakties-homiletiese strategie te konstrueer waarmee mense wat met kanker saamleef, begelei kan word tot 'n sinvolle integrasie van hulle eie kankerverhaal in die lig van die Godsverhaal wat hulle sal motiveer om optimaal binne hierdie saamleef met kanker te funksioneer.

Die prediking in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker word nagevors as die modus waarmee hierdie integrasionele taak gefasiliteer kan word. Mense wat met kanker saamleef beskik as gevolg van hulle worstelinge met kanker oor 'n lewensverhaal wat ryk is aan wedervaringe en belewenisse. Aangesien die prediking as prakties-homiletiese strategie God en die mense wat met kanker saamleef mekaar laat ontmoet binne die atmosfeer van die erediens, kan hierdie ontmoeting die navorsingsonderwerp sinvol dien. Hopelik kan dit meewerk tot 'n praktykteorie wat deur die prediking gebruik kan word om die mens met kanker te stimuleer tot die sinvolle ontginning van die lewensreis met kanker.

Soos reeds gemeld in vooraf paragrawe sluit die navorsing metodologies aan by Zerfass (1974:166 e.v.) se model vir die praktiese teologie. Hiervolgens word met basis-, meta- en praktykteorie gewerk om by die navorsingsresultate uit te kom. Alhoewel krities opgemerk kan word dat Zerfass se benadering nie 'n resente prakties-teologiese model verteenwoordig nie, verreken dit steeds die kernelemente waarmee daar binne 'n prakties-teologiese model gewerk moet word (vgl. Brunson & Lotter, 2008:285). Lotter (2007:5) se oorsig van jonger modelle vir die praktiese teologie, waaronder die modelle van Getz, Heitink en Lotter se eie tel, dui daarop dat

hierdie benaderings in wese dieselfde kernelemente van basis-, meta- en praktykteorie omvat. De Wet (2006:58) se insette oor Zeffass se model word egter in ag geneem, naamlik dat aksentverskuiwings en spesifisering nodig is om teologiese modelle binne 'n gereformeerde konteks te gebruik. Met gereformeerde konteks word bedoel 'n benadering tot die prediking wat die Woord van God as vertrekpunt neem. In die geval van hierdie navorsing word daar dus oor sin en betekenis van die lewe tydens die saamleef met kanker besin in die lig van die openbaring van God deur Sy Woord (vgl. Van der Walt, 2007:3).

Die navorsing verloop langs die volgende weg: begripsverheldering van die volgende sentrale begrippe word gegee: lewe met kanker as krisis, kanker as trauma, prediking as begeleiding en versorging, Skrifgebruik tydens die prediking en kanker as integrale deel van die lewe. Vervolgens word aandag gegee aan basisteoretiese beginsels vir 'n mens wat met kanker saamleef uit die afskeidsgesprekke van Jesus met Sy dissipels in die Johannes-evangelie. Metateoretiese perspektiewe gerig op die mens wat met kanker saamleef word gegee deur kanker as siekte fenomenologies te belig. Die eietydse Suid-Afrikaanse konteks word kortliks bespreek as ruimte waarbinne die saamleef met kanker gebeur. Ten slotte word enkele praktykteoretiese riglyne aan die hand gedoen om die mens wat met kanker saamleef as integrale deel van die geloofsgemeenskap te begelei.

In die volgende paragrafe word gepoog om metateoretiese beginsels oor siekte (kanker) en die sin van die lewe te vorm wat in berekening gebring behoort te word tydens die prediking as prakties-homiletiese strategie in die begeleiding van die mens wat met kanker saamleef.

## 5.2 Die omgewing waarbinne kanker gebeur

### 5.2.1 Inleiding

Wanneer die woord 'kanker' sy opwagting maak veroorsaak dit 'chaos' in die lewe van die mens. Skielik is daar 'n waarboel van vrae en emosies betrokke wat die mens teister en onrustig stem. Hier volg 'n kort bespreking van die mees tipiese vrae van die betrokkenes, naamlik:

- Wie kry kanker?

Kanker affekteer alle geslagte, ouderdomme en lewensfases van mense.

- Wat veroorsaak kanker?

Die presiese oorsake van kanker is onbekend en dikwels kan geen bepaalde enkele oorsaak gevind word nie. Vir kanker om te ontwikkel, moet die selle oor 'n lang periode van tyd beskadig wees. Hierdie skade aan selle kan veroorsaak word deur die rook, alkoholmisbruik, dieet, hormonale invloede, chemikalieë, en talle ander faktore. Kanker is nie aansteeklik nie, jy kan dit nie van iemand anders kry of aan iemand anders oordra nie. Daar word geglo dat bepaalde kankers soos bors- en kolon-, melanoom- en eierstokkankers 'n oorerflikheidsfaktor bevat. Stresvlakke sal nie kanker veroorsaak nie, maar kan 'n bydraende faktor wees. Dawson (1978:23) maak die volgende opmerking, "It is generally agreed among scientists that there is no single cause, but a combination of factors occurring simultaneously to produce malignancies".

- Hoe ontwikkel kanker?

Ons liggame bestaan uit biljoene selle wat die organe en weefsel van die liggaam vorm. Die selle in ons liggame van die hart, longe, niere, spiere en vel is almal baie verskillend. Selle groei op 'n beheerde wyse en vernuwe hulleself op 'n gereelde basis. Selle sterf daagliks en word deur nuwes vervang. Kanker begin deur veranderinge in liggaamselle. Indien 'n sel nie die normale patroon van groei en sterf volg nie, kan dit op 'n onbeheerde wyse groei en gewasse of letsels vorm. Die basiese verskil tussen tussen 'n goedaardige gewas en kanker is die volgende: die goedaardige gewas groei stadig en bly in die bepaalde weefsel, waar kanker versprei en dring ander weefsel binne (Louw, 2008:340). Soos die kankerselle vermenigvuldig, val hulle gesonde selle aan, beskadig hulle, en beweeg na verskillende dele van die liggaam. Indien hulle nie beheer word nie, kan kankerselle die liggaam se immuunsisteem vernietig, met ander woorde, kanker begin as een normale sel wat in 'n abnormale sel verander. Hierdie selle vermenigvuldig en vorm 'n gewas. Nie alle kankers vorm gewasse nie. In die geval van



leukemie, 'n bloedkanker, word die witbloedselle deur die kankerselle vervang. Daar is baie verskillende soort kankers. Elkeen het sy eie simptome, groeipatrone en behandeling.

- Hoe versprei kanker?

Kankers kan tot 'n sekere area beperk wees of kan na ander dele van die liggaam, ver van die oorsprong af, versprei. Die oorspronklike geaffekteerde selle word die primêre siekte genoem. Die selle wat na ander dele van die liggaam beweeg, word metastatiese siekte of sekondêre letsels genoem. Hierdie kankerselle beweeg deur die bloed of die limfsisteem na ander dele van die liggaam waar hulle nuwe gewasse vorm. Hierdie verspreidingsproses word metastase genoem. Wanneer borskanker na die longe versprei, is dit nie longkanker nie, maar word nog steeds as borskanker beskou. Dit sal as sekondêre borskanker beskou word. Die kanker word dus benoem volgens die oorspronklike area.

- Hoe word kanker opgespoor?

Daar is 'n aantal maniere waarop kanker in die liggaam deur dokters geïdentifiseer word. Dit sluit chirurgie, CAT skandering, MRI skandering, mammogramme, ultraklank en bloedtoetse in.

### 5.2.2 Kanker as realiteit in die dag

Kanker as medereisiger in hierdie lewe is redelik bekend aan die algemene publiek en was al menigmaal die medereisiger van gesinne, families en vriende. Dit is opvallend hoe familiêr hierdie medereisiger kan raak by gesinne, families en vriende, soveel so dat hy 'n naam kry, name soos Flip, Sarie, Henriëtte, Nora, Gert, Erica, Carine en Tobie. Dit was juis hierdie mense se reis met kanker wat aanleiding gegee het tot hierdie studie. Carine en Tobie se reis met kanker bietjie nader aan die navorser as die ander, maar die proses in al bogenoemde gevalle het dieselfde verloop van gebeure gehad:

- Gemak – almal het in 'n toestand verkeer waar hulle as mense dit gemaklik en gerieflik gehad het met hulle gesondheid en lewensomstandighede (Odendal, 2005:281).

- Verras – almal van hulle was onkant gevang met die onverwagte diagnose van kanker - tydens 'n roetine besoek aan die dokter (Odendal, 2005:1290).
- Geskok – almal van hulle het plotseling die pynlike stoornis ervaar en beleef dat nou is daar groot fout met hulle menswees (Odendal, 2005:1021).
- Behandeling – almal van hulle moes verdere toetse en ondersoek deurloop om uiteindelik blootgestel te word aan die bes moontlike en voorgeskrewe behandeling vir hulle eie unieke kanker (Odendal, 2005:76).
- Hoop – almal van hulle het saam met hulle mense die stryd aangepak, met die verwagting dat alles ten einde goed sal afloop tydens hulle reis met kanker (Odendal, 2005:422).

### 5.2.3 Die mens wat met kanker saamleef

#### 5.2.3.1 Inleidende opmerkings

Alle vorme van hulpverlening het 'n gemeenskaplike deler naamlik dit is gerig op die mens (Heitink, 1977:82). Daarom is die bespreking van 'n toepaslike antropologie belangrik, want dit bepaal die wyse waarop 'n pastor mense binne die pastorale opset gaan hanteer. Heyns (1978:119) stel dit duidelik dat die skepping van die mens was nie 'n noodoplossing vir 'n probleem wat in die proses van die skeppingskonstruksie ondervind is nie; ook nie 'n nágedagte nadat alle ander gedagtes alreeds konkrete gestaltes ontvang het nie. Die skepping van die mens was eerder die rigtinggewende vóórgedagte, want alles wat vanaf die eerste dag geskape is, was aangelê op, wys heen na en dien as tuiste en as materiaal vir die mens. Die pastorale begeleiding is wesenlik 'n bediening aan mense, daarom word enige beleid en strategie ten opsigte van hierdie bediening finaal bepaal deur die grondliggende beskouing oor die mens (Louw, 1999:152). Die stelling van Louw (1999:153) bevestig dit dat 'n pastorale teologie sonder 'n duidelike omlýnde teologiese antropologie loop gevaar om lewensvreemd te raak sonder om met die konkrete mens in sy/haar historiese konteks rekening te hou. 'n Teologiese antropologie bepaal beslissend

die effektiwiteit van die pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so 'n ontmoeting op menslike probleme het.

### 5.2.3.2 Heyns se mensbeskouing

Volgens Heyns (1978:119-120) handel die Bybel nêrens opsetlik en georden oor die mens nie. Dit word vervat in sy woorde:

“Geen definisie van die menslike natuur word gegee, en geen vaste en skerp afgebakende wese van die mens neem voor ons oë gestalte nie, maar fragmentaries en soms selfs onduidelik word die Bybelleser eerder bewus van 'n dinamiese en gevolglik ondeursigtige kern wat sy ryke inhoud in 'n onoorsigtelike veelheid van situasies en handeling ontvloei”.

Die Bybel gee wel vier blikrigtings op die mens: (i) 'n vertikale blik op die mens dit wil sê dat die mens wat ons in die Bybel ontmoet is God se mens en met hierdie mens handel Hy en is Hy mee besig; (ii) 'n totale blik op die mens wat beteken dat hierdie mens met siel en liggaam, vlees en gees, inwendig en uitwendig mens is op 'n bepaalde wyse; (iii) 'n realistiese blik waar alhoewel die mens besing word as die kroon van God se skepping, die mens tog onderworpe is aan die gebrokenheid van hierdie wêreld waarbinne daar geleef word en (iv) 'n tydbepalende blik wat daarop neerkom dat die Bybel oor die mens praat in die taal en idioom van die destydse Bybelskrywers.

Dit is nie binne die skopus van hierdie studie om 'n volledige Bybelse antropologie uit te werk nie, dus word hier slegs verwys na die relevante aspekte na aanleiding van Heyns (1985:3-5) se boek *Mediese Etiek*:

- Mense ontvang hulle waarde van God  
As skepsel van God ontvang mense hulle intrinsieke waarde nie op grond van die funksies wat hulle verrig nie (arbeid, wetenskap, kuns, voortplanting), of die volksverband waarin hulle gebore is nie (Afrikaner, Zoeloe, Indiër of Kleurling), ook nie van die verhoudings waarin hulle staan nie (tot die self, tot die medemens, tot die natuur en tot die kultuur) - maar uitsluitlik van God self. Al sou mense gestroop word van al bogenoemde, het hulle nog steeds die reg om mens te wees, 'n Krisis in enige van bogenoemde mag nooit die mens vervlak tot 'n niks-seggende objek nie.

- Mense moet met eerbied benader word  
Die mens as ewigheidsbestemde wese – na liggaam en siel – moet steeds in alles wat oor hulle besluit word en met alles wat met hulle gedoen word, steeds as mens behandel word. Met eerbied en piëteit moet daar met hulle omgegaan word. Alle mense is gelyksoortig en gelykwaardig, maar alle mense is nie gelyk nie. Die individuele mens is immers nie maar net 'n eksemplaar van die soort waartoe behoort word nie, maar verteenwoordig 'n persoonlike waarde.
- Mense moet met waardigheid behandel word  
Die pastorale en mediese behandeling mag nie die waardigheid van die mens aantast nie. Enige pastorale en mediese behandeling moet mense in staat stel om hulle bestemming as mense te kan realiseer.
- Mense moet as eenheid benader word  
Die mens moet behandel word as 'n eenheid, daar word nie net gewerk met die menslike liggaam nie, maar met die totale mens wat as liggaam en siel die tempel is van die inwonende Gees van God.
- Mense se vryheid moet eerbiedig word  
Deel van mense se menswaardigheid is die vryheid om te kan kies; hierin word juis die verantwoordelikheid van mense gegrond. Mense mag nooit tot 'n manipuleerbare objek gedegradeer word nie. Dit gaan om mense en hulle siekte, om hulle en hulle toekoms en daarom het hulle 'n mening te lewer en moet hulleself die beslissing neem en dit as hulle verantwoordelikheid aanvaar.

### 5.2.3.3 Dingemans se teologiese antropologie

Dingemans (1986:69-75) wys ook daarop dat die probleem van 'n teologiese antropologie is juis dat die Bybel “ons geen afgerond mensbeeld geeft”. Daar is wel baie beelde en visies van die mens in die Bybel, maar hulle word bepaal deur die tyd waarbinne die Bybelskrywers geleef en geskryf het. Die christelike antropologie was

gevorm deur 'n kombinasie van Bybelse en eietydse gedagtes, waar eersgenoemde by die ontwikkelaars van die antropologie gedomineer het en waar laasgenoemde onder die latere geslagte posgevat het. Berkhof (1985:188-189) wys daarop dat daar twee elemente teenwoordig is as daar op 'n Bybels-christelike manier oor die mens gepraat word, naamlik (i) die mens as geskapene na die beeld en die gelykenis van God en (ii) die mens as sondaar. Hierdie elemente word op hulle beurt weer hanteer binne die verskillende geloofs-tradisies met elkeen se eiesoortigheid en uniekheid. Dingemans (1986:64-75) bespreek sy antropologie onder die volgende temas:

- Filosofiese antropologie

Dingemans (1986:66) maak die volgende opmerking dat by die mens- en handelingswetenskappe, asook by die homiletiese- en pastoraletorieë, die vertrekpunt bepaal word deur die bepaalde mensebeskouing wat gehandhaaf word. Hy verwys dan ook na opvattinge van die volgende persone: (i) Lamettrie se siening het berus op 'n "causaal-deterministiese verklaring waar mense vergelyk word met 'n hoogs gesofistikeerde rekenaar; (ii) Portmann wat mense vergelyk met intelligente diersoorte en (iii) Gehlen se siening dat mense "een Mängel-wesen" is, nie goed aangepas soos die meeste diersoorte in hulle omgewing nie, maar dat mense hiervoor kan kompenseer, omdat hulle oor die vermoë beskik om te kan leer ("lernwesen").

- Teologiese antropologie

Soos reeds gemeld is die probleem dat die Bybel nie spesifiek 'n volledig afgeronde mensebeskouing vir ons bied nie. Die verskillende sieninge van die mens in die Bybel word bepaal deur die tyd en lewensomstandighede waarin die bybelskrywers hulle bevind het (Dingemans, 1986:69). Die vroeëre christelike antropologie was dus die samestelling van Bybelse- en eietydse idees oor die mens. Berkhof (1985:188-189) se vroeëre opmerking dat wanneer daar oor die mens gepraat word as geskapene en as sondaar is volgens Dingemans (1986:69) te

staties as gevolg van die dubbelsinnigheid, want dit sê net iets oor die menslike natuur of oor die versoening as 'n eenmalige gebeurtenis. Hy pleit vir 'n meer dinamiese benadering wat meer opmerkzaam is vir die veranderinge en die historiese prosesse as die onbeweeglike teologiese uitsprake.

Moltmann (1977) en Pannenberg (1976) probeer 'n antropologie daar stel wat voortdurend in gesprek is met die verskillende menswetenskappe, beide huldig 'n oop mensebeskouing, wat wentel om die relasionele (die mens in verhouding tot ander mense, tot God en tot die natuur), die historiese (die mens verander gedurig) en die verantwoordelike (die mens is vir sy daade verantwoordelik en kan homself verantwoord).

- Die mens in beweging

Dingemans (1986:72-75) beskryf mense as 'n verhoudings-, 'n historiese – en verantwoordelike wesens. Kortliks beteken dit die volgende dat (i) mense as verhoudingswesens, binne verskeie verhoudings leef wat hulle kan beïnvloed en waarop hulle invloed kan uitoefen. Binne hierdie verhouding met hulle omgewing sit daar groei, wat beteken dat mense op weg is en hierdie op weg wees afsluit met die dood; (ii) dat mense as historiese wesens van hulle geboorte af al groeiend opweg is na doel wat God in Sy voorsienigheid vir hulle bepaal het en (iii) dat mense as verantwoordelike wesens in staat is om hulle te verantwoord, self verantwoordelikheid te neem vir hulle daade teenoor hulleself, hulle medemens en God en laastens dat mense kan besluit wat is goed.

Hierdeur probeer Dingemans (1986:75) 'n vertrekpunt daarstel wat teologies verantwoord en wetenskaplik uitgebou kan word tot 'n begrypbare antropologie. Anders as by Heitink huldig Dingemans (1986:74) die mening dat religie geen antropologiese noodwendigheid is nie, maar 'n verhouding. Religie is 'n antwoord op 'n aanbod, wat beteken dat God tot mense spreek deur die historiese religies en hierop moet mense antwoord.

Samevattend kan gesê word in die woorde van Dingemans (1986:75) dat mense beskou kan word as 'n balans tussen uiterstes wat die ewewig tussen mekaar probeer handhaaf, dit wil sê:

- Mense is uniek, hulle beskik oor 'n eie identiteit aan die een kant en leef in verhoudings met die wêreld en met die medemens aan die ander kant;
- Mense is 'n eenheid wat vir hulleself en vir ander herkenbaar is aan die een kant en hulle is tegelyk onaf, op weg, desperaat in gedrag en gedagtes, groeiend en veranderend aan die ander kant;
- Mense is enersyds by hulleself en gelukkig en andersyds van hulleself vervreemd en dikwels ongelukkig;
- Mense is enersyds afhanklik en voel soms magteloos en andersyds voel hulle hulleself in beheer en beïnvloed hulle omgewing;
- Mense is aan die een kant singewers wat sinvol en doeltreffend lewe en aan die ander kant een kapotmaker wat behae vind in vernietiging en vernedering;
- Mense is geneig tot die goeie (de jetzer hattov) en tegelyk geneig tot die kwade (de jetzer hara), (vgl. Cohen Stuart 1984).
- Mense beleef hulleself as 'n eenheid van liggaam, siel en gees, maar tegelyk onderskei hulle hulself deur te dink, te voel, te wil en te doen, en ook besef hulle deeglik dat die bewuste en onbewuste meestal in stryd met mekaar is. Die mens is man of vrou respektiewelik en voel aangetrokke tot die ander geslag.

#### 5.2.3.4 Heitink se basale antropologie

Die klem van die antropologie vir Heitink (1977:84-108) lê in die hulpverlening, elke handeling wat verrig word aan die mens word indirek bepaal deur die verstaan van die mens in antropologiese sin.

Hy trek die volgende lyne ten opsigte die antropologie vir die hulpverlening van die mens:

- Die hele mens

By hulpverlening gaan dit oor die totale mens dit wil sê die mens kan nie opgebreek word in kompartemente van 'n liggaam, 'n siel en 'n gees nie. Heitink (1977:84) bevestig dit as hy skryf dat daar kan nie sprake van 'n taakverdeling soos volg wees nie, dat: die dokter verantwoordelik is vir die liggaam van die mens; die terapeut daar is vir die sielkundige sy van die mens; die pastor verantwoordelikheid neem vir die geestelike sy van die mens en die maatskaplike werker die stoflike sy van die mens aanspreek. Von Krehl soos aangehaal deur Rössler (1962:72) stel dit duidelik, "Krankheiten als solche gibt es nicht, wir kennen nur kranke Menschen". Van Aalderen (1974:9) wys ook daarop dat die wetenskaplike begrippe soos "ziekte" en "menselijke ervaring van ziek-zijn" minder op eie bene staan, en dat daar tans die meer gemeenskaplike benadering is van "patient-centred".

- Die mens in sy wêreld

Mense kan net werklik verstaan word vanuit hulle verhoudings waarbinne hulle leef, dit wil sê hulle omgewing en die wêreld waarvan hulle nie los kan kom nie. Tillich (1956:182-189) werk met die verband tussen die pole van die "self" en van die "wêreld" en stel dit soos volg dat "the self, having a world to which it belongs – this highly dialectical structure – logically and experimentally precedes all other structures". Dit bepaal mense se ervaring, "Man experiences himself as having a world to which it he belongs. Both sides of the polarity are lost if either is lost. The self without the world is empty; the world without a self is dead". Berkhof (1985:191) benadruk ook dat die mens binne sy verhoudings verstaan moet word, "wij zien nu weer heel duidelijk dat de relasies geen aanhangsel van het wezen zijn, maar zelf het wezen van de mens uitmaken".



- Die mens bewus en onbewus  
Met die oog op hierdie studie is dit voldoende om hier te let op dit wat Heitink (1977:96) opmerk dat “de bijbel volop oog heeft voor de diepten van het mens-zijn: de mens in zijn vervreemding, angst en schuld”. Die woorde van Zijlstra soos aangehaal deur Heitink (1977:97) het betrekking, “de basisangsten komen pas werklik tot rust vanuit het geloof in Jezus Christus”.
- Die mens groei en selfverwerkliking  
Elke mens beskik oor sy/haar eie lewensgeskiedenis, wat bepalend is vir sy/haar persoonlike groei en ontwikkeling. Dus in lyn met Heitink (1977:97) se uitgangspunt dat “de gezondheid van een mens hangt samen met zijn mogelijkheden tot ont-plooiing, in lichamelijk, geestelijk en sociaal opzicht in relatie tot zijn naaste omgeving en de hele samenleving”.
- Die mens homo religieus  
Hierdie is belangrik in die opsig dat die mens ‘n behoefte het aan lewensin en lewensvreugde. Die uitgangspunt van Rümke, naamlik: “Ongeloof is een ontwikkelingsstoornis” soos aangehaal deur Heitink (1977:106) verdien aandag. Die fokus op die betekenis van godsdiens in die lewe van die mens, open nuwe moontlikhede vir die pastoraat sowel as ander vorme van ondersteuning en versorging.

### 5.3 Die Bybel en siekte

#### 5.3.1 Terme vir siekte in die Bybel

##### 5.3.1.1 Inleiding

In die Bybel is daar heelwat beskrywings van die konsep siekte in die algemeen. Die destruktiewe invloed op die fisiese en die psige van die mense is ‘n bewys dat siekte ‘n realiteit is. Louw (1994:29) onderstreep dit as hy wys op die volgende, naamlik:

- Job se uitroep van nood in Job 30:27: ‘My ingewande kook sonder ophou; dae van ellende het my teëgekóm’.

- Die gemors? van siekte soos beskryf in Ps.38:6-9, 'Ek is krom, heeltemal geboë; die hele dag gaan ek in die rou; want my lendene is vol ontsteking, en daar is geen heel plek in my vlees nie. Ek is kragteloos en heeltemal verbrysel; ek brul van die gebons van my hart. Here, voor U is al my begeertes, en my gesug is vir U nie verborge nie'.
- Die vrees en angs soos verwoord deur Hiskia in Jes.38:14, 'Soos 'n swaweltjie of kraanvoël, so het ek gepiep; ek het getjir soos 'n duif; my oë het dof gekyk na bo: HERE, ek is benoud, wees U my Borg!'.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat God se betrokkenheid by mense kan 'n rol speel in siekte; die motief daarvan mag wees dat Hy besig is met onderrig, opvoeding, dissipline en waarskuwings (sien ook Louw 1994:29). Siekte in die Ou Testament trek 'n duidelike verband tussen sonde en siekte, dus was dit nie vergesog om siekte in verband te bring met God se toorn en oordeel nie. In die Nuwe Testament word siekte gereken as 'n menslike swakheid waaraan die mens onderworpe is, Brown (1971:994f) wys daarop dat "astheneia" geassosieer is met siekte as 'n fisiese swakheid en algemene hopeloosheid. Die Bybelse siening dat daar 'n verband is tussen (i) siekte en die sondigheid van die mensdom asook (ii) siekte en persoonlike sonde, moet in ag geneem word wanneer daar pastoraal met die mens omgegaan word.

Die enigste plek in die Bybel waar die woord kanker voorkom is in 2 Tim. 2 vers 17, om die betekenis daarvan te verstaan moet vers 17 wat in die middel van 'n sin staan, saam met verse 16 en 18 gelees word, naamlik, "Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid en hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is, wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om". Kommentare is dit eens dat die woord "γαγγραινα" wat gebruik word vir kanker se doel is om te vernietig. Ridderbos (1967:211) bevestig dit as hy skryf " ... met de kanker, die, wanneer hij zich eenmaal in het

lichaam heeft genesteld, steeds verder om zich heen grijpt en noodlottige uitwerking heeft op heel het organisme”, so ook die verklaring van Louw & Nida (1988:272) dat “γαγγραινα” is “a disease involving severe inflammation and possibly a cancerous spread of ulcers which eat away the flesh and bones”. Vervolgens sal daar ’n kort bespreking wees van die terme wat saam met “γαγγραινα” deur Louw & Nida (1988) binne die semantiese veld van siekte gegroepeer word.

### 5.3.1.2 Siekte in die Bybel

Die vorige opmerking van Louw in sy boek *Illness as crisis and challenge*, dat daar dikwels gesê word “coping with illness is an art” het meriete word hier herhaal (vgl. Aggebo, 1959; Cabot & Dicks, 1959; Mauder, 1973 en Overduin, 1973). Siekte ontwig en skud die fundamente van die mens. Louw & Nida (1988:270-274) hanteer siekte binne die semantiese veld wat bespreek word onder die opskrif “Sickness, Disease, Weakness”. Die volgende terme word kortliks genoem en bespreek teen die agtergrond van Louw & Nida (1988:270) se opmerking van “Often the context provides a clue, but in some instances this is not possible, in which case it is important to try to employ a term for sickness or illness which will be most generalized”:

- **Κάμνω**

Betekenis: “to be ill, with a possible implication of being worn-out, to tire or wasting away” (Louw & Nida, 1988:270). Siekte word in hierdie konteks vertaal met die woordjie krank, wat volgens die HAT (Odendal, 2005:624) siek of ongesteld kan beteken. Jak. 5:15, “En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word”.

- **ἀσθενέω**

Betekenis: “to be sick and as a result in a state of weakness and incapacity” (Louw & Nida, 1988:270). In hierdie konteks word daar na siekte net verwys na die sieke, wat volgens die HAT (Odendal, 2005:684) beteken iemand wat ly. Luk. 4:40, “En toe die son ondergaan, het almal hulle siekes, mense met

allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het een vir een van hulle die hande opgelê en hulle gesond gemaak”.

- **Διαφθείρω**

Betekenis: “to become gradually incapacitated – to loose one’s strength” (Louw & Nida, 1988:270). In hierdie konteks word daar na siekte verwys as die proses van aftakeling, wat volgens die HAT (Odendal, 2005:37) beteken om swak te word of agteruitgang. 2 Kor. 4:16, “Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe”.

- **κακῶς**

Betekenis: “to be in bad state, to be ill” (Louw & Nida, 1988:270). In hierdie konteks word na siekte verwys as ongesteldheid, wat volgens die HAT (Odendal, 2005:791) beteken om effens siekerig te wees. Matt.9:12, “Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is”.

- **ἐσχάτως ἔχω**

Betekenis: “to be very sick, with the implication of imminent death” (Louw & Nida, 1988:270). In hierdie konteks word na siekte verwys as die uiterste, wat volgens die HAT (Odendal, 2005:1218) beteken die laaste en die uiteindelijke einde. Mark.5:23 “en smee Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe”.

- **Μάστιξ**

Betekenis: “state of disease often implying divine punishment” (Louw & Nida, 1988:271). In hierdie konteks word na siekte verwys as kwaal as gevolg van Goddelike straf wat verwarrend kan wees, volgens die HAT (Odendal, 2005:640) beteken kwaal ’n siekte wat telkens kan terugkeer. Mark.3:10, “Want Hy het baie gesond gemaak, sodat almal wat vol kwale was, op Hom toegeloop het om Hom aan te raak”.

- **λέπρα**

Betekenis: “dreaded condition of the skin, leprosy, infections, resulting in a person’s being regarded as ceremonially unclean and thus excluded from normal relations with other people” (Louw & Nida, 1988:272). In hierdie konteks word na siekte verwys as melaatsheid, volgens die HAT (Odendal, 2005:707) beteken melaatsheid ’n besmetlike bakteriese siekte wat die vel, senuwees en slymvlies wegvreet. Luk.5:12, “En terwyl Hy in een van die stede was, kom daar ’n man vol van melaatsheid; en toe hy Jesus sien, val hy op sy aangesig en smeek Hom en sê: Here, as U wil, kan U my reinig”.

- **Γάγγραινα** (Reeds genoem in punt 5.3.1.1)

Betekenis: “a disease involving severe inflammation and possibly a cancerous spread of ulcers which eat away the flesh and bones” (Louw & Nida, 1988:272). In hierdie konteks word na siekte verwys as kanker, volgens die HAT (Odendal, 2005:522) beteken kanker, ’n kwaadaardige woekergeswel, siekte wat met ’n geswel gepaard gaan en ’n voortwoekerende kwaad op liggaamlike, stoflike, sedelike of maatskaplike gebied. 2 Tim. 2:17, “en hulle woord sal voortwoeker soos ’n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is”.

- **ῥήγνυμι**

Betekenis: “to cause to fall to the ground in convulsions, to throw down in convulsions, to throw into a fit” (Louw & Nida, 1988:272). In hierdie konteks word na siekte verwys as ’n onbeersde mag wat oor ’n mens kom en die mens onbeheers kan rondgooi of rondslinger om hom of haar te beseer, volgens die HAT (Odendal, 2005:779) beteken onbeheersde om nie in bedwang te kan hou nie. Luk.9:42, “En toe hy nog aankom, skeur die duiwel hom en laat hom stuiptrekkings kry. Maar Jesus het die onreine gees bestraf en die seun genees en hom aan sy vader teruggegee”.

### 5.3.1.3 Gevolgtrekking

Die verskillende betekenis van siekte in die Bybel help om die volgende behoeftes van die mens wat siek is te identifiseer, naamlik:

- Daar is 'n versteuring in die gesondheid van die mens, Overduin (1973:22) praat van die oorrumpelende vyand en Van den Berg (1952:12) van 'n halt.
- Daar is 'n emosionele versteuring – agteruitgang van die geestelike ingesteldheid, Barth (1951:417) praat van siekte as 'n teken van chaos.
- Daar is 'n fisiese versteuring – agteruitgang van die liggaam.
- Daar is 'n vrees vir die ergste – die dood, Tournier praat van siekte as 'n erkenning van die naderende dood.
- Daar is onsekerheid in die gemoed van die mens – die kwaal of siekte kan terugkeer.
- Daar is 'n stigma – kan ander mense aansteek.
- Siekte is aanhoudend – dit woeker voort.
- Siekte is soos 'n onbeheerste mag – dit kan die lewe van die mens verwoes.

### 5.3.2 Die reaksies teenoor siekte in die Bybel

#### 5.3.2.1 Inleiding

Dit is belangrik om te onderskei tussen “sickness” en “illness”. Louw (1994:2) se verduideliking is aanvaarbaar en klink soos volg: (i) “Sickness, implies the state of being and involves a more comprehensive understanding of a person’s existential reactions and coping skills according to medical pathology”; (ii) “Illness, on the other hand, focuses more on the experiential level of feelings, reactions and emotions connected to a specific disease”.

#### 5.3.2.2 Reaksie in Bybel

Die onderskeid wat tussen die woorde “sickness” en “illness” aangetoon word, is belangrik omdat dit in 'n mate die reaksie van die mens daarop kan antisipeer. Die reaksie soos in die teksvers omskryf op siekte in punt 5.3.1.2 (Louw & Nida, 1988:270-274) word hier genoem en kortliks bespreek soos van toepassing:

- **εὐχή (Κάμνω – krank)**  
Reaksie: “to pray, to speak to God, to ask God for ..” In die konteks van krank is die reaksie gebed (Louw & Nida, 1988:409).
- **ἄγω (ἀσθενέω - liding)**  
Reaksie: “to direct or guide the movement of an object”. Interessant dat in die konteks van liding word die Heilige Gees gesien as ’n agent van God in die bring en leiding van mense na God. In die konteks van liding is die reaksie om so iemand te bring na God (Louw & Nida, 1988:203).
- **ἀνακαινῶ (Διαφθείρω – swak wees, agteruitgang)**  
Reaksie: “a change to a previous, preferable state – to bring back”. In die konteks van swak wees is die reaksie om te herstel na die vorige goeie omstandighede (Louw & Nida, 1988:157).
- **ἰατρός (κακῶς – effens siekerig)**  
Reaksie: “one who causes someone to be healed”. In die konteks van siekerig wees is die reaksie om uit te kom by die een wat genees (Louw & Nida, 1988:269).
- **παρακαλέω (ἐσχάτως ἔχω – uiterste, einde)**  
Reaksie: “to ask for something earnestly and with propriety”. In die konteks van uiterste en einde is die reaksie baie ernstig amper desperaat (Louw & Nida, 1988:408)..
- **ἄπτομαι (Μάστιξ – kwale)**  
Reaksie: “to touch”. In die konteks van kwale is die reaksie om een of ander manier net aan die persoon wat genees te raak (Louw & Nida, 1988:285).
- **Δέομαι (Λέπτρα – melaatsheid)**  
Reaksie: “to ask with urgency, with the implication of presumed need”. In die konteks van melaatsheid is die reaksie gryp die kans nou, daar is ’n dringendheid (Louw & Nida, 1988:408).

- **περιίσταμαι (Γάγγραινα – kanker)**  
Reaksie: "to keep oneself away from being involved in some activity". In die konteks van kanker is die reaksie vermy en bly weg van dit wat kan besoedel (Louw & Nida, 1988:166).
- **ἐπιτιμάω (ρήγνυμι – onbeheersde mag)**  
Reaksie: "to express strong disapproval of someone". In die konteks van 'n onbeheerste mag is die reaksie 'n sterk afkeur van hierdie mag (Louw & Nida, 1988:436).

### 5.3.2.3 Gevolgtrekkings

Die reaksies in die verskillende tekste bied 'n blik op hoe die mense in die Bybelse tye op die siekte van familie en vriende reageer het, naamlik:

- Gebed
- Mense op te dra aan God
- Mense te bring na die Een wat kan genees
- Die familie en vriende wend desperate pogings aan om die siek persoon te help.
- Die nou raak belangrik vir die siek persoon, die nou geleentheid moet aangegryp word.
- Die beste manier om siekte te beveg is om weg te bly van dit wat kan besmet of besoedel.
- God is die Een wat die onbeheerste mag kan stuit.

## 5.4 Die konseptualisering van siekte

### 5.4.1 Inleiding

Siekte ontwig, want dit versteur die daaglikse gang van die mens se lewe, by name die roetine, die ordelikheid, die gewoontes asook die sekuriteit. Daarom is dit nie ongewoon dat siekte 'n krisis veroorsaak in die lewe van die mens nie (Louw, 2008:22). 'n Krisis ontstaan wanneer die mens se bekende bronne om die vreemdheid en andersheid van 'n bepaalde siekte te hanteer; faal. Dit is tydens hierdie gevoel van ontoereikendheid by die mens dat angs, onsekerheid, alleenheid en wanhoop oorneem (vgl. Clinebell, 1966:157; Stone, 1976:11; Morrice, 1980:32). Siekte en gesondheid is soos 'n Siamese tweeling, dit is onmoontlik om die twee begrippe te skei, want beide



gesondheid en siekte is dinamiese begrippe in die ontwikkeling van persoonlike reaksies, menslike ontwikkeling en psigologiese groei en loop regdeur die stadia van die lewe. Siekte en gesondheid is nie twee geskeide en onafhanklike entiteite nie, dit wil sê siekte is nie die negatiewe kant van gesondheid nie en vice versa waar gesondheid weer nie die antitese of bloot die konstruktiewe komponent van siekte is nie (Louw, 2008:23).

#### 5.4.2 Siekte en gesondheid binne die spiraal-model

Die betekenis van die begrippe siekte en gesondheid word beter gefasiliteer deur die spiraal- model as sirkulêre model. Pilch (2000:27-29) wys daarop dat by die spirale-model is daar vyf elemente wat in 'n gestruktureerde sisteem funksioneer, hierdie vyf elemente definieer die dinamika tussen gesondheid en siekte. Die vyf elemente is:

- Die kulturele hiërargie van gesondheidswaardes;
- Die ervaring van siekte, die kultuur bepaal die reaksie teenoor siekte en die betekenis van siekte;
- Die kognitiewe respons, die ordening van siekte volgens etikettering, klassifisering en verduideliking;
- Genesingspraktyke en genesingshandelinge tydens die proses en
- Moontlike uitkomst, bestuur van die behandeling en mislukking, die terugkeer van kroniese siektes, permanente ongeskiktheid en die dood.

Die spirale-model is 'n dinamiese ontwikkelende model wat refleksief, sirkuleer en spiraalvormig beweeg. Dit spirale-model bring 'n kwalitatiewe benadering na vore, wat beteken dat die interaksie tussen gesondheid en siekte word bepaal deur die volgende: (i) leefstyl, (ii) responsiewe gedrag, (iii) gehalte van volwassenheid, (iv) die potensiaal om te groei, (v) te leer en aan te pas (Louw, 2008:23). In die spirale-model val die klem op die pasiënt, iewers speel die pasiënt se persoonlike identiteit, groeipotensiaal en geloofspotensiaal 'n belangrike rol. Hierdie model openbaar iets van dinamika van menswees. Die mens kan nie siekte verhoed nie, maar hy kan beslis sy houding en ingesteldheid jeens siekte beheer. Flynn (1980:28-29) se opmerking bevestig dat "we are capable of suffering, but we also have the capacity to learn from experience. When learning is present the experience of

illness can be leading to personal growth and greater self-actualisation". Hierdeur bied die siekte-gesondheid spiraal die geleentheid vir groei en 'n verdieping van die kwaliteit van menslike lewe. Flynn (1980:28-31) beskryf die spiraal in drie fases, naamlik: (i) Akute fase - tydens hierdie fase beleef die pasiënt siekte as die vyand en indringer; (ii) Verstaansfase - tydens hierdie fase vra die pasiënt vrae in 'n poging om kennis en insig in te win met die oog op die hantering van die siekte en (iii) Betekenisfase - tydens hierdie fase reflekteer die pasiënt die volgende, naamlik oor die betekenis van die lewe, waardes en verhoudings. Louw (2008:25) som dit goed op as hy skryf dat geloofsoortuigings, norme en waardes 'n belangrike rol speel binne die dinamiek van siekte en gesondheid in die spiraal-model.

#### 5.4.3 Siekte binne tyd en ruimte

##### 5.4.3.1 Oordrewe klem op gesond lewe

Louw (1994:8) se skrywe van "Health is often regarded as one's normal and natural state" skep nie probleme nie, maar die volgende opmerking dat "Illness then becomes abnormal and unnatural" skep ernstige probleme. Dit gaan soms oor die manier waarop navorsers verwys na gesondheid, byvoorbeeld die stelling dat "health as a state of not being ill" impliseer dat gesondheid dan die norm is (Louw, 1994:8). Die gevaar is dat na gesond wees slegs verwys word as die afwesigheid van siek wees, want gesond wees is meer as die afwesigheid van 'n fisiese of sielkundige kwaal. Die Wêreld Gesondheid Organisasie definieer gesond wees as "a state of perfect physical, psychological and social well-being" (vgl. Heim, 1980:12).

Louw (1994:9-10) noem sewe perspektiewe waarvolgens gesond wees beskryf kan word, naamlik:

- Psigoanalities ("Psycho-analytical")

Die psigoanalitiese siening onder die invloed van Freud het gesondheid beskryf as 'n balans tussen die krag van die Id en die persoonlike krag van die Ego. Gesond wees word dan verstaan as 'n toestand van geen konflik nie. Die realiteit toon wel dat 'n mate van konflik nodig is vir die normale funksionering van die mens.

- Eksistensiële (“Existential”) Schoeps (1966:296) is van mening dat navorsing in die veld van neuroses waardevolle inligting bied vir die aard van gesond wees. Volgens hom kan neuroses ontstaan as gevolg van angstigheids en die onvermoë van die mens om aan te pas in die lewe. Dus word gesond wees vertolk as die vermoë om aan te pas by die omstandighede van die lewe.
- Funksioneel (“Functional”) Binne die tegnologiese omgewing waarbinne die mens homself bevind, het gesond wees sinoniem geraak met produktiwiteit, prestasie en die kapasiteit van funksionering as mens. Fuehrer (1960:20) wys daarop dat gesond wees binne hierdie tegnologiese eeu die klem laat val op funksionaliteit en produktiwiteit.
- Psigososiaal (“Sociological”) Hier het gesond wees die betekenis van die vermoë om sosiologies aan te pas in die sosiale rol en verantwoordelikhede binne die samelewing. Die samelewing bepaal dus die norme en gedragspatrone; in die lig hiervan beteken gesond wees dan dat die mens oor die kapasiteit beskik om te funksioneer soos voorgeskryf deur die verwagte sosiale rol.
- Natuur-wetenskaplik (“Natural scientific”) Gesond wees kan ook beskryf word as ’n wetenskaplike kwessie, dit wil sê gesond wees beteken dat die fisiologiese- en biologiese prosesse optimaal funksioneer. Dus beteken gesond wees die effektiewe funksionering van die biochemiese en organiese prosesse.
- Medies (“Medical”) Die gonswoord vandag onder medici is ’n beter mediese gesondheidsorg vir die totale mens. Gesond wees sluit meer in as bloot die biologiese of fisiologiese prosesse, want die mediese gesondheidsorg strek verder as hierdie prosesse en sluit die totale mens in. Die opmerking van Sporken (1977:40) omskryf dit goed dat die mens gesond is wanneer hy oor die

potensiaal beskik om onbeperk fisies en psigososiaal te kan groei tot selfverwesenliking tussen die mense om hom. Dat die behepthed met “ being young, healthy and beautiful” enige persoon wat gekonfronteer word met die skielike verlies van hierdie kwaliteite as gevolg van kanker, soos ‘n nikswerd persoon laat voel.

- Religieus-eties (“Religious-ethical”)

Die moontlikheid bestaan ook om gesond wees religieus-eties te omskryf, wat beteken dat die pastor gesond wees vertolk as meer as die blote liggaamlike funksies. Pastoraal gesproke is die mens gesond as sy geloof hom in staat stel om sin en betekenis te ervaar in die lewe hier en nou (Louw, 1994:10). Dat kanker die “bogey-man disease” is, dit is die verpersoonliking van pyn, lyding en dood. Daar kan niks positiefs hier uit kom nie, en dat die sekularisasie van die samelewing, waar ‘n groot persentasie van die bevolking geen godsdienstige affiliasie het, enige geestelike en pastorale refleksie daaroor in hierdie lewe onmoontlik, so “The only thing he or she can do is scream ‘why?’”.

#### 5.4.3.2 Siekte as krisis

Die feit dat siekte ‘n krisis by mense veroorsaak beteken nie noodwendig dat alle siektes krisisse is nie. Die ontstaan van ‘n krisis word deur heelwat elemente beïnvloed soos die volgende “the predisposition, attitude towards life and degree of maturity of the patient, as well as the nature of the affliction” (Louw, 2008:22). In ‘n poging om uiteindelik by so ‘n breër visie van krisisberaad uit te kom, word vervolgens aandag geskenk aan die definiëring van ‘n krisis deur verskillende navorsers:

- Daniël Louw

“A crisis inevitably arises when our potential to cope and the familiar resources at our disposal fail to overcome the foreignness or unfamiliarity of events, when this happens we

feel handicapped and overwhelmed by something stronger than ourselves" (2008:22).

- Clinebell; Stone en Morrice

"In a severe crisis the feeling of inadequacy leads to an experience of anxiety, insecurity, loneliness and despondency" (Clinebell, 1966:157; Stone, 1976:11; Morrice, 1980:32) .

- R.H. Moos

Mense los gewoonlik hul probleme op volgens 'n konstante patroon en in balans met hulle omgewing, hulle gewoontes, sekere bestaande meganismes en reaksies. Indien hierdie prosedure sou faal dan lei dit tot spanning, angs, vrees, skuld en disorganisasie, en dan het 'n mens met 'n krisis te doen. "Thus a crisis is essentially a disturbance of the equilibrium, an upset in a steady state," (1976: 13).

- L.A. Hoff

"Crisis refers to an acute emotional upset arising from situational, developmental or social sources and resulting in a temporary inability to cope by means of one's usual problem-solving devices," (1989:4). Ietwat anders geformuleer, klink hierdie selfde definisie soos volg:

"A crisis is an acute emotional upset affecting one's ability to cope emotionally, cognitively, or behaviourally and to solve problems by usual devices," (1989:48). "A person can also go into crisis because of a threat of loss of anything considered essential and important," (1989:55).

- R. Hill

Ten opsigte van families definieer Hill 'n krisis soos volg: "Those situations which create a sense of sharp insecurity or which block the usual patterns of action and call for new ones," (1949:9). "Phrased in situational terms a crisis is a situation in which the usual behaviour patterns are found to be unrewarding and new ones are called for immediately," (1949:51) .

- D.K. Switzer

"There are a number of physical, psychosocial, and sociocultural needs (and supplies) that contribute to the fundamental ego integrity of a person ... the sudden shutting off of one or more of these supplies cues off a perception of threat to one's basic integrity as a person. This is a crisis, which produces a series of adaptational struggles in order to preserve one's identity," (1980:46).

Siekte kan volgens Switzer so 'n krisis veroorsaak. Die lewe is 'n voortdurende reeks nuwe ervarings en alles hang af hoe 'n persoon hierby kan aanpas. Vorige ervarings gee steeds beter toerusting, alhoewel, wanneer 'n nuwe situasie so ingrypend is dat die bestaande toe-rusting onvoldoende is, dan lei dit gewoonlik tot 'n krisis (1980:51).

- Anton Boisen

"Crisis is characterized by anxiety, self-blame, and frequently a sense of personal failure and guilt, which lead to a constricted perspective on accumulating problems. There is the combination of tremendous emotional impact along with a diminishing ability to see the problems clearly and deal with them," (soos aangehaal deur Switzer (1980:42).

- J. T. De Jongh Van Arkel

'n Krisis is 'n persoon se normale reaksie op 'n emosioneel bedreigende omstandigheid (1986:40). 'n Krisis is 'n enkeling of groep se interne reaksie van onvermoë om 'n toestand van stres of bedreiging te hanteer (1986:50).

- H. Stone .

"Crisis is the term for an individual's internal reaction to an external hazard. Involved is a temporary loss of coping abilities, the tacit assumption being that the emotional dysfunction is reversible. The person in crisis is not necessarily mentally ill. He or she is simply responding emotionally to a hazardous circumstance, and if the person effectively copes with the threat, a return to prior levels of functioning will result," (1976:5).

- G.F. Jacobson

"The disrupted area in a person's functioning is sufficiently large compared to his overall functioning that the individual finds

himself at a major turning point. He must perforce find some new ways of coping," (1970:25).

- W.E. Morley

"Crisis is confined to an internal process. The crisis is the person's internal reaction to the external hazard. A crisis is typically relatively brief, and under usual circumstances is resolved in four to six weeks," (1980:16).

- G. Heitink

"Een persoonlijke crisis ontstaat wanneer iets nieuws in beeld komt, met dien verstande dat de vooraf gegeven situatie niet zonder meer kan worden voortgezet. Het nieuwe element kan door de persoon in kwestie worden beschouwd als slecht of goed, en het kan primair van buiten af of van binnen uit komen ... Een crisis maakt altijd een zekere verandering noodzakelijk. Er moet iets van het voorafgaande levenspatroon worden afgesneden. Dit betekent dat er verschuivingen moeten plaatsvinden in de psychodynamiek, de innerlijke krachts-verhoudingen, en de sociodynamiek, de verhouding tot mensen en instituties... Elke crisis heeft iets in zich van een afscheid en daarmee van de dood... doodgaan en sterven zijn niet gereserveerd voor het einde van het leven... Leven is in communicatie treden met de ander. Een crisis is een verstoring van die communicatie, met zichzelf (het eigen sterven), met die medemens (rouw), of met God (geloofskrisis)," (1984:198-199).

- C. V. Gerkin

"A crisis situation is, for modern persons, an extreme or boundary situation in which the fundamental contradiction between human aspirations and finite possibilities becomes visible in such a way as to demand attention... By 'crisis event' we mean almost any occurrence in the course of human life that triggers or initiates a set of dynamic forces and processes within and around an individual, family or community that, taken together, make for crisis" (1979:32,41).

#### 5.4.3.3 Siekte as groei-geleentheid

Die probleem is die manier waarop daar gepraat word as dit gaan oor siekte en gesondheid, die voor die hand liggende neiging is om die twee van mekaar te skei, dit wil sê om siekte te beskryf as negatief en die afwesigheid van gesondheid aan die eenkant en aan die anderkant

om gesondheid te beskryf as positief en die afwesigheid van siekte. Die beter beskouing is om siekte en gesondheid te verstaan as dinamiese en spanningsvolle proses, waar die twee met mekaar in interaksie is. Ek stem saam met Louw (1994:3) wat hierdie twee entiteite binne die spirale model plaas wat die “dynamic comprehension of man” stimuleer. Dit beteken dat die mens soms nie kan verhinder dat siekte ’n impak maak op sy/haar bestaan nie, maar dat hulle wel hulle houding en siening oor siekte kan verander.

#### 5.4.3.4 Siekte as probleem vir die mens

Engelke (1980:120) maak die ontdekking in sy empiriese navorsing dat siekte, “firstly affects one’s immediate needs .. and that people’s problems in illness are the following, in order of immediacy and urgency”:

- “Problems related to immediate pain and physical disorders;
- Problems concerning the family;
- Problems concerning our profession and financial position;
- Worries about the future and meaning of life”

Uit bogenoemde wys Engelke (1980:58f) daarop dat die hier-en-nou belangriker is as die vrae oor die lewe en die dood, die fisiese behoefte en die behoefte aan materiele sekuriteit is dominant!

#### 5.4.3.5 Siekte as konflik

Siekte bring konflik op vele terreine; eerstens is daar die fisiese konflik wat kan beteken dat die geaffekteerde liggaamsdeel die liggaam as ’n geheel kan bedreig en kan beperk in die funksionering; tweedens is daar die innerlik konflik wat kan veroorsaak dat die persoon onseker en verward kan raak oor sy of haar plek en funksie in die samelewing; derdens is daar die konflik met die omgewing dit wil sê die bekende omgewing van menswees en leef word vervang met die onbekende van die kamer en die siekbed en laastens is daar die geestelike konflik waar die vastighede (God is in beheer) van die verlede bevraagteken



word deur vroe oor God se beskikking en almag. As dit die effek van siekte is in die algemeen, hoeveel te meer is dit deel van die mens wat met kanker saamleef in hierdie dae.

#### 5.4.3.6 Siekte as eksistensiële krisis

Die feit dat siekte konflik bring oor die mens se fisiese-, persoonlike-, publieke- en geestelike omstandighede, veroorsaak dat siekte eintlik 'n eksistensiële krisis skep, wat die mens in sy basiese en wese affekteer. Köberle (1970:102-103) skryf hieroor soos volg, naamlik:

- Dit beïnvloed die mens se begeerte om te leef.  
Die mens het 'n drang vir die lewe en gesondheid en die sin vir die lewe lê in die mens se vitaliteit, aktiwiteit en betrokkenheid. Hierdie dinge bring harmonie en vrede in die mens se lewe, totdat dit versteur word, Louw (1994:37) som dit goed op as hy skryf “man was created to live and not to die”. Barth (1951:425) se standpunt is baie ondersteunend in die opsig dat hy daarop wys dat die mens die roeping het om siekte te beveg, want dit stimuleer die voorreg van menswees en gehoorsaamheid aan God. Louw (1994:43) skryf in die verband, “The fight and resistance is not absolute, but also presumes patience and acceptance, because illness has a concealed quality”.
- Dit bevraagteken die sin en betekenis van menswees.  
Die mens wil sy merk maak in hierdie lewe, om dit te vermag moet die mens in beheer wees, daarom is veiligheid en sekerheid die konstante faktore wat nagejaag moet word, indien nodig moet dit geskep word deur die mens self. Die uiterstes wat deur die Prediker (Pred.3:2-8) daar gestel is, bestaan wel in die verwysingsraamwerk van die mens, maar word geensins ernstig opgeneem nie, tot op die dag wanneer siekte aan die deur van sy of haar lewe kom klop. Dan skielik besef die mens met skok en afgryse dat hy of sy sterflik en

verganklik is. Siekte veroorsaak hierdie skok en afgryse (sien ook Faber, 1968:26). Volgens Louw (1994:38) is siekte 'n komplekse fenomeen en kan verskillende vorme aanneem, soos byvoorbeeld:

“loneliness, the unknown, loss of social security, loss of own embodiment and freedom of movement, disintegration of one’s own identity and self-control, regression and more profoundly, the fear of death”,

wat die mens se totale bestaan in chaos kan dompel.

- Dit bring die mens tot stilstand.

Siekte besit die vermoë om die mens tot stilstand te dwing, want dit bedreig die totale sin van menswees. Dit is wanneer die mens siek is dat hy of sy begin vrae vra oor die sin en betekenis van die lewe. Siekte ontbloot en konfronteer die mens met sy eie diepste oortuigings en die twee vlakke waar hierdie konfrontasie uitspeel is die fisiese en geestelike. Dit is hier waar die mens ontdek dat die liggaam bros en breekbaar is, asook dat die gees van die mens kwesbaar is.

Die uitwerking van bogenoemde op die mens se eksistensie bring dit juis onder die aandag van die praktiese teologie dat die mens wat siek is, spesiale aandag verg. Louw (1994:40) wys juis daarop dat die spesiale aandag en omgee die mens wat siek is moet help om weer (i) funksioneel in die arbeidsmark te raak, (ii) ingeskakel te bly in sy of haar omgewing en (iii) liggaamlik optimaal te funksioneer.

#### 5.4.3.7 Die dilemma van siekte

Die kompleksiteit van siekte bly vir die mens 'n netelige saak as gevolg van die probleme, konflik, spanning en angs wat dit veroorsaak in die lewe van mense. Volgens Louw (1994:40-44) skep siekte die volgende dilemmas vir die mens:

- Die dilemma van funksionaliteit:

Die dilemma lê daarin dat die mens wat siek is, dit beleef asof hy of sy hulle plek en funksie in die samelewing verloor het.

- Die dilemma van isolasie:

Bladsy 273 van 480

Die bestaande verhoudings waarbinne die mens wat siek is, hom of haar bevind raak problematies as gevolg van 'n tsunami van emosies soos eensaamheid, isolasie, verwarring, beperkte ruimte en onsekerheid.

- Die dilemma van pyn:

Volgens Louw is pyn “an unpleasant experience for the patient” en volgens Cabot & Dicks (1959:89) “engulfs and absorbs pain the entire person”. In die woorde van Louw (1994:40) “Eventually the sick person becomes one with pain. He does not only feel the pain: his whole being is pain”. Degenaar (1982:47) is meer filosofies as hy oor pyn reflekteer, hy argumenteer dat pyn beskryf kan word in terme van “... physiology, consciousness and personhood; furthermore that pain can be described in neurological, psychological and philosophical terms”. Samevattend kan gesê word dat pyn veroorsaak in die lewe van die mens disharmonie in die gevoel van identiteit, in interpersoonlike verhoudings, sosiale infrastruktuur en in die beleving van sin en betekenis.

- Die dilemma van lyding:

Die omskrywing van Louw (1994:42) illustreer iets van hierdie dilemma as hy skryf, “Illness causes suffering, which is actually a qualitative term and an indication of the quality, attitude and disposition of one’s coping mechanisms for carrying and enduring the problems of pain and injury”.

- Die dilemma van marteling en bekommernis:

Marteling en bekommernis is die reismaats van siekte, want die mens wat siek is, soek onmiddellike antwoorde op die volgende vrae, naamlik: (i) Hoe lank gaan die siekte my kniehalter? (ii) Hoe lyk die prognose van my ongesteldheid? (iii) Hoe gaan my siekte my mense raak?

- Die godsdienstige dilemma:

Die dilemma word ontketen as daar 'n gelyk aan teken geplaas word tussen siekte en die oordeel / straf van God, dit wil sê die mens sien siekte as straf van God omdat hy of sy iets verkeerd gedoen het. Doebert (1974:51) praat van 'n teologiese probleem wat sigbaar word as angs die geloof verdryf, isolasie die liefde negeer, verwardheid die hoop afbreek en die slagoffer mentaliteit die vreugde laat verdwyn.

Louw (1994:44) wys daarop dat siekte drie aspekte van ons menswees bedreig, naamlik: die wil om te lewe, die behoefte aan veiligheid en sekuriteit en die soeke na vrede en versoening en dat dit in ag geneem moet word wanneer die prediking as prakties-homiletiese strategie in die begeleiding van mense wat kanker saamleef ontgin word.

## 5.5 Die fenomeen kanker

### 5.5.1 Inleiding

Kanker, die woord wat ontstig en dinge omver gooi in die lewe van die mens. Hoe word daar na die mens verwys wat met hierdie fenomeen gekonfronteer word? Is dit eerstens die mens geaffekteer deur kanker?, of tweedens die mens as slagoffer van kanker? of derdens die mens wat met kanker saamleef? Die vraag bly wel watter een van hierdie beskrywings veroorsaak die minste ongemak. Die vraag opsigself is 'n bewys dat dit nie so 'n maklike keuse is om in die daaglikse omgang met mense oor kanker te praat nie. Dus die vraag bly: 'Is dit moontlik om oor iets te praat wat mense tot in hulle fundamente skud en broos laat'? Die opmerking op die webblad van "Fred Hutchinson van die "Cancer Research Centre" reflekteer iets van hierdie gevoel, naamlik: "Living with cancer is an experience that can effects every aspect of your life. Not only is your body affected, but also your mind and your spirit. You may experience many emotional reactions to all of these changes"<sup>39</sup>

---

<sup>39</sup> (<http://www.fhcrc.org/en/treatment/survivorship.html> - besoek op 18/11/2014).

Lynn Eib verwoord iets van hierdie ongemaklikheid as sy skryf:

“I hate the term cancer victim. It somehow implies cancer is the victor. It wins, we lose. That has not been my experience with cancer patients. While we can do little to choose whether we get cancer, we can do a lot to choose whether we are its victims. I don't just mean whether we live or die. I mean how cancer affects us in the deepest parts of who we are. I believe cancer cannot conquer our spirit unless we choose to become victims” (Kindle Locations 2002:69-72).

Kanker is volgens Louw (1994) en Dawson (1978) die mees gevreesde siekte by mense. Die redes daarvoor is legio, maar myns insiens speel die manier waarop in die media met die siekte ‘kanker’ omgegaan word, ‘n besliste rol. Daagliks moet ons in die gedrukte media lees van mense wat hulle stryd teen kanker verloor het. Die nie-verbale boodskap is dat as jy met kanker paaie kruis, gaan jy beslis die stryd verloor.

Albert Alberts (2012:VI) skryf in die voorwoord van sy boek *Kennis klop kanker* die volgende: “Jy kan ‘n keuse uitoefen hoe jy die kanker gaan hanteer. Die mag bly van die begin af in jou hande. Jy kan dus nie die ‘stryd teen kanker verloor nie”. Die woorde van Lynn Eib:

“Suddenly I was thrown into another world, a world I scarcely knew existed, the world of cancer, and I desperately needed some hope and encouragement. Don't get me wrong; many people tried to give me hope and encouragement. They said things like, ‘You'll get through this,’ or ‘It'll be okay’. But I wanted to scream back at them, ‘How do you know? You've never been through this’” (Kindle Locations 2002:41-42),

bevestig die kompleksiteit van kanker by mense.

Die keuse vir hierdie studie is om te praat van die mens wat met kanker saamleef; die rede omdat kanker nie die laaste sê in die lewe van die mens het nie, maar dat dit wel ‘n invloed uitoefen op die wyse waarop die mens sy of haar lewe gaan leef. In die verlede was daar geweldig klem gelê op die siekte kanker en die behandeling daarvan, die pasiënt was bysaak. Die curriculum vir die opleiding van professionele en gespesialiseerde gesondheidsorg was in die verlede meer gefokus op die diagnosering, voorkoming en behandeling van siektes. Dit is slegs onlangs dat daar in die curriculum vir die opleiding van professionele en gespesialiseerde gesondheidsorg voorsiening gemaak word om die mens wat siek is beter te verstaan: hiermee het die insigte uit “... the social, human and behavioural sciences” (Ross & Deverell, 2010:4) ‘n betekenisvolle rol gespeel. Hierdie

klemverskuiwing van 'n siekte georiënteerde fokus na en 'n meer mensgeoriënteerde fokus is 'n wins en was onafwendbaar, want “the factors that have created the need for this changed perspective have been certain major shifts that have occurred in society in relation to health and disease” (Gilbert, Selikow, & Walker, 2002:3).

Hierdie studie fokus op die mens wat met kanker saamleef, asook die ondersteuningsgroep van die betrokke persoon. Die mens mag nooit ten koste van 'n bepaalde siektetoestand geoffer word nie. Die mens leef in 'n wêreld waar wrede en onmenslike dinge oor hom of haar kan kom met verwoestende gevolge, soos onder andere kanker. Dit is juis die betoog van hierdie studie, dat deur die prediking as prakties-homiletiese strategie die mense wat met kanker saamleef, kan begelei en bemagtig om die druk wat kanker as die gevreesde siekte openbaar, te verlig. Louw (1994:115) wys juis op hierdie leemte en behoefte as hy dit krities soos volg opsom:

“Fear of talking about cancer causes a strain on frankness in relations with such a patient. Our society fears cancer, which bears the stigma of being a final death penalty. Therefore outsiders are hesitant to contact such a patient; they are inept with the cancer patient and avoid discussing the true state of affairs”.

Die positiewe van vandag is die meer gemaklike en deursigtige manier waarop kanker hanteer word. Dit het daartoe gelei dat die vrees en die angste om oor kanker te praat, verdwyn het., daarom dat Driekie Jankowitz (2008) haar boek die titel kon gee, *Kanker – Genadesiekte*. Die goeie nuus vandag is dat meer mense kanker oorleef, dat meer mense hulle lewens met vreugde en kwaliteit leef en dit ten spyte daarvan dat kanker nog steeds bo aan die lys is, as die siekte wat vir die meeste sterftes onder mense sorg. Dit is juis die opmerkings van Alberts wat hoop bring, aan die een kant, 'een uit elke drie mense sal kanker in een of ander stadium van hulle lewe kry', en aan die ander kant dat, 'tans sal twee uit elke drie pasiënte wat kanker kry, steeds leef na vyf jaar' (Alberts, 2012:V).

### 5.5.2 Omvang van kanker

Hier word gesteun op die betroubare statistiek van twee wêreldorganisasies, naamlik:

- Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) soos aangehaal deur Alberts (2012:15), 'is kanker die algemeenste oorsaak van dood in die

wêreld, een uit drie mense kry kanker en in drie uit elke vier families is daar iemand met kanker en een uit elke vyf mense sterf daaraan'. Die WGO se projeksies dui daarop dat as daar nie indringend aandag gegee word aan hierdie saak nie, sal kanker teen 2030 met 80% toeneem en die lande wat deurloop is die arm lande.

- Die "International Union against Cancer" (UICC) se verslag op hulle webwerf, lyk die statistieke en scenario's ten opsigte van die effek en voorkoms van kanker vir die hede en die toekoms soos volg, naamlik:

"Over 7 million people die from cancer, and more than 11 million new cases are diagnosed worldwide, more than 160,000 cases of childhood cancer are diagnosed and at least 90,000 children die of cancer. In 2020, if current trends continue, new cases of cancer will increase to 16 million per year and more than 10 million people will die" (<http://www.givengain.com> – besoek op 21/09/2014).

### 5.5.3 Ontwikkelde en ontwikkelende lande

In die ontwikkelde lande, asook die ontwikkelde gedeelte van Suid-Afrika is kanker die tweede algemeenste oorsaak van dood, en speel dit nog steeds 'n beduidende rol in die sterftes van mense in ontwikkelende lande, vergelyk Alberts (2012:15). Die Nasionale Kanker Register bevat slegs gerapporteerde inligting en data rakende die voorkoms van kanker in Suid Afrika en volgens die verslag van 2004 is die lewens-risiko om kanker te kry by mans een uit ses en by vroue een uit agt. Die verslag bevestig ook dat kanker steeds een van die 'major killers' in die ontwikkelende sowel as ontwikkelde lande in die wêreld insluitend Suid-Afrika is.<sup>40</sup> Die verslag het ook verder aangetoon dat:

- Mans

Die volgende vyf VORME van kanker is bo aan die lys, naamlik:

prostaat- (1 uit 23), long- (1 uit 69), slukderm- (1 uit 82), kolon- (1 uit 97) en blaas- (1 uit 108) en

- Vrouens

Die volgende vyf SOORTE kanker is bo aan die lys, naamlik: bors- (1 uit 29), serviks- (1 uit 35), uterus- (1 uit 144), kolon- (1 uit 162) en slukderm- (een uit 196).

---

<sup>40</sup> <http://www.cansa.org.za> – besoek op 11/06/2014).

Longkanker bly 'n groeiende probleem as gevolg van die toename van mense wat langtermyn rook en dat hierdie verskynsel nog 'n groter rol gaan speel in die voorkoms en diagnosering van kanker in die toekoms.<sup>41</sup>

In die ontwikkelende lande lyk die prentjie nie baie rooskleurig nie en wek die stygende tendens in die voorkoms van kanker kommer. Volgens Alberts (2012:19) verskil die omvang van kanker in Suid-Afrika van die in Europa en in die V.S.A.. Die rede hiervoor is juis as gevolg van die unieke bevolking-samestellings, want in Suid-Afrika het ons die klassieke eerste en derde wêreld scenario. In die ontwikkelende (Derde Wêreld) deel van Suid-Afrika is daar steeds faktore soos kankerwekkende stowwe, swamme en virusse wat 'n belangrike rol speel en die HIV-virus is veral in Suid-Afrika 'n belangrike oorsaak van die Vigs-verwante kankers soos Kaposisarkoom, nie-Hodgkin-limfoom en baarmoedermond-kanker. Die statistieke toon dat daar reeds 'n styging van tot twintig keer meer Kaposisarkoom is onder HIV-positiewe pasiënte.

## 5.6 Begripsomskrywing van kanker

### 5.6.1 Grammatikaal

#### - Selfstandige naamwoord

Die HAT (Odendal, 2005:522) beskryf die selfstandige naamwoord 'kanker' as, "n kwaadaardige woekergeswel wat vinnig versprei en degenerereer tot verswering; 'n siekte wat met 'n geswel gepaard gaan en 'n benaming vir 'n siekte wat verwoestend voortwoeker en voortwoekerende kwaad op die verskillende lewensterreine'.

#### - Werkwoord

Die HAT (Odendal, 2005:522) beskryf die werkwoord 'kanker' as, 'iets wat aantas; siekte wat bederwend en verwoestend versprei en 'n gedurige lastigheid'.

### 5.6.2 Medies

Dis glo die ou Griekse geneesheer Hippokrates wat 'kanker' 'n "krap" genoem het... maar eintlik is dit 'n magdom van meer as honderd of straks tweehonderd verskillende siektes. Dit is nie maklik om die term kanker te omskryf nie, soos blyk uit die beskrywing in 'n navorsingsverslag dat:

---

<sup>41</sup> (<http://www.cansa.org.za> – besoek op 11/06/2014).



“Cancer is a group of diseases characterized by uncontrolled growth and spread of abnormal cells. If the spread is not controlled, it can result in death. Cancer is caused by both external factors (tobacco, chemicals, radiation, and infectious organisms) and internal factors (inherited mutations, hormones, immune conditions, and mutations that occur from metabolism). These causal factors may act together or in sequence to initiate or promote carcinogenesis. The development of most cancers requires multiple steps that occur over many years”.

Hoewel daar dikwels na kanker as 'n enkele siekte verwys word, is daar volgens sekere kenners eintlik meer as honderd soorte. Ander stel dit selfs op meer as tweehonderd, wat in ses of sewe groepe ingedeel kan word op grond van die weefsel en die aard van die oorspronklike gewas. Hierdie word bevestig in “The Cancer Coping Kit” as dit skryf dat ‘Kanker is 'n welbekende en gevreesde siekte. Dit is nie 'n enkelsoortige siekte nie, want daar is meer as 300 verskillende tipes. Die siening dat dit nie geneesbaar is nie, is nie waar nie, maar dit is 'n ernstige siekte. Sou jy kanker gehad het in die vroeë 1900s, was jou kans op langtermynoorlewing skraal, maar vandag is jou kans baie beter. Sommige kankers is moeilik om suksesvol te behandel terwyl ander weer 'n hoë suksesyfer het. Kanker word deesdae as 'n chroniese siekte gesien omdat moderne behandeling in staat is om dit te beheer. Dit is nie meer 'n doodsvonnis nie’.

Ons liggame bestaan uit verskillende organe, soos die hart, longe, lewer, maag, niere, ensovoorts. Hierdie organe bestaan weer uit duisende funksionele selle en baie klein eenhede, waaruit alle liggaamsorgane, weefsel en sisteme saamgestel is. Hierdie selle besit die vermoë om te verdeel, tydens hierdie proses van verdeling word volmaakte kopieë van die betrokke sel gemaak om die nodige materiaal te verskaf vir die nuwe groei en die vervanging van geslyte of beseerde selle. In die geval van ‘kanker’ is daar 'n aantal nare en ongewenste stokke in die wiel van die selverdeling, Dawson (1978:23) verwys juis daarna met sy opmerking, “It is general agreed among scientists that there is no single cause, but a combination of factors occurring simultaneously to produce malignancies”.

Dit wil sê die meganisme vir die regulering van die selverdeling raak onklaar en die sel ontaard. Hierdie ontaarde sel kan twee vorme van geaardheid aanneem, aan die een kant 'n goedaardige geaardheid en aan die ander kant 'n kwaadaardige geaardheid. Die goedaardige selle verander en vermeerder stadig en kan wel ‘drukeffekte’ (Alberts, 2012:6) hê; dit is egter beperkend en

versprei nie, daarom die beskrywing van selle met 'n goeie geaardheid.

Goedaardige selle (“benign growths”) beteken dat die selle is,

“rarely a threat to life, can be removed and probably won't grow back and it's not malignant. A benign tumour is one that does not invade surrounding tissue or spread to other parts of the body; it is not a cancer”<sup>42</sup> Die kwaadaardige selle daarteenoor is radikaal anders, wat beteken dat dit verander vinnig as gevolg van die onbeheerste groei, dit veroorsaak dat die normale en gesonde weefsel verdring word en dat dit die bloedtoevoer afsny en dat dit die voeding van die selle stop. Kwaadaardige selle (“malignant growths”) beteken dat die selle “may be a threat to life sometimes, can be removed but can grow back, can invade and damage nearby tissues and organs, and that may spread (metastasize) to other parts of the body”<sup>43</sup>

Kwaadaardige tumors word “characterized by their ability to metastasize, that is, to invade anatomically distant normal tissues and to seed and grow there”<sup>44</sup> Hierdie is 'n komplekse en selektiewe proses waar die “tumour cells” hulle “primary site leave and disseminate by various routes, such as the blood and lymph vessels”. Daarom die beskrywing van hierdie selle as kwaadaardig, hulle kwaadwillige geaardheid om voort te woeker, nuttelose uitgroeisels te vorm en die gesonde weefsel in die liggaam te beskadig dui daarop.

### 5.6.3 Die indeling van kanker

Kanker word volgens die beskikbare inligting en navorsing geklassifiseer volgens die weefsel van oorsprong Alberts (2012:7), naamlik:

#### 5.6.3.1 Soliede gewasse

Hierdie gewasse word gevorm deur 'n abnormale massa van bindweefsel en is 'n klassieke teken van ontsteking van die weefsel met 'n goeie- of slegte geaardheid. Die benaming van die gewasse kom ooreen met die spesifieke weefsel waar dit ontstaan het. Binne hierdie groep van soliede gewasse is daar 'n verdere verdeling in twee groepe, naamlik:

- Sarkome

Daardie gewasse wat in die spiere, bene en ander ondersteunende weefsel ontstaan, heet sarkome. Sarkome is waar die kanker die “bone, cartilage, fat, muscle, blood vessels, or other connective or supportive tissue” aangetas het. Dit word

<sup>42</sup> (<http://www.medterms.com/script/main/art.asp?articlekey=4260> – besoek op 5/11/2014).

<sup>43</sup> (<http://www.medterms.com/script/main/art.asp?articlekey=5546> – besoek op 5/11/2014).

<sup>44</sup> (<http://www.nature.co/nature/journal/v457/n7225/full/457036b.html>. - besoek op 7/01/2014).

beskryf as “one of a group of tumors usually arising from connective tissue” en die ‘bind- en spierweefsel’ (Alberts, 2012:7). Die meeste sarkome is kwaadaardig en word beskryf volgens “the type of cell, tissue, or structure involved, as osteosarcoma (kanker van die ‘osteo’, wat been beteken)”.

- Karsinome

Gewasse wat ontspruit uit klierryke weefsel, soos die vel, maag, longe, dermkanaal en so meer, word karsinome genoem. Karsinoom is die kanker wat “begins in the skin”, die “epiteelweefsel” (Alberts, 2012:7), of “in tissues that line or cover internal organs”. Na hierdie kanker word verwys as die “cancer that begins in the skin or in tissues that line or cover body organs. Examples are carcinoma of the breast, colon, liver, lung, pancreas, prostate, or stomach”.

### 5.6.3.2 Hematologiese maligneiteite

Hierdie tipe kankers het met die bloed te doen en word soos volg omskryf as “the diagnosis, treatment, and prevention of diseases of the blood and bone marrow as well as of the immunologic, haemostatic (blood clotting) and vascular systems”. Hierdie tipe van kankers word ook verder in twee groepe verdeel, naamlik:

- Leukemie

Leukemie, die kankers van die bloedvormende beenmurg, stem in baie opsigte ooreen met limfome, want “Cancer that starts in blood-forming tissue such as the bone marrow, “beenmurg en bloed” (Alberts, 2012:7) can causes large numbers of abnormal blood cells to be produced and enter the blood”. Daarom word dit beskryf as die “cancer of the blood cells. Strictly speaking, leukaemia should refer only to cancer of the white blood cells (leukocytes), but in practice it can apply to malignancy of any cellular element in the blood or bone marrow, as in red cell leukaemia (erythroleukemia). Treatment may involve chemotherapy, radiation therapy, biological therapy, and/or bone marrow transplantation”.

- Limfkliere

Nog 'n groep is limfome. Dié ontstaan in die limfsisteem en word gekenmerk deur opgeswelde limfkliere in die nek, oksels en/of lieste, asook 'n vergrote lewer en milt. “Cancers that begin in the cells of the immune system”. 'n Voorbeeld van hierdie kanker is “Hodgkin’s disease” en “Non-Hodgkin’s lymphoma” (NHL). “NHL can in turn be divided into low-grade, intermediate-grade, high-grade, and miscellaneous lymphomas. The course of NHL varies greatly, from indolent to rapidly fatal”.

#### 5.6.4. Die bepaling van die plek en geaardheid van kanker

##### 5.6.4.1 Inleiding

Hierdie is 'n belangrike insetsel met die oog op hierdie studie, want dit probeer om misverstande en wanopvattinge rakende kanker te beweer. Die funksie van gradering van kanker-gewasse is om uit 'n ander hoek lig te werp op die hantering en begeleiding van die mens wat met kanker saamleef. Die gradering van kanker word volgens verskeie sisteme gemaak en kan daarvolgens meer toepaslik gemaak word ten opsigte van die spesifieke kanker; die Gleason sisteem is 'n voorbeeld van die gradering as dit kom by die bepaling van die potensiële kanker-patroon as dit kom by prostaatkanker. Hierdie bepaling en gradering van die spesifieke kanker-gewasse is nuttig en bruikbaar in die versorging, behandeling en ondersteuning van die mens wat met kanker saamleef. Daar word ook onderskeid getref tussen die gradering en fases van kanker. Die gradering van kanker-gewasse is 'n belangrike stap in die diagnose van kanker by mense, dit is potensieel die vooruitskouing van die mens wat met kanker saamleef se reaksie op wat kan volg ten opsigte van versorging, behandeling, herstel en genesing. Die gradering van die gewas is “a system used to classify cancer cells in terms of how abnormal they look under a microscope and how quickly the tumour is likely to grow and spread”.<sup>45</sup>

---

<sup>45</sup> ([www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade](http://www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade) - besoek op 13/11/2014)

#### 5.6.4.2

Gradering van die struktuur en groeipatroon van die kanker-gewas

Dokters onderskei vier fases van kanker tydens die diagnose. Volgens hierdie onderskeid kan bepaal word hoe ver die kanker moontlik versprei het. Fases 1 en 2 dui gewoonlik daarop dat die kanker in 'n vroeë fase is, en dat daar geen verspreiding is nie en dat die reaksie op behandeling uiters positief is. Fases 3 en 4 toon dat die kankerselle die omringende weefsel binnegedring het en/of deur die bloedvate na ander dele of organe van die liggaam versprei het en daarom is die behandeling tydens hierdie fases meer radikaal en moeiliker. Die faktore wat help met die gradering van die kanker-gewas is die struktuur en die groeipatroon van die betrokke orgaan se selle. In die gradering van die struktuur en die groeipatroon van die gewas word daar onderskeid getref tussen die volgende:

- Die histologiese gradering van die kankersel  
Die histologiese gradering, ook bekend as die differensiasie verwys na 'of die sel is groter of kleiner as die normale sel en of die selvorming onreëlmatig is' volgens Alberts (2012:6).
- Die kernagtige gradering van die kankersel  
Die kernagtige gradering van die kankersel verwys na of 'die kern is groter of kleiner as die normale kern en of die kernvorming onreëlmatig is' volgens Alberts (2012:6).

Die gradering van die kanker-gewas is 'n aanduiding van die latente geaardheid van die spesifieke kanker en daarmee saam die aanslag daarvan op die fisiese, psige en geestelike van die mens. Die voorlopigheid van die verskillende grade kom sterk deur, wat nie noodwendig beteken dat die mens wat met kanker saamleef buite gevaar is nie. Die boodskap wat die gradering van kanker oordra, is dat daar kankers is wat stadig groei en versprei (dit wil sê met 'n goeie geaardheid) en daarteenoor is daar kankers wat neig "tend to grow rapidly and spread faster than tumours with a lower grade" (d.w.s. met

‘n slegte geaardheid).<sup>46</sup> Die fase van die kanker daarteenoor verwys na “the extent or severity of the cancer, based on factors such as the location of the primary tumour, tumour size, number of tumours, and lymph node involvement (spread of cancer into lymph nodes)”.<sup>47</sup>

#### 5.6.4.3 Patrone van kanker

Die prognose van kanker hou myns insiens direk verband met hoop, berusting en oorwinning; die omgekeerde is ook waar, dit wil sê hoe swakker die prognose hoe meer sal die hoop kwyn op herstel. ‘Kanker’ is volgens die taalkundige en mediese beskrywing ‘iets wat aantas; ‘n siekte wat bederwend en verwoestend versprei’, dus kanker verander voortdurend en is onvoorspelbaar. In siekte-toestande word daar volgens mediese klassifikasies drie patrone onderskei, naamlik:

- Akuut

“A disease of abrupt onset, in reference to a disease. Acute often also connotes an illness that is of short duration, rapidly progressive, and in need of urgent care”.<sup>48</sup> Die goeie nuus hier is dat die siekte kortstondig is en die moontlikheid van enige komplikasies baie gering en beperk is.

- Chronies

“A disease that persists for a long time. A chronic disease is one lasting 3 months or more, by the definition of the U.S. National Center for Health Statistics. Chronic diseases generally cannot be prevented by vaccines or cured by medication, nor do they just disappear. Chronic diseases tend to become more common with age. The leading chronic diseases in developed countries include (in alphabetical order) arthritis, cardiovascular disease such as heart attacks and stroke, cancer such as breast and colon cancer, diabetes, epilepsy and seizures, obesity, and oral health problems”.<sup>49</sup>

Hier verander die omstandighede radikaal, die siekte is nie kortstondig nie en die moontlikheid van komplikasies is veel groter hier as by die ‘akute’ patroon. Die dinamika van negatiewe faktore wat ‘n rol mag speel op die psige van die mens is veel breër as die ‘akute’ patroon.

- Terminaal

---

<sup>46</sup> ([www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade](http://www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade) - besoek op 13/11/2014).

<sup>47</sup> ([www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade](http://www.cancer.gov/cancertopics/factsheet/detection/tumor-grade) - besoek op 13/11/2014).

<sup>48</sup> <http://www.medicinenet.com/script/main/hp.asp> - besoek op 12/01/2014.

<sup>49</sup> <http://www.medicinenet.com/script/main/hp.asp> - besoek op 12/01/2014.

“A disease that cannot be cured and will cause death”.<sup>50</sup> Hierdie is die heel moeilikste patroon om deur die mens en sy / haar ondersteuningsgroep hanteer te word. Hier is die ‘skrif aan die muur’ en word gereken dat dit slegs ‘n kwessie van tyd mag wees tot die einde.

#### 5.6.5 Vooruitbeskouing vir die mens wat met kanker saamleef

Die vooruitbeskouing (prognose) vir die mens wat met kanker saamleef berus op die inligting wat bekom is deur die volgende faktore, naamlik:

- die soort kanker;
- die grootte van die gewas (“tumour”);
- die fase (“staging”) waarin die kanker-gewas is;
- die gradering (“grading”) van die bepaalde kanker-gewas en
- die beste beskikbare behandeling met die oog op die relatiewe “survival”.

Dus is die vooruitskouing, “the forecast of the probable outcome or course of a disease and the patient's chance of recovery”. Kanker resorteer by die chroniese patroon, wat juis dinge kompliseer as gevolg van die volgende faktore, naamlik:

- tydsverloop – kanker is nie ‘n kom en gaan siekte nie, dit vra tyd;
- immunisering – kanker word nie deur immunisering en medikasie ingeperk nie en
- behandeling – die behandeling van kanker is ‘n komplekse proses, dit is proses wat diep en ernstig insny in die lewe van mense wat met kanker moet saamleef.

Kankerbehandeling het dramaties oor die laaste 50 jaar verbeter omdat verskillende terapieë gekombineer word om die kans op oorlewing te verbeter. Die drie mees algemene tipe behandelings is, Chirurgie, Bestralingsterapie en Chemoterapie.

#### - Chirurgie

Die mees geskikte behandeling vir ‘n kanker wat nog nie versprei het nie, is chirurgie. Chirurgie is die mees algemene en oudste vorm van

---

<sup>50</sup> <http://medical-dictionary.thefreedictionary.com/terminal+cancer> – besoek op 12/01/2014.

kankerbehandeling. Dit word gebruik om die hele gewas te verwyder indien dit in 'n vroeë fase en maklik bereikbaar is. Dit kan die pasiënt genees indien daar geen verspreiding na ander organe is nie en indien die hele gewas verwyder kan word.

- **Bestralingsterapie**

Bestraling is 'n ander behandelingsmetode. Dit behels die bestraling en vernietiging van die kankerselle deur middel van hoë energie x-strale. Dit is 'n lokale behandeling en reageer slegs waar toegepas. Naasliggende normale selle word ook soms ongelukkig deur die bestraling vernietig. Dit kan newe-effekte hê en daarom word hierdie behandeling deeglik beplan. Die pasiënt word presies gemerk ten opsigte van die area waar die gewas voorkom voor behandeling begin. Bestraling geskied een keer per dag oor 'n sekere periode. Elke behandeling neem ongeveer 5 tot 10 minute en is pynloos, soos 'n x-straal. Die behandeling neem van 1 tot 8 weke om te voltooi. Dit hang af van die tipe kanker en die plek van voorkoms.

- **Chemoterapie**

As die siekte versprei het, word chemoterapie toegepas. Hierdie middels word deur die bloedvate vervoer en vernietig kankerselle. Dit word dikwels gebruik wanneer die siekte na ander liggaamsdele versprei het. Dit word ook gebruik na chirurgie van sekere geaffekteerde organe soos die kolon. Dit word voorkomend aangewend by hoë risiko pasiënte waar metastatiese verspreiding mag ontwikkel. 'n Aantal middels word deur die bloedstroom versprei om kankerselle te vernietig.

Die hoofdoel met die behandeling in baie gevalle is om die pasiënt te genees. Soms is genesing onwaarskynlik. Dan is die doel van die behandeling om die siekte vir so lank as moontlik te beheer en om sodoende lewensgehalte te verseker. Hierdie informasie is belangrik vir die prediking met die oog op die begeleiding en versorging van hierdie mense wat met kanker saamleef, na lewensin en lewensvreugde. Die prediking as skopus vir die begeleiding en versorging van mense geaffekteer deur kanker, vereis volgehoue aandag as dit kom by die mens met kanker. Die prediking sal beslis klemverskuiwings



toon in die begeleiding/versorging van mense se spesifieke kanker-patrone wat wissel tussen akueel, chronies en terminaal.

Die statistiek vertel en bevestig bogenoemde as dit die volgende uitlig, naamlik:

- dat wanneer die kanker beperk is tot 'n spesifieke orgaan, byvoorbeeld die bors, prostaat, lewer, longe ensovoorts, is die behandeling direk gerig op die verwydering van die kanker deur chirurgiese ingryping. Dit wil sê die gewas word uitgesny en verwyder van die bors of die prostaat. Volgens die statistiek van die “National Cancer Institute” is die prognose vir langer as vyf jaar oorlewing, 90%.
- dat wanneer die kanker nie beperk is tot 'n spesifieke orgaan nie, maar reeds die omliggende weefsel begin infiltreer het, vereis die behandeling soms 'n kombinasie van die moontlike opsies soos chirurgie, radio-bestraling, chemoterapie en hormoon-behandeling. Dit wil sê dat naas die chirurgiese verwydering van die bepaalde orgaan word daar bykomend gekyk na bestraling en chemoterapie vir die omliggende aangetaste weefsel. Volgens die statistiek van die “National Cancer Institute” is die prognose vir langer as vyf jaar oorlewing, 70% en
- dat wanneer die kanker nie beperk is tot die spesifieke orgaan en omliggende aangetaste weefsel nie, maar reeds versprei (“metastazing”) het na ander organe in die liggaam is die behandeling meer aggressief in die poging om die kanker te beheer. Volgens die statistiek van die “National Cancer Institute” is die prognose vir langer as vyf jaar oorlewing, 12%.<sup>51</sup>

Sensitiwiteit by die prediker rakende die omstandighede van die mens wat met kanker saamleef, is hier van uiterste belang.

## 5.7 Kanker in Suid-Afrika

### 5.7.1 Inleiding

Kanker is wesenlik deel van die menslike bestaan. Dit word bevestig deur die volgende uitspraak wat gemaak word; dat kanker op 'n tydstep in die lewe een uit elke drie mense affekteer. Volgens beskikbare statistieke sal kanker in die

---

<sup>51</sup> (<http://seer.cancer.gov/statfacts/html/colorect.html#risk> – besoek op 7/11/2014).

toekoms nog verder styg; in 'n verslag van die Wêreld Gesondheids-organisasie word aangedui dat daar jaarliks tien (10) miljoen nuwe gevalle van kanker wêreldwyd aangemeld word. Dr. Christina Stefan het by 'n Halfdag-seminaar by die Universiteit van Stellenbosch aangedui dat teen die jaar 2020 kanker onder kinders met sewentig (70) persent sal toeneem. Alice Victor skryf reeds op die webtuiste van Kansa in 2009 die volgende, naamlik: "Cancer kills more people every year than AIDS, tuberculosis and malaria combined". Peter Boyle, die IARC Direkteur skryf in hierdie verband, "that the continued growth and ageing of the world's population would greatly affect the cancer burden. By 2030, it could be expected that there would be 27 million cases of cancer, 17 million cancer deaths annually and 75 million persons living with cancer.

### 5.7.2 Statistiek

Volgens Alberts (2012:20) is die mees algemene kanker in Suid-Afrika velkanker en lyk die kanker in volgorde van belangrikheid in Suid-Afrika soos volg:

Kanker by vroue in SA		Kanker by mans in SA	
1	Borskanker	1	Prostaatkanker
2	Baarmoedermond kanker	2	Longkanker
3	Baarmoederliggaamkanker	3	Slukdermkanker
4	Grootdermkanker	4	Grootdermkanker
5	Slukdermkanker	5	Blaaskanker
6	Kaposisarkoom	6	Kaposikanker
7	Nie-Hodgkinlimfoom	7	Nie-Hodgkinlimfoom
8	Longkanker	8	Lewerkanker

In my epos-gesprek op 9 Augustus 2012 met dr. Michiel Botha (Spesialis Onkoloog by die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein) stel hy dit dat volgens die nuutste inligting en navorsing die orde verander het en is die drie algemene kankers nou onder vroue en mans in Suid-Afrika die volgende:

	Vroue in Suid Afrika		Mans in Suid Afrika
1	Serviks / Bors	1	Prostaat

2	Long	2	Long
3	Kolorektale	3	Kolorektale

Volgens dr. Botha is die kanker met die beste geaardheid en die beste prognose tans die 'basaalse' kanker van die vel, en die kankers met die slegste geaardheid en swakste prognose die 'metastatiese melanoom', 'esofagus' en 'pankreas'. Metastase beteken die verspreiding "from one part of the body to another. When cancer cells metastasize and cause secondary tumours, the cells in the metastatic tumour are like those in the original cancer".

### 5.7.3 Bespreking van kanker in Suid-Afrika

Die bespreking wat hier volg maak geensins aanspraak op volledigheid ten opsigte van mediese en spesialis kennis nie, maar is daarop gerig om iets te deel van dit wat in die harte van die mense wat met kanker saamleef, aangaan. Van Dyke Platt (1980:29) verwoord dit mooi as sy skryf, "In a real sense we are all terminal; we all die. The attitudes that stress 'living with cancer' and a positive outlook for treatment and recovery, or at least stability in treatment, are important for the healing process of the cancer patient". Die South African Medical Research Council<sup>52</sup> het uit die talle tipes kanker wat in Suid Afrika voorkom, die volgende tabel saamgestel as aanduiding watter kanker onder mans en vrouens die meeste sterftes veroorsaak:

MALES		FEMALES	
1	Trachea, bronchi, lung cancer	1	Cervical cancer
2	Oesophageal cancer	2	Breast cancer
3	Prostate cancer	3	Trachea, bronchi, lung cancer
4	Liver cancer	4	Oesophageal cancer
5	Stomach cancer	5	Colo-rectal cancer
6	Colo-rectal cancer	6	Liver cancer
7	Mouth and oropharynx cancer	7	Stomach cancer
8	Leukaemia	8	Pancreas cancer

<sup>52</sup> Hospersa Today, Issue 1/2014, p.34 (Vergelyk ook World Cancer Day Website: <http://www.worldcancerday.org> )

9	Pancreas cancer	9	Ovary cancer
10	Larynx cancer	10	Leukaemia

### 5.7.3.1 Tipe kanker volgens voorkoms

In hierdie bespreking word 'n seleksie van die tipes kanker gemaak deur die navorser op grond van sy pastorale omgang, ondersteuning en begeleiding van lidmate en hulle families wat met kanker saamleef. Hierdie bespreking van die tipes kanker is om 'n algehele beeld te kry van dit wat mense wat met kanker saamleef moet deurmaak en hanteer. Hierdie seleksie deur die navorser is juis om 'n aanduiding te gee, dat die speelveld van kanker geweldig groot en omvattend is en dat die navorser nie net in die algemeen opmerkings oor die felheid van kanker en die mens wat daarmee moet saamleef, wil maak nie. In hierdie seleksie is ook rekening gehou met die voorkoms van kanker onder die mans en die vrouens in Suid-Afrika. Die skema vir hierdie uiteensetting van die verskillende tipes kanker volg die uiteensetting van Alberts (2012:153-206), naamlik:

- Oorsaak en voorkoms;
- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring;
- Behandeling;
- Prognose in die algemeen en
- Reaksies

### 5.7.3.2 Soorte kanker

#### 5.7.3.2.1 Borskanker

- Oorsaak en voorkoms

Dit is die algemeenste kanker onder vroue in Suid-Afrika, 'ongeveer een uit nege vroue sal dit kry' (Alberts, 2012:170). Borskanker is die grootste oorsaak van sterftes by vroue regdeur die wêreld. Dit is skynbaar die mees bestudeerde vorm van kanker, aangesien dit na beraming een uit elke nege vroue wêreldwyd tref, en omdat dit die gedeelte van 'n vrou se liggaam aantast waarop 'n groot deel van die vroulike eiewaarde ge-

baseer word (Rowland en Holland, 1989:188). Borskanker is tans een van die top drie kankers onder vroue in Suid Afrika.

- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring

Volgens navorsing kan sommige borskankers lank verskuil lê voordat dit opgespoor word. Meyerowitz (1980:108-131) het drie basiese response op borskanker geïdentifiseer, naamlik: 'Daar is eerstens 'n hoë mate van aggressie, angs en depressie teenwoordig. Tweedens moet baie fisiese aanpassings deur die pasiënt gemaak word ten opsigte van die onderbreking van 'n normale seksuele lewe, fisiese ongerief en 'n minder aktiewe leefstyl. Derdens openbaar borskanker-pasiënte baie kommer aangaande die verband tussen 'n mastektomie en terminaliteit'. Alhoewel borskanker die hoogste insidensie by vroue het is daar tog hoop, want die getal vroue wat borskanker oorleef en oorwin groei voortdurend.

- Behandeling

Die behandeling opsies by borskanker wissel na gelang van die tipe, die graad en die fase waarin die kanker is. In die meeste gevalle van borskanker is chirurgie die eerste opsie, maar met die meeste trauma omdat dit 'n ingryping is in die mees intiemste ruimte van vrouwees. Radio- en chemoterapie is die ander opsies wat ook in kombinasie gebruik kan word in die behandeling van borskanker.

- Prognose en moontlike reaksies

Daar is 'n onsekerheid teenwoordig omdat die kanker enige tyd kan terugkeer en borskanker is nie hiervan gevrywaar nie. Daar is 'n groot mate van angs by vroue teenwoordig, omdat dit wil voorkom of 'n goeie prognose van borskanker bepaal word deur hoe vroeg die kanker ontdek word asook die pasiënt se ondersteuningstelsels en haar wil om teen die probleem weerstand te bied (Brunsdon, 2006:60). Dit is belangrik om daarop te wys dat daar baie faktore is wat 'n rol speel by die prognose van borskanker en dat dit gevaarlik is om uit hierdie

rospelende faktore veralgemenings te maak ten opsigte van spesifieke pasiënte.

#### 5.7.3.2.2 Longkanker

- Oorsaak en voorkoms  
‘Longkanker verdien spesiale aandag – dit is een van grootste doodmakers by mans en vroue. Ongeveer een vyfde van alle kankersterftes by vroue en een derde van alle kankersterftes by mans is as gevolg van longkanker’ (Alberts, 2012:160). Volgens huidige statistiek is longkanker 12% van die nuwe aanmeldings van kanker, en hierdie kanker “tends to spread or metastasize very early after it forms” en dit maak hierdie kanker hoogs “life-threatening” en die moeilikste kanker om te behandel.
- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring  
Hierdie kanker reageer traag op standaard behandeling, maar kan tog chirurgies verwyder word. In die algemeen is die oorlewing by longkanker baie laag in vergelyking met ander tipes kanker.
- Behandeling  
Die behandeling vir longkanker sluit in hierdie opsig aan by die behandeling van borskanker deur middel van chirurgie, radio-bestraling en chemoterapie of ‘n kombinasie van drie. Die behandeling kan soms tweërlei van aard wees, naamlik: (i) “curative” wat beteken om die kanker te genees en te vernietig en (ii) “palliative” wat beteken dat genesing van die kanker uit is en dat die pyn en lyding bestuur word deur medikasie.
- Prognose en moontlike reaksies  
Die prognose van hierdie tipe kanker word oor die algemeen as swak beskou, aangesien die meeste pasiënte aanmeld wanneer die kanker reeds gemanifesteer en metastases plaasgevind het. Die vroeër verwysing na die longe as die “body's basic unit of life” maak enige verspreiding van die kankerselle na verskillende liggaamsdele lewensgevaarlik. Een van die mees algemene metastases by longkanker is na die brein, wat aanleiding gee tot

'n skielike verandering in gedrag, byvoorbeeld vergeetagtigheid en vertraagde denkpatriene (Brunsdon, 2006:60). Die reaksie by die mens geaffekteer deur longkanker is angs, benoudheid, vrees en verwag die ergste! Hierdie kanker het soms ook te doen met lyding en ongemak as gevolg van asemhalingsprobleme.

#### 5.7.3.2.3 Maagkanker

- Oorsaak en voorkoms

Dit is 'n kanker wat by ouer mense voorkom die ouderdom lê tussen 60 – 70 jaar. Dit was die mees algemene kanker by mans voor die dramatiese styging in longkanker. Hierdie kanker is ook een van die ernstiger kankers wat dood veroorsaak onder die mense, volgens berekeninge sal + 800 000 mense regoor die wêreld sterf aan maagkanker.

- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring

Dit is nie maklik om hierdie kanker volgens simptome vas te stel nie; die tyd wanneer die simptome soos ongemak van die buik, 'n blokkasie van stoelgang, yster tekort, 'n vae pyn, gewigsverlies en 'n swak eetlus teenwoordig is, is bevind dat die kanker relatief reeds in 'n gevorderde stadium is. Die rede is omdat maagkanker van die begin af weinig simptome toon.

- Behandeling

Chirurgie bly volgens Alberts (2012:165) 'steeds die enigste genesende behandeling vir vroeë maagkanker'. Chemoterapie en radioterapie kan as voorkomende behandeling gebruik word na radikale chirurgie soos byvoorbeeld 'n totale gastektomie. Die negatiewe van maagkanker is dat dit moeilik genees. By die behandeling van kanker bly die volgende maar altyd in die agterkop dat "if a cure is not possible", word die behandeling aangepas om die simptome en ongemak te verlig en te beheer.

- Prognose en moontlike reaksies

Die kommentaar van familieledes en uit eie ervaring deur die navorser is maagkanker 'n derduidelik, want dit is 'n kwessie van 'n

paar maande. Alberts (2012:166) skryf dat na radikale chirurgie is die genesingsyfer 25%, indien net chirurgie gebruik word by 'n gevorderde kanker sonder enige bykomende behandeling is die mediane oorlewing 12 maande en waar daar verspreiding (metastasis) is, is die oorlewing met chemoterapie ongeveer 5 tot 6 maande. Maagkanker is een van die kankers wat goed reageer op chemoterapie.

#### 5.7.3.2.4 Prostaatkanker

- Oorsaak en voorkoms  
Volgens Alberts (1993:191) is prostaatkanker een van die mees algemene vorms van kanker onder ouer Suid-Afrikaanse mans.
- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring  
Prostaatkanker by mans kom in 'n groot mate ooreen met borskanker by vrouens, dit raak aan hulle eie-waarde van manwees en die seksualiteit. Kanker bly 'n vabond en dit is duidelik dat geen voorspelling as vanselfsprekend aanvaarbaar kan word nie, want "all prostate cancers do not behave similarly."
- Behandeling  
Behandeling sluit verskillende prosedures in. In die vroeë stadium (I en II) van prostaatkanker, is 'n radikale verwydering van die prostaatklier dikwels die beste opsie. Radikale radioterapie (bestraling) is 'n ander moontlikheid. Die verwydering van die prostaat bied 'n vinnige effektiewe manier om die kanker aan te spreek terwyl bestraling ook effektief is, maar langer neem om resultate te toon.
- Prognose en moontlike reaksies  
Alberts (2012:183) wys daarop dat die bepaling van 'n prognose ten opsigte van 'n spesifieke pasiënt met prostaatkanker moeilik is as gevolg van die feit dat prostaatkanker soms biologies aggressief en soms histologies goedaardig is. Die meerderheid se reaksie is onsekerheid vanweë die feit dat prostaatkanker soms biologies aggressief is, maar histologies amper goed-



aardig is en dit maak die vorentoe kyk, die hoop en die oorwinning problematies. Die reaksie by mans met prostaatkanker is soms soortgelyk aan die reaksie by vrouens met borskanker omdat die prostaat 'n belangrike rol speel in die manlikheid van die man.

#### 5.7.3.2.5 Beenkanker

- Oorsaak en voorkoms

Hierdie kanker ontstaan uit die selle “osteoblasts” wat verantwoordelik is vir die beenvorming van die liggaam, daarom affekteer hierdie kanker tieners tydens hulle groeifase. Seuns is meer geneig as dogters om hierdie kanker op te doen.

- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring

Die diagnose van kanker vervul 'n baie belangrike rol en daarom is dit noodsaaklik om die regte diagnose te maak. Daar is verskeie maniere wat die dokters kan gebruik om vas te stel of dit werklik beenkanker is. Die populêre maniere sluit in:

- Vol bloedtelling om vas te stel of daar enige abnormaliteite in die bloed is;
- Biopsie is waar 'n stukkie van die aangetaste kankerweefsel uitgesny word vir ontleding van abnormaliteite;
- X-trale is om vas te stel of volgens die beelde van die organ of weefsel daar enige abnormaliteite is;
- Beenskandering is om vas te stel of daar enige letsels op die beenweefsel aanwesig is;
- MRI “Magnetic resonance imaging” word gebruik om deur middel van beelde vas te stel of daar enige afwyking teenwoordig is in die ruggraat en senuwee-stelsel;
- CAT-skandering “Computer-assisted tomography scan” is gedetailleerde skandering horisontaal en vertikaal van die hele liggaam insluitend bene, spiere, organe en weefsel om vas te stel of daar abnormaliteite teenwoordig is;

- Beenmurg-aspirasie is waar 'n klein hoeveelheid van die beenmurg-vloeistof (aspirasie) of soliede beenmurg uit die heup (biopsie) geneem word om 'n ontleding te doen ten opsigte van “the number, size, and maturity of blood cells and/or abnormal cells”.
- **Behandeling**  
Daar is heelwat opsies beskikbaar vir die behandeling van beenkanker, maar wat baie belangrik is in die behandeling is die ouderdom van die pasient asook die omvang van die kanker. Die behandelingsmoontlikhede sluit die volgende in, naamlik: chirurgie om die gewas te verwyder, chemoterapie en radioterapie asook die kombinasie van twee of selfs aldie die opsies. Die mees radikale opsie is om die amputasie van die betrokke ledemaat te oorweeg.
- **Prognose en moontlike reaksies**  
Die prognose van kanker verskil van individu tot individu. Die belangrike faktore wat hier 'n rol kan speel is, (i) die ouderdom en (ii) die omvang van die kanker, asook bykomende faktore soos die grootte van die tumor, die plek waar die tumor is, die reaksie van die tumor op die behandeling wat toegepas word en of daar enige verspreiding plaasgevind het na ander organe of liggaamsdele.

#### 5.7.3.2.6 Esofagus

- **Oorsaak en voorkoms**  
Hierdie is die mees algemeenste kanker by swart mans en die derde algemeenste onder swart vroue in Suid-Afrika (Alberts, 2012:163). In die Oos-Kaap en veral onder die stedelike swart bevolking is van die hoogste insidensies ter wêreld. Die faktore wat moontlik 'n rol speel is 'n swak dieët aan die een kant 'n tekort aan minerale en vitamien en waarskynlik aan die ander kant 'n dieët wat kankerverwekkende stowwe bevat. Die meeste van die tumors is plaveiselkarsinoom wat aan die slymvlies van

die slukderm ontstaan. Hierdie is 'n siekte wat deesdae baie voorkom by middeljarige wit mans, die rede is onbekend.

- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring

Hierdie kanker word ook redelik laat ontdek as gevolg van die laat vasstelling van die simptome en dan is die meeste van die pasiënte se kanker reeds in 'n gevorderde stadium. Die belangrike terme hier is die plek van die tumor, het die tumor naby geleë weefsel aangetas en het die kanker versprei na ander organe.

- Behandeling

Volgens die meeste mediese verslae is die opsies by die behandeling van esofagus-kanker, chirurgie, radio- en chemoterapie of 'n kombinasie van die drie. In Suid-Afrika is die probleem nog steeds dat hierdie kanker by 75% van die pasiënte by diagnose reeds in 'n gevorderde stadium is en dit werk negatief in op die behandeling van hierdie kanker. Die pasiënte in 'n vroeë stadium van esofagus-kanker kan met chirurgie effektief behandel word, maar by stadium 3 verskuif die klem van die behandeling na simptome beheer waar chemo- en radioterapie 'n belangrike rol vervul.

- Prognose en moontlike reaksies

Die prognose bly swak in Suid-Afrika, omdat by die meeste pasiënte die diagnosering van hierdie kanker reeds daarop dui dat dit in 'n gevorderde stadium is. Die skrikwekkende en hartseer is dat by hierdie kanker die mediaan vir oorlewing by stadium 3 slegs 3 maande is. Hierdie kanker kan na enige deel van die liggaam of organe versprei.

#### 5.7.3.2.7 Leukemie

- Oorsaak en voorkoms

Alberts (2012:196) wys daarop dat die term leukemie afgelei is van die Grieks: "leukos" (wit) en "haima" (bloed). Die vermeerdering van die witbloedselle is nie die oorsaak van leukemie nie, maar die vermeerdering van kankeragtige wit-

bloedselvoorlopers in die beenmurg en wat oorspoel in die bloed en moeilikheid maak. Daar is twee groot groepe naamlik: akute leukemie wat sonder enige behandeling vinnig die dood kan veroorsaak en chronies leukemie wat sonder enige behandeling vir jare kan oorleef. Die verdeling tussen die chroniese en akute leukemie is 50-50. Die volgende inligting is 'n kort opsomming van leukemie, naamlik:

“Leukaemia’s are grouped by how quickly the disease develops (acute or chronic) as well as by the type of blood cell that is affected (lymphocytes or myelocytes)”. The four main types of leukaemia include a) “acute lymphocytic leukaemia (ALL)” – by kinders meestal en veral seuntjies; b) “chronic lymphocytic leukaemia (CLL)” –

by ouer mense en hoogste insidensie is by vyftig jaar en ook tweemaal meer by mans as vroue; c) “acute myelocytic leukaemia (AML)” – meestal by ouer mense en hoogste insidensie bo sewentig jaar en d) “chronic myelocytic leukaemia (CML)” – meestal by mense ouer as veertig en ook meer by mans as vroue.

- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring

Daar is volgens Alberts (2012:197) 'n hele aantal faktore wat geïmpliseer word in die ontstaan van leukemie soos vorige bestraling, blootstelling aan chemiese stowwe, virusse asook genetiese faktore. Leukemie ontstaan van 'n spesifieke kwaadaardige witbloedsel in die beenmurg wat aanhou verdeel en letterlik die beenmurg met kwaadaardige witbloedselle vervang. Daar word onderskei tussen chroniese- en akute leukemie waar die chroniese leukemie selle tot 'n mate ryp word en die normale funksie langer behou en dus die pasiënt nie so akute siek maak nie. Die terme akute en chronies gee ook uitdrukking aan die siekte-toestand; akute se geskiedenis is kort en simptome ontwikkel vinnig waar chronies die teenoorgestelde funksie het. Die diagnose word gemaak op grond van 'n volbloedteling en beenmurgsmeer-ondersoek.

- Behandeling

Die behandeling van akute leukemie verskil drasties van die behandeling van chroniese leukemie in die opsig dat dit meer intensief is en bedoel is om te genees. Chronies word minder intensief behandel en die doel is meer om die kanker te onderdruk as om te genees. Mense met leukemie se behandeling sluit die volgende in, naamlik “watchful waiting, chemotherapy, targeted therapy, biological therapy, radiation therapy, and stem cell transplant”. Soms word die behandeling ook in kombinasie met mekaar gedoen.

- Prognose en moontlike reaksies

Die prognose is goed indien in ag geneem word dat 80% van pasiënte onder die ouderdom van 35 na vyf jaar van behandeling nog lewe (Lesko, 1989:218). Dit teen die agtergrond dat in die verlede toe chemoterapie nie beskikbaar was nie het kinders met die kanker binne drie maande gesterf (Alberts, 2012:198). Leukemie word met baie hoë vlakke van stres geassosieer aangesien dit is as siekte met ‘n swak prognose bekend is. Die tydsaspek is van kardinale belang en plaas baie druk op families om belangrike besluite insake die behandeling te neem. Alle vorme van hematologiese kanker gaan met hoë grade van vrees gepaard, met groter afhanklikheid van familie en die mediese personeel in die lig van lang behandelings en voortdurende opvolgbehandelings. Fisiese ongerief en pyn as gevolg van die behandeling kom algemeen voor.

#### 5.7.3.2.8 Kinderkanker

- Oorsaak en voorkoms

Ons kinders is nie gevrywaar van kanker nie, dus neem ons aan dat al die soorte kankers ook by hulle mag voorkom. Die algemeenste kanker wat by kinders voorkom, word hier kortliks net genoem, naamlik:

- Leukemie 34%
- Brein en senuwee gewasse 27%

- Neuroblastoma 7%
  - Nierkanker (Wilms tumor) 5%
  - Limfoom 4%
  - Sarkome (Osteo-, Ewing-, Rhabdomy) 10%
  - Retinoblastoma 3%
  - Ander 11%
- Natuurlike geskiedenis, diagnose en stadiëring
- Breinkanker maak ongeveer 2-5% van alle kankers uit by die mens. Dit kom by kinders en volwassenes voor en as gevolg van die verskillende tipes breinselle is daar baie verskillende tipe breinkankers. By kinders is daar 'n stadige insidensiestyging in die eerste lewensdekade en ook in die ouderdomgroep van 50-70 jaar. "Medullablastoma is the most common malignant brain tumour of childhood, accounting for approximately 20 percent of all primary tumours of the central nervous system among children less than 19 years of age".<sup>53</sup> Die "peak incidence" by kinders is tussen die ouderdomme 5-9 jaar; dit is die mees algemene breinkanker by kinders en is verantwoordelik vir 25% van die gediagnoseerde brein-gewasse by kinders. Dit word geklassifiseer as 'n glioomtumor en word daarna verwys as "a primitive neuro-ectodermal tumour (PNET)". Hierdie kanker is aggressief en "it is a highly invasive tumour arising from the cerebellum with tendency to disseminate".<sup>54</sup> Die mediaan ouderdom vir diagnoseering van hierdie kanker by kinders is 5 jaar. Die vooruitsig van hierdie kanker is somber en telkemale is daar vasgestel dat daar "radiological and intraoperative evidence of brain stem invasion was" wat direk geassosieer word met die sombere uitsig.
- Behandeling

---

<sup>53</sup> (<http://www.pediatricneurosciences.com/article.asp?issn=1817-1745;year=2006;volume=1;issue=1;spage=16;epage=20;auiast=Menon> – besoek op 16/04/2015).

<sup>54</sup> (<http://www.pediatricneurosciences.com/article.asp?issn=1817-1745;year=2006;volume=1;issue=1;spage=16;epage=20;auiast=Menon> – besoek op 16/04/2015).

Die standaardbehandeling volgens medici is die “total surgical removal of tumour followed by radiation” tot die area waar die gewas verwyder is. Volgens die webblad kan die “aggressive surgery, craniospinal radiotherapy and chemotherapy” meer as 50% van die kinders met madulla-blastoma verwag om skoon te wees van die kanker vyf jaar later. Die voorkeur behandeling by madulla-blastoma is ‘n kombinasie van chirurgie, radioterapie en chemoterapie, soos navorsing aangetoon het dat “adjuvant chemotherapy also has been shown to be beneficial in children with medulla-blastoma”. Navorsing het dit ook bevestig dat “the patients who received chemotherapy immediately following radiotherapy were found to have a better outcome than those who received chemotherapy following the detection of recurrence”.<sup>55</sup>

- Prognose en moontlike reaksies

Die prognose van die kinders teenoor die volwassenes is swak en veral waar die kinders jonger is as 7 jaar, want die waarneming het dit bevestig dat “in the paediatric population with age below 7 years” was die oorlewing minimaal. Die statistiek wil dit so hê dat die “five-year survival data showed that adults fared better than children with 55.5% 5-year survival, whereas only 24.05% children survived for five years”. By kinders is hierdie kanker baie ernstig omdat, “even after a good response to surgery and radiation, recurrence is common” by kinders binne die eerste twee jaar vanaf diagnose.<sup>56</sup> Die bepaling van die insidensie van kinder-kanker in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is moeilik, omdat baie van die oorsake van die sterftes onder kinders gerapporteer word as infeksies en wanvoeding. Die statistiek toon aan dat 80% van die kinders geaffekteer deur kanker in ontwikkelende lande leef. Die volgende is belangrik om van kennis te neem dat kanker by kinders behandel word deur “a combination of therapies

---

<sup>55</sup> (<http://www.pediatricneurosciences.com/article.asp?issn=1817-1745;year=2006>; – besoek op 16/04/2015).

<sup>56</sup> (<http://www.pediatricneurosciences.com/article.asp?issn=1817-1745;year=2006>; – besoek op 16/04/2015).

(surgery, radiation, chemotherapy) chosen based on the type and stage of the cancer” en dat die behandeling meestal deur ‘n paneel van dokters en deskundiges soos “pediatric oncologists, pediatric nurses, social workers, psychologists, and others” hanteer word. Met die oog op hierdie studie is hierdie ‘n aanduiding van die leemte dat daar nie ‘n pastorale komponent is nie.

Die oorlewing van kinders geaffekteer deur kanker is deesdae verstommend en word ondersteun deur die opmerking dat “childhood cancer can largely be cured if detected early” en dat in die “economically developed world, overall five-year childhood cancer survival rates are around 75%”.

#### 5.7.3.2.9 Melanoom

- Voorkoms en oorsaak

Hierdie kanker kom baie voor in sonnige lande soos Suid-Afrika en Australië. Die voorkoms van melanoom is besig om te styg van sewe per 100 000 van die bevolking tot soveel as 25 – 30 per 100 000 in sonnige lande aldus (Alberts, 2012:155). Melanoom is ‘n kanker wat ontstaan uit ‘n afwyking in die vorming van die pigmentselle.

- Natuurlike geskiedenis en stadiëring

Dit is belangrik volgens Alberts (2012) om seker te maak dat enige nuwe moesies of die verandering in ‘n ou moesie soos verdonkering, kleur-verandering, vergroting en bloeding onmiddellik ondersoek moet word. Dit word bevestig met die volgende opmerking dat “spots suspicious for melanoma show one or more of the following features (the ABCDs): Asymmetry, Border irregularity, Color changes, a Diameter more than the size of a pencil eraser”. Melanoom is gevaarlik omdat dit kan “spread (metastasize) to other parts of the body and cause serious illness and death”.

- Behandeling



Chirurgie bly die voorkeur behandeling maar word bepaal deur die dikte van die letsel, want wanneer melanoom behandel word, sal dokters alleenlik “1 centimeter (less than ½ inch) of the normal tissue around the melanoma” verwyder. In die geval van metastasiese melanoom word “extensive surgery” verlang. Chemoterapie en radiobestraling word as ondersteunend gebruik by die verspreide kanker met die vooruitsig van ‘n 20 – 40% tydelike verbetering volgens (Alberts, 2012:156).

- Vooruitbeskouing en moontlike reaksies

Die meeste reaksies met melanoom is verbasing, want dit het nie gelyk na iets ernstigs nie. Die meeste kommentaar van mense geaffekteer deur hierdie kanker is dat as iets verdag lyk, laat die dokter dit ondersoek. Onthou die volgende dat wanneer “it comes to spots on the skin, it is always better to be safe than sorry. Melanoma is a potentially serious form of skin cancer. Diagnosed early and treated properly, it can very often be cured”.

5.7.3.3 Gevolgtrekking:

Hierdie kort bespreking van die verskillende kankers is gedoen om aan te toon dat wanneer die prediking ‘n prakties-homiletiese reis onderneem saam met die mens wat deur kanker geaffekteer word, ontdek dit kompleksiteit waarmee mense met kanker worstel. Dus wanneer die prediking hierdie mense wil begelei en versorg moet daar deeglik kennis geneem word van die soort, die plek en die geaardheid van kanker. Die prediking kan ook kers opsteek by die outeurs van die verskillende modelle waarvolgens kanker tans hanteer word. By dit wat alles hier gesê is, mag die mens wat deur kanker geaffekteer word se insette nooit geringskat word nie. Louw (2008:343) se woorde weerspieël iets hiervan, naamlik:

“Cancer implies radicalising life and death, and an intensification of emotions. This causes restlessness that manifests itself in actions and activity. Patients must start fighting death; they must fight for the lives; they must co-operate with the radiologist and are constantly confronted with choices with regard to ‘tasks’ to be executed. This radicalising, intensifying and active effect of cancer causes these patients to be less despondent and more active than cardiac patients. The surprising fact is that in many cases they even have a very positive attitude and co-operate well”.

## 5.8 Verskillende maniere van 'kyk' na 'Kanker'

### 5.8.1 Fawzy en Fawzy

#### 5.8.1.1 Inleiding

Ons kan die volgende fases onderskei as dit by kanker kom, naamlik :

- Die diagnose

Hierdie is 'n oorgangsfase; alles was in orde en is deur 'n diagnose van kanker in chaos gedompel. Die skok van die diagnose veroorsaak gevoelens van rou, aggressie, angs en neerslagtigheid; dit kring verder uit na veranderinge aan die eetlus, energie en die gemoedstoestand. Ingryping is noodsaaklik om die persoon uit sy/haar negatiewiteit te lei, moed in te praat en te help om aan te pas. Die diagnose van kanker stimuleer onbewustelik 'n gevoel van eenheid onder die multi-dissiplinêre span, wat beteken dat 'saam gaan hulle hierdie siekte kanker' kelder.

- Oorspronklike behandeling

Hierdie is die hoopfase, want daar kan iets gedoen word. Dit is egter ook 'n probleem-area, want dit is asof die gevoelens wat by die diagnose ontstaan het, nou meer intens beleef word. Dit is of al hierdie emosies van "anxiety, fear, sadness, depression, loss of control, helplessness, hopelessness, anger and guilt" nou naby aan die mens gekom het. Die hoop beskaam nie, maar dit kom teen 'n prys. Die soort behandelings wat beskikbaar is het elkeen sy positiewe en negatiewe effekte, byvoorbeeld by chirurgie is die positiewe effek dat die kanker verwyder word, die negatiewe effek is dat dit letsels agterlaat soos in die geval van borskanker en beenkanker. Radioterapie (bestraling) is op die oog af 'n minder pynlike prosedure, maar aan die negatiewe kant verwoes dit die kwaadaardige weefsel, sowel as die goedaardige weefsel en die moontlikheid van psigotiese-afwykings soos hallusinerings is 'n realiteit. Chemoterapie is dalk die meer gevreesde behandeling van die drie, omrede dit so radikaal manifesteer in die liggaam van die mens

met kanker, soos haarverlies, naarheid, braking, isolasie ensovoorts.

- Opvolg

Na die intense ingryping deur behandeling mag dit dalk blyk dat alles terug is na normaal. Daarom poog almal om so gou as moontlik weer normaal te funksioneer. Hierdie is die absurde van die reis met kanker, daar moet normaal gefunksioneer word binne 'n abnormale situasie, onthou net dat die persoon het kanker en nie net 'n kortstondige verkoue nie. Die feit is egter dat alles is nie meer normaal nie, want kanker verswak, beperk en ruïneer mense se lewenslus en lewenskrag. Die voortdurende onsekerheid is alomteenwoordig. Dit tap mense se lewenslus en lewensenergie.

- Terugval en herhaalde behandeling

Op die oog af is die belewing en ervaring van hierdie fase byna identies soos die diagnose fase. Hierdie is soos 'n na-skok, dit word erg negatief beleef, want die persepsie word versterk, dat 'gesond word' is nie die persoon beskore nie. Daar is nou 'n groter worsteling in die gemoed van die persoon, en vrae soos: 'Lê die fout by my?'; 'Is God teen my?'; 'Wat het ek verkeerd gedoen?' word gevra. Die gevaar is dat hierdie terugval kan die mens lei na 'n fatalistiese lewensbeskouing, daar kan ook gesoek word alternatiewe wat baie tyd en energie vereis, daar kan gefokus word op "quick fixes".

- Terminaal

Daar word geglo dat die mens se grootste vrees is om geïsoleerd te wees, dit wil sê om afgesny te wees van jou gesin, familie, vriende en geloofsgemeenskap. Hierdie fase is vol van die onbekende, naamlik:

- Die dood – wat is dit?
- Om te sterwe – wat gebeur met my?
- Anderkant die graf – hoe lyk dit daar?

### 5.8.1.2 Notas by die Fawzy en Fawzy se model

In die lig van hierdie studie is dit belangrik om kennis te neem van die fase-model, dit help om te besef wat kom en watter reaksies by mense mag wees. Hierdie bly egter 'n riglyn; die uitdaging met die oog op hierdie studie is dat in die prediking hierdie fases so vertolk sal word dat dit die mens wat deur kanker geaffekteer word, daardeur kan begelei en versorg tot hoop, gerig op lewensin en lewensvreugde.

## 5.8.2 Kübler-Ross se 'kyk'

### 5.8.2.1 Inleiding

Kübler-Ross (1969) was die eerste persoon wat waargeneem het dat daar iets besonder by die mens wat sterf gebeur. In haar gesprekke met hierdie mense het sy agtergekom dat hulle deur verskillende stadia beweeg. In haar eie woorde:

"I have worked with dying patients for the past two and a half years and this book will tell about the beginning of this experiment, which turned out to be a meaningful and instructive experience for all participants. It is not meant to be a textbook on how to manage dying patients, nor is it intended as a complete study of the psychology of the dying. It is simply an account of a new and challenging opportunity to refocus on the patient as a human being, to include him in dialogues to learn from him the strengths and weaknesses of our hospital management of the patient" (1969:11).

### 5.8.2.2 Fases by Kübler-Ross

Kübler-Ross (1969:51-146) het in die gesprekke met haar pasiënte wat as terminaal beskou is, agtergekom dat daar sekere emosies na vore kom. Sy het hierdie emosies gekategoriseer onder die volgende hoofde, naamlik:

- Ontkenning ("denial")  
Hierdie is 'n kortstondige fase waarbinne die individu bewustelik ontken dat daar iewers fout is.
- Woede ("anger")  
Hierdie is die stadige aksie van die vorige fase, terwyl die slegte nuus stadig oor die individu kom en dit eensklaps duidelik word dat daar fout is; dit word begroet met 'n reaksie van ek verdien

dit nie, ek is uitverkoop en die lewe is teen my en dit is onregverdig.

- Onderhandeling (“bargaining”)

Die mens besef dat hy/sy geen aanspraak kan maak op die reg tot lewe nie, want die lewe kom van God. Hy is die Een wat die lewe in Sy hand hou, dus is Hy die gewer van die lewe en terselfdertyd die nemer van die lewe volgens die

Begrafnisformulier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Hierdie besef motiveer die mens om te kyk of hy/sy nie die proses kan vertraag deur met God te begin onderhandel oor die lewe nie. Daar vind ‘n ruiltransaksie plaas, die mense ruil ‘n aantal beloftes vir God se goedheid en liefde (Rom. 8:28).

- Depressie (“depression”)

Hierdie is die normale reaksie as die realiteit inskop. Dit wat altyd vir die mens op die horison gelê en wag het van hierdie lewe, het skielik tot teenaan hierdie mens gekom. Die môres het die nou’s geword en die nou’s het verdwyn as die gisters. Ek gaan nie by alles uitkom nie, dus het ek gefaal, en dit is hierdie belewenis wat lei tot depressie.

- Aanvaarding (“acceptance”)

Wanneer die mens besef dat hierdie siekte-toestand, wat kan lei na die dood deel is van God se tydsbestek ten opsigte van die lewe (Pred. 3), kom daar rustigheid. Hierdie rustigheid laat toe dat die vrede “shalom” oomblik kan aanbreek. Die reis van die lewe kan nie deur ‘n verkyker dopgehou word nie, want dit kan daartoe lei dat die naby-dinge nooit opgemerk en beleef kan word nie. Aanvaarding vra iets hiervan; moenie te veel energie op dit wat slegs in die verte sigbaar is, mors nie, gebruik eerder dit wat tasbaar en vatbaar is hier en nou. Aanvaarding is om te sê dat die nou hier is en benut gaan word en dit wat bygevoeg mag word, sal met dankbaarheid aanvaar word.

### 5.8.2.3 Notas by Kübler-Ross

Corr (1991-92:82) se opmerking maak sin:

“ ... that a stage-based approach to coping with dying, especially when used in ways not in accord with its author's intentions, can erect obstacles to individualization; a stage-based model risks stereotyping vulnerable individuals who are coping with dying”.

Die fase-gebaseerde benadering is nie baie positief waardeer in die vroeë navorsingsliteratuur nie sien (Metzger, 1979; Schulz & Aderman, 1974) en nog steeds is daar geen bevestiging van die geldigheid en betroubaarheid van hierdie benadering nie. Dit word verder ondersteun as navorsers soos Feigenberg (1980), Pattison 1977, Shneidman (1980) en Weisman (1977) aangehaal deur Corr (1993) dit duidelik stel dat die fase-gebaseerde benadering onvoldoende, kunsmatig en misleidend is. Kastenbaum (1986) het ook na die evaluasie van die fase-gebaseerde benadering die volgende opmerkings gemaak, naamlik:

- Die bestaan van hierdie fases is nog nooit gedemonstreer nie.
- Geen bewys is gelewer dat die individu deur fases beweeg van ontkenning regdeur tot by aanvaarding nie.
- Dat benadering sekere beperkinge het word nie aanvaar nie
- Daar is nie genoegsame onderskeid tussen beskrywing en voorskrywe nie
- Totaliteit van die individu se menswees word agterweë gelaat ter wille van die fase-gebaseerde benadering.
- Die bronne, druk en karaktertrekke van die omgewing word buite rekening gelaat.

Dood is nie 'n psigiatriese siekte nie, dit is 'n normale proses in die menslike lewe. As Craven and Wald (1975:1816) dit stel “What people need most when they are dying is relief from distressing symptoms of disease, the security of a caring environment, sustained expert care and the assurance that they and their families will not be abandoned”. Die krisis is dat Kübler-Ross se fase-gebaseerde benadering fokus uit

en uit op die psigo-sosiale dimensie, minder op die geestelike en glad nie op die fisiese nie.

#### 5.8.2.4 Redes hoekom die fase-gebaseerde benadering kan faal

Eerstens is dit beperkend en baie vereng om te dink dat die individu met 'n krisis slegs deur hierdie fases hoef te werk vir 'n suksesvolle einde. Tweedens is die vraag of hierdie fases regtig die individu tot nut kan wees in die hantering van krisisse of is dit net 'n soort verdedigingsmeganisme? Derdens kan hierdie fases nie soos 'n voorskrif hanteer word nie.

#### 5.8.2.5 Winspunte van die fase-gebaseerde benadering

Dit is belangrik om krities te dink en te kyk na sekere teoretiese benaderings in die hantering van krisisse, maar daar moet altyd begrip wees vir kritiek, want “Informed and thoughtful criticism is a kind of recognition and tribute, not a devaluation or mistreatment” (Corr, 1993:74). Die winspunte van hierdie benadering is drieërlei, naamlik:

- Die individu wat 'n krisis ervaar is nog lewend en het dalk nog onbevredigende behoeftes;
- Goeie begeleiding/versorging word gerugsteun deur hulp wat vloei uit fyn luister en om te identifiseer met die individu in krisis;
- Hulpverleners moet leer om uit die ervaring van die individu in krisis hulleself te sien as sterflik, breekbaar en tydelik, maar ook as individu wat buigsaam, aanpasbaar, interafhanklik en liefdevol is.

#### 5.8.3 Berustingsbenadering

Hechter, Poggenpoel & Myburgh (2001:56) het die berustingsmodel daar gestel nadat hulle navorsing gedoen het oor die leefwêreld van gesinne met 'n terminale siek kind. Hulle het onder andere bevind dat daar vyf herhaalde temas is, naamlik:

- “A person is able to choose his/her reaction to the crises of having a terminally ill child in the family.

- When there is a terminally ill child in the family, the family values change.
- Acceptance of the circumstances with terminally ill children makes life easier.
- As families with a terminally ill child learn to live every moment to the full, their quality of life improves.
- As people learn to accept support, their quality of life with a terminally ill child improves”.

#### 5.8.4 Corr se taakgebaseerde benadering

##### 5.8.4.1 Inleiding

Die volgende stelling van Corr (1991-92:82) het meriete as hy sê, “It is not sufficient to criticize flawed theoretical models or even to set them aside”. Daar moet alternatiewe gevind word om die individu tydens hierdie krisis te begelei en te ondersteun. Corr se denkrigting is verligting (“palliative”), dit gaan oor die lewende individu wat sekere take moet verrig in die hantering van sy krisis eerder as op die individuele siekte. Daar is ‘n leemte as dit kom by die hantering van krisisse goed of sleg, dus is die behoefte groot om hierdie terrein te betree met die oog op nuwe en effektiewe voorstelle in die hantering van krisisse.

##### 5.8.4.2 Vertrekpunt

Die taakgebaseerde benadering (Corr, 1991-92:82) se vertrekpunt is dat dit nie saak maak verouderd of nuut nie, maar so ‘n model moet vier funksies verrig, naamlik:

- “Provide a basis for *understanding* all of the dimensions and all of the individuals that are involved in coping with dying;
- Foster *empowerment* for those who are coping with dying by emphasizing the options available to them as they live out what is often a difficult time in life;
- Emphasizing *participation* or the *shared* aspects of coping with dying – those aspects whereby people draw together in small communities and assist each other in interpersonal networks;



- Provide *guidance* for care providers and helpers, whether they are professionals, volunteers or family members”.

Die toets vir ‘n goeie benadering word uitgestippel in die verstaan, die bemagtiging, die deelname en die begeleiding van al die rolspelers rondom ‘n krisis. Die taakgebaseerde benadering fokus op die take wat die rolspelers in die hantering van die krisis kan verrig; hierdie val vir my in ‘n sekere sin saam met dit wat die Bybel ons leer ‘ ... doen wat jou hand vind om te doen ...’ 2 Samuel 10 vers 7.

#### 5.8.4.3 Die taakgebaseerde benadering raak die volgende vlakke

Die winspunt van hierdie benadering is dat dit “approaches people from their perspectives and their coping skills” (Corr, 1991-92:83). Die individu se omstandighede is bepalend, niemand is heeltyd vasgevang in die proses van lyding nie, dus kan die behoefte van die individu voortdurend verander wat beteken die take op spesifieke oomblikke kan verskil, (vgl. Corr, 1991-92). Corr wys daarop dat hierdie taakgebaseerde benadering lê op vier primêre vlakke, naamlik:

- Fisiese (“physical”)

Die fisiese ongemak is meer kere die krisis, daarom is dit belangrik “To satisfy bodily needs and minimize physical distress”. Die fokus moet op die mens wees en nie soseer op die siekte as sodanig nie.

- Sielkundig (“psychological”)

Die ergste wat met die individu kan gebeur is isolering, die siening dat alles nou verby is en dit net ‘n kwessie van tyd is. Enige mens wil weet dat hy/sy se lewe saak maak en om dit te ignoreer is om daardie individu te stroop van sy/haar menswaardigheid. Drie faktore wat belangrik is vir die sielkundige balans in menswees is sekuriteit, outonomie en sinvolheid.

- Sosiale (“social”)

Die mens is 'n sosiale wese, die mens lewe binne verhoudings met ander mense as individue, met ander mense as lede van 'n sekere groep en met ander mense binne 'n gemeenskap.

- Geestelike (“spiritual”)

Hierdie is die essensiële van die hele hanterings-meganisme, dit is die bron waaruit die individu sy / haar geestelike energie en lewenskrag moet tap om te oorleef. Die geestelike dimensie in die mens se lewe behels hoop. Hoop is 'n verwagting dat alles goed sal afloop en iets goeds verwag (1991-92:84).

Die redes waarom die hantering “coping” belangrik is, is omdat die mens nie maar net 'n stok of blok is nie; hy/sy belewe en ervaar dinge wat anders is as 'n masjien wat net oppak. Kubler-Ross (1975) bevestig dit as sy in haar boek skryf dat die dood “the final stage of growth” is. Die hantering van krisis is nie net deel van die individu se lewe nie, dit behels sy/haar hele totale lewe. Daar is geen maklike weg nie, begeleiding en ondersteuning van die individu in die hantering van krisis word gekenmerk deur “active listening, careful observation, sensitive assessment and ongoing reassessment” (Corr, 1991-92:89). Niemand kan sommer so op die oog af voorspel hoe die individu sal vaar in die hantering van 'n krisis nie, volgehoue bemoeienis met die individu is 'n vereiste.

#### 5.8.4.4 Die nut van die taakgebaseerde benadering

Hierdie benadering dien nie as kritiek op ander benaderings nie, maar wil 'n bydrae maak tot die effektiwiteit van die hanteringsbenaderings rondom krisis.

- Verbeterde begrip

In die hantering van krisis gaan dit nie net noodwendig oor die emosies of sielkundige reaksies nie, maar gaan dit oor die totale individu (siel, gees en liggaam) in hierdie lewe. Verstaan die universiële mens en jy verstaan die individuele mens. Dit gaan

hier oor die betrokkenheid van al die rolspelers, naamlik die individu in krisis, familie, vriende en die hulpverleners.

- Bemagtiging

Taak verskil van stadium of fase in die hanteringsbenaderings van krisis in die opsig dat dit die rolspelers aktief betrokke maak in plaas van 'n passiewe waarnemer. Die keuse om te reageer op die ongemak van dit wat die krisis in jou lewe veroorsaak, lê by die individu. Victor Frankl (1984:86) het geskryf "everything can be taken from a man but one thing: the last of the human freedoms – to choose .... one's own way". Bemagtiging hou in dat die individu fokus nie op dit wat veronderstel is om te gebeur nie, maar op dit wat vir hier en nou belangrik is. Bemagtiging laat toe vir die dinamika binne die proses van die hantering van krisis, op hierdie manier "it avoids the twin pitfalls of linearity and directedness that are prominent risks in any stage-based approach" (Corr, 1991-92:90).

- Deelname van rolspelers

Krisis raak nie net die individu nie, maar kring wyer uit na die betrokke groepe van belang, naamlik die individu met die krisis self, familie en vriende asook die professionele hulpverleners. Die voordeel is tweeledig volgens Corr (1991-92:91), naamlik "it extends the understanding of the scope of coping ... to include all of the people who are involved" en dit "recognizes the many layers of complexity in coping". Verder is daar twee stappe in die hantering van krisis, naamlik die eerste stel gaan oor die behoeftes van die individu en die tweede stel gaan oor die verhoudings met die relevante rolspelers om die individu (Corr, 1991-92:91).

- Begeleiding van hulpverleners

Die taakgebaseerde benadering gee rigting aan almal wat betrokke is by die individu se hantering van 'n krisis. Dit is hoekom hierdie benadering beter funksioneer as die stadium- of

fase-benadering, want laasgenoemde verskaf geen leiding oor die hantering van die individu in 'n bepaalde stadium of fase nie, dit wil sê dit laat die hulpverlener passief. Die individu beleef 'n krisis, maar is beslis meer as 'n krisis, hy / sy het 'n naam en is iemand.

Teoretiese benaderings is 'n goeie maatstaf, maar sal altyd beperk wees, omdat die individu elke keer anders kan reageer. Carl Jung skryf dat “theories in psychology are the very devil. It is true that we need certain points of view for their orienting and heuristic value; but they should always be regarded as mere auxiliary concepts that can be laid aside at any time” (Jung, 1954:7).

### 5.8.5 Die versigtigheids-model van Zurheide

#### 5.8.5.1 Inleiding

Zurheide (1997:1) maak die opmerking dat, “Nothing assaults a pastor’s theology and emotions as does a visit to someone who is suffering and dying or who is grieving a tragic death. All of one’s personal issues surrounding pain and finitude are summoned forth. All of one’s presuppositions about God are challenged”. Dit is waar dat die mens eers binne hierdie situasie werklik mens word en beseft dat daar nie antwoorde vir alles in die lewe is nie. Dit is binne hierdie situasies dat die mens die wind en die lewenstorms voel ruk aan die ankers van die lewe. Dit is 'n verhelderende gewaarwording om as predikant of hulpverlener te beseft dat die nader tree om betrokke te raak by die mens wat met kanker saamleef, in baie opsigte ooreenstem met voorbereiding van 'n tuin-uitleg deur 'n landskapsargitek.

Volgens Zurheide (1997) word die volgende stappe onderskei, naamlik:

- Antisipering

Antisipasie van waar die mens wat met kanker saamleef hom of haar bevind. Oden (1984:18) skryf juis in die verband “Empathy is the process of placing oneself in the framework of another, perceiving the world as the other perceives it, sharing his or her world imaginatively”.

- Ingesteldheid  
Dit is baie belangrik dat die ingesteldheid van die hulpverlener in lyn moet wees met die identiteit van die mens wat met kanker saamleef, wat noodwendig kan beteken dat die hulpverlener moet beseef hy of sy is nie die “Guru”, die “Doctor” en “Sunbeam” nie.
- Nader kom  
Volgens Zurheide (1997:9) moet jou toetreding vergelyk kan word met “entering a sanctuary – a holy place”. In die lig hiervan is dit toepaslik om te kan sê dat geestelike versorgers die sfeer van die mens wat met kanker saamleef nader met “a sense of humility, even privilege, for we are about to enter a sanctuary that is not ours to fathom or control, but only to share”. Dit opsigself lei daartoe dat die mens wat met kanker saamleef aan die woord kan kom hetsy deur gesigsuitdrukkings, gemoed, stemtoon en liggaamstaal.

Dus kan enige vooropgestelde idees en agendas aan die kant van die geestelike hulpverlener belemmerend inwerk op die pastorale verhouding. Zurheide (1997:12) skryf ook van stilte wat uiters belangrik is, volgens hom “silence can indeed be terrible for those of us who have reason to feel its threat. Yet it can also be seen as ‘gift’ when it draws forth from the human heart such realities as guilt, pain, grief, or joy”.

#### 5.8.5.2 Die vrae by Zurheide

Zurheide praat onder meer van die volgende kategorieë wat onderskei kan word by die “why me?” vraag, naamlik:

- die retoriese “why me?”  
Hierdie is ‘n belangrike vraag en om dit te probeer antwoord is eintlik ‘n blokkering van “healthy grieving” volgens Zurheide (1997:15). Hierdie is vir die mens wat met kanker saamleef die toets om agter te kom of die geestelike hulpverlener bereid is om met hom of haar te identifiseer.
- die saamwees van die “why me?”

Die teenwoordigheid van die geestelike hulpverlener is soms meer belangrik as enige verklaring van God se voorneme met die mens geaffekteer deur kanker.

- die teologiese “why me?”

Dit is die mens wat met kanker saamleef se manier om te kyk of hy of sy met bemiddeling van die geestelike versorger God se wêreld met sy of haar wêreld kan versoen. Die leer en die lewe moet noodwendig by mekaar uitkom. Die leer kan baie maklik verby werklike vrees, pyn en rou beweeg met seker formules en verklarings sonder om by die mens wat met kanker saamleef uit te kom.

### 5.8.5.3 Antwoorde by Zurheide

Die teologiese “why me” het volgens Zurheide (1997:19-25) moontlike antwoorde soos:

- Deterministiese antwoord, dat God soewerein is en dat alles val binne Sy wil. Hierdie is egter problematies as dit kom by die karakter van God.
- Didaktiese antwoord, dat lyding opvoedkundige waarde het en dat dit mag wees dat God die betrokke mens iets wil leer.
- Atletiese antwoord, dat God lyding kan gebruik om die betrokke mens te toets.
- Dissiplinêre antwoord, dat God lyding kan gebruik om die betrokke mense te dissiplineer.

In hierdie studie is hierdie ‘n belangrike moment vir die prediking en die mens geaffekteer deur kanker, want dit is die betreding van die “hallowed and mysterious ground where two formidable constraints loom large: the time to do the subject justice, and the ability to do the subject justice” (Zurheide, 1997:18).

### 5.8.6 Die “Presentie” (Aanwesigheids- of teenwoordigheids-) model

#### 5.8.6.1 Inleiding

Die persoon wat die teorie van “De Presentie” die eerste keer die lig laat sien het, was Kor Schippers in 1990 met ‘n ondersoek na die “kerkelyke presentie in de oude stadswijk” as ‘n vorm van

“buurtpastoraat vanuit die behoeften en belangen van bewoners” (Baart, 2011:13). Hierdie teorie van “de presentie” is verder uitgewerk deur Andries Baart (2011) en daar sal klem gelê word op die toepaslike raakpunte van hierdie teorie met die oog op hierdie navorsingsprojek.

Blootstelling is die as basis waarop die aanwesigheidsmodel geskoei is en dit kan vergelyk word met die ontwikkeling van ‘n foto; die hoeveelheid lig waaraan die film blootgestel word, sal bepaal hoe die prentjie moet lyk. In die konteks van hierdie studie sal die ingewinde inligting bepaal hoe die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat deur kanker geaffekteer is, lyk. Dit help om ‘n beeld te vorm van die mens wat met kanker saamleef. Die stadia van die blootstelling vereis volgens Baart (2011:212-214) die volgende, naamlik:

- Die self moet onderdruk en beheers word, dit wil sê ‘n verkeerde aanpak gaan beslis lei tot ‘n verkeerde ‘foto’ van die mens wat met kanker saamleef. Die mens wat met kanker saamleef kan totaal gemanipuleer word volgens die smaak van die prediker. Daarom dat Baart (2011:213) dit duidelik stel dat “de mond gesnoerd, de oren laten hangen en de handen op die rug” moet wees.
- Daar vind ‘n suiwering plaas wat beteken dat die prediker se self op die agtergrond geskuif word om ruimte te skep vir die ander om te verskyn soos hy of sy werklik is.
- Daar moet ‘n ontvanklikheid wees by die prediker (hulp-verlener) om ruimte aan die mens wat met kanker saamleef te gee om hom of haarself aan te bied, sonder enige veroordeling, verklaring en optrede. Dit vra dat die betrokke mens hanteer sal word met “compassie, inzet, respect en zorg” (Baart, 2011:214).
- Die toewyding van die mens wat met kanker saamleef aan die prediker (hulpverlener) is van kardinale belang, want dit “betekent eenvoudig gezegt de intense, trouwe, dienstige en verantwoordelijkheid aanvaarende inzet voor de ander en wat deze als een (wenselijk) goed ervaart” (Baart, 2011:214).

Hierdie is die kritiese oomblik van die blootstelling, omrede daar vasgestel wil word wat die ware toedrag van sake is, want die prediker (hulpverlener) wil nie met 'n verkeerde waarneming werk nie. Dit gaan hier oor die tipe reaksie wanneer die blootstelling van die predikant met die mens wat met kanker saamleef, plaasvind.

Volgens Baart (2011:217) kan hierdie blootstelling soos volg in tabelvorm daaruit sien:

<b>Werklike ervaring</b> →  Bekendheid met die mens wat met kanker saamleef  ↓	<b>Aangedaan</b> maar niet geskok	<b>Aangedaan</b> en ontredderd
<b>Vertroud</b> met die situasie	Verblijd (gevaar – onkritiese selfvoldaanheid)	Verbaasd (gevaar – klem op die negatiewe aspekte)
<b>Vreemd</b> met die situasie	Verbluft (gevaar – nadruk op positiewe aspekte)	Verbijsterd (gevaar – angst-gestuurde vertekening van die werklikheid)

#### 5.8.6.2 Opmerkings oor die “Presentie” model

Die waarde van die blootstelling lê daarin dat dit die pastor se “registers van de menslike sensitiviteit open”, wat beteken dat “se appelleert niet alleen aan cognities en attitudes maar ook aan de effectiviteit en emotionaliteit, aan de motivaties en de wil, en aan het gedrag en het handelen – en ze hoopt deze in een, opnieuw georkestreerde harmonie van betrokkenheid te laat klinken” (Baart, 2011:220). Dit is juis hierdie registers wat die mens wat met kanker saamleef se gevoel tot uitdrukking bring vir die daarstelling van ‘n eie wêreldbeeld. Volgens Baart (2011:220) kan gevoelsuitdrukkinge in drie kategorieë geplaas word: eerstens die “melioratiewe” gevoelsuitdrukking wat beteken dat die prediker bewustelik die klem laat val op die positiewe betekenis van die blootstelling, tweedens is daar gevoelsuitdrukking wat saam val met die onsekerheid dat daar nie presies vasgestel kan word wat werklik in die gemoed van die mens wat met kanker saamleef aangaan nie en derdens is daar die gevoelsuitdrukking van negatiewe wat wys op ‘n tweërlei rede: aan die een kant die verskiklikheid van die kanker op die mens en aan die ander kant die onbegrip van die kerk rakende die situasie.



Die betekenis van die gevoelsuitdrukkings is volgens Baart belangrik vir die verstaan en begeleiding van mense in krisis en hy wys op vyf uiteenlopende betekenis wat hierdie gevoelsuitdrukkings inhou, naamlik: (i) Buitengewone ervaring; (ii) Dit kan dui op goeie selfinsig na binne asook goeie begrip na buite; (iii) Die appèl wat hierdie gevoelsuitdrukkings op die toehoorder plaas, is geweldig, maar vra vir begrip; (iv) Dit vrywaar nie dat die prediker (hulpverlener) daarteen immuun kan bly nie en (v) dit openbaar die onderliggende strominge in die gemoed van die mens wat met kanker saamleef. Die blootstelling gaan daaroor om werklik iets te begryp van dit wat beleef en ervaar word deur die mens wat met kanker saamleef in sy of haar omstandighede. Hy toon dat daar drie blootstelling praktyke onderskei kan word, naamlik, (i) 'n eenmalige voor-stadium wat help "om een zekere gevoeligheid en een spesifiek manier van kijken" by die prediker (hulpverlener) daar te stel; (ii) meervoudige siklusse wat as dinamiese prosesse voortdurend daar is om nuwe of onbekende elemente te identifiseer om die mens wat met kanker saamleef beter te begryp met die oog op ondersteuning en begeleiding en (iii) 'n bepaalde houding wat die blootstelling opnuut onderskei as 'n manier van daar wees vir die mens wat met kanker saamleef (2011:223-224). Baart (2011:225) stel dit uitstekend as hy skryf dat die blootstelling oor 'n aantal reëls beskik vir "het kennis-maken" met die betrokke mens en een daarvan is dat "de pastor behoort de buurt te leren kennen vanuit de visies en beleving van bewoners en niet, zoals we zagen, vanuit de sociale kaart, cijfers, professionele taxaties van derden of theologische prerogatieven". Blootstelling bring drie wêreld byeen, naamlik die A-wêreld met die prediker (hulpverlener) se insette en gevestigde sienings van die kenners, en die B-wêreld wat die mens wat met kanker saamleef se leefwêreld en nood insluit en die C-wêreld wat as speelveld vir die bemiddeling van die A- en B-wêreld dien met die oog op 'n werkbare praktyk.

### 5.8.7 Skematiese voorstelling

<b>Tipe model</b>	<b>Oogmerk</b>	<b>Strategie</b>	<b>Winste / Beperkings</b>	<b>Peilings</b>
<b>Fayzy &amp; Fayzy-model</b>	<p>Hierdie model konsentreer op die volgende fases:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Diagnose</li> <li>• Oorspronklike behandeling</li> <li>• Opvolg</li> <li>• Terugval</li> <li>• Terminaal</li> </ul>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>Die wins van hierdie model lê juis daarin dat dit rekening hou met die realiteit, kanker word gediagnoseer, daar is raad vir die behandeling, dit gaan goed, maar dit kan ook terugkom.</p>	<p>Kanker is 'n proses, wat beteken dat dit nie net 'n instap en 'n uitstap is nie. Kanker vra geduld en volgehoue betrokkenheid.</p>
<b>Kübler-Ross se Fase-model</b>	<p>Sy toon an dat mense wat besig is om te sterf deur verskillende stadia gaan onder andere</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontkenning (denial)</li> <li>• Aggressie (anger)</li> <li>• Onderhandeling (Bargaining)</li> <li>• Depressie (depression)</li> <li>• Aanvaarding (acceptance)</li> </ul>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>Die wins van hierdie benadering stel dit duidelik dat dit mense is wat met kanker saamleef, en dat mense anders is as die diere in hierdie wêreld. Mense het sintuie dus hulle kan sien, hoor, ryk, voel en praat. Die mens werk nie op instink nie, en daarom kan hy of sy stoei met die lewe en met God.</p>	<p>Tydens die reis met kanker is daar verskillende fases wat mense beleef. Die krisis is dat hierdie fases nie chronologies verloop nie. Soms is die fokus so op die fases dat die mens geaffekteer deur kanker vergeet om die nou raak te sien in die lewe.</p>
<b>Berustings-model Hechter et al</b>	<p>Die klem hier is dat as jy jou bevind in die krisis van 'n terminale siekte is daar vyf temas wat deurlopend hanteer</p>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat</p>	<p>Die wins van hierdie benadering is dat dit iets van die dinamika wat tydens 'n siekte soos kanker ontstaan</p>	<p>Kanker bring verdieping by mense en dit skep die geleentheid</p>

	<p>word deur die betrokke pasient en sy of haar mense, naamlik</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die reaksie op die krisis bly by die betrokke</li> <li>• Die waardes verander</li> <li>• Aanvaarding van die krisis verlig die stres</li> <li>• Leef elke oomblik</li> <li>• Aanvaar ondersteuning wat die kwaliteit van lewe verhoog</li> </ul>	<p>met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>deurgee en daarop wys hoe mense se uitkyk kan verander as dit nodig is.</p>	<p>om sinvol en betekenisvol met mense om te gaan. Kanker maak mense vatbaar vir die sensitiewe dinge in die lewe.</p>
<p><b>Taakgebaseerde-model</b> <b>Corr</b></p>	<p>Die fokus hier palliatief en wil hê die betrokke persoon wat die krisis beleef op verskillende terreine help om die krisis te hanteer, soos op die ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Liggaamlike ongemak moet aangespreek word in plaas van net die siekte</li> <li>• Sielkundige ongemak moet hanteer word sodat die betrokke persoon ervaar dat sy of hy waardeer word</li> <li>• Sosiale ongemak</li> </ul>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>Die wins van hierdie benadering lê juis daarin dat dit die mens versorg wil sien eerder as die siekte.</p>	<p>Kanker laat toe dat mense naby mag kom. Kanker wek deernis by mense.</p>

	<p>raak die verhoudings waarbinne die betrokke persoon leef en dit moet hanteer word en waar krisisse is moet dit opgelos word</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geestelike ongemak moet hanteer word sodat die betrokke persoon met die krisis nie moed verloor en hoop opgee nie.</li> </ul>			
<p><b>Versigtigheidsmodel</b> <b>Zurheide</b></p>	<p>Die klem val hier op die benadering van die betrokke persoon wat in 'n krisis is, die volgende faktore speel 'n rol naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Antisipasie beteken om te kom na die punt waar die persoon met die krisis hom- of haarself bevind</li> <li>• Ingesteldheid is daarop gerig om 'n Aäron en 'n Hur te wees en die Mosesse te help (Eks.17:12).</li> <li>• Nader kom moet in lyn wees met ons spreekwoord wat lui, 'dwase storm in waar engele bang is om in te gaan.</li> </ul>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>Die wins van hierdie benadering is die waarskuwing dat die saak groter is as die individu, hierdie benadering roep om 'n nader staan nie as kenner nie, maar as helper, sodat God se genade kan seëvier in die mens wat met kanker saamleef.</p>	<p>Kanker vra kom sit by my en help my in dit wat ek nodig het. Kanker vra sien my raak vir wie ek is en nie vir wat ek is nie.</p>

<p><b>Presentie-model Baart</b></p>	<p>Hierdie is beslis 'n model wat regtig probeer om die mens met die krisis voorop te stel om agter die kap van die byl te kom, dit vra die volgende, naamlik</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die self van die hulpverlener moet onderdruk word om die ware prentjie na vore te bring</li> <li>• Daar moet ruimte gegee word vir die persoon met die krisis om aan die woord te kom</li> <li>• Daar moet 'n ontvanklikheid wees ten opsigte van die persoon met die krisis en</li> <li>• Daar moet toewyding wees om saam met die persoon wat in krisis is enduit die pad te loop</li> </ul>	<p>Is om deur gesprek, luister en waarneming te probeer vasstel hoe reageer die mens wat met kanker saamleef op die verskillende stadia binne die kanker verloop.</p>	<p>Die wins van hierdie benadering is om aan te toon dat enige hulpverlening nie net 'n instap en 'n uitstap is nie, maar dat dit vra vir toewyding en erns.</p>	<p>Kanker vra wees daar vir my.</p>
-------------------------------------	---	---	--	-------------------------------------

## 5.9 Kanker die 'rysmier'

### 5.9.1 Inleiding

Die rysmier se werk is om te 'ondermyn, agterbaks teenwerk en verswak" (Odendal, 2013:960). Kanker verander alles; in die woorde van Samson & Zerter (2003:329) "Despite higher survival rates, cancer remains a difficult diagnosis to absorb. The person with cancer is confronted with the news of a possible fatal, long term or recurring illness. Cancer today effects an increasing number of people, including the individual with the disease as well

as those close to the person”. In die hantering van kanker is daar ‘n leemte by navorsers as dit kom by die prediking as ‘n prakties-homiletiese strategie vir die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef.

### 5.9.2 Denk-wêreld

Die eerste gedagte wat by my opkom as ek die woord kanker hoor, is dood, alles is oor en verby, daarom dat ek my kan vereenselwig met die woorde van die Prediker as hy skryf in hoofstuk 9 vers 11 en 12 “Weer het ek onder die son gesien dat die wedloop nie is vir die vinniges en die oorlog nie vir die helde nie; en ook die brood is nie vir die wyse of ook rykdom vir die slimmes of ook guns vir die verstandiges nie; want tyd en lotgeval tref hulle almal. Ja, die mens ken ook sy eie tyd nie, soos die visse wat gevang word in die gevaarlike net, en soos die voëls wat gevang word in die vangnet—soos hulle word die mensekinders verstrik in die tyd van onheil as dit hulle skielik oorval”. Kanker oorrumpel die denke van die mens ten opsigte van:

#### - Gedagtes

Dit is asof daar nie rigting kom nie, daar word beweeg van die een uiterste na die ander uiterste, soos Rossman (1985:123) dit stel “My pilgrimage with cancer had thus far evidenced two extremes being on a pedestal (‘my isn’t it amazing how you handle this’) and being a Leper (‘people were afraid of me because I had cancer’). Jou gedagtegang word heelyd ontwrig, na elke terugslag begin alles weer van voor en net sodra jy weer op koers is, dan kom die volgende krisis, “life being a precious gift and life being filled with tragedy and a God who seems distant” Rossman (1985:124). Daar is heelyd hierdie worsteling tussen geloof en twyfel, dit waarvoor jy hoop bots lynreg met dit wat jy sien.

#### - Skuldgevoelens

Die lewe is darem vreemd, wanneer kanker by jou gediagnoseer word, dan kry jy jouself eers jammer, maar as iemand van wie jy dit nie verwag nie skielik sterf of iets oorkom, dan voel jy skuldig. Hierdie gedrag is die eerste keer deur Cobb and Lindemann (1943:816-823) geïdentifiseer tydens hulle bestudering van die oorlewendes tydens die 1942 “Cocoanut Grove fire in Boston”. Hulle bevinding was dat van die emosionele versteurings wat by die welaangepasde oorlewendes

voorgekom het was “conflict” en “guilt”. Dit het daarvoor gegaan dat die oorlewendes begin skuldig gevoel het oor die feit dat hulle lewe en van hulle kollegas gesterf het. Maxwell and Aldredge-Clanton (1994:27) het die volgende gemeenskaplike eienskappe by kanker oorlewendes aangeteken, naamlik “a search for meaning of their survival, feelings of responsibility for the death of other cancer patients and the need to make restitution for having lived when other died”.

- Die hoekom?

Hierdie vraag word net gevra as daar iewers ‘n krisis of ‘n katastrofe ontstaan. Wanneer dit goed gaan en alles onder beheer is, is die hoekom vraag afwesig. Hoekom ek? Hoekom laat God dit toe? Sorajjakool and Seyle (2005:177) rapporteer dat een van die vroue wat deelgeneem aan hulle studie op die vraag of sy worstel met die “Why me?”, soos volg geantwoord het, naamlik “Absolutely. I still do .... It’s an emotional rollercoaster. One day you think, ‘Boy I am up to the speed and I can handle it’ and I have a positive attitude, and the next day you are at the bottom end. I just wish this was over. Why am I going through this?”.

- Skaamte

Susan Sontag (1976) bespreek dit uitdagend in haar boek dat daar vandag by baie mense hierdie “almost superstitious, reaction to cancer as a sinister reality – akin to associations to leprosy” is. Dit lei daartoe dat families en vriende geïsoleerd raak uit vrees dat hulle gespot kan word aan die anderkant. Fitzgerald en Hammelman (1982:24) praat van die “affected family feels possessed of a ‘secret’ which they dare not reveal”.

- Die geloof

Die behoefte aan betekenis is ontologies, dit is ‘n essensiële deel van menswees. “This need to find meaning drives us in a quest to explain the phenomenal world, that is the world as it appears to us” Tillich (1951:167-175). Sorajjakool en Seyle bevestig dit as hulle skryf dat “Peoples’ various attempts at understanding the experienced world are expressed through stories and myths” (2005:173). Hierdie word op die

spits gedryf wanneer die mens gekonfronteer word met 'n krisis. 'n Krisis bevraagteken die sinvolheid en betekenisvolheid van menswees in die wêreld vandag.

### 5.9.3 Leefwêreld

#### 5.9.3.1 Inleiding

Die woord kanker het 'n geweldige impak op die lewe. Die krisis is dat 'n mens probeer jouself normaal handhaaf in 'n abnormale situasie. Dinge kan nooit weer dieselfde wees na die woord kanker nie. Die een oomblik voel jy alleen en uitgesluit, maar daardie oomblik as jy deur die hospitaaldeure van die Onkologie afdeling stap ontdek jy 'n kolonie van mense soos jy. Mense wat bereid is om hulle positiwiteit, hulle hoop, hulle dankbaarheid, hulle liefde, hulle geloof, hulle vrese en hulle moed met jou te deel (sien ook die studie van Elizabeth Johnston Taylor, 2003:260-266).

#### 5.9.3.2 Verhoudings waarbinne die mens staan

- God

Kanker ontstig en ontwortel mense van dit waaraan hulle so gelowig en stewig vasgehou het. In die gedig 'Die Here is nie my herder nie' verwoord Cas Vos (2007:16) menige mens wat deur kanker geaffekteer word se belewenis van God, naamlik: 'Die Here is nie my herder nie, ek kom alles kort. Hy lei my na leegtes, laat my bloedsweet, bring my na 'n woestyn sonder manna se genade'

- Die self

Die oproep van die ontvangsdame dat dokter wil met jou praat, voorspel onheil; eensklaps is alles nie so rooskleurig soos dit op die oog af blyk nie, daar's fout. Die konfrontasie met kanker veroorsaak geweldige spanning by die pasiënt sowel as by haar of sy familie. Dalk is dit die heel eerste keer dat die pasiënt totaal afhanlik is van ander. Onpersoonlike masjinerie, radikale chirurgie en sterk geneesmiddels word deel van die daaglikse opset. Kanker skud jou fundamente, Iodice (2002:283) stel dit so:



“A diagnosis of cancer threatens the once carefree musings on my future – my longevity here on this earth, times at special vacation spots, time with friends, with loved ones, with my security, stability and constancy, of ‘always’ being able to enjoy the fullness of life”.

Die besef van kanker raak ook jou sintuie, jy sien dinge raak, jy luister beter, jy raak bewus van klein dingetjies, jy praat versigtiger en jy proe beter.

- Die familie  
Die familie deel bogenoemde bekommernisse met die pasiënt, maar ervaar soms in die woorde van Sachleben (1979:104) “a sense of loss and abandonment”. Die speelveld word ‘n mynveld van gevaarlike onbekendes soos ekonomiese volhoubaarheid, gebrekkige kennis, onmenslike verwagtinge en akute vrees van onsekerheid.
- Die geloofsgemeenskap  
Die geloofsgemeenskap speel ‘n belangrike rol in die begeleiding en ondersteuning van die persoon wat deur kanker geaffekteer is op twee vlakke, naamlik om ‘n ruimte te skep waar die liefde van God gestalte kry in gesindheid en aksie en om mede-gelowiges toe te rus met ‘n bewoënheid en sensitiwiteit vir kanker. Die geloofsgemeenskap moet meer doen as die eenvoudige resep van glo net dat Jesus jou Redder is, dat God verhoor gebede en dat die hemel eintlik ons tuiste is. Om werklik ‘n verskil te maak vra vaardigheid en omgee met die wete dat opleiding kan help, dat ervaring bruikbaar is, maar dat liefde belangrik is. Hierdie moet die ruimte wees waar die mens wat deur kanker geaffekteer is, sy of haar emosies kan uitwoed sonder om veroordeel te word. Die woorde van Baer (1998:187) “I regret not mastering magical prayers that cure, and I regret not being able to offer a pastoral presence that foster healing” bevestig net weer die belangrike rol van die geloofsgemeenskap.
- Die mediese span  
Die verhouding met die mediese span is baie belangrik, want dit gaan oor inligting rakende die diagnose, die behandeling en die

volhoubaarheid daarvan. Hier mag geen verskuilde agendas en geheime wees nie, daar moet oop kaarte gespeel word want wantroue en onsekerheid speel negatief in op die genesingsproses. Heelwat navorsing is gedoen oor die vraag of 'n dokter aan die pasiënt die diagnose in volle detail moet weergee? Volgens Thomsen (1993) se navorsing verskil die dokters van verskillende lande van mekaar oor die hantering van die bekendmaking van die diagnose rakende kanker aan die pasiënt en sy of haar familie, byvoorbeeld:

- In Roemenië is die praktyk dat dit bekend gemaak word indien die pasiënt daarna vra.
- In Suid- en Oos-Europa word die diagnose hanteer met 'n kompromie tussen die "doctrine of beneficence ('doing no harm') en die "doctrine of patient outonomy ('the right to be medically informed and to make decisions oneself')".

Cousineau et.al. (2003:418) maak die opmerking dat "Family members reported that experience of watching a loved one suffering in the knowledge of death and that the feeling of being doomed or deprived of privilege of hope, makes people reject truth telling". Die worsteling met die bekendmaking van inligting rakende die kankerdiagnose wentel om sake soos genoem deur Cousineau et al. (2003:420) "knowing about the disease and its outcome would invite distress; conversation about the reality of the disease would be considered impolite and the expectation that withholding information from the patient would 'keep hope alive'".

### 5.9.3.3 Slotsom

Daar is meriete in wat Sachleben (1979:104) skryf, naamlik dat 'n "Well informed, systematic pastoral care can be timely in this life crisis". Op watter ander manier kan woorde soos 'Die toekoms het skielik soos 'n bar woestyn voor my uitgestrek. Ek het aan my twee seuntjies en my man gedink, aan hulle lewens sonder my. Dit het gevoel asof iemand my hart uit my binneste geruk het ..." (Thom-van der Merwe, 2006:21) rus gebied word? Die kern van die konfrontasie met kanker is dat dit

die verhoudinge met jouself, met ander en met God onder druk plaas. Geloof en hoop is onontbeerlik in die helingsproses. Hierdie proses vra na begrip, empatie en openheid met as 'n ongeskrewe reël dat elke persoon wat deur kanker geaffekteer word, uniek is.

#### 5.9.4 Die emosionele wêreld

Die emosies van die mens deur kanker geaffekteer wissel aanhoudend en die faktore wat 'n rol daarin speel is volgens Humphrey (1995:151):

- Tyd van diagnose van kanker  
Die emosies wat hier opval is woede, angstigheid en hartseer (teleurstelling) asook, vrees en depressie
- Tyd van behandeling  
By die aanbreek van die behandeling het die intensiteit van hierdie emosies effens afgeneem.
- Tyd van die opvolg-besoeke  
Tydens hierdie opvolgbesoeke het die emosies oorgegaan na 'n gesindheid om prakties sekere waardes te verander soos om van dag tot dag te leef, gelowig die pad te loop, rekening te hou met die kortstondigheid van die lewe en meer liefde en omgee te illustreer deur woorde en dade.
- Tyd van die terugkeer van die kanker  
Die opvallende tydens hierdie fase is dat baie van die emosie verdwyn het en plek gemaak het vir die realiteit, dat wag en kyk is vervang met ek gaan iets doen aan die saak. Die interessante reaksies was dat sommige aangedui het dat hulle meer gaan bid en ander het aangedui dat hulle dit gaan veg.

## 5.10 Gevolgtrekking

### 5.10.1 Inleiding

Kanker diskrimineer teen niemand nie, dit vra nie na ras, geslag, ouderdom, beroep of stand in die samelewing nie, dit gebeur. Mense wat deur kanker geaffekteer word sny deur die breë spektrum van kulture en godsdienstige groeperinge binne die samelewing en die uitwerking daarvan op elkeen van hierdie individue is verskillend.

Clanton skryf oor haar eie woede oor kulturele persepsies en aannames soos volg:

“I discovered a similar kind of conflict in some mastectomy patients. They are bound up by feelings of grief, anger and guilt. They are grieved to lose a culturally prized body part, angered that society has placed such a high value on the breast, and guilty that they feel anger and resentment”, en dan skryf sy oor Lois (‘n alleen-lopende vrou) se reaksie van, “Lois was depressed and embittered after her mastectomy. Although she said that she no longer had hopes of marriage and was not concerned over her looks anymore, she vehemently declared that the mastectomy had made her feel ‘abnormal, deformed, and freakish’” (1984:199).

Kanker het Lois beroof van haar menswees as vrou en die gevolg daarvan is dat “she had become alienated from her family and from her church community” Clanton (1984:199). Dawson soos aangehaal deur Louw (1994:115) skryf dat die grootste probleem van kanker is vrees, “For many the fear of cancer is the essence of the disease. Cancer becomes in the words of Dawson, (1978:26) ‘a visualized fear’. It is the fear for suffering and damage caused by radiation and chemotherapy, in short the fear for disfigurement, alienation and death”.

O'Connor & Wicker (1990:167) toon aan dat in die pasiënt se soeke na sin en betekenis, twee bronne van uitserste belang is, naamlik “faith” en “social support”. Uit hierdie ondersoek het dit ook geblyk dat slegs ‘n derde van die pasiënte saam met hulle huweliksmaat bid, ‘n kwart saam met hulle predikant en baie min bid saam met die mediese personeel. Skrikwekkend is die gegewens wat aandui dat slegs twee (2) persent van die pasiënte hulp ontvang het van hulle predikant en ses-en-sewentig (76) persent van hulle dokters wat nie saam met hulle gebid het nie, maar emosionele leiding gegee het deur onderrig. Hierdie data dui op die afwesigheid van Christelike “fellowship” vir die meerderheid van kankerpatiënte.

### 5.10.2 Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van kanker.

- Die woord 'kanker' veroorsaak 'chaos' in die lewe van die mens.
- Kanker is volgens die statistiek van instansies soos "Cancer Association of South Africa", "Worldcancerday" en die Wêreldgesondheidsorganisasie 'n mede-reisiger saam met elke gesin wat op reis is in hierdie lewe.
- Die mens het 'n besondere plek in die skepping van God, die voortsetting daarvan asook die voleindiging daarvan.
- Die Bybel wys daarop dat die mens God se mens is, wat beteken dat God met die mens besig is in hierdie wêreld.
- Die Bybel leer ook dat hierdie mens volledig mens is, wat beteken dat hy/sy beskik oor 'n siel, 'n liggaam en 'n gees wat op 'n besondere manier na vore kom uit sy/haar menswees.
- Die mens is belangrik in die oë van God en daarom is God begaan oor die mens.
- Die mens is nie net 'n kortstondige oomblik van God se kreatiwiteit nie, maar is deur God begenadig met 'n ewigheidsperspektief.
- Die mens is 'n komplekse wese aan die een kant die kroon van die skepping en aan die ander kant die teleurstelling van die skepping.
- Die wonderlike is juis dat hierdie mens 'n behoefte het aan lewensin en lewensvreugde en dit lei na God.
- Die behoefte dat God in Sy voorsienigheid sal voorsien vir dit wat nodig is vir elke mens om hierdie lewe met sin en vreugde af te sluit.
- Volgens die Bybel kan siekte 'n mens totaal oorrompel en ontwrig ten opsigte van:
  - Gesondheid
  - Emosioneel
  - Geestelik
  - Liggaamlik
  - Dood
- Die Bybel leer ook dat wanneer die mens hom-/haarself in hierdie situasie bevind, die eerste stap terug is na God, omrede:

- Hy die mens ken
  - Hy die mens kan red
  - Hy die mag het oor alles in hierdie wêreld.
- Die gesondheid van die mens lê nie net op een aspek van die lewe nie, maar op die die totale mens.
  - Gesondheid is vir die mens belangrik want dit verseker funksionaliteit in die arbeidsmark, mense-mark en wêreldmark.
  - Kanker bedreig die mens ten opsigte van die wil om te leef, die behoefte aan veiligheid en die soeke na heelwees (vrede – “shalom”).
  - Kanker leer die mens dat hy/sy se lewe beperk is
  - Kanker tas ook die kommunikasie aan en dit wek agterdogtigheid.
  - Kanker leer dat die ‘nou’ baie belangrik raak.
  - Kanker ontmagtig mense.
  - Die metodes van ingryping by kanker kan ook drastiese gevolge inhou vir die mens.
  - Die mens met kanker plaas ‘n hoë premie op openheid en waarheid.
  - Die hanteringsmodelle wat alreeds gebruik is en gebruik word ten opsigte van mense wat met kanker saamleef, bied mooi elemente van:
    - Om saam met ‘n mens met kanker te stap vra – tyd;
    - Om saam met die mens met kanker te stap en te ondersteun wat op daardie tydstip nodig is;
    - Om onder die vel van die mens wat met kanker geaffekteer is in te kruip en saam te stap tree vir tree;
    - Om saam met die kankermens te stap nie as toeskouer nie, maar as deelnemer;
    - Wees daar en
    - Sien my vir wat ek is en nie as net ‘n siek mens nie.

5.11 Meta-teoretiese perspektiewe bekom uit die prediking se prakties-homiletiese reis saam met kanker

- Mense geaffekteer deur kanker bevind hulleself in 'n onsekere stadium van hulle lewe;
- Die oorwegende gevoel by mense wat met kanker saamleef, is dat hulle uitgelewer voel en aan die genade van God oorgelaat is;
- Die 'tsoenami' van inligting ten opsigte van kanker rakende die diagnose, die behandeling en die vooruitsigte, kompliseer alles nog verder;
- Die mens met kanker maak staat op kommunikasie wat openlik geskied en gedra word deur die waarheid;
- Die broosheid van die mens wat met kanker saamleef open die deur om met God in aanraking te kom;
- Die positiwiteit by mense met kanker help in die pastorale begeleiding/versorging van hierdie mense;
- Die mens met kanker het geen pretensies en rookskerms om eers uit die weg te ruim voordat begeleiding/versorging kan plaasvind nie.
- Die nou is vir die mens met kanker baie belangrik;
- Die ondersteuningsgroep van 'n persoon met kanker is 'n onmisbare deel in die versorging/begeleiding na lewensin en lewensvreugde;

## EMPIRIESE NAVORSING

### Hoofstuk 6

Die kwalitatiewe navorsing is gedoen deur gesprekke te voer met lidmate wat geaffekteer is deur kanker met die oog daarop om sekere perspektiewe te identifiseer met die oog op die prediking as begeleiding en versorging.

#### 6.1 Inleiding

R. Albrecht skryf in sy artikel *De psychologiese impact* van kanker die volgende:

“Kanker is een ingrijpende ziekte. De ontregeling is niet alleen van lichamelijke aard, maar voor veel patiënten vooral ook van psychologische aard. Voor hen betekent kanker een bedreiging van het leven en deze bedreiging zal psychologisch het hoofd geboden moeten worden. Niet alleen geldt dit voor patiënten bij wie de prognose ongunstig of onzeker is, maar ook voor veel patiënten bij wie de kans op blijvende genezing groot is” (2002:75).<sup>57</sup>

Die doel van hierdie studie is om die belewenis van die mens geaffekteer deur kanker te verstaan, hierdie belewenis te vertolk, sodat die die prediking bruikbaar gemaak kan word in die begeleiding en versorging van hierdie mens met die fokus op maksimale lewensin en lewensvreugde. Hierdie studie is fenomenologies van aard, wat die volgende impliseer, “it is a study as seen through the eyes of people who have experienced it first hand. A study that attempts to understand people’s perceptions, perspectives and understanding of a particular situation” (vgl. Leedy en Ormrod, 2005:140).

Die data is versamel deur ongestruktureerde onderhoude wat gevoer is met sewe persone wat met kanker saamleef. Hierdie persone is afkomstig uit die gemeenskap van Kroonstad waar die navorser as predikant in die bediening gestaan het van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die gemeente Kroonstad-Oos. Al die respondente is en was deel van die interkerklike geloofsgemeenskap van Kroonstad, dus was hulle almal kerklik ingeskakel en betrokke in hulle geloofsgemeenskappe (gemeentes).

---

<sup>57</sup> <http://www.dspace.library.uu.nl> >bitstream – besoek op 16/8/2015



Die respondente is almal gekonfronteer met die volgende vraag, naamlik:

**Vertel jou storie van hoe jy as gelowige, dit wil sê as kind van God (i) met kanker kennis gemaak het, (ii) jou belewenis van kanker, (iii) jou ervaring van die kanker-wêreld en (iv) die ondersteuning en hulp wat jy ontvang het van die mense om jou.**

In die kwalitatiewe navorsing is die in-diepte onderhoud 'n belangrike navorsingsinstrument vir die insameling van data, met die navorser as die meetinstrument (Botha, 2001:13). Greeff (2011:342) bevestig dit as sy daarna verwys as die “predominant mode of data or information collection in qualitative research”. Smaling soos aangehaal deur Botha (2001:14) stel dit dat die kwalitatiewe navorsing word paradigmatisies interpretatief bespreek, met 'n ontologiese siening van die mens as unieke wese en interpreteerder en/of kommunikeerder van sy of haar leefwêreld. Kruger (1985:145;154) sluit hierby aan as hy skryf dat die mens se sosiale wêreld vanuit die fenomenologie ontleed, vertolk en begryp kan word, juis as gevolg van die fenomenologiese benadering wat in die navorsing gekenmerk word deur 'n openheid vir wat betekenisvol is van die verskynsel wat bestudeer word. Seidman (1998:1;3) stel dit tweërlei aan die een kant dat die navorser kwalitatiewe onderhoude voer, omdat daar 'n belangstelling is in die stories van mense en aan die ander kant dat die grondslag van die kwalitatiewe onderhoude is om die ervarings van mense en die betekenis wat deur hulle daaraan geheg word te begryp. Vir Taylor en Bogdan (1984:77) is die kwalitatiewe onderhoud “.. repeated face-to-face encounters between the reseacher and informants directed toward understanding informants' perspectives on their lives, experiences, or situations as expressed in their own words”. Kvale (vgl. Sewell, 2001:1) definieer die kwalitatiewe onderhoud as “attempts to understand the world from the participant's point of view, to unfold the meaning of people's experiences, and to uncover their lived world prior to scientific explanations”. Hiermee onderstreep hulle in ooreenstemming met Kruger dat die kwalitatiewe onderhoud besonder plooibaar en dinamies is

en dat die wins daarvan juis lê in die nie-voorskriftelik, ongestruktureerd en ongestandaardiseerd met 'n redelike oop agenda.

Die keuse van die in-diepte onderhoud as die instrument waarmee die data vir hierdie navorsing ingesamel is, berus juis op die volgende positiewe aspekte soos uiteengesit deur Botha (2001:14), naamlik:

- Die kwalitatiewe onderhoud is geskik om inligting oor menslike ervarings en gedrag te bekom. Dit is ook geskik om duidelikheid oor mense se lewensperspektiewe en lewensverwagtings te verkry (vgl. Kruger, 1985:146; Kvale, 1996:105; Mouton, 1996:168) en om die besonderhede te bepaal (Fielding, 1993:138).
- Die kwalitatiewe onderhoud is grootliks ongestruktureerd om juis die deelnemer in perspektief te beskou. Walcott (1994:39) stel dit duidelik dat "... we (qualitative scholars) are all self styled researchers" en dit is in lyn met wat Mouton (1990:166) subjektiveerd noem, met ander woorde die navorsing moet nie wat "ek" weet bevestig nie, maar die stories van die subjekte (Rubin & Rubin, 1995:6).
- Die kwalitatiewe onderhoud kan 'n sensitiwiteit vir die deelnemer en sy of haar leefwêreld openbaar. Die deelnemer laat die navorser ast'ware toe om die "heilige grond" (Eksodus 3:5) van sy of haar menswees te betree. Kvale (1996:65) stel dit uitstekend en skryf: "With a dialogical conception of intersubjectivity, the interview attains a privileged position – it involves a conversation and negotiation of meaning between the interviewer and his or her subjects". Oakley (1981:44) ondersteun dit met sy opmerking dat onderhoudvoering wat sensitief teenoor die deelnemers staan, 'n beter kans op betroubare inligting genereer.
- Die kwalitatiewe onderhoud kan volgens Botha (2001:18) met reg aanspraak maak op wetenskaplikheid, omrede die objektiwiteit gekonseptualiseer word as (i) vry van afsydigheid, wat impliseer dat die kennis betroubaar is, gekontroleer is, en sover moontlik vry van navorserseffekte is en nie deur persoonlike vooroordele en keuses beïnvloed is nie; (ii) intersubjektiewe kennis wat kan beteken dat

alhoewel sosiale navorsing moeilik herhaal kan word daar tog sekere aspekte daarvan intersubjektief geverifieer kan word en (iii) as 'n ware weerspieëling van die aard van die objek, waarin die objek vir homself moet spreek om toereikend vir die navorsingsobjek te kan wees of om die ware aard van die objek bloot te lê.

Dit sou kortsigtig wees om nie van die beperkings van hierdie data-insamelings-tegniek kennis te neem nie en Botha (2001:15-18) wys op die moontlike krisis wat kan ontstaan rakende hierdie tegniek, naamlik:

- Dat die aanname gemaak word dat taal 'n goeie aanduider van denke en gedrag is. Die kwalitatiewe onderhoud berus op belangstelling in mense se stories. Dit is egter selde moontlik om iemand anders ten volle te begryp, omdat jy jouself nie in daardie persoon se skoene kan plaas nie. Hieroor skryf Buckingham (1991) die volgende dat taal nie noodwendig “a relatively unambiguous pathway to actions, beliefs or actual evants” is nie. Respondente se weergawes van hulle leefwêreld kan inkonsekwent wees, en die stories wat hulle vertel kan dus nie as absolute bewys van hulle denke en begrip aanvaar word nie.

Field en Morse (1995:61-63) wys ook op slaggate as dit kom by die kwalitatiewe onderhoude, naamlik:

- “Interruptions” kan die respondente se aandag aftrek en kosbare inligting kan verlore gaan.
- “Stage fright” kan voorkom by die gebruik van 'n bandopnemer of 'n video-opname as gevolg daarvan dat die respondent uitgelewer voel.
- “Revealing one’s own response” is waar die respondent met derde persoon verwysings die navorsers se mening wil toets.
- “Superficial interviews” kan die navorsing belemmer as gevolg van die oppervlakkige manier waarop die onderhou gevoer word.

- “Confidential information” kan ook ‘n struikelblok wees as die respondent sensitiewe inligting verskaf soos byvoorbeeld selfmoord, wat dan die navorser eties verplig om in te gryp.

Samevattend kan dus gesê word dat ‘n belangrike bate van onderhoudvoering lê daarin dat dit die belangrikste meetinstrument in sosiale navorsing is. Ackroyd en Hughes (1981:70) stel dit so dat “... by using verbal reports offered by respondents, the investigator has access to an almost infinite variety of information that would be virtually impossible to gather by another method”.

## 6.2 Literatuuroorsig oor kwalitatiewe navorsing

Strydom (1999:35) maak dit duidelik dat navorsing ‘n doelbewuste inspanning is om tot nuwe insigte te kom en kennis te verkry; dit is dus ‘n proses waarin logiese denke en konkrete handeling ten nouste saamgeweef is. In hierdie proses onderskei Strydom (1999:35) tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, waar die kwantitatiewe benadering vereis dat die navorser op ‘n afstand moet bly en onafhanklik van dit wat nagevors word, om die objektiwiteit te behou en waar by die kwalitatiewe benadering die fokus op die interaktiewe prosesse val ten einde die egtheid van die situasie te verseker.

Delport et.al. (2011:302) daarenteen wys ook daarop dat die literatuuroorsig van die kwalitatiewe navorsing kan lei tot die volgende vier funksies, naamlik:

- Dit verklaar die onderliggende voorveronderstellings agter die navorsingsvraag.
- Dit verklaar dat die navorser goed ingelig is oor soortgelyke navorsing.
- Dit toon aan dat die navorser sekere leemtes in vorige navorsing geïdentifiseer het en dat die huidige navorsing hierdie leemtes moontlik kan aanvul.
- Die navorsingsvraag moet deeglik verfyn word en vasgelê word binne die groter empiriese tradisies.

Die kwalitatiewe navorsing lê die klem op waarneming en onderhoude as die aangewese metodes vir die insameling van data. Wanneer hierdie data geanaliseer word, is dit volgens Schurink et. al. (2011:397) die proses waardeur orde, struktuur en betekenis aan al die versamelde data gegee word, dit wil sê “Qualitative data analysis is a search for general statements about relationships among categories of data; it builds grounds theory”. Delport et. al. (2011) is van mening dat die beskrywende aard van kwalitatiewe navorsing die mees onderskeidende karaktertrek is, en daarom meer ingewikkeld is as by die kwantitatiewe verslagdoening as gevolg van die volgende redes:

- Die kwalitatiewe verslag is minder gestruktureerd.
- Die kwalitatiewe verslag is meer vervleg met die totale navorsingsproses.
- Die kwalitatiewe verslag is dikwels langer en meer beskrywend.

### 6.3 Empiriese ondersoek

#### 6.3.1 Inleiding

Daar is al verskeie studies gedoen oor die mens wat met kanker saamleef. Hierdie studies strek oor verskeie fronte van die akademiese landskap, met spesiale verwysing na die sosiale- en menswetenskappe. In hierdie studie word daar veral gefokus op die riglyne vanuit die afskeidsgesprekke van Jesus in die evangelie van Johannes, wat gebruik kan word in die prediking om die mens geaffekteer deur kanker saamleef te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde.

#### 6.3.2 Die navorsingsonderhoud

Die uiteensetting van die navorsingsonderhoud deur Poggenpoel (2003:143-149) het betrekking, naamlik:

- Die navorsingsonderhoud

Daar is onderhoude gevoer met die respondente met die spesifieke doel om inligting te bekom oor die impak van kanker op die lewe van die mens, asook die familie en vriende-kring. Dit wil sê die impak van die

‘wete dat ek kanker het’ op die denke, emosies en geestelike ingesteldheid van die respondente.

- Die grense vir die navorsingsonderhoud

Daar word in hierdie studie hoofsaaklik gebruik gemaak van die kwalitatiewe onderhoudsgesprek met mense wat vir die eerste keer met kanker gekonfronteer is. Hierdie versamelde data sal verwerk word om die navorser te help om ‘n duidelike beeld te bekom van hoe die mense wat met kanker gekonfronteer word, reageer. Hierdie inligting moet die navorser begelei om sinvol om te gaan met die tema van hierdie studie, naamlik: ‘Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels as vertrekpunt vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef’. Daarom is die ingesteldheid van die navorser van kardinale belang en moet die ongeskrewe reëls van eerlikheid, opregtheid en warmte ten opsigte van die navorser deurgang geld. Poggenpoel gee ‘n volledige uiteensetting van die houding waaroor die navorser moet beskik, naamlik:

- onvoorwaardelike aanvaarding, wat beteken dat die navorser die respondent aanvaar as ‘n mens, sonder enige voorbehoude, vooroordele en persepsies
- respek, wat van die navorser verwag om die respondent se agtergrond, taal, kultuur en sosiale status so te hanteer dat die respondent as unieke individu gewaardeerd voel.
- empatie, dit is waar die navorser ast’ware die respondent wil verseker van meelewing en begrip.
- openheid, wat die kontinuïteit van die onderhoud moet verseker, dit wil sê die respondent moet toegelaat word om ongehinderd idees en emosies oor te dra.

- geen verskuilde agendas nie, die navorser moet die respondent laat veilig voel en dat enige inligting konfidensieel hanteer sal word.
- nederigheid, die navorser is die party wat verleë is en dus word die respondent as die kenner gereken (2003:144).

Die navorser moet ook oor sekere vaardighede beskik; vaardighede soos goeie interpersoonlike verhoudings, effektiewe kommunikasie asook ervaring in onderhoudvoering. Hier ter sprake is die nie-verbale kommunikasie waar die liggaamstaal en -houding van die navorser nie mag aanstoot gee nie aan die een kant, aan die ander kant is daar die verbale kommunikasie wat moet meewerk dat die respondent eerlik en opreg kan kommunikeer in hierdie gunstige omstandighede.

### 6.3.3 Soorte onderhoude

Die doel en doelwitte van die navorsings bepaal uiteindelik die tipe van onderhoud wat gevoer sal word. Volgens Poggenpoel (2003:148) is daar drie tipes onderhoude wat met potensiële respondente gevoer kan word, naamlik:

- Die gestruktureerde onderhoud  
Vir hierdie tipe van onderhoud word die vrae vooraf opgestel en slegs daardie vrae word gevra en bespreek.
- Die semi-gestruktureerde onderhoud  
Hierdie tipe van onderhoud staan ook bekend as die “open-ended” vrae, wat beteken dat die navorser kan reageer op stellings en opmerkings wat deur respondente gemaak is.
- Die ongestruktureerde onderhoud  
Hierdie tipe onderhoud word deur die navorser gevoer wanneer die onderwerp wat nagevors word, ondergeskik is aan die kennis en die begrip vir die belewing en ervaring van die respondent. Die onderhoud gaan oor gebeurtenisse in en van die daaglikse lewe en die mense wat daarby betrokke is.

#### 6.3.4 Die ongestruktureerde onderhoud as keuse vir die data-insameling

Vir die insameling van data is gebruik gemaak van die kwalitatiewe onderhoud en wel van die ongestruktureerde onderhoud. Die onderhoud is ingelei met die eenvoudige versoek, naamlik:

**‘Vertel jou storie van hoe jy as gelowige, dit wil sê as kind van God (i) met kanker kennis gemaak het, (ii) jou belewenis van kanker, (iii) jou ervaring van die kanker-wêreld en (iv) die ondersteuning en hulp wat jy ontvang het van die mense om jou’.**

Hierdie storie is op video vasgelê, waarna die navorser dit getranskribeer het en die teks na aanleiding van kodes ontleed het vir die vastelling van sekere peilings waardeur die mens wat met kanker saamleef gaan. Die onderhoud was daarop gerig om die mens geaffekteer deur kanker se lefwêreld, denkwêreld en geestelike wêreld te verstaan en te begryp met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging van die betrokke persoon tot lewensin en lewensvreugde.

#### 6.3.5 Agtergrond van die respondente

Die respondente is almal persone wat die eerste maal met kanker te doene gekry het, met die diagnosering van ‘n spesifieke kanker by hulle. Kanker was by almal ‘n onbekende in die opsig dat hulle slegs daarmee te doene gekry het, wanneer daar ‘n gesprek gevoer is oor die onderwerp ‘kanker’ binne hulle familie-opset en hulle vriendekring. Dus was die werklike en eerstehandse ontmoeting met kanker vir hulle die dag toe die dokter hulle individueel moes inlig, dat die resultate van die toetse met betrekking tot kanker wat ontvang is positief aandui dat daar by hulle kanker teenwoordig is. Die tipes kanker, die graad of stadium waarin die kanker is, die behandeling en die vooruitbeskouing was by almal verskillend. Die geslag, ouderdom en tipe kanker het nêrens enige verneme rol gespeel in die keuse van die betrokke respondente nie. Al die respondente was op ‘n stadium in hulle lewe waar hulle gereken het dat die dinge in hulle lewe onder beheer is en waar hulle hulle omstandighede beskryf het as veilig, stabiel en dat hulle geborge voel. Daar is met die goedkeuring van die respondente besluit dat hulle name gebruik mag



word eerder as gevalle, omrede dat kanker te doen het met die mens hier en nou.

#### 6.4 Organisasie van die data analise proses

Die data analise, organisasie en die interpretasie is geskoei op die metode van Tesch (1992:117) vir data analise van kwalitatiewe navorsing. Na afloop van die onderhoud het dit duidelik geblyk, dat uit die groot aantal moontlikhede daar tog van die data is dat wanneer dit saam groepeer word, dit binne sekere kategorieë ingedeel kan word. Na die indeling binne die geïdentifiseerde kategorieë is die data van die respondente verwerk. Vervolgens sal elke kategorie bespreek word aan die hand van die respondente se reaksies en belewinge van kanker, waarnaas ook die relevante literatuur verwerk en aangestip sal word met die oog op kontrole. Die metode vir hierdie analiseringsproses van die ingesamelde data geskied langs die weg van Tesch (1992:117) se skema vir die analisering van kwalitatiewe data. Die video-opnames is na gekyk en geluister, waarna elke respondent se onderhoud per verbatim op skrif gestel is. Hierna het die proses soos volg verloop: die verbatims is gelees, weer gelees en nog 'n keer gelees om 'n geheel prentjie van elke respondent te bekom met die oog op die kodifisering van instemmende gedagtes, verskillende gedagtes en soms ook die radikale gedagtes. Hier na is ook gekyk na die belewinge en emosies van elke respondent met dieselfde verloop en laastens is daar ook gelet op elke respondent se hantering van 'n lewe met kanker ten opsigte van die wêreld waarbinne hulle beweeg.

#### 6.5 Verwerking van die data

Die data wat versamel is, het aangetoon dat die volgende kategorieë en temas ter sprake gekom uit die onderhoud wat met die respondente gevoer is. Hierdie kategorieë en temas word nou bespreek met die ondersteunende aanhalings van die respondente asook die verwysing na relevante literatuur.

## 6.5.1 Kategorieë en temas

KATEGORIEË	TEMAS
6.5.1.1 Kanker-diagnose: krisis (belewenis)	6.5.1.1.1 Altyd ontydig 6.5.1.1.2 Oorbluf 6.5.1.1.3 Twyfel 6.5.1.1.4 Die doodskoot 6.5.1.1.5 Tussen-in belewenis
6.5.1.2 Kanker-diagnose: optrede (behandeling)	6.5.1.2.1 Hink op twee-gedagtes 6.5.1.2.2 Indirek betrokke 6.5.1.2.3 Druk 6.5.1.2.4 Hoop en verwagting 6.5.1.2.5 Geen waarborg
6.5.1.3 Kanker-diagnose: waarheid (teorie en praktyk)	6.5.1.3.1 Literatuur teenoor die werklike 6.5.1.3.2 Hoop teenoor sien 6.5.1.3.3 Geloof teenoor ervaar 6.5.1.3.4 Behandeling reg teenoor opsie
6.5.1.4 Kanker-diagnose: interpersoonlik verhoudings met die mediese span, die gesin, mede-kankerlyers en die geloofsgemeenskap	6.5.1.4.1 Houdings van die groepe 6.5.1.4.2 Emosies van mens gediagnoseer met kanker (i) Skuldgevoelens (ii) Bekommernis (iii) Vrees (iv) Frustrasies (v) Woede 6.5.1.4.3 Etikettering 6.5.1.4.4 Kommunikasie probleme

### 6.5.1.1 Kanker-diagnose : krisis (belewenis)

Skema 6.5.1.1 verteenwoordig die eerste kategorie, naamlik: Kanker-diagnose as krisis. Elke tema binne hierdie kategorie word individueel bespreek met die direkte aanhalings van die respondente asook die verwysing na relevante literatuur.

## Skema 6.5.1.1

KATEGORIEË	TEMAS
6.5.1.1 Kanker-diagnose: krisis (belewenis)	6.5.1.1.1 Altyd ontydig 6.5.1.1.2 Oorbluf 6.5.1.1.3 Twyfel 6.5.1.1.4 Die doodskoot 6.5.1.1.5 Tussen-in belewenis

## 6.5.1.1.1 Altyd ontydig

Die respondente het aangedui dat hulle kanker diagnose op 'n tydstip in hulle lewens gebeur het, toe hulle gesond, werksaam en baie effektief was in die beroepswêreld. Hier volg hulle reaksies:

- S “Ja ek was gesond en daar was nie siekte nie”.
- N “In my Jubilee-year, after a routine check-up, I was diagnosed with cancer”.
- H “Na my borsverkleiningsoperasie, wat vir my wonderlik was, lig die dokter my in dat daar dalk kanker merkers mag wees op grond van die weefsel wat ontleed is”.
- E “Ek het 'n vlek op my wang, onder my regter oog. Ek sien toe 'n swelsel, soos 'n “worsie” in my nek, so onder my oor, onder die vlek. Ek voel of ek die swelsel kan voel, maar daar is niks. Ek staan selfs op en kyk in die spieël en kry nog steeds niks nie. So gaan 'n paar dae verby en ek kom agter dat ek soms moeilik sluk. Weereens voel ek ... ek voel aan my keel maar kry niks nie. Weereens die ondersoek, kry niks, kyk weer in die spieël, sien niks, en toe draai ek my gesig na regs en daar sit die “worsie” duidelik, aan die linkerkant van my nek en nie onder die vlek nie”.

#### 6.5.1.1.2 Oorbluf

Die respondente het aangedui dat al het hulle dalk iets vermoed, het die boodskap dat hulle kanker onder lede mag hê, gepaard gegaan met die gevoel dit kan tog nie wees nie. Hier volg hulle reaksies:

- S “Onmoontlik, want daar is nie ’n geskiedenis van maligniteit in ons familie nie”.
- N “My jubilee-year becomes my cancer-year”
- P “Die uitsny van ’n moesie word die begin van al my drama”.
- H “Dit wat my vroulikheid ’n hupstoot moes gee, word die vernietiger van my totale vroulikheid”.
- G “My besoek aan ’n dokter in Bloemfontein verander my totale lewe in ’n nagmerrie”.
- E “Nou het ek in my stilligheid met die idee van regtig kanker hê gesit. So, solank ek nie daarvoor praat nie, sal dit miskien nie so wees nie”.

#### 6.5.1.1.3 Twyfel

Die respondente het ook aangetoon dat daar by hulle twyfel ontstaan het na hulle diagnose met kanker. Hulle voer baie redes aan waarom hulle so voel:

- Ons was nooit siek nie
- Van die toetse wys dan negatief
- Ons het nooit gedink dat dit so erg sou wees nie
- Uiterlik is alles dan wel, hoe kan dit nou innerlik kwel
- Ek bid daarvoor en redeneer met die Here, kan mos nie wees nie

#### 6.5.1.1.4 Die doodskoot

Die respondente het aangedui dat die nuus dat hulle kanker het vir hulle soos ’n doodskoot was. Hier volg hulle reaksies:

- S “Daar gaan my lewe, my loopbaan as teatersuster, finansieel is ons geknak”
- H “Ek gaan nou dood”
- G “... die einde het vir my aangebreek”.
- N “I was terrified. I cried and I cried for days, I don’t want to die now”.
- E “Ek gaan dokter toe, so elf-uur. Hy is baie ongemaklik. Hy sit nie op sy stoel nie, en vra my hoe ek voel. Ek lag en sê dit sal afhang van wat hy te sê het. Hy draai die verslag sodat ek dit kan lees. Daar staan baie op die papier geskryf, maar die woord “kwaadaardig” spring so uit soos ‘n slang wat my pik”.

#### 6.5.1.1.5 Tussen-in belewenis

Die respondente het aangedui dat dit vir hulle voel asof hulle tussen twee wêrelde staan; eers was daar die gevestigde wêreld waar alles georden en in plek is, hulle lewe was in balans; toe kom die krisis en hierdie gevestigde wêreld word geskud en eensklaps is alles deurmekaar. Daar is teleurstelling, want die gevestigde wêreld het hulle gefaal. Die belofte van menswees in hierdie wêreld, van man en vrou wees, pa en ma wees asook vriend en vriendin wees het uitgeloop op niks nie. Hulle is teleurgesteld in die lewe. Hulle kom ook onseker voor, moet die kanker ernstig geneem word of kan daar maar voortgegaan word om te lewe. Daar is ’n klomp vrae waarmee hulle worstel, naamlik:

- H “Gaan ek my kind sien groot word?”
- N “Am I not suitable for a grandmother?”
- S “Daar is mos ’n oorsaak vir alles, het ek nie dit oor myself gebring nie?”
- G “Wat van my vrou en ons kinders, veral my seun?”

P “Moet ek gaan vir die behandeling? Dit takel my liggaam af, is dit die moeite werd?”

E “Maar eintlik gaan niks in my brein in nie”.

#### 6.5.1.2 Kanker-diagnose: optrede (behandeling)

Skema 6.5.1.2 verteenwoordig die tweede kategorie, naamlik: Kanker-diagnose wat vra vir optrede (behandeling). Elke tema binne hierdie kategorie word individueel bespreek met die direkte aanhalings van die respondente asook die verwysing na relevante literatuur.

#### Skema 6.5.1.2

KATEGORIEË	TEMAS
6.5.1.2 Kanker-diagnose: optrede (behandeling)	6.5.1.2.1 Hink op twee gedagtes 6.5.1.2.2 Indirek betrokke 6.5.1.2.3 Druk 6.5.1.2.4 Hoop en verwagting 6.5.1.2.5 Geen waarborg

#### 6.5.1.2.1 Hink op twee gedagtes

Die respondente het aangedui dat hulle so in skok is na die nuus dat hulle kanker het dat dat hulle nie regtig mooi besef wat aan die gang is nie. Hulle is so toegegooi met 'n magdom van inligting dat hulle nie regtig weet watter kant toe nie. Hulle het ook aangedui dat hulle gebrek aan kennis rakende kanker ook dit moeilik maak om te besluit. Die mees algemene gedagte wat by die respondente opgekom het, is dat hulle in 'n tussen-in fase is wat beteken dat as hulle nie tot die behandeling instem nie, hulle kan sterf aan die een kant en aan die ander kant dat die behandeling hulle ook gaan doodmaak. Hulle opmerkings was soos volg:

S “Nie almal maak dit nie”.

N “What was sad is that some of my close friends questioned my decisions”.

- P “Die behandeling kan alles deurmekaar maak, my derms, my lewer en my longe kan geperforeer word”.
- G “My kankerbehandeling het veroorsaak dat my ander organe aangetas is. Ek moes nog ’n hart-omleidings operasie ook ondergaan het”.
- G “Ek word verder nog verwar deur televisie-programme wat fokus op hoe mense met wonderwerke genees word, en nou gebeur dit nie met my nie – hoekom nie – is ek ongelowig?”
- E “Ek sê vir hom dat ek nie behandeling wil hê as die uitslag kwaadaardig is nie. Tiaan is heel onsteld, maar ek hou vol dat ek dit vir Darius, as leraar, moet sê, want hy moet vir die kinders sê wat my wens is as die tyd kom en ek nie self kan praat nie. Ook wil ek vir Tiaan spaar, sodat die kinders nooit moet voel dat hy meer vir my moes gedoen het nie. Dit is my besluit.”.

#### 6.5.1.2.2 Indirek betrokke

Die respondente het aangedui dat hulle nie regtig in beheer is van dit wat met hulle moet of kan gebeur nie. In die hele proses is hulle beleving dat daar ’n vooropgestelde program is vir mense wat gediagnoseer word met kanker. Jy hoor net van die opsies, maar as dit kom by die behandeling is die opsies redelik voorskriftelik.

- S “Daar is vir my gesê dat omdat die kanker alreeds in fase 4 is, is chirurgie eerste en dan volg die chemoterapie”.
- N “My cancer infiltrated 5 limfoides and I had to undergo chemotherapy followed by radiation”.
- G “Ek is onmiddellik geopereer. My nier is verwyder en na drie dae het ek eers bygekome om te besef wat met my gebeur het”.
- P “Hulle het met radio-aktiewe stof vasgestel dat my brandwagklier asook ander kliere aangetas is en dat almal met ’n operasie verwyder moet word”.
- E “Die dokter sit op sy stoel en vra my wat ek gaan doen. Ek onthou dat ek gedink het, “Wat verdomp moet ek doen?” (Verskoon die woord, maar dis presies wat ek gedink het). Hy vra of ek bereid sal wees om dr. Erasmus, die onkoloog te

spreek. Ek stem in, maar onmiddellik dink ek, eintlik wil ek nie, los my net uit dat ek in my hoekie sit en dat alles verby kom”.

#### 6.5.1.2.3 Druk

Die respondente het aangedui dat daar redelik druk van buite is, as dit kom by die behandeling. Hulle beleef dit dat alhoewel hulle voel om nie die behandeling te deurloop nie, daar tog die druk van die gesin en die familie is om wel die behandeling te ondergaan. Hulle stel dit duidelik dat hulle nie teen die behandeling is nie, dat die newe-effekte hulle bang maak. Hierdie newe-effekte gaan oor dit wat alombekend is, naamlik:

- Haarverlies
- Naar en siek gevoel
- Moegheid
- Verwringing van liggaamsdele

Hier volg van die respondente se opmerkings:

H “Ek gaan nooit weer soos ’n dame voel nie”.

S “Ek is ’n risiko vir mense, hulle vermy my en hou my op ’n afstand”.

P “Tot waar mag ek gaan in die behandeling? En hierop is die teen-opmerking, gaan Pa ons nou los?”.

E “Die mense se reaksies is nog steeds so uiteenlopend en ek beleef selfs ’n stuk vyandigheid, so van, wat soek jy hier, jy is siek, jy hoort nie hier nie”.

#### 6.5.1.2.4 Hoop en verwagting

Die respondente het hier aangedui dat al blyk dit nie so nie, hulle tog ook die hoop en verwagting koester dat hulle deur hierdie kanker-belewenis sal kom. In die onderhoude het dit ook geblyk dat hulle soms deur hulle familie en vriende kwalik geneem word as hulle nie op alles ja en amen sê nie. Die ander negatiewe belewenis is dat net sodra hulle dink dat alles weer reg is, dan is dit weer tyd vir die opvolg-besoeke aan die dokters. In hulle oplees en nalees, in hulle vriende wat kanker onderlede het, kan hulle nie anders as om bekommerd te wees nie. Die volgende opmerkings raak hieraan:



- H “My vriendin se kanker is in haar gesig, ek is maar te dankbaar vir my borskanker wat nie so opsigtelik is as kanker in die gesig nie”.
- N “In a bookstore I read a magazine about the statistics of cancer, I cried more end I felt terrible”.
- N “ I can’t deal with this negativity and I decided to stop listening to the radio and people who are negative”.
- G “In hierdie haglike omstandighede het ek geleer daar is altyd hoop en geloof vir genesing”.
- S “Al lyk dinge nie nou vir my goed nie, wil ek tog eendag weer ’n verskil maak in mense se lewens”.
- P “Bekendes soos Rob Louw, Christa Steyn en Zack du Plessis se stories gee my hoop en ek hoop ook om eendag vir ander mense iets te beteken”.
- E “So sê ek vir hom, ek wil nie behandeling hê nie. Hy sê dis my keuse, maar ek het ’n aggressiewe kanker. Teen die einde van die jaar gaan ek baie siek wees en dan gaan hy en Tiaan die besluite moet neem, en die besluit sal chemo wees, want dis hoe mens kanker behandel. Dalk sal ek dan wonder of ek maar nie vroeër moes begin het met die behandeling nie”.

#### 6.5.1.2.5 Geen waarborg

Die respondente het daarop gewys dat ten spyte van al die goeie uitvindings en medisyne op die mark, dit nog geen waarborg is dat hulle kanker gaan genees nie. Die volgende opmerkings probeer om iets hiervan te verwoord:

- S “My werk was wonderlik met my in die begin, toe begin die chemo sy tol eis en gou-gou moes ek plek maak vir iemand wat nie kanker het nie. Ek het nutteloos en hopeloos gevoel”.
- N “I changed my doctor because after 5 years he told me that now a days it must be 10 years. He robbed me from my happiness”.
- P “Nadat my dokter my vertel het van ’n nuwe middel wat in die V.S.A ontwikkel is, maar dat die newe-effekte erg is, het ek bang geraak en gewonder of die behandeling die moeite werd is”.

H “As hulle een bors verwyder moet hulle sommer ook die ander bors verwyder, want wie kan my waarborg dat daardie bors nie ook geaffekteer is nie”.

### 6.5.1.3 Kanker-diagnose: praktyk en teorie

Skema 6.5.1.3 verteenwoordig die derde kategorie, naamlik die kanker-diagnose wat smag om die waarheid, hoe lyk dit werklik daarbuite? Elke tema binne hierdie kategorie word individueel bespreek met die direkte aanhalings van die respondente asook die verwysing na relevante literatuur.

#### Skema 6.5.1.3

KATEGORIEË	TEMAS
6.5.1.3 Kanker-diagnose: waarheid (teorie en praktyk)	6.5.1.3.1 Literatuur teenoor die werklike 6.5.1.3.2 Hoop teenoor sien 6.5.1.3.3 Geloof teenoor ervaar 6.5.1.3.4 Behandeling reg teenoor opsie 6.5.1.3.5 Die terugkeer van kanker

#### 6.5.1.3.1 Literatuur oor die werklike

Die respondente het aangedui dat die literatuur se voorstelling van kanker baie anders daaruit sien as dit wat in die werklikheid gebeur. Wat vir die respondente ook ’n slegte belewenis is, is dat die beriggewing altyd ’n element van negatiewe teenoor iemand wat sou gesterf het aan kanker, byvoorbeeld die hoofopskrif sal altyd lui, “... dat so en so die stryd teen kanker verloor het”. Volgens die verstaan van die respondente kan daar volgens die mense wat nie regtig geraak word deur kanker nie blykbaar niks goeds of positiefs uit kanker voort kom nie. Hierdie is teenstrydig met dit wat die respondente beleef, hulle kommentaar klink soos volg:

N “My cancer brought peace into my life. I stood up in the morning and start with the Scripture, then I pray and I light a candle. This is really my healing time”.

S “My kanker het geestelike verdieping in my lewe gebring en my meer tyd gegun om met God besig te wees”.

- H “Kanker het my weer gehelp om my tyd nou te gebruik en ook om te waardeer dit wat ek het”.
- G “My kanker het daartoe gelei om my lewe reg te maak, sodat ek vrede kan hê met God, myself en die mense om my”.
- P “Gebed het vir my geweldig baie gedoen”.
- E “Wat ek ook uit my eie ervaring van baie min kennis oor wat met my Ma gebeur het, fisies en psigies, geleer het, is om my kennis te deel, indien iemand my vra”.

#### 6.5.1.3.2 Hoop teenoor sien

Die respondente dui aan dat nie alles so vlot verloop soos wat daar gedink word nie, daar is baie dae wat hulle enigsins wonder of hulle lewe en hulle wêreld sin maak. Die hoop beskaam nooit nie, maar dit is asof die kop en die lyf nie werklik saamwerk nie. Dit is net 'n nuusberig, of 'n opmerking van die dokter, of 'n negatiewe opmerking van die mense om jou en daar stort alles in duie en moet daar weer van vooraf begin word. Die volgende opmerkings kan dit bevestig, naamlik:

- S “Ek het so pas 'n geestelike verdieping in my geloofslewe ervaar en die volgende wat ek hoor is, ‘Nie almal maak dit uiteindelik nie’”.
- N “I believed that I am with the best doctors and I am comfortable with the way they are treating me, till one of my friends asked me, ‘Is that all they can come up with?’”.
- H “Ek is op koers en voel dat ek my kanker kan hanteer, totdat een van die mense om my vra, ‘Wat sê die dokters hoe lank het jy om te leef?’”.

#### 6.5.1.3.3 Geloof teenoor ervaar

Die respondente het in hulle onderhoude voortdurend daarop gesinspeel dat die grootste stryd met kanker is “'n kop-stryd”. Hierdie kop-stryd hanteer elkeen van hulle ook anders om nie daardeur gedemoraliseer te word nie. Hier kan ook onderskei word dat daar nie vaste reëls is nie, en dat jy as individu jou eie reëls maak wat by jou pas. Die uiteenlopende reaksies en wyses wat elke respondent volg,

getuig daarvan dat kanker anders is as ander siektes. Aangrypend word dit gestel:

- S “Dit gaan met my goed, ek is gereed om te gaan, solank ek net nie van my kop af raak nie”.
- H “Ek was nog nooit so gelukkig in my lewe nie, ek kan doen wat ek graag wil doen. Ek voel goed en het myself mooi gemaak, dan sal mense nog steeds vir my vra, ‘Henriëtte voel jy ok?’.
- N “I and my husband had a chat about the future and we compile a bucket list of the things we really looking forward to do. And then the people wanted to talk to me about my death”.
- P “Ek is ’n realis. Alles gaan goed, maar ek kan voel hoe my liggaam afgetakel word by die dag, ek hoop en glo maar ek raak meer en meer afhanklik van my vrou. Ek kan slegs iets doen as sy dit vir my doen. Ek is bang”.

#### 6.5.1.3.4 Behandeling reg of opsie?

Die respondente het aangedui dat hulle insette tydens die bespreking van die behandeling hulle magteloos laat, omrede hulle nie regtig ’n klinkklare en objektiewe bydrae kan maak nie. Dit is vir hulle ’n totaal nuwe wêreld, dit is asof “Big Brother” heelyd oor jou skouer loer om jou net op hoogte te hou van wat werklik aan die gang is. Daar is nooit werklik ’n vry oomblik waar jy net rustig en kalm oor alles kan dink en dienooreenkomstig kan beplan nie. Dit lyk amper asof die roetine klaar uitgestippel is sonder enige werklike opsie om te verander; die patroon lyk soos volg:

- Besoek aan huisdokter
- Verwysing deur huisdokter na spesialis
- Spesialis doen die nodige toetse
- Daar is ’n tydsverloop tot en met die uitslag
- Diagnose word gemaak, kanker kry ’n naam
- Ingryping deur behandeling
- Opsies is chirurgie, chemoterapie, bestraling of ’n moontlike kombinasie van die drie
- Behandeling word voltooi

- Wag op moontlike uitslag, die behandeling was suksesvol, of dit was nie suksesvol nie.
- Terug by die begin

Die volgende opmerkings van die respondente bevat iets van bogenoemde beleving:

- N “In the treatment of cancer your choices are indirectly, and after you had made a choice, everyone around questioned your decision. So what about my decision?”.
- S “Soek nie moeilikheid nie, werk maar saam en vra nie vra nie, ek is rustig en leef voluit en rus tot volgende chemoterapie”.
- P “Die keuses wat aan my voorgehou word, is ook nie maklik nie, want ek weet nie regtig wat ek moet doen nie, alhoewel dit nog steeds hard is op my liggaam”.
- G “Ek is in 2013 weer deur die hele proses van toetse en x-strale om net te kyk of daar nie fout is nie”.
- H “Op hierdie stadium is daar baie goed in my kop, dinge soos ek gaan nie lank lewe nie en ek gaan weer siek word. Enige pyn in my liggaam – ‘trigger’ dit.”

#### 6.5.1.3.5 Die terugkeer van die kanker

Die respondente het ook aangedui dat die terugkeer van die kanker vir hulle 'n bron van kommer is, want hulle ondergaan hierdie behandeling met die geweldige eise wat dit aan hulle liggame stel asook aan hulle menswees en dan kom die kanker terug.

#### 6.5.1.4 Kanker-diagnose: verhoudings

Skema 6.5.1.4 verteenwoordig die vierde kategorie, naamlik die kanker-diagnose wat dui op die interpersoonlike verhoudings met die verskeie rolspelers tydens hierdie ervaring. Elke tema binne hierdie kategorie word individueel bespreek met die direkte aanhalings van die respondente asook die verwysing na relevante literatuur.

#### Skema 6.5.1.4

KATEGORIEË	TEMAS
6.5.1.4 Kanker-diagnose: interpersoonlik verhoudings met - die mediese span, - die gesin, - mede-kankerlyers en - die geloofsgemeenskap	6.5.1.4.1 Houdings van die groepe 6.5.1.4.2 Emosies van mens gediagnoseer met kanker (i) Skuldgevoelens (ii) Bekommernis (iii) Vrees (iv) Frustrasies (v) Woede 6.5.1.4.3 Etikettering 6.5.1.4.4 Kommunikasie probleme

##### 6.5.1.4.1 Houdings van die groepe

Die respondente het aangetoon dat daar by hulle diagnose met kanker ewe skielik 'n kolonie van mense deel word van hulle daaglikse lewe, mense wat op 'n stadium aan hulle onbekend was, word nou so deel van jou roetine dat dit voel soos naby familie. Die manier wat hierdie mense teenoor jou optree bly ongelooflik, hulle het altyd tyd vir die behoeftes van jou en jou mense.

##### 6.5.1.4.2 Emosies van mens gediagnoseer met kanker

Die respondente het aangedui dat hulle emosies die belangrike elemente van 'n "roaler coaster" rit bevat het, naamlik dat van die oomblik as jy besef jy is deel van hierdie rit is daar geen ander opsie as om die rit te voltooi nie. Daar is nêrens 'n stilhou-plek vir hulle of 'n stop om af te klim nie, jy is besig om teen die spoed van lig na die einde te snel. Die volgende opmerkings van die respondente weerspieël iets hiervan:

H "Ek en my vriendin is oppad Johannesburg toe vir 'n daguitstappie, ons gaan net gou by die dokter stop vir terugvoer van my operasie, en toe die volgende:

- Henriëtte ons moet praat
- Ek skrik my uit my skoene uit en verslae vra ek 'Wat nou?'

- Daar is kankermerkers
- Jy moet gaan vir 'n mammogram
- Al wat ek hoor as die suster praat, is 'It's serious'.

P “Soos mans is het ek my nie regtig aan die moesie gesteur nie, wel uiteindelik dokter toe. Moesie uitgesny en weggestuur vir ontleding en toe ....

- Onkoloog toe
- Dieper en wyer uitgesny
- Melanoom graad 4 en ander kliere ook aangetas
- Chemoterapie met hewige newe-effekte”.

G “Dokter verwys my na die spesialis in Bloemfontein en die uiteinde ....

- Dit is nierkanker en jy moet geopereer word
- Na 3-dae kom ek eers by om regtig uit te vind wat gebeur het – my een nier is verwyder, daar was 'n krisis, want die gesonde nier het boonop nog gaan staan
- Ek is huis-toe minus 'n nier, met 'n slegte kankerdiagnose en prognose daarby en Gert moet aangaan asof niks gebeur het nie”.

E “Ek het in een dag so baie emosies ervaar, die reaksies moes ek trotseer, en dan moet ek weer troos, bemoedig en mooi praat”.

Die respondente het ook aangedui dat hulle heeltyd onder druk is om in te stem tot sekere opsies ten opsigte van die behandelingsproses, nie omdat dit die beste opsie is nie, maar die meer aanvaarbare opsie vir die mense om hulle. Daar was by sommige van die respondente ook die beleving dat as hulle nie regtig wil konformeer aan dit wat voorgestel word nie, is hulle verkwalik deur hulle familie en vriende. Daarom is die volgende emosies by hulle opgemerk:

- Skuldgevoelens

Die respondente wys daarop dat met al die goeie bedoelings wat daar is met die hantering van die diagnose met kanker, die

fasilitering van die toetse en die deernis en liefde waarmee die proses begelei word, is die ontstellende dat dit vir hulle voel asof dit hulle skuld is en nou is hulle in almal se pad. Hulle opmerkings bevestig nogal hierdie gevoel:

H “Die pyne wat ek nou die dag in my heupe gekry het, het alles weer laat sneeubal, ‘Ek is die oorsaak van alles en dus hoekom ek siek raak, want ek verdien dit”.

S “Ek was bewus dat daar moontlik iets mag wees. Na lang tydsverloop is daar wel vasgestel dat daar fout is. Nou verwyt ek myself, want as hulle dit vroeër uitgevind het, dan sou alles baie makliker vir my mense gewees het”.

N “My daughter quit school to take care of me. My first reaction was, don’t do it, because you are going to be miserable without your friends. I don’t want to cause problems for you”.

P “Ek is deesdae so afhanklik van my vrou, ek kan niks vir myself meer doen nie”.

G “Ek en my vrou het alreeds begin planne maak oor die toekoms en nou gaan ek haar drop”.

E “En die dokter kyk vir my en vra weer hoe ek voel?. Ek sê ek is nie verbaas nie. Ek dink die man het seker gedink ek is nie regtig lekker in my kop nie. Verbaas vra hy hoekom?. En ek sê my ma het kanker gehad, so die kans dat ek dit sou kry is groter as ‘n ander s’n”.

- **Bekommernis**

Die respondente is dit eens dat hulle nie regtig hulle bekommernisse met hulle mense kan deel nie, hulle voel dat dit beter is as slegs een in die familie bekommerd is, eerder as die hele familie. Hulle beleef partymaal ook ‘n lompheid as gevolg van die feit dat hulle nie regtig kan verwoord oor hoe hulle voel nie. Hulle beleef letterlik ‘n tussen-in fase, byvoorbeeld ons is hoopvol, maar my liggaam projekteer die teenoorgestelde, ons glo dat die behandeling ons help, maar ek voel hoe my liggaam



onder my wegkwy en al glo ons dat elke dag gawe is, is ons maar bekommerd as ons slaap, want vannag mag dalk my laaste nag wees?

- Vrees

Die respondente het dit ook indirek gekommunikeer dat as jy weet wat kom, dan is dit maklik om dit te hanteer, maar met kanker is alles nie so voorspelbaar nie. Dinge kan regtig binne 'n oogwink verander en dit maak ons bang. Jy is net paraat en gereed vir dit wat kom en dan moet jy hoor die planne en die behandeling het verander as gevolg van die een of ander krisis. Dit voel ook soms asof dit wat vir jou belangrik is, nie altyd deur almal gedeel word nie. Luister hoe verwoord sommige van die respondente dit:

S “Waarheen nou, alles is teen my, my ouderdom, my pensioen, die mediese verslae, my prognose en wie weet wat nog. Dan word daar vir my gesê moenie bang wees nie”.

N “Uncertainty is part of the game-plan, everthing seem okay, but just in case, let us repeat the tests to make sure everthing is okay – always a scary experience”.

H “Ek gaan nie lank lewe nie”.

G “Sal jy nie bang wees as daar vir jou gesê word, Gert jy het nie meer lank om te lewe nie?”.

P “Nie almal maak dit, so wat is my regtige kans?”.

- Frustrasies

Volgens die respondente is daar baie frustrasies wat nie na die oppervlakte mag kom nie, aangesien dit almal om hulle mag ontstel. Hulle is van mening dat dit baiekeer hierdie frustrasies is wat aanleiding gee tot 'n negatiewe belewenis van hulle deur die mense om hulle, asof dit mag grens aan 'n skynbare ongevoeligheid van hulle kant af. Die meeste frustrasies word soms veroorsaak deur dit wat die mense vir hulle sê:

- H “Dit vang my as mense heelyd vir my sê ek lyk goed en dan vra, ‘Hoe kry jy dit reg om alles so goed te verwerk? Dit vang my as mense so bo-langs en halfhartig met my gesels, want dit voel vir my hulle wil die dinge ‘side-step’. Ander weer weet nie hoe om op te tree nie”.
- P “Die besoek het op ’n stadium ’n irritasie geword, want mense weet nie waar om die streep te trek nie en kuier jou amper dood. Tog aan die anderkant is dit soms die besoeke wat uitstaan”.
- G “My frustrasie is om te sien en te hoor van ander mense se genesing op televisie, maar dit is my nie beskore nie”.
- S “Wat my frustreer is dat ek is soos ’n oop boek vir my mense, en dan raak hulle voorskriftelik oor wat ek mag en nie mag nie en dit vang my. Dan lyk dit of ek nie omgee oor hulle omgee vir my nie”.
- N “I knew I had cancer, it is not necessary to remind me the whole time about my cancer”.
- E “Dis die ding met kanker. Die nuus het soos ’n veldbrand deur die personeel getrek en hoe nou gemaak? Hier is ek by die skool, hulle het nog nie eintlik kans gehad om onder mekaar die ding te bespreek nie en nou moet hulle met my van aangesig tot aangesig praat. Ek beleef verskillende reaksies, soos byvoorbeeld, ‘Wat maak jy hier?’; ‘Hoe voel jy?’ en ‘Jy moet oppas dat jy nie infeksies opdoen nie”.

- **Woede**

Die respondente meld ook dat daar tye kom wanneer hulle kwaad is, maar nie eintlik weet na watter kant toe die woede gekanaliseer moet word nie. Dit is asof hierdie woede ’n verskuilde woede is, omdat wanneer mense daarvan kennis dra of te wete kom, hulle jou baie krities aankyk. Die ondertoon van die woede is redelik opmerklik in die volgende opmerkings deur die respondente:

- H “... alles my skuld ek leef ongesond. Dis waarom ek siek geword het, ek verdien dit. Ek het alles oor myself gebring”.
- P “Ek bevind my in ’n stuk niemandsland, dit maak my gek, want doen ek niks, wat gaan van my word?”.
- P “Dan hoor jy dat jy skoon is, en die volgende oomblik hoor jy, nee die kanker is terug, bly wees verander in ’n kits na teleurstelling”.
- G “Ek is deur my eerste sarsie, die tweede maal was vir my erger, want ek het nooit weer gedink dat kanker op my pad sal kom nie”.
- S “Kyk ek gaan dit uit my kop skuif en ek wil met niemand praat nie”.
- E “En soms, net soms, is ek bietjie opstandig. Hoekom wil julle my nie toelaat om te sterf nie? Hoekom kan ek nie maar nie na Jesus toe gaan nie? As Christen, glo ek dan dat die uiteindelijke prys is om by die Here te wees. Waarom hou julle my vas met woorde soos: wees positief, veg vir die lewe, om hier te wees, vir jou kinders en kleinkinders en man”.

#### 6.5.1.4.3 Etikettering

Die respondente was dankbaar om daarvan te kan getuig dat hulle nêrens uitgesonder en geëtiketteer is nie. Hulle is baie professioneel hanteer en die mense wat hulle moes help en ondersteun in hierdie tyd was toegewyd en het dit op ’n bekwame manier gedoen. Daar is gemaklik oor hulle kanker met ander mense gesels en hulle kon op hulle individuele manier vir mense iets beteken. Kanker is ’n gelykmaker en bring alle mense op dieselfde vlak, vanwaar jy saam ly, groei en berusting kry.

#### 6.5.1.4.4 Kommunikasie probleme

Die kommunikasie tydens so ’n kanker diagnose is volgens die respondente baie moeilik, nie as gevolg van die taal nie, maar as gevolg van die tegniese terme waarvan hulle geen kennis het of dra

nie. Die ander krisis volgens hulle is dat hulle nie altyd weet hoeveel van die waarheid hulle regtig wil weet nie aan die een kant en of hulle enigsins iets wil weet aan die ander kant. Hulle beklemtoon dat jou sintuie 'n metamorfose ondergaan wat beteken dat jou sintuie sensitief en baie skerp is. Die twee sintuie wat die meeste hierdeur geraak word is (i) die oë wat die liggaamstaal van die mediese- en ondersoek personeel fyn monitor en reageer op die kleinste verandering en (ii) die ore wat die fynste en geringste verandering in jou asemhaling, of die stemtoon van die mense om jou op 'n ver afstand eien.

Volgens hulle is die nie-verbale kommunikasie baie meer-seggend as die verbale kommunikasie, want die gesigsuitdrukkings, die manier waarop die dokters aan jou raak of die afstand wat hulle inneem as hulle met jou kommunikeer sê baie meer as hulle woorde. Die kommunikasie met hulle huismense is soms die moeilikste, want sê jy werklik hoe jy voel is almal in sak en as en verswyg jy dit dan is jy die onverantwoordelike een. Die volgende opmerkings van die respondente het betrekking:

- S “Ek wil nie praat nie, en ek wil nie mee gepraat word nie”.
- H “Ek verstaan nie Engels baie goed nie, maar al wat ek hoor is, ‘It’s serious’ en ek wil net huis-toe gaan. Hoe gaan ek dit oordra aan my man en my mense?”
- P “Met my vriende en kollegas praat ek gemaklik, maar dit is met my vrou wat ek nie regtig kan praat nie, ons praat wel maar so op die oppervlakte”.
- N “I can’t deal with it, I don’t want to listen to the radio and I don’t want to read the paper, I am not interested in anything negative”.
- E “Toe kom die suster met ‘n kleinerige sak wat sulke rooi vloeistof het. Sy verduidelik dat as hierdie eerste sak klaar is, gaan sy die rooi vloeistof opsit en dan die ander daarna. Daar is so ‘n geluid bietjie sagter as ‘n kreun van die ander wat daar sit toe sy die sakkie daar neer sit”.

## 6.6 Bespreking van die respondent individueel

### 6.6.1 Inleiding

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat mense wat met kanker saamleef hulleself in 'n oorgangsituasie, 'n *communitas*-fase bevind en dat dit hulle lewens ingrypend raak. Terselfdertyd beweeg hierdie mens wat met kanker saamleef in die rigting van 'n nuwe *societas*-fase, waarvoor die prediking nou reeds strategies moet beplan. Dit is tydens die tye van voorspoed, wanneer dit goed gaan met mense, dat dit moeilik is om aan sekere elemente en geïkete tradisies binne die prediking te verander. Mense hou nie van verandering nie, behalwe as daar die een of ander ingrypende gebeurtenis plaasvind, wat nie anders kan as om verandering teweeg te bring nie. Dus, daar moet 'n behoefte aan verandering wees. In tye van voorspoed is veranderinge in 'n gemeenskap en in die lewens van mense gewoonlik nie baie drasties nie, want dit raak nie die kern van die bestaanwese van mense nie. Burger (1995:18) wys daarop dat die kerk in oorgangstye daarop ingestel moet wees om die stem van die Here te hoor, sodat mense (gelowiges) verandering en krisis nie beleef as buite God se handeling met hulle nie. Volgens Burger vind verandering makliker in sulke tye plaas omdat mense met groter erns na God se doel met hulle lewens soek en dikwels ervaar dat Hy herskeppend en vernuwend veranderend met hulle besig is. In die Bybel is daar voorbeelde van oorgangstye, vir die doel van hierdie studie neem ons die afskeidsgesprekke van Jesus in die evangelie van Johannes (vgl. Hoofstuk 3).

### 6.6.2 Oorgangstye by respondente

#### 6.6.2.1 Sarie

Sarie se diagnose met kanker kom juis op 'n stadium in haar lewe wat sy dit die minste verwag het, sy stel dit so "Ek was gesond, lewenslustig en doelgerig, daar was by my geen sprake van siekte of ongesteldheid nie". Daarom was haar diagnose met kanker baie traumaties, want sy was goed op dreef met haar lewe.

Sarie se storie lyk skematies soos volg:

- Societas-fase

Sarie was gesond, lewenslustig en doelgerig, nêrens was siekte en by name kanker ter sprake nie. Sy het in 'n goeie beroep gestaan en finansieel het dit met haar en haar gesin goed gegaan.

- Afbreekmoment

Tydens hierdie op die kruin van die golf ervaring het sy begin onrustig raak oor iets wat haar begin kwel het rondom haar gesondheid. Stil-stil het sy self begin ondersoek instel en dit wat sy gevind het in die literatuur en in die mediese verslae het haar begin onrustig stem. Sy het haar egter voorgeneem om nie hierop te fokus nie en maar net rustig met haar lewe aan te gaan asof alles normaal is. Tog het sy besef dat sy sal moet uitvind wat fout is.

- Krisis

Sy het die toetse laat doen en nog voordat die uitslae aan haar bekend was, het sy geweet daar is groot fout. Uiteindelik is die nuus gebreek en Sarie moes hoor dat sy kanker het en dat dit reeds ver gevorderd is. Chemoterapie en chirurgie was haar voorland. Haar societas het soos 'n kaartehuis inmekaar gestort.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Sarie</b>
Voorspoedtyd	Sarie was gesond en wel
Gestruktureerde verbande	Daar was orde in haar lewe
Orde en reëls	Fokus op haar beroep en gesin
Fokus op rolle en funksies	Goeie werk en geniet status
'n Hiërargie van status	Voel sy behoort en is in beheer
Gevoel van Geborgenheid	Sy geniet die lewe

- **Communitas-fase**

Eensklaps is die vastighede waaraan Sarie vasgehou het en aan geanker was, geskud. Haar gesondheid, geloof en welwese wat so vanselfsprekend aanvaar is, word nou bedreig. Dit waarvan sy so seker was materieel en finansieel lyk ewe skielik wankelig. Die besluite wat so outomaties en met reëlmaat sonder enige bekommernisse geneem kon word, is skielik nie meer so voor die hand liggend nie. Dit wat die toekoms moes deursien en sorg vir 'n kommervrye aftrede, lê in skerwe.

<b>Communitas</b>	<b>Communitas toegepas op Sarie</b>
Oorgangstyd	Oorgangstyd tussen gesond en siek wees
Ongestruktureerd, min vaste reëls	Geen reëls en werkbare planne
Fokus op mense en verhoudings	My mense is nou belangrik
Groter gelykheid tussen mense	Ek kan ook siek raak
Gevoel van onsekerheid	Bevraagteken God, mense en myself en ek is die oorsaak - skuldgevoel

Ek is verward want wat gewerk het in die verlede werk nou nie meer nie. Al die groot sekerhede waaraan ek so gelowig en getrou vasgehou het, is daarmee heen. Ek is broos, maar iewers moet ek weer op koers kom. Ek moet myself opnuut weer vind en dan maar die bul by die horings pak en aangaan met my lewe. Hierdie herrangskikkingsfase het vir Sarie op 'n aantal mooi dinge uitgeloop. Daar het 'n ommeswaai in haar denke gekom en sy het begin om haar prioriteite her saam te stel. Sy het met nuwe oë begin kyk na haar finansies, liggaam, kerk en haar mense.

- Die nuwe societas-fase

Sarie het nuwe energie gekry vir die lewe en vir dit wat vir haar voorlê as mens gediagnoseer met kanker.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Sarie</b>
Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings.	Sarie se geborgenheid en behoud het gelê in haar verhouding met haar man, gesin en familie;
'n Selfondersoekende Inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef.	Sarie het tot inkeer gekom met die wete dat sy afhanklik van God moet lewe;
Die kreatiewe invloed van grens, of drempel-ervarings word beleef.	Sarie het ervaar hoe God op nuwe maniere met haar besig is;
Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe	Sarie het op 'n nuwe manier begin kyk na die lewe;

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Sarie geïdentifiseer:

1. Daar is nie 'n manier om met kanker om te gaan nie, kanker skud alles.
2. Die vermoede van kanker laat mense vreemd optree, daar is 'n mate van ontkenning aanwesig.



3. As die kanker vermoede oorloop in die bevestiging daarvan is dit asof die persoon 'n metamorfose ondergaan en daar is 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die reis wat voorlê.
4. Die mooi ding wat kanker regkry, is om mense bymekaar te bring.
5. Die mens met kanker voel baiekeer geïsoleerd en uitgesluit deur die mense om hulle.
6. Kanker verander mense se uitkyk op die lewe indringend.

#### 6.6.2.2 Nora

Nora se diagnose met kanker het ook plaasgevind in 'n tyd waarin sy dit die minste verwag het. Sy het so pas begin met 'n nuwe werk, sy het my gesogte pos aan die Seminarium van Princeton verruil vir 'n pos by 'n nuutgestigte gemeente in New York as voltijdse leraar. Met haar bedanking by Princeton het sy en haar man ooreengekom dat sy 'n Sabbatsjaar kan neem om haarself te genees van al die negatiewe belewenisse wat sy moes ervaar by Princeton. Sy was slegs 'n week by die huis, toe sy na 'n roetine besoek aan die dokter moes hoor dat sy borskanker het.

Nora se storie lyk skematies soos volg:

- Societas-fase  
Nora was op die kruin van haar lewens-golf en sy was ten volle in beheer en tevrede. Tydens haar niksvermoetende besoek aan die dokter, is sy ontnugter. Wat haar Sabbatsjaar van heling moes wees, het haar nagmerriejaar geword om te oorleef met kanker, soos sy dit stel "The next moment I was diagnosed with cancer and ending up with the result that five lymphoides were infiltrated. How is that possible? I was devastated!".
- Afbreekmoment  
Mense doen moeite om te gaan vir roetine ondersoeke by die dokters, want dit word van hulle verwag as hulle gesond en lewenslustig wil bly. Wat vir Nora bloot 'n besoek aan die dokter moes wees, verander eensklaps in 'n nagmerrie.
- Krisis

Nora se roetine ondersoek verander in 'n krisis. Die woorde van die dokter het haar lewe ingrypend verander. Jy het borskanker en dit lyk asof die kanker alreeds versprei het en vyf limfoïdes aangetas het. Die behandeling wat voorgestel word sluit chemoterapie en radio-bestraling in. Dit bring mee dat jou Sabbatsjaar onmiddellik verander word in jou kanker behandelingsjaar.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Nora</b>
Voorspoedtyd	Nora beleef 'n Sabbatsjaar
Gestruktureerde verbande en orde en reëls	Sy het orde in haar lewe
Fokus op rolle en funksies	Sy kan fokus op haar beroep en haar gesin
'n Hiërargie van status	Sy is gesiene persoon en geniet hoë aansien
Gevoel van Geborgenheid	Sy beleef 'n rustigheid en is in Beheer en sy het 'n vol lewe en geniet dit

- **Communitas-fase**

In 'n oogwink het haar lewe verander. Dit wat 'n hoogtepunt jaar moes wees verander binne oomblikke in 'n laagtepunt. Die ankers waaraan mense vashou en aanvaar as die onaan-tasbare, word geskud. Gesondheid en om wel te wees wat so maklik as vanselfsprekend deur mense aanvaar word, is nou bedreig. Dit waarvan sy so seker was materieel en finansieel lyk ewe skielik wankelrig. Die besluite wat so outomaties en met reëlmaat sonder enige bekommernisse geneem kon word, is skielik nie meer so voor die hand liggend nie. Dit wat die toekoms moes deursien en moes sorg vir 'n kommervrye aftrede lê in skerwe.

<b>Communitas</b>	<b>Communitas toegepas op Nora</b>
Oorgangstyd	Oorgangstyd tussen een oomblik is sy nog gesond en die volgende oomblik is sy siek;
Ongestruktureerd en min vaste reëls	Alles verloop volgens haar plan en dan breek chaos uit;
Fokus op mense en verhoudings	Eers is posisies belangrik en nou word my mense vir my belangrik
Groter gelykheid tussen mense	Die lewe is 'n voorreg en nie 'n reg nie;
Gevoel van onsekerheid	Bevraagteken God, mense en myself en dalk my straf omdat ek nie na myself gekyk het nie, ek is die oorsaak van my ellende;

Sy is platgeslaan en haar tydsberekening was heeltemaal verkeerd. Sy was 50 jaar oud en om nou te bedank het was dalk nie die regte opsie nie. Haar kinders is op universiteit verward want die geldelike las is enorm. Sy het aanhoudend gehuil en met haar mense dit gedeel dat sy nie nou wil doodgaan nie en dat sy eendag kleinkinders wil hê. Sy het ook begin nalees oor kanker en dit het haar nog verder getraumatiseer. Sy het anders as haar gewoontes sommer op 'n inkopieveldtog gegaan. Sy het haarself geïsoleer en nie meer radio geluister nie en wou niks weet van mense wat negatief is nie. Sy was geïrriteerd want al waar die mense met haar wou praat, was haar kanker en sy wou oor hulle lewens en belangstellings praat. Die groot sekerhede waarin sy geglo het en ook verkondig het, het verander in vraagtekens. Nora het ook besef dat iewers moet sy hierdie kanker aangeleentheid aanspreek. Hierdie besef het nie net gelei na die herrangskikkingsfase nie, maar het ook op 'n

aantal mooi dinge uitgeloop. Sy het haar Sabbatsjaar herdoop na haar kankerjaar. Hierdie ommeswaai in haar denke het haar op die pad van genesing en heling geplaas. Sy het met nuwe oë begin kyk na haar omstandighede.

- Die nuwe societas-fase  
Nora het nuwe energie gekry vir die lewe en vir dit wat vir haar voorlê as mens gediagnoseer met kanker.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Nora</b>
<p>Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings;</p> <p>'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef;</p> <p>Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef;</p> <p>Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe;</p>	<p>Nora se geborgenheid en behoud het gelê in haar verhouding met haar man, gesin, kollegas en die gemeen- te;</p> <p>Nora het tot inkeer gekom met die wete dat sy afhanklik van God moet lewe;</p> <p>Nora het ervaar hoe God op nuwe maniere met haar besig is;</p> <p>Nora het op 'n nuwe manier begin kyk na die lewe;</p>

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Nora geïdentifiseer:

1. Kanker het nie 'n voorkeur van mense nie, dit kan by enige mens sy opwagting maak.
2. Die diagnose met kanker skok.
3. Kanker dompel mense in 'n emosionele draaikolk.

4. Kanker kry dit ook reg om mense in beweging te bring, ewe skielik word “bucket lists” opgestel.
5. Die mens met kanker steun geweldig op die ondersteuning en bemoediging van sy/haar gesin, familie en vriende.
6. Kanker het vir haar ook ‘n geestelike verdieping gebring rakende die lees van die Bybel asook sekere rituele om die innerlike gemoed te versterk.

#### 6.6.2.3 Henriëtte

Henriëtte se diagnose met kanker het op ‘n heel buitengewone manier plaasgevind as waarvoor sy gehoop het. Sy het gedroom oor die dag dat sy haar borste kan verklein; die dag het toe uiteindelik aangebreek en die operasie is gedoen. Die opvolgbesoek het konsternasie veroorsaak, want sy is toe meegedeel dat sy borskanker het.

Henriëtte se storie lyk skematies soos volg:

- **Societas**  
Henriëtte is op ‘n stadium in haar lewe waar sy die lewe kan geniet en dat sy ook so bietjie aandag aan haar voorkoms kan gee. Sy en haar gesin beleef ‘n bloeityd saam en dit lyk so asof alles wat belangrik is ten opsigte van die lewe uitgesorteer en mooi in plek is.
- **Afbreekmoment**  
In goedertrou laat mense sekere dinge doen in hierdie lewe, soms as gevolg van dit wat nodig is en soms as gevolg van ‘n bietjie eie genot. Wat op ‘n mooi en goedvoel-operasie moes uitloop vir haar, het oornag verander in ‘n monster ervaring. Niksvermoedend en met groot verwagting het sy hierdie kosmetiese operasie laat doen. Sy stel dit so “Ek verstaan Engels nie baie goed nie, maar my vriendin verstaan so bietjie, maar al wat ek gehoor is dat die verpleegster die healtyd sê “This is serious”.
- **Krisis**

Na Henriëtte se operasie het haar en haar gesin se lewe ingrypend verander. Die woorde van die dokter met haar opvolgbesoek van, “Henriëtte ons moet eers praat”, het haar lewe op sy kop gedraai. Na ‘n baie goeie verduideliking van die dokter en ‘n mammogram moes sy aanhoor dat sy borskanker het. Die kanker is in ‘n baie vroeë stadium, maar die slegte nuus is dit is daar. Die behandeling is voorlopig chirurgie gevolg deur radio-bestraling.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Henriëtte</b>
Voorspoedtyd;	Henriëtte beleef ‘n voorspoedige tydperk in haar lewe;
Gestruktureerde verbande;	Sy is in beheer van haar lewe en kan haarself so bietjie bederf;
Orde en reëls;	Daar is rustigheid en orde in haar lewe;
Fokus op rolle en funksies;	Sy en haar gesin geniet die lewe onversteurd;
‘n Hiërargie van status;	Sy leef haar lewe tussen vriende
Gevoel van Geborgenheid;	Sy is wel aangepas en sy en haar mense geniet aansien;

- **Communitas-fase**

Henriëtte se lewe is tydens ‘n inkopie-uitstappie saam met haar vriendin ingrypend verander. ‘n Dag om te geniet en pret te hê het uitgeloop op ‘n dag vol tranes en wanhoop.

<b>Communitas</b>	<b>Communitas</b>
Oorgangstyd	‘n Sorgvrye dag verander in ‘n dag van chaos;
Ongestruktureerd en min vaste reëls	My beplande dag word omvergegooi deur ‘n onbeplande diagnose;

Fokus op mense en verhoudings	My verlange na materiële goed word vervang met 'n verlange na my mense;
Groter gelykheid tussen mense	My sekerheid word vervang deur onsekerheid;
Gevoel van onsekerheid	Ek begin twyfel in myself en voel skuldig oor wat met my gebeur; Ek die positiewe mens verander in 'n negatiewe mens

Henriëtte die sprankel mens is op die oomblik Henriëtte die spartelende mens. Daar is kommer in haar hart, gaan sy oud word saam met haar mense en gaan sy haar dogter sien groot word. Haar gedagtes maal en is vol negatiewe dinge. Sy is bang en onseker, want enige pyn in haar liggaam laat die alarms afgaan; is dit nou die laaste? Sy het ook besef dat ter wille van haar mense sal sy haar ingesteldheid moet verander.

- Die nuwe societas-fase

Henriëtte het gemoedsrus begin kry nadat sy besluit het om eerrder haar ma se onkoloog te besoek as die voorgestelde onkoloog in Johannesburg.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Henriëtte</b>
Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings;	Henriëtte se geborgenheid en behoud lê in haar verhouding met haar man en dogter;
'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef;	Henriëtte het tot inkeer gekom met die wete dat sy afhanklik van God moet lewe;
Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef;	Henriëtte het begin om die dinge wat sy het te waardeer;

<p>Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe;</p>	<p>Henriëtte het besef dat sy kan vir ander mense iets beteken en sy het besluit om haar lewe dag vir dag te neem;</p>
--	--

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Henriëtte geïdentifiseer:

1. Kanker kan sy opwagting enige tyd in die lewe van die mens maak, ongeag die persoon.
2. Kanker kan mense se lewens in 'n oomblik verander.
3. Kanker wys ook dat die mens 'n ongelooflike aanpasbare wese is, soos byvoorbeeld die opmerking "as dit die pad is vorentoe, dan loop ek dit".
4. Kanker se impak is soms fisies en dit bring mee dat nie net die menswees in gedrang is nie, maar ook die vroulikheid en menswaardigheid.
5. Kanker bring onsekerheid en bekommernis oor die toekoms.

#### 6.6.2.4 Phillip

Phillip se diagnosering met kanker het gevolg op 'n waarskuwing van sy vrou oor 'n moesie wat vir haar verdag voorgekom het. Hy was bewus van die moesie, maar het uitgestel en uitgestel tot op 'n dag dat sy vrou hom half verplig het om 'n dokter te gaan sien het. Die moesie is uitgesny en daar is vasgestel dat Phillip melanoom het.

Phillip se storie lyk skematies soos volg:

- **Societas**  
Phillip was op 'n tydstip in sy lewe dat hy sy werk, sy familie en sy vriende kon geniet. Hy het 'n goeie beroep gehad en hy kon vir sy mense voorsien wat nodig is. Phillip kon 'n gebalanseerde en gesonde lewenstyl handhaaf. Soos hy dit stel in sy eie woorde "Soos ons mans maar is, het ek my nie regtig daaraan gesteur nie. Na baie gekla en kerm is ek op die ou end dokter toe. Die dokter het die moesie uitgesny en dit weggestuur na die



laboratoriums vir ontleding. Die resultaat was nie baie positief nie en uiters ernstig”.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Phillip</b>
Voorspoedtyd;	Phillip het 'n goeie en lewensvatbare beroep beoefen;
Gestruktureerde verbande en orde en reëls;	Sy lewe was gestruktureerd en goed georden en daar was beheer en goeie orde;
Fokus op rolle en funksies;	Phillip het normaal funksioneer en kon sy rol as man en pa uitlewe;
'n Hiërargie van status;	Sy beroep het van hom 'n gesiene persoon in die dorp gemaak;
Gevoel van geborgenheid;	Phillip was tuis as mens en in homself;

- **Afbreekpunt**

Tog was daar by sy vrou die onrustigheid oor die verdagte moesie aan sy lyf. Op die oog af nie baie bekommerd nie, maar tog nie gemaklik nie. Haar aanhoudende geneul het uiteindelik gemaak dat Phillip tog by die dokter uitgekom het. Die moesie is uitgesny en toe die uitslag bekend geword het, was dit verdoemlik.

- **Krisis**

Die moesie uitsny het uiteindelik Phillip, se lewe drasties verander. Phillip die gesonde en lewenslustige mens, moes die diagnose van sy dokter aanhoor dat hy nie net kanker het nie, maar 'n baie aggressiewe kanker daarby, naamlik melanoom. Die aanduidings is ook dat die kanker reeds in 'n gevorderde fase 4 is en dat die brandwagklier ook geïnfilteer is. Phillip se lewe het tot stilstand gekom en hy moes herbesin oor alles

- **Communitas**

Wat bloot 'n roetine besoek moes wees om net seker te maak dat alles wel is met die verdagte moesie, het uitloop op 'n intensiewe en ingrypende prosedure in die lewe van Phillip en sy gesin.

<b>Communitas</b>	<b>Communitas toegepas op Phillip</b>
Oorgangstyd;	Phillip bevind homself in 'n oorgangstyd;
Ongestruktureerd en min vaste reëls;	Waar sy lewe redelik georden was is dit nou heeltemal deurmekaar en ewe skielik het dit wat so voor die handliggend was, soos mis voor die son verdwyn;
Fokus op mense en verhoudings;	Die materiële wat so belangrik is het sekondêr geraak
Groter gelykheid tussen mense;	Skielik is hy nie meer die sterk mens wat hy gedink het hy is nie;
Gevoel van onsekerheid;	Hy, die sterk en anker van sy gesin begin ewe skielik wankel;

Phillip die persoon wat met syfers werk en waar alles sin maak bevind homself in omstandighede wat geen sin maak nie en slegs chaos in sy lewe veroorsaak. Dit wat vas gestaan het soos gevestigdigde bakens se fundamente is gekraak en kan enige oomblik inmekaar tuimel. Phillip is vasgevang in 'n tweestryd en hierdeur kan hy slegs kom as hy saamwerk.

- **Nuwe societas**

Phillip is 'n realistiese mens en daarom het hy ook geweet dat die spreekwoord lui, "Wie nie waag nie, sal nie wen nie". Hy het sy onkoloog vertrou en was bereid om die pad saam met haar te stap.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Phillip</b>
<p>Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings;</p> <p>'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef;</p> <p>Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef;</p> <p>Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe;</p>	<p>Phillip se verhouding met sy huis-mense het verdiep;</p> <p>Hy het ook tot die besef gekom dat sy geestelike ingesteldheid belangrik is;</p> <p>Hy het verskeie oorgangservarings beleef;</p> <p>Hy het begin anders kyk na die wêreld en die mense om hom en hy het anders na die lewe gekyk as voorheen;</p>

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Phillip geïdentifiseer:

1. Kanker wys dat enige verandering in die liggaam opgevolg moet word, anders wag daar groot ontnugtering.
2. Kanker is nie 'n geringe siekte nie.
3. Kanker maak 'n mens afhanklik, so teenstrydig met die tydsgees waarbinne ons leef.
4. Kanker vra ook geestelike ondersteuning
5. Kanker verhoog die kwaliteit van mense se lewens, maar kan indringend die kwantiteit van die lewe inperk.

#### 6.6.2.5 Gert

Gert se diagnose met kanker het gekom nadat hy 'n dokter besoek het omdat hy siekerig gevoel het. Hy is deur die dokter verwys na 'n spesialis in Bloemfontein wat na 'n aantal toetse vasgestel het dat Gert nierkanker onder lede het. Soos hy dit stel "Dit was baie traumaties, want hoekom sal 'n dokter jou verwys as dit net iets kleins is? In

Bloemfontein is daar vasgestel dat ek nierkanker het. Die nuus het nog skaars tyd gekry om in te sink, toe hoor ek dat ek onmiddellik geopereer moet word”.

Gert se storie lyk skematies soos volg:

- **Societas**

Gert was ‘n gesonde en aktiewe jongmens, hy het aan sport deelgeneem en was ‘n entoesiastiese rugbyspeler. Hy en sy vrou het saam met hulle kinders die lewe geniet. Gert het gedoen wat hy moes doen sonder enige struikelblokke of bekommernisse.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Gert</b>
Voorspoedtyd;	Gert was gesond en hy het die lewe geniet;
Gestruktureerde verbande, orde en reëls;	Sy lewe het struktuur gehad en daar was orde;
Fokus op rolle en funksies;	Hy en sy gesin het as normale gesin gefunksioneer;
‘n Hiërargie van status;	Hy kon sy skeppingsdoel uitleef van man en pa wees;
Gevoel van Geborgenheid;	Hy was bemind en gewild onder sy familie en sy vriende en hy was tuis in die wêreld en gemaklik met homself;

- **Afbreekpunt**

Gert het as jongman ‘n vergroei sel uit sy voet laat sny, waarop die dokter na die ontleding daarvan gereageer het, “Jy moet net hoop dat hierdie ding nie iewers in jou liggaam weer sy opwagting maak nie”. Gert het op ‘n dag begin olik voel, hy is dokter toe en die het hom verwys na ‘n spesialis in Bloemfontein. Hier het hy reeds onraad

gemerk, want hoekom verwys die dokter my na iemand anders. In Bloemfontein het hulle vasgestel dat Gert nierkanker het.

- **Krisis**

In die lewe van 'n gesonde en lewenslustige mens is die gedagte aan kanker nooit regtig ter sprake nie. Daar is te veel ander dinge en gebeurtenisse van en in die lewe wat aandag verg. Daarom was dit vir Gert traumaties toe die dokter hom meedeel dat hy nierkanker het en dat drastiese ingryping nodig is. Gert se lewe het nie net tot stilstand gekom nie, maar in duie gestort. Al gedagte wat heelyd deur sy gedagtes gemaak het, was ek gaan nou dood. Die operasie was suksesvol maar het sy merke op Gert gelaat. Daar is min tyd oor, ek moet dit gebruik.

- **Communitas**

Gert se wêreld het tekens van kwesbaarheid openbaar. Die vanselfsprekenheid van dinge soos gesondheid, lewenskrag, werk, familie en vriende word skielik bevraagteken. Al die uitroepetekens van die lewe word ewe skielik begroet met vraagtekens.

<b>Communitas</b>	<b>Comunnitas toegepas op Gert</b>
Oorgangstyd;	Was nooit siek en nou moet ek kanker hanteer;
Ongestruktureerd en min vaste reëls;	Alles in my lewe was in plek en nou word daardie orde versteur; Die vashouplekke van die verlede het nou hulle rug op my gedraai en die uiterlike en die materiële stel teleur;
Fokus op mense en verhoudings;	Opnuut weer besef rykdom is in mense en nie in dinge nie;
Groter gelykheid tussen mense;	Wat goedsikks aanvaar is, word nou bevraagteken;
Gevoel van onsekerheid;	Baie tyd het skielik min tyd geword;

Gert se in die wêreld wees het net nie meer sin gemaak nie, dit waarvan hy verseker was, is het hom nou die rug gekeer.

- Nuwe societas

Gert is gelukkig 'n positiewe mens en glo dat daar altyd hoop is en geloof vir genesing.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Gert</b>
<p>Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings;</p> <p>'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef;</p> <p>Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef;</p> <p>Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe;</p>	<p>As daar min tyd oor is moet die tyd wat ek het gebruik word;</p> <p>Daar het by Gert ook die besef posgevat dat hy sy geestelike lewe moet uitsorteer;</p> <p>Hy het begin boeke lees en veral die stiltetye saam met sy vrou was kosbaar;</p> <p>Die lewe saam met sy vrou het vir hom die belangrikste geword en hy het beleef dat God vir hom 'n beskermingsengel gestuur het;</p>

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Gert geïdentifiseer:

1. Kanker gebeur skielik en het nie tydskele nie.
2. Kanker maak mens wantrouig, want hoe kan iets kleins so gou verander in iets groots.
3. Kanker sorg vir sy eie trauma, die belewenis daarvan verskil van persoon tot persoon.
4. Kanker help ook om verstarde verhoudings weer op koers te bring.
5. Kanker isoleer mense en dit is nie lekker nie.

### 6.6.2.6 Erica

Erica se diagnose met kanker het gekom nadat haar seun 'n foto van haar saam met haar kleinkind wou neem om dit vir haar broer te stuur in Luxemborg. In haar fyn kam om te bepaal of die foto reg is, merk sy 'n verdagte swelling in haar nek. Sy boer voor die spieël, maar voel niks, tot op 'n dag dat sy haar kop draai en sien dat daar is 'n swelling. Daar verloop 'n tydjie totdat sy beseft dat sy werk moet maak van hierdie verdagte swelling in haar nek. Sy is dokter toe, die verwys haar na die chirurg, wat op sy beurt haar verwys na die Radioloog en voor sy haar oë kon uitvee, is dit hospitaal toe om die verdagte knop te verwyder. Hiervan is haar mense nog onbewus en nou moet sy die nuus breek. Sy oortuig haar mense dat dit nie so ernstig is nie en dat 'n vriendin haar sommer hospitaal toe sal neem vir die geringe prosedure. Sy ervaar bietjie ongemak na die operasie en moet die aand oorbly en daar is pandemonium in die familie. Sy maak 'n oproep tot kalmte en versoek die familie om te wag tot sy weer die dokter besoek om die steke van die operasie te verwyder. Dit is tydens hierdie besoek aan die dokter wat haar paadjie met kanker begin.

Erica se storie lyk skematies soos volg:

- Societas

Erica was 'n bedrywige vrou en 'n toegewyde eggenote, ma, ouma en onderwyser. Sy het al met die swaarkry kant van die lewe te doen gekry, maar was 'n bittereinder en het nie toegelaat dat dit haar onderkry nie. Dit was juis in hierdie tyd dat sy daarvan oortuig was dat dinge besig is om te verander en dat sy en haar eggenoot besig was om kop op te tel. Erica het geleef en haar kant gebring op verskeie fronte.

<b>Societas</b>	<b>Societas toegepas op Erica</b>
Voorspoedtyd;	Erica was tevrede met haar omstandighede en het haar lewe op haar manier geleef;

Gestruktureerde verbande en orde en reëls;	Haar lewe was geroetineerd en daar was rustigheid en orde;
Fokus op rolle en funksies;	Sy en haar gesin was gelukkig en het as normale gesin gefunksioneer;
'n Hiërargie van status;	Sy kon haar uitleef as vrou, eggenote, ma ouma en onderwyser;
Gevoel van Geborgenheid;	Sy was bemind en gewild onder haar familie en haar vriende; sy was tuis in die wêreld en gemaklik met haarself;

- Afbreekpunt

Erica se foto neem saam met haar kleinkind het ontaard in 'n nagmerrie. Op die foto het sy vir die eerste keer bewus geraak van die verdagte swelling onder haar oor. Eers die geheimhouding, toe die stil en voortdurende selfondersoek voor die spieël. Die verdagte swelling is nie sigbaar en voelbaar nie, tog voel Erica dat sy swaarder sluk aan haar kos. Weer voor die spieël, draai haar gesig na alle kante en toe die ontdekking, daar is die verdagte swelling. Sy stel dit so in haar eie woorde: "Weereens die ondersoek, kry niks, kyk weer in die spieël, sien niks, en toe draai ek my gesig na regs en daar sit die "worsie" duidelik, **aan die linkerkant** van my nek **en nie onder die vlek nie**. Ek voel kort-kort aan die swelsel maar sê niks vir Tiaan en die kinders nie". Hierna volg 'n rits van aksies, dokter, chirurg, radioloog, hospitaal, operasie, steke uit en toe die verdoemende resultaat, naamlik dit is kanker.

- Krisis

Alhoewel die kans daar was vir Erica om met kanker gediagnoseer te word as gevolg van haar familie-geskiedenis, het die moontlikheid van



‘n kanker-diagnose nooit by haar bestaan nie. Geen familie kan so geteister word nie, dus het sy geglo dat sy en haar mense hulle kant ten opsigte hiervan dubbel en dwars gebring het. Erica moes ontdek dat die lewe anders werk en dat sy nou gekonfronteer word met die kanker-paadjie.

- **Communitas**

Erica se wêreld is eers geskud toe sy self ervaar het wat ‘n diagnose met kanker aan jou kan doen. Met haar ma en twee susters het sy die voorskriftelike remedie gehad om kanker te hanteer, maar toe sy dit aan haar eie lyf voel, is daardie voorskriftelike remedie oorboord gegooi. Skielik het sy besef dat sy nie so in beheer is van die dinge soos wat sy gedink het nie.

<b>Communitas</b>	<b>Comunnitas toegepas op Erica</b>
Oorgangstyd;	Die kans was daar vir kanker, maar nie in die wildste drome van Erica nie;
Ongestruktureerd en min vaste reëls;	Alles in haar lewe was in plek en nou is daar ‘n geskarrel in die duiwehok en die vashou-plekke van die verlede het nou verdwyn;
Fokus op mense en verhoudings;	Die mense (nie familie nie) om my neem aanstoot so asof ek moedswillig kanker gekry het, ook die uiterlike en die materiële stel teleur en sy het opnuut weer besef rykdom is in mense en nie in dinge nie, ek is geregtig op niks nie;
Groter gelykheid tussen mense;	Wat goedsikks aanvaar is, word nou bevraagteken, selfs die mediese oplossings is onder

Gevoel van onsekerheid;	verdenking; Baie tyd het skielik min tyd geword;
-------------------------	---

Erica se wêreld het verander in 'n chemo-wêreld; in die chemo-wêreld verander alles gedurig, jou emosies, jou eetlus, die naweke en selfs jou beplanning rakende die toekoms.

- Nuwe societas

Erica is gelukkig 'n vasbyt-mens en goed gelowig. Sy beleef niks in die lewe as sinister en met agterdog nie. Wat op jou pad kom, moet jy maar hanteer met die hoop dat alles aan die einde sal uitwerk.

<b>Nuwe societas</b>	<b>Nuwe societas toegepas op Erica</b>
<p>Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings;</p> <p>'n Selfondersoekende inkerings-proses vind plaas, met 'n verdiep te spiritualiteit en Godsbesef;</p> <p>Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef;</p> <p>Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe;</p>	<p>As daar min tyd oor is moet die tyd wat ek het gebruik word;</p> <p>By Erica was die oorheersende gedagte dat God my kan vat nou, maar as dit nie nou is nie, het sy nog 'n taak;</p> <p>Erica het besef dat sy op haar kanker-manier iets vir ander mense kan beteken;</p> <p>Haar lewe saam met haar mense was haar eerste prioriteit en sy veg omdat sy glo dat as die tyd daar is, sal God haar kom haal;</p>

### **Gevolgtrekkings**

Hieruit is die volgende temas by Erica geïdentifiseer:

1. Kanker is soos 'n kamoefleer kampioen, doen hom voor in baie vorme, ja ook in 'n foto.
2. Kanker kan mens opstandig maak.
3. Kanker kry dit reg dat mense onbeskaamd hulle lojaliteit teenoor die mens met kanker sal betoon, soos kaalkop loop ens.
4. Kanker bring ook rustigheid en skep soms orde in die dolle gejaag na wind.
5. Kanker laat mens prioritiseer
6. Kanker maak die nie-verbale kommunikasie-kanale oop.
7. Kanker is 'n selfsugtige siekte

Hierdie navorsing is 'n doelbewuste poging om te kyk wat in die praktyk gebeur met mense wat deur kanker geaffekteer is. Die veranderde tye waarbinne daar vandag geleef word slaan nie net sy kloue in sekere sektore van die samelewing in nie, maar dit veroorsaak ook 'n rimpel-effek wat tot gevolg het dat hierdie veranderde tye wyer tref as wat aanvanklik gereken word. Die kerk spring ook nie hierdie invloed van die veranderde tye vry nie, want die kerk is deel van die samelewing en as die samelewing daardeur geraak word, word die kerk beslis ook geraak. Dus vir die kerk om relevant te bly in veranderde tye is dit noodsaaklik dat die kerk deur middel van empiriese navorsing voortdurend die praktyk met haar relevante situasies sal ontleed met die oog daarop om aan te pas en indien nodig met nuwe praktykteorieë vorendag te kom (Venter, 1996:89).

## 6.7 Gevolgtrekking

### 6.7.1 Inleiding

Die reaksies van die respondente dui daarop dat kanker affekteer die mens op 'n verskeie terreine van die lewe en veral die aspekte van die mens se bestaan, soos die begeerte om te leef, die belewing van geringheid asook die gewete ten opsigte van skuld (vgl. ook Louw 1994:39).

### 6.7.2 Insigte bekom deur die prakties-homiletiese reis deur die landskap van die mens wat met kanker saamleef.

- Kanker is onvoorspelbaar en kan enige tyd en enige plek in die liggaam van die mens sy opwagting maak.

- Kanker bly die 'gevreesde vyand' van die mens, omdat kennis aangaande kanker beperk is.
- Kanker tas die mens se verhoudings aan, ewe skielik is daar agterdog teenoor al die vastighede en ankers waaraan die mens so vasklou in hierdie lewe, byvoorbeeld God word bevraagteken, die mense om die mens met kanker se bona fides is onder verdenking en daar is twyfel in die gemoed van die mens met kanker.
- Kanker se stigma laat mense soms geïsoleerd voel, sowel as 'n gevoel van moeite en in die pad wees van hulle wat gesond is.
- Kanker verhoog die skuldgevoelens by hulle wat oorleef terwyl gesonde mense om hulle onnodig en in gruweldade sterf.
- Kanker verryk mense se lewens, kanker bring mense weer bymekaar, kanker bring versoening tussen families, vriende en geloofsvenote.
- Kanker is soms die vonk wat mense se lewens weer aan die gang kry, omrede die nou so belangrik word.
- Kanker skep die indruk by die mens dat hy/sy bloot net 'n voorwerp is wat aan mediese toetse blootgestel word, sonder die waarborg van genesing.
- Kanker verskerp die werking van die mens se sintuie tot die uiterste, die oë is meer opmerkzaam, die ore is gespits, die hand is sensitief vir enige knop of verandering in die liggaam.
- Kanker voed die see van emosies wat binne die mens met kanker woeker.
- Kanker laat die mens vandag gebruik.
- Kanker gee soms die indruk van sukses-depressie.

#### 6.8 Meta-teoretiese perspektiewe ten opsigte van die mens wat met kanker saamleef

- Die mens met kanker word oorval met inligting van alle kante, van die mediese-, die geestelike- en die fisiese kant, wat tot verwarring kan lei.
- Die mens met kanker voel soms uitgesluit in die besluitneming en keuses van behandeling.
- Die mens met kanker se lewens- en wêreldbeskouing verdiep en dit is asof daar nou tyd is vir die belangrike sake bo die dringende sake.

- Die mens met kanker het 'n tussen-in-belewing ervaring, so iets soos 'n stukkie niemandsland.
- Die mens met kanker is vatbaar vir talle suggesties van oral oor, wat kan lei tot disinformasie.
- Die mens met kanker bevind hom-/haarself in 'n mynveld van genesingswenke, alternatiewe behandelings en die konvensionele benaderings, wat kan lei tot konflik en wantroue.
- Die mens met kanker se versoek is help my om my menswaardigheid te behou.

## Praktyk-teoretiese perspektiewe

### Hoofstuk 7

Die formulering van 'n model vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef

#### 7.1 Inleiding

Die prakties-homiletiese reis deur die veelkleurige landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (hoofstuk 3) was veeleisend en tog verreikend. Tydens hierdie reis is basisteoretiese perspektiewe geïdentifiseer om die prediking te stu in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker, tot lewensin en lewensvreugde. Daar is gereis deur die hoopvolle en kreatiewe landskap van die homiletiek (hoofstuk 4) waar mooi en bruikbare skatte gevind is om waarde toe te voeg tot die lewe van die mens met kanker. Verder is daar ook gereis deur die ruwe en barre landskap van kanker (hoofstuk 5), tog is hier meta-teoretiese perspektiewe gevind waarby die prediking aansluiting kan vind, in die begeleiding en versorging van die mens met kanker tot lewensin en lewensvreugde. Die reis is voortgesit deur die avontuurlike en onvoorspelbare terrein van die empiriese, waar die uniekheid van elke respondent wat met kanker leef (hoofstuk 6) na vore getree het. Uit die unieke reis saam met elke respondent is daar sekere perspektiewe geïdentifiseer met die oog op die prediking, om die mens geaffekteer deur kanker te ondersteun. Die navorser se ervaring en belewenis van die reis deur die onderskeie landskappe was baie positief ten opsigte van die potensiaal wat in die prediking opgesluit is. Die prediking kan die mense met kanker se lewens verryk en sin gee. Dit is hierdie waarde-toevoeging wat oorloop in 'n bruikbare praktykteorie vir die prediking aan die mens wat met kanker saamleef.

#### 7.2 Doelstelling

Die hermeneutiese wisselwerking tussen die verskillende perspektiewe uit die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie moet lei na die formulering van 'n praktykteoretiese model vir die prediking, waarvolgens die

mens wat met kanker saamleef, begelei en versorg kan word. Zerfass se voorgestelde model van die wisselwerking tussen die praksis en die teorie (sien punt 1.9) kom op hierdie wyse dan ook tot volle uitvoering. Die gevolgtrekking uit die voorafgaande hoofstukke van hierdie studie, is dat kanker 'n besliste impak het op die lewe van die mens. Hierdie impak skep 'n geleentheid waar God deur die prediking op 'n persoonlike manier by die mens met kanker betrokke kan wees. Dit blyk ook dat die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels, belangrike perspektiewe bied vir die prediking in die pastorale begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

### 7.3 Die doelwitte van die studie is as volg geformuleer (sien punt 1.7):

Die prediking kon deur die prakties-homiletiese reis binne die teologie en die aanverwante wetenskappe haarself opnuut oriënteer in die lewe van die mens vandag. In hierdie heroriëntasie het die prediking haarself her-ontdek, her-ontgin, her-ontwikkel en her-ontplooï in die kommunikatiewe diens van die evangelie van God. Dit is aan die hand van die 'reis'-metafoor, dat daar bakens uitgestippel is vir die prediking langs die homiletiese roete in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker. Dit beteken die volgende:

- Riglyne is geïdentifiseer vanuit die eksegetiese studie van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels waarvolgens die mens geaffekteer deur kanker, begelei en versorg kan word tot sin en vreugde binne hierdie lewe.
- Riglyne is geïdentifiseer vanuit die homiletiek ten opsigte van die prediking in die begeleiding en versorging van die mens met kanker.
- Die verhelderende perspektiewe uit die verwante en hulpwetenskappe bied die prediking 'n rykdom van skatte in die begeleiding en versorging van mense wat met kanker leef.
- 'n Verstelde praktykteorie vir die prediking is saamgestel uit die verskillende perspektiewe vir die prediking om die mens met kanker te begelei en te versorg tot sin en vreugde in hierdie lewe.

## 7.4 Perspektiewe vanuit die onderskeie hoofstukke

### 7.4.1 Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (Joh.13:1-17:26)

Die afskeidsgesprekke van Jesus vind nie in 'n lugleegte plaas nie, daar is 'n bewuste aanloop met 'n spesifieke doel om die los drade van Jesus se aardse bediening saam te vat. Dit is 'n spanningsvolle oomblik, want Jesus moet dit waarvan hy terdeë bewus is aan sy dissipels bekend maak. Die uitstippel van die pad wat van hier af besaai lê met 'n aantal ongemaklikhede, soos die uitwys van die verraaier in die binnekring van Jesus se volgelinge. Dit is ook die geleentheid om stories te deel, so verduidelik Jesus aan die dissipels dat sy aardse bediening 'n Godgewilde aksie is, dat dit wat hy hier kom doen het, het hy in ooreenstemming met die Vader se wil gedoen. Die Vader se sending van Jesus is gedra en geïnspireer deur die liefde van God vir Sy mense. Die afskeidsgesprekke is ook 'n stukkie 'heilige grond', wat beteken dat dit 'n baie intieme geleentheid is, waartydens Jesus sy dissipels moet staal vir dit wat op hande is. Daar word waardering uitgespreek vir dit wat afgehandel is, daar is 'n aansporingswoord om nie te laat slap lê nie, gevolg deur die oproep van die nuwe gebod, 'om mekaar lief te hê'. Die huidige omstandighede word op 'n besonderse wyse hanteer deur die daede en woorde van Jesus.

Die voetwassing is Jesus se manier om vir sy dissipels daarop te wys dat van hier af vorentoe gaan dinge anders werk. Die toekoms is dalk die onbekende, maar omdat God dit weet, het Hy vir die dissipels voorsiening gemaak deur die gawe van die Parakleet. Die Parakleet is die nuwe wyse waarop God en Jesus in hierdie wêreld teenwoordig gaan wees. Hierdie teenwoordigheid van God en Jesus in hierdie wêreld is nie toevallig nie, maar is juis die keuse van God. Dit is nie 'n dwangkeuse nie, maar 'n vrywillige keuse. Die afskeidsgesprekke van Jesus het ook ten doel om sy dissipels met troos en bemoediging die wêreld binne te stuur. Die afskeidsgesprekke is so bietjie teen die tydsgees, waar die tydsgees van vandag gerig is op hou vas, bekom meer en hanteer alles self, is die boodskap nou los, want wat hier is – is vir julle en dit word aan julle toevertrou. Die afsluiting by die afskeidsgesprek is ook iets besonders, daar word vir hulle wat agterbly



ingetree by God nie om toutjies te trek nie, maar om met die seën en beskerming van die Vader hierdie vyandige wêreld te betree met hoop.

#### 7.4.2 Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van die homiletiek

Die prediking is die medium waardeur geloof bewerk word, daarom is dit altyd persoonlik en gerig op die nou, die teenswoordige. Die prediking is altyd besig met die agenda van vandag, dit wat vandag gebeur, die realiteite, die mistastings en die verwaandhede. Prediking is geskoei op hoop, wat impliseer dat môre kan dit beter gaan as vandag reg hanteer word. Prediking is die derde gestalte van die Woord, waardeur God sy betrokkenheid en meeleving sigbaar en hoorbaar maak in die wêreld vandag. Die prediking het ook sekere uitdagings, veral ten opsigte van die post-modernistiese gees wat daar vandag heers. In die prediking word die wêreld van die teks en die wêreld van die hoorder, bymekaar gebring om God se aktiewe betrokkenheid by die lewe van die mens sigbaar en hoorbaar te beklemtoon. Die konteks van die hoorder word altyd in berekening gebring, wanneer die prediking tot uitvoering kom. God se veelsydigheid en veelkleurigheid van liefde, omgee en sorg kry in en deur die prediking gestalte. Die prediking word altyd gedra deur die teenwoordigheid van Christus en die inspraak van die Heilige Gees, waardeur God sy doel sal bereik. Die taal van die prediking moet verstaanbaar wees. Die prediking is die vonk wat die lewe aan die brand moet steek.

#### 7.4.3 Perspektiewe vanuit die reis deur die landskap van kanker

Die woord 'kanker' impliseer chaos en ellende. Kanker het so deel geword van die lewe van die mens vandag, dat menige huishoudings in Suid-Afrika daardeur graak word. Die positiewe hiervan is dat kanker nie meer die 'taboe' woord is nie, maar dat mense gemaklik en spontaan vandag oor kanker kan praat. Onthou dat: Kanker is nog steeds die voorste 'sluipmoordenaar'; wat lyding en verwoesting veroorsaak in die lewe van mense. Die statistiek vandag dien 'n tweeledige doel, aan die een kant is dit 'n aanduiding dat kanker 'n ernstige en gevaarlike siekte is, maar aan die ander kant dat meer mense vandag kanker oorleef en dat mense met sin en vreugde daarmee kan saamleef. Kanker open mense se harte en ore vir die evangelie van God. Die Bybel leer dat die eerste reaksie tydens 'n siekte-toestand was 'n beweging

terug na God. Die mens wat met kanker saamleef bevind hom/haar nie in die wagkamer van die dood nie en daarom is die bewuste keuse van die mens met kanker, om met dit tot sy/haar beskikking, kanker die stryd aan te sê. In die hantering van kanker word die totale mens in berekening gebring, dit wil sê na siel, liggaam en gees, want “shalom” (vrede) beteken heel word in alle opsigte.

#### 7.4.4 Perspektiewe vanuit die empiriese reis saam met die mens geaffekteer deur kanker.

Kanker is onvoorspelbaar en kan enige tyd, enige dag aanklop aan die deur van die mens. Die woord ‘kanker’ bly nog steeds die mees pynlike woord in die woordeskat van menswees. Die woord kanker laat die mens onmiddellik besef dat die lewe is beperk, is ‘n voorreg en is ‘n eenmalige geleentheid. Hierdie besef het ‘n rimpel effek tot aan die uiterstes van menswees in hierdie wêreld. Kanker ontstig mense se verhoudings, denke, fisiese-, geestelike- en eksistensiële wêreld. Tog is daar lig aan die einde van die tunnel, want die hoop en die durf ontbreek nie by die mens om die pad met kanker te stap nie. Sin en betekenis in die lewe word nie bepaal deur die kwantiteit van die lewe nie, maar deur die kwaliteit van die lewe.

#### 7.5 Belangrike begrippe vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens met kanker.

Binne die raamwerk van die mens as skepsel van God is daar geen agterdog nie, want die bedoeling van God met die mens is goed. Daarom kan kanker negatief beleef word, want as God alles goed en reg geskape het in lyn met Sy bedoeling, ‘Hoekom dan kanker?’ Die mens met kanker het verander van ‘n ‘lof-mens’ na ‘n ‘vraag-mens’, en dit skep die geleentheid vir versoeking. Dus word God se bedoeling met die mens en sy/haar lewe bevraagteken, die sogenoemde “Why me?” belewenis. Die mens is so geskape dat hy/sy binne die verhoudings van die lewe lewensin en lewensvreugde kan ervaar. Wanneer kanker sy opwagting maak, verkeer hierdie bedoeling onder verdenking. Hoe kan God toelaat dat die goeie wat Hy bedoel het, eensklaps tot niet gaan? Speel God so bietjie met die mens om van sy tyd te verwyl?

Die afskeidsgesprekke van Jesus word sinchronies benader wat impliseer dat dit narratologies gelees word. Dit het in ‘n bepaalde tyd gebeur en binne ‘n

spesifieke sosio-historiese gemeenskap met die fokus op 'n belangrike sosiale groep. Dit het die spesifieke boodskap aan die volgelinge van Jesus oorgedra. Die “implied author” as die oorhoofse organiseerder van die teks wil die “implied reader” bewus maak van wat aan die gebeur is, met die uitsluitlike doel om die “implied reader” te begelei na 'n diepgaande geloof in Jesus Christus as die Seun van God. Die afskeidsgesprekke is gebeure wat eenmalig is en wat afgehandel word, wat beteken dat daar 'n spesifieke boodskap oorgedra word aan hulle wat agterbly en die werksaamhede moet voort sit. Dit is ook die ervaring as daar gekyk word na die afskeidsgesprekke van Jakob en die ander Bybelse figure.

### 7.5.1 Belangrike roete-merkers

#### 7.5.1.1 Inleiding

In die prediking word die hoorder gehelp om God se betrokkenheid in sy/haar lewe in hierdie wêreld te interpreteer. Dit hou in dat “God’s unconditional love and will for justice”, daar is vir elke persoon en situasie, maar ook vereis word vir elke persoon en situasie (Allen 1998:ix). Die hoorder word gehelp om na die wêreld te kyk vanuit die Woord van God; sodoende word die preek 'n beleving van God se liefde en 'n oproep vir geregtigheid. Allen (1998:x) verstaan dat die preek langs twee asse beweeg, naamlik: (i) die inhoud van die preek en (ii) die patroon van beweging van die preek. Die inhoud van die preek dui op twee rigtings: eerstens die uitleg en verduideliking van die hoorder se situasie in die lig van die Bybelteks en tweedens die interpretasie van 'n bepaalde tema deur die hoorder vanuit die Bybelteks. Die beweging van die teks neig na twee kante, aan die een kant die deduktiewe beweging wat inhou dat die preek aan die hoorder duidelik uitspel wat moet gebeur, aan die ander kant die induktiewe beweging begin nie met 'n bepaalde tema nie, dit is 'n reis met die Woord van God om te verken en te ontdek. In die woorde van Allen (1998:xi), “Inductive preaching creates tension: The congregation recognizes unresolved qualities in understanding a biblical text, doctrine, practice, or situations and seeks to know how those tensions can be resolved”.

### 7.5.1.2 Die afskeidsgesprekke van Jesus

Die fokus val op die interaksie tussen die “implied author” en die “implied reader”, waar die “implied reader” reeds bewus is van Jesus se verhaal wat besig is om voltrek te word soos deur die Vader bepaal. Die “implied reader” moet dus begelei word om te verstaan dat Jesus die Christus is en dat dissipelskap ‘n integrale deel hiervan is. Dit impliseer:

- ‘n Dissipel van Jesus is iemand wat letterlik deel in al die fasette van Jesus se bediening hier op aarde.
- Dissipelskap beteken nie net om sekere dinge te ontvang nie, maar ook om sekere dinge te doen.
- Dissipelskap kan nie kunsmatig wees, wat impliseer dat die woorde nie kan reg wees, sonder dat dit deur die hart gedra word nie.
- Vals dissipelskap weerstaan nie die toets van die tyd nie, omdat dit in moeilike tye soos die om die kruis te dra kwy.
- Dissipelskap behels ook oomblikke van duisternis.
- Dissipelskap hou seën in.
- Dissipelskap beteken ook om die Parakleet te ontvang as gawe van die Vader en Jesus Christus.
- Die Parakleet sal die dissipels bystaan en lei na vrede, vreugde, sin en sekerheid.
- Die Parakleet is die nuwe wyse waarop die Vader en Jesus voortaan in hierdie wêreld teenwoordig gaan wees.
- Dissipelskap is gegrond in die verhouding met Jesus Christus en die Vader.
- Dissipelskap dui daarop dat die dissipel het die verantwoordelikheid om in Jesus te bly, bedoelende dat die dissipel toelaat dat Jesus hom/haar vashou.
- Die bly in en gegrond wees in Jesus, impliseer vir die dissipel, dat hy/sy moet bly in die liefde en gehoorsaam die gebooe.
- Dissipelskap lê in die verkiesing deur Jesus.

- Dissipelskap vind nie plaas in 'n vriendelike en gunstige omgewing nie.
- Disipelskap is geen waarborg dat dit wat voorlê maklik gaan wees nie, intendeel dissipelskap word vergelyk met 'n vrou wat geboorte skenk, eers 'n pynlike ervaring wat dan oorloop in 'n vreugdevolle gebeurtenis.
- Daar is 'n radikale verskil tussen dissipelskap en deel wees van die wêreld.
- Die vereistes van dissipelskap dra by tot lyding en vervolging deur die wêreld.
- Dissipelskap bring seën vir die wêreld en haar mense.

### 7.5.1.3

#### Die homiletiek

Die prediking is die kanaal waardeur die Woord van God kom na die hoorder in sy/haar lewensomstandighede. Alhoewel dit 'n uiters besondere proses is, is dit 'n proses wat maklik kan ontspoor as dit verkeerd hanteer word, daarom is dit belangrik om kennis te neem van die volgende:

- Die prediking is nie 'n een-man-vertoning nie, dit is 'n samespel tussen die prediker en hoorder wat deur God gebruik word om Sy teenwoordigheid in hierdie wêreld sigbaar en hoorbaar te maak;
- Prediking is anders, omdat dit God is wat deur Sy Woord en Gees die wêreld van mense betree.
- Die Griekse woord vir prediking is 'kerusso'; die feit dat dit moeilik vertaalbaar is in verskillende tale onderstreep net weer dat die prediking 'n eie betekenis moet kry daar waar dit gebeur.
- Die prediking moet lei na lewensvernuwing, uitkoms, geloof, sin en betekenis.
- Die prediking geskied vanuit die veronderstelling dat daar 'n persoonlike verhouding tussen God en die hoorder is.
- Prediking is altyd persoonlik en persoonsgerig.

- Die prediking moet rekening hou met die verskillende geloofskulture van die geloofsgemeenskap.
- Die prediking bring die Bybelteks na die hoorders om hulle te inspireer, te motiveer en te oriënteer.
- Die prediking moet haarself besig hou met die daaglikse werklikhede van mense se lewenservarings, kwelgedagtes en teleurstellings.
- Die prediking moet haarself ook kan staal teen die aanslae van die tyd.
- Die prediking is wanneer die prediker in gesprek tree met hom-/haarself, die teks en die gemeente (Wybe Zijlstra).
- In die prediking moet die Woord van God die hoorder lei om 'n keuse te maak en dit praktiese te belewe elke dag.
- Die prediking gaan nie net alleenlik oor wat die Woord van God sê nie, maar ook oor wat die Woord kan doen.
- Die prediking is tydsgebonde en moet gestalte kry in die lewe van die hoorders.
- Die preekvorme vir die prediking lê elkeen ook 'n eie klem rakende die prediking, naamlik:
  - Leraar, uitleg van die Bybel en toepassing in die geloof vir die hoorder;
  - BoodsAPPER, verkondig die heil in Christus vir die hoorder;
  - Pastor/herder, wil deur gesprek die hoorder lei na verligting;
  - Storieverteller, wil deur die wisselwerking van verhale sin en betekenis by die hoorder bewerkstellig
  - Getuie, wil deur getuienis die hoorder se geloof vorm en versterk.

#### 7.5.1.4 Die kanker-wêreld

Kanker het sy unieke manier waarop hy impak maak op die lewens van mense. Die name wat mense vir kanker gee weerspieël iets van hierdie uniekheid, naamlik die ‘doodsvonnis’, die ‘reeks-moordenaar’, die “bogeyman’s disease”, die ‘wagkamer van die dood’, die ‘gevreesde siekte’ en die “tweede kans’. In hierdie studie is die mens wat met kanker saamleef, belangrik en daarom is dit nodig om te luister na dit wat oor kanker gesê word.

- Kanker is ‘n krisis, wat kan beteken ‘n keerpunt.
- Kanker is ‘n dilemma, dit wil sê jouself tussen twee moontlikhede bevind.
- Kanker veroorsaak konflik, wat inhou dat dit jou in botsing bring met dit waaraan jy mag vashou
- Mense geaffekteer deur kanker is onseker.
- Mense wat met kanker saamleef voel in die steek gelaat.
- Mense met kanker ry op die ‘tsoenami’ golwe van emosies.
- Mense met kanker ondervind kommunikasie-probleme.
- Die mens met kanker is broos.
- Mense met kanker is meestal positief.
- Die mens met kanker is gestroop van pretensies en rookskerms.
- Die mens met kanker leef nou.
- Die mens met kanker put energie uit die ondersteuning en bemoediging van ander mense, sowel as mede-kankerlyers.
- Die mens met kanker smag ook na lewensin en lewensvreugde

### 7.5.1.5 Die mens met kanker

Daar is niks wat die plek kan inneem van die persoon wat met kanker saamleef nie, daarom is dit belangrik om te hoor wat leef in hulle harte en gedagtes.

- Kanker skud alles.
- 'n Mens wil nie erken dat hy/sy kanker het nie, want dit is 'n teken van swakheid.
- Kanker bring mense weer bymekaar uit.
- Kanker kan 'n mens isoleer.
- Kanker verander jou lewensuitkyk en lewensbenadering
- Kanker skok.
- Kanker gooi jou in 'n emosionele draaikolk.
- Kanker het weer die vonk in die lewe teruggesit.
- Kanker lei tot geestelike verdieping.
- Kanker laat die fokus val op die 'nou'.
- Kanker skep onsekerheid
- Kanker kwes die mens in totaliteit.
- Kanker verhoog die sensitiwiteit van die sintuie.
- Kanker bring soms opstandigheid.
- Kanker vertraag soms die tempo ten goede.
- Kanker knou die menswaardigheid van die persoon.
- Kanker maak 'n mens selfsugtig.
- Kanker laat mense meedoen aan verskillende eksentrieke geleenthede soos, "Mowember"<sup>58</sup>, "Savathon"<sup>59</sup> ensovoorts.

---

<sup>58</sup> <https://tagdef.com/movember> : Movember (a portmanteau of the Australian-English diminutive word for moustache, "mo", and "November") is an annual event involving the growing of moustaches during the month of November to raise awareness of men's health issues, such as depression in men, prostate cancer and other male cancers, and associated ...- besoek op 12 September 2015.

<sup>59</sup> <http://www.shavathon.org.za/about-cansa-shavathon/> : CANSA Shavathon is one of South Africa's best-loved events in support of a very worthy cause, namely showing solidarity with those affected by cancer. Losing one's hair is a common side-effect of cancer therapy – so shaving your head has become a symbolic gesture of support for cancer survivors – besoek op 12 September 2015.



7.6 Praktykgerigte model vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde, in die lig van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels.

#### 7.6.1 Inleiding

Die afskeidsgesprekke van Jesus bied 'n sleutel aan die prediker om deur die prediking die mens wat met kanker saamleef te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde. Die mens met kanker verkeer nie in die wagkamer van die dood nie. Dit bring mee dat kanker 'n versoeking vir die mens kan wees, omrede dit beskou kan word as 'n krisis met die verstandhouding dat as dit deeglik hanteer word, dit tog kan bydra tot die sin van die mens se lewe aan die een kant, maar aan die ander kant kan dit vir die mens 'n versoeking wees om kanker as 'n keerpunt te beleef, met die verstandhouding dat dit die lewe van die mens wil laat ontspoor en laat eindig in 'n doodloopstraat. Die doel van hierdie studie is juis om daarop te fokus dat kanker wel 'n krisis is, maar deur die goeie hantering daarvan tog kan uitloop op lewensin en lewensvreugde.

#### 7.6.2 Die belangrikheid van begeleiding en versorging

Die regte begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef, is belangrik. Die emosionele en geestelike wroeging waardeur hierdie mens moet worstel, is geweldig en glad nie so eenvoudig as wat dit klink nie. Mense met kanker bloei en so ook hulle gesinne, families en vriende. In die prediking kan hierdie mens met kanker in kontak met God gebring word, sodat hy/sy God kan beleef as 'Immanuel', God met ons ten spyte van dit waardeur hy/sy moet worstel. Binne die prediking moet die mens wat met kanker saamleef te midde van die verwarring en sinloosheid van die lewe, begelei en versorg word om fisies, psigies en geestelik gesond te bly. Eers dan is die mens geaffekteer deur kanker in staat om te kan fokus op die sin en vreugde van die lewe. Dit is moontlik as die mens met kanker agterkom wie God is en hoe God oor die mens met kanker dink. Eers dan is die mens met kanker in staat om waarlik te kan fokus op die sin en vreugde van die lewe.

7.6.3 Tans lyk die situasie soos volg, naamlik: (Zerfass (1974) se model gekombineer met Osmer (2008) se model)

<p><b>Praxis 1</b></p> <p><b>Wat is aan die gang?</b></p> <p><u>Die status quo word gehandhaaf</u></p>	
<p>Die mens is deel van 'n geloofsgemeenskap waarbinne die betrokkenheid van God in hierdie wêreld en in die lewe van die mens, deur Woordverkondiging hoorbaar en sigbaar gestalte kry in en deur die prediking van die prediker.</p>	
<p><b>Pyl 2</b></p>	<p><b>Pyl 3</b></p>
<p>Die prediking is deel van die Christelike tradisie. Die prediking gaan daarvoor om die Woord van God in te dra in die lewe van die hoorder. Die Woord heers!</p>	<p>Die belewenis en ervaring van die hoorders is dat die prediking nie slaag nie. Die prediking slaag nie, as gevolg van die feit dat dit "tijdloos" is en nie tydsgebonde nie.</p>
<p><b>Hoekom is dit aan die gang?</b></p> <p><u>Die prediking word gemanipuleer deur die teologiese tradisie en oorlewering</u></p>	
<p><b>4</b></p>	<p><b>6</b></p>
<p><b>Die teologiese oorlewering</b></p>	<p><b>Situasie analise</b></p>
<p>Die prediking bly die kanaal waardeur God met die mens in gesprek tree. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat die 'Woord van God' prioriteit geniet. Daarom was die vorm van die preek en die oordrag van die preek geskoei op die uitleg van die teks en die toepassing daarvan op die lewe van die mens. Die fokus was om die hoorders te leer en te onderrig in die Woord.</p>	<p>Die situasie van die hoorder is geensins in oorweging gebring in die beplanning van die prediking nie. Die situasie het onuithoubaar geword vir die hoorders en daar het 'n krisis ontstaan. Die beleving is dat die prediking nie die hoorder binne die konteks van sy omstandighede aanspreek nie.</p>

<b>Wat behoort te gebeur?</b>		
<u>Die prediking moet so geskied dat die hoorder, God se betrokkenheid en teenwoordigheid konkreet beleef in sy/haar lewensomstandighede hier en nou.</u>		
<b>4</b>	<b>Pyle 5</b>	<b>6</b>
Die teologiese tradisie en oorlewering word uitgedaag deur die nuwe situasie wat ontstaan het as gevolg van die kanker	Die wisselwerking tussen 4 en 6 lei tot die begrip en verstaan van die omstandighede van die hoorder, in hierdie wisselwerking tussen 4 en 6 vind daar oriëntasie (wat gebeur nou?), disoriëntasie (hoekom gebeur dit? ) en 'n heroriëntasie (wat moet nou gebeur?) plaas.	Die mens wat met kanker saamleef stel nuwe uitdagings aan die prediking
<b>Pyl 7</b>	<b>9</b>	<b>Pyl 8</b>
Die bi-polêre spanning met met pyl 8 dui op die reaksie wat uit die teologiese tradisie gebeur om by te dra tot die prakties teologiese teorie	<b>Prakties Teologiese teorie</b> Die prediking wil die Woord van God duidelik sigbaar en hoorbaar in die lewensomstandighede van die mens wat met kanker saamleef, oordra. Die hoorder en die konteks waarbinne die hoorder leef sal ernstig opgeneem moet word in die besinning en beplanning van die prediking. Die prediking het ten doel dat die hoorder in die ontmoeting met God die Woord so konkreet beleef dat dit hom/haar kan uitlei uit die omstandighede wat ontwrig, na stille waters waar sin en vreugde in hierdie lewe beleef kan word.	Die bi-polêre spanning met pyl 7 dui op die reaksie wat uit die situasie analise gebeur om by te dra tot die prakties teologiese teorie

<p><b>Pyle 10</b></p> <p><b>Teoretiese handelings-impulse</b></p> <p>Daar word nuwe insigte bekom deur die wisselwerking tussen 7 en 8 en die teologiese tradisie (4) en die situasie analise (6). Die bi-polêre spanning dien sy doel en hou beide die teologiese tradisie en die situasie analise in balans.</p>		
<p><b>Hoe moet hierop reageer word?</b></p> <p><u>Die prediking moet die wêreld van die teks en die wêreld van die hoorder bymekaar uitbring wat kan lei tot 'n nuwe verstaan, wat lewensin en lewensvreugde voortbring ten spyte van moeilike lewensomstandighede soos 'n lewe met kanker.</u></p>		
<p>Pyl 13</p> <p>Die teoretiese handelings-impulse kan nie sonder meer toegepas word nie, maar kan deur die nuwe praktykteorie lei tot verdieping in die teologiese tradisie en oorlewering.</p>	<p><b>11</b></p> <p><b>Praxis 2</b></p> <p>Die nuwe verstelde praktykteorie vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde</p>	<p>Pyl 12</p> <p>Die teoretiese handelings-impulse kan nie sonder meer toegepas word nie, maar kan deur die nuwe oplossings bydra tot 'n meer noukeurige teorievorming.</p>

Die teorie is wonderlik, maar 'n teorie wat nie grond vat nie, is niks-seggend. Die vraag bly, 'Hoe kom die teorie in die praktyk uit?' Dit is waarmee die praktiese teologie besig is: om al die wenslike teorieë oor God se betrokkenheid in hierdie wêreld prakties te maak, byvoorbeeld om deur die prediking tot die mens, God se teenwoordigheid nuut en vars te beleef in die sleur van die daaglikse lewe.

#### 7.6.4 Die reis deur die verskillende benaderings in die hantering van mense geaffekteer deur kanker en moontlike winste geïdentifiseer:

##### 7.6.4.1 Fawzy en Fawzy

Die fases wat in die reis met kanker onderskei, word is die diagnose, oorspronklike behandeling, opvolg, die terugval- en die terminale fase. Dit is belangrik om hier kennis te neem dat die fase-benadering nie daartoe mag lei dat die mens bloot as objek beskou word wat deur die fases begelei/versorg moet word nie. Die mens met kanker bly nog altyd mens van God en moet dienooreenkomstig met liefde en respek hanteer word. (God het die mens met eerbied en waarde geskape.)

##### 7.6.4.2 Kübler-Ross

Sy het haar fase-benadering geskoei op die emosies wat sy tydens haar gesprekke met die mens wat op sterwe lê, uitgekom het. Sy het dit gegroepeer en het die volgende geïdentifiseer, naamlik: ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Die krisis met hierdie fase-benadering is dat die mens wat met kanker gediagnoseer word, nie noodwendig op sterwe lê nie. Daar is tog raakpunte as daar geluister word na mense wat met kanker leef, veral ten opsigte van die 'ontkenning'. Daar is heelwat kritiek teenoor hierdie siening, maar tog bied dit in 'n sekere mate vir mense wat met kanker gediagnoseer word 'n vashouplek in die ontstuimige waters van 'n lewe met kanker. Die winspunt van hierdie benadering is dat dit vra om te luister eerder as om te praat. (Die luister na die mens met kanker is 'n prioriteit.)

##### 7.6.4.3 Hecter, Poggenpoel en Myburgh

Die leefwêreld van gesinne met 'n terminale kanker kind is bestudeer en daar is tot die volgende gevolgtrekkings gekom, naamlik: die reaksie op kanker is 'n keuse, die familiewaardes verander, aanvaarding maak die hantering makliker, die nou kry nuwe betekenis en hulp van buite word makliker aanvaar. Die winspunt in hierdie benadering is dat dit iets weerspieël van die afskiedsgesprekke van Jesus met sy dissipels. (Hier vind verdieping plaas ten opsigte van die

mense betrokke by kanker ten opsigte van hulle verhoudings tot God, tot die mense om jou, tot die self asook die wêreld daar buite.)

#### 7.6.4.4 Corr

Die taakgebaseerde benadering is daarop gerig dat die mense met kanker nie net op die negatiewe, naamlik die lyding moet fokus nie, maar ook verder moet kyk as die lyding in hoop en verwagting dat dit beheer kan word. Die fokus op die vlakke van die fisiese, sielkundige, sosiale en geestelike met die oog op bemagtiging, wat impliseer dat die mens wat met kanker saamleef in staat gestel word om daarmee saam te kan leef. (Die winspunt van die taakgebaseerde benadering is dit bemagtig die mens wat met kanker saamleef om 'n keuse te maak.)

#### 7.6.4.5 Zurheide

Die versigtigheids-benadering is nie 'n binne storm as kenner nie, maar 'n versigtige mens op soek na die plekke waar verligting gebring kan word. Die mens wat met kanker saamleef is nie 'n voorwerp wat heen en weer geskuif en vervoer kan word na gelang van die behoefte nie. Die krisis hier is dat die versigtigheids-benadering dalk die reis met kanker wil vergeestelik. Die mens wat met kanker saamleef begeer soms net stilte, begrip en 'n glimlag. (Die winspunt van hierdie benadering is die oproep om nader te kom met 'n probeer verstaan en hulp verleen.)

#### 7.6.4.6. Baart

Die "Presentie" benadering berus op die blootstelling van die mense wat met kanker saamleef. Blootstelling behels die volgende: 'n toemond, die ander raaksien, beskikbaar wees en iets doen vir die ander. (Die winspunt van die "Presentie" benadering lê daarin dat dit die menslike sensitiwiteit opnuut prikkel.)

#### 7.6.4.7 Gevolgtrekking

- God het die mens met eerbied en waarde geskape.
- Die luister na die mens met kanker is 'n prioriteit.
- Daar vind 'n verdieping plaas ten opsigte van die mense geaffekteer deur kanker ten opsigte van hulle verhoudings tot God, die mense om hulle, hulle self asook die wêreld buite hulle.
- Die mens geaffekteer deur kanker word bemagrig om keuses te maak.
- Die mens geaffekteer deur kanker wil met begrip en omgee hanteer word.
- Die mens geaffekteer deur kanker bring en prikkel opnuut weer 'n menslike sensitiwiteit by die mensdom.

7.6.5 Vervolgens sal daar gelet word op die potensiële winste van die preekbeeld en preekvorme by die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker. Die fokus is hier weg van die homilete, omrede elke homileet iets unieks, iets gewoons en iets gemeenskapliks met ander homilete deel.

#### 7.6.5.1 Die leraar

Die beeld van die leraar lê die aksent op om iemand te leer, wat impliseer dat die hoorder iets leer oor die waarheid van die Bybel of die geloof. Die verstand, die wil en die gevoel word aangespreek met die bedoeling dat die hoorders instem met die waarheid van die boodskap en hulle verbind tot die konsekwensies wat dit inhou vir hulle lewe. Die woord leraar impliseer dominansie, voorskriftelikheid en suiwer, wat nie noodwendig in die smaak van die hoorders val nie. Die konteks van die teks het voorrang bo die konteks van die hoorder. Die preekvorm is tradisioneel, uitleg met die toepassing daarvan op die lewe van die hoorder. Die kritiek hier is dat die prediking in hierdie vorm staties is sonder enige dinamika. Dit is ook voorspelbaar wat die hoorder kan verveel. Tog is hierdie preekvorm geskik vir lering, troos, oorreding,

aanmoediging en vermaning (Pieterse, 1986:182). (Die winspunt is dat die Bybel as bron die vertrekpunt is.)

#### 7.6.5.2 Die boodskapper

Die beeld van die boodskapper beklemtoon 'n belangrike uitgangspunt in die prediking, naamlik dat, “Preaching is not about the preacher, it is about the voice of God” (Long, 2005:20). Die boodskapper is geneig om die veelsydigheid en veelkleurigheid van die prediking op die agtergrond te skuif, omrede hulle eerste prioriteit is gehoorsaamheid en gerig wees op die boodskap van die Bybel. Die prediker se opdrag is nie om die boodskap te verdedig nie, maar om die boodskap in geloof te bring aan die hoorders wat op God wag. Die preekvorm is analogies, wat beteken dat dit geskied op die wyse van vraag en antwoord. Cleverly Ford (1979:104) skryf, “Preaching is being a herald because what is proclaimed is the word of God which itself is dynamic”. Die kritiek hier is dat dit die mens uit die prediking haal, wat die boodskap kunsmatig kan maak. (Die winspunt hier is dat die boodskap van God deur die werking van God haar doel kan bereik, want dit is nie die werk van die prediker nie.)

#### 7.6.5.3 Die pastor/herder

Die beeld van die pastor beweeg totaal na die kant van die hoorder en die impak van die boodskap op die hoorder. Randall Nichols (1987:16) skryf dat die prediking “deliberately sets out to touch and involve people’s personal concerns”. Die veronderstelling is dat die doel van die prediking is om dialogies, terapeuties, opvoedkundig en gespreksmatig te wees, en daarom soek dit die gunstige verandering by die hoorder, help die hoorder om sin te vind in sy/haar lewe en om die hoorder aan te spoor om te leef dit wat hy gehoor het (Long, 2005:29). Die preekvorm is dialogies, wat beteken die hoorder se situasie word verken, die Woord van God wat hierby aansluit word gebring en die hoorder het die keuse om dit te aanvaar en sodoende uitgelei te word met hoop en sin. Die pastor se hoek waaruit hy die prediking beskou, is dat “sermons as healing words addressed to concrete situations of



human need” (Long, 2005:31). (Die winspunt is die plek wat die hoorder se konteks binne die prediking inneem.)

#### 7.6.5.4 Die storieverteller

Die beeld van die storieverteller is anders as die beeld van die boodskapper en die pastor, in die opsig dat dit meer openbaar maak oor wie die predikant is. In die woorde van Katherine Anne Porter soos aangehaal deur Vos (1996:187) is die kenmerk van die verhaal soos volg: “First have faith in you theme, then get so well acquainted with your characters that they live and grow in your imagination exactly as if you saw them in the flesh; and finally tell their story with all the truth and tenderness and severity you are capable of”. Hoorders is stories en daarom is hierdie ‘n baie populêre beeld en preekvorm, want hoorder wil met hulle stories inhaak by die storie van God om so tot ‘n nuwe verstaan te kom oor God se betrokkenheid by die lewe van mense. (Die winspunt lê daarin dat die hoorder self met God besig is en uit hierdie ervaring met God self tot verhaal kom.)

#### 7.6.5.5 Die getuie

Die beeld van die getuie is so eie aan die Bybel; lees Hand. 8:1, “maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde”. Paul Ricoeur (1980:131) wys op die vier eise waarvoor ‘n getuie moet beskik, naamlik:

- ‘n Getuie is nie ‘n “volunteer” nie, maar die een wat gestuur is om te getuig;
- ‘n Getuie is nie oor die beleving van menswees in hierdie wêreld nie, maar oor God se aanspraak op die lewe van die mens;

- Die doel van 'n getuienis is die verkondiging teenoor alle mense, ter wille van hulle geloof en verstaan van God se aanspraak op die lewe van mense;
- 'n Getuienis is meer as net woorde, dit is woorde in aksie en andersom.

Hierdie is 'n populêre manier van woordverkondiging, want weereens gaan dit oor 'n storie van iemand wat toegelaat het dat God die aanspraak op sy/haar lewe kon deurvoer. Die getuie veronderstel 'n manier om die Bybel te benader. Getuies getuig oor gebeurtenisse en die gebeurtenis waaroor die prediker getuig, is die ontmoeting tussen God en onself (Long, 2005:48). (Die winspunt lê daarin dat God se vernuwende krag in die lewe van die mens hoorbaar en sigbaar gemaak word.)

#### 7.6.5.6 Gevolgtrekking

- Die Bybel bly die vertrekpunt in die versorging van mense.
- Die boodskap is dat God steeds deur die prediking en die prediker werk om Sy doel te bereik met mense en by name mense geaffekteer deur kanker.
- Die hoorder (die mens geaffekteer deur kanker) se konteks en omstandighede kry weer staanplek in die prediking.
- Die wêrelde van God en die hoorder (die mens geaffekteer deur kanker) ontmoet op so 'n wyse dat dit lei tot sin en vreugde.
- God is nog steeds betrokke by die mens in sy/haar lewe en dit word beleef deur God se vernuwende krag sigbaar te maak.

7.6.6 Vervolgings sal daar kennis geneem word van die moontlik potensiële winste uit die landskap van kanker en die mens met kanker. Die fokus is om die raakpunte te identifiseer waarop die prediking kan bou in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

- Die mens met kanker is so vol gepomp met mediese-, geestelike-, psigiese- en alternatiewe genesingsmateriaal wat tot verwarring en twyfel kan lei. (Die behoefte is na inligting wat bemoedig en opbou.)
- Die mens met kanker voel uitgesluit in die besluitnemingsproses. (Die behoefte is na menswaardigheid wat impliseer dat daar wel keuses is vir die mens met kanker.)
- Die mens met kanker se lewe ondergaan 'n verdieping op geestelike gebied. (Die behoefte is om nie oorval te word met mense wat negatief is nie, maar positief.)
- Die mens met kanker beleef 'n stukkie niemandsland. (Die behoefte is om in hierdie tyd bemagtig te word om die niemandsland oor te steek sonder vrees.)
- Die mens met kanker is heelyd in aanraking met menslose instrumente. (Die behoefte is aan iets mensliks, soos aanraking, kommunikasie, humor en net die teenwoordigheid van iemand.)
- Die mens met kanker bevind hom-/haarself voortdurend in die posisie van afwagting, so asof alles in môre lê en vandag net verby snel. (Die behoefte is dat terwyl ek nog hier is, geniet my menswees.)
- Die mens met kanker beleef dit soms dat hy/sy net 'n voorwerp is vir naalde, druppe, x-strale en nog meer. (Die behoefte is hanteer my soos 'n mens.)

#### 7.6.7 Saamgestelde model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef.

Teen die agtergrond van bovermelde modelle, asook die resultate vanuit die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie, tesame met perspektiewe vanuit die navorser se eie ervaring oor jare heen in hierdie veld, word daar vervolgens oorgegaan tot die formulering van 'n eie model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde.

Dit blyk dat hier twee gedagtes is wat aandag vra met die oog op die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef: eerstens raak dit die beeld van die prediker en tweedens gaan dit oor die vorm van die preek. Die proses is nou om te besluit watter roete gevolg kan word met die afskeidsgesprekke van Jesus as vetrekpunt vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef. Die roete word bepaal deur onder andere die vryheid van God se Woord, die doel van die prediking en wat deur die prediking bereik wil word. In hierdie opsig word daar gebruik gemaak van Long (2005:136-14) se werkswyse, waarin hy drie stappe volg, naamlik: (i) begin by die fokus en die funksie van die preek; (ii) die fokus en die funksie van die preek moet in kleiner gedeeltes verdeel word en (iii) bepaal die volgorde van die gebeurtenisse binne die preek.

Die boodskap van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels waarop daar in besonder gefokus is in die basisteoretiese afdeling van hierdie studie, bied die agtergrond vir die daarstelling van 'n praktykteoretiese model vir die prediking as begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde. Die prediker as getuie staan tussen die getuienis wat oorgedra gaan word en die mense wat die getuienis gaan hoor, elkeen met sy eie aandeel in die vorm van die preek (Long, 2005:136). Die analoog hiervan is die “implied author” met sy getuienis aan die een kant en die “implied reader” wat die getuienis gaan hoor aan die ander kant, elkeen met 'n belang. In lyn met die interaksie (Tolmie, 1994:228-229) tussen die “implied author” en die “implied reader” die volgende:

- Die “implied reader” word begelei om te begryp dat Jesus die Seun van God is wat gestuur is om God se plan te volvoer in hierdie wêreld en om die beginsels van dissipelskap te verstaan en dienooreenkomstig daarvolgens te lewe.
- Die “implied reader” besef dat daar ‘n radikale verskil is tussen dissipel van Jesus wees teenoor ‘n volgeling van die wêreld te wees. Dissipel wees impliseer gekies deur Jesus, positief reageer op sy openbaring, aanvaarding van Jesus se identiteit, deel word van die eenheid tussen Jesus en die Vader en ontvang die ewige lewe as gevolg van Jesus se afhandeling van Sy aardse bediening.
- Die “implied reader” kry ook ‘n kykie na die belangrikheid van die verhouding tussen Jesus en sy dissipels met die oog op dissipelskap.
- Die “implied reader” word gekonfronteer met die eise van dissipelskap en word aangespoor om dienooreenkomstig te lewe; dit het die “implied author” gekonstateer deur die verskil uit te wys tussen “imperfect way” van dissipelskap en die ware dissipelskap.
- Die “implied reader” word aan die einde ook daarop gewys dat dissipelskap ook moeilike tye insluit ter wille van ‘n meer realistiese prentjie.
- Die “implied reader” word bewus gemaak van die geweldige voordele wat gepaard gaan met dissipelskap; hierdie moet bemoedig en motiveer om ‘n getroue dissipel van Jesus te wees.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die volgende saamgestelde model vir die prediking in die begeleiding en versorging van die mens geaffekteer deur kanker. Tom Watson, die Ryder Cup wen kaptein het die volgende woorde gelees van die Amerikaanse President Roosevelt tydens die ontvangs van die trofee, naamlik:

“It is not the critic who counts, not the one who points out how the strong man stumbled or how the doer of deeds might have done them better. The credit belongs to the man/*woman* who is actually in the arena; whose face is marred with sweat and dust and blood; who strives valiantly; who errs and comes short again and again; who

knows the great enthusiasms, the great devotions and spends himself/*herself* in a worthy cause and who, if he/*she* fails, at least fails while bearing greatly so that his/*her* place shall never be with those cold and timid souls who know neither victory nor defeat” (Feinstein, 1995:52).<sup>60</sup>

Hierdie woorde bevat iets van die mens wat met kanker saamleef en juis daarom wil die geloofsgemeenskap betrokke wees by die mens geaffekteer deur kanker. Hierdie betrokkenheid moet volhoubaar en tot ondersteuning wees vir elkeen wat stry teen die groot ‘K’. Die gekombineerde beeld van die prediker in die kop van die navorser is die van ‘n “second”. Die betekenis hiervan word in die *Word Power Dictionary* soos volg beskryf, naamlik: “a person who assists a competitor in a sport” (1996:992). Die fokus van die “second” is op die ondersteuning van die een wat in die stryd betrokke is. Dit is die gedagte wat by die afskeidsgesprekke van Jesus ook na die oppervlak kom. Jesus se afskeids-gesprekke is ondersteuning, is om die dissipels te “second” in hulle weg op dissipelskap (Tolmie, 1995:228-229). Die rol van die “second” word effektief geïllustreer in die volgende aksies, naamlik:

- Reik die hand

By die afskeidsgesprekke neem die verhaal van Jesus ‘n duidelike wending; Jesus se fokus is nou op die binnekring van sy eie volgelinge en daarop volg die gevangening, verhoor, kruisiging en opstanding. Jesus wil deur hierdie gebaar sy dissipels gerus stel. Hy wil onderstreep dat sy sending na hierdie wêreld nie tevergeefs was nie. En dat al voel hulle onseker, hulle hoef nie, want hy is ten volle in beheer.

- Vat die hand

Met die bekendmaking van Jesus se teruggaan na die Vader en die openbaarmaking van die verraaier, is daar onsekerheid en vrae in die gemoed van die dissipels. Tydens hierdie innerlike worsteling in die gemoed van die dissipels, kom Jesus en deur woorde en dade skep hy weer rustigheid in die gemoed van die dissipels.

- Lei die hand

---

<sup>60</sup> Navorser se Italics

Jesus neem die dissipels nie net by die hand nie, hy lei hulle ook sodat hulle kan beseftig dat hulle verhouding met Jesus nie te versmaai was nie, maar werklik sin en betekenis het. Hy vertel hulle wat aan die gebeur is en wat nog gaan gebeur, sodat wanneer dit gebeur hulle nie oningelig sal wees nie.

- Los die hand

Jesus beklemtoon dat sy weggaan tydelik is, maar dat dit 'n noodsaaklikheid is, omrede dit 'n aantal gebeurtenisse aan die gang sit wat tot hulle voordeel sal wees. Sy weggaan beteken ook dat die dissipels vir die eerste maal verantwoordelikheid moet neem sodat dit wat Jesus kom bewerkstellig het volhoubaar kan wees.

#### 7.6.7.1 Reik die hand –

Reik die hand veronderstel dat die persoon wat hulp verleen, wil meewerk om die versoening te bewerk of om iemand by te staan wat in nood verkeer.

- In die diagnose met kanker beleef mense die volgende:
  - Ontydig
  - Oorbluf
  - Twyfel
  - Doodsvonnis

Die mens met kanker is deeglik daarvan bewus dat niemand namens hom/haar hierdie pad kan loop nie. Daarom is dit belangrik dat die prediker en die geloofsgemeenskap in tandem sal werk om hierdie persoon te laat verstaan ons is hier om jou by te staan in jou omstandighede. Die ruimte waarbinne jy beweeg sal beveilig word, sodat jy nooit hoef rond te kyk vir hulp nie. Ons sal probeer om ons in te leef in die wêreld waarbinne jy jouself bevind en moet rond beweeg. Die hande sal altyd na jou toe uitgesteek wees om te ondersteun en nie om oor te vat nie. Jou menswees sal respekteer word en jy sal die vryheid gegun word om jouself te wees. Dit gaan nie soseer oor wat

gedoen word nie, maar eerder oor die gesindheid waarmee dit gedoen word. Ons weet daar kom donker tye, maar dit sal nie te donker wees om jou raak te sien nie.

#### 7.6.7.2 Vat die hand

Vat die hand veronderstel dat die persoon wat hulp verleen 'n houvas wil kry op die betrokke situasie.

- In die behandeling van kanker ervaar die mens die volgende:
  - Hink op twee gedagtes
  - Geïsoleerd
  - Tussen-in situasie
  - Geen waarborge

Die mens wat met kanker saamleef weet dat daar tye van onsekerheid kom tydens hierdie reis met kanker. Daarom is dit belangrik dat die prediker en die geloofsgemeenskap die hand van die mens met kanker sal vat en probeer om die situasie te normaliseer in abnormale omstandighede. Soos die “second” sal die prediker en die geloofsgemeenskap daar wees om die isolasie en tussen-in belewenis makliker te maak. Dit is juis oor daardie stukkie niemandsland wat 'n hand 'n verskil maak. In die afskeidsgesprekke kry ons ook hierdie idee dat Jesus die hand van Petrus, Tomas en Fillipus vat en sonder om te veroordeel hulle uitlei uit die niemandsland tot volwaardige dissipels. Die hartseer is dat soms word hierdie hand wat wil vat, weggestoot met katastrofiese gevolge, dink aan Judas Iskariot.

#### 7.6.7.3 Lei die hand

Lei die hand veronderstel dat die persoon wat hulp verleen die weg wil wys wat gevolg moet word.



- In die lewe met kanker beleef mense die volgende:
  - Teorie en praktyk bots
  - Hoop en sien bots
  - Geloof en ervaar bots
  - Behandeling ja of nee

Die mens met kanker ervaar en beleef uiterstes. In die reis met kanker kom hulle gou-gou agter dat dinge nie noodwendig in balans is nie. Dit wat die teorie leer kristalliseer nie noodwendig so uit in die praktyk nie, so ook die hoop teenoor dit wat gesien word en ook die geloof teenoor dit wat ervaar en beleef word. In die afskeidsgesprekke hanteer Jesus ook die dissipels se wanbalans, hulle twyfel, hulle onsekerheid, hulle bekommernisse. Dit is asof hulle dissipelskap uiteindelik op niks uitloop nie, dit was 'n klug. Weereens kom Jesus en lei hulle by die hand om hulle die weg te wys. Dissipelskap is nie net ontvang nie, maar ook om te doen, en hierdie doen van hulle is gerugsteun deur hulle verkiesing, die aanvaarding van Jesus se identiteit, en deel wees van die eenheid met die Vader en Jesus. Die Vader en Jesus skenk hulle ook die Parakleet (die Heilige Gees) as gawe om soos 'n "second" met hulle saam te werk. Hierdie nuwe wyse waarop Jesus en die Vader in die wêreld teenwoordig gaan wees, verdryf ook die vrees en sodoende kan hulle hul dissipelskap geniet en fokus op hulle verantwoordelikhede om in Jesus te bly en die liefdesgebod uit te leef. Die Parakleet se funksie is vierledig: (i) die teenwoordigheid van die Vader en Jesus te beklemtoon; (ii) om teenoor die wêreld te wys dat dit sonde is om Jesus se sending te verwerp, (iii) om die dissipels daarop te wys dat uit die pyn van dissipelskap kom daar vreugde en oorwinning en (iv) om te wys op die seën wat kom deur dissipelskap vir hulle, maar ook vir die wêreld.

#### 7.6.7.4 Los die hand

Los die hand veronderstel dat die persoon wat hulp verleen nie wil oorneem nie, maar wil vrymaak van dit wat verknog.

- In die lewe na kanker word die mens gekonfronteer met :
  - Verhoudings
  - Emosies
  - Etikettering
  - Kommunikasie

Die mens met kanker besef ook dat daar 'n lewe na kanker is. Los die hand is 'n boodskap aan die mens met kanker van vryheid, niks word op jou afgeforseer nie en die keuses sal nie gemanipuleer word nie. Die "second" is daar om seker te maak dat die marathon nie net voltooi word nie, maar dat dit ook geniet kan word. Die prediker en die geloofsgemeenskap moet ook in hierdie opsig die mens met kanker die vryheid bied om die lewe ook te geniet. Die afskeidsgesprekke eindig op 'n besondere noot, die hoëpriesterlike gebed waar die klem val op die beskerming van die dissipels en nie om hulle uit hierdie wêreld weg te neem nie. Hierdie is die voordeel van dissipelskap om deur God bewaar te word in hierdie wêreld en in hierdie lewe.

#### 7.6.8 Die beeld van die prediker

Die beelde van die prediker onderskei onder andere die volgende: leraar, boodskapper, pastor, storieverteller en getuie. Die beeld wat uit hierdie studie na vore getree het in lyn met die basisteoretiese- en meta-teoretiese perspektiewe is die beeld van 'n "Second", wat omskryf kan word as iemand wat saamwerk met 'n persoon wat aan sport deelneem. Die beeld van Jesus in die afskeidsgesprekke herinner sterk aan die beeld van die "Second".

## 7.7 Kontekstualisering

### 7.7.1 Inleiding

Die evangelie van Jesus Christus is 'n evangelie van goeie nuus, van hoop, van opstanding en lewe. Dit is nogal woorde wat vir die mens geaffekteer deur kanker baie beteken. Daarom sal dit van pas wees om in lyn met hierdie studie van *Prediking en die Mens geaffekteer deur Kanker*, tog 'n poging aan te wend om dit te konkretiseer binne die kerklike praktyk. As vertrekpunt dien die kerklike jaar as 'n goeie basis om op voort te bou.

### 7.7.2 Binne die kerkjaar

Die keuse val binne die 'Paas-, Hemelvaart en Pinkstertyd' siklus. Die kontekstualisering hou daarmee verband dat die Woordverkondiging mag nie van die werklikheid vervreemd word nie en so mag die kerkjaar ook nie van die Woordverkondiging vervreemd word nie. Paasfees was nie net die hoogtepunt in die Joodse liturgiese jaar nie, maar word ook beskou as die hoogtepunt van die Christelike kerkjaar. Paastyd is die fees van nuwe lewe, die Here se agtste dag van die skepping, die dag van die nuwe skepping wat in werking gestel is deur Christus se oorwinning oor die dood. Dit gaan nie net daaroor dat Christus opgestaan het nie, maar ook daaroor dat Hy in ons opgestaan het (Bothma, 2004:227). Die Paastyd, Hemelvaart- en Pinkster prediking sluit nou aan by die ervaring van die mens geaffekteer deur kanker, in die opsig dat: (i) daar 'iets' gebeur het; (ii) dit geloof skep; (iii) dit bemagtig; (iv) dit implikasies het; (v) dit gaan oor die verlossing; (vi) dit nuwe lewensmoontlikhede oopmaak; (vii) dit hoop bring (Burger e.a. 1983: 16-26). Die prediking gedurende Paastyd word uitgedaag om die boodskap van die Paasfees-verhaal tuis te bring in 'n idioom wat vir die eietydse hoorder verstaanbaar en relevant is. Vrae en moontlike onsekerheid wat hoorders het oor die letterlike feitlikheid van die Paasgebeure moet nie geminag word nie, maar behoort eerder as aanknopingspunte benut word om hoorders te begelei tot 'n verdieping in hulle verstaan van God, die Bybel en hulleself. Op Hemelvaart word Christus se verhoging en koningskap gevier: Christus "is ook God en regeer daarom saam met die Vader en die Gees" (Vos, 2001:47).

### 7.7.3 Konkretisering

#### 7.7.3.1 Inleiding

Die prediking as begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef kan gestu word met die konkretisering daarvan binne die kerklike jaar. As kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie moet die prediking gedurende Paastyd nie daarop gerig wees om op 'n apologetiese wyse bepaalde standpunte te verdedig of ander af te wys nie, maar om eerder op 'n pastorale wyse in diens te staan van God, sodat Hy deur die werking van sy Gees en Woord hoorders se lewens kan transformeer (Bothma, 2004:224). Borg (2003:54-57) skryf byvoorbeeld dat verhale waar kan wees, sonder dat dit noodwendig letterlik en feitlik waar hoef te wees en stel dat die waarheid t.o.v. die Paasfeesverhale tweeledig is. Hy skryf:

"Jesus is a figure of the present and not simply of the past. He continued to be experienced by his first followers after his death and continues to be experienced to this day. It's not just that his memory lived on or that his spirit lived on, as we sometimes speak of the spirit of Lincoln living on. Rather, he was and is experienced as a figure of the present. In short, Jesus lives. Not only does Jesus live, but "Jesus is Lord." In the New Testament, this is the foundational affirmation about Jesus, and it is grounded in the Easter experience. To say that Jesus is Lord is to say more than simply that Jesus lives. It means that he has been raised to God's right hand, where he is one with God. And to affirm that he is Lord is to deny all other lords."

#### 7.7.3.2 Toepassing

Die afskeidsgesprekke van Jesus beklemtoon voortdurend dat die dissipels se eenheid met die Vader en Jesus Christus verseker is en dat hulle mekaar moet liefhê. Charles Haddon Spurgeon wrote this about David and Psalm 19: "In his earliest days the psalmist, while keeping his father's flock, had devoted himself to the study of God's two great books—nature and Scripture; and he had so thoroughly entered into the spirit of these two only volumes in his library that he was able with a devout criticism to compare and contrast them, magnifying the excellency of the Author as seen in both. . . . He is wisest who reads both the world-book and the Word-book as two volumes of the same work, and feels concerning them, 'My Father

wrote them both.”<sup>61</sup> Albei hierdie openbarings is belangrik om God te ken, daarom het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid en die roeping om die mens te bewaar en te versorg. Die vraag is dan: Hoe kan die mens geaffekteer deur kanker begelei/versorg word deur die prediking? aan die een kant, en Hoe behoort so ‘n bediening van die prediking te lyk? aan die ander kant.

Die soort bediening behoort soos volg daaruit te sien, naamlik:

(i) Bewondering

Die uitgangspunt is dat daar eers besef moet word dat voordat jy iets of iemand wil begelei/versorg, daar eers eerbied moet wees vir daardie mens. Dit beteken eenvoudig dat mense uit hulle gemaksones moet klim en hierdie mens letterlik moet sien, hoor, vat, ruik en proe. Eers as die geloofsgemeenskap weer oë kry vir hierdie mens, sal die begeleiding/versorging van hierdie mens geaffekteer deur kanker belangrik raak.

(ii) Bewuswording

Een van die grootste take van ‘n begeleiding/versorging bediening is om die geloofsgemeenskap herhaaldelik aan die verbruikersmentaliteit onder mense vandag te herinner en wat dit aan die mens geaffekteer deur kanker doen. Die droom in die begeleiding/versorging van die mens geaffekteer deur kanker is om die geloofsgemeenskap sensitief te maak vir die impak van kanker op hierdie mens se lewe, en hoe ‘n aantal eenvoudige aanpassings kan help in die begeleiding/versorging van die mens met kanker.

(iii) Vestiging van ‘n nuwe praktyk

Hierdie begeleiding/versorging deur die geloofsgemeenskap kan nie net teer op die bewondering en die bewusmaking nie, hulle moet ook uitgedaag word om iets te doen. Om iets te doen, vra om nuut te dink, om nuut te doen en om krities jou eie

---

<sup>61</sup> <http://odb.org/2015/03/12/hand-me-the-binoculars/> - besoek op 17 September 2015

betrokkenheid te evalueer. Die geloofsgemeenskap kan in hierdie opsig gaan kers opsteek by nie-kerklike organisasies soos Hospice, Kansa en “Care-givers”.

Dit is vir die prediking as begeleiding/versorging van die mens wat met kanker geaffekteer is, van die begin af belangrik dat die geloofsgemeenskap vóór loop met pastorale sensitiviteit.

### 7.7.3.3 Voorbeeld : Afskeidsgesprekke van Jesus (Joh. 15:1-16:33)

#### - Indeling

Volgens Tolmie (1995:211-216) val hierdie gedeelte binne die derde reeks van die afskeidsgesprekke van Jesus, met die volgende indeling, naamlik: (i) Dra vrugte en volhard in die liefde (Joh.15: 1-17); (ii) Trotseer die vyandigheid van die wêreld (Joh.15:18-16:4a) en (iii) Jesus se weggaan en terugkeer met die klem op die rol van die Parakleet (Joh.16:4b-33).

#### - Opmerkings

Die perikoop begin met die beskrywing van die troostelose en uitsiglose situasie van die dissipels; Jesus beklemtoon hier die ‘droefheid’. Die meeste kommentare wys op twee redes vir hierdie droefheid, naamlik eerstens die vervolging vanuit die wêreld en die sinagoge en tweedens die weggaan van Jesus; dus saam met die vervolging gaan die dissipels nog sonder Jesus ook wees; hierdie weggaan is nie net die terugkeer na die Vader nie, maar ook na die graf, wat die situasie nog verder kompliseer. Jesus se troos lê in die skenk van die Trooster aan sy dissipels en die effek hiervan word onderstreep in Jesus se opmerking dat dit vir die dissipels voordeliger is as hy weggaan. In Jesus kulmineer die Christologiese en Pneumatologiese nog sterker, want nou is dit die volle krag van die afgehandelde heilswerk in aksie. Die ander belangrike aspek waarop gefokus moet word is die karakter van die Parakleet; die Parakleet beklemtoon dat die regstryd tussen die vyandige wêreld en God

nou gebeur in Jesus Christus. In die begin van hierdie stryd lyk dit of die wêreld die bo-toon voer, want Jesus “het gely, is gekruisig, het gesterf, is begrawe en het ter helle neergedaal” (Clasen e.a., 2007:284). Teen hierdie agtergrond moet die koms van die Parakleet verstaan word, want in die eerste plek is hy die Helper (“Second”), die Voorspraak vir die dissipels in hulle nood en in die tweede plek open dit die afgehandelde sending van Jesus en voer dit deur. Die herverhoor is die geleentheid waar die Heilige Gees die ommekeer bewerkstellig, want in die kruis is dit nie God wat gebreek is nie, maar die owerste van hierdie wêreld. Die Parakleet herdefinieer die religie ook, wat beteken dat die religieuse begrippe totaal ‘n nuwe inhoud en betekenis kry. Daar is geen sin in religie sonder en buite Christus nie. Die vraag is hoe hierdie oortuigingswerk ten opsigte van die wêreld moet geskied? Die Heilig Gees doen dit op twee wyses, deur die prediking en deur die lewe van die geloofsgemeenskap.

- Toegepas op die mens geaffekteer deur kanker

\* Droefheid (Reik die hand)

Die pad vir die mens met kanker bring droefheid. Die woorde soos skok, onsekerheid, vrees en dood verskyn ewe skielik op die radar-skerm van die mens se lewe. Die impak van hierdie woorde is geweldig traumaties. Die afskeidsgesprekke vervat iets van hierdie skeiding wat gebeur, die societas, die voorspoed-fase word versteur deur die krisis van kanker, die mens met kanker bevind hom-/haarself in ‘n onsekertyd, die communitas-fase, waartydens die kanker op fisiese-, psigiese- en geestelike gebied hanteer word, wat oorloop in ‘n heroriënterings-fase, die nuwe societas.

\* Hoop (Vat die hand)

In die afskeidsgesprekke van Jesus vat hy die hande van die dissipels en begelei en versorg hulle; daar is die verwondering wat beklemtoon word van die besondere manier waarby God betrokke is in hierdie wêreld. Die bewusmaking van die betekenis van hierdie besondere manier waarop God betrokke is in die lewe van die dissipels word uitgelig. En dan word die dissipels in die nuwe praktyk van dissipelskap van die Vader en Jesus ingelei. Die mens geaffekteer deur kanker loop amper dieselfde paadjie; die verwondering van God se goedheid kan beklemtoon word, die bewusmaking van die voorreg van menswees, dat die lewe soet en suur bevat en dat God teenwoordig is in hierdie wêreld. Hierdie teenwoordigheid van God en Christus in die lewe en die wêreld van die mens lei dan tot 'n nuwe manier van menswees.

\* Uitdaging (Lei die hand)

Die wêreld kan die Heilige Gees nie ontvang nie as gevolg van haar dwaasheid. Dit is asof die Heilige Gees die geloofsgemeenskap in diens wil neem met die oog daarop om 'n tussenganger te wees en die uiteindelijke boodskap, dat Jesus die Christus is aan die wêreld oor te dra. In die afskeidsgesprekke van Jesus is dit deurentyd die boodskap aan die dissipels, soos die Vader en ek (Jesus) een is, so is julle (dissipels) en ek (Jesus) een. Hierdie eenheid lê daarin dat die dissipels mekaar moet liefhê en dat hulle in die woorde van Jesus sal bly (gehoorsaam). Die mens geaffekteer deur kanker bevind hom-/haarself in 'n soortgelyke situasie, en dit is in hierdie situasie wat die prediking as begeleiding en versorging gebruik word, sodat die mens met kanker ook 'n tussenganger tot die wêreld kan wees met die



boodskap Jesus is die Christus, glo dit en leef daarvolgens.

\* Leef dit (Los die hand)

Die appèl op die geloofsgemeenskap is of hulle daarvan oortuig is dat die Heilige Gees in hulle lewens hoorbaar en sigbaar is. In die woorde van Iwand, naamlik of die wêreld die lewens van die geloofs-gemeenskap werklik beleef as 'goeie nuus'. In die afskeidsgesprekke skenk Jesus die dissipels die Heilige Gees vir die pad vorentoe, hulle sal nooit weer sonder sy teenwoordigheid in hierdie wêreld wees nie. Die Parakleet sal hulle lei en hulle sal selfs groter dinge doen as Jesus, want dissipelskap gaan nie net oor ontvang nie, maar ook om te doen. Die dissipels moet mekaar liefhê en hulle moet hou aan die woorde van Jesus en die Parakleet sal die oortuigingswerk doen. Die mens geaffekteer deur kanker moet ook besef dat God sy/haar omstandighede kan gebruik om die wêreld te oortuig met 'goeie nuus'. Christus en die Heilige Gees wil die lewens van sy dissipels gebruik, sodat hulle kan getuig van 'n sinvolle en vreugdevolle evangelie.

- Basisliturgie vir Paastyd

\* Wek bewondering

Die aanroep van die drie-enige God speel nog altyd 'n belangrike rol in die liturgie. God is getrou in sy liefde en genade. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om alles nuut te maak in hierdie sondige en gebroke wêreld. Jesus se ganse aardse lewe vertel ons hoe die koninkryk van God lyk: 'n Wêreld waarin alles nuutgemaak word. Kyk maar na Jesus se prediking en wonders, asook die hantering

van hulle wat deur die samelewing geetiketteer is as minderes en verwerplikes. Dit sê duidelik: so is God.

\* Bewuswording

In Jesus, laat God toe dat Hy homself aan die lyding en die marteling onderwerp vir hulle wie Hy oneindig lief het. Die kruis illustreer weereens wie God is. Die opstanding getuig dat God in Jesus oorwin het en dat sy sending suksesvol was. Die opstanding is 'n mosie van vertroue in alles wat gesê en gedoen is deur Jesus. Die opgestane Jesus skenk die Heilige Gees aan sy dissipels om die wêreld te oortuig dat in Jesus is die lewe te vind. Hiermee bemagtig God sy dissipels, die geloofsgemeenskap en die mens met kanker, om in Jesus en deur die Heilige Gees deel te neem aan dit waarmee God besig is in die wêreld, naamlik om sy koninkryk te bou en om alles nuut te maak.

\* Nuwe manier van lewe

Die belangrikheid van hemelvaart in die Paassiklus kan nouliks onderskat word. Die klem val op die roeping om deel te neem aan dit waarmee God vanuit die opstandingskrag van Jesus Christus besig is. Dit vra ook die hand-gebaar, naamlik: reik die hand; vat die hand; lei die hand en los die hand, sodat God die verandering kan bewerk in die harte en lewens van die mens in die wêreld.

\* Voorstelling vir Paasfees 2016

<b>Datum Paastyd</b>	<b>Tekste</b>	<b>Tema/Opskrif</b>
2de Sondag	Joh.13:1-30	Die voetewassing, vooruit gryp van die doel van Jesus se sending.

3de Sondag	Joh.13:31-14:14	Die verheerliking van Jesus en die nuwe gebod.
4de Sondag	Joh.14:15-31	Die Parakleet vir hulle wat Jesus lief het en volgens sy woorde leef.
5de Sondag	Joh.15:1-17	Dra vrag wat pas by die lewe in Jesus se woord.
6de Sondag	Joh.15:18-16:4a	Die moeilike pad van 'n lewe in hierdie vyandige wêreld.
Hemelvaart	Joh.16:4b-33	Die konsolidering van die lewe in Christus met die vooruitsig van die oorwinning.
7de Sondag	Joh.17:1-26	Die draagbaar vir die gelowige in hierdie wêreld.

## SAMEVATTING

### Hoofstuk 8

#### Samevatting en gevolgtrekking

##### 8.1 Inleiding

In hierdie studie is daar gefokus op die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef na aanleiding van die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (Joh.13:1-17:26). Die volgende oogmerke is bereik, naamlik:

- Die riglyne vanuit die eksegetiese studie van die afskeidsgesprekke van Jesus is geïdentifiseer vir die prediking in die begeleiding/versorging van die mens met kanker.
- Die verhelderende perspektiewe wat die homelities aan die prediking bied in die begeleiding/versorging van die mens geaffekteer deur kanker is bepaal.
- Die verhelderende perspektiewe wat die hulpwetenskappe bied van die mens wat met kanker saamleef is vasgestel met die oog op die prediking.
- Die empiriese ondersoek het getoon dat die mens met kanker beslis sinvol begelei/versorg kan word deur die prediking.
- Die integrasie van die basisteoretiese en meta-teoretiese perspektiewe het gelei tot 'n praktykteoretiese model vir die prediking ten einde die mens wat met kanker saamleef te begelei en versorg tot lewensin en lewensvreugde.

In die metodologie van hierdie studie is aangesluit by die handelingswetenskaplike model wat Zeffass (1974:164-177) ontwerp het. Dit behels dat basisteoretiese beginsels eers ondersoek is (Hoofstukke 3 en 4), waarna metateoretiese perspektiewe gevorm is (Hoofstuk 5). Die meta-teoretiese perspektiewe is ook toegelig met 'n empiriese studie (Hoofstuk 6) en

Bladsy 427 van 480

uiteindelik is 'n nuwe of aangepaste praktykteoretiese model (Hoofstuk 7) geformuleer wat berus op die wisselwerking tussen en integrering van basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe.

## 8.2 Samevatting van die navorsing

### 8.2.1 Basisteoretiese perspektiewe

Die afskeidsgesprekke van Jesus met sy dissipels (Joh.13:1-17:26) is gekies as die vertrekpunt vir die prediking as dit kom by die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef. Die afskeidsgesprek as sodanig beskik oor die karaktertrekke wat in baie opsigte ooreenkom met die prediking aan die een kant en die mens met kanker aan die ander kant. Bogenoemde word geïllustreer aan die hand van Laswell se kommunikasie model.<sup>62</sup>

<b>LASSWELL SE KOMMUNIKASIE MODEL</b>				
<b>“Who”</b>	<b>“Says What”</b>	<b>“In Which Channel”</b>	<b>“To Whom”</b>	<b>“With What Effect”</b>
<b>AFSKEIDSGESPREEK</b>				
Die betrokke persoon wat besig is om te sterf	Daar word teruggekyk na wat verby is, daar word opgekyk na dit wat op hande is en daar word vorentoe gekyk na dit wat voorlê vir	Gesprekvoering, in die oë kyk van jou mense	In die geval die naasbestaandes, hulle wat agterbly	Dit kan drieledig van aard wees, naamlik: - waardering - oordag van verantwoordelikhede - troos en bemoediging

<sup>62</sup> <http://communicationtheory.org/laswells-model/> - besoek 15 April 2015.

	hulle wat agterbly			
<b>PREDIKING</b>				
Die prediker	Bedien die Woord van God	Die preek	Die hoorder in hierdie wêreld met haar eina's en amen's	Om sin en vreugde te vind in hierdie lewe met haar uiterstes
<b>KANKER-DIAGNOSE</b>				
Die dokter en die spesialis	Dra die nuus oor dat daar kanker is	Gesprek	Die pasiënt	Die realiteit van die oomblik in daardie mens se lewe bekend te maak

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat 'n afskeidsgesprek, 'n preek en 'n diagnose met kanker die gemeenskaplike deler van 'n oorgang-situasie besit. Die societas fase van voorspoed en orde geld vir die oomblik, dan breek die oomblik van skeiding/verlies aan en veroorsaak chaos en 'n tyd van onsekerheid word betree, waartydens die vastighede en ankers van die verlede geskud word en die communitas fase heers en tydens hierdie tyd van onsekerheid vind daar 'n heroriëntasie plaas wat lei na die nuwe societas met hoop en vertrou. Dit is die doel van hierdie studie om die belangrike rol wat die prediking speel in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef, te beklemtoon.

### 8.2.2 Basisteoretiese gevolgtrekkings vanuit die eksegeese

- Die afskeidsgesprekke veronderstel dat daar 'n besondere verhouding is tussen Jesus en die dissipels, wat bepalend is vir die manier waarop Jesus met hulle in gesprek tree.
- Die afskeidsgesprekke is die geleentheid waartydens Jesus aan die dissipels uitspel wat aan die gebeur is en wat nog moet gebeur, sodat hulle die volle seën van Jesus se aardse bediening kan ervaar.

- Die opset van die afskeidsgesprekke veronderstel die volgende, naamlik:
  - Die groep is gesuiwer en dat geen buitelanders teenwoordig is nie, wat impliseer dat dit 'n baie intieme gesprek is.
  - Die intimiteit dui op die ernstigheid van die gesprek, omrede onduidelikhede en onsekerhede uit die weg geruim moet word.
  - Die afskeidsgesprekke is die laaste geleentheid om dit wat veronderstel en beoog was te bevestig en seker te maak dat hulle wat agterbly, dit verstaan.
  - Die afskeidsgesprekke is ook die geleentheid om die teleurstelling wat daar is as gevolg van die skeiding sinvol te bestuur.
  - Die afskeidsgesprekke is ook daarop gerig om die toekomstige opset ten opsigte van hulle wat agterbly uit te spel.
  - Die afskeidsgesprekke is ook die geleentheid om te wys op die positiewe wat uit die negatiewe beleving kan spruit.
  - Die afskeidsgesprekke het dit ook ten doel om hulle wat agterbly nie die harnars in te jaag nie, maar eerder te bemoedig en te vertroos.
  - Die afskeidsgesprekke se tydsberekening is ook van so 'n aard dat dit 'n balans wil handhaaf tussen nie te vroeg of nie te laat nie, sodat die nou belangrik word.
  - Die afskeidsgesprekke word ook gekenmerk deur 'n taal wat anders is as die taal van die wêreld daar buite.
  
- Die afskeidsgesprekke vertoon ook die intiemste manier om afskeid te neem is juis om vir hulle wat agterbly, in gebed te tree.

### 8.2.3 Basisteoretiese gevolgtrekkings vanuit die homiletiek

In hoofstuk 4 is gefokus op die bydrae uit die homiletiek in die breë met die oog op die prediking as begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef. Die prediking fokus op die skep van persoonlike geloof in die lewe van die hoorder.

- Die prediking is die wyse waarop God se betrokkenheid en teenwoordigheid in die daaglikse lewe van die hoorder sigbaar en hoorbaar gemaak moet word.
- Die prediking is waar God in die wêreld van die teks, deur die Woordbediening van die prediker die wêreld van die hoorder sigbaar en hoorbaar binne tree.
- Die prediking gebeur in 'n wêreld wat voortdurend aan die verander is, en daarom moet die prediking tred hou en aanpas by die omstandighede van die hoorder.
- Die prediking geskied binne die kragveld van die Heilige Gees; dit is die Heilige Gees wat hoorders rustig maak, vernuwe en uitlei na hoop.
- Die prediking mag nooit “tijdloos” wees nie, maar moet altyd tydsgebonde wees.
- Die prediking is 'n ontmoeting waar geen dwang is nie, maar waar die Heilige Gees vrymagtig besig is met die hoorder in sy/haar wêreld, hier en nou.
- Die prediking se tysberekening is altyd in die kol.
- Die prediking is altyd nuut, vars en lewendmakend.
- Die prediking is dinamies en vertoon die veelsydigheid van God om deur sy Gees tot elke hoorder te spreek in sy/haar unieke omstandighede.



### 8.3 Metateoretiese gevolgtrekkings

Die basisteoretiese gevolgtrekkings word gestu deur die bydrae vanuit die hulpwetenskappe ten opsigte van die mens wat met kanker saamleef. Die literatuur wat bestudeer is, het dit duidelik laat blyk dat kanker se impak op die lewe van die mens geweldig is. Die volgende metateoretiese gevolgtrekkings is verkry met die rakende die mens wat met kanker saamleef ten opsigte van die begeleiding/versorging deur die prediking.

- Kanker as sulks versteur die lewe en verhoudings van mense.
- Kanker word beleef as die vernietigende vyand van die lewe;
- Kanker bring die dood in sig en maak die uitsig op die toekoms somber;
- Kanker is onvoorspelbaar ten opsigte van die diagnosering, behandeling en die uitkoms van spesifieke kankers.
- Daar is 'n lewe met kanker.
- Kanker vra geduld, durf, volharding en deursettingsvermoë.
- Die miskien ... bly altyd deel van die mens met kanker se lewe.

#### 8.3.1 Metateoretiese gevolgtrekkings uit die empiriese navorsing

In die empiriese navorsing is hoofsaaklik gebruik gemaak van die kwalitatiewe benadering met die oog op die insameling en verwerking van die data by mense wat met kanker saamleef. Die data is ingesamel deur gebruik te maak van die ongestruktureerde onderhoud. Die gevolgtrekkings berus op die beleving van die respondente tydens die volgende insidente, naamlik: Kanker-diagnose as (i) belewenis; (ii) behandeling; (iii) prakties en (iv) verhoudings. Die meta-teoretiese gevolgtrekkings is dus soos volg, naamlik:

- Kanker gebeur altyd op die mees ongeleë tyd binne die lewe van die mens.
- Kanker is soos om voor 'n vuurpeloton te staan met die voorreg om die indirekte keuse te maak, naamlik die dood.

- Kanker plaas die mens in 'n tussen-in situasie; die maalgat ervaring van dan is daar hoop, en dan is alles eensklaps donker.
- Kanker vergemaklik die keuse wat gemaak moet word, want dit vra maar net bevestiging van dit wat reeds aan die gebeur is.
- Die krisis is dat niks werklik ten opsigte van genesing gewaarborg kan word deur die spesifieke maniere van ingryping nie.
- Kanker wys op die wanbalans wat daar ervaar word deur die respondente ten opsigte van hoop en sien aan die een kant en geloof en ervaar aan die ander kant.
- Daar is die altyd teenwoordige stemmetjie wat soos 'n grammofoonplaat die heelyd die deuntjie in die gedagtes speel, 'maak net seker' dat die kanker nie terug is nie.
- Kanker veroorsaak 'n tsoenami van emosies wat hanteer moet word.
- Kanker kan die mens se lewe blus, maar nie die vlam van hoop nie.

#### 8.4 Praktikteoretiese gevolgtrekkings

Op grond van die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese gevolgtrekkings en die metateoretiese gevolgtrekkings is gepoog om 'n verstelde praktykteorie te formuleer met betrekking tot die prediking in die begeleiding/versorging van die mens wat met kanker saamleef na aanleiding van die afskeidsgesprekke van Jesus. In die prediking moet die impak van kanker op die totale lewe van die mens hanteer word, met die oog op die begeleiding/versorging tot lewensin en lewensvreugde. Dit impliseer onder andere dat daar begrip moet wees vir die prediking, waardeur God se betrokkenheid en meelewing by die mens met kanker hoorbaar en sigbaar verklaar moet word. Dit sluit onder andere in hoe God betrokke is, hoe God oor die mens voel, en wie God vir die mens is.

Met die bruikbare praktykgerigte preekmodel is daar gepoog om die stippellyne aan te dui waarvolgens die prediking as begeleiding en versorging van die mens met kanker kan geskied. Dit hou verband met die tipiese

bedreiging wat siekte, kanker vir die mens inhou ten opsigte van lewensin en lewensvreugde. Die afskeidsgesprekke van Jesus bied 'n uitweg hoe 'n doodloopstraat kan verander in 'n deurgangstroete, hoe die punt agter 'n lewe verander kan word in 'n komma. Die voorgestelde model berus aan die een kant op die resultate verkry uit die basisteoretiese en meta-teoretiese afdelings van hierdie studie. Aan die ander kant is riglyne geïdentifiseer en geformuleer volgens die breë merkers soos bespreek in die maniere van kyk na kanker en die roete en vome van die prediking binne die homiletiek.

<b>Manier van kyk na kanker, benaderings</b>	<b>Roete- en vrome van die prediking</b>
Fase (Fawzy en Fawzy) (punt 5.8.1)	Die leraar – tradisioneel (punt 4.8.2.1. en 4.8.3.1)
Vyf-Fase (Kübler-Ross) (punt 5.8.2)	Die boodskapper – analogies (punt 4.8.2.2 en 4.8.3.2)
Berusting (Hechter e.a.) (punt 5.8.3)	Die pastor/herder – dialogies (punt 4.8.2.3 en 4.8.3.3)
Taakgebaseerde (Corry) (punt 5.8.4)	Die storieverteller – narratief (punt 4.8.2.4 en 4.8.3.4)
Versigtigheids- (Zurheide) (punt 5.8.5)	Die getuie – voorstelling (punt 4.8.2.5 en 4.8.3.5)
Presentie – (Baart) (punt 5.8.6)	

Die doel van hierdie hoofstuk is om praktykgeoriënteerde leiding te gee aan die prediking met betrekking tot die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef. Die uiteindelijke doel is om ten spyte van 'n lewe met kanker, lewensin en lewensvreugde te ervaar in 'n wêreld wat stukkend en vol leiding is. Die model behels drie fases met verskeie stappe in elke fase. Die boodskap van die afskeidsgesprekke van Jesus (Joh.13:1-17:26) waarop gefokus is in die basisteoretiese afdeling is dat die dissipels se pad vorentoe geen maklike pad gaan wees nie. Hulle sal moet wys wat in hulle steek, sodat die tyd wat saam met Jesus spandeer is, nie te versmaai is nie en dat God se betrokke wees by Jesus in sy aardse omswerwing sin maak en sin gee in die

lewe van mense. In die afskeidsgesprekke kom Jesus en hy begelei/versorg sy dissipels op 'n besondere manier. Hierdie besondere manier skep die beeld van die “second” se funksie by 'n marathon-wedloop, naamlik:

- Reik die hand (hand uitsteek om aan iemand te raak)
- Vat die hand (hand neem vir die duur van dit wat voorlê)
- Lei die hand (hand gee in 'n bepaalde rigting, saamvoer op die weg)
- Los die hand (hand wat vrymaak)

Met dié model is dus gefokus op die prediking in die begeleiding en versorging van die mens wat met kanker saamleef tot lewensin en lewensvreugde. Die mens wat met kanker saamleef moet dit terdeë besef dat God in sy/haar lewe betrokke is en dat sy/haar lewe saak maak vir God. Die sinvolle en vreugdevolle antwoorde op die lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God, en dat sy gebooië gehoorsaam word en geleef word in die daaglikse lewe.

## 8.5 Finale samevatting

Die afskeidsgesprekke van Jesus fokus op die probleem wat sy terugkeer na die Vader inhou vir dissipel-wees vandag. Die pad van dissipel is besaai met uiters moeilike omstandighede en uitdagings. Dissipelskap word gekenmerk deur die volgende, naamlik: (i) daar is 'n gemaksonde dit wil sê wanneer die dissipel in die teenwoordigheid van sy/haar leermeester funksioneer, dan volg daar soms die skeiding, dit wil sê wanneer die leermeester moet oorgee en die verantwoordelikhede aan die dissipel moet toevertrou; dan volg die nuwe opset vir dissipelskap, wat beteken dat die dissipel dit moet uitleef waarvoor hy/sy staan. Die afskeidsgesprekke van Jesus bied 'n gesonde beeld van hoe 'n verhouding daarna moet uitsien tussen die een wat gestuur is en die Een wat stuur. Die afskeidsgesprekke is 'n eg menslike handeling, vol emosie en passie. Die afskeidsgesprekke leer ook dat skeiding soms nodig is ter wille van die saak asook die individu. Jesus se weggaan na die Vader open die deur dat God se betrokke wees in hierdie wêreld sigbaar en hoorbaar

geopenbaar kan word. Die voordeel van Jesus se terugkeer na die Vader is dat die Parakleet (Heilige Gees) aan die dissipels geskenk word. Die grootste vrees vir 'n dissipel is om sonder sy leermeester te wees; hierdie vrees word juis aangespreek deur die gawe van die Parakleet. Die Parakleet sal voortaan die wyse wees waarop God en Jesus in die dissipels teenwoordig sal wees. Daardie teenwoordigheid lê in die gehoorsaamheid van Jesus se opdragte en die uitleef van die nuwe gebod, naamlik die liefde onder mekaar.

#### 8.6 Terreine vir verdere ondersoek

In hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie op die volgende terreine van groot waarde sal wees:

- Die hantering van kanker deur verskillende gelowe en denominasies in die prediking.
- Die wins van die prediking as begeleiding/versorging van die mens geaffekteer deur kanker.
- Die moontlike ondersoek na die effek van preekvorme in die begeleiding en versorging van mense wat met kanker saamleef.
- Die moontlike ondersoek na die liturgie se rol in die bemoediging en versterking van die geloof van die mens met kanker.

9 Bibliografie

ACKROYD, S. & HUGHES, J.A. (1981). *Data Collection in Context*. London / New York: Longman.

ADAMS, J. E. (1970). *Competent to Counsel*. Grand Rapids: Baker Book House.

ADEN, L.H. & HUGHES, R.G. (2002). *Preaching God's Compassion*. Minneapolis: Fortress Press.

AGGEBE, A. (1959). *De kunst van ziek zijn en van het omgaan met zieken*. 's-Gravenhage: Boekencentrum

ALBERTS, A.S. (2012). *Kennis klop Kanker*. Pretoria: Briza Publikasies.

ALBRECHT, C. (2006). *Overview of the South African Cancer Research Environment as a basis for Discussions concerning the Activation of Cancer of CARISA*. Pretoria: Cancer Research Initiative of South Africa.

ALLEN, R.J. (1998). *Patterns of Preaching*. St. Louis: Chalice Press.

ALLEN, R.J., Blaisdell, B.S. & Johnston, S.B. (1997). *Theology of Preaching*. Nashville: Abingdon Press.

ALLWOHN, A. (1959). *Het genezende Woord*. Nijkerk: Callenbach.

ALTENA, B. (2003). *Wolken gaan voorbij ... Een homiletisch onderzoek naar mogelijkheden voor de preek in een postmodern klimaat*. Zoetermeer: Boekencentrum.

AMMERMAN, N.T. (2001). *Congregation and Community*. New York: New Brunswick.

ARBUCKLE, G. A. (1991). *Grieving for Change*. London: Casswell Publishers Limited.

ARBUCKLE, G.A. (1993). *Refounding the church*. London: Geoffrey Chapman.

ARMSTRONG, J. H. (2001). *Reforming Pastoral Ministry*. Illinois: Crossway Books.

ASHTON, J. (1986). *Introduction: The problem of John, in Ashton 1986:1-17. The interpretation of John*. London. SPCK.

AUSTIN, J. (1962). *How to do Things with Words: The William James Lectures at Harvard University in 1955*. Cambridge: Harvard University Press.

BAART, A. (2011). *Een theorie van de presentie*. Den Haag: Boom uitgevers.

BAER, E. (1998, Vol. 52, No. 2). *Pastoral Calling and the Good News*. The Journal of Pastoral Care.

BALCH, D.L. (1981). *Let wives be submissive: The domestic code in 1Peter*. Chigaco: Scholars Press.

BALDICH, C. (1990). *The concise Oxford dictionary of literary terms*. Oxford.

BAL, M. (1981). *The Narrating and the Focalizing: A Theory of the Agents in Narrative*. *Style* 17, pp. 234-269).

BARNARD, P.H. (2010). *Relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiewiteit : 'n ondersoek na deelname aan die erediens en die houding teenoor kerk en prediking onder gelowiges in die konteks van die Paarl (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

- BARTH, K. (1951). *Kirchliche Dogmatik III/4*. Zollikon-Zürich: Evangelischer.
- BARTON, J. (1984). *Reading the Old Testament: Method in biblical study*. London.
- BAVINCK, J. (1946). *Jezus als Zielzorger*. Baarn: Bosch & Keuning.
- BECKER, J. (1981). *Das Evangelium nach Johannes. Vol.II: Kapitel 11-21*. Gütersloh: Gütersloher Verslaghaus.
- BECKER, P.E. (1999). *Congregations in Conflict, Cultural Models of Local Religious Life*. Cambridge.
- BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, S.F.H.J., POP, F.J. en ROSCAM ABBING, P.J. (1957). *De prediking, de prediker en de kerkganger*. Den Haag: Boekencentrum.
- BERKHOF, H. (1985). *Christelijk Geloof. Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.
- BERNARD, F. (2009). *Die Engele om My*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- BIERITZ, K.-H. (1990). *Predigt und rhetorische Kommunikation*. In: K.-H. Bieritz, C.
- BIJLSMA, R. (1977). *De Preek. Gemeente van Christus nú*. Kampen: Uitgeversmaatskappij J.H. Kok.
- BLACK, K. (1996). *A Healing Homiletic: Preaching and Disability*. Nashville: Abingdon Press.
- BLOESCH, D. (1973). *The Evangelical Renaissance*. Grand Rapids: Eerdmans.



BLUCK, J. (1989). *Christian Communication Reconsidered*. Geneva: WCC Publications.

BOGART, J. (1978). *Recent Johannine studies*. AthR 60, 80-87.

BOHREN, R. (1986). *Predigtlehre*. München: Kaiser.

BOLKESTEIN, M. (1964). *Zielsorg in het N.T.* Den Haag.

BOOTH, W.C. (2010). *The Rhetoric of Fiction*. 2nd Edition. Chicago: University Press. Kindle edition.

BORG, M J 2003. *The Heart of Christianity. Rediscovering a life of faith*. New York:

BORGEN, P. (1986). *God's agent in the Fourth Gospel in The interpretation of John Ashton (ed.), pp. 67-78. London.*

BOTHA, J. (1990). *Semeion. Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament*. Pretoria.

BOTHA, J.S. (2011). *Kreatiewe prediking : kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

BOTHA, Priscilla (2001). *Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte*. Journal of Family Ecology and Consumer Sciences, Vol. 29.

BOTHMA, Gerhardus (2004). *'n Prakties-Teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

BRANNON, L. & FEIST, J. (2014). *Just the Facts101: Textbook Key Facts. e-Study Guide for: Health Psychology: An Introduction to Behavior and Health Cram101 Publishing: Kindle Edition.*

BRANT, Jo-Ann A. (2011). *John (Paideia: Commentaries on the New Testament). Baker Publishing Group. Kindle Edition.*

BREYTENBACH, H.S. (1988). *Beeld en Kommunikasie in die prediking. D.Th.- proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.*

BREYTENBACH, J.C. (1995). *Exegese als Wissenschaft. Anlehnungen an Friedrich Schleiermacher. Antrittsvorlesung am 31.5.95 anlässlich der Übernahme einer Professur für Neues Testament und der Leitung des Institutes für Urchristentum und Antike an der Theologischen Fakultät der Humboldt-Universität zu Berlin.*

BRILIOTH, Y. (1965). *A brief history of Preaching. Philadelphia: Fortress Press.*

BRINK, A.P. (1987). *'n Inleiding tot die lees van Verhalende Tekste. Pretoria: Academica.*

BRODIE, T.L. (1993). *The Gospel According to John: A Literary and Theological Commentary. New York: Oxford University Press.*

BRONS, J. (2005). *Van Spreekbuis tot getuige. Doctoraalscriptie. Rijksuniversiteit Groningen.*

BROUWER, R. e.a. (2007). *Levend lichaam. Dynamiek van christelijke geloofsgemeen-schappen in Nederland. Kampen.*

BROUWER, REIN (2010). *Preken in context, Over de 'homiletische situatie'*, in Van der Meulen, Henk (reds.). *Als een leerling leren preken*. Zoetemeer: Uitgeverij Boekencentrum.

BROUWER, Wayne (1999). *The Literary Development of John 13-17: A Chiastic Reading*. A Dissertation Submitted to the School of Graduate Studies in partial Fulfilment of the Requirements for the Degree Doctor of Philosophy. McMaster University.

BROWN, R.E. (1978). *The Gospel according to John*. London: Geoffrey Chapman Publishers.

BRUEGGEMANN, Walter (2002). *The Word Militant*. Minneapolis: Fortress Press. Kindle Edition.

BRUNSDON, A.R. (2006). *Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer 'n Narratiewe benadering*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van die Vrystaat.

BRUNSDON, A.R. & LOTTER, G.A. (2008). *Kanker as lewensnood: voorlopige merkers vir die pastoraat*. In die *Skriflig*, 42(4):665-683.

BUCKINGHAM, D. (1991). *What are words worth? Interpreting children's talk about television*. *Cultural Studies* 5(2):228-245.

BULTMANN, Rudolf (1971). *The Gospel of John: A commentary*. Translated by G.R. Beasley Murray, et.al. Philadelphia: Westminster Press.

BUNNERS, C. (1990). *Der Hörer*. In: K.-H. Bieritz, C. Bunnars, H.Daewel e.a. *Handbuch der Predigt*. Berlin.

BURDEN, J.J. & DEIST, F.E. (1986) *Kom ons doen Bybelstudie*. Pretoria: Acacia Boeke.

BURGER, COENIE (1991). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Pretoria: RGN-uitgewery.

BURGER, C. (1994, Vol. 9 (1),). *Die agogiese moment in die prediking van 'n situasie van verandering*. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 83-92.

BURGER, C. (1995). *Gemeentes in transito*. *Gemeente en Bediening* 3. Kaapstad: Lux Verbi.

BURGER, C.W., Müller, B.A., Smit, D.J. (1983). *Riglyne vir Paas-, Hemelvaarts-, en Pinkster-prediking*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

BUTTRICK, D. (1994). *A Captive Voice*. Westminister: John Knox Press.

BYBEL. (1953). *Ou Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CABOT, R.C. en DICKS, R.I. (1959). *The Art of Ministering to the Sick*. New York: Macmillan.

CAMPBELL, C.L. (1997). *Preaching Jesus: New Directions for Homiletics in Hans Frei's Postliberal Theology*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

CAMPBELL, C. L. (2002). *The Word Before the Powers: An Ethic of Preaching*. Louisville: Westminister John Knox Press.

CAPPS, D. (1980). *Pastoral Counseling & Preaching: A Quest for an Integrated Ministry* Philadelphia: The Westminister Press.

- CARSON, A. (2000). *Men in the Off Hours*. New York: Alfred Knopf.
- CARSON, D.A. (1980). *The Farewell Discourses and the Final Prayer of Jesus*. Grand Rapids: Baker Book House.
- CHARTIER, M.R. (1981). *Preaching as communication. An Interpersonal perspective*. Nashville: Abingdon preacher's library.
- CHATMAN, S. (1978). *Story and Discourse. Narrative Structure in Fiction and Film*. Ithaca: Cornell.
- CHILDERS, J. (1998). *Performing the Word*. Nashville: Abingdon.
- CHILDS, B.S. (1885). *Old Testament Theology in a Canonical context*. London.
- CILLIERS, J.H. (1998). *Die uitwysing van God op die kansel*. Kaapstad.
- CILLIERS, J.H. (2004). *Die lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking*. Stellenbosch: SUN PRESS.
- CILLIERS, J.H. (2008). *The Clown before the Powers. A South African Response to Charles Campbell's comic vision on preaching. Homiletic*, winter 2008, volume XXXIII, nommer 2.
- CILLIERS, J.H. (2009). "Clowning on the pulpit? Contours of a comic vision on preaching. *Scriptura*, 101, pp. 189-197
- CLANTON, J. A. (1984, Vol. XXXVIII, No. 3). *The Female Chaplain's Contributions to Breast Cancer Management*. *The Journal of Pastoral Care*, 195-199.

CLASEN, Ferdie, et al. (2007). *Vir die Erediens: 'n Handleiding*. Wellington: Bybel-Media.

CLEVERLEY FORD, D.W. (1979). *Ministry of the Word*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Company.

CLIFFORD, James (1997). *Routes: Traveling and Translation in the Twentieth Century*. USA: Harvard University Press.

CLINEBELL, H.J. (1966). *Basic Types of Pastoral Counseling*. Nashville: Abingdon.

COBB, S. A. & LINDEMANN, E. (1943). *Cocoanut Grove burns: Neuropsychiatric Observations*. *Annals of Surgery*. Vol. 117, No. 6, pp. 117; 816-823.

COETZEE, J.C. (1990). *Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls* (In Floor. L. & Coetzee, J.C. *Die Skrif en wetenskap*. Potchefstroom: PU vir C.H.O. p.15-30.)

COETZER, Wentzel (1994). *Heling in Christus - die pastorale roeping van die kerk aan mense na krisiservarings*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Durban-Westville.

COHEN, Stuart (1984). *The Struggle in Man between Good and Evil*. Kampen.

COLLINS, A.Y. (1979). *Christ and community in John's Gospel*. ThD 27(4), 313-31.

CORR, C. (1991-92, Vol. 24(2)). *A Task-Based Approach to Coping with Dying*. *Omega*, 81-94.

CORR, C. A. (1993). *Coping with dying: Lessons that we should and should not Learn from the Work of Elisabeth Kubler-Ross*. *Death Studies*, 69-83.

CORR, C.A. & CORR, D.M. (2013). *Death & Dying, Life & Living*. Seventh Edition. Wadsworth: Cengage Learning.

COUSINEAU, A., CHOW, M., & BREZDEN, P. (2003, Vol. 57, No. 4). "Worlds Apart": *Truth Telling in the Case of Mrs. VV*. *The Journal of Pastoral Care & Counseling*, 415-426.

COX, H. (1960). *De stad van de mens*. Bilthoven: Amboboeken.

CRADDOCK, F.B. (1985). *Preaching*. Nashville: Abingdon Press.

CRADDOCK, F.B. (2001). *As One Without Authority*. St.Louis: Chalise Press.

CRAFFORD, J.D. (2005). *Die groei van hoop na mastektomie : 'n Narratiewe, pastoraal-gesinsterapeutiese studie (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

CRAVEN, J. & WALD, F.S. (1975). *Hospice care for dying patients*. *American Journal of Nursing*, 75, 1816-1822.

CULPEPPER, R. A. (1987). *Anatomy of the Fourth Gospel: A Study in Literary Design*. Philadelphia: Fortress Press. Kindle Edition.

DAVIS, H. (1958). *Design for Preaching*. Philadelphia: Fortress Press.

DAWSON, J. (1978). *The cancer patient*. Minneapolis: Augsburg.

DEGENAAR, J. (1982). *Filosofiese besinning oor pyn*. SA Tydskrif vir Wysbegeerte 1, 2, p.46-53.

DE GRUCHY, J.W. & VILLA-VICENCIO, C. (1983). *Apartheid is a Heresy*. Cape Town – Johannesburg.

DE GRUCHY, J W & VILLA-VICENCIO, C (eds) 1994. *Doing theology in context. South African perspectives*. Claremont: David Philip.

DEIST, F.E. (1978). *Ope vrae aan die diskoersanalise*. Ned.Geref. Teologiese Tydskrif, (4): pp. 260-271.

DEKKER, G. (1992). *De stille revolutie. De ontwikkeling van de Gereformeerde Kerken in Nederland tussen 1950 en 1990*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

DE JONGH VAN ARKEL, J.T. (1986). *Studiegids vir Praktiese Teologie, PTB 301-9*. Pretoria: Unisa.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. (2005). *Preekgeboorte*. Pretoria: V&R Drukkers.

DE KLERK, B.J., DE WET, F.W. (2013). *Met die oog op God*. Potchefstroom: V&R Drukkers.

DE KLERK, J. (1977). *Prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

DE KLERK, J. (1978). *Herderkunde*. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

DE LANGE, F. (1993). *Ieder voor zich? Individualisering, ethiek en christelike geloof*. Kampen.

<http://home.hetnet.nl/~home.hetnet.nl/iedervoorzich/iedervoorzich1.htm>.

DELPORTE, C.S.L., FOUCHÉ, C.B. & SCHURINK, W. (2011). *Theory and literature in qualitative research*, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at Grass Roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.



DE VILLIERS, I.L. (1984). *Aspekte van die digkuns van I.L. de Villiers soos dit in sy debuutbundel Leitourgos na vore kom*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DE VILLIERS, P.G.R. (1982). *Renaissance van die sosiologiese teksanalise*. Theologia Evangelia, 15:19-32.

DE VRIES, Reijer (2010). *De opbouw van de preek*, in Van der Meulen, Henk (reds.). *Als een leerling leren preken*. Zoetemeer: Uirgeverij Boekencentrum.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. (2011). *Research at Grass Roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DE WET, F.W. (2006). *Die aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming: 'n gereformeerde perspektief*. In die Skriflig, 40(1):57-87.

DE WET, F. (2012). *Hoe lieflik is die Lig*. Potchefstroom: NWU Uitgewers.

DIJK, K. (1952). *De dienst der Prediking*. Kampen: Kok.

DINGEMANS, G.D.J. (1986). *In de leerschool van het geloof, Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijke vormingswerk*. Kampen.

DINGEMANS, G.D.J. (1990). *De tijd van de verborgen God*. 's-Gravenhage.

DINGEMANS, G.D.J. (1991). *Als Hoorder onder de Hoorders*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

DINGEMANS, G. (1992). Ontwikkelingen in de Homiletiek. In Nederlandse theologisch tijdschrift 46, no. 2, p.124-131).

DITTES, J.E. (1970). *Minister on the Spot*. Philadelphia: Pilgrim Press.

DOEBERT, H. (1974). *Seelsorge am Krankenbett und in Krankenhaus' in Schulze, H (Hrsg), p.51.*

DONGA, H. (1989). *Ontmoeting. Een studie over pastoraat en ontmoeting.* Hardinxveld: Narratio.

DONNE, J. (1984). *The Sermons of John Donne.*

DOUMA, J. (2000). *Op het spoor van meditatie. Biddend luisteren naar Gods Woord.* Kampen: Kok.

DU RAND, J.A. (1979). *Johannes 13 by die Maaltyd.* Pretoria: Academia.

DU RAND, J.A. (1990). *Narratological perspectives on John 13:1-38.* HTS 46/3.

DU TOIT, A.B. (1980). *Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4, Die sinoptiese Evangelies en Handeling: Inleiding en teologie.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

DUDLEY, C.S. & JONSON, S.A. (1993). *Energizing the Congregation. Images that Shape Your Church's Ministry.* Louisville/Kentucky.

DVORAK, J. D. (2007, 28NS.). *John H. Elliott's Social-Scientific Criticism.* TRINJ, 251-278. F & Zeffass, R, *Praktische Theologie heute.* München: Kaiser / Mainz: Grünewald.

DYKSTRA, Craig (1987). *The Formative Power of the Congregation. Religious Education 82, no. 4:532, 537.*

EIB, Lynn (2002). *When god and cancer meet. True stories of hope and healing.* Carol Stream: Tyndale House Publishers, Inc. Kindle Edition.

ECO, U. (1979). *The Role of the Reader Explorations in the Semiotics of the Text*. London: Hutchinson.

ELLIOTT, J.H. (1981). *A home for the homeless. A sociological exegesis of 1 Peter, its situation and strategy*. Philadelphia: Fortress.

ENGELKE, E. (1980). *Sterbensranke und die Kirche, Praxis der Kirche Nr. 32*. München: Kaiser-Grünewald.

FABER, H. (1968). *De pastor in het moderne ziekenhuis*. Assen: Van Gorcum.

FAINSILBER, L. & ORTONY, A. (1987). *Metaphorical uses of language in the expression of emotions. Metaphor and Symbolic Activity 2(4):239-250*.

FARRIS, S. (1998). *Preaching That Matters*. Westminster: John Knox Press.

FAWZY, F.I. & FAWZY, N.W. (1982). *In: Nixon, D.W. Diagnosis and Management of Cancer, 111-123*. London: Addison-Wesley Publishing Company.

FEIGENBERG, L. (1980). *Terminal care: Friendship contracts with dying cancer patients*. New York: Brunner/Mazel.

FEINSTEIN, John (1995). *A good walk spoiled*. Great Britain: Warner Books.

FIELDING, N. (1993). *Qualitative interviewing*. In Gilbert, N. *Researching social life*. Thousand Oaks: Sage

FIELD, P.A. en MORSE, J.M. (1995). *Nursing research: the application of qualitative approaches*. London: Chapman & Hall.

FIRET, J. (1982). *Het Agogisch Moment in het Pastoraal Optreden*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

FITZGERALD, C. &. (1982, Vol. XXXVI, No. 1). *The Interface of Pediatric Oncology and the Family*. *The Journal of Pastoral Care*, 21-29.

FLYNN, P.A.R. (1980). *Holistic health. The art and science of care* Bowie. Md: Brady.

FORDE, G. O. (1990). *Theology Is for Proclamation*. Philadelphia: Fortress.

FORTNA, R.T. (1988). *The Fourth Gospel and Its Predecessor: From Narrative Source to Present Gospel*. Philadelphia: Fortress.

FOURIE, M.C. (2010). *Middelloopbaan-ontwikkeling deur spirituele lewenstyl-afgrigting*. Ongepubliseerde proeskrif. Universiteit van die Vrystaat.

FOWLER, R.M. (1983). *Who is the Reader of Mark's Gospel, in SBL Seminar Papers*, ed. K.H. Richards. Chicago: Scholars Press, pp. 31-53.

FRANKL, V. (1984). *Man's Search for Meaning (Revised Edition)*. New York: Simon & Shuster.

FUEHRER, R. (1960). *Besuch und Seelsorge im Krankenhaus*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

GAUM, Frits, Boesak, Allan & Botha, Willie (2008). *Christelike Kern~Ensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi.BM.

GENETTE, Gérard (1972). *Figures III. Paris: Seuil. In English, (1980) Narrative Discourse*. Ithaca, NY: Cornell University Press.

GENETTE, G. (1980). *Narrative Discourse*. Oxford: Basil Blackwell.

GERKIN, C.V. (1979). *Crisis experience in modern life*. Nashville: Abingdon Press.

GERKIN, C. V. (1997). *An Introduction to Pastoral Care*. Nashville: Abingdon Press.

GILBERT, L., SELIKOW, T. & WALKER, E. (2002 revised edition). *Society, Health and Disease: An Introductory Reader for Health Professionals*. Johannesburg: Ravan Press.

GIDLUND, Kristian (2012). *Dit lichaam van mij*. Nederlandse vertaling. Stockholm: Hedlund Agency

GIRI, A.K. (2002). *The calling of a creative transdisciplinarity*. *Futures* 34:103-115.

GLADWELL, M. (2005). *Blink*. London.

GLASER, B.G., Strauss, A.L. (2009). New Brunswick (U.S.A.): Aldine Transaction.

GOUS, I.G.P. (1993). *Sosiologiese eksegesi van die Ou Testament geïllustreer aan die hand van Klaagliedere 3*. *Skrif en Kerk*, 14(1):67-83.

GRAVES, M. & SCHLAFER, D.J. (Eds.) (2008). *What's the Shape of Narrative Preaching*. St. Louis: Chalice Press

GRAVES, M. (1997). *The Sermon as Symphony*. Valley Forge: Judson Press.

GREEFF, M. (2011). *Information collecting: interviewing*, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C. B & Delport, C.S.L. (eds.). *Research at Grass Roots*. 4th Edition. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.341-375.

GREEN, B. (1987). *The Inner Game of Music*. London: Pan Books.

GREINACHER, N. (1974). *Das theorie-praxis Problem in der Praktischen Theologie*, in: F Klostermann & R Zerfass (eds.) *Praktische Theologie heute*. München/Mainz: Chr. Kaiser Verlag/Matthias-Grünewald Verlag.

GROENEWALD, E. (1980). *Die Evangelie van Johannes*. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

GROOPMAN, J. (2004). *The Anatomy of Hope*. New York: Random House Trade Paperbacks.

GRÖZINGER, A. (2008). *Homiletik (Band 2)*. München: Güthersloher Verlagshaus.

HARRIS, R.L., ARCHER, G.L. (Jnr.) & WALTKE, B.K. (1980). *Theological Wordbook of the Old Testament*. Vol. I and II. Chicago: Moody Press. HAUCK. ( Vol. IV). *Hupomone*. TWNT, 585.

HECHTER, S., POGGENPOEL, M., & MYBURGH, C. (2001, May). *Life stories of families with a terminally ill child* . *Curationis*, 54-61.

HEELAS, P. & WOODHEAD, L. (2005). *The Spiritual Revolution. Why Religion is Giving Way to Spirituality*. Oxford.

HEIM, E. (1980). *Krankheit als Krise und Chance*. Stuttgart: Kreuz.

HEITINK, G. (1977). *Pastoraat als Hulpverlening*. Kampen: Uitgewersmaatschappij J.H. Kok.

HEITINK, G. (1990). *Theologie en psychology: Een spanningsveld*. *Gerformeerd Theologisch Tijdschrift* (4), 206-220.

- HEITINK, G. (1993). *Praktische Theologie*. Kampen: Uitgeverij KOK.
- HEITINK, G. (1999). *Practical Theology – History. Theory. Action domains*. Grand Rapids: Eerdmans.
- HEITINK, G. (2007). *Een kerk met karakter. Tijd voor heroriëntatie*. Kampen.
- HENGEL, M. (1989). *The Johannine question*. London: SCM.
- HERMELINK, J. (1992). *Die homiletische Situation, Zur jüngeren Geschichte eines Predigtproblems*. Gottingen.
- HERMELINK, J. (2007). *The Theological Understanding of Preaching Hope*, in Vos, C.J.A., Hogan, L.H. & Cilliers, J.H. (reds.). *Preaching as language of hope. Studia Homiletica 6*. Pretoria: Protea Book House.
- HEYNS, J.A. en JONKER, W.D. (1974). *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. (1978). *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. (1985). *Mediese Etiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. (1988). *Inleiding tot die Dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis*. Halfweghuis: NG Kerkboekhandel-Uitgewers.
- HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. (1990). *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis.
- HILL, R. (1949). *Families under stress*. New York: Harper & Brothers.
- HIRSCH, E. (1999). *How to read a poem and fall in love with it*. San Diego: Harvest Books.

HODGES, G.R. & HULME, W.E. (1952). *Pastoral Psychology, April, Vol. 3, Issue 3, pp. 49-53.*

HOEKENDIJK, J.C. (1964). *De Kerk binnenste buiten.* Amsterdam.

HOEKSTRA, T. (1975.). *Gereformeerde Homiletiek* (Derde druk). Amsterdam: Ton Bolland.

HOFF, L.A. (1989). *People in crisis. Understanding and helping.* Redwood City: Addison-Wesley Publishing Company, Inc.

HOLWERDA, D.E. (1959). John, in Wilson, P.S., Childers, Jana & La Rûe, C.J. et. al. (eds.). *The New Interpreters Handbook of Preaching.* Nashville: Abingdon Press. Kindle Edition.

HUMPHREY, L. J. (1995, Vol.49, No. 2). *New Insights on the Emotional Response Of Cancer Patients and Their Spouses: Where Do They Find Help?* The Journal of Pastoral Care, 149-156.

IMMINK, F.G. & VOS, C.J.A. (2009). *God in 'n kantelende wêreld.* Pretoria: Protea Boekhuis.

IMMINK, F.G. (2001). *In gesprek met de "New homiletic". Literatuurbericht homiletiek.* In Praktische Theologie 28, no. 3, p.371-393.

IMMINK, F.G. (2003). *In God geloven. Een praktisch-theologische reconstructie.* Zoetemeer.

IMMINK, F.G. (2010). *Een methode van preekvoorbereiding,* in Van der Meulen, Henk (reds.). *Als een leerling leren preken.* Zoetemeer: Uitgeverij Boekencentrum.



IODICE, J. D. (2002, Vol. 56, No. 3). *An Unexpected Journey*. The Journal of Pastoral Care & Counseling, 283-285.

IRSIGLER, H. (2004). *Vom Mythos zur Bildsprache. Eine Einführung am Beispiel der "Solarisierung" JHWHs, in Irsigler, H (Hg.). Mythisches in biblischer Bildsprache. Gestalt und Verwandlung in Prophetie und Psalmen, 9-42 (QD209) Freiburg: Herder.*

ISER, W. (1974). *The Implied Reader: Patterns of Communication in Prose Fiction from Bunyan to Beckett*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

JACOBSON, G.F. (1970). *Crisis intervention from the viewpoint of the mental health profession*. Pastoral Psychology, 21 (39), 21-28.

JANKOWITZ, Driekie (2008). *Kanker – Genadesiekte*. Windhoek: John Meinert Printing.

JEANROND, W.G. (1991). *Theological Hermeneutics: Development and Significance*. New York.

JENSEN, Mark (1984, Vol. XXXVIII, No. 3). *Some implications of Narrative Theology for the Ministry to Cancer Patients*. The Journal of Pastoral Care.

JENSEN, R. A. (1993). *Thinking in Story: Preaching in a Post-literate Age*. Lima: CSS.

JENTSCH, W. (1963). *Handbuch der Jugendseelsorge II*. Gutersloh: Gerd. Mohn.

JOHNSON, E.E. (1990). *Expository Hermeneutics: An Introduction*. Grand Rapids: Zondervan.

JOHNSON, M. (1987). *The body in the mind: The bodily basis of meaning*. Chicago: Chicago Press.

JOHNSON TAYLOR, E. (1994). *The Journal of Pastoral Care*. Fall, Vol. 48, No. 3.

JOHNSTONE, C. B. (1981, Vol. XXXV, No. 3). *On Asking the Right Question*. *The Journal of Pastoral Care*, 169-176.

JONKER, H. (1973). *En toch preken*. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.

JONKER, W. (1976). *Die Woord as Opdrag*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

JUNG, C. (1954). *The development of personality* (Vol. 17). In H. Read, M. Fordham, & G. Adler (Eds.), *The collected works of C.G. Jung* (20 vols.). New York: Pantheon.

KASTENBAUM, R. (1986). *Death, society and human experience* (3rd ed.). Columbus: OH: Charles E. Merrill.

KENNEDY, George A. (1984). *New Testament Interpretation through Rhetorical Criticism*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

KINLOCH, G. C. (1977). *Sociological Theory Its Development and Major Paradigms*. New York: McGraw-Hill Book Company.

KNOWLES, M. & MOON, R. (2006). *Introducing metaphor*. New York: Routledge.

KÖBERLE, A. (1970). *Geduld und Hoffnung. Besuch am Krankenbett*. Hamburg: Siebenstern.

KÖSTENBERGER, A.J. (2002). *Encounter John. The Gospel in Historical, Literary, and Theological Perspective*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Edition.

KRABBENDAM, H. (1984). *The New Hermeneutic*, in Radmacher, E.D. & Preus, R.D. (reds.). *Hermeneutics, Inerrancy, and the Bible*. Grand Rapids: Zondervan, p. 533-558.

KRUGER, D. (1985). *Psychoanalysis, existential phenomenology and qualitative research in psychology. In Focus on quality*. Report 21. Institutefor Social and Economic Research.

KÜBLER-ROSS, E. (1975). *Death: The Final Stage of Growth*. New Jersey: Prentice-Hall Eaglewood Cliffs.

KÜBLER-ROSS. (1969). *On Death and Dying*. New York: Scribner.

KVALE, S. (1996). *Interviews: an introduction to qualitative research interviewing*. Thousand Oaks: Sage

KYSAR, Robert (1975). *The Fourth Evangelist and His Gospel: An examination of contemporary scholarship*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

KYSAR, R. (1977). *Community and Gospel. Vectors in the Fourth Gospel criticism*. Interp. 31, 355-366.

LANGE, E. (1976). *Predigen als Beruf*. Stuttgart: Kreuz.

LANGE, E. (1982). *Predigen als Beruf. Aufsätze zu Homiletik, Liturgie und Pfarramt*. München.

LAKOFF, George & JOHNSON, Mark (1999). *Philosophy In The Flesh*. New York: Basic Books, Kindle Edition.

LAKOFF, George & JOHNSON, Mark (2008). *Metaphors We Live By*. Chicago: The University of Chicago Press. Kindle Edition.

LATEGAN, B.C. (1982). *Inleiding tot de uitlegging van het Nieuwe Testament, in Klijn*, pp.47-70.

LATEGAN, B.C. (1989). *Coming to grips with the Reader, Semeia 48*, pp. 3-17.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. (2005). *Practical research: planning and design*. New York: Pearson Merrill Prentice Hall.

LESKO, L.M. (1989). *Hematological Malignancies*, in: Holland, J.C. en Rowland, J. H. (reds). *Handbook of Psychooncology*, 218-231. New York: Oxford University Press.

LIEBENBERG, J. (2001). *The Language of the Kingdom and Jesus*. Berlin.

LINDEMANN, A. (1980). *Gemeinde und Welt im Johaanesevangelium, in Kirche Festschrift für Günther Bornkamm zum 75 Geburtstag*. eds. Lührmann & G. Strecker (Tübingen: Mohr, pp. 133-161.

LISCHER, R. (1981). *A Theology of preaching*. Nashville: Abingdon.

LISCHER, R. (2001). *A Theology of the Gospel: The Dynamics of the Gospel*. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

LLOYD-JONES, D.M. (1979). *Preaching and Preachers*. Grand Rapids: Zondervan.

LOADER, J.A. (1986). *Tekste met 'n wysheidsperspektief*. F.E. Deist & W.S. Vorster (eds.). *Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament Deel 1. Kaapstad*.

LONG, T.G. (2005). *The Witness of Preaching. (Second Edition)*. Louisville: Westminster John Knox Press.

LOTTER, G.A. (2007). *Pastorale Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) landing*. Intreerede gehou op 29 Oktober 2004. Wetenskaplike bydraes: Reeks H: Intreerede NR. 185, Noordwes Universiteit.

LOUW, D.J. (1984). *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Teologie Aktueel Nummer 3. Kaapstad: N.G.Kerk Uitgewers.

LOUW, D.J. (1993). *Pastoraat as Ontmoeting*. Pretoria: Die RGN-Uitgewery.

LOUW, D.J. (1994). *Illness as crisis and challenge*. Halfway House: Orion Publishers.

LOUW, D.J. (2006). *Hoekom? Hoekom nie?* Wellington: Lux Verbi BM.

LOUW, D.J. (2008). *Cura Vitae*. Wellington: Lux Verbi.BM.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. (1988). *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*. Vol. I and II. New York: United Bible Societies.

LOWRY, E.L. (1980). *The homiletical plot. The sermon as narrative art form*. Atlanta: J. Knox Press.

LUTHER, H. (1992). *Religion und Alltag. Bausteine zu einer Praktischen Theologie des Subjekts*. Stuttgart: Radius-Verlag.

MACMULLEN, R. (1981). *Paganism in the Roman Empire*. New Haven: Yale University Press.

MALHERBE, A.J. (1983). (2nd enlarged ed.) *Social aspects of early Christianity*. Philadelphia: Fortress Press.

MAREE, K. (Editor) (2007). *Shaping the story*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

MARSHALL, I. H. (1977). *New Testament Interpretation*. Exeter: The Paternoster Press.

MARTYN, J.L. (1968). *History and theology in the Fourth Gospel*. New York: Harper & Row.

MAUDER, A. (1973). *Die Kunst des Sterbens, Eine Anleitung*. Regensburg: Friedrich Puster.

MAXWELL, T. & ALDREDGE-CLANTON, J. (1994, Vol. 48, No. 1). *Survivor Guilt in Cancer Patients: A Pastoral Perspective*. *The Journal of Pastoral Care*, 25-31.

MCKNIGHT, E.V. (1988). *Post-modern use of the Bible. The emergence of reader-orientated criticism*. Nashville.

MEEKS, W.A. (1986). *The Moral World of the First Christians*. Philadelphia: Westminster.

METZGER, A. (1979). *A Q-methodological study of the Kubler-Ross stage theory*. *Omega*, 291-302 .

MEYEROWITZ, B.E. (1980). *Psychosocial Correlates of Breast Cancer and its Treatment*. *Psychology Bulletin*. 8:108 -131.

MILLER, D. L. (1957). *The Way to Biblical Preaching* . Nashville: Abingdon Press.

MOLTMANN, Jürgen (1977). *The Church in the Power of the Spirit (Translation)*. London: SCM Press Ltd.

MOLONEY, F.J. (1982). *John 17: The Prayer of Jesus' Hour, Clergy review* 67, pp.78-83.

MOLONEY, F.J. (1992). *Who is "the reader" in/of the fourth gospel?* In Australian Biblical Review, 40.

MOLONEY, F.J. (1998). *The Gospel of John*. Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.

MOODY-SMITH, J.D. (2011). *John*. Nashville: Abingdon Press. *Kindle Edition*.

MOOS, R.H. (1976). *Human adaptation. Coping with life crises*. London: D C Heath and Company.

MORGENTHALER, C. (2002). *Religiös-existentielle Beratung. Eine Einführung*. Stuttgart. Berlin. Köln.

MORLEY, W.E. (1980). *Crisis intervention with adults, in Jacobson, G G (ed), Crisis intervention in the 1980s, 11-22*. San Francisco: Jossey-Bass Inc., Publishers.

MORRICE, J.K.W. (1980). *Crisisinterventie*. Nijkerk: Intro.

MORRIS, Leon (1995). *The Gospel According to John (Revised)*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company. Kindle edition.

MOUTON, J. (1990). *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

MOUTON, Johan (1996). *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik.

MOWRER, O. (1964). *The new group therapy*. New York: Van Nostrand.

MUIS, Jan (2009). *Kerklik spreken over God en hedendaagse godsdienstigheid, in Immink, F.G. & Vos Cas (reds.). God in 'n kantelende wêreld*. Pretoria: Protea Boekhuis.

MÜLLER, J.C. (2000). *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi BM.

MULLER, B. (1961). *Die lewende woord aan die mens in die hede*. Heijnis: Zaandijk.

NEL, M. (2001). *Ek is die verskil*. Bloemfontein: CLF.

NEYREY, J.H. (1988). *An ideology of revolt. John's Christology in social-science Perspective*. Philadelphia:

NICOL, W. (1972). *The semeia in the Fourth Gospel. Tradision and redaction*. Leiden: Brill.

NICHOLS, J.R. (1987). *The Restoring Word: Preaching as Pastoral Communication*. San Francisco: Harper & Row.

NIEBERGALL, F. (1971). 'Die moderne Predigt' (1905), in Hummel, G. (Hg.), *Aufgabe der Predigt*. Darmstadt, pp.9-74.



NIEMANDT, N. (2007). *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi.BM.

NOORDEGRAAF, A. (1980) *Gods Bouwwerk*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum B.V.

NORRMAN, R. (1986). *Samuel Butler and the Meaning of Chiasmus*. London: St. Martin's Press.

OAKLEY, Ann (1981). *Interviewing women: a contradiction in terms? In: Helen Roberts (ed.) Doing Feminist Research pp. 30-61*. London: Routledge and Kegan Paul.

O'CONNOR, A. P., & WICKER, C. A. (1990, Vol. 13, No. 3). "*Understanding the Cancer Patient's Search for Meaning*. *Cancer Nursing*, 167.

ODEN, Thomas (1984). *Care of the Souls in the Classic Tradition*. Philadelphia: Fortress Press.

ODENDAL, F.E., GOUWS, R.H. (2013). *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*.

OSKAMP, P. en GEEL, R. (1999). *Concreet en beeldend preken*. Bussum: Coutinho.

OSMER, R.R. (2008). *Practical Theology: An Introduction*. Cambridge: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

OTTO, G. (1976). *Predigt als Rede*. Kohlhammer: Urban-Taschenbücher.

OVERDUIN, J. (1973). *Die kunst van het ziek zijn*. Kampen: Kok.

PAINTER, John (1978). *"The Farewell Discourses and the History of Johannine Christianity"*. *New Testament Studies* 27 (1980): 525-543.

PANNENBERG, W. (1976). *Theology and the Philosophy of Science*. Translated by Francis McDonagh. Oxford: The Westminster Press.

PARSENIOS, George L. (2005). *Departure and Consolation: The Johannine Farewell Discourse in Light of Greco-Roman Literature*. *Novum Testamentum Supplement* 117. Leiden: Brill.

PATTE, D. (1990). *Structural Exegesis for New Testament Critics*. Minneapolis.

PATTISON, E.M. (1977). *The experience of Dying*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

PETERSEN, N.R. (1978). *Literary Criticism for the New Testament Critics*. Philadelphia: Fortress.

PHAROS WOORDEBOEKE. (2011). Vyfde hersiene uitgawe. Kaapstad: NB Uitgewers.

PIETERSE, H.J.C. (1979). *Skrifverstaan en Prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. (1986). *Verwoording en Prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. (1988). *Die woord in die werklikheid*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. (1991). *Gemeente en prediking*. Halfway House: N G Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. (1993). *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

PIETERSE, H.J.C. (2001). *Prediking in die Konteks van Armoede*. Pretoria: Unisa.

PIETERSE, H.J.C. (2002). *Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel*. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1), 75-101.

PIETERSE, H.J.C. (2005). *Hoe kom God aan die Woord in die Prediking? – 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik*. *Teologie in Suid-Afrika* 20(2), 110-128.

PIETERSE, H.J.C. (2009). *Prediking wat God ter sprake bring in die Suid-Afrikaans konteks van regstellende aksie*, in Immink, F.G. & Vos, C.J.A. (reds.). *God in 'n kantelende wêreld*. Pretoria: Protea Boekhuis.

PIETERSE, H.J.C. (2010). *Grounded Theory approach in sermon analysis of sermons on poverty and directed at the poor as listeners*. This article is part of a project funded by the National Research Foundation. Deel 51 Nommer 3 & 4 September en Desember 2010.

[http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/16396/Pieterse\\_Metatheoretica\(2010\).pdf?sequence=1](http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/16396/Pieterse_Metatheoretica(2010).pdf?sequence=1)

PILCH, J.J. (2000). *Healing in the New Testament. Insights from Medical and Mediterranean Anthropology*. Minneapolis: Fortress Press.

POGGENPOEL, M. (2003). 'The research interview', in D. Rossouw (ed.). *Intellectual tools: Skills for the human sciences*, 2nd edn., pp. 143–149. Pretoria: Van Schaik.

PRINCE, G. (1973). *A Grammar of Stories: An Introduction*. The Hague: Mouton.

PRINSLOO, A.F. (2004). *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.

PRYOR, J.W. (1992) *John: Evangelist of the Covenant People*. Illinois: InterVarsity Press.

RAMSEY, G. (2000). *Care-full Preaching: From Sermon to Caring Community*. St. Louis: Chalise Press.

RANDOLPH, D. (1969). *The Renewal of Preaching*. Philadelphia: Fortress Press.

READER'S DIGEST, (1996). *Southern African Word Power Dictionary: Improve Your English as You Build Your Vocabulary*. Reader's Digest Association South Africa.

REINECKE, C.J. (2010). *Prediking se pastorale betekenis vir kerklidmate : 'n kultureel-linguisties, prakties-teologiese benadering (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

RICHARDS, I. (1921). *Principles of Literary Criticism*. New York: Harcourt Brace.

RICHARDS, I. (1965). *Philosophy of Rhetoric*. New York: Oxford University Press.

RICHARDSON, S. (1990). *The Homeric Narrator*. Tennessee: Nashville.

RICOEUR, P. (1980). "The Hermeneutics of Testimony", in Lewis, S.M. (ed.), *Essays on Biblical Interpretation*, p. 131. Philadelphia: Fortress Press.

RICOEUR, P. (1975). *Parole et symbole*. RevSR 49, 142-161.

RICOEUR, P. (1977). *The rule of metaphor. Multi-disciplinary studies of the creation of meaning in language*. London.

RIDDERBOS, H.N. (1967). *De pastorale brieven: commentaar op het Nieuwe Testament*. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H.N. (1997). *The Gospel of John: : A Theological Commentary*. Grand Rapids: William B.B. Eerdmans Publishing Company. Kindle Edition.

RIMMON-KENAN, S. (2005). *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. 2nd Edition. London/New York: Taylor & Francis e-Library.

ROBERTS, J.H. (1991). *Die brief aan Filemon*. Kaapstad: Lux Verbi.

ROBERTS, J.H., VORSTER, W.S., VORSTER, J.N. & VAN DER WATT, J.G. (1991). *Toelogie in Konteks*. Halfway House: Orion.

ROBINSON, James M. and COBB, John B. (Jr.). (1964). *New Frontiers in Theology, vol. 2 of The New Hermeneutic*. New York, London: Harper & Row.

ROOZEN, D.A., MCKINNEY, W. & CARROL, J.W. (1998). *Varieties of Religious Presence. Mission in Public*. New York.

ROSE, L. A. (1997). *Sharing the Word: Preaching in the Roundtable Church*. Westminster: John Knox Press.

ROSENTHAL, Kairol (2009). *Everything Changes*. New Jersey: John Wiley & Son, Inc.

ROSS, Eleanor & DEVERELL, Andee (2010). *Health, illness and disability. Psychosocial approaches*. Pretoria: Van Schaik.

RÖSSLER, Dietrich (1962). *Der "ganze" Mensch*. Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

ROSSMAN, E. C. (1985, June, Vol.XXXIX, No. 2). *A God of Chance or Providence in the face of Death and Disease?* *The Journal of Pastoral Care*, 120-126.

ROSSOUW, H. (1981). *Wetenskap, Interpretasie, Wysheid*. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

ROWLAND, J.H en HOLLAND, J.C. (1989). *Breast Cancer*, in: Holland, J.C. en Rowland, J. H. (reds). *Handbook of Psychooncology, 188-207*. New York: Oxford University Press.

RUBIN, H.J. en RUBIN, I.S. (1995). *Qualitative interviewing: the art of hearing data*. Thousand Oaks: Sage

SAID, Edward (1983). *The World, the Text, and the Critic*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. (Winner of the René Wellek Prize of the American Comparative Literature Association).

SACHLEBEN, C. (1979, Vol. XXXIII, No.2). *Pastoral Care in Breast Cancer Management*. *The Journal of Pastoral Care*, 104-109.

SAMSON, A., & ZERTER, B. (2003, Vol.57, No. 3). *The Experience of Spirituality In the Psycho-social Adaptation of Cancer Survivors*. *The Journal of Pastoral Care & Counseling*, 329-343.

SANDERS, Lisa (2009). *Every Patient Tells a Story*. New York: Broadway Books.

SCHAAP-JONKER, H. (2008). *Before the face of God. An Interdisciplinary Study of the Hearer's God Image, Personality and Affective State*. Münster.

SCHERER, P. (1965). *The Word of God Sent*. Grand Rapids: Baker Book House.

SCHMID, W. (1973). *Der Textaufbau in den Erzählungen Dostoevskijs*. München.

SCHMID, W. (1986). *Zweite Auflage mit einem Nachwort („Eine Antwort an die Kritiker“)*. Amsterdam.

SCHNACKENBURG, Rudolf (1977). *Das Johannesevangelium III. Teil, zu Kap. 13-2*. Freiburg.

SCHOEPS, H.J. (1966). *Over de mens, beskouwingen van de moderne filosofie*. Utrecht: Aula.

SCHULZ, R. & ADERMAN, D. (1974). *Clinical reseach and the stages of dying*. Omega, 5, 137-144.

SCHURINK, W., FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. (2011). *Qualitative data analysis and interpretation*, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (reds.). *Research at Grass Roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

SEGOVIA, F.F. (1991). *The Journey(s) of the Word of God. A Reading of the Plot of the Fourth Gospel*. Semeia 53, pp. 23-54.

SEIDMAN, I. (1998). *Interviewing as qualitative research: a guide fot researchers in education and the social sciences*. New York: Teachers' College Print.

SEWELL, M. (2001). *The use of qualitative interviews in evaluation*. <http://ag.arizona.edu/fer/fs/cyfar/Intervu5.htm>.

- SHNEIDMAN, E. (1980). *Voices of death*. New York: Harper & Row.
- SMALL, A.J. (2005). *Die gebruik van rituele en simbole binne die erediens as draers van hoop (Afrikaans)*. MA (Teologie) Verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- SMIT, D.J. (1987). *Hoe verstaan ons wat ons lees? 'n Dink- en werkboek oor die hermeneutiek vir predikers en studente*. Kaapstad.
- SOGGIN, J.A. (1972). *Joshua: A Commentary The Old Testament library*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- SONTAG, S. (1976). *Illness as Metaphor*. New York: NY Delta.
- SÖLLE, Dorothee, (1983). *Gott ist das Allermitteilsamste, in Dies., Und ist noch nicht erschienen, was wir sein werden. Gesammelte Werke 2*, Stuttgart: Kreuz-Verlag 2006, pp. (271-281) 275.
- SORAJJAKOOL, S. & SEYLE, B.L. (2005, Vol. 54, No. 2, November). *Theological Strategies, Constructing Meaning and Coping with Breast Cancer: A Qualitative Study*. Pastoral Psychology, 173-186.
- SPORKEN, P. (1977). *Ethiek en gezondheidszorg*. Baarn: Amboboeken.
- STALEY, J.L. (1988). *The Print's First Kiss: A Rhetorical Investigation of the Implied Reader in the Fourth Gospel*. Atlanta: Scholars Press.
- STARK, C. (2005). *Proeven van de Preek – Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God*. Zoetermeer: Boekencentrum.
- STEVICK, D.B. (2011). *Jesus and His Own*. Michigan: Wim B. Eerdmans Publishing Co. Kindle Edition.



STILLER, B.C. (2005). *Preaching Parables to Postmoderns*. Minneapolis: Augsburg Fortress.

STONE, H.W. (1976). *Crisis Counseling*. Philadelphia: Fortress.

STOTT, J. (1983). *I Believe in Preaching*. London: Hodder & Stoughton.

STRYDOM, H. (1999). *Maatskaplike-navorsing*. Potchefstroom: PU vir CHO.

STUENKEL, O. (1981). *Pastoral Care of Cancer Patients and their Families*, in Hoefler, H et. al. *Currents in Theology and Missio*. Volume 8 Number 4. Christ Seminary – Seminex.

STURKIE, J., & Tan, S.-Y. (1993). *Advanced Peer Counseling in Youth groups*. Michigan: Zondervan Publishing House.

SWIFT, T.J. (2005). *Effektiewe Prediking vir die Hedendaagse Mens*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Johannesburg.

SWINTON, J. & MOWAT, H. (2006). *Practical theology and qualitative research*. London: SCM Press

SWITZER, D.K (1980). *The minister as crisis counselor*. Nashville: Abingdon.

TALBERT, C.H. (1992). 'Biography ancient', in D.N. Freedman (ed.), *Anchor Bible Dictionary*. Vol. 1, pp. 745–749. New York: Doubleday.

TAYLOR, E. (2003, 26). *Spiritual needs of patients with cancer and family caregivers*. *Cancer Nursing*, 260-266.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. (1984). *Introduction to qualitative research methods: the search for meanings, 2nd ed*. New York: John Wiley.

TESCH, R. (1992). *Qualitative research analysis types and software tools*. New York: The Farmer Press.

THISELTON, A.C. (1992). *New horizons in hermeneutics*. Grand Rapids: Michigan.

THOMAS, J. (1978). *Het luistert nauw. Het gesprek over preek tussen gemeente en predikant*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

THOMSEN, O.E. (1993). *What Do Gastroenterologists in Europe Tell Cancer Patients?* *The Lancet*, 341, 473-476.

THOM-VAN DER MERWE, D. (2006). *Oase in 'n Kankerwoestyn*. Vanderbijlpark: Corals Publishers.

THOMPSON, I.H. (1995). *Chiasmus in the Pauline Letters*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

TILLICH, P. (1951). *Systematic theology, Vol. 1*. London: SCM Press.

TILLICH, P. (1956). *Systematic theology, 3 Bände*. Stuttgart.

TISDALE, L. T. (1997). *Preaching as Local Theology and Folk Art*. Minneapolis: Fortress Press.

TOLMIE, D.F. (1995). *Jesus' Farewell to the Disciples: John 13:1-17:26 in Narratological Perspective*. Leiden: E.J. Brill.

TRIMP, C. (1980). *De Preek*. Kampen: Copieerinrichting v.d. Berg~Broederweg.

TROEGER, T. (1990), *Imagining a Sermon*. Nashville.

TUCKETT, Christopher (1987). *Reading the New Testament: Methods of Interpretation*. Augsburg Fortress, Publishers

TURNER, V.W. (1967). *The forest of symbols: Aspects of Ndembu ritual*. Ithaca, N.Y.:Cornell University Press.

TURNER, Victor (1969). *The Ritual Process*. 2nd Printing 2008. U.S.A.: Aldine Transaction.

TURNER, V.W. (1974). *Dramas, fields and metaphors: Symbolic action in human society*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

URMSON, J. A. (1989). *The Concise Encyclopedia of Western Philosophy & Philosophers*. London and New York: Routledge.

USPENSKY, B. (1973). *The Poetics of Composition. The Structure of the Artistic Text and Typology of a Compositional Form*. London: University of California Press.

VAN AARDE, A. G. (2007, 63(2)). *Die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegeese van Nuwe-Testamentiese tekste: 'n Kritiese oorsig van die eerste resultate*. HTS, 515-542.

VAN AALDEREN, H.J. (1974). *Anders helpen, anders helen*. Amsterdam (rede V.U.).

VAN CALSTER, S. (1977). *Bijbel en preek*. Brugge: Emmaüs.

VAN COLLER, H.C. (1989). *Houd-den-bek as Meervoudige Ek-roman*. Acta Academia 21:2., pp. 41-83.

VAN DEN BERG, J.H. (1952). *Psychologie van het ziekbed*. Nijkerk: Callenbach.

VAN DER GEEST, H. (1981). *Presence in the Pulpit: The impact of personality in preaching*. (In Engels vertaal deur D.W. Scott). Atlanta: John Knox Press.

VAN DER LAAN, J. (1989). *Ernst Lange en de prediking. Een inleiding in zijn homiletische theorie*. Kampen: Uitgeversmaatskappij J.H. Kok.

VAN DER MEIDEN, A. (1980). *Alleen van horen zeggen. Bouwstenen voor een communicatieve thologie*. Baarn: Ten Have bv.

VAN DER MEULEN, Henk et.al. (2010). *Als een leerling leren preken: Preekvoorbereiding stapgewijs*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

VAN DER SLUIJS, C.A. (2005). *Prediking in de Crisis*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

VAN DER VEN, J. (1990). *Entwurf einer empirischen Theologie*. Kampen.

VAN DER VEN, J. (1993). *Ecclesiologie in context*. Kampen.

VAN DER VEN, J. (1998). *God Reinvented? A Theological Search in Texts and Tables*. Leiden/ Boston/Köln: Brill.

VAN DER VEN, J.A. (2004). *Hermeneutics and Empirical Research in Practical Theology. Vol. II*. Leiden: Koninklijke Brill NV.

VAN DER WALT, B.J. (2007). *Transforming power: challenging contemporary secular society*. Potchefstroom: ICCA.

VAN DER WATT, J.G. (1986). *Ewige lewe in die Evangelie volgens Johannes*. Pretoria.

VAN DER WATT, J.G. (1991). *Die Woord het Mens geword: 'n Strukturele uiteensetting van die teologie van die Johannesevangelie*, in Roberts, J.H., Voster, W.S., Vorster, J.N. & Van der Watt, J.G. (reds.). *Teologie in Konteks*. Halfway House: Orion.

VAN DER WATT, J.G. (2000). *Family of the King*. Leiden: Koninklijke Brill NV.

VAN DYKE PLATT, Nancy (1980). *Pastoral Care to the Cancer Patient*. Springfield: Charles C. Thomas Pub. Ltd.

VAN HUYSSSTEEN, Wentzel (1987). *Teologie as kritiese geloofs-verantwoording*. Pretoria: RGN.

VAN HUYSSSTEEN, J.W. (1997). *Essays in Postfoundationalist theology*. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

VAN HUYSSSTEEN, Wentzel (2006). *Alone in the world?: Human uniqueness in science and theology. The Gifford Lectures*. Grand Rapids: Wm B Eerdmans Publishing Co.

VAN NIEROP, J. (2007). *Teaching Homiletics with Rudolf Bohren's Predigtlehre*, in Vos, C.J.A., Hogan, L.L. & Cilliers, J.H. (reds.). *Preaching as a language of hope*. Pretoria: Protea Book House.

VAN RENSBURG, F.J. (2000). *Dekor of konteks? Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in interpretasie van 'n Nuwe Testament-tekst vir die prediking en pastoraat, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief*. Skrif en Kerk 21:564-582.

VAN RULER, A.A. (1971). *Theologisch Werk*. Deel 3. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach N.V.

VAN STRIEN, P.J. (1986). *Praktijk als wetenschap. Methodologie van het sociaal-wetenschappelijk handelen*. Assen.

VAN SELMS, A. (1973). *Genesis deel II*. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.

VAN TILBORG, S. (1993). *Imaginative Love in John*. Leiden: Brill.

VAN TONDER, B.J. (2010). *'n Nuwe taal vir 'n nuwe tyd – verskuiwing in die kommunikasie van die evangelie binne 'n hedendaagse konteks (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

VAN UDEN, R. & PIEPER, J. (Red.). *Ritualiteit tussen Heil en Heling*. Tilburg: KSGV.

VAN UNNIK, W. C. (1980). *Corpus Hellenisticum Novi Testamenti*, in: Barrett, C K (ed), pp.194-214.

VAN WYK, A.G. (1997). “Theology” and interdisciplinary co-operation with other sciences. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2):75-86.

VAN ZYL, H.C. (2008). *Evangelie*, in Gaum, Frits, Boesak, Allan & Botha, Willie (reds.). *Christelike Kern-Ensiklopedie*. Kaapstad: Bybel-Media.

VENTER, C.J.H. (1993). *Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening*. In die *Skriflig*, 27(2): 247-260.

VENTER, C. (1996). *Uitkringende Liefdesbetoon. Kommunikatiewe handeling in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk*. Pretoria: HSRC.

VERKLARENDE BYBEL (1983 *Vertaling*), (1989). Kaapstad: Lux Verbi.

VOLSCHENK, G.J. (2001). *Eksegeties-metodologiese vooronderstellings van die ondersoek na die ekonomie in die leefwêreld van Matteus: toegepas op land, grondbesit en die jubilee (Afrikaans)*. 'n Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

VORSTER, W.S. (1989). *The Reader in the Text: Narrative Material*. Semeia 48, pp.21-39.

VOS, C.J.A. (1995). *Die Blye Tyding*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VOS, C.J.A. (1996). *Die Volheid Daarvan I en II*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

VOS, Cas & MÜLLER, Julian (1990). *God in ons Lyding*. Pretoria: Orion.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. (1997). *Hoe Lieflik is U Woning*. Pretoria: RGN.

VOS, C.J.A. (2002). *Liturgiese taal als metaforiese taal*, in Barnard, M. & Schuman, N.A. (reds.). *Nieuwe wege in de liturgie*. Zoetemeer, 82-94.

VOS, C. (2005). *Theopoetry of the Psalms*. Pretoria: Protea Boekhuis.

VOS, C.J.A. (2007). *Preaching the Language of Hope*, in Vos, Cas, Hogan, Lucy & Cilliers, Johan (reds.). *Preaching as a language of Hope*. *Studia Homiletica* 6. Pretoria: Pretoria Book House.

VOS, Cas, & WEPENER, Cas, (2014). *'n Literêr-estetiese benadering tot liturgie en prediking in 'n skuiwende kultuur*. Pretoria: STN Drukkers, Soutpansbergweg.

VORSTER, W.S. (1977). *'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld – gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament*. Pretoria.

WAETJEN, H. C. (2005). *The Gospel of the Beloved Disciple*. New York: T & T Clark International.

WALCOT, H.F. (1994). *Transforming qualitative data*. Thousand Oaks: Sage.

WARDLAW, D. M. (1983). "Introduction: The Need for New Shapes", in *Preaching Biblically*. Philadelphia: Westminster.

WATERMULDER, D.B. (1982) *Preaching as Pastoral Care*.

WEISMAN, A. (1984). *The coping capacity: On the nature of being mortal*. New York: Human Science Press.

WELKER, M. (1994). *God the Spirit*. (Translation by J.F. Hoffmeyer). Minneapolis: Fortress Press.

WILSON, P.S. (1995). *The Practice of Preaching*. Nashville: Abingdon Press.

WILSON, P.S., CHILDERS, J., LARUE, C.J. et.al. (2008). *The New Interpreters Handboek of Preaching*. Nashville: Abingdon Press.

WUELLNER, W. (1981). *Narrative Analysis of John 11*. Paper presented at SBL meeting. Pasadena.

WURTH, G. (1951). *De Bekering als Evangelisatie-probleem*. Kampen: Kok.

WURTH, G. (1955). *Christelijke Zielzorg*. Kampen: Kok.

ZERFASS, R (1974). *Praktische Theologie als Handlungswissenschaft*. In: *Praktische Theologie heute*. München / Mainz: Kaizer / Grünewald.



ZERFASS, R. (1989). *Grundkurs Predigt. Spruchpredigt I en Textpredigt II*. Düsseldorf.

ZORRILA, Hugo (1995). *A Service of Sacrificial Love: Footwashing (John 13:1-11)*. *Appropriating Biblical Texts*. Direction, Spring. Vol. 24 No. 1, pp.74-84.

ZURHEIDE, J.R. (1997). *When faith is tested*. Minneapolis: Augsburg: Fortress. Kindle edition.